University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# DIE BENUTTING VAN TEMPERAMENTANALISE IN 'N BEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE

deur

**CHANETTE STRYDOM**

voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

## DOCTOR PHILOSOPHAE
## (MAATSKAPLIKE WERK)

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: DR. J.M.C JOUBERT**

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**PRETORIA** **MEI 2006**

**WE CANNOT CREATE A TOTALLY IDEAL WORLD**
**WE CANNOT INDEED ALWAYS EXPECT A FAIR ONE**
**BUT WE CAN TRY TO RECOGNISE THAT EVERY**
**CHILD IS A DISTINCT PERSON AND NEEDS TO BE**
**RESPECTED AS SUCH.** (Gillmour 1988)

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



**Hierdie proefskrif word opgedra aan die mans in my lewe, Louis, Ewald en Charl**


## DANKBETUIGINGS

Geen projek kan ooit voltooi word sonder die hulp van baie ander mense nie.  Ek wil graag my opregte dank teenoor die volgende persone uitspreek:

- My Hemelse Vader, wat my die krag en onverdiende genade gee.  *Ps 16:8:  Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.*

- My man Louis Strydom, my mentor en my onuitputlike bron van krag.  Dankie dat jy in my glo, vir al jou gebede en ongelooflike bystand.

- My twee seuns Ewald en Charl.  Dankie dat julle altyd verstaan het as ek moes werk en ook vir julle kindergebedjies as ek moedeloos geraak het.

- My ouers, Charl en Annette van Blommestein en my skoonouers Flip en Anto Strydom.  Dankie vir julle gebede en julle voorbeeld van volharding.

- Dr. Kotie Joubert, vir professionele leiding en raad tydens studieleiding.

- My dierbare bybelstudie vriendinne.  Dankie vir julle gebede en ongelooflike bystand.

- Familie en vriende vir julle aanmoediging, liefde en belangstelling.  Met uitsondering van Liezl en Zelda, my susters, my vriendinne, in woord en daad.

- Die ouers en kinders wat deel was van my studie.  Baie dankie vir julle bereidwilligheid.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)




- Mev. Francien Smuts en Mej. Petro van Eeden vir die hulp met die taal- en tegniese versorging.

- Alina Molete, my hulp en vriendin. Dankie dat jy altyd daar is vir my.


**OPSOMMING**

**DIE BENUTTING VAN TEMPERAMENTANALISE IN 'N BEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE**

deur


**CHANETTE STRYDOM**

**PROMOTOR: DR. J.M.C. JOUBERT**
**DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE**
**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**


**GRAAD: D.PHIL. (MAATSKAPLIKE WERK)**


Hierdie navorsing het ten doel gehad om 'n bemagtigingsprogram wat op die benutting van temperamentanalise gebaseer is, vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel en die bruikbaarheid van so 'n program te evalueer. Die motivering vir die studie het ontstaan na aanleiding van die gebrek aan toepaslike programme in die praktyk van maatskaplike werk oor die verskillende temperamente en behoeftes van kinders wat nie deur ouers verstaan en bevredig word nie.

Intervensienavorsing is hiervoor aangewend. 'n Tweefasige navorsingsbenadering is gevolg. Tydens fase 1 is kwalitatiewe navorsing onderneem, waar 'n behoeftebepaling gedoen is deur van twee fokusgroepe met tien ouerpare elk, gebruik te maak. Die volgende navorsingsvraag is vir hierdie fase geformuleer: Wat is die behoeftes van ouers aan 'n program waarin temperamentanalise ten opsigte van hulleself en hulle kind in die middelkinderjare benut word ten einde die ouer-kind-

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



verhouding te bevorder? Die inligting wat kwalitatief bekom is, het komplementêr tot die omvattende literatuurstudie wat onderneem is, inligting na vore gebring wat die inhoud van die ouerskapsprogram tot gevolg gehad het. Antwoorde op die navorsingsvraag kon dus gevind word.

Tydens fase 2 is kwantitatiewe navorsing onderneem, waar die ouerbemagtigingsprogram met behulp van 'n selfontwerpte vraelys geskied het. Die enkelstelselontwerp is tydens die fase gevolg. Die volgende navorsingshipotese is tydens hierdie fase geformuleer: Indien 'n bemagtigingsprogram wat temperamentanalise insluit, met ouers van kinders in hulle middelkinderjare benut word, behoort die ouers se kennis so te verhoog dat hulle daardeur bemagtig sal word om hul kinders se gedrag beter te verstaan. Die ouerbemagtigingsprogram het uit ses sessies bestaan en is oor 'n tydperk van twee weke geïmplementeer. Vier ouerpare en een enkelouer het die ouerbemagtigingsprogram deurloop. Vyf kinders is by twee groepassesseringsessies betrek, met die doel om hulle geneigdheid om op 'n sekere wyse op te tree, waar te neem. Die selfontwerpte vraelys is deur al die ouers voltooi voor en na die afloop van die ouerbemagtigingsprogram. Hierdie meetinstrument het die hipotese bevestig.

Gevolgtrekkings en aanbevelings vir die benutting van die program en vir toekomstige navorsing is na aanleiding van die studie geformuleer.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## LYS VAN SLEUTELBEGRIPPE

TEMPERAMENT

ANALISE

PROGRAM

OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM

MIDDELKINDERJARE

DISC-MODEL

HIPPOKRATES

GESTALTBEGINSELS

ASSESSERING

NEURO-ANATOMIE

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## SUMMARY

**THE UTILIZATION OF TEMPERAMENT ANALYSIS IN AN EMPOWERMENT PROGRAMME FOR PARENTS WITH CHILDREN IN THEIR MIDDLE CHILDHOOD**

by

**CHANETTE STRYDOM**

**PROMOTER: DR J.M.C. JOUBERT**
**DEPARTMENT OF SOCIAL WORK AND CRIMINOLOGY**
**UNIVERSITY OF PRETORIA**

**DEGREE: D.PHIL. (SOCIAL WORK)**

This research was aimed at the development, implementation and evaluation of an empowerment programme for parents with children in their middle childhood, focused on temperament analysis. The motivation for this study stemmed from the absence of relevant programmes in the field of social work concerning different temperaments and needs of children that parents does not understand or meet.

Intervention research was applied. A two-phase research approach was undertaken. In phase 1, a qualitative research was used to do a need assessment. The need assessment was done by means of two focus group discussions with ten parents in each group. The following research question was formulated for this phase: What is the needs of parents related to a programme that focus on temperament analysis for

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



children in there middle childhood. This data complemented the literature study which was undertaken and provided information that established the contents of the empowerment programme. The research question could therefore be answered.

The qualitative approach was used in phase 2 as the single-system design. The following research hypothesis was formulated for this phase: If an empowerment programme that includes a temperament analysis is attempted with parents, a significant change in their knowledge in handling and understanding of their children should realise. The empowerment programme for parents with children in their middle childhood consisted of six sessions and was implemented over a period of two weeks. Four parents and one single parent undertook the empowerment programme. A group assessment was undertaken with the five children of the parents who attended the empowerment programme. The focus of the group assessment was to determine a tendency to respond. The self-designed questionnaire was completed prior to the empowerment programme and thereafter. This instrument of measurement confirmed the hypothesis.

Conclusions and recommendations for the utilization of the programme in future research were formulated as a result of the research study.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## LIST OR KEY TERMS

TEMPERAMENT

ANALYSIS

PROGRAMME

EMPOWERMENT PROGRAMME

MIDDLE CHILDHOOD

DISC-MODEL

HIPPOKRATES

GESTALT

ASSESSMENT

NEURO-ANATOMY

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËNTERING**

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMFORMULERING 8

1.3 DOEL, DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING 18
1.3.1 Doel van die studie 18
1.3.2 Doelstelling van die studie 19
1.3.3 Doelwitte van die studie 19

1.4 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE VIR DIE STUDIE 20

1.5 NAVORSINGSBENADERING 21

1.6 SOORT NAVORSING 23

1.7 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSTRATEGIE 24
1.7.1. Navorsingsontwerp 24
1.7.2 Navorsingstrategie 25

1.8. NAVORSINGSPROSEDURE OF WERKSWYSE 26
1.8.1 Fase I - Program-analise en programbeplanning 26
1.8.1.1 Identifiseer en insluiting van kliëne 27
1.8.1.2 Bewerk toegang en samewerking 28
1.8.1.3 Analiseer geïdentifiseerde probeme 29
1.8.1.4 Formuleer doelwitte 30

1.8.2 Fase 2 - Inligtinginsameling en sintese 30
1.8.2.1 Benut bestaande inligtingsbronne 30
1.8.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde 31
1.8.2.3 Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle 33

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



1.8.3 Fase 3 - Die ontwerp 33

1.8.3.1 Ontwerp 'n waarneembare sisteem 33

1.8.3.2 Spesifiseer proSedures vir die intervensie 34

1.8.4 Fase 4 - Vroeë ontwikkeling en voorondersoek 37

1.8.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie 38

1.8.4.2 Uitvoering van die voorlopige intervensie 38

1.8.4.3 Toepassing van die ontwerpkriteria 39

1.8.5 Fase 5 – Evaluering en gevorderde ontwikkeling 39

1.8.5.1 Keuse van 'n eksperimentele ontwerp 40

1.8.5.2 Versameling en analisering van data 40

1.8.5.3 Herhaling van die intervensie onder natuurlike omstandighede 42

1.8.6 Fase 6 – Verspreiding van die navorsingsprojek 42

1.9 VOORONDERSOEK 44

1.10. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING 44

1.11. ETIESE ASPEKTE 46

1.11.1 Skade aan respondente 46

1.11.2 Ingeligte toestemming 47

1.11.3 Misleiding van die respondente 47

1.11.4 Skending van privaatheid 48

1.11.5 Handeling en bevoegdheid van die navorser 48

1.11.6 Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge 49

1.11.7 Herstel van respondente 49

1.12 LEEMTES, BEPERKINGE EN PROBLEME VOORSIEN MET DIE STUDIE 49

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



1.13. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 50
1.13.1 Temperament 51
1.13.2 Analise 51
1.13.3 Program 51
1.13.4 Ouerbemagtigingsprogram 52
1.13.5 Middelkinderjare 52

1.14 INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG 53

1.15 SAMEVATTING 53

**HOOFSTUK 2: KONSEPTUALISERING VAN TEMPERAMENT** ***56***

2.1 INLEIDING 56

2.2 DIE WAARDE VAN KENNIS OOR TEMPERAMENTE 58

2.3. KONSEPTUALISERING VAN TEMPERAMENT 59
2.3.1. Persoonlikheid 60
2.3.2. Karakter 62
2.3.3 Temperament 63

2.4. TEMPERAMENT IS AANGEBORE 70

2.5. TEMPERAMNET IS STABIEL 71

2.6. TEMPERAMENT IS OORERFLIK 74
2.7. OORSPRONG VAN TEMPERAMENT 74
2.7.1 Die Grieke, Romeine en Hippokrates 74
2.7.2 Galan 75
2.7.3 Halle 76
2.7.4 Gall 77

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



2.7.5 Jung 77
2.7.6 Issabelle Myers en Kathryn Briggs 78
2.7.7 Keirsey 79
2.7.8 Marston en DISC-model 80
2.7.9 Thomas en Chess se dimensies 81
2.7.10 Plomin en Buss 82
2.7.11 Rothbart se model 83

2.8 NEURO-ANATOMIESE ASPEKTE VAN DIE MIDDELKINDERJARE KIND SE VERBAND MET TEMPERAMENT 85
2.8.1 Senuweestelsel 87
2.8.2 Hoofdele van die brein 88
2.8.3 Limbiese sisteem 93
2.8.4 Amigdala 94

2.9 DIE HEELBREIN TEORIE 99
2.9.1 Linker hemisfeer en Regter hemisfeer 100
2.9.2 Regter Hemisfeer 101
2.9.3 Linker Hemisfeer 104

2.10 FISIOLOGIESE ASPEKTE TEN OPSIGTE VAN TEMPERAMENT 106

2.11 SAMEVATTING 108

**HOOFSTUK 3: TEMPERAMENT: DIMENSIES, KATEGORIEË EN MODELLE** 112

3.1. INLEIDING 112
3.2. DIMENSIES EN KATEGORIEË 113

3.3. CHESS EN THOMAS SE NEGE DIMENSIES VAN TEMPERAMENT 114
3.3.1 Dimensies en temperament 120

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


3.3.2 Kategorieë en temperament 120
3.3.3 Dimensies en Kagan se navorsing 121
3.3.4 Kagan se navorsing en Chess en Thomas se nege dimensies 122

3.4. DRIE TEMPERAMENTELE KATEGORIEË 122
3.4.1 Invloed van die omgewing op die individu se temperament 124

3.5. HIPPOKRATUS SE TEMPERAMENTELE KATEGORIEË 127
3.5.1 Sanguiniese temperament 129
3.5.1.1SANCHOL 131
3.5.1.2SANMEL 132
3.5.1.3SANFHLEG 133

3.5.2 Choleriese temperament 135
3.5.2.1CHORSAN 136
3.5.2.2CHORMEL 137
3.5.2.3CHORFHLEG 137

3.5.3 Melancholies temperament 139
3.5.3.1 MELSAN 140
3.5.3.2.MELCHLOR 140
3.5.3.3MELPHLEG 141

3.5.4 Flegmatiese temperament 142
3.5.4.1 PLEGSAN 143
3.5.4.2 PHLEGCHLOR 144
3.5.4.3 PHLEGMEL 144

3.6 DISC MODEL 147

3.6.1. Die samestelling van die DISC model 147
3.6.1.1 Wat die DISC nie is nie 147
3.6.1.2 Die samestelling van die DISC-model 148

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


3.6.1.3 Die Horisontale en vertikale asse 150

3.6.2. Uiteensetting van die verskillende DISC-model temperamenttipes 157
3.6.2.1 D- Uitgaande, gedetermineerde temperament 157
3.6.2.2 I- Beïnvloeder, interaktiewe, utidruklike temperament 169
3.6.2.3 S- Standvastige, stabiele temperament 179
3.6.2.4 C- Inskiklikheid, analitiese temperament 188

3.7 METING VAN DIE DISC-MODEL 198
3.7.1 Grafiek 1 199
3.7.2 Grafiek 2 200
3.7.3 Die energielyn 200
3.7.4 Die evaluering van die DISC model 200

3.8 KEIRSEY-MODEL 201
3.8.1 Keirsey se vier temperamenttipes 201
3.8.2 Myers-Briggs se verbindtenis met die Keirsey-model 202
3.8.3 Uiteensetting van die Myers Briggs Type-Indicator 202
3.8.4 Keirsey-model 204
3.8.4.1 SJ (SINTUIGLIK/BEREKEND) 205
3.8.4.2 SP (SINTUIGLIK/AKKOMMODEREND) 207
3.8.4.3 NF (INTUÏSIE/GEVOEL) 208
3.8.4.4 NT (INTUÏSUE/DENKEND) 209

3.9 SAMEVATTING 211

**HOOFSTUK 4: GESTALTBEGINSELS EN TEMPERAMENT GEFOKUS OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE** 215

4.1 INLEIDING 215

4.2 ONTWIKKELINGSTEORIEË SOOS VAN TOEPASSING OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 215

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



4.3 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 217
4.3.1 Definiëring van die middelkinderjare 217
4.3.2 Definiëring van die primêre skooljare 218
4.3.3 Die ontwikkelingstake van die middelkinderjare 218
4.3.4 Die gesinstake ten opsigte van die middelkinderjare 222

4.4 KERNBEGRIPPE VAN DIE GESTALTBENADERING 223
4.4.1 Gestaltbenadering 224
4.4.2 Gestaltterapie 225
4.4.3 Gestaltspelterapie 225
4.4.4 Teoretiese beginsels van die Gestaltbenadering 226
4.4.4.1 Holisme 226
4.4.4.2 Homeostase/Organismiese Selfregulering 228
4.4.4.3 Figuurgrond/Agtergrond 230
4.4.4.4 Onvoltooidheid 233
4.4.4.5 Kontak 234
4.4.4.6 Kontakgrens 236
4.4.4.7 Polariteit 244
4.4.4.8 Kind se proses 245
4.4.4.9 Struktuur van die persoonlikheid 247

4.5 SAMEVATTING 249

**HOOFSTUK 5: KONSEP-OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE** 253

5.1. INLEIDING 253

5.2. BEMAGTIGINGSPROGRAMME 253
5.2.1Bestaande ouerbegeleidingsprogramme 253
5.2.2Omskrywing van ouerbemagtigingsprogram 255

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


5.3 DIE KIND SE UNIEKE TEMPERAMENT 255
5.3.1Moment: Ken my eie en my kind se temperament 259

5.4 DIE KIND SE TEMPERAMENT EN OUERSKAP 259
5.4.1 Moment: Ken my eie en my kind se temperament 262

5.5 VOORVEREISTES VIR OUERSKAP 262

5.6. KENNIS VAN EN BEGRIP VIR GEDRAG 263
5.6.1 Moment: Ken my kind se temperament 266

5.7 BEGRIP VIR KIND SE WANGEDRAG 267
5.7.1 Moment: Begrip vir kind se gedrag en wangedrag 268

5.8 BOUSTENE VIR POSITIEWE OUER-KIND-VERHOUDING 268
5.8.1 Moment: Boustene vir positiewe ouer-kind verhouding 272

5.9 FAKTORE WAT DIE OUER-KIND-VERHOUDING POSITIEF BEÏNVLOED 272
5.9.1 Moment: Faktore wat die ouer-kind-verhouding positief beïnvloed 273

5.10 HOE WYS 'N OUER SY LIEFDE VIR SY KIND? 273
5.10.1 Moment: Liefdestaal nr. 1: Fisiese aanraking 275
5.10.2 Moment: Liefdestaal nr. 2: Woorde van bevestiging 276
5.10.3 Moment: Liefdestaal nr. 3: Kwaliteittyd 277
5.10.4 Moment: Liefdestaal nr. 4: Geskenke 278
5.10.5 Moment: Liefdestaal nr. 5: Diensbaarheid 278
5.10.5.1 Moment: Hoe wys ek as ouer my liefde vir my kind 279

5.11 DIE INVLOED VAN OMGEWING OP TEMPERAMENT 279
5.11.1 Moment: Invloed van die omgewing op temperamentverskille 284

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


5.12 FAKTORE WAT OUER-KIND-VERHOUDING NEGATIEF BEÏNVLOED 284

5.12.1. Moment: Faktore wat die ouer-kind-verhouding negatief beïnvloed 286

5.13 KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN KINDERS 286

5.13.1 Moment: Hoe maak ek as ouer kontak met my kind 287

5.14 LUISTERVAARDIGHEDE IN KOMMUNIKASIE 288

5.14.1 Moment: Hoe luister ek na my kind 288

5.15 KONFLIKHANTERING 289

5.15.1 Moment: Hoe hanteer verskillende temperamenttipes konflik en Spanning 297

5.16 OUERSKAPSTYLE IN KONFLIKHANTERING 298

5.17 GEVOLGE VAN OUERSKAPSTYLE OP DIE KIND 302

5.17.1 Ouerskapstyle se invloed op temperamentverskille 305

5.18 WAARDES EN NORME 305

5.19 DISSIPLINE 307

5.19.1 Moment: Hoe dissiplineer ek my kind volgens sy temperament? 308

5.20 DIE KONSEP-OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM 308

5.21 VASSTELLING VAN KINDERS SE TEMPERAMENT 314

5.22 ASSESSERING VAN DIE KIND TEN EINDE DIE GENEIGDHEID TOT ‘N TEMPERAMENTTIPE TE BEPAAL 317

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


5.23 KONTROLELYS 326

5.24 SAMEVATTING 329

**HOOFSTUK 6: EMPIRIESE GEGEWENS** 332

6.1 INLEIDING 332

6.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE 333
6.2.1 Doelstelling 333
6.2.2 Doelwitte 333

6.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE 334
6.3.1 Navorsingsbenadering 334
6.3.2 Soort navorsing 335
6.3.3 Intervensienavorsingsproses 335
6.3.3.1 Probleemanalise en Projekbeplanning 335
6.3.3.2 Inligtinginsameling en sintese 335
6.3.3.3 Ontwerp 336
6.3.3.4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek 336
6.3.3.5 Evaluering en gevorderde ontwikkeling 337
6.3.3.6 Verspreiding van die navorsingsprojek 337

6.4 KWALITATIEWE DATE (FASE 1 VAN EMPIRIESE STUDIE) 337

6.4.1 Navorsingsvraag 338
6.4.2 Selektering van respondente vir fokusgroepe 338
6.4.3 Kwalitatiewe data-insameling en –analisering 339
6.4.4 Bespreking van die skematiese voorstelling van die kategorieë, temas en subtemas: Fokusgroep een en twee 341

6.5 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING EN ASSESSERING 352
6.5.1 Hipotese van die studie 351

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



6.5.2 Selektering van respondente 354
6.5.3 Etiese aspekte 355
6.5.4 Betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrument 355
6.5.5 Loodsstudie 356
6.5.6 Meting van temperament tydens die intervensieproses 356
6.5.7 Intervensieprogram 357

6.6 IMPLEMENTERING VAN OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM 385

6.7 SAMEVATTING 427

**HOOFSTUK 7: SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** 429

7.1 INLEIDING 429

7.2 EVALUERING VAN DIE DOELSTELLING VAN DIE STUDIE 430

7.3 DOELSTELLING 431

7.4 EVALUERING VAN DIE DOELWITTE 437

7.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS 441
7.5.1 Hoofstuk een: Algemene orienteering 441
7.5.2 Hoofstuk twee: Konseptualisering van temperament 443
7.5.3 Hoofstuk drie: Temperamentkategorieë, dimensies en modelle 445
7.5.4 Hoofstuk vier: Gestaltbeginsels en temperament gefokus op die kind in die middelkinderjare 446
7.5.5 Hoofstuk vyf: Konsep-bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare 446
7.5.6 Hoofstuk ses: Empiriese gegewens 447

7.6 AANBEVELINGS 449

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


7.7 VERDERE AANBEVELINGS 450

7.7.1 Departement van Welsyn 450

7.7.2 Welsynsorganisasies 450

7.7.3 Onderwysdepartement 451

7.7.4 Opleidingsinstansies 451

7.7.5 Gesinne en gemeenskappe 452

7.8 VERDERE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE PROGRAM SELF 452

7.9 NAVORSINGSVRAAG EN –HIPOTESE 452

7.10 VERDERE NAVORSING 454

7.11 SLOTOPMERKING 454

Bibliografie 456

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# LYS VAN FIGURE


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Vyf-Faktorteorie van persoonlikheid | 61 |
| 2.2 | Drie vlakke van temperament | 68 |
| 2.3 | Persoonlikheid, karakter en temperament | 69 |
| 2.4 | Skematiese voorstelling van die brein | 88 |
| 2.5 | Die heelbreinvoorstelling | 99 |
| 2.6 | Linker en Regter hemisfere | 102 |
| 3.1 | Opsomming van temperament kategorie en dimensies | 119 |
| 3.2 | Vier kwadrante van die vier gedragswyses | 149 |
| 3.3 | Die DISC-model | 149 |
| 3.4 | Uitgaande en Gereserveerde gedragsuitdrukking | 150 |
| 3.5 | Taak en Mensgeoriënteerde vertikale helfdes | 153 |
| 3.6 | Opsommende uiteensettings van die DISC-model | 155 |
| 6.1 | Manlike of vroulike respondente (kinders) | 358 |
| 6.2 | Geslag van die kind | 358 |
| 6.3 | Huidige ouderdom van kind soos op 30 November 2005 | 359 |
| 6.4 | Kennis van temperament | 360 |
| 6.5 | Invloed van temperament op gedrag | 361 |
| 6.6 | Invloed van temperament op denke | 362 |
| 6.7 | Invloed van temperament op verhoudings | 363 |
| 6.8 | Begrip: Temperament en Temperamentverskille | 365 |
| 6.9 | Bron van inligting oor temperament | 366 |
| 6.10 | Kennis van verskillende temperamentverskille | 367 |
| 6.11 | Verskillende temperamentmodelle | 368 |
| 6.12a | Stellings ten opsigte van temperament-voortoets | 369 |
| 6.12b | Stellings ten opsigte van temperament-natoets | 370 |
| 6.13 | Vasstelling van temperamenttipe | 373 |
| 6.14 | Waarde van temperament | 373 |
| 6.15 | Verandering in hantering van kinders na afloop van | 374 |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



| | | |
|---|---|---|
| | temperamentanalise | |
| 6.16 | Bydrae van temperamentanalise tot verbreding van kennis oor gedrag | 375 |
| 6.17 | Bydrae van temperamentanalise tot verbreding van ouers se kennis van kind se denke en gedrag | 376 |
| 6.18 | Ouerskapstyl | 377 |
| 6.19 | Aanpassing van kinders by ouerskapstyl | 378 |
| 6.20 | Ouerskapstyl het 'n invloed op temperamente | 379 |
| 6.21 | Betekenis van die begrip "uitgaande" | 380 |
| 6.22 | Verskille tussen uitgaande en gereserveerd gaan uitsluitlik oor hoe baie of hoe min 'n persoon praat | 381 |
| 6.23 | Take wat die middelkinderjare kind moet bemeester | 382 |
| 6.24 | Temperament is veranderbaar | 383 |
| 6.25 | Kennis wat verlang word | 384 |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# LYS VAN TABELLE


| TABEL | BESKRYWING | BL |
|---|---|---|
| 1.1 | Bemagtigingsprogram vir ouers deur die benutting van temperamentanalise vir kinders in die middelkinderjare | 35 |
| 1.2 | Die fases en aktiwiteite van die intervensienavorsingsmodel | 43 |
| 2.1 | Eienskappe van die Regter Hemisfeer | 104 |
| 2.2 | Eienskappe van die Linker Hemisfeer | 105 |
| 3.1 | Dimensies van temperament | 115 |
| 3.2 | Temperamentkategorieë | 123 |
| 3.3 | Opsomming van nege dimensies en drie temperamentkategorieë | 126 |
| 3.4 | Opsommende uiteensetting van die vier temperamentkategorieë van Hippokrates | 145 |
| 3.5 | Vinnige en stadige pas | 152 |
| 3.6 | D-Uitgaande, gedetermineerde temperament | 158 |
| 3.7 | Sterkpunte en beperkinge van die D-dominante temperament | 160 |
| 3.8 | I-Beïnvloeder, uitdruklik en interaktiewe temperament | 169 |
| 3.9 | Sterkpunte en beperkinge van die I-dominante temperament | 171 |
| 3.10 | S-Standvastige, stabiele temperament | 179 |
| 3.11 | Sterkpunte en beperkinge van die S-dominante temperament | 181 |
| 3.12 | C-Inskiklike, analitiese temperament | 188 |
| 3.13 | Sterkpunte en beperkinge van die C-dominante temperament | 190 |
| 3.14 | Opsommende uiteensetting van die dimensies, kategorieë en DISC-model | 197 |

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



| | | |
|---|---|---|
| 3.15 | Myers Briggs Type-Indicator | 203 |
| 3.16 | SJ Temperamenttipe | 206 |
| 3.17 | SP Temperamenttipe | 207 |
| 3.18 | NF Temperamenttipe | 209 |
| 3.19 | NT Temperamenttipe | 211 |
| 5.1 | Identifisering van moontlike spanningsareas wat kan lei tot onvoltooidhede | 365 |
| 5.2 | Moontlike konflikte tussen 'n D-temperamenttipe ouer en die verskillende temperamenttipe kind | 289 |
| 5.3 | Moontlike konflikte tussen 'n I-temperamenttipe ouer en die verskillende temperamenttipe kind | 291 |
| 5.4 | Moontlike konflikte tussen 'n S-temperamenttipe ouer en die verskillende temperamenttipe kind | 293 |
| 5.5 | Moontlike konflikte tussen 'n C-temperamenttipe ouer en die verskillende temperamenttipe kind | 295 |
| 5.6 | Reaksie ten opsigte van spanning en konflik | 296 |
| 5.7 | Kohlberg se prekonvensionele vlak | 306 |
| 5.8 | Konsep-bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare | 308 |
| 5.9 | Temperamentkontrolelys | 327 |
| 6.1 | Skematiese voorstelling van die kategorieë, temas en subtemas | 340 |

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


# BYLAES

| BYLAAG | BYLAAGBESKRYWING |
|---|---|
| 1 | Ingeligte toestemming om aan fokusgroep deel te neem |
| 2 | Ingeligte toestemming om aan ouerbemagtingsprogram deel te neem |
| 3 | Toestemming van kerk |
| 4 | Selfontwerpte vraelys |
| 5 | DISC vraelys |
| 6 | DISC woordomskrywings |
| 7 | Sagteware program kontrak<br>Geldigheid en betroubaarheid van DISC |
| 8 | Kontrolelysantwoordstel |
| 9 | DISC grafieke |
| 10 | Bou van ‘n toring<br>Bou van ‘n skuiling |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE ORIËNTERING

### 1.1 INLEIDING

Die navorsing handel oor die benutting van temperamentanalise in ‘n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare. Die fokus is dus om vir ouers met kinders in die middelkinderjare ‘n bemagtigingsprogram te ontwikkel wat op ‘n temperamentanalise gebaseer is. Die bemagtigingsprogram het daarop gefokus om ouers met kennis te bemagtig om hulle eie en hulle kinders se temperamente te verstaan en te hanteer. Die bemagtigingsprogram vir ouers is vanuit die beginsels van die gestaltteoretiese perspektief as raamwerk ontwikkel, tesame met reeds bestaande bemagtigingsprogramme en ouerleidingliteratuur. Die temperamentanalise van beide die ouers en kinders word binne die DISC- model[1] en bestaande literatuur oor temperamente geassesseer.

Wanneer daar na die angswekkend hoë syfers van egskeiding, tienerselfmoorde, jeugmisdaad, die misbruik van dwelms en drank, en werkloosheid in Suid-Afrika gekyk word, blyk dit nodig te wees dat ernstig aan doeltreffende opvoeding en ouerskap aandag gegee word. Daar bestaan nie ‘n skool vir ouerskap nie en die vinnig veranderende samelewing maak ouerskap meer kompleks (Campbell, 2000:54). Van Zyl (2004) huldig dieselfde mening as Campbell (2000:15), naamlik dat ouers die primêre versorgers van hul kinders is. Kinders se gedrag is ‘n uitvloeisel van hulle ouers se gedrag en die ouers se optrede het ‘n groot invloed op die kinders se vorming. Ouers word dikwels geblameer vir foute wat kinders maak. Ouers word geblameer eerder as opgelei. Ouerskap in die hedendaagse tyd verg aansienlike fisiese en emosionele energie (Gordon, 2000:1).

[1] D-Dominant, I-Influence, S-Steadiness, C-Compliance

Die basiese van ouerskap is "hoe ouers gehoor gee aan hulle kinders" (Campbell, 2000:12). Neethling en Rutherford (2000:5) vra die vraag:

> As ouers nie hulleself as belangrik genoeg ag om self maksimaal te groei en te ontwikkel en hulleself met kundigheid en insig te bestuur nie, watter kans het die kind wat in die ouers se hande geplaas is? 'n Gesonde samelewing begin by die opvoeding en ontwikkeling van die kind. Hierdie opvoeding en ontwikkeling dien as die grondslag wat die kind vir die res van sy lewe beïnvloed.

Vir ouers om hulle doel in ouerskap te bereik, is dit nodig om hulle kinders tot volwassenheid te begelei. Ouers kan nie op skole, bure of die gemeenskap vertrou om hulle betekenisvolle hulp te gee ten opsigte van hulle opvoeding van hulle kinders nie (Campbell, 2000:13-14). Reder en Lucey (1995:1) sluit hierby aan en konstateer dat: "The parenting children receive is a cornerstone for the development of their emotional, interpersonal and social well-being." Die middelpunt van die ouer-kind-verhouding is dus om die kind te ken en te verstaan en te weet wat hulle kind benodig. Boyd (2004:229) sluit hierby aan en konstateer dat basis vir 'n sterk huishouding, waar geluk, harmonie en voorspoed voorkom, daaruit bestaan dat ouers hulle kinders moet verstaan. Hierdie skrywer noem verder dat die grootste geskenk wat ouers vir hulle kinders kan gee, is om tyd te neem om uit te vind hoe kinders aanmekaar gesit is, dus wat hulle sterkpunte en beperkinge is en hoekom hulle op 'n sekere manier optree.

Insig en begrip ontbreek dikwels by ouers in die hantering van hulle kinders. Jaffe (1997:144) sluit hierby aan en is van mening dat die ouerskap van ouers dikwels ontoereikend is, omdat insig by ouers ontbreek in die hantering van hulle kinders. Effektiewe ouerskap vereis, volgens Jaffe (1997:145), dat ouers ingelig moet wees waarom hulle kinders op 'n sekere manier optree en hoe hulle hul gevoelens uitdruk. Kinders se gedrag kan die beste verstaan word in die konteks van onder andere die biologiese faktore, wat temperament insluit. Jaffe (1997:145) konstateer verder dat indien ouers hulle kinders se temperamente, dus hulle manier van optrede, verstaan, dit daartoe sal lei dat ouers sal verstaan dat kinders van mekaar verskil en in verskillende situasies verskillend sal optree. Met hierdie kennis sal ouers beter toegerus wees in die hantering van hulle kinders. De Klerk (2004) en Struwig (2004) sluit hierby aan as hulle

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



meen dat een van die maniere om ouers te begelei om hulle kinders beter te verstaan, juis is om hulle te bemagtig met kennis rondom die hantering van hulle kinders.  Hulle meen dat bestaande ouerbemagtigingsprogramme nie aan die behoeftes van die verskillende ouerkulture in Suid-Afrika voldoen nie en dat daar juis 'n behoefte is aan bemagtigingsprogramme waar ouers bemagtig word met kennis oor hulle eie en hul kinders se temperamente.

Ouers het voortdurend 'n behoefte om meer kennis oor die opvoeding van hulle kinders in te win (Van Deventer, 2004; Myburgh, 2004).  Wanbegrip en onbevredigende interaksie tussen ouers en kinders gee dikwels daartoe aanleiding dat die ouers en kinders aanmeld vir spelterapie, waar konflik tussen ouers en kinders wat reeds in gedragsprobleme ontwikkel het, hanteer moet word.  Die maatskaplikewerkpraktyk en spesifiek spelterapeute, het 'n behoefte geïdentifiseer om die verhouding tussen die ouer en kind na te vors (De Klerk, 2004; Blom, 2004a).  Kotzé (2005), 'n arbeidsterapeut, meen dat sy toenemend kinders evalueer waar daar ouer-kind-verhoudingsprobleme aanwesig is.  Sy skryf dit deels daaraan toe dat ouers nie hulle kinders se behoeftes ken en verstaan nie.

Navorsing is reeds gedoen oor die invloed van die kind se temperament en ouerskap as afsonderlike komponente van mekaar.  Daar is toenemende bewyse dat die interaksie tussen die twee besonder belangrik is en dat daar 'n behoefte is om hierdie interaksie tussen ouerskap en temperament deur middel van navorsing te ondersoek (Hemphill & Sanson, 2001:42).  Struwig (2004) en Tagg (2004) sluit hierby aan en is van mening dat navorsing in temperamentverskille nodig is vir die ontwikkeling van programme vir ouers om hulle kinders beter te verstaan.

Die bevordering van die gesinsfunksionering en die bou van die gesin as eenheid word as prioriteit deur die Suid-Afrikaanse Regering geïdentifiseer (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997:44).  'n Bemagtigingsprogram wat gerig is op vroeë intervensie en voorkoming van gedragsprobleme by kinders, kan volgens die navorser as 'n belangrike voorkomingshulpmiddel dien.   Viljoen (2004) meen dat daar 'n behoefte  aan sodanige

programme bestaan om ouers wie se kinders verwyder is, met kennis te bemagtig om hulle kinders in hulle sorg herstel te kry.

Goleman (1996:215) beweer dat temperament nie 'n eindbestemming het nie en deel van 'n persoon se genetika vorm. Temperament ontstaan dus nie eers wanneer 'n kind skool toetree of tydens 'n spesifieke ontwikkelingsfase nie, maar is reeds by geboorte aanwesig. Temperament kan dus volgens die navorser nie gekoppel word aan 'n spesifieke ontwikkelingsfase nie. Hoewel enige ontwikkelingsfase vir die doel van die studie gekies kon word, is die middelkinderjare as die geskikste fase gekies. Die middelkinderjare, ook bekend as die primêre skooljare is die ontwikkelingsfase tussen die ouderdomme van ses en twaalf jaar (Louw, Van Ede & Ferns, 2001:326). Hierdie tydperk word beskou as die relatiewe rustige jare vir die kind se fisieke ontwikkeling en is 'n belangrike tydperk vir sosiale, emosionele en selfkonsep-ontwikkeling. Die kind beweeg dus toenemend uit sy beskermende ouerhuis en sy leefwêreld word gekenmerk deur 'n uitbreiding van sy sosiale omgewing. Sy vriende is 'n belangrike bron van stimulasie en sosiale ondersteuning.

Skooltoetrede speel 'n belangrike rol in die leerondervindings wat aan die kind gebied word. Die leerondervindings berei die kind voor en lê 'n stewige fondasie vir aanpassings vir die volgende lewensfase (Louw *et al*., 2001:325). Die fase in die middelkinderjare wat strek van graad een (ongeveer ses jaar) tot graad drie (ongeveer agt jaar) staan as die juniorprimêre fase bekend en die daaropvolgende fase as die seniorprimêre fase (ongeveer agt tot twaalf jaar). Volgens Du Toit en Kruger (1991:107) beskik die kind in hierdie fase oor die potensiaal om met behulp van opvoedingshulp te vorder op sy weg na volwassenheid. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die juniorprimêre skooljare as die beginjare van die middelkinderjare betrek word. Die navorser is van mening dat indien ouers reeds in hierdie ontwikkelingsfase bemagtig word met kennis oor hulle kinders se temperamente, dit moontlik 'n invloed sal hê op die aanpassing van die kinders tydens skooltoetrede en dat die kennis die grondslag sal vorm vir beter begrip vir daaropvolgende fases.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Soos reeds aangedui, is een van die faktore wat tot die ontstaan van gedragsprobleme aanleiding gee, 'n gebrek aan ontoepaslike ouerskap (Hemphill & Sanson, 2001:42). Die kind in sy middelkinderjare se ouers bied steeds die meeste sekuriteit al verbreed sy horisonne tydens hierdie stadium (Louw *et al.,* 2001:354). Proshaska en Norcross (2003:375) konstateer dat die individu die beste verstaan kan word binne die sosiale konteks waarin hy[2] bestaan. Mash en Wolfe (2002:41) sluit hierby aan en is van mening dat die gesin as 'n sisteem funksioneer. 'n Sisteem verwys na 'n georganiseerde geheel wat bestaan uit dele wat interafhanklik is. Die gesin as geheel is groter as die som van die lede waaruit die gesin bestaan. Veranderinge in een lid het 'n invloed op die ander lede van die gesin. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:313; Schwartz, 2003:17.)

Vanuit die sisteemteorie is die gesin 'n lid in die wyer gemeenskapsisteem. As gevolg van sisteme se interafhanklikheid, vind wedersydse beïnvloeding plaas (Hepworth & Larsen, 2002:279). Die lede van die gesin is in wedersydse kontak met mekaar en die gesin as eenheid is weer in wedersydse kontak met ander sisteme buite die gesin. Blom (2004a) ondersteun Campbell (2000:41) se siening wat beklemtoon dat dit vir ouers nodig is om hulle kinders se sosio-emosionele behoeftes te ken om dit te kan bevredig en dus gedragsprobleme te voorkom. Struwig (2004) en Tagg (2004) meen dat kennis van temperamentsverskille en ooreenkomste ouers behoort te help in hierdie taak.

Meyer, Moore en Viljoen (2003:355) is van mening dat die individu sy omgewing gebruik om aan sy behoeftes te voldoen. Weens die feit dat die individu en sy gesin interafhanklik is, is die navorser van mening dat die individu sy omgewing, wat sy gesin insluit, nodig het om sy behoeftes te verstaan en te bevredig. Van Zyl (2004) ondersteun Miller (1997:23) se mening dat indien ouers die kind se behoeftes verstaan en bevredig, dit sal bydra tot optimale funksionering van die kind.

Indien ouers dus nie hulle kinders se behoeftes en gevoelens verstaan en in ag neem nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat kinders onaanvaarbare gedrag sal gebruik om hulle behoeftes te bevredig (Oaklander, 1997:293; De Klerk, 2004; Blom, 2004a). Die kind

---

[2] Daar gaan deurgaans in die navorsingsverslag na die manlike geslag verwys word, sonder om seksisme te impliseer.

het nodig om kontak te maak met sy ouers om sy behoeftes bekend te maak. Kontakmaking binne die verhouding tussen ouers en kinders is, volgens Covey (1997:56), die belangrikste komponent in die menslike bestaan. Kontakmaking is volgens Oaklander (1997:294) die vermoë om ten volle teenwoordig te wees in alle aspekte van die mens, naamlik die liggaam, sintuie, emosies en intellek asook die medemens en omgewing. Kontakmaking is 'n deurlopende proses en gesonde kontak vind plaas wanneer die kind sy omgewing gebruik om sy behoeftes te bevredig. Die navorser is van mening dat dit nodig is dat ouers ingestel moet wees op hulle kinders se behoeftes en veral emosionele behoeftes, ten einde gesonde kontak met die kinders te bewerkstellig om in hierdie behoeftes te voldoen. Om die ouers in staat te stel om hulle kinders se behoeftes te ken, vereis kennis van die kind se unieke temperament.

Temperament word deur die meeste skrywers beskou as 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree. Hierdie optrede is reeds duidelik sigbaar by die kind se geboorte (Keogh, 2003a:3; Carey & Mcdevitt, 1994:24; Meyer *et al.,* 2003:12; Shaffer, 1996:104; Watson, 2000:16; Neuman & Neuman, 1999:146). Shaffer (1996:104) is verder van mening dat temperament op die individu se geneigdheid dui om op 'n voorspelbare wyse in 'n spesifieke situasie op te tree. Temperament word deur Papalia en Olds (1996:266) beskou as die "hoe" van gedrag, eerder as die "wat" (vermoë) of die "waarom" (motivering). Keogh (2003a:3) is verder van mening dat indien ouers bewus is van hulle kinders se individuele verskille in hulle temperament, dit kan bydra dat ouers hulle idees rondom die rede vir 'n sekere optrede van hulle kind beter kan begryp.

Die persoon se temperament verwys dus na 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier te dink of te redeneer, situasies te benader en op te tree. Weens die feit dat temperament aangebore is, is die navorser van mening dat dit nie verander kan word nie. Oaklander (1997:238) noem dit die individu se proses, naamlik wat hy doen en hoe hy dit doen. Hierdie proses is uniek aan elke mens. 'n Eie interpretasie is dat die kind se proses ooreenkomste met die kind se temperament toon, aangesien temperament verwys na die "hoe" van gedrag.

Daar is ‘n duidelike verskil in die literatuur tussen temperament, persoonlikheid en karakter. ‘n Individu se persoonlikheid verwys na alle aspekte wat daartoe bydra dat ‘n individu is wie hy is (Meyer *et al.*, 2003:10). Hierdie skrywers noem dat die aspekte waarna verwys word, fisiese, psigologiese en geestelike karaktertrekke is wat ‘n spesifieke optrede bepaal. Meyer *et al.* (2003:12) sluit hierby aan en is van mening dat persoonlikheid as die totaliteit van alle eienskappe beskou kan word wat die individu se gedrag bepaal. Hierdie eienskappe sluit kognisie, waardes, houdings, gewoontes, emosies, vooroordele en doelstellings in. (Vergelyk Meyer *et al.,* 2003:10.) Keirsey (1998:20) is van mening dat persoonlikheid uit temperament en karakter bestaan. Temperament is dus volgens die navorser ‘n komponent van persoonlikheid. Persoonlikheid is dus ‘n opsomming van die blywende karaktertrekke wat bepaal word deur die interaksie tussen die omgewing en die individu se temperament. Die omgewing veroorsaak dikwels dat individue nodig het om hulle temperament aan te pas. Die invloed van die aanpassing van die kind se temperament bepaal sy persoonlikheid (Bonnstetter, Suiter & Widrick, 1993:12).

Persoonlikheid word dus van temperament onderskei deurdat persoonlikheid verwys na die produk van die interaksie tussen die temperament en die omgewing. Hierdie studie fokus dus daarop om die ouers bewus te maak van hul eie en hulle kinders se unieke temperamente, met ander woorde die basiese geneigdheid waarmee hulle gebore is om op ‘n sekere manier te dink en op te tree. Temperament verwys volgens die navorser na die denkprosesse van ‘n individu met die gevolglike gedrag wat daaruit voortspruit. Dit behels dus die basiese geneigdheid om op ‘n unieke manier op te tree.

Karakter verwys volgens Meyer *et al.* (2003:12) na die sosialisering en opvoeding van ‘n persoon, met ander woorde die persoon se morele gedrag en waardes. Karakter kan volgens Keirsey (1998:20) vergelyk word met die sagteware van ‘n rekenaar, met ander woorde die programme. Karakter verwys dus na die persoon se waardes en sy vermoë om konsekwent in ooreenstemming met sy waardes op te tree.

Hierdie studie gaan op die temperament van ouer en kind fokus, eerder as op die persoonlikheid. Daar sal deurgaans na hierdie komponente verwys word en

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


temperament is vir hierdie doeleindes van die studie nie sinoniem met persoonlikheid nie.

## 1.2. PROBLEEMFORMULERING

Tydens die middelkinderjare word die kind gekonfronteer met belangrike sosiale en emosionele ontwikkelingstake tuis en ook om by die skool en by vriende aan te pas en om nuwe kommunikasievaardighede te ontwikkel. Hierdie tydperk word gekenmerk deur talle nuwe sosiale leerervarings wat 'n wesenlike invloed op die kind se ontwikkeling kan uitoefen. Die kind se selfbeeld word tussen die ouderdom van ses jaar en twaalf jaar spesifiek beïnvloed deur die kwaliteit van sy ervaring tuis, op skool, in kontak met sy portuurgroep en interaksies met sy onderwysers. Hoewel die kind in die middelkinderjare se sosiale horisonne uitbrei, bly die kind se ouers steeds die belangrikste faktor in sy lewe. (Vergelyk Louw *et al.,* 2001:354; Smith, Cowie & Blades, 1998:145; Orton, 1997:56.)

Ouers het voortdurend 'n behoefte om meer kennis oor die opvoeding van hulle kinders in te win. Wanbegrip en onbevredigende interaksie tussen ouers en kinders gee dikwels daartoe aanleiding dat die ouers en kinders konflikte beleef. Kinders word dikwels nie deur hulle ouers verstaan nie. Kinders wat nie dink en optree volgens hulle ouers se wil nie word as ongehoorsaam en onbeheerbaar geetiketteer. Dit dra dikwels by dat kinders toenemend hulleself moet aanpas om te wees wat die omgewing van hulle verwag. Dit lei daartoe dat kinders opstandig word en gedragsprobleme openbaar. Van Deventer (2004) bevestig dat ouers deurgaans tydens haar opleidingsgeleenthede by Edutainment aangedui het dat hulle 'n behoefte het om meer kennis in te win oor die opvoeding van hulle kinders, juis om hulle kinders beter te verstaan.

Tydens onderhoude met Myburg (2004), Viljoen (2004) en Van Zyl (2004) het dit na vore gekom dat een van die grootste probleme wat tot statutêre ingryping aanleiding gee, juis ouers is wat nie hulle kinders se denke, gedrag en behoeftes verstaan nie. Hierdie wanbegrip gee aanleiding tot verhoudingsprobleme. Viljoen (2004) meen dat die meeste kinderhowe geopen is weens verhoudings- en kommunikasieprobleme tussen

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



ouers en kinders. Die eise, spanning en gejaagdheid van die moderne lewe bring toenemend mee dat gesinne nie optimaal kan funksioneer nie, wat tot toenemende verhoudingsprobleme aanleiding gee.

Viljoen (2004) is van mening dat sake wat die afgelope drie jaar by die Kommissaris van Kindersorg in die Delmas Landdrosdistrik geopen is, ‘n skerp styging getoon het. Gedurende 2003 is 26 kinderhowe geopen en afgehandel, waarvan vier kinders in die ouers se sorg herstel is nadat die ouers ouerleiding ontvang het. In 2004 is 55 kinderhowe geopen waarvan sewe kinders in die ouers se sorg herstel is. Tot einde September 2005 is 56 kinderhowe geopen, waarvan ses kinders in ouerlike sorg herstel is. In die meeste gevalle waar dit nodig was om die kinders uit die gesin te verwyder, was die ouers verplig om vir ouerleiding by die Christelike Maatskaplike Raad, Delmas aan te meld, alvorens die kinders teruggeplaas kon word. Viljoen (2004) en Van Zyl (2004) is van mening dat daar tans ‘n behoefte bestaan aan ‘n program waar ouers hulle kinders beter kan verstaan en toegerus kan word met die nodige kennis rakende hulle kinders se temperament en die doeltreffende hantering daarvan.

Die Christelike Maatskaplike Raad (CMR), Delmas lewer ouerleiding aan ouers en hulle gesinne (Fourie, 2004). Hierdie organisasie het ook aangedui dat daar ‘n leemte in kennis by ouers met betrekking tot die invloed van temperamentsverskille bestaan. Fourie (2004) het aangedui dat hierdie leemte nie net beperk is tot die CMR Delmas nie, maar ook CMR-kantore van Mpumalanga en CMR Suid-Transvaal. Sodanige ouerbemagtigingsprogramme kan nuttig deur maatskaplike werkers aangewend word, veral waar kinders op bevel van die kinderhof in hulle ouers se sorg herstel is onderhewig daaraan dat die ouers vir ouerleiding inskakel (Fourie, 2004). Van Zyl (2004) beklemtoon ook die noodsaaklikheid van voorkomingsprogramme.

Van Deventer (2004) meen dat ouers se gebrek aan kennis om hulle kinders tot volwassenheid te begelei, as leemte geïdentifiseer is. Hierdie leemte het dan tot die ontstaan van organisasies soos Edutainment aanleiding gegee, waar ouers se gebrek aan kennis en begrip van hulle kinders daagliks beleef word. Programme wat hier aangebied word, neem nie temperamentsverskille in ag nie, en dit word as ‘n leemte uitgewys.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Van Deventer (2004) en De Klerk (2004) meen dat dit belangrik is dat ouers moet kennis dra dat kinders dikwels probleme ondervind om by ontwikkelingsveranderinge in die verskillende lewenstadia aan te pas.  Meyer en Van Ede (2001:69) is van mening dat dit belangrik is om by hierdie ontwikkelingsveranderinge aan te pas ten einde optimaal te funksioneer.  Optimale funksionering verwys, volgens hierdie skrywers, na die hoogste vlak van ontwikkeling wat 'n individu kan bereik.  Dinkmeyer en Mckay (1976:14) en Thompson en Rudolph (2000:6) is van mening dat indien 'n kind nie by hierdie ontwikkelingsveranderinge aanpas nie, dit tot spanning en emosionele  en gedragsprobleme aanleiding kan gee.

Sosio-, emosionele en gedragsprobleme ontstaan volgens Dinkmeyer en Mckay (1976:14), indien 'n kind se behoeftes van aanvaarding, sekuriteit en erkenning nie bevredig word nie.  Van Zyl (2004) ondersteun Thompson en Rudolph (2000:32) se mening, naamlik dat die gesin 'n belangrike rol in die behoeftebevrediging van die kinders speel, maar ook in die ontstaan van gedragsprobleme. Gedragsprobleme ontstaan volgens die skrywers, wanneer die individu poog om sy basiese behoeftes te bevredig op 'n manier wat inbreuk maak op die regte van ander.  Die basiese behoeftes is onder andere oorlewing, vryheid, beheer, pret, liefde, sekuriteit, bestaansmiddele en om gebondenheid te ervaar.  Verder is daar uit die navorsing van Hemphill en Sanson (2001:42) bewys dat temperament en ouerskap 'n rol speel in die ontstaan van gedragsprobleme.  Dit blyk dus asof konsepte soos onbevredigende basiese behoeftes, ouerskap en temperament, aspekte is wat aanleiding kan gee tot die ontstaan van gedragsprobleme.  Tydens 'n spelterapiekursus wat in Pretoria deur die navorser bygewoon is, was daar professionele persone (arbeidsterapeute, sielkundiges, opvoedkundiges en maatskaplike werkers) wat aangedui het dat hulle die kursus bywoon weens die toename in gedragsprobleme wat by kinders voorkom.

Kinders met gedragsprobleme vorm daagliks deel van die gevallelading van maatskaplike werkers.  Tussen Julie 2000 en Desember 2001 is 'n totaal van 2 043 sake van kinders met gedragsprobleme in Suid-Afrika deur Kinderlyn gehanteer (Childline, 2000).

Die hantering van gedragsprobleme noodsaak dikwels statutêre ingryping deur ‘n welsynsorganisasie, wat tot die opname in residensiële inrigtings aanleiding gee. As maatskaplike werker, beskou die navorser statutêre ingryping as ‘n ingewikkelde, tydrowende en kapitaal afhanklike proses. Hemphill en Sanson (2001:42) is van mening dat gedragsprobleme moeilik hanteerbaar is.

Hemphill en Sanson (2001:42) bevestig dat gedragsprobleme gehanteer moet word deur ‘n klemverskuiwing van intervensie na vroeë intervensie en voorkoming. Vroeë intervensie behels ingryping wanneer vroeë tekens van probleme voorkom. Voorkoming behels ingryping alvorens gedragsprobleme voorkom (Hemphill & Sanson, 2001:42).

Die voorkoming van gedragsprobleme hou volgens die navorser belangrike implikasies vir die maatskaplikewerk professie in. Voorkoming is ‘n belangrike deel van die doel van maatskaplike werk waarby selde uitgekom word. Volgens die International Federation of Social Work (IFSW, 2000) is die doel van maatskaplike werk daarin geleë om probleme wat teenwoordig is in menseverhoudinge en hulle omgewing op te los, om sosiale verandering en mense se welstand te bevorder. Hierdie bron meld ook dat maatskaplike werk se missie is om mense in staat te stel om hulle volle potensiaal te ontwikkel, hulle lewensgehalte te verhoog en disfunksionering te voorkom. Die navorser is dus van mening dat die doel van voorkoming en vroeë intervensie juis is om lewensgehalte te verhoog en disfunksionering te voorkom. Hierdie studie het ten doel om ouers met kennis te bemagtig oor hulle kinders se temperamente om hulle beter te verstaan. ‘n Eie mening is dat die studie op voorkoming en vroeë intervensie gerig is, maar soos reeds bespreek, ook vir rekonstruksiedienste en gesinsherenigingsdienste van waarde kan wees.

Die vermoë van ouers om die temperamente van hul kinders te identifiseer, kan die ouers op verskillende wyses behulpsaam wees. Een van die wyses is dat ouers die behoeftes en gedrag van hulle kinders beter sal verstaan (Keogh, 2003a:2). Die navorser is van mening dat indien ouers hulle kinders se behoeftes kan verstaan, dit daartoe kan bydra dat ouers gouer en doeltreffender in hierdie behoeftes kan voldoen, wat negatiewe

gedrag kan verminder of uitskakel. Dit sal dus nie vir kinders nodig wees om negatiewe gedrag te openbaar as 'n manier om hulle behoeftes bekend te maak nie.

Struwig (2004) en De Klerk (2004) waarsku dat ouers nie onrealistiese verwagtings van hulle kinders moet koester nie, want dit kan kinders benadeel. Covey (1997:240) sluit by Hemphill en Sanson (2001:42) aan en is van mening dat:

> If parents do not make a sincere effort to understand their children's development and to communicate with them on their level of awareness, we often find themselves having unreasonable expectations of them and being frustrated when they can't seem to get through.

Clark, Kochanska en Ready (2000:283) het 'n longitudinale studie onderneem waar moeders se persoonlikhede en die interaksie met die temperamente van hulle kinders getoets is. Die moeders het 'n persoonlikheidstoets afgelê, terwyl die navorsers die kinders se negatiewe emosionaliteit waargeneem het in beide standaard prosedure en in 'n natuurlike omgewing. Met die aanvang van die studie was die kinders ongeveer agt maande oud. Op vyftien maande ouderdom het die navorsers twee aspekte van ouerskap waargeneem naamlik handhawing van hantering van die kind en die moeder se reaksie in die ouer-kind verhouding. Die bevinding het bevestig dat ouerskap en kinders se temperament in wedersydse verhouding met mekaar is. Hierdie studie het verder bevind dat navorsingsresultate ten opsigte van die interaksie van die ouer- kind- temperament nie voldoende is nie en dat verdere navorsing in die verband aanbeveel word. Uit praktykervaring kan die navorser bogenoemde bevestig en is sy van mening dat daar 'n kennisleemte bestaan ten opsigte van die interaksie van die ouer-kind-temperament en die hantering van veral kinders se sosio-emosionele behoeftes.

Navorsing deur Kagan (1994:2) oor temperamentverskille by kinders het aangedui dat verskille in kinders se temperamente 'n invloed het op elke individuele kind se hantering van sy alledaagse lewe en sy verhoudings met ander. Die rol wat temperament speel, kan die beste verstaan word binne die interaksionele raamwerk, waarin die karaktertrekke van beide die kind en ouer belangrik is.

Soos in 1.1 genoem, handel die navorsing oor die benutting van temperamentanalise in die bemagtigingsprogram vir ouers. Ten einde die temperamente te bepaal, is dit nodig om die geskikste temperamentanalise te benut. Psigometriese toetsing word slegs deur opgeleide psigometriste gedoen, wat maatskaplike werkers dus nie toelaat om sodanige toetsing te doen nie. Ekometrie is ‘n nuwe veld in maatskaplike werk wat deur die Raad vir Maatskaplike Werk Diensberoepe goedgekeur is. Die navorser is van mening dat die Keirsey- en die Dominant-Influencer-Steadiness-Compliance (DISC) modelle van temperamentanalise in hierdie kategorie van assesseringsinstrumente vir maatskaplike werkers ressorteer, aangesien dit nie as psigometriese toetse geklassifiseer is nie. Van Zyl (1999:8) konstateer die volgende: “A new concept ‘ecometrics’ was defined and contextualised… The concept is of particular value in social work theory and practice… Ecometrics should be developed as a sub-discipline in social work….”

Die bestaande meetinstrumente om temperamente te analiseer, kan soos volg onderskei word:

- Die DISC- model is gebaseer op die teorie van dr Marstons. Die woord DISC is saamgestel uit die eerste letter van die vier primêre temperamenttipe wat gemeet word, naamlik “*dominance, influence, steadiness, compliance.*” Die Keirsey-model is gebaseer op die teorie van Carl Jung wat deur Keirsey ontwikkel is. Die Myers-Briggs-type Indicator (MBTI) is ook gebaseer op die teorie van Carl Jung en deur Isabel Myers en Kathryn Briggs ontwikkel (Keirsey, 1998:3). Isabel Myers en Kathryn Briggs het ‘n vraelys ontwikkel wat sestien patrone van aksie en gedrag identifiseer. In dieselfde tydvak het Keirsey ook Jung se teorie hersien en vier temperamenttipes ontwikkel. Jung, ‘n fisiologiese psigoloog, kan met Freud verbind word (Inscape Publishing, 1996). Hoewel Keirsey-model en MBTI onafhanklik van mekaar ontwikkel is, het die twee modelle ooreenstemming getoon (Berens, 2000:37 en Inscape Publishing, 1996). Boyd (2004:230) is van mening dat die DISC-model die taal aan ouers voorsien om die verskille wat by kinders en volwassenes bestaan, uit te wys. Die DISC-model

gee aan ouers die kennis om hulle ouerskapstyl so aan te pas om by die kinders se temperamente te pas.

- Die Keirsey-model is ‘n welbekende hulpmiddel in die VSA om persone te help om hulleself asook ander persone met wie hulle in kontak is, beter te verstaan (Keirsey, 1998:1 en Struwig, 2004). Die DISC-model is ‘n temperamentanalise waar die persoon met behulp van ‘n vraelys in vier temperamentkategorieë ingedeel kan word. Die Keirsey-model en die DISC- model word gebruik om ‘n individu se gedrag te bepaal en daaruit ‘n geneigdheid vir ‘n bepaalde temperamenttipe aan te dui. Die DISC-model vraelys bied dus drie of vier gedragsmoontlikhede waaruit ‘n individu ‘n keuse moet maak om sy mees en min geneigde gedrag aan te dui (Bonnstetter *et al.*, 1993:25). Deur middel van die DISC-model kan die terapeut bepaal, waarom ‘n individu voel, dink en optree soos wat hy optree (Rohm, 1998:13). Die DISC-model meet hoofsaaklik volwasse gedrag en is gestandaardiseer vir volwassenes. Die Keirsey-model is in die proses om gestandaardiseerd te word in Suid-Afrika. Die MBTI is ‘n bestaande psigometriese toets wat nie deur maatskaplike werkers benut mag word nie.

Inscape Publishing (1996) is van mening dat die MBTI-profiel en die DISC-model nie met mekaar gekorreleer kan word nie. Een van die redes waarom die DISC-model en die Myers Briggs type Indicator nie met mekaar kan korreleer nie, is as gevolg van die feit dat beide se teoretiese oorsprong verskil en dat die twee instrumente verskillende aspekte meet. Die DISC-model beskryf gedrag gebaseer op hoe mense hulleself beskou, teenoor die Myers Briggs type Indicator wat dui op hoe elke persoon die omgewing intellektueel en houdingsgewys benader en hierdie inligting verwerk. Weens die feit dat die twee modelle verskillende tipe inligting verskaf, kan dit daartoe lei dat elkeen mekaar onafhanklik kan aanvul. Beide is vir verskillende doelwitte ontwikkel en op verskillende uitgangspunte van menslike gedrag gebaseer. Die DISC-model is

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


ontwikkel om 'n persoon se gedrag te beskryf wat waargeneem kan word, terwyl die MBTI ontwikkel is om 'n persoon se bewuste en onbewuste gedrag te meet.

- Berens (2000:38) meen dat die Keirsey model op Jung se teorie op die vlak van sestientipe-patrone gebaseer is. Die vierletter-kode van die MBTI type Indicator stem ooreen met Keirsey se sestientipe-patrone. Die mening word gehuldig dat die MBTI deur Isabel Myers en Katherine Briggs ontwerp is, wat op vier skale gebaseer is, naamlik ekstroversie teenoor introversie, sintuiglik teenoor intuïsie, gevoelens teenoor denke en beoordeling teenoor waarneming. Die vier skale klassifiseer mense in sestien tipes. Die MBTI lê klem op beide denke en gedragsreaksies gebaseer op aangeleerde gewoontes. Keirsey het op die teorie uitgebrei deur die sestien tipes in vier temperamente in te deel, naamlik die SJ, SP, NF en NT. Viawest (2006) is van mening dat die grootste verskil tussen MBTI en die Keirsey-model geleë is in die feit dat Keirsey langtermyn waarneembare gedragspatrone beskryf, terwyl die MBTI dit wat in mense se gedagtes is, beskryf. Die MBTI beskryf 'n liniêre vierfaktor-model teenoor die Keirsey-model wat 'n sistemiese veldteorie-model beskryf. Die Myers-Briggs Type-indicator hanteer nie die opvattings van temperament en karakter voldoende nie (Viawest, 2006). Een van die praktiese probleme wat bestaan in die literatuur ten opsigte van verskillende modelle om temperamente te meet is, is dat die literatuur die verskillende modelle en meetinstrumente met mekaar vermeng, sodat dit voorkom of dit dieselfde is en dieselfde meet. Dit bring verwarring mee vir terapeute wat die modelle wil benut (Viawest, 2006). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die MBTI, die Keirsey-model en die DISC-model nie dieselfde meet nie; en dus kan die resultate nie met mekaar vergelyk word nie. Die DISC- model meet waarneembare gedragspatrone in 'n persoon se omgewing. Dit blyk verder dat die MBTI nie op temperament en die beskrywing daarvan ingestel is nie, maar eerder op persoonlikheidstipes. Al die meetinstrumente word benut om volwassenes se temperamente te meet.

- Die navorser het opleiding in die Keirsey-model in Suid-Afrika ontvang en het verskeie internasionale literatuur ten opsigte van die model aangekoop. Die beplanning was om die twee modelle, naamlik die Keirsey-model en die DISC-model, met mekaar te trianguleer. Uit die literatuurstudie ten opsigte van die twee modelle is gevind dat daar teenstrydighede bestaan ten opsigte van ooreenkomste en verskille van die modelle. Die twee modelle is dus nie met mekaar verbind nie. Die navorser het die Keirsey-model se hoof temperamenttipes in die literatuurstudie in 3.7.4 uiteengesit om die maatskaplike werkers bewus te maak dat daar naas die DISC-model ‘n verdere temperamentmodel bestaan wat onafhanklik van die DISC-model benut kan word.

Uit ‘n wye literatuursoektog en navrae by kundiges blyk dit dat daar tans nie ‘n gestandaardiseerde assesseringsinstrument bestaan om kinders se temperamente mee te bepaal nie. Van Zyl (2004) beklemtoon dat maatskaplike werkers dringend aandag behoort te skenk aan die standaardisering van meetinstrumente wat ook vir howe aanvaarbaar sal wees. Hy meen ‘n klassifisering van temperamente wat op ‘n wetenskaplike grondslag gebaseer is, word deur die howe, veral die gesinsadvokaatkantoor, benodig. Die navorser het die literatuur oor temperamente en die DISC-model benut om ‘n kontrolelys van die kinders se gedrag saam te stel. Hierdie selfontwerpte kontrolelys is tydens die empiriese studie aan die ouers gegee om te voltooi en deur die navorser self ook benut tydens die assessering van die kinders. Dit is gedoen om die kinders se geneigdheid om te dink en op te tree te bepaal, om uiteindelik ‘n moontlike temperamentprofiel van die kinders saam te stel. Die navorser beoog om die selfontwerpte kontrolelys met die oog op standaardisering daar te stel vir terapeute om dit te gebruik, juis omdat daar ‘n leemte aan sodanige assessering van kinders bestaan.

Uit die voorafgaande blyk daar ‘n behoefte by ouers te wees aan kennis en begrip van:

- hulle kind se denk- en gedragsvoorkeure om so die kind se temperament te bepaal, en

- hoe hul kind se temperament ooreenstem of verskil van hul eie en die invloed van temperamentooreenkomste of temperamentverskille op die ouer-kind-verhouding, veral na aanleiding van die ouers se interpretasie van die kind se sosio-emosionele behoeftes.

Fourie (2004) en Van Deventer (2004) is van mening dat daar tans nie 'n program bestaan waar ouers toegerus word met kennis oor hulle kinders se temperamente en die invloed daarvan op die kind se denke en gedrag nie. Sodanige program kan doeltreffend deur maatskaplike werkers benut word, om ouers te bemagtig wanneer hul kinders uit hulle sorg verwyder is en die kinderhof aanbeveel dat kinders herstel word onderhewig daaraan dat die ouers by 'n ouerleidingprogram moet inskakel (Viljoen, 2004; Myburgh, 2004; Van Zyl, 2004). Die programme kan ook vir voorkoming benut word.

Hierdie navorsingstudie gaan in Delmas ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer word gesien in die lig dat die navorser 'n privaat praktyk in Delmas het en die kinderhof en Christelike Maatskaplike Raad, Delmas 'n behoefte aan sodanige programme geïdentifiseer het.

'n Gebrek aan toepaslike programme in die maatskaplikewerkpraktyk oor die verskillende temperamente en behoeftes van kinders wat nie deur ouers bevredig en verstaan word nie, het dus hierdie studie nodig gemaak. Die navorser het dus gepoog om 'n program daar te stel wat tydens voorkoming en vroeë intervensie, maar ook vir rekonstruksiedoeleindes, benut kan word.

Die navorsingsprobleem is dus dat daar nie 'n bemagtigingsprogram vir ouers bestaan waar die ouer en kind se temperamenttipe geanaliseer en in ag geneem word nie.

In hierdie studie word die fokus op die ontwikkeling van 'n ouerbemagtigingsprogram geplaas om in bogenoemde behoefte te voorsien. Die ontwikkeling van 'n bemagtigingsprogram sal daartoe bydra dat ouers hulle denke oor hulle kinders se gedrag kan herformuleer en toepaslike ouerskapvaardighede kan aanleer. Voorgenoemde kan

lei tot hegter verhoudings binne die gesin, wat optimale funksionering in die gesin en gemeenskap tot gevolg mag hê.

## 1.3 DOEL, DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

### 1.3.1 Doel van die studie

Daar word vervolgens aandag gegee aan die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie studie opgestel is. Volgens Fouché (2002a:107) beteken die doel van die studie: "The end toward which effort or ambition is directed", terwyl doelwitte die stappe is wat een vir een geneem moet word om dit te bereik. Die doel van die studie was om verkennende navorsing te onderneem rakende temperamentkategorieë wat bestaan. Verkennende navorsing is, volgens Delport en Fouché (2002:357), daarop gemik om nuwe konsepte of teorieë te ontwikkel. Volgens Neuman (2000:19) het verkennende navorsing ten doel om rondom idees en tentatiewe teorieë te eksploreer, 'n weldeurdagte beeld rakende feite te ontwikkel en die moontlikheid van verdere navorsing te ondersoek. Die belangrikste doelwitte van verkennende navorsing is om konsepte te verfyn en hipoteses vir verdere navorsing te ontwikkel (Bless & Higson-Smith, 1995:43). Daar gaan in hierdie studie gepoog word om rondom temperament as konsep te eksploreer. Die ontwikkeling van so 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in hulle middelkinderjare word dan ook beskryf.

Beskrywende navorsing poog om 'n waarheidsgetroue beeld van die waargenome te gee en wil 'n beeld van die werklikheid weergee (Neuman, 2000:23). Die navorser gaan poog om verslag te doen oor die konseptuele kenmerke van die temperamentverskille en die hantering daarvan.

Die doel van die studie is dus om deur middel van 'n verkennende en beskrywende ondersoek 'n ouerbemagtigingsprogram met benutting van 'n temperamentanalise te ontwikkel vir ouers met kinders in die middelkinderjare, sodat ouers hulle kinders kan verstaan.

### 1.3.2 Doelstelling van die studie

Die volgende doelstelling is vir die betrokke studie gestel:

- om 'n bemagtigingsprogram wat op die benutting van temperamentanalise gebaseer is, vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel en die bruikbaarheid van so 'n program te evalueer.

### 1.3.3 Doelwitte van die studie

Die volgende doelwitte is vir die betrokke studie gestel:

- Om 'n teoretiese kennisraamwerk op te bou ten opsigte van:
  - wat temperament behels
  - die invloed van temperamentooreenkomste en -verskille by ouers en die invloed daarvan op die ouer-kind-verhouding
  - die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare en gesinstake ten opsigte van hierdie kind
  - die DISC-model in die bepaling van gedrag en uiteindelik temperament.

- Om 'n behoeftebepaling by ouers van kinders in die middelkinderjare te doen oor die inhoud van 'n program wat temperamentanalise benut.

- Die ontwikkeling van 'n ouerbemagtigingsprogram aan die hand van Rothman & Thomas (1994).

- Om die ouerbemagtigingsprogram empiries te implementeer.

- Om die impak van die ouerbemagtigingsprogram te evalueer.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program deur maatskaplike werkers.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE VIR DIE STUDIE

'n Hipotese word deur Kerlinger (1986:17) beskryf as 'n vermoedelike stelling van die verhouding tussen twee of meer veranderlikes. 'n Veranderlike is 'n eienskap of atribuut van 'n persoon of fenomeen wat meer as een waarde op 'n kontinuum kan aanneem en wat empiries waarneembaar is (Cresswell, 2003:93, 108; Bless & Higson-Smith, 1995:37).

'n Navorsingsvraag word, volgens Strydom en Delport (2002:327), gestel met die doel om onduidelike gedagtes met betrekking tot die onderwerp te orden en te formuleer. 'n Navorsingsvraag verskil van 'n hipotese, wat op die verband met twee of meer veranderlikes fokus.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal 'n navorsingsvraag en hipotese gestel word. Cresswell (2003:114) meld die rede waarom sekere studies 'n navorsingsvraag en hipotese het: "Mixed methods studies need to have both qualitative and quantitative research questions (or hipotheses) included in die studies to narrow and focus the purpose statements."

Een van die doelstellings van die kwalitatiewe navorsingsmetode as eerste fase van hierdie studie, is om belangrike vrae, prosesse en verhoudings te ontwikkel en nie net om dit te toets nie (De Vos & Schulze, 2002:19). Die inligting wat met behulp van die navorsingsvraag tydens die behoeftebepaling ingesamel word, sal benut word om die bemagtigingsprogram te ontwikkel.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**Fase 1 (empiriese studie): Kwalitatiewe deel: Navorsingsvraag**

- Wat is die behoeftes van ouers ten opsigte van 'n program waarin temperamentanalise ten opsigte van hulleself en hul kind in die middelkinderjare benut word ten einde die ouer-kind-verhouding te bevorder?

**Fase 2 (empiriese studie): Kwantitatiewe deel: Hipotese**

'n Hipotese word vir die kwantitatiewe tweede fase van die navorsing gestel. Die verwagte verhoogde kennis (op grond waarvan bemagtiging beoordeel word), is dan die afhanklike veranderlike. Die volgende hipotese word gestel:

- Indien 'n bemagtigingsprogram wat temperamentanalise insluit, met ouers van kinders in hulle middelkinderjare benut word, behoort die ouers se kennis so te verhoog dat hulle daardeur bemagtig sal word om hul kinders se gedrag beter te verstaan.

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING

Die keuse van die benadering wat die studie gaan volg, bepaal die metode wat in die navorsingstudie gebruik gaan word (De Vos & Schulze, 2002:15). Daar kan tussen drie benaderings onderskei word, naamlik die kwalitatiewe, kwantitatiewe – of die gekombineerde kwalitatiewe – en kwantitatiewe benadering. Die keuse watter benadering die toepaslikste is, word bepaal deur die onderliggende aannames en basiese karaktertrekke van die onderskeie benaderings (De Vos & Schulze, 2002:15; Neuman, 2000:16). Neuman (2000:17) konstateer verder dat die drie benaderings beduidend van mekaar verskil. Die verskil tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering is hoofsaaklik die verskil tussen numeriese data en nie-numeriese data.

Die aanname van die kwalitatiewe benadering berus op die feit dat 'n nuwe navorsingsterrein verken, beskryf of verklaar word (De Vos, 2002b:363). Hierdie

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



skrywers is verder van mening dat kwalitatiewe navorsing ‘n dieptestudie aangaande ‘n verskynsel is (De Vos, 2002b:363). Cresswell (1998:14) en Mouton (1996:95) konstateer dat die kwalitatiewe benadering in ‘n natuurlike omgewing onderneem word, waar die navorser ‘n instrument van data-insameling is. Kwalitatiewe navorsing voorsien dus beskrywende data in die deelnemers se eie geskrewe of verbale woorde. Die kwalitatiewe navorser probeer eerder verstaan as verduidelik, natuurlike waarnemings doen eerder as gekontroleerde meetmetodes gebruik en verder is dit ‘n subjektiewe ontdekking van die werklikheid van die perspektief.

Die aanname van die kwantitatiewe benadering berus daarop om ‘n verskynsel op ‘n objektiewe wyse te meet, hipoteses en menslike gedrag te toets (De Vos, 2002b:363; Schurink, 1998:242). ‘n Karaktertrek van die kwantitatiewe benadering is dat die benadering hoogs geformaliseerd en gekontroleerd is (Fouché & Delport, 2002:79). Kwantitatiewe navorsing toets en bevestig oorsaak, gevolg en hipotese van die sosiale werklikheid (realiteit) (Grinnell & Williams, 1990:187). Die kwantitatiewe benadering is gebaseer op positivisme, wat wetenskaplike verduidelikings numeries weergee. (Vergelyk Mouton, 1996:95.)

Die derde tipe benadering wat Fouché en Delport (2002:79) beskryf, is die gekombineerde benadering. ‘n Gekombineerde benadering is waar die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering gekombineer word in een studie.

Cresswell (1994:173-190) het tussen verskillende modelle van ‘n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei. Die navorser beoog om Cresswell se tweefase-ontwerpmodel te benut. (Vergelyk De Vos, 2002d: 340.) Die tweefase-ontwerpmodel word benut wanneer eers die kwalitatiewe navorsing en dan kwantitatiewe navorsing benut word. Die voordeel verbonde aan die benadering is dat die twee paradigmas duidelik van mekaar geskei is, wat die navorser in staat stel om die paradigmas van elke fase deeglik bekend te stel. Die kwalitatiewe benadering is ‘n paradigma in navorsing met verskillende uitgangspunte wat dit onderskei en gebaseer is op wêreldsieninge van wat wetenskaplike waarheid tot gevolg het. Kwalitatiewe navorsing kan gedefinieer word as ‘n multiperspektiewe benadering wat verskillende

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



kwalitatiewe tegnieke en data- insamelingsmetodes benut.  Die uitgangspunte is dat gepoog word om  die betekenis wat mense binne ‘n sekere opset aan die realiteit heg, deur middel van die navorsing, te bekom (Schurink, 1998:240).

Tydens die eerste fase van die studie is die kwalitatiewe benadering gevolg, waar ‘n behoeftebepaling gedoen is om by die ouers vas te stel waaruit die program moet bestaan.  Vir hierdie behoeftebepaling is twee fokusgroepe gebruik en die inligting is saam met die literatuurstudie en inligting wat van kundiges verkry is, benut vir die programontwikkeling.

As tweede fase van die studie, is die kwantitatiewe benadering gevolg.  ‘n Selfontwerpte vraelys wat tydens die voor- en natoets gebruik is, is benut is om die effek van die intervensieprogram te bepaal.  Die kwantitatiewe benadering is gebaseer op algemene wette.  Die doel is dat die sosiale wêreld objektief gemeet word.  Die navorser is objektief en dus nie deel van die ondersoek nie (Schurink, 1998:242).

## 1.6 SOORT NAVORSING

Volgens Fouché (2002a:108)  kan daar tussen twee soorte navorsing onderskei word, naamlik basiese of toegepaste navorsing.

Toegepaste navorsing het ten doel om oplossings vir probleme te ontwikkel en om die oplossing in die praktyd toe te pas (Fouché, 2002a:108). Babbie (2004:28) meen dat toegepaste navorsing ten doel het om kennis wat bekom word, in aksie te omskep ten einde ‘n verbetering van omstandighede te bewerkstellig. Toegepaste navorsing word dus onderneem wanneer ‘n probleem ondersoek word, ten einde oplossings te bekom en dit dan in die praktyk te implementeer.

Rothman en Thomas (1994:9) konstateer dat intervensienavorsing ‘n nuwe standpunt is wat onder toegepaste navorsing ressorteer.  Die doel daarvan is om die navorsing in die praktyk toe te pas.    As toegepaste navorsing, is die fokus daarop om lig te werp of moontlike oplossings te bied vir praktiese probleme, wat normaalweg sekere vorme van

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



intervensie insluit. De Vos en Schulze (2002:12) is verder van mening dat intervensienavorsing nuwe hulpmiddels ontwikkel, implementeer en evalueer om die probleem in die praktyk te hanteer.

Met die doel en navorsingsvrae in gedagte, sal intervensienavorsing dus die mees gepaste soort navorsing wees om 'n ouerbemagtigingsprogram te ontwikkel en die bruikbaarheid daarvan te evalueer en sodoende die navorsingsprobleem te beantwoord.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSTRATEGIE

Die navorsingsontwerp en navorsingstrategie hou onderskeidelik verband met 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsbenadering (De Vos, 2002a:36; Cresswell, 2003:153, 183). Die begrip ontwerp verwys na die plan of bloudruk wat tydens 'n kwantitatiewe benadering gevolg word (Fouché & De Vos, 2002:138). Die navorsingsontwerp word deur Mouton (1996:55) gedefinieer as: "A plan or blueprint of how one intends conducting the research". Volgens Cresswell (2003:183) verwys die begrip navorsingsprosedure na die prosesse wat die navorser tydens die kwalitatiewe navorsing volg.

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp kan gedefinieer word as 'n plan vir die navorsing wat gedoen gaan word. Dit is die operasionalisering van veranderlikes sodat dit gemeet kan word, die selektering van 'n steekproef, insameling van inligting om te gebruik as 'n basis om die hipotese te toets en die analisering van die resultate (Fouché & De Vos, 2002:137). Daar kan tussen verskillende kwantitatiewe ontwerpe onderskei word (Fouché & De Vos, 2002:138). Die enkelstelselontwerp wat 'n subtipe is van kwasi-eksperimentele assosiasie-ontwerp, gaan benut word om die bruikbaarheid van die bemagtigingsprogram te toets. Om dienslewering aan maatskaplikewerkkliënte te evalueer, word gebruik gemaak van enkelstelselontwerpe (Grinnell & Williams, 1990:161).

Enkelstelselontwerp-navorsing kan inligting voorsien oor hoe effektief 'n diensleweringsprogram met individue werk, sodat alternatiewe of aanvullende strategieë aangeneem kan word indien nodig. Die enkelstelselontwerp dui volgens Strydom (2002a:151) daarop dat 'n enkele subjek op 'n herhalende basis bestudeer word. Die enkel subjek kan 'n individu, familie, groep, organisasie of gemeenskap wees. Die enkelstelselontwerp kan volgens Strydom (2002a:151) gekoppel word aan die kwantitatiewe benadering. Strydom (2002a:151) beskryf die enkelstelselontwerp soos volg: "Any therapist should always be able te determine which changes have taken place in a client's problem and whether it was the intervention that initiates these changes." Die navorsingsdata word met behulp van 'n vraelys ingesamel en met behulp van grafieke en statistieke weergegee en geanaliseer, wat dus 'n kwantitatiewe benadering is.

Die navorser het die A-B-A-ontwerp as een van die soorte van die enkelstelselontwerpe in die studie benut. Die basislyn (A) is die periode voor die aanvang van die implementering van die program. Die (A) dui dus op meting deur middel van 'n selfontwerpte vraelys. Die natoets (A) het gedien as die evalueringsinstrument en dieselfde vraelys is weer gebruik. Op grond hiervan kon die navorser bepaal of die intervensieprogram (B) 'n verandering in die respondente se kennis oor hulle eie en hulle kinders se temperamente te weeg gebring het. Die (B) is die intervensie, naamlik die bemagtigingsprogram wat geïmplementeer is.

### 1.7.2 Navorsingstrategie

Daar kan volgens Fouché (2002b:272) tussen vyf navorsingstrategieë wat tydens die kwalitatiewe navorsing gevolg kan word, onderskei word. In hierdie navorsingstudie is die fenomenologiese strategie gevolg. Die fenomenologiese strategie se doel is om die betekenis wat onderwerpe vir individue se daaglikse lewe gee, te verstaan en te interpreteer. 'n Fenomenologiese strategie beskryf die betekenis wat individue aan 'n sekere verskynsel, onderwerp of konsep heg (Fouché, 2002b:273). Die navorser wil die betekenis vasstel wat die respondente het oor hulle persepsie van die verskynsel of fenomeen temperament. In die geval van hierdie navorsing wil die navorser dus die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



respondente se persepsie van die fenomeen temperament vasstel en wat hulle behoefte is ten opsigte van die inhoud van die bemagtigingsprogram wat op temperamentanalise gebaseer is.

## 1.8 NAVORSINGSPROSEDURE OF WERKSWYSE

Die navorsingsprosedure neem die vorm van 'n intervensie aan. Intervensienavorsing word deur De Vos (2002c:394) beskryf as: "an existing, new view of applied research in social work ...." Intervensienavorsing word as 'n gepaste navorsingsontwerp vir hierdie navorsing beskou aangesien die fokus daarop is om moontlike oplossings te bied vir verhoudingsprobleme wat tussen ouers en kinders voorkom. Ouers ken en verstaan nie hulle eie en hulle kinders se temperamente nie. 'n Bemagtigingsprogam word dus ontwikkel deur die benutting van 'n temperamentanalise. Die intervensienavorsingsproses word deur Rothman en Thomas (1994:28) en De Vos (2002c:394-418) in ses fases bestaande uit onderafdelings, ingedeel. Hoewel hierdie stappe onderskei kan word, kan baie van die aktiwiteite wat geassosieer word met elke fase, voortgaan nadat daar met die volgende fase begin is. Daar kan ook teruggekeer word na die vorige, as probleme ondervind word wanneer nuwe inligting na vore tree. 'n Skematiese voorstelling van die ses fases en 'n uiteensetting van die verskillende stappe in elke fase word gegee vir 'n volledige beeld van die totale ontwerp. Die fases kan as volg verduidelik word:

### 1.8.1 FASE 1: PROBLEEM-ANALISE EN PROJEKBEPLANNING

Probleemidentifisering is die eerste stap in hierdie fase. Identifikasie van die probleem kom volgens Rothman en Thomas (1994:29) en De Vos (2002c:397) in twee faktore voor, naamlik: Die eerste faktor erken dat bepaalde norme in die gemeenskap bestaan. Hierdie norme is op sosiale waardes gebaseer en definieer bepaalde vlakke van gedrag of welstand. Die tweede faktor dui daarop dat daar 'n bepaalde diskrepansie tussen die norme en die bestaande gedrag of welstand van die individue of groepe bestaan. Met betrekking tot hierdie navorsingstudie geld die norme van 'n goed aangepaste kerngesin

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



as entiteit wat in die makro gemeenskap funksioneer asook enkelouers met kinders in die middelkinderjare.

#### 1.8.1.1 Identifisering en insluiting van kliënte

Om ouers te wees, is dié belangrikste werk in die wêreld. Alles wat ouers doen, het ‘n invloed op hulle kinders en die vorming van hulle kinders vir die jare wat volg (Mellor & Mellor, 1999:vii). Indien ouers nie hulle kinders se behoeftes en gevoelens verstaan en in ag neem nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat kinders onaanvaarbare gedrag sal gebruik om hulle behoeftes te bevredig. Die onaanvaarbare gedrag het uiteindelik ook ‘n negatiewe invloed op die gesin en gemeenskap. Uit die praktyk blyk dit dat ouers bekommerd is oor hulle gebrek aan kennis oor hulle kinders se behoeftes en temperamente ten einde hulle kinders beter te verstaan. (Vergelyk 1.2.) Die navorser is van mening dat temperament deel vorm van die mens se maatskaplike funksionering en dat dit deel vorm van die veld van maatskaplike werk. Keirsey (1998:30) sluit hierby aan en noem: “Temperament determines behavior because behavior is the instrument for getting us what we must have, and satisfying our desire for that one thing we live for."

Die navorser se hoofargument is dat indien ouers met kennisvaardighede rakende temperamente bemagtig word, dit daartoe kan bydra dat ouers hulle kinders beter sal verstaan, wat positiewe verhoudinge tot gevolg sal hê. Die populasie van hierdie studie word beskou as alle ouers en enkelouers met kinders in die middelkinderjare in Delmas.

#### 1.8.1.2 Bewerk toegang en samewerking

Gesprekke met sleutelinformante dien as hulpmiddel vir die navorser om te begryp wat die informant kan bied en hoe om die voordele vir potensiële deelnemers te bepaal. Suksesvolle intervensienavorsers vorm ‘n samewerkende verhouding met verteenwoordigers van die opset, deur hulle by die probleemidentifisering, die beplanning van die projek en die implementering van die intervensie betrokke te kry (De Vos, 2002c:399). Die navorser het dus samewerking van die ouers betrokke by die studie bekom, om sodoende hulle kinders vrywillig te bring vir twee

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


groepsassesseringsessies. Die ouers moes ook self verantwoordelikheid neem om die werkswinkel by te woon en die individuele sessies na te kom.

- **Fase een: Empiriese gedeelte (Kwalitatiewe navorsing)**

Die navorser het die twee fokusgroepe saamgestel deur van nie-waarskynlikheidseleksie gebruik te maak. Die fokusgroepe het uit vyf ouerpare elke bestaan. Doelbewuste steekproeftrekking is benut. Die respondente wat by die fokusgroepe betrek is, het almal kinders in die middelkinderjare en is almal in Delmas woonagtig. Die fokusgroepbesprekings het by die navorser se praktyk (Nederduits Gereformeerde Gemeente Delmas) plaasgevind. ‘n Skrywe is aan die ouers wat deel van die fokusgroepe was, gerig om die doel van die studie uiteen te sit. Skriftelike ingeligte toestemming om aan die fokusgroepbespreking deel te neem, is van die ouers verkry. (Sien bylaag 1.) Hierdie ooreenkoms het samewerking tussen die navorser en die respondente bevorder, deurdat die respondente ingelig is wat van hulle verwag is.

- **Fase twee: Empiriese gedeelte (Kwantitatiewe navorsing)**

Die navorser het inligtingsdokumente vir ‘n tydperk van twee maande op die dorp Delmas se web-tuiste geplaas, waar die doel van die hoofstudie verduidelik is. Die persone wat vrywillig aangemeld het na aanleiding van die dokument op die Internet, is as respondente geselekteer vir die implementering van die program. Die persone wat toegang het tot die Internetfasaliteit, is as populasie beskou. Die navorser het dus van ‘n nie-waarskynlikheidseleksie gebruik gemaak, aangesien die lede van die populasie nie ‘n gelyke kans gehad het om gekies te word nie (Strydom & Venter, 2002:203). Agt ouerpare het vrywillig aangemeld. Vier ouerpare en een enkelouer het aan die kriteria voldoen, en is by die studie betrek. (Vergelyk 1.10.) Daar was genoeg belangstelling en die uitnodiging is nie herhaal nie. ‘n Skrywe is aan die ouers wat geselekteer is, gerig om die doel van die navorsing uiteen te sit. Skriftelike ingeligte toestemming om aan die program deel te neem, is van die ouers en die kinders verkry. (Sien Bylaag 2) Die

ouers wat geselekteer is, was verantwoordelik om hulle kinders in die middelkinderjare vir twee assesseringsessies by die navorser se praktyk te besorg.

#### 1.8.1.3 Analiseer geïdentifiseerde probleem

‘n Kritiese aspek van hierdie fase is geleë in die aspekte wat deur die mense geetiketteer word as gemeenskapsprobleme. Sleutelvrae in die verband is:

- “Wat is die teenstrydigheid wat bestaan tussen die ideale en werklike omstandighede?
- Vir wie is die situasie ‘n probleem?
- Wat is die negatiewe gevolge van die probleem vir die individue?
- Wie moet verantwoordelikheid aanvaar vir die oplos van die probleem?
- Watter gedrag van die kliënt moet verander, ten einde die probleem as opgelos te beskou?
- Op watter vlak moet die probleem aangespreek word?” (De Vos, 2002c:402).

Volgens Hemphill en Sanson (2001:42) is gedragsprobleme aan die toeneem. Dit is bevestig deur Childline Suid-Afrika (2000), waar meer as tweeduisend sake betreffende gedragsprobleme gedurende 2004/2005 hanteer is. Gedragsprobleme kan dus beskou word as ‘n gemeenskapsprobleem. Dit impliseer dat indien gedragsprobleme nie hanteer word nie, dit daartoe aanleiding kan gee dat nie net die gesin as sosiale sisteem negatief beïnvloed word nie, maar ook die wyer gemeenskap (Hemphill & Sanson, 2001:42). Hierdie implikasie, dat gedragsprobleme wat in die gesin voorkom ‘n negatiewe invloed op die gesin en die wyer gemeenskap het, word bevestig deur die *“South African Crime Research Guide”* se geskatte statistiek, soos van die 1996-sensus resultate bereken is.

Die navorsingsprobleem vir hierdie studie is dus dat daar ‘n gebrek aan ‘n toepaslike program vir ouers in die praktyk, is waar die ouer en kind se temperament-kategorieë geanaliseer en in ag geneem word. Dit gee aanleiding daartoe dat ouers nie kinders se behoeftes, denke en gedrag verstaan nie, wat weer tot wanverhouding kan lei.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Die hantering van die navorsingsprobleem, volgens die navorser, is daarin geleë dat ‘n bemagtigingsprogram op voorkoming en vroeë intervensie maar ook op rekonstruksiedienste moet fokus.  Hierdie bemagtigingsprogram moet ouers bemagtig met kennis rakende hulle kinders en hulle eie temperament, om hulle kinders te begelei om optimaal te funksioneer en om gedragsprobleme te voorkom.

**1.8.1.4 Formuleer doelwitte**

Toepaslike doelwitte vir die beoogde navorsing is reeds geformuleer onder punt 1.3.3. Bepaling van doelstellings en doelwitte is die finale stap van die eerste fase.

**1.8.2 Fase 2:  INLIGTINGINSAMELING EN SINTESE**

Die fase van inligtingversameling en –sintese impliseer nie “reinventing the wheel” nie (Fawcett, Suarez-Balcazar, Balvazar, White, Paine, Blanchard & Embree, 1994:31-32). Wanneer ‘n navorsingsprojek beplan word, is dit noodsaaklik om te bepaal wat andere reeds gedoen het.  Die verkryging van kennis beteken verder die identifisering en verkryging van relevante tipe kennis en die benutting en integrering van toepaslike bronne van inligting (De Vos, 2002c:405).

**1.8.2.1 Benut bestaande inligtingsbronne**

Inligtingsoorsig bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing en geïdentifiseerde aksies, relevant tot die bepaalde probleem wat bestudeer word.  Die intervensienavorser moet wyer kyk as net na literatuur in sy spesifieke studieveld (De Vos, 2002c:405).  ‘n Bibliografiese soektog is voor die aanvang van die navorsing geloods met betrekking tot die konsepte temperament, sosio-emosionele behoeftes van kinders en kinderontwikkeling. ‘n Kursus is bygewoon wat deur  “Walk Thru the Bible” aangebied is met betrekking tot die bepaling van temperamente deur middel van die DISC-model. ‘n Sagtewareprogram in die verband is ook aangekoop.  ‘n Kursus is ook

in terme van die Keirsey-model bygewoon. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Diensberoepe het die gebruik van ekometrie wat die DISC-temperamentanalise en Keirsey-model insluit, goedgekeur. ‘n Aantal kundiges op die gebied van temperamente is geraadpleeg oor die waarde, uitvoerbaarheid en metodologie van hierdie navorsing. Spelterapeutiese kursusse is deur die navorser bygewoon, waar onder andere praktiese vaardighede in gestaltspelterapie en ‘n model vir die implementering van programme van emosionele intellegensieprogramme vir kinders behandel is. Temperament as konsep het deel gevorm van beide kursusse. Die nodige inligting en literatuur wat in die kursusse verkry is, is volledig bestudeer in hoofstuk twee en drie.

**1.8.2.2 Bestudering van natuurlike voorbeelde**

‘n Bruikbare bron van inligting is die waarneming van lede van die gemeenskap wat met die probleem of ‘n soortgelyke probleem gekonfronteer is en hoe hulle gepoog het om die probleem te behandel. Onderhoude met persone wat die probleem ervaar, soos die kliënte of diensverskaffers, kan tot insig lei in watter intervensies suksesvol kan wees. Die bestudering van onsuksesvolle programme kan ook waardevol wees, aangesien dit bydra tot die begrip oor watter metodes en aspekte krities is vir die sukses van so ‘n program (De Vos, 2002c:407).

Die navorser het gedurende die afgelope drie jaar (2002-2005) verskeie voorbeelde bestudeer en daar het reeds sekere aspekte na vore getree wat kan bydra tot die bereiking van die programdoelstellings. Telefoniese en/of persoonlike onderhoude is gevoer met: dr. B Blom (Maatskaplike werker in privaatpraktyk en senior lektor aan die Universiteit van die Vrystaat wat spesialiseer in opleiding van emosionele intelligensie waar temperament ‘n groot rol speel); mev. L Tagg (personeelbestuurder wat spesialiseer in opleiding van die DISC-temperamentanalise en persoonlike ontwikkeling); dr. L Lilley (homopaat wat spesialiseer in die persoonlikheidverskille by mense); dr. R de Klerk (medeskrywer van “*Emosionele intelligensie by kinders*” en senior lektor aan die Universiteit van Johannesburg); mev. Antoinette Struwig (maatskaplike werker in privaatpraktyk en aanbieder van die Keirsey-model in Suid-Afrika); adv Van Zyl (advokaat, Menseregtekommissie, Pretoria); mev. A Viljoen (hooflanddros, Delmas);

mev Kotze (arbeidsterapeut) en verskeie predikante en maatskaplike werkers. Hierdie kontakte het daartoe bygedra dat die navorser bruikbare inligting met betrekking tot temperamentanalise en assessering van die middelkinderjare-kind kon bekom. Die navorser het met ongeveer dertig moeders oor 'n tydperk van ses maande doelgerigte gesprekke gevoer oor temperamente. Daar is bevind dat die meeste van die moeders geen of beperkte kennis van temperamente het.

Die navorser het verder 'n behoeftebepaling by beide die twee Nederduitse Gereformeerde Gemeentes in Delmas uitgevoer met behulp van twee fokusgroepe bestaande uit vyf ouerpare met kinders in hul juniorprimêre skooljare. 'n Fokusgroep is volgens Greeff (2002:291) van waarde wanneer die navorser 'n groep respondente benut om oor gedagtes en gevoelens te eksploreer. Die behoeftebepaling was fase 1 en die kwalitatiewe gedeelte van hierdie studie. Die fokusgroepe is benut om die ouers se behoeftes met betrekking tot hulle kennis van hulle kinders se temperamente en die inhoud van die beplande bemagtigingsprogram te bepaal. Die fokusgroeplede is nie as deel van die respondente van die hoofondersoek gebruik nie.

Die fokusgroepvrae het oor die volgende aspekte gehandel:
Ouers se kennis van temperamentsverskille; kennis van hulle eie en hul kinders se temperamente en die invloed van temperament op denke en gedrag en die invloed daarvan op die ouer-kind-verhouding; en die ouers se behoefte aan die inhoud van die beplande program. Die fokusgroepe het voortgegaan totdat geen nuwe inligting meer na vore gekom het nie. 'n Bandmasjien is tydens elke sessie benut. Cresswell (1998:340) se stappe in die data-analise is gevolg. Hierdie stappe is die volgende :

- insameling en opname van data
- bestuur van data
- deurlees van data
- beskrywing, rangskikking en interpretering van data
- visualisering.

Die resultate wat van die fokusgroepgesprekke verkry is, is saam met die literatuurstudie benut vir die ontwikkeling van die bemagtigingsprogram vir ouers. Die resultate van die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



kwalitatiewe fase een word in hoofstuk ses bespreek. (Vergelyk 6.4.3.) Bestaande dimensies, kategorieë en modelle van temperament word in hoofstuk drie bespreek.

**1.8.2.3. Identifiseer funksionele elemente van suksesvolle modelle**

Bestaande modelle van hulpverlening en nuutste navorsingstudies word geanaliseer. Kennis word dus geneem van dit wat reeds nasionaal en internasionaal bestaan. Nadat inligting van verskillende spesialiste bekom is deur middel van persoonlike en/of telefoniese kontakte, het dit duidelik na vore gekom dat daar ‘n behoefte bestaan aan ‘n bemagtigingsprogram vir ouers wat spesifiek op temperamente ingestel is, aangesien daar ‘n gebrek aan so ‘n program is.

**1.8.3 Fase 3: DIE ONTWERP**

Tydens hierdie fase word aandag geskenk aan die ontwerp van die intervensieprogram. Ontwerp word beskou as die proses waarvolgens die intervensie en die meetinstrument beplan word (De Vos, 2002c:407). Vir die eerste fase van die kwalitatiewe navorsing is ‘n fenomenologiese strategie gevolg en vir die tweede kwantitatiewe fase is die enkelstelselontwerp benut om die bruikbaarheid van die bemagtigingsprogram te toets. (Vergelyk 1.7.1.) Die program is dus beplan en gereed gemaak vir die hoofondersoek.

**1.8.3.1. Ontwerp ‘n waarneembare sisteem**

Die navorser moet ‘n metode ontwerp om gebeure waar te neem wat verband hou met die verskynsel, sowel as ‘n metode om die omvang van die probleem te ontdek en die invloed van die intervensie te bepaal (De Vos, 2002c:408). Die kwantitatiewe meting van die ouerbemagtigingsprogram (wat na die empiriese toetsing van die intervensie verwys) het met behulp van ‘n self ontwerpte vraelys geskied. Hierdie evaluering het uit ‘n voortoets en natoets van die program bestaan.

Kwalitatiewe waarneming van die program het met behulp van ongestruktureerde deelnemende waarneming geskied. Tydens ongestruktureerde waarneming, neem die navorser in ‘n mate deel aan die aktiwiteite wat waargeneem word. Die navorser het tydens die aanbieding van die ouerbemagtigingsprogram as groepleier opgetree en vanuit hierdie hoedanigheid die respondente se reaksie op die intervensie waargeneem.

**Definieer die afhanklike veranderlike:** Dit is die veranderlike waarin die navorser verandering verwag (Strydom, 2002a:154). Die navorser was van mening dat daar ‘n verandering in die ouers se kennis sal plaasvind nadat die intervensieprogram suksesvol deurloop is. Die navorser het dus verwag dat verhoogde kennis oor hulle eie en die kinders se temperamentooreenkomste en temperamentverskille en die hantering daarvan by die ouers kan voorkom.

**Definieer die onafhanklike veranderlike:** Dit is die veranderlike wat die navorser verwag die afhanklike veranderlike sal affekteer (Strydom, 2002a:155). Die onafhanklike veranderlike in hierdie studie was die ouerbemagtigingsprogram (Vergelyk 5.20.) wat geïmplementeer is.

### 1.8.3.2 Spesifiseer prosedures vir die intervensie

Ontwikkeling kan gedefinieer word as die proses waar ‘n nuwe intervensie op ‘n proefbasis geïmplementeer en gebruik word. Die sistematiese gebruik van prosedures en intervensie-tegnieke, wat tydens die ouerbemagtigingsprogram gebruik is, is geïdentifiseer en gespesifiseer. Die prosedure- elemente van ‘n intervensie word dikwels deel van ‘n praktykmodel, wat die finale produk van die navorsing is (De Vos, 2002c:394).

Die volgende afdelings kan as die funksionele raamwerk van die ouerbemagtingsprogram dien.

**TABEL 1.1: BEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS DEUR DIE BENUTTING VAN TEMPERAMENTANALISE VIR KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE**

| GESTALTBEGINSEL | MOMENT | UITVOERING | TYD EN VERLOOP |
|---|---|---|---|
| Holisme | • Ken my kind se temperament | • **Sessie 1**<br>• Assessering van kind se temperament in groepsverband | 1 week voor werkswinkel |
| | ❖ Ken my temperament as ouer | • **Sessie 2**<br>• Assessering van ouers se temperament deur gestandaardiseerde DISC-vraelys te voltooi | 5 dae voor werkswinkel |
| | | • **Sessie 3**<br>• Vasstelling wat ouers se persepsie is van kind se temperament | 1 dag voor werkswinkel Terugvoering van die kontrolelys tov elke kind is tydens sessie ses hanteer |
| | | • **Sessie 4 (Werkswinkel)**<br>• Ouers voltooi afsonderlik die selfontwerpte vraelys voor aanvang van program (A) van ABA ontwerp | Tydens werkswinkel |
| Figuurgrond/Agtergrond | • Hoe lyk die moontlike ideale | • **Sessie 4 (vervolg)** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | omgewing waar die individu kan voel hy is in beheer | • Werkswinkel<br>• Wat is temperament<br>• Wat is waarde van kennis van temperament<br>• Wat is die leefwêreld van die kind in middelkinderjare<br>• Kind se unieke temperament<br>• Ontwikkelingstake en gesinstake van middelkinderjare<br>• Kind se temperament en ouerskap<br>• Voorvereistes vir ouerskap.<br>• Mens is 'n eenheid in homself. Neuro-anatomie en temperament | Werkswinkel<br><br>Power Point program<br><br>Uitdeelstuk van brein |
| Homeostase/Organismiese selfregulering<br><br>Onvoltooidheid<br><br>Kontak | • Boustene vir 'n positiewe verhouding<br>• Emosionele behoefte<br>• Hoe wys ek as ouer my liefde vir my kind<br>• Invloed van omgewing op temperamentverskille<br><br>• Begrip vir kind se gedrag | • **Sessie 4 (vervolg)**<br>• Werkswinkel<br>• Vier boustene vir positiewe verhouding<br>• Onvoorwaardelike aanvaarding en liefde<br>• Emosionele behoefte t.o.v. temperamenttipe<br>• Begrip vir die kind se gedrag<br>• Spanningsareas vanuit temperamente wat kan lei tot onvoltooidhede - Faktore wat ouers se verhouding met die kind negatief beïnvloed<br>• Hoe hanteer ek my kind | Werkswinkel<br><br>Power Point program |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | se spanning tov sy temperament | |
| Polariteite | • Sterkpunte en beperkinge t.o.v. temperamenttipe | • **Sessie 4 (vervolg)**<br>• Sterkpunte en beperkinge t.o.v temperamenttipe<br>• Dissipline | Werkswinkel |
| Kontakgrens | • Kommunikasie<br>• Konflikhantering | • **Sessie 4 (vervolg)**<br>• Hoe maak ek as ouer kontak met my kind t.o.v. temperamentsverskille<br>• Hoe maak die temperamentverskille van kontakgrensversteurings gebruik. | Werkswinkel<br>Power Point program |
| Kind se proses | • Temperamentverskille | • **Sessie 5**<br>• Temperamenttipe van die kinders – terugvoering.<br>• Temperamenttipe van elke ouer – terugvoering.<br>• Voltooing van selfontwerpte vraelys na afloop van program (A) van ABA-ontwerp. | Individuele terugvoering<br><br>Volledige verslag t.o.v. elke gesin |
| | | • **Sessie 6**<br>• Terugvoering na een maand. | |

**1.8.4** **Fase 4: VROEË ONTWIKKELING EN VOORONDERSOEK**

Ontwikkeling word beskou as die proses waarvolgens die innoverende intervensie geïmplementeer word tydens 'n vooronderSoek, die intervensie geëvalueer word in terme

van doeltreffendheid van die nodige veranderinge aan die intervensie aangebring word vir die benutting in die hoofondersoek (De Vos, 2002c:395).

**1.8.4.1 Ontwikkel 'n prototipe of voorlopige intervensie**

Tydens hierdie subtipe van fase vier is 'n funksionele kaart ontwikkel waar beskryf is wat die proses van die intervensie uitmaak (die volgorde van die gebeure), gedetailleerde beskrywing en motivering van elke stap, strukturele meganismes en tydlyne vir voltooiing van die intervensie (Strydom, 2002b:210). Om 'n prototipe vir die voorlopige intervensie te ontwikkel, kan dit vir die navorser nodig wees om 'n aanbiedingsmetode daar te stel en te selekteer, soos 'n werksessie (De Vos, 2002c:395).

Die beplande intervensiegedeelte van die studie is uitgevoer in die vorm van werksessies, individuele sessies met ouers en assesseringsessies met die kinders. Vir praktiese doeleindes is die intervensieprogram in afdelings en sessies verdeel. Die intervensieprosedures wat van toepassing is op hierdie navorsing, word volledig in hoofstuk vyf uiteengesit.

**1.8.4.2 Uitvoering van die voorlopige intervensie**

Met 'n voorlopige intervensie word bepaal of die intervensie werkbaar is. Die voorlopige intervensie word uitgevoer in 'n soortgelyke opset as waar die intervensie vir die gevorderde ontwikkeling sal plaasvind (Strydom, 2002b:212). 'n Loodstoets is met vyf kinders in hulle middelkinderjare van verskillende ouderdomme, naamlik ses, sewe, nege en tien jaar deurloop. Die vyf kinders is by twee assesseringsessies wat oor twee dae gestrek het, betrek. Die assesserings is gedoen na aanleiding van 5.22. om vas te stel of die aktiwiteite wat beplan is om die kinders se temperamente te bepaal, werkbaar is. Die vyf kinders se ouers het die kontrolelys soos uiteengesit in 5.23. voltooi. Die terugvoering ten opsigte van veranderinge van die kontrolelys is na die tyd aangebring. Die ouerbemagtigingsprogram is met die ouers afsonderlik bespreek. Die nodige veranderinge ten opsigte van die program is aangebring na die bespreking. Die ouerpare

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


met die kinders wat deel gevorm het van die loodsondersoek, is nie by die hoofondersoek ingesluit nie.

#### 1.8.4.3 Toepassing van die ontwerpkriteria

Die ontwerpproses moet aangewys word deur algemene riglyne en waardes vir die intervensie (De Vos, 2002c:410). Relevante vrae wat in gedagte gehou moet word, is onder andere:

- Is die intervensie effektief?
- Is hierdie intervensie herhaalbaar?
- Is dit eenvoudig en prakties om te gebruik?
- Is dit aanpasbaar binne plaaslike gewoontes en waardes?

Nadat die aksie uitgevoer is, kan dit as gevolg van die resultate nodig wees om terug te beweeg na vroeëre fases in die navorsingsproses, indien probleme ondervind word of nuwe inligting bekom word (De Vos, 2002c:411).

Die nodige veranderinge is aan die vraelys, kontrolelys en die program aangebring om dit sodoende gereed te maak vir die hoofondersoek. Die volgende aspekte moes verdere aandag geniet:

- Sekere stellings van die kontrolelys is verander om dubbelsinnigheid uit te skakel
- Daar is veranderinge aan groepsaktiwiteit een aangebring (Vergelyk 5.22.)
- Daar is veranderinge aan die intervensieprogram aangebring en die program was gereed vir die hoofondersoek.

Die resultate van die intervensieprogram is in hoofstuk ses uiteengesit.

### 1.8.5. Fase 5: EVALUERING EN GEVORDERDE ONTWIKKELING

Navorsingmetodiek word aangewend tydens die evalueringsfase van die intervensienavorsing. De Vos (2002c:397) konstateer tereg die volgende:

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


> …the use of research methods in die evaluation phase of developmental research is not to provide programme appraisal for practice purposes but to contribute to knowledge of human behaviour; rather, their use is to produce outcome information as an integral part of a research-innovation process in which evaluation follows development, contributes to further design and development as necessary, and proceeds ultimately to adoption and widespread use.

Vier stappe word in die proses van evaluering en gevorderde ontwikkeling onderskei, naamlik die keuse van 'n eksperimentele ontwerp, versameling en analisering van die data, herhaling van die intervensie onder natuurlike omstandighede en die verfyning van die intervensie.

#### 1.8.5.1. Keuse van 'n eksperimentele ontwerp

Vir die hoofondersoek is tien ouers (vyf ouerpare) en hulle kinders geselekteer. (Vergelyk 1.10.) Die ouerpare is bekom nadat die navorser inligtingsdokumente vir 'n tydperk van twee maande op die web-tuiste van Delmas geplaas het, waar die doel van die hoofstudie verduidelik is. Die persone wat vrywillig aangemeld het na aanleiding van die dokument op die internet is as respondente geselekteer vir die implementering van die program. Die navorser het dus van 'n nie-waarskynlikheidseleksie gebruik gemaak, aangesien die lede van die populasie nie 'n gelyke kans gehad het om gekies te word nie (Strydom & Venter, 2002:203). Agt ouers het vrywillig aangemeld. Vier ouerpare en een enkelouer het aan die kriteria voldoen, naamlik dat die kinders in die middelkinderjare is. Daar was genoeg belangstelling en die uitnodiging is nie herhaal nie. Die hoofondersoek het by die navorser se praktyk, die Nederduits Gereformeerde Moedergemeente, Delmas plaasgevind. Die gemeente beskik oor 'n kerksaal waar die werkswinkel onderneem is. Toestemming is van die betrokke kerkraad verkry om hierdie fasiliteit te gebruik. (Sien Bylaag 3.)

#### 1.8.5.2 Versameling en analisering van data

Die doel van die fase is, volgens die navorser, waar die ontwikkelde intervensieprogram toegepas gaan word soos wat dit beplan is. Vir die hoofondersoek is vier ouerpare (een

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


enkelouer en vier ouerpare)  met kinders in die middelkinderjare wat belanggestel het om deel van die ondersoek te wees, met behulp van ‘n doelgerigte-steekproeftrekking geselekteer. ‘n Doelgerigte-steekproeftrekking verwys na die tipe steekproef wat geheel en al op die navorser se oordeel berus (Strydom & Venter, 2002:207).  (Vergelyk 1.10.) Die bemagtigingsprogram is by die navorser se privaatpraktyk deurloop.

- Vir praktiese doeleindes is die bemagtigingsprogram in sessies verdeel. Elke kontak met die respondente en die kinders het ‘n sessie verteenwoordig. (Vergelyk tabel 1.1.)

- Die assessering van die kinders se temperamente het in groepsverband geskied oor twee agtereenvolgende middae.  Die assessering het een week voor die werkswinkel plaasgevind.  Hierdie gedeelte was sessie een en twee. (Vergelyk 5.22.)

- Die assessering van die respondente se temperamente deur middel van ‘n gestandaardiseerde vraelys was sessie twee en het vyf dae voor die aanvang van die werkswinkel geskied. (Bylaag 5)

- Die vasstelling van die respondente se persepsie van die kind se temperament is deur middel van ‘n selfontwerpte kontrolelys bepaal. (Vergelyk 5.23.)  (Bylaag 8)

- Die selfontwerpte vraelys (A-enkelstelselontwerp) is tydens die werkswinkel voltooi. (Bylaag 4)

- Die werkswinkel waar die grootste gedeelte van die intervensieprogram bespreek is, as gevolg van tyd en die beskikbaarheid van resondente op een dag aangebied. (Vergelyk sessie 4, tabel 5.8.)

- Die individuele terugvoering ten opsigte van die DISC-model het by die respondente se wonings plaasgevind.  Dit is as sessie vyf beskou. (Vergelyk tabel 5.8).

- Die selfontwerpte vraelys (A-enkelstelselontwerp) is na die individuele terugvoering voltooi.  Die doel hiervan is om die twee metings (voor- en natoets) met mekaar te

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


vergelyk om die benuttingswaarde van die program te bepaal. Hierdie resultate word in hoofstuk ses bespreek. (Vergelyk 6.5.7.)

#### 1.8.5.3 Herhaling van die intervensie onder natuurlike omstandighede

Herhaling onder natuurlike omstandighede dra by tot die vasstelling of die uitkomste van die intervensie veralgemeen kan word (De Vos, 2002c:413). Die doel van die navorsing was om die ouerbemagtigingsprogram te ontwikkel en te implementeer, wat gedoen is. Die program is ook geëvalueer. Die navorser het na voltooiing van die empiriese navorsing 'n seminaar met kundiges aangebied. Waardevolle bydraes is tot die proefskrif bygevoeg.

#### 1.8.5.4 Verfyn die intervensie

Na afloop van die implementering van die ouerbemagtigingsprogram het die navorser die program verfyn. Van die respondente het tydens die voltooiing van die vraelys (A–enkelstelselontwerp) na die ouerbemagtigingsprogram aangedui dat hulle 'n behoefte het aan meer inligting oor effektiewe ouerskap. (Vergelyk figuur 6.25.). Aanpassings in die taal, inhoud en intervensiemetodes is verder verfyn vir verspreiding. Die navorsingsverslag is geskryf en terugvoer is aan die ouers gegee. Twee wetenskaplike artikels is geskryf ten einde die resultate van die ondersoek bekend te stel.

### 1.8.6 Fase 6: VERSPREIDING VAN DIE NAVORSINGSPROJEK

Na afloop van die ontwikkeling van 'n program, is dit noodsaaklik dat potensiële gebruikers bewus gemaak word van die bestaan van die program. Die program moet dus bemark en versprei word. Hierdie studie maak egter slegs aanbevelings in hierdie verband. Die verspreiding word nie as deel van die navorsing onderneem nie.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Tabel 1.2 bied 'n opsomming van die fases en die aktiwiteite onder elke fase van die intervensienavorsingsmodel. Die navorsingstudie gaan Fase 1 – 5 uitvoer. Fase 6, die verspreiding van die navorsing, vorm nie deel van die studie nie.

**Tabel 1:2 DIE FASES EN AKTIWITEITE VAN DIE INTERVENSIE NAVORSINGSMODEL**

| **Probleen–analise en projekbeplanning 1** | **Inligtinginsameling en sintese 2** | **Ontwerp 3** | **Vroeë ontwikkeling en loodsondersoek 4** | **Evaluasie en gevorderde ontwikkeling 5** | **Verspreiding 6** |
|---|---|---|---|---|---|
| Identifisering en insluiting van kliënte | Benutting van bestaande inligtingsbronne | Ontwerp van 'n waarnemingsis teem | Ontwikkeling van 'n prototype of voorlopige intervensie | Seleksie van 'n eksperimentele ontwerp | Voorbereiding van die produk vir verspreiding |
| Verkryging van toegang tot en samewerking in die opset | Bestudering van natuurlike voorbeelde | Spesifisering van prosedure-elemente van die intervensie | Uitvoering van 'n voorlopige intervensie | Insameling en analisering van data | Identifisering van potensiële markte vir die intervensie |
| Identifisering van die belange van teikenpopulasie | Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle | | Toepassing van ontwerpkriteria op die voorlopige intervensiekonsep | Reproduksie van die intervensie in praktiese omstandighede | Ontwikkeling van 'n aanvraag vir die intervensie |
| Analise van die geïdentifiseerde probleem | | | | Verfyning van die intervensie | Bevordering van toepaslike aanpassings ten opsigte van die intervensie om kontekstueel toepaslik te wees |
| Bepaling van doelstellings en doelwitte | | | | | Verskaffing van tegniese ondersteuning aan benutters van die intervensie |

Bron: De Vos (2002c:397).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


## 1.9 VOORONDERSOEK

*Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:45) definieer voorondersoek as die proses waarvolgens die navorsingsontwerp vir 'n bepaalde ondersoek getoets word. Die voorondersoek is die wyse waarop die voornemende navorser homself ten opsigte van die beplande studie oriënteer (Van Staden, Van Rooyen, Hugo & Van Delft, 1989:200). Die voorondersoek bied aan die navorser die geleentheid om die beplande prosedures en werkswyses op 'n klein skaal te implementeer, te evalueer en aan te pas waar nodig.

Die navorser het dus gedurende die afgelope drie jaar verskeie voorbeelde bestudeer, en sekere aspekte het na vore getree wat kan bydra tot die bereiking van die programdoelstellings. Telefoniese en/of persoonlike onderhoude is gevoer met verskeie kundiges. Hierdie kontakte het daartoe bygedra dat die navorser bruikbare inligting met betrekking tot temperamentanalise en assessering van die middelkinderjare kind kon bekom. Die navorser het oor 'n tydperk van ses maande met ongeveer dertig moeders doelgerigte gesprekke gevoer oor temperamente. Die nodige skriftelike toestemming is verkry van die Nederduits Gereformeerde Moedergemeente om die fokusgroepe en hoofstudie by die navorser se praktyk aan te bied. Koste wat tydens hierdie studie aangegaan is, is met behulp van die merietebeurs wat aan die navorser toegeken is, vereffen. Die toestemmingsbrief wat deur die respondente voltooi en onderteken is en die brief waar die doel van die studie verduidelik word, is aangeheg. (Sien Bylae 1 en 2)

- **Toetsing van meetinstrument**

Die voorondersoek is reeds onder 1.8.4 bespreek.

## 1.10. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Universum verwys na alle potensiële subjekte wat die eienskappe het waarin die navorser belangstel (Arkava & Lane, 1983:27). Populasie verskil van universum deurdat dit 'n grens stel op die studie-eenheid. Dit verwys na individue in die universum wat

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



spesifieke karaktertrekke besit. Elemente van die populasie wat spesifiek oorweeg word vir insluiting in die studie, word die steekproef genoem (Arkava & Lane, 1983:27). Die universum van die studie is alle ouers in Suid-Afrika met 'n kind of kinders wat in hulle middelkinderjare verkeer. Die ouers kan getroud of enkelouers wees. Die populasie bestaan uit ouers met 'n kind of kinders van enige geslag in die middelkinderjare in die geografiese area van Delmas. Die populasie word beskou as al die persone wat toegang het tot Internetdienste, aangesien die doel van die studie vir 'n tydperk van twee maande op die Delmas-webtuiste gestel is.

Daar kan tussen waarskynlikheid- en nie-waarskynlikheid steekproewe onderskei word (Strydom & Venter, 2002:203 en Goldenberg, 1992:161).

- 'n Waarskynlikheidsteekproef is gebaseer op toevalligheid en 'n nie-waarskynlikheid steekproef op nie-toevalligheid. Die studie gaan van die nie-waarskynlikheidsteekproef gebruik maak, waar alle persone in die populasie nie dieselfde kans het om gekies te word nie. Die navorser het 'n inligtingstuk oor die doel van die studie op die Delmas-webtuiste geplaas. Agt ouerpare het met die navorser in verbinding getree. Vier ouerpare en een enkelouer wat aan die kriteria wat by 1.10 gestel is, is by die studie betrek. Die uitnodigings op die Delmas-webtuiste is nie herhaal nie. Die fokusgroepe is bekom deur van doelgerigte steekproeftrekking gebruik te maak.

  Die volgende kriteria is vir die keuse van die respondente benut:

  - Albei ouers moet bereid wees om betrokke te raak en die program te deurloop. Albei moet vrywillig deelneem en daarvoor toestemming verleen.
  - Ouers kan ook enkelouers wees.
  - Kinders moet tussen die ouderdom van ses en twaalf wees.
  - Kinders kan manlik of vroulik wees.
  - Ouers moet bereid wees om die kinders by twee groepsgeleenthede wat oor twee dae strek, na die navorser te neem.
  - Die ouers en kinders moet Afrikaans magtig wees.

- Ouers moet in die landdrosdistrik van Delmas woonagtig wees.

Agt ouerpare het gereageer nadat die inligtingstuk op die webtuiste verskyn het. Vier ouerpare en een enkelouer wat aan die kriteria voldoen het, is by die studie betrek. Die uitnodiging is nie herhaal nie.

## 1.11. ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte is volgens Strydom (2002c:63):

> A set of moral principles that are suggested by an individual or group, subsequently widely accepted, and offer rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students.

Etiese aspekte verwys na standaarde en dien as basis waarop elke navorser homself deurgaans moet evalueer (Strydom, 2002c:64 ; Mouton, 1996:238 en Neuman, 2000:90). Neuman (2000:90) meld verder dat etiese navorsing afhang van die navorser se integriteit en waardes.

Die navorser is geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Werk Diensberoepe en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Maatskaplike Werkers in Privaat Praktyk. Etiese aspekte dien as standaard en basis waarvolgens elke navorser sy eie optrede behoort te beoordeel en as 'n aspek waarna voortdurend gestreef moet word.

Volgens Strydom (2002c:64-75) bestaan daar verskeie etiese aspekte wat aandag moet geniet. Hierdie etiese aspekte wat van toepassing is in die studie kan soos volg uiteengesit word:

### 1.11.1 Skade aan respondente

Die skade aan repondente kan fisies of emosioneel wees, volgens Strydom (2002c:64). Dit is die verantwoordelikheid van die navorser om die respondente te beskerm teen

enige fisiese ongemak wat tydens die studie mag voorkom. Emosionele skade is moeiliker voorspelbaar. Emosionele leed sal voorkom word deurdat die ouers te enige tyd aan die studie mag onttrek. Die navorser het doelbewus gepoog om bewus te bly van die respondente se reaksies en het ondersteunend opgetree. Daar het geen skadelike emosionele aspekte voorgekom nie en dit was nie nodig vir die navorser om die navorsing aan te pas of die respondent aan die navorsing te onttrek nie. Een ouerpaar het vier weke na die implementering van die intervensieprogram 'n behoefte aangedui om hulle dogter in spelterapie te betrek.

### 1.11.2 Ingeligte toestemming

Die fokus van die studie, naamlik om te bepaal of die bemagtigingsprogram suksesvol toegepas kan word, is aan die respondente verduidelik. Skriftelike toestemming is van beide die ouers en die kinders bekom vir deelname aan die navorsing en vir die gebruik van video- en bandopnames. Die respondente was ingelig dat hulle te enige tyd aan die navorsing mag onttrek, indien hulle dit verkies. Babbie (2004:28) beweer dat een van die basiese etiese reëls is dat deelname vrywillig moet wees en respondente ingelig moet wees ten opsigte van die navorsing.

### 1.11.3 Misleiding van die respondente

Misleiding deur verkeerde of beperkte inligting rakende die fokus van die studie aan die respondente deur te gee om te verseker dat hulle aan die studie sal deelneem, moet vermy word (Strydom, 2002c:67). Die reg tot selfdeterminasie moet aan die respondente die geleentheid gee om die beskikbare inligting wat deur die navorser verskaf word te begryp, en daarna besluit of hulle aan die studie wil deelneem al dan nie. Babbie (2004:28) stem hiermee saam en is van mening dat die feit dat respondente vrywilliglik deelneem aan die navorsing, een van die basiese reëls van die etiese aspekte is. Die navorser het onderneem om geen misleidende inligting in verband met die navorsing aan die respondente te gee nie.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


### 1.11.4 Skending van privaatheid

Skending van privaatheid, die reg tot selfbeslissing en vertroulikheid moet volgens Strydom (2002c:67) as sinonieme hanteer en gerespekteer word. Vertroulikheid is 'n voortsetting van privaatheid en dit is die taak van die navorser om te alle tye vertroulikheid te handhaaf. Vertroulikheid word verseker deur die respondente se identiteit anoniem te hanteer met skuilname of nommers. Babbie (2004:29) is van mening dat toevallige inligting wat die navorser bekom sowel as enige inligting wat weergegee word, met absolute vertroulikheid hanteer moet word. Indien dit nie gehandhaaf word nie, hou dit verband met skade wat aan die respondente berokken word. Vertroulikheid is volgens Babbie (2004:65) nie slegs beperk tot die persone wat die navorsing lees nie, maar ook dat navorsers nie 'n gegewe respons kan koppel aan 'n spesifieke respondent nie. In die groepe is die belangrikheid van vertroulikheid baie sterk beklemtoon. Die individuele terugvoering van die DISC-model en die waarneming deur die navorser van die kinders se temperamente, is nie tydens die werkswinkel hanteer nie, as gevolg van die vertroulikheid daaraan verbonde. 'n Uitdruk van elke respondent se grafiek ten opsigte van die aangebore en aangepaste temperament, is aan die onderskeie respondente tydens die werkswinkel voorsien. Geen persoon is vir inligting genader sonder die toestemming van die respondente nie.

### 1.11.5 Handeling en bevoegdheid van die navorser

Navorsers is volgens Strydom (2002c:69) verplig om te verseker dat hulle oor die nodige vaardighede beskik om die navorsingstudie te onderneem. Die navorser se teoretiese kennis as maatskaplike werker met spesialisering in spelterapie, asook die leiding van die promotor het die navorser in staat gestel om hierdie studie met sukses aan te pak. Aangesien die navorser reeds haar MA (MW) Spelterapie-graad met onderskeiding voltooi het en as privaatpraktisyn werk, beskik die navorser oor die nodige kennis en vaardighede om die studie uit te voer.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


### 1.11.6 Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge

Na afloop van die studie het die navorser 'n navorsingsverslag voltooi. Die resultate sal ook in artikels vir akademiese tydskrifte bekend gestel word. Strydom (2002c:72) konstateer dat dit die navorser se verantwoordelikheid is om te alle tye te sorg dat die ondersoek waar en korrek is. Die navorser het gepoog om die resultate so korrek as moontlik weer te gee.

### 1.11.7 Herstel van respondente

Die respondente moet geleenthede gebied word om enige vrae rakende die studie te vra en om hulle ervarings te kan deel, sodat die navorser aandag daaraan kan gee. Salkind (2000:38) konstateer dat die beste manier hoe die respondente terugvoering kan gee is om na afloop van elke sessie geleentheid te kry om hulle gevoelens en vrae oor die studie uit te druk of dat die navorser 'n verslag rakende die resultate van die studie aan die respondente stuur en geleentheid gee vir terugvoering in die verband.

Geen respondent het gedurende of na afloop van die navorsing herstel benodig nie. Een ouerpaar het versoek het dat hulle dogter na afloop van die intervensieprogram by terapie betrek moet word.

Die navorser is van mening dat die verantwoordelikheid by die navorser lê om die agt etiese aspekte wat deur Strydom (2002c:62-75) bespreek is, te respekteer ten einde die mees korrekte gedrag teenoor die respondente en professie te handhaaf.

## 1.12 LEEMTES, BEPERKINGE EN PROBLEME VOORSIEN MET DIE STUDIE

Die volgende leemtes, beperkinge en probleme is met die studie voorsien:

- Beperkte literatuur bestaan oor die invloed van temperamente op die ontwikkeling van kinders van spesifieke ouderdomsgroepe.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



- Geen gestandaardiseerde meetinstrumente bestaan om kinders se temperamente te bepaal nie, en dit kan as 'n struikelblok beskou word.
- Die DISC-model is hoofsaaklik op volwassenes van toepassing. Daar bestaan beperkte bronne ten opsigte van DISC-temperamentanalise en kinders.
- Die navorser het deurgaans gepoog om die data objektief te analiseer en dit kan wees dat daar nie te alle tye daarin geslaag is nie.
- Die navorser se moontlike invloed op die fokusgroepbespreking kan as beperking in die navorsing dien.
- Weens die feit dat beide ouers voldag werksaam is, kon dit 'n struikelblok wees om beide ouers vir 'n meer as een aand gesamentlik betrokke te kry. Die struikelblok is oorkom deurdat die deel van die ouerbemagtigingsprogram in 'n werkswinkel geïmplementeer is. Die individuele terugvoer het by elke ouerpaar se huis geskied.
- Die navorser het aanvanklik gepoog om verskillende modelle soos die Keirsey-, DISC- en die Myers Brigg-model met mekaar in verband te bring en aanvullend tot mekaar te benut. Daar is in die literatuur gevind dat die genoemde modelle nie met mekaar verbind kan word nie. Dit was egter 'n tydrowende proses en die navorser het groot finansiële uitgawes aangegaan om kursusse van die DISC- model en Keirsey-model by te woon en die nodige literatuur te bekom.

## 1.13. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.13.1 Temperament

Temperament word deur die meeste skrywers beskou as 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree. Hierdie optrede is reeds duidelik sigbaar by die kind se geboorte (Keogh, 2003a:3; Carey & Mcdevitt, 1994:24; Shaffer, 1996:104; Watson, 2000:16 en Newman & Newman, 1999:146). Louw, Louw en Van Ede (2001:212) beskryf temperament as die inherente, biologiese aspekte van die persoon. Keogh (2003a:3) is verder van mening dat indien ouers bewus is van hulle kinders se individuele verskille in temperament, dit daartoe sal bydra dat ouers hulle idees rondom die rede vir sekere optrede sal verstaan.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Vir die doeleindes van die navorsing word temperament dus gesien as ‘n individu se denk- en gedragsvoorkeure. Dit is dus ‘n basiese geneigdheid wat bepaal dat ‘n persoon op ‘n sekere manier optree.

### 1.13.2. Analise

Analise word deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) beskryf as ‘n skeiding in dele om die samehang te kan begryp. Rauch (1993:xiv) is van mening dat analise te doen het met die analisering van die feite wat die aard van die konsep ondersoek. Analise word deur Poggenpoel (1998:336) beskryf as ‘n beredeneringstrategie, met die doel om ‘n geheel te neem en in dele te verdeel. Deur middel van ‘n analise word die faktore wat relevant is tot ‘n verskynsel, verstaan.

Die navorser is van mening dat analise te doen het met analiseer, dus skeiding in dele. Analise is in hierdie studie gebruik waar ouers en kinders se temperamente geanaliseer is. Die navorser is van mening dat temperament as verskynsel dus in verskillende tipes verdeel word om die persoon te beskryf. ‘n Temperamentanalise word gedoen van die ouers en die kinders se temperamente.

### 1.13.3. Program

Volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) word die program omskryf as: “’n geskrif waarin werksaamhede wat volgens ‘n bepaalde plan verrig sal word, opgesom word” of “’n Plan waarvolgens iets aangepak, uitgevoer word”.

Vir hierdie navorsing verwys die program, in ooreenstemming met bogenoemde omskrywings na ‘n geskrewe dokument waarin aktiwiteite wat volgens ‘n bepaalde beplanning uitgevoer moet word, opgesom is.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



### 1.13.4. Ouerbemagtigingsprogram

Die begrip ouer word deur die *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk* (1995:48) omskryf as: "vader of moeder van (1) 'n kind gebore uit of gewettig deur 'n huwelik, (2) 'n buite-egtelike kind, (3) 'n aangenome kind". Met betrekking tot die studie verwys die begrip ouer na die biologiese ouers van 'n kind. Ouer word deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) omskryf as die vader of moeder van die kind. Die navorser is van mening dat die bemagtigingsprogram sal poog om die ouers se kennisvaardighede ten opsigte van hulle kinders se temperamente te verbeter. Die program bemagtig dus die ouer met kennis ten einde die gesin optimaal te laat funksioneer. 'n Ouerbemagtigingsprogram word dus ontwikkel en geëvalueer.

Bemagtig word beskryf deur die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2003) as: "Om mag te gee aan". Bemagtiging word deur Strydom (2002d:421) beskryf as die bevordering van persoonlike, interpersoonlike, sosio-ekonomiese en politieke mag wat individue instaat stel om omstandighede te verbeter. Die IFSW (2000) sluit hierby aan dat die maatskaplike werk professie sosiale verandering bevorder, probleemoplossing in mense verhoudinge en bemagtiging van mense bewerkstellig.

Steiner (1999:3) is van mening dat bemagtiging die volgende tot gevolg het "… enjoyment of life, our will to struggle and our level of energy improve, in short, we feel empowered".

Binne die konteks van hierdie studie, het die ouerbemagtigingsprogram dus betrekking op ouers wat bemagtig word met kennis oor die verskynsel temperament.

### 1.13.5. Middelkinderjare

Die middelkinderjare is die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare (Louw *et al.* 2001:325-383; Neuman & Neuman, 1999:160). Hierdie tydperk word gekenmerk deur relatiewe rustigheid en kalmte. Hierdie tydperk is veral belangrik vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling. Die kind word tydens

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


hierdie fase voorberei op aanpassings en uitdagings wat in die adolessente jare gaan volg. ‘n Gebalanseerde, ewewigtige ontwikkeling gedurende die middelkinderjare lê ‘n stewige fondament vir latere ontwikkeling.

Die middelkinderjare word deur Etaugh en Rathus (1995:367) beskryf as ‘n tydperk van geleidelike groei en verhoogde bevoegdheid. Die portuurgroep speel toenemend ‘n belangriker rol in die kind se lewe. Die kind se sosiale wêreld brei dramaties uit en die verhouding met die ouers verander namate die kind groter onafhanklikheid bereik.

‘n Kind word deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) beskryf as ‘n onvolwasse menslike wese. Die kind in die middelkinderjare wat strek tussen die tydperk van die sesde en twaalfde lewensjaar gaan in hierdie studie betrek word.

## 1.14. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die studie is soos volg uiteengesit:

- Hoofstuk 1 Algemene oriëntering en navorsingsproses
- Hoofstuk 2 Konseptualisering van temperament
- Hoofstuk 3 Temperament- dimensies en -kategorieë
- Hoofstuk 4 Gestaltkonsepte en temperament gefokus op die kind in die middelkinderjare
- Hoofstuk 5 Die konsepouerbemagtigingsprogram
- Hoofstuk 6 Empiriese gegewens
- Hoofstuk 7 Samevattende gevolgtrekking en aanbevelings.

## 1.15 SAMEVATTING

Die gesin oefen die sterkste invloed op die kind en sy ontwikkeling uit, aangesien dit die primêre eenheid van funksionering is. Daar word opnuut die aandag gevestig op insig en

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


begrip wat by ouers ontbreek in die hantering van hulle kinders. Effektiewe ouerskap vereis dat ouers ingelig moet wees waarom hulle kinders op ‘n sekere manier optree en hoe hulle hul gevoelens uitdruk.

Temperament is ‘n begrip wat nie algemeen verstaan word nie. Ouers is gewoonlik eers bewus van temperamente nadat hulle tweede kind gebore word. Ouers wat hulle kinders se temperamente, dus die geneigdheid om op ‘n seker wyse op te tree verstaan sal begrip toon dat kinders van mekaar verskil en in verskillende situasies verskillend sal optree. Ouers kan dus so begryp dat hulle nie al hulle kinders dieselfde kan hanteer nie.

Bevordering van die gesinsfunksionering en die bou van die gesin as eenheid word as prioriteit deur die Suid-Afrikaanse Regering geïdentifiseer. ‘n Bemagtigingsprogram wat gerig is op vroeë intervensie en voorkoming van gedragsprobleme by kinders, kan as ‘n belangrike voorkomingshulpmiddel dien. Een van die faktore wat tot die ontstaan van gedragsprobleme en maatskaplike en emosionele probleme aanleiding gee, is ‘n gebrek aan toepaslike ouerskap.

Gebrek aan toepaslike programme oor die verskillende temperamente en behoeftes van kinders wat nie bevredig en verstaan word deur ouers nie dien as hoofmotivering vir die studie.

Die kind in die middelkinderjare word toenemend gekonfronteer met belangrike sosiale en emosionele ontwikkelingstake tuis en ook by die skool en om vriendskappe te sluit en om nuwe kommunikasievaardighede te onwikkel. Die navorsingsprobleem is dat daar nie ouerbemagtigingsprogramme bestaan wat klem plaas op temperamentverskille en die hantering daarvan nie. Die bepaalde navorsingsvraag, hipotese, doel, doelstellings en doelwitte vloei hieruit.

Daar is verskeie temperamentmodelle wat benut kan word in die analisering van ouers se temperamente. Die DISC-model is as die geskikste gekies om as grondslag te dien waarvolgens die studie onderneem sal word. Die navorsing is verkennend en beskrywend van aard, terwyl die stappe van die eerste vyf fases van die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



intervensienavorsingsontwerp en -ontwikkelingsmodel van Rothman en Thomas (in De Vos, 2002c: 396-414) as navorsingsontwerp benut word ten einde die navorsingsvraag en hipotese te beantwoord. Die fases sluit in die probeemanalise en projekbeplanning, inligtinginsameling en sintese, ontwerp, vroeë ontwikkeling en voorondersoek en die evaluering en gevorderde ontwikkeling. Die oorblywende fase, naamlik die verspreiding, vorm nie deel van die studie nie.

Plaaslike sowel as internasionale bronne word in die literatuurstudie benut. Bronne is ook ten opsigte van ander professies, soos die sielkunde, opvoedkunde en die mediese wetenskap benut. Die populasie van die studie behels alle ouers met kinders in hulle middelkinderjare en wat toegang tot Internetdienste het. Die empiriese studie van die navorsing se kwalitatiewe eerste fase het die behoefte wat by ouers bestaan ten opsigte van 'n program waarin temperamentanalise benut word, verteenwoordig. Twee fokusgroepe wat saamgestel is deur van die nie-waarskynlikheidseleksie gebruik te maak, is benut. Doelbewuste steekproeftrekking is benut om die ouers van die fokusgroepe te betrek.

Die empiriese studie van die navorsing se kwantitatiewe tweede fase, waar vasgestel is of die ouers se kennis vermeerder het nadat hulle aan 'n bemagtigingsprogram blootgestel is, is onderneem. Die respondente het vrywillig aangemeld nadat inligtingsdokumente vir 'n tydperk van twee maande op die webtuiste van Delmas geplaas is. Vyf respondentepare wat aan die kriteria voldoen het, is gekies. Die respondentepare wat gekies is, se kinders het vir twee assesseringsessies aangemeld.

Die begrippe wat deurlopend in die navorsingstudie voorkom, word ter wille van duidelikheid beskryf. Die hoofstuk is afgesluit met die indeling van die navorsingsverslag.

Die volgende hoofstuk fokus op die konseptualisering van temperament.

# HOOFSTUK 2

## KONSEPTUALISERING VAN TEMPERAMENT

### 2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bied 'n teoretiese perspektief op temperament. Temperament as verskynsel word omskryf, met verwysing na die verband tussen temperament en die neuro-anatomie. Die inligting wat uit diepte-literatuurstudie bekom is, is benut om tot 'n konseptualisering te kom met betrekking tot temperament. Cresswell (2003:29-33) onderskei die volgende funksies van 'n literatuurstudie:

- Die gee 'n aanduiding dat die navorser bestaande en relevante literatuur bemeester het.
- Dit help met die bepaling van die ooreenkomste en verskille tussen bestaande navorsing en die nuwe navorsing.
- Dit verskaf 'n basis waarvolgens die bydrae van die nuwe ondersoek tot bestaande kennis bepaal kan word.
- Dit gee die grondslag van 'n konseptuele raamwerk vir 'n beplande ondersoek.

Ouerskap kan volgens Boyd (2004:229) beskou word as: "...the hardest, most complicated, anxiety-ridden, sweat and blood producting job in the world". Daar is geen werk wat moeiliker maar ook meer belonend is, as ouerskap nie. Kinders word nie met 'n instruksieboek gebore oor hoe om opgevoed te word nie. Ouers soek tevergeefs na onderrig en opleiding om hulle voor te berei op hierdie onvermydelike taak (Neethling en Rutherford, 2000:8). Ouers ontvang nêrens opleiding om ouers te wees nie. Holden (1997:23) is van mening dat dit vir ouers makliker is om hulle kinders se fisiese behoeftes te herken en te bevredig as om kinders se emosionele behoeftes te bevredig. Neethling en Rutherford (2000:8) noem dat kinders grootmaak vir baie ouers 'n geval van tref-en-trap

is. Tieger en Barron-Tieger (1997:6) is van mening dat ouers dikwels hulle kinders opvoed deur onbewuste gewoontes en deur 'n "one-size-fits-all strategy" te volg, sonder om die unieke styl van elke kind te verstaan. Hierdie skrywers konstateer verder dat dit normaal vir ouers is om deurmekaar, bekommerd, gemoeid en bang te voel wanneer hulle nie hulle kinders verstaan nie. Dit bly egter steeds ouers se werk en verantwoordelikheid om hulle kinders te verstaan.

Die stelling word gemaak dat indien ouers weet wat hulle kinders laat "tick", hulle hul kinders effektief kan begelei na volwassenheid en optimale funksionering (Tieger & Barron-Tieger, 1997:6). La Haye (1998:16) sluit hierby aan en konstateer dat hoewel kinders deel van ouers se vlees en bloed is, dit egter vir ouers nodig is om hulle kinders te verstaan en te ken. Vir ouers om hulle kinders te verstaan en met hulle kinders te bind, is dit nodig om kennis van temperamente te hê. Elke individu verskil van 'n ander individu, wat elke mens uniek maak. 'n Eie mening is dat hoewel kinders deel van ouers se vlees en bloed is, hulle van hulle ouers kan verskil. Hierdie verskille word aan temperament toegeskryf (La Haye, 1998:16). Preventive Ounce (2006) meen dat ouers wat kinders se temperamente verstaan, hulleself nie sal blameer indien hulle kinders volgens hulle temperamente optree nie. Ouers is meestal nie bewus van die bestaan van temperamente en temperamentverskille, voor die geboorte van hulle tweede kind nie. Strategieë wat vir die eerste kind gewerk het, werk meestal nie vir die tweede nie. 'n Voorbeeld kan wees dat die eerste kind makliker aan die slaap raak en maklik aanpas in vreemde situasies, terwyl die tweede moeiliker aanpas in vreemde situasies en by vreemde persone. Dis hier waar ouers tot die besef kom dat natuur (*nature*) en opvoeding (*nurture*) 'n invloed het op die kind se ontwikkeling, dat kinders van mekaar verskil alreeds so vroeg soos by geboorte. Hierdie verskille wat voorkom, staan as temperamentverskille bekend (Sanson & Rothbart, 2004:299).

Om kennis en begrip van temperament te bekom, is 'n kragtige metode in die identifisering en begrip van 'n persoon se ware en innerlike aard (Tieger & Barron-Tieger, 1997:9). 'n Individu wat bewus is van sy temperament, is geneig om makliker sy behoeftes, waardes en talente te identifiseer (Holden, 1997:3). Berens (2000:1) sluit

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


hierby aan en noem dat indien ‘n individu sy temperament verstaan en begryp, dit daartoe kan bydra dat die individu ook ander individue beter sal verstaan. Die navorser is van mening dat ouers dikwels kennis van temperamente het deur dit wat hulle in boeke en tydskrifte lees, maar is dikwels deurmekaar en oningelig hoe om kennis van temperamente toe te pas en onder verskillende omstandighede. Die navorsing poog dus om ouers met kennis oor temperamente toe te rus en om die kennis toe te pas in die opvoeding van hulle kind in die middelkinderjare.

Hierdie hoofstuk bied ‘n oorsig oor die teorie en die oorsprong van temperament en die verbinding tussen temperament en die fisiese brein. Die hoofstuk word afgesluit met die verskillende uitgangspunte van temperamente wat in hierdie studie benut gaan word.

## 2.2. DIE WAARDE VAN KENNIS OOR TEMPERAMENT

Kennis van temperamente dra by dat ouers en onderwysers hulle idees ten opsigte van hulle kinders kan hervorm. Kennis van temperamente lei daartoe dat ouers begryp waarom kinders op ‘n sekere manier optree. Ouers het minder frustrasies, wat bydra tot effektiewer interaksies (Keogh, 2003a:1). Kennis oor temperamente beteken dat ouers hulle kinders kan begelei om hulle gedragstyle te vorm.

Kennis van temperamente is om verskeie redes belangrik, naamlik dat dit die individu se gedragstyl beskryf wat bydra tot interaksie met ander persone, dit lok sekere reaksies van ander uit en temperamente het ‘n invloed op die aard van die individu se ervarings. ‘n Voorbeeld om dit te staaf, is dat ‘n vriendelike, aktiewe kind geneig sal wees om nuwe situasies en opwinding te soek, terwyl ‘n skaam, teruggetrokke kind nuwe situasies sal vermy. Die gevolg is dat sekere kinders as gevolg van hulle temperamente ‘n wyer reeks van ervaring as ander het. Kennis van temperamente verbreed ouers se begrip van hulle kinders. Goode (2001:36) voeg die waarde van kennis van temperamente by en beskryf dit as die volgende:

- Om kinders se temperament te ken, dra by dat ouers weet wanneer om “ferm” en wanneer om ondersteunend te wees.

- Ouers is beter toegerus om kinders te begelei om hulle temperament te bestuur en selfvertroue op te bou.
- Ouers met kennis van kinders se temperament is geneig om meer realistiese verwagtinge te stel.
- Ouers kan "eksperts" raak in die verstaan van hulle unieke kinders.

Kurcinka (1998:187) meen dat indien ouers hulle kinders se temperamenttipe ken, ouers kan voorspel hoe kinders in sekere situasies mag optree. As ouers hierdie voorspellings van hulle kinders se gedrag kan maak, kan hulle beplan vir sukses. Hierdie skrywer het vier stappe ontwikkel wat ouers kan volg, wat van waarde kan wees indien ouers kennis van temperamente het, naamlik:

- **"P**redict" (voorspel) die reaksies.
- "**O**rganize (organiseer) die omgewing.
- "**W**ork" (werk) saam.
- "**E**njoy" die "**R**ewards".

Indien die bogenoemde stappe saamgegroepeer word, vorm dit die woord **"POWER"** (Kurcinka, 1998:187). 'n Eie interpretasie is dat indien ouers kinders se temperamente verstaan, dit daartoe kan bydra dat ouers hulle verwagtinge ten opsigte van hulle kinders kan aanpas by die kinders se temperamenttipe. Indien 'n kind 'n temperament het wat moeilik is, kan ouers bewus wees dat die kind moeilik sal aanpas by veranderinge, soos skooltoetrede. Indien die ouers dit weet, kan hulle die kind begelei deur hom stelselmatig voor te berei vir skooltoetrede.

Die navorser is van mening dat ouers hulle kinders in die middelkinderjare moet begelei om hulle temperamente te bestuur en te rig. Vir ouers om hulle kinders se temperamente te rig en te bestuur, maak kennis van temperamente noodsaaklik.

## 2.3 KONSEPTUALISERING VAN TEMPERAMENT

Alvorens die begrip temperament uiteengesit word, meen die navorser dat temperament eers onderskei moet word van persoonlikheid en karakter. 'n Eie interpretasie is dat daar

dikwels verwarring tussen die begrippe bestaan. Dit is dus nodig om tussen die begrippe te onderskei om te begryp wat die kern van die begrip temperament is.

### 2.3.1. Persoonlikheid

Een van die voordurende debatte in navorsing oor temperament is die verhouding tussen temperament en persoonlikheid (Keogh, 2003b:54). Daar bestaan dikwels oorvleueling tussen temperament en persoonlikheid in die literatuur en daar is verskeie terapeute wat die twee begrippe as sinonieme gebruik (Keirsey, 1998:20). Daar is egter navorsers wat van mening is dat temperament en persoonlikheid onafhanklik van mekaar funksioneer en dus as losstaande beskou kan word (Keogh, 2003b:54).

Persoonlikheid word beskou as 'n meer omvattende term as temperament (Rothbart, 1989:220; Keogh, 2003b:54). Temperament vorm deel van persoonlikheid, wat as die "roumateriaal" van persoonlikheid beskou kan word. Rothbart (1989:49) meen dat temperament 'n subklas van persoonlikheid is. Keogh (2003b:54) konstateer verder dat die verskil tussen temperament en persoonlikheid in tyd geleë is, naamlik dat temperamentverskille reeds by geboorte aanwesig is teenoor persoonlikheid wat oor tyd ontwikkel. Wachs en Kohnstamm (2001:3) stem saam en beskou temperament as die beginpunt vanwaar persoonlikheid gevorm word en in interaksie is met die omgewing.


Persoonlikheid dui op die totaliteit van 'n aantal eienskappe. Hierdie eienskappe sluit kognisie, waardes, doelstellings, houdings, gewoontes, emosies en vooroordele in wat die persoon se gedrag bepaal. Die persoon is in interaksie met die omgewing. (Vergelyk Chess & Thomas, 1989:1; Meyer, 2001:12; Keith, Karren, Hafen, Smith & Fransen, 2002:35.) Persoonlikheid dui dus op 'n patroon van gedrag wat een persoon van 'n ander onderskei (Möller, 1996:3; Maddi, 1996:8). Persoonlikheid is volgens Möller (1996:3) die dinamiese aard van 'n persoon asook sy neiging om met 'n spesifieke graad van konstantheid of voorspelbaarheid te reageer.

Persoonlikheid sluit volgens Rothbart (1989:220) kognitiewe strukture soos selfkonsep in. Hierdie kognitiewe strukture, soos selfkonsep, het 'n invloed op die uitdrukking van die temperamente.

'n Persoon met 'n geneigdheid van positiwiteit wat blootgestel word aan voortdurende negatiewe kritiek, sal moontlik geneig wees om meer negatief en krities teenoor homself te word (Rothbart, 1989:220). 'n Eie mening is dat die omgewing van 'n persoon bydra dat 'n persoon nodig het om sy persoonlikheid aan te pas. Hierdie aanpassing wat die persoon se persoonlikheid maak, het 'n invloed op die uitdrukking van die persoon se temperament. Die omgewing speel dus 'n rol in die uitdrukking van temperament.

Wachs en Kohnstamm (2001:9) het 'n vyf-faktorteorie van persoonlikheid beskryf om persoonlikheid te konseptualiseer. Hierdie teorie kan soos volg uiteengesit word :

**FIGUUR 2.1: VYF-FAKTORTEORIE VAN PERSOONLIKHEID**




Bron: Wachs en Kohnstamm (2001:9).

Hierdie vyf komponente is voordurend in interaksie met mekaar. Persoonlikheid bestaan volgens die model, uit 'n biologiese basis wat in interaksie is met die omgewing wat die persoon se gedrag bepaal. Die biologiese basis is die "roumateriaal" van persoonlikheid waarvan temperament 'n deel uitmaak. Uit die algemene uiteensetting van die figuur is dit duidelik dat persoonlikheid geleë is tussen die biologiese basis en die omgewing (eksterne invloede) (Wachs & Kohnstamm, 2001:10). 'n Eie interpretasie is dat

temperament aangebore is en deel vorm van persoonlikheid. Persoonlikheid is dus die produk van temperament en die invloed van die omgewing daarop.

Persoonlikheid kan vergelyk word met 'n masker wat die persoon dra. Persoonlikheid is dus die uiterlike uitdrukking van die persoon. Persoonlikheid kry uitdrukking deur gedrag, denke, emosie, wyse van aanpassing en die mate van konstantheid en voorspelbaarheid. Wanneer 'n persoon gebore word, is die temperament en persoonlikheid van die persoon dieselfde. Die omgewingsbeïnvloeding lei daartoe dat die persoon sy persoonlikheid aanpas (Chess & Thomas, 1989:250). Hierdie skrywers konstateer verder dat temperament 'n invloed het op die ontwikkeling van persoonlikheid, asook dat persoonlikheid die uitdrukking van temperament beïnvloed (Chess & Thomas, 1989:257). 'n Eie interpretasie is dat die omgewing en omstandighede 'n invloed het op die persoon se persoonlikheid deurdat dit die persoon se persoonlikheid kan aanpas soos deur 'n bepaalde situasie vereis.

Persoonlikheid dui op karakteristieke strukture, kombinasies en die organisering van gedragspatrone, denke en emosies wat elke individu uniek maak. Persoonlikheid is volgens die navorser 'n omvattende term van verskillende aspekte wat 'n persoon se gedrag rig, soos waardes, kognisie, vooroordele, emosies, selfbewustheid en motivering.

### 2.3.2 Karakter

Karakter verwys na die uitdrukking van predisposisies in gedrag, wat 'n samevoeging is van beide lewensgeskiedenis en die individu se genetika (Kagan, 1997a:376). Karakter kan volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) beskryf word as die kenteken, stempel, dus die geheel van eienskappe wat die persoon maak wat hy is. Die navorser is van mening dat karakter dus na die persoon se "inbors" verwys; dit wat die persoon onderskei van ander. Vasta, Haith en Miller (2001:454) stem saam dat karakter 'n komponent van persoonlikheid is.

Karakter dui volgens Keirsey (1998:20) op die konfigurasie van gewoontes. Karakter is 'n disposisie wat uit temperament ontwikkel. Attili (1989:584) is van mening dat karakter die resultaat is van omgewingsbeïnvloeding. 'n Eienskap van karakter is die

vermoë waaroor ‘n persoon beskik om homself te motiveer. Hierdie vermoë verwys na die wil van die persoon. ‘n Eie interpretasie is dat karakter die uiting is van die persoon se wil en sy waardes. Karakter ontwikkel uit temperament, maar ook uit die omgewing en ervarings van ‘n individu. Karakter word dus bepaal deur ‘n individu se genetika asook sy omgewing. Karaktertrekke is dus die beskrywing van ‘n individu se gedrag. Die navorser is van mening dat karakter die kompensasie is tussen die persoonlikheid en temperament.

### 2.3.3 Temperament

❖ Temperament is ‘n konsep wat dikwels onderskat word, veral wanneer dit verbind word met kinderontwikkeling. Daar bestaan relatief min literatuur wat verband hou met kinderontwikkeling en temperament (Mcdonell & Beck, 2001:413; Berndt, 2001:211).

Verskeie dissiplines, soos die ontwikkelingspsigologie, persoonlikheidsteorieë, kliniese psigiatrie en opvoedkundiges poog om temperament te beskryf. Dit lei dikwels tot verwarring, veral by buitestanders betreffende wat temperament behels (Goldsmith, Buss, Plomin, Rothbart, Thomas & Chess, Hinde & McCall, 1987:506).

➢ Temperament, karakter en persoonlikheid kan met mekaar vergelyk word want: “temperament is a combination of traits we were born with, character is our civilized temperament and personality is die face we show to others” (LaHaye, 1994:4).

Temperament kan beskryf word as ‘n wet wat God self in elke individu se hart geskryf het (Goldsmith *et al*., 1987:506). Hierdie skrywers is dit eens dat temperament nie ‘n enkel trek is nie, maar ‘n aantal trekke wat met mekaar verband hou.

Verskeie skrywers stem ooreen dat temperament ‘n geneigdheid is waarmee ‘n persoon gebore word (Ballesteros, 2003:950; Kagan, 1997a:376; Berndt, 2001:211; Chess & Thomas, 1989:251). Temperament word deur Berndt (2001:211) beskryf as ‘n relatiewe konstante, basiese disposisie waarmee ‘n persoon gebore word wat gedrag, reaktiwiteit, aktiwiteit, emosionaliteit en sosialiteit onderlê en reguleer. (Vergelyk Vasta *et al*,. 2001:457; Matheny, 2000:81; Hemphill & Sanson, 2001:42;

Keogh, 2003b:15; Lengua & Kovacs, 2005:23.) **Aktiwiteit** dui op die intensiteit en innerlike pas van die persoon se gedrag. **Reaktiwiteit** verwys na die intensiteit van die persoon se reaksies tot stimulasie en 'n persoon se neiging om 'n situasie te benader of daaraan te onttrek. **Emosionaliteit** verwys na die herhaling en intensiteit van emosies, negatief of positief. **Sosialiteit** verwys na voorkeure vir sosiale interaksie teenoor eensaamheid, en die persoon se bereidwilligheid om te reageer teenoor sosiale kontakte. Hierdie staan ook as die **EAS model** bekend (Vasta *et al,*. 2001:457). Matheny (2000:82) is van mening dat Buss en Plomin se teorie gedurende 1975 beskryf dat emosionaliteit, aktiwiteit en sosialiteit die kern van temperament verteenwoordig wat in enige ouderdomsgroep identifiseer kan word. Temperament is dus die biologiese basis vir gedrag en beskryf die persoon se emosionele gedragstyl (Vasta *et al*., 2001:454; Reed-Victor, 2004:61). 'n Eie mening is dat temperament aangebore is, wat bepaal hoe 'n persoon gaan optree, hoe hy sy emosies gaan uitdruk, hoe hy situasies gaan benader of hom gaan onttrek en wat sy voorkeure is ten opsigte van sosiale interaksies.

- Temperament het te doen met die "hoe" van gedrag, met ander woorde 'n persoon se gedragstyl (Chess & Thomas, 1989:251; Keogh, 2003b:15). Chess & Thomas (1989:251) is verder van mening dat hoewel temperament 'n biologies ingebore karaktertrek van die individu is, kan die uitdrukking daarvan beïnvloed word deur die omgewing. Temperamentsverskille wat by individue voorkom, fokus nie op waarin gedrag kan plaasvind of wat die motivering daarvan is nie. "Motivering in oorsprong" kan aan die hand van 'n voorbeeld verduidelik word. Twee kinders kan dieselfde woede-uitbarsting openbaar wanneer hulle nie hulle sin kry nie. Die een se motivering vir die woede-uitbarsting kan bloot wees om druk op die ouers te plaas om te sy sin te kry, teenoor die ander een se uitdrukking van 'n temperamenttrek. Ouers moet dus kennis dra van temperament om te weet wat die motivering vir gedrag is. Daar is dus 'n rede waarom 'n persoon op 'n spesifieke manier optree. Dit is dus in baie gevalle vanweë die persoon se temperament dat hy op 'n sekere manier optree.

❖ Die persoon se uitdrukking van temperament kan dus beïnvloed word deur die omgewing. 'n Kind met 'n geneigdheid om 'n temperamenttrek te hê om negatief te

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



reageer in 'n nuwe, onbekende situasie, se uitdrukking van sy temperament sal wees om deur middel van sy gedrag te toon dat hy negatief is (Chess & Thomas, 1989:251-252).

Chess en Thomas (1995:2) is van mening dat die oorsprong van gedrag in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik die motiewe (hoekom), die kapasiteit (wat of hoe goed) en die temperamentstyl (hoe). Begrip vir die individu se temperament dra by dat die individu se gedrag verstaan word. Temperament het dus te doen met die "hoe" van gedrag. Chess en Thomas (1989:24) meen dat gedrag uit verskillende aspekte bestaan wat nie afsonderlik van mekaar funksioneer nie. Die drie aspekte van gedrag wat hierdie skrywers onderskei, is vermoëns, motiverings en temperament. Hulle illustreer hierdie aspekte aan die hand van 'n voorbeeld, genaamd: 'n Kind wat geneig is om deursettingsvermoë (temperament) te toon, kan ongemotiveerd (motivering) wees met 'n aktiwiteit soos om te leer swem. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n lae spierkrag (vermoë). Die aspekte van temperament, motiverings en vermoëns het 'n wedersydse invloed op mekaar. Hierdie dui weer, volgens die navorser, dat 'n persoon se omgewing 'n invloed het op die uitdrukking van temperament. Temperament kan vermoëns of motiverings beïnvloed. 'n Kind met 'n hoë vlak van motoriese energie en spieraktiwiteit wat gedwing word om vir ure op een plek stil te sit, kan 'n laer motivering toon vir leer, wat kan verhoed dat hy sy volle akademiese potensiaal bereik.

Emosie en gedrag kan nie losstaande van mekaar beskou word nie, Dit is dus nodig om karakter en temperament met mekaar te kombineer (Kagan,1994:38).

- Marshall, Fox en Henderson (2000:240) meen dat temperament na die individu se gedragstyl verwys, wat die individu se voortgaande interaksie met die wêreld karakteriseer. Dit dui daarop dat individue reeds van geboorte van mekaar verskil in wyses waarop hulle op sensoriese stimulasie en reaksies reageer en hulleself reguleer. Dit verklaar waarom een individu positief op 'n nuwe situasie reageer en 'n ander teenoor dieselfde situasie negatief reageer. Hierdie dui verder aan dat emosie gedrag reguleer, wat as 'n belangrike wenk vir ouers dien betreffende die kind se

onmiddellike behoeftebevrediging. Temperament word dus beskou as die organiseerder van ontwikkeling op verskeie gebiede. Een van die gebiede wat Marshall *et al*. (2000:241) beklemtoon, is die kind se kognitiewe ontwikkeling wat verband hou met selfreguleringsprosesse. Die fokus van 'n angstige, inhiberende individu op nuwe, onbekende situasies kan moontlik 'n invloed hê op die ontwikkeling van die kind se kognitiewe ervaring van die omgewing.

- 'n Persoon word dus gebore met 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree. Hierdie geneigdheid word gerangskik in 'n konfigurasie of rangorde. Die neigings kan gerangskik word in wat as 'n temperamentstyl bekend staan (Keirsey & Bates, 1984:8; Wachs & Kohnstamm, 2001:44). Karakter daarenteen, word bepaal deur 'n konfigurasie van gewoontes. 'n Voorbeeld wat gebruik kan word om hierdie twee begrippe te verduidelik, is dat jakkalse geneig is om hoenders aan te val en bewers om stokkies in 'n dam te vergader. Jakkalse en bewers word dus met hierdie geneigdhede gebore. Net soos diere, ontwikkel elke individu 'n gewoonte wat by sy temperament pas. 'n Gewoonte kan wees dat die jakkals hoenders steel en bewers damme kan bou. Hierdie gewoonte waarna verwys word, staan as karakter bekend. Temperament kan beskou word as die geneigdheid waaruit karakter ontstaan. (Keirsey, 1998:20). Die navorser is van mening dat temperament aangebore is en karakter aangeleer word.

❖ Chess en Thomas (1995:2) stem ooreen met Keirsey (1998:20) dat temperament die basis is waaruit karakter ontstaan en voeg daarby dat temperament ook die basis vorm waaruit gedrag ontstaan. (Vergelyk Marshall *et al*., 2000:240.) Rothbart (1989:4) noem dat temperament op 'n konsep dui wat 'n verskeidenheid van gedragsneigings saamvoeg om een individu van 'n ander te onderskei. Die skrywers vra die vraag of temperament 'n spesifieke gedrag is en of dit iets is wat gedrag onderlê. Dit blyk volgens Kohnstamm *et al*. (1989:5) dat temperament onderlê word deur gedrag. 'n Eie interpretasie is dat temperament die beginpunt is en daaruit kan 'n individu se karakter en persoonlikheid ontwikkel. Die navorser meen verder dat temperament die organiseerder is van verskeie ontwikkelingsfaktore.

➢ Die konsep temperament kan volgens Bates (1989:5) uit drie verskillende vlakke bestaan, naamlik:

- Die eerste vlak is temperament as 'n patroon in waarneembare gedrag. Hierdie vlak beskryf die eienskappe van temperament binne 'n spesifieke konteks. Spesifieke emosies word uitgedruk na gelang van 'n spesifieke konteks. Negatiewe emosionaliteit word beskou as 'n temperamenttrek. In enige gegewe situasie waar 'n persoon negatiewe emosie uitdruk, is dit noodwendig nie temperament op sigself nie. Hierdie dui dus daarop dat gedrag op sigself nie temperament is nie, maar dat temperament gedrag onderlê. 'n Kind sal byvoorbeeld geneig wees om meer te huil in angsvolle situasies of situasies waar die kind se basiese behoeftes ontken of geïgnoreer word, teenoor situasies waar die behoeftes bevredig word. Temperament is egter nie die enigste faktor wat gedrag onderlê nie. Situasies kan ook gedrag beïnvloed. So sal 'n situasie waar gevaar 'n kind bedreig, daartoe lei dat die kind meer angstig is. 'n Eie mening is dat temperament een van die faktore is wat bepaal hoe 'n individu gaan reageer.

- Die tweede vlak is temperament in terme van faktore van neurologiese individualiteit. Dit sluit anatomiese en funksionele patrone van die sentrale senuweestelsel in. Dit is duidelik dat daar 'n verband is tussen die patrone van neurone in spesifieke plekke in die brein, die getal neuroversender chemikalieë wat in die brein voorkom en die patrone van die senuweesisteem-reaksies tot verskeie stimuli. 'n Voorbeeld is dat die konstruk van geneigdheid van negatiewe emosies bestaan uit neigings teenoor 'n simpatiese senuweesisteem-dominansie, moontlik vanweë 'n hoë konsentrasie van verskeie neuroversenders of getal van spesifieke neurone. 'n Eie interpretasie is dat daar 'n verband is tussen temperament en die neuro-anatomie van die brein.


- Die laaste vlak waaruit die konsep temperament bestaan, is dat dit die vroegste biologiese wortels van die patrone van gedrag bevat, naamlik die konstitusionele faktore. Dit sluit die individu se genetiese oorerflikheid in (Bates, 1989:5-6).

Uit die uiteensetting van die aspekte van temperament kan afgelei word dat temperament 'n patroon van waarneembare gedrag toon; dat die wyse waarop die neuroversenders

gerangskik is, die patrone van neurone temperament vorm en dat temperament ‘n genetiese oorerflikheid toon. Hieruit is dit duidelik dat temperament gedrag onderlê. Temperament bepaal dus hoe ‘n persoon geneig sal wees om op te tree.

Die navorser is van mening dat hierdie vlakke waaruit die konsep temperament bestaan, soos volg uiteengesit kan word:

**FIGUUR 2.2: Drie vlakke van temperament**




Daar is nie konsensus oor aspekte van temperament nie, soos die biologiese basis van temperament, asook die kwaliteit en getal van karaktertrekke waaruit die struktuur van die temperament bestaan. Temperament weerspieël hoe ‘n persoon iets doen en nie soseer wat hy doen nie. ‘n Voorbeeld om hierdie stelling te staaf, is waar twee kinders op ‘n swaai speel. Een reageer uitbundig en uitgelate terwyl die ander kalm en ingetoë is. Dit gaan dus nie oor wat die aktiwiteit, naamlik swaai is nie, maar eerder hoe die kinders die swaaiaktiwiteit beleef (gedrag), wat as die temperament bekend staan. Meyer, Moore en Viljoen (2003:12) sluit hierby aan en konstateer dat temperament verwys na ‘n persoon se belewenis en die manier hoe hy die belewenis uitdruk en hanteer (gedrag).

- Kennis van ‘n persoon is belangrik vir ‘n verskeidenheid van redes. Keogh (2003a:3) meen dat temperamente individue se gedragstyle beskryf. Hierdie kennis dra by dat die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)




individue se interaksies met ander bevorder word. Kennis van temperamente lok sekere reaksies by die individu uit wat 'n invloed het op die individu se ervaringswêreld. 'n Voorbeeld om dit te illustreer, is waar 'n aktiewe kind geneig is om te eksperimenteer, terwyl 'n teruggetrokke kind nuwe situasies sal probeer vermy. Die gevolg hiervan is dat sekere kinders 'n wyer ervaringswêreld het as ander. Kinders met 'n hoë vlak van energie, wat geneig is om aktief te wees, kan hulleself dikwels in gevaarsituasies plaas wat nie deur kinders wat teruggetrokke en skaam is, ervaar word nie.

Temperament is dus volgens die navorser die manier of geneigdheid hoe 'n persoon optree en sy emosies uitdruk, met ander woorde temperament het te doen met die persoon se gedrag en emosionele uitdrukking. Temperament is dus die persoon se reaksies op en ervaring van verskeie stimuli uit sy omgewing. Temperament en gedragstyl kan dus afwisselend gebruik word.

Die wedersydse beïnvloeding van persoonlikheid, karakter en temperament kan skematies soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 2.3: PERSOONLIKHEID, KARAKTER EN TEMPERAMENT**



University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## 2.4 TEMPERAMENT IS AANGEBORE

Die vraag word dikwels gevra of temperament oorgeërf word, soos wat 'n persoon se neus of haarkleur oorgeërf is. 'n Studie wat onderneem is waar identiese tweelinge met mekaar vergelyk is, het bevind dat gedeeltes van temperament wel deur gene oorgedra word (Vasta *et al.,* 2001:455). Kohnstamm *et al.* (1989:6) meen dat gedragstrekke wat temperament genoem word, 'n duidelike genetiese basis het. (Vergelyk Winblad, Lindberg & Hansen, 2005:5.) Berndt (2001:211) is van mening dat 'n studie wat met identiese en nie-identiese tweelinge onderneem is, bevind het dat die identiese tweelinge dieselfde genotipes getoon het deurdat hulle eenders was in hulle sosialiteit en aktiwiteit, teenoor nie-identiese tweelinge met verskillende genotipes. 'n Studie met aangenome kinders het aangetoon dat daar 'n korrelasie is tussen die aangenome kind se temperament en dié van sy biologiese moeder. Temperament word dus geneties bepaal. Keirsey en Bates (1984:27) stem saam en meen: "temperament is given, not acquired. It is the inborn form of the living being".

Berens (2000:4) vergelyk temperament met 'n akkerboom. Net soos wat die bloudruk van 'n akkerboom teenwoordig is in sy saad, so is temperamentspatrone teenwoordig tydens geboorte. Temperament is dus die persoon se bloudruk wat hom uniek maak. Ooreenkomste tussen 'n jong akker- en jong denneboom kan nie dadelik opgemerk word nie. By nadere ondersoek sal dit duidelik word dat die jong denneboom 'n den is en nie 'n akkerboom nie. Beide is 'n verskeidenheid van die term "boom", maar is verskillend van die begin van hulle bestaan af. 'n Eie interpretasie is dat hierdie vergelyking met die bome ook van toepassing gemaak kan word op temperamentverskille. Hoewel alle persone mense is, verskil hulle van geboorte af. Die verskille kan aan temperamentverskille toegeskryf word.

Voorbeelde van die karaktertrekke wat ook 'n genetiese basis het is fisiese vel-, oog- en haarkleur. Rothbart het in 1989 'n studie onderneem waar gefokus is op aspekte van opwekking en selfregulering by veral babas en kleuters. Individuele verskille in babas se aktiwiteitsvlakke, emosionaliteit en aandag is opgemerk. Hierdie studie het bevind dat

die aktiwiteitsvlakke, emosionaliteit en aandag gebaseer is op 'n stel breinsisteme wat die grondslag vorm vir kinders se reaksies en selfregulering. Hierdie studie het dus getoon dat temperament biologiese basisse het (Keogh, 2003b:48). Vasta *et al*. (2001:455) toon aan dat sekere karaktertrekke van die fetus, soos die hartklop en aktiwiteitsvlak gedurende die laaste maande van swangerskap, stabiel bly en ook goeie aanduiders is van hoe die moeder die baba se temperament voorspel het. Hierdie dui dus daarop dat temperament reeds in die baarmoeder begin.

Temperament is dus 'n konsep waarmee 'n persoon gebore word, wat deel van sy genetiese samestelling verteenwoordig.

## 2.5 TEMPERAMENT IS STABIEL

Daar kan nie met absolute sekerheid gesê word hoe temperament verander soos wat 'n persoon ouer word nie. Dit word egter oor die algemeen aanvaar dat temperamente konstant bly oor die jare (Milnes, 2005). Louw *et al.* (2001:212) is van mening dat temperament nie onveranderbaar is nie en dat omgewingsfaktore die individu se reaksies en gedrag kan verander. Berk (2000:360) konstateer dat die stabiliteit van temperament op die volgende dui:

- Daar is aanduidings dat seker temperamenteienskappe, soos sosialiteit, skaamheid, aktiwiteitsvlak en geïrriteerdheid, 'n matige stabiliteit oor die babajare tot in die kinderjare en selfs tot in volwassenheid vertoon.
- Dit blyk in die geheel dat die stabiliteit van temperament nie hoog is nie. Die eienskappe van talle kinders verander mettertyd merkbaar, wat aandui dat temperament in 'n groot mate deur omgewingsinvloede beïnvloed kan word.

Volgens Vasta *et al.* (2001:455) het navorsing bevind dat sekere aspekte van 'n persoon se gedragstyl konstant bly oor tyd. Die aspekte waarna die skrywers verwys, is negatiewe emosionaliteit soos vrees, reaksie op nuwe situasies, aandagspan en aktiwiteitsvlak. Hierdie skrywers konstateer verder dat daar navorsers is wat gemeen het dat stabiliteit in temperament toegeskryf kan word aan die feit dat 'n kind in 'n konstante

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


omgewing grootword. Vasta *et al.* (2001:455) meen verder dat temperament gedragstyl beskryf. Kohnstamm *et al.* (1989:5) is van mening dat temperament reeds van vroeg af in 'n individu se lewe teenwoordig is en stabiel bly oor tyd en in verskillende situasies. Bates (1989:10) konstateer dat deurlopendheid van temperament belangriker is as die stabiliteit daaraan verbonde. Reed-Victor (2004:62) het aangedui dat persone as kleuters tydens 'n kliniese studie geïdentifiseer is as hiperaktief, laag in deursettingsvermoë en met 'n negatiewe gemoedstoestand. Die navorsers het aangedui dat dieselfde persone soortgelyke probleme ervaar het op 21- jarige ouderdom. Reed-Victor (2004:62) meen dus dat dit hieruit blyk dat temperament deurlopend voorkom soos die persoon ouer word.

Tieger en Barron-Tieger (1997:8) sluit hierby aan en is van mening dat 'n individu met 'n temperamentstyl gebore word en vir die res van sy lewe dieselfde styl het. Chess en Thomas (1989:35) stem saam met bogenoemde navorsers dat temperamente konstant bly oor tyd. Hulle is van mening dat veralgemeen kan word dat 'n kind se temperament van vroeg af in sy lewe voorspel kan word en dat die temperamentstyl nie sal verander nie.

Kagan (1994:155) het 'n studie onderneem waar hy wou weet of die individu se ontwikkeling sy emosionele noodlot vasstel en of 'n aangebore skaam kind kan ontwikkel in 'n kind met meer selfvertroue. Kagan het vier temperamenttipes beskryf, naamlik skaam, vrymoedig, oormatig en melancholies en temperament word volgens hom bepaal deur verskillende patrone van breinaktiwiteite. Moeders het hulle babas en kleuters na Kagan se laboratorium gebring om deel te neem aan sy studie. 'n Groep kinders van een-en-twintig maande oud was betrokke by sy studie. In vryspel, was sekere kinders spontaan en uitgaande sonder enige huiwering. Ander kleuters was stil, terughoudend, het aan hulle moeders geklou en die ander waargeneem waar hulle gespeel het. Hulle was skaam oor enigiets wat onbekend was. Hulle was kieskeurig oor nuwe kos, teensinnig om nuwe plekke te benader en was skaam teenoor vreemdelinge. Vier jaar later is dieselfde groep kinders weer waargeneem. Hierdie studie het bevind dat die kinders wat spontaan uitgaande was, steeds uitgaande was, terwyl die skaam terughoudende kinders

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



steeds skaam en terughoudend was. Kinders wat oorsensitief en angstig was, het as volwassenes skaam en huiwerige gedrag getoon.

Hierdie studie van Kagan het aangetoon dat temperament oor tyd stabiel en nie veranderbaar is nie. Dit het verder getoon dat skaam, stil en terughoudende kinders matige stres sal openbaar, deurdat hulle harte in nuwe en onbekende situasies vinniger sal klop en dat hulle geneig sal wees om angstig te wees. Bogenoemde outeur het verder bevind dat gedragskaraktertrekke verband gehou het met patrone van psigologiese funksies, soos hartklop en EEG-aktiveringspatrone. Berens (2000:4) sluit hierby aan en noem dat net soos wat ‘n akker ‘n akkerboom word en ‘n dennepit slegs ‘n denneboom sal oplewer, net so sal ‘n individu se temperament stabiel bly van geboorte af. Hierdie skrywer meen verder: “As we grow and develop, our temperament pattern stays the same while we evolve into a more mature vision of what we were in the beginning.” Kagan (1994:42) sluit hierby aan en is van mening dat ‘n temperamentele kategorie van persoon tot persoon verskil en dat dit stabiel is oor tyd en situasies en dit word hoofsaaklik deur genetika beïnvloed wat stabiel is oor tyd.

Kohnstamm *et al.* (1989:10) is van mening dat die klem op deurlopendheid as kriteria vir temperament geplaas moet word, eerder as op stabiliteit. Dis nie nodig dat presies dieselfde gedragspatroon teenwoordig moet wees oor intervalle van ontwikkeling nie, maar eerder kontinuïteit in ouderdomgepaste manifestasies. Dit blyk dus dat genoemde outeurs dit eens is dat bepaalde gedragspatrone deurlopend by ‘n individu moet voorkom, en so ook uniekheid bepaal.

Kagan (1994:42) konstateer dat die meeste navorsing wat oor temperamente gedoen is, hoofsaaklik volwassenes as respondente gebruik het. Volwassenes se temperament is hoofsaaklik bepaal deur gebruik te maak van vraelyste. Hieruit is dit duidelik dat daar ‘n leemte aan meetinstrumente en metodes bestaan om kinders se temperament te bepaal. Dit was juis hierdie aspek dat daar nie ‘n bestaande meetinstrument is om kinders se temperamente te bepaal nie, wat vir die navorser ‘n uitdaging gebied het.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Die navorser is van mening dat temperament geneties bepaal word en dat die individu met 'n temperamentstyl gebore word. Dit bepaal dat 'n individu se temperamentstyl, hoe die persoon geneig sal wees om in 'n situasie op te tree, konstant sal bly en nie veranderbaar is nie. In die empiriese studie het die navorser dus onder andere gepoog om deur middel van spelassessering in groepsverband, die kinders se temperamente te bepaal. Die ouers se kennis van hulle kinders se temperamente is ook deur middel van 'n selfontwerpte kontrolelys bepaal. (Vergelyk 5.23.) Die mening word verder gehuldig dat hoewel daar skrywers is wat van mening is dat temperament nie onveranderbaar is nie en deur die omgewing beïnvloed word, blyk dit eerder te wees dat dit die uitdrukking van temperament is wat verander.

## 2.6 TEMPERAMENT IS OORERFLIK

Keogh (2003b:51) dui verskeie navorsers aan wat meen dat temperament gedeeltelik oorerflik is. Dit beteken dat gene tot individuele verskille in temperament bydra. Hoewel navorsers nie ten volle ooreenstem met die mate van genetiese beïnvloeding nie, is daar egter konsensus dat temperamenttrekke, veral die negatiewe soos geneigdheid tot vrees of woede, grootliks oorgeëërf word. Studies rondom oorerflikheid is gedoen op identiese en nie-identiese tweelinge en assessering van temperament van aangenome en nie-aangenome kinders en hulle ouers. Die bevindinge van beide metodes het duidelike oorerflikheid van temperamenttrekke aangedui. Oorerflikheid van temperament het duideliker by identiese tweelinge voorgekom as nie-identiese tweelinge. Daar het verder duideliker oorerflike eienskappe voorgekom by identiese tweelinge as by gesinne waar geen tweelinge teenwoordig is nie.

## 2.7. OORSPRONG VAN TEMPERAMENT

### 2.7.1. Die Grieke, Romeine en Hippokrates

Die Grieke en die Romeine het geglo dat daar 'n balans tussen vier liggaamsvloeistowwe (humors) bestaan wat in alle persone teenwoordig is. Die vier liggaamsvloeistowwe waarna verwys word, is die geel en swart gal, bloed en slym. Die liggaamsvloeistowwe

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



skep ‘n polariteit binne elk van twee pare van liggaamskwaliteite, naamlik warm teenoor koud en droog teenoor vogtig. Die vier liggaamskwaliteite hou verband met vier elemente in die wêreld, naamlik vuur, wind, aarde en water. Die balans in die kwaliteite en liggaamsvloeistowwe bring ‘n innerlike staat teweeg wat verantwoordelik is vir variasies in verstand, emosie en gedrag wat waarneembaar is (Kagan, 1997a:376). Heineman (1995) en Bonnstetter, Suiter en Widrick (1993:28) voeg hierby dat die liggaamskwaliteite aanvanklik voorgestel is deur Empedocles (444 v.C). Empedocles, in Heineman (1995) het geglo dat die besondere mengsel van die liggaamskwaliteite en die elemente ‘n persoon se gesondheid bepaal.

Die Grieke het die gevolgtrekking gemaak dat die balans tussen die kwaliteite en elemente ‘n innerlike toestand teweeg bring wat in elke persoon waargeneem kan word (Kagan, 1994:2). Die teorie van temperament het ontstaan uit die verhouding of mengsels van die vier liggaamsvloeistowwe. Die mengsels staan as temperament bekend. Die manier waarop die liggaamsvloeistowwe versprei is en die dominansie van een liggaamsvloeistof bo die ander, bepaal die persoon se temperament. Weens die feit dat net vier liggaamsvloeistowwe teenwoordig is, is aangeneem dat slegs vier temperamente bestaan en dat ‘n persoon ingedeel kan word in een van die vier groepe (Heineman, 1995 en Kohnstamm *et al.*, 1989:78). Die navorser is van mening dat die mengsels waarna Kagan verwys, ooreenstem met die neigings waarmee ‘n persoon gebore word, soos bespreek by punt 2.3. Die neigings waarmee ‘n persoon gebore word, kan gerangskik word in ‘n bepaalde rangorde/konfigurasie wat die temperament verteenwoordig.

### 2.7.2. Galan

Die vier liggaamskwaliteite is weer uitgelig deur Galan (130-200 n.C.), ‘n geneesheer. Hy benoem vier fundamentele temperamenttipes, genaamd melancholies, sanguinies, choleries en flegmaties, wat oorspronklik deur Hippokrates (400 v.C.) benoem is (Kagan, 1997a:376). Melancholies was koud en droog omdat daar ‘n oormaat van swart gal teenwoordig is, sanguinies was warm en nat omdat daar ‘n oormaat bloed voorkom, choleries was warm en droog weens oormaat van geel gal, en flegmaties was koud en nat

omdat daar te veel slym teenwoordig is (Kagan, 1994:2; Heineman, 1995). Hierdie idee het voortgeduur in die mediese en filosofiese literatuur van die negentiende eeu.

Kagan (1997a:377) noem dat Freud die idees van 'n kritiese figuur in die geskiedenis van temperament vertolk het. Freud het Galan se liggaamsvloeistowwe vervang met die konsep van libido en beklemtoon dat die balans tussen die motiewe van die id, die denke van die ego en die gevoelens van die superego die primêre bepaling van gedrag is. Hoewel Freud se vroeë uitgangspunte die beïnvloeding van temperament beskryf het, het dié bydraes verflou.

Galan het hierdie Hippokratiese idees verwerk en nege temperamenttipes aanvaar wat uit die vier liggaamsvloeistowwe spruit. Galan noem dat temperament afkomstig is van die Latynse werkwoord *"temperare",* wat meng beteken (Kagan, 1994:2). Hoewel die konsentrasie van die vier liggaamsvloeistowwe en die dominansie van die afgeleide kwaliteite teenwoordig is in elke mens, is hulle besonder vatbaar vir die beïnvloeding van eksterne gebeure, byvoorbeeld die klimaat en dieet. Die mens se liggaam word outomaties kouer en droër in die winter en warmer en vogtiger in die somer. Verskille in die klimaat en die verskille in kossoorte het ook tot verskille bygedra in persoonlike kwaliteite. Die navorser meen dat dit uit bogenoemde wil voorkom of die verskillende temperamente 'n biologiese oorsprong het, maar ook beïnvloed word deur eksterne faktore soos klimaat en die mens se dieet.

### 2.7.3 Halle

In die middel van die agtiende eeu het Halle, 'n Franse psigoloog, onderskei tussen algemene temperamente, gedeeltelike temperamente en aangeleerde temperamente (Kagan, 1994:8). Algemene temperamente word verbind met die bloedvate, senuwees en motoriese sisteem (biologiese uniekheid). Gedeeltelike temperamente kom ooreen met die verskeie dele van die liggaam, naamlik die vloeistowwe, slym en gal (aangebore). Die aangeleerde temperamente is 'n resultaat van omgewingsbeïnvloeding op die primêre temperamente (omgewingsbeïnvloeding).

### 2.7.4. Gall

Gall, 'n Duitse geneesheer, het gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu 'n ander standpunt gehuldig, naamlik dat verskeidenheid in die mens se emosies gebaseer is op die verskille wat voorkom in die mens se breinweefsel (Kagan, 1994:9; Heineman, 1995). Hierdie stelling van Gall het hewige teenkanting by sy kollegas tot gevolg gehad. Spurheim het egter Gall se idees verder gevoer deur vir elke primêre karaktertrek 'n spesifieke ligging in die skedelholte toe te wys (Kagan, 1994:9). Hy beklemtoon ook die emosionele eerder as die intellektuele prosesse. Liefde is byvoorbeeld aangewys in die serebellum en aggressie in die temporale lobbe. Teen die einde van die negentiende eeu is hierdie idees uitgebrei na die rol wat fisiese eienskappe by temperament speel. Die uiterlike eienskappe is nie as die direkte beïnvloeding van temperamente beskou nie. Baie het geglo dat die vorm van die liggaam en die gesig en die kleur van die oë, hare en vel produkte is van biologiese faktore wat verwant is aan spesifieke menslike kwaliteite. Hierdie sigbare tekens is as kenmerke van temperamentsverskille gesien.

### 2.7.5. Jung

Gedurende 1920 het Carl Jung 'n boek *Psychological Types* gepubliseer. Hierin skryf hy dat mense van mekaar verskil op verskillende wyses. Mense verskil in denke, waarneming, konseptualisering, begrip en bepeinsing. Elke individu het dus 'n bepaalde voorkeur wat bepaal hoe hy optree. Die individu se voorkeure kan getipeer word in psigologiese tipes of voorkeurtipes. Hierdie voorkeur- of psigologiese tipes is deur Jung ontdek en ontwikkel. Die voorkeurtipes waarna verwys is, is onder andere introversie teenoor ekstroversie, sensasie teenoor intuïsie, denke teenoor gevoelens en beoordeling teenoor waarneming (Keirsey & Bates, 1984:3; Heineman, 2005; Tieger & Barron-Tieger, 1997:12).

Gedurende 1926 was die uitgangspunte van Jung, tesame met die van Adickes, Kretchmer, Adler, Spranger en Hippokrates vergete en is meer klem geplaas op die behavioristiese benadering. Hierdie benadering het die idee van temperament verwerp en

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


aangevoer dat gedrag weens onbewuste motiewe of ervarings van die verlede beskryf kan word. 'n Eie interpretasie is dat hierdie benadering beskryf het dat temperament aangeleer is. Jung daarenteen, het gedrag beskou as aangebore (Keirsey & Bates, 1984:4-5).

### 2.7.6. Isabelle Myers en Kathryn Briggs

Isabelle Myers en Kathryn Briggs is in 1942 geïnspireer deur Jung se boek genaamd *Psigological Types*. Hierdie herlewing van die idee van temperamenttipes het in 1950 plaasgevind. Hulle het die standpunt gehuldig dat verskille wat tussen individue voorkom, gebaseer is op die manier waarop individue verkies om hulle verstand te gebruik. Individuele beoordelings kan dus gemaak word. Myers en Briggs identifiseer waarneming as die proses van bewuswording van dinge, mense, verskynsels en idees. Beoordeling sluit die waarnemingsproses in om tot gevolgtrekkings te kom. Tesame beheer waarneming en beoordeling die individu se gedrag (Heineman, 1995). Die navorser is van mening dat waarneming en uiteindelike beoordeling 'n rol speel in die finale assessering van die individu se gedrag.

Uit Jung se idees is 'n vraelys ontwerp vir die identifisering van sestien verskillende tipes patrone van gedrag. Hierdie vraelys staan as die Myers-Briggs-tipe indikator bekend en is in 1962 gepubliseer (Keirsey & Bates, 1984:4-5). Isabelle Myers en Katherine Briggs het hulle begripsraamwerk gebaseer op 'n tipologie wat deur Jung ontwikkel is. Hulle het beweer dat verskille tussen mense te doen het met hoe mense verkies om hulle denke te gebruik, veral die manier waarop mense uitsprake lewer (Heineman, 2005). Keirsey en Bates (1984:4) voeg by dat die Myers-Briggs-tipes gedrag ooreenstem met die vier temperament tipes van Hippokrates, Adickes, Kreschmer, Spränger en Adler.

Die oorspronklike werk van Jung se ekstroversie en introversie sowel as die verstandelike prosesse van persepsie en berekening is deur Myers en Briggs verder ontwikkel (Goldsmith & Wharton, 1995:13). Hierdie meetinstrument, genaamd die Myers-Briggs-tipe indikator, word uitsluitlik deur sielkundiges gebruik, weens die feit dat dit as 'n

psigometriese meting bekend staan. Psigometriese meting mag nie deur maatskaplike werkers gebruik word nie. Ekometrie is 'n nuwe veld in die maatskaplike werk wat ontwikkel is sodat maatskaplike werkers assessering en meting kan doen (Faul & Hudson, 1999:8). Van Zyl, in Faul & Hudson (1999:8) bevestig hierdie nuwe veld deur te noem dat

> "A new concept ecometrics was defined and contextualised… The concept is of particular value in social work theory and practice… Ecometrics should be developed as a sub-discipline in social work…."

### 2.7.7. Keirsey

Keirsey het dieselfde tyd as Myers-Briggs (ongeveer 1950) aan Jung se teorie van psigiologiese tipes aandag geskenk. Keirsey het tydens sy navorsing op temperamente op die werke van Kretschmer en Spränger afgekom, wat dieselfde patrone van gedrag beskryf het. Hierdie werke het sy idees bevestig en na sy ontmoeting met Myers-Briggs het hy sy eie teorie ontwikkel (Berens, 2000:37).

Keirsey se temperamentteorie toon ooreenstemming met die gestaltteorie, naamlik dat die mens in verhouding met sy omgewing staan. Clarkson (1999:2) meen dat gestaltteorie die integrasie van liggaam, emosies en intellek is en dat die mens in verhouding met sy omgewing staan om sy behoeftes te bevredig. Berens (2000:3) voeg by dat die mens nie in isolasie gesien kan word onafhanklik van sy omgewing nie. Die navorser is van mening dat hoewel die individu met 'n temperament gebore word, die individu steeds in verhouding staan met sy omgewing en nodig het om kontak te maak met die omgewing om sy behoeftes te bevredig. Dit is dus belangrik dat die mens in geheel beskou moet word eerder as 'n onafhanklike individu wat net uit temperament bestaan.

Geïnspireer deur Kreschmer, Spränger, Adler en ander wat die individu holisties beskou het, het Keirsey aangedui dat die individu se gedrag in vier tipes beskryf kan word. Hierdie vier tipes noem hy temperamenttipes. Die tipes is wyses waarop die individu met die omgewing in interaksie is om sy behoeftes te bevredig. Keirsey het die voorkeurtipes

wat Jung gebruik het om die mens te beskryf, verder ontwikkel. Die voorkeurtipes is introversie teenoor ekstroversie, denke teenoor gevoelens, sintuiglik teenoor intuïsie en beoordelend teenoor waarnemend (Keirsey & Bates, 1984:10).

Die Keirsey-model word as ‘n ekometriese model beskou, en kan dus deur maatskaplike werkers benut word in assessering van denkvoorkeure. Die Keirsey-model is ‘n bekende meetinstrument in die VSA om mense te help om hulleself en dié rondom hulle te verstaan (Struwig, 2002:2). Die Keirsey-model is ontwikkel omdat:

> People are different in fundamental ways. They want different things; they have different motives, purposes, aims, values, needs, drives, impulses, urges… They believe differently: They think, cognize, conceptualize, perceive, understand, comprehend and cogitate differently. And of course, manners of acting and emoting, governed as they are by wants and beliefs, follow suit and differ radically among people (Keirsey & Bates, 1984:2).

### 2.7.8. Marston se DISC-model

Marston het ‘n groot deel van sy volwasse lewe opleiding aan sielkundiges verskaf rakende assessering van gedrag. Hy het ook verskeie boeke geskryf en het ‘n groot bydra gelewer tot die Amerikaanse Joernaal vir Psigologie, die Ensiklopedie van Psigologie en verskeie ander psigologiese boeke. In 1928 het hy ‘n boek getiteld *The Emotions of Normal People* gepubliseer. Hierin is die teorie van D (Dominance) I (Inducement) S (Steadiness) en C (Concientious) bespreek, wat tans steeds benut word.

Die DISC-model het ontstaan toe Marston persone oor ‘n lang tydperk waargeneem het. Die presiese tydperk is nie bekend nie. Hy het opgemerk dat daar verskeie ooreenkomste tussen persone voorkom. Hoewel alle persone fisies van mekaar verskil, is beduidende ooreenkomste waargeneem. Hy het die ooreenkomste wat hy waargeneem het, aangeteken en uiteindelik by verskillende wyses van gedrag uitgekom. Marston het beweer dat elke individu geneig is om op een van twee asse te reageer. Die persoon neig om óf meer aktief te wees óf meer passief. Die persoon kan die omgewing as antagonisties of gunstig beskou. Deurdat die asse op die regte kante geplaas word, ontstaan vier kwadrante wat gedragspatrone beskryf. Elke kwadrant verteenwoordig ‘n

letter van DISC, naamlik die D vir dominansie, die I vir dryfveer (*inducement);* die S vir stewigheid *(steadiness)* en die C vir inskiklikheid (*compliance*). Elke letter van DISC verteenwoordig 'n verskillende temperamenttipe.

### 2.7.9 Chess en Thomas se dimensies

Gedurende 1950 het twee psigiaters genaamd Chess en Thomas in New York, die idee van suigelingstemperament bekend gestel. 'n Uitgebreide studie is twintig jaar later deur hierdie twee psigiaters onderneem. Chess en Thomas kan as die baanbrekers beskou word wat toepassing van temperamentkonsepte tot die meting van kinders se individualiteit ontwikkel het (Bates, 1989:1). Hulle het nege temperamentele dimensies afgelei, nadat onderhoude met agt-en-vyftig gemiddelde en bogemiddelde intelligente ouers gevoer is. Die nege dimensies sal breedvoerig bespreek word in hoofstuk drie.

Dit blyk dat die uitgebreide studie wat deur Chess en Thomas onderneem is, die eerste kliniese werk is wat ten opsigte van temperament onderneem is. Uit die literatuur blyk dit dat daar nie 'n gestandaardiseerde meetinstrument bestaan om kinders se temperamenttipe te bepaal nie. Allport het in 1937 bevind dat die twee algemeenste beperkinge van verbale ouerlike verslaggewing ten opsigte van die vasstelling van kinders se temperamente, die feit is dat ouers dikwels nie eerlik is ten opsigte van hulle kinders nie en dikwels beperkte insig het wanneer dit by meting van hulle eie kinders kom. Matheny (2000:82) is van mening dat ouers se persepsie van hulle kind se temperament dikwels foutief is.

Die metode wat die meeste benut word om kinders se temperamente te bepaal, is waar ouers gevra word om verslag te doen van hulle kinders se gedrag. Die inligting word verwerk om so die temperament te bepaal. Die nadeel verbonde aan die metode is dat sekere ouers meer objektief is en beter observeer om hulle kinders te beskryf as ander. Ouers gee dikwels inligting oor hulle kinders se gedrag wat hulle dink die navorser wil hoor of reflekteer hulle eie reaksies op hulle kinders se gedrag (Vasta *et al*., 2001:456-457; Kagan, 1994:55; Matheny, 2000:82). Matheny (2000:82) konstateer verder dat

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Goldsmith en Rothbart 'n benadering benut het waar hulle kinders se temperamente in 'n laboratiorium geassesseer het deurdat die kinders deelgeneem het aan vryspel. Tweeling kinders wat alleen of saamspeel, is geobserveer voor en nadat meer gestruktureerde opdragte soos die Bayley-toetsing gegee is. Met vryspel is die kinders ruimte toegelaat om met enigiets te speel op enige manier. Dit het hieruit voorgekom dat temperament waarnemings wat gedoen is gedurende die laboratoriumtoetsing, meer geldige prosedures vir alle kinders se temperamente voorsien het. Assesserings van kinders in 'n laboratorium is gewoonlik tydrowend en duur (Matheny, 2000:110). Hierdie skrywer is verder van mening dat die invul van vraelyste ten opsigte van kinders se temperamente tesame met observering van die kinders in 'n laboratorium deur 'n onafhanklike persoon, meer effektief is. Die praktiese implikasie hiervan is dat die bepaling van temperament deur middel van vraelyste verbind en bevestig word deur assessering van temperamente in 'n formele omgewing.

Die metode om kinders se temperamenttipes te bepaal deur middel van waarneming deur 'n professionele persoon en die inligting dan met die ouers se verslag te trianguleer, gaan in hierdie studie benut word. Die navorser het 'n kontrolelys saamgestel, wat die ouers voltooi het. Die doel daarmee is om die ouers se persepsie van hulle kind se temperament en die navorser se waarneming tydens groepsaktiwiteite, te trianguleer. (Vergelyk 4.6.12.)

'n Alternatief tot die onderhoud met ouers oor hulle kinders se temperament is om aan ouers vraelyste te gee om te voltooi. Die vraelyste bevat 'n reeks objektiewe vrae oor hulle kind se tipiese gedrag en reaksies op verskillende situasies.

### 2.7.10. Plomin en Buss

Plomin en Buss (1994), twee sielkundiges, se teorie van temperament was ook baanbrekerswerk ten opsigte van temperament. Die twee sielkundiges is van mening dat temperament 'n oorerflike persoonlikheidseienskap is wat reeds vroeg in die individu se lewe aanwesig is. Volgens die sielkundiges kan 'n baba se temperament vasgestel word

volgens drie dimensies wat reeds vroeg in die individu se lewe onderskei kan word. Die drie dimensies is emosionaliteit, aktiwiteit en sosialiteit. Daar word na die model verwys as die EAS-model (**E**mosionaliteit, **A**ktiwiteit en **S**osialiteit).

- Emosionaliteit verwys na hoe vinnig 'n baba negatief reageer en opgewek word deur stimuli vanuit sy omgewing. 'n Hoë telling beteken dat 'n baba maklik wakker word deur 'n skielike geluid en sy reaksie word gekenmerk deur hartseer. Plomin was van mening dat verskille op hierdie dimensie aangebore verskille in die baba se senuweesisteem verteenwoordig, deurdat seker babas 'n vinniger "prikkelbaarheid" toon en outomaties groter opwekking ervaar as ander.
- Aktiwiteit dui op beweging, dus die spoed. 'n Hoë telling weerspieël 'n aktiewe baba wat heeltyd aan die beweeg is en nuwe plekke ondersoek. Hierdie dimensie beskryf temperament, met ander woorde hoe die baba reageer en nie presies wat die baba verkies om te doen nie.
- Sosialiteit beskryf die baba se voorkeur om in die teenwoordigheid van ander persone te wees. 'n Hoë telling op hierdie dimensie beteken dat die baba verkies om in die teenwoordigheid van ander persone te wees en nie alleen wil wees nie. Hulle is ook geneig om 'n gesprek met vreemdelinge aan te knoop. Hierdie trek beskryf nie die hegtheid van die baba se verhouding met sy versorger of betekenisvolle ander persone nie. Dit verwys na die baba se aangebore keuse vir stimulasie wat spruit uit mense eerder as uit ander aspekte (Vasta *et al.,* 2001: 457-458).

### 2.7.11. Rothbart se model

Rothbart se model is 'n verdere model van temperament wat deur Mary Rothbart, 'n sielkundige, ontwikkel is. Hierdie model het net soos Plomin en Buss se EAS-model, 'n biologiese grondslag. Rothbart is van mening dat temperament na aangebore verskille in individue se psigologiese funksionering verwys. Rothbart meet temperament deur 'n vraelys wat deur die ouers en professionele waarnemers wat die baba waarneem, voltooi. Die temperamentkategorieë wat hierdie vraelys meet, is dié van reaktiwiteit en selfregulering. Temperament bestaan uit individuele verskille in twee areas, naamlik

reaktiwiteit en selfregulering. Reaktiwiteit verwys na hoe gemaklik en intens 'n baba se reaksie op 'n stimulasie is. Hierdie kategorie meet dus tot watter graad 'n individu op 'n stimulus reageer. Reaktiwiteit sluit die reaksie wat 'n individu toon teenoor 'n vreemde stimilus. Reaktiwiteit as kategorie van Rothbart se model, stem ooreen met die toenadering of onttrekking van tabel 3.1 as eerste dimensie. Die verdere komponent van hierdie temperamentkategorie is die individu se vermoë om sy reaktiwiteit te vermeerder of te verminder, met ander woorde te reguleer. Hierdie vermoë verwys na selfregulering. Beheer oor die reaksie kan 'n aantal vorms aanneem, soos hoe lank die individu na 'n objek kyk voordat hy wegdraai of hoe hy die objek benader en ondersoek. Hierdie spesifieke gedrag wat gebruik word vir selfregulering, verander soos die individu volwasse word (Vasta *et al.,* 2001:458).

Uit bogenoemde historiese ontwikkeling is dit duidelik dat wetenskaplikes al die afgelope eeu poog om temperament te definieer. Uit navorsing blyk dit dat temperament op die hoe van gedrag dui. Dit is dus op die hoe van gedrag waarop die individu iets benader.

Ten einde die volle omvang van navorsing met betrekking tot temperament te begryp, is dit belangrik dat 'n oorsig oor die neuro-anatomie van die dele van die brein wat relevant is tot temperament, gegee word. Daar gaan nie gepoog word om 'n volledige oorsig te gee met betrekking tot temperament en neuro-anatomiese aspekte nie, aangesien so 'n beskrywing buite die bestek en doel van hierdie navorsing is.

Die invloed van die fisiologiese denkrigting ten opsigte van temperament is reeds 1517 beskryf. By 2.3.1 word Wachs en Kohnstamm (2001:9) se vyf-faktorteorie van persoonlikheid bespreek. Min bronne kon gevind word wat spesifiek na die verband tussen die fisiologiese aspekte en temperament verwys. Gevolglik word aandag geskenk aan die menings van verskillende outeurs oor fisiologiese aspekte ten opsigte van temperament.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## 2.8. NEURO-ANATOMIESE ASPEKTE VAN DIE MIDDELKINDERJARE SE VERBAND MET TEMPERAMENT

‘n Nuwe generasie neuroloë is in die proses om die mens se serebrale gesteldheid na te vors, wat vordering toon in die emosionaliteit van die mens. Atkinson (1999:25) meen dat hoewel denke steeds belangrik bly, moet die klem toenemend op die emosionele brein of veral die limbiese brein geplaas word, ten einde individue beter te verstaan. Panksepp, ‘n neurobioloog (in Atkinson, 1999:25), noem hierdie nuwe denkrigting die “neuroscience revolution”. Atkinson (1999:25) beweer verder dat die brein se rol in emosies nie met absolute outoriteit gestel kan word nie. Berndt (2001:211) is van mening dat die verskille wat in temperamente voorkom, verband hou met kenmerkende patrone van die brein. Verskille in babas se inhibisie kan verbind word met verskille in die aktiwiteite van die twee breinhemisfere.

Kagan (1994:50) beweer dat oorgeërfde verskille in die breinstruktuur tot sekere temperamentele tipes bydra. (Vergelyk 2.5.) Daar is twee plekke in die brein waaraan temperamenteleverskille toegeskryf word, naamlik anatomie en fisiologie. Die temperamentverskille hou verband met fisiologiese verskille wat afgelei word van neurochemiese aspekte. Die aantal chemiese stowwe wat opwekking en onderdrukking in die sentrale senuweesisteem beheer, het ‘n invloed op neurone deurdat dit aan molekules vaskleef. Hierdie molekules word ontvangers genoem. Die konsentrasie van elke molekule en die digtheid van die ontvanger is gedeeltelik onder genetiese beheer. ‘n Persoon wat gebore word met ‘n hoër as normale konsentrasie van chemikalieë wat die opwekking van die amigdala of hipotalamus beïnvloed, sal geneig wees tot ‘n sekere emosionele staat.

Die brein kan beskou word as die sentrale deel van elke aspek van ontwikkeling (Vasta *et al.*, 2001:177). Dit is ‘n uiters komplekse orgaan en kan nie as ‘n enkele struktuur beskou word nie, en kan as kern gesien word van wie ‘n individu is (Herrmann, 1995:1). Die brein is volgens Herrmann (1995:1) gespesialiseerd, nie net fisies nie maar ook verstandelik (psigies). Die denkende deel van die brein staan bekend as die neokorteks

en die emosionele deel van die brein as die limbiese sisteem (Shapiro, 1997:12). Die gespesialiseerde vorm waarna Herrmann (1995:1) verwys, kan verdeel word in vier afsonderlike en onderskeidelike kwadrante, elkeen met sy eie taal, persepsie, waardes en manier van bestaan.

Sears (1999:112) is van mening dat die brein die inligtingsversamelingsentrum is van elke mens. Die boublokke van die brein is die breinselle wat neurone genoem word. Die struktuur van die brein bestaan uit ongeveer 100 miljard senuweeselle, of neurone. Elkeen van die neurone het ongeveer 3000 verbindings met ander selle, wat aandui dat daar verskeie boodskaproetes aanwesig is (Vasta *et al.*, 2001:177). Hierdie skrywers meen verder dat elke neuron ‘n kern en ‘n selliggaam besit. Neurone ontwikkel verlengings op die teenoorgestelde kante. Die inkomende kant van die neurone word die dendriete genoem en die uitgaande kant word axone genoem. Selle raak nie aan mekaar nie en word geskei deur ‘n vloeistofopening wat as sinapse bekend staan. Inligting word deur die neuron as ‘n elektriese sein gestuur. Die chemikalieë wat hierdie elektriese aktiwiteit van een neuron deur die sinaps na die ander neuron stuur, staan as ‘n neuroversender bekend (Vasta *et al.,* 2001:177; Sears, 1999:247). Sears (1999:247) vergelyk dit met die mens wat met ander mense kommunikeer deur woorde. Die brein kommunikeer deur neuroversenders en hormone. Weiten (2004:101) voeg by dat daar ‘n verskil is tussen hormone en neuroversenders. Senuweeboodskappe word oorgedra teen ‘n vinnige spoed (gemeet in millisekondes) na spesifieke nabygeleë gebiede. Hormonale boodskappe word teen ‘n stadige spoed na meer afgeleë gebiede in die liggaam versend.

Neuroversenders bestaan uit aminosure wat boodskappe van een neuron na die ander versend (Holford & Cass, 2001:10). Navorsing om die brein te verbind met temperament, is egter steeds in ‘n baie vroeë stadium (Bornstein, 2004:302).

Hieruit kan afgelei word dat daar dele in die brein is wat relevant mag wees tot temperament. ‘n Persoon word gebore met ‘n konsentrasie van chemikalieë wat die opwekking van die amigdala of hipotalamus beïnvloed, wat aanleiding gee tot ‘n sekere

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


emosionele staat.  Dit dui dus daarop dat temperamentverskille deur genetiese aspekte beïnvloed word.

### 2.8.1. Senuweestelsel


Die senuweestelsel kan beskou word as die mees gekompliseerde sisteem in die menslike liggaam.  Die funksie van die senuweestelsel is om response op stimuli te kontroleer, te integreer en te koördineer.  Die senuweestelsel is dus die kommunikasienetwerk in die liggaam wat sensoriese insette ontvang, integreer en daarop reageer (Spencer, 2006).  Die senuweesisteem bestaan uit die sentrale en die perifere senuweesisteem.   Die sentrale senuweestelsel bestaan uit twee komponente, naamlik die brein en die rugmurg.  Die senuweestelsel bevat senuweeselle of neurone.  Die primêre funksie van neurone is om senuwee-impulse te ontwikkel en te versend.  Die funksie van die senuweestelsel is die integrasie en beheer van alle liggaamlike funksies (Louw, 1990:49; Meyer, 2001:19; Landsberg, 2005:239).

In figuur 2.4 word 'n skematiese voorstelling van die strukture en areas in die brein aangedui.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**FIGUUR 2.4. SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BREIN**




Bron: Vasta *et al*. (2001:455).

### 2.8.2. Hoofdele van die brein

Die brein kan volgens Vasta *et al*. (2001:178) in drie dele verdeel word, naamlik die voorbrein, midbrein en die agterbrein. Die drie dele kan soos volg verduidelik word:

- Die voorbrein is die grootste en mees komplekse gebied van die brein. Die voorbrein sluit 'n verskeidenheid van strukture in. Die talamus, hipotalamus en die limbiese sisteem vorm die kern van die voorbrein (Weiten, 2004:93). Die neokorteks tesame met

die ander dele wat bo die breinstam geleë is, staan as die serebrum bekend. Die neokorteks staan as die denkende brein bekend. Die grys area kan in ses lobbe verdeel word, naamlik die frontale lob, pariëntale lob, temporale lob, agterlob, sentrale lob en die limbiese lob (Spencer, 2006). Die serebrum is die sentrum van die bewuste funksies, geheue, wil en intelligensie en verwerk die sensoriese data.

- Die breinstam is 'n omvattende term vir die midbrein, pons en die medulla. Die medulla (verlengde rugmurg) speel 'n belangrike rol in outonome liggaamsfunksies soos bloeddruk, hartklop en asemhaling. Die pons is primêr 'n geleidingsentrum vir senuwee-impulse. Die pons staan ook bekend as die brug en verbind die twee helfdes van die serebellum (Louw, 1990:50; Van Elfen, 1993:92). Die anatomiese strukture wat dit bevat, dien as 'n verbinding tussen die brein (serebrum), die rugmurg en die serebellum. Die breinstam beheer funksies soos asemhaling, sluk, sig en gehoor (Vasta *et al.*, 2001:178; Landsberg, 2005:244). Die midbrein vorm deel van die breinstam. Die midbrein is die gang tussen die voor- en die agterbrein waar die serebellum geleë is. Dit is hier waar die twee groot serebrale hemisfere van die serebrum aan die breinstam geheg is. Die midbrein is ook betrokke met reflekse van visie en gehoor. Die midbrein ontvang en rangskik impulse van die oë en ore.
- Die pons is voor die breinstam geleë, tussen die midbrein en die verlengde rugmurg
- Die serebellum staan ook as die kleinbrein bekend en is agter die breinstam en onder die agterste deel van die serebrale hemisfere. Die serebellum bestaan uit twee hemisfere. Die linker hemisfeer van die serebellum ontvang sensoriese inligting van die linkerkant van die liggaam en beheer motoriese aktiwiteite van dieselfde kant van die liggaam. Die serebellum is betrokke by drie tipes aktiwiteite, naamlik die balans, boonste postuur van die liggaam en die koördinasie van willekeurige spierbewegings. Die talamus word in twee dele verdeel, een in elke hemisfeer. Die talamus staan as die brein se skakelbord bekend. Die funksie van die talamus is om inligting wat dit ontvang, te herlei na die korrekte bestemming in die ander breindele (Louw, 1990:50; Landsberg, 2005:245; Weiten, 2004:93). Die talamus het verbindings van en na alle dele van die sentrale senuweesisteem, naamlik die serebrale korteks, serebellum, die strukture en die kern van die breinstam, die rugmurg, die kern van die harsingsenuwee en die hipotalamus. Borod (2000:301) voeg by dat die funksie van die talamus is om inligting wat die brein

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


binnedring, te ontvang en deur te stuur na onder andere die hipotalamus. Die talamus dien dus as die koördineerder van die brein en verseker dat al die dele as ‘n geïntegreerde eenheid funksioneer. ‘n Eie mening is dat die talamus vergelyk kan word met ‘n skakelbord van ‘n maatskappy. Dit ontvang alle inkomende oproepe en herlei dit na die regte bestemmings of ontvangers op ‘n ander punt.

- Die hipotalamus word dikwels die kern van die brein genoem en is onder die talamus geleë (Louw, 1990:50). Die hipotalamus se funksie is dat dit ‘n beheersentrum vir outonomiese prosesse, emosionele gedrag en verskeie aspekte van motivering is. Die outonomiese prosesse behels dat die hipotalamus ‘n invloed het op die aptyt, dors en liggaamstemperatuur. Landsberg (2005:246) voeg by dat die funksie van die hipotalamus in die volgende groepe verdeel kan word:

- Dit reguleer die kardiovaskulêre funksies (hart en vaskulêre sisteem, soos hartklop en bloeddruk).
- Dit reguleer die metabolisme, byvoorbeeld aptyt soos honger en dors, handhawing van die waterbalans in die liggaam, spysverteringsproses en die spoed van metabolisme.
- Dit reguleer die afskeiding van die endokriene kliere wat liggaamsfunksies beheer. Hierdie liggaamsfunksies is byvoorbeeld metabolisme, groeiprosesse, seksuele karaktertrekke en voortplantingsprosesse.
- Dit reguleer die slaapsiklus.

Wat emosies betref speel, die hipotalamus ‘n belangrike rol (Louw, 1990:50). Landsberg (2005:246) voeg by dat die hipotalamus en die talamus tesame die beheersentrum van die mens se emosionele lewe is. Die hipotalamus en talamus vorm deel van die limbiese sisteem. Borod (2000:215) is van mening dat die hipotalamus ‘n belangrike rol speel in die verwerking en uitdrukking van emosies. Hierdie skrywer voeg by dat die limbiese sisteem ook betrokke is by emosie. Borod (2000:216) konstateer dat die oorspronklike beheer van gedrag (in veg-en-vlug situasies) in die hipotalamus geleë is, terwyl die patrone wat verband hou met ‘n gesin (moederlike versorging, kommunikasie tussen moeder en baba) hoofsaaklik in die limbiese sisteem plaasvind.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Die hormoon "c*orticotropin*" word hoofsaaklik in die hipotalamus aangetref. Hierdie hormoon is 'n chemiese molekule wat relevant tot temperament is, weens die invloed wat dit op die verskillende dele van die brein het (Kagan, 1994:53). Die hormoon produseer "*norepinephrine*". "*Norepinephrine*" word vervoer deur middel van axons na die neokorteks. Die verbindings tussen die axons en "*norepinephrine*" is meer uitgebreid aan die regterkant as aan die linkerkant van die brein (Kagan, 1994:53). "*Norepinephrine"* staan ook bekend as noradrenaline. "*Norepinephrine"* veroorsaak dat die bloedvate saamtrek. Hierdie hormoon word vrygestel wanneer die bloeddruk te laag is (Keith *et al*., 2002:218). Hierdie skrywers meen verder dat persone met 'n temperament wat skaam, en teruggetrokke is en teen 'n stadige pas beweeg, geneig is om 'n hoë konsentrasie "*norepinephrine"* te toon. Goleman (1996:218) voeg by dat die verskil tussen persone met 'n inhiberende en nie-inhiberende temperament geleë is in die prikkelbaarheid van die senuweekringloop. 'n Teken van die verhoogde sensitiwiteit is dat wanneer 'n individu skaam is en in 'n laboratorium getoets word terwyl blootgestel word aan stres se hartklop sal langer verhoog bly as die van individue met nie-inhiberende temperamente. Hierdie dui daarop dat die *"norepinephrine"* die amigdala prikkel.

Een van *"norepinephrine"* se funksies is om agtergrond senuwee, aktiwiteite in die sensoriese area van die korteks teen te hou, sodat wanneer 'n belangrike stimulus plaasvind, dit kan bydra dat die sensoriese neurone op die sein sal reageer (Kagan, 1994:52). Dit blyk dat indien 'n kind hoë vlakke van "*norepinephrine"* bevat, hy geneig sal wees om meer op stimulasie te reageer. Daar is bevind dat babas met verhoogde vlakke van *"norepinehrine"* geneig is om sensitief te wees vir lig, geluide en nuwe kossoorte. Op eenjarige ouderdom het hulle 'n intense weersin in onbekende kosse. Individue met 'n lae *"norepinephrine"*- vlak het laer simpatiese reaktiwiteit en kan vreesloos voorkom. Goleman (1996:218) stem saam en is van mening dat geïnhibeerde individue hoë vlakke van reaktiwiteit toon oor 'n reeks van simpatiese senuweesisteemarea, hoër bloeddrukvlakke, groter uitsetting van die pupille en hoër vlakke van *"norepinephrine"*- merkers in hulle urine as individue met 'n nie-inhiberende temperament. Kagan (1997b:139) is van mening dat verskille in die vlakke van "*norepinephrine"* vergesel word deur verskille in die intensiteit van reaksies op die

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



onbekende. Hieruit kan afgelei word dat die hormoon "*norepinephrine*" wat in die hipotalamus aangetref word, moontlik 'n invloed het op die individu se temperament. Hoe hoër die vlak van die hormoon, hoe meer word die kind deur stimulasie tot reaksie geprikkel.

Die serebrum is die grootste deel van die brein en bestaan uit twee simmetriese helftes, naamlik die serebrale hemisfere. Die twee hemisfere word met mekaar verbind deur die corpus collusum. Die serebrum word deur die serebrale korteks bedek. Die serebrale korteks van elke hemisfeer word deur splete in vier lobbe verdeel, naamlik die frontale, pariëntale, oksipitale en temporale lobbe (Louw, 1990:53). Goleman (1996:220) is van mening dat die verskil in temperament van 'n gemaklike, gemoedelike, positiewe individu teenoor 'n negatiewe gemoed, en melancholiese temperament geleë is in die regter en linker prefrontale lobbe, die boonste gedeelte van die emosionele brein. Individue met groter werksaamheid in die linker frontale lob, is gewoonlik opgeruimd, hulle geniet ander persone en kan maklik 'n terugslag hanteer. Die individue wat groter werksaamheid in die regterkant het, is geneig om 'n negatiewe gemoed te hê, hulle word gewoonlik maklik ontstel en word gekenmerk deur 'n bekommerde gemoed. Davidson, 'n sielkundige, het 'n studie onderneem waar video opnames vir 'n groep mense gewys is. Die eerste video-opnames is gekenmerk deur snaakse insetsels, byvoorbeeld 'n gorilla wat bad en 'n babahond wat speel. Die tweede video-opname was waar besonderhede van 'n chirurgie wat uitgevoer word, gegee is. Die persone met 'n dominante regter hemisferiese temperament persone (temperament wat negatief is) het matige reaksies getoon tydens die snaakse video opname en intense vrees tydens die opname van die chirurgie. Diegene met 'n dominante linker hemisferiese temperament (opgewonde, sosiaal) het sterk reaksies van opgewondenheid getoon tydens die eerste video-opname en matige reaksies teenoor die tweede video-opname. Dit blyk dus dat temperament aan breinaktiwiteite gekoppel kan word. Die studie van Davidson het aangedui dat aktiwiteitsvlakke van die frontale lobbe voorspel watter temperamenttipe 'n persoon het. Die funksies van die lobbe word nie in besonderhede in hierdie navorsingstudie bespreek nie (Goleman, 1996:218).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Elke hemisfeer beheer verskillende funksies. Die linkerbrein benader ‘n probleem analities, stap-vir-stap, getalle, feitelik en in logiese volgorde. Die regterbrein benader ‘n probleem met insig, patrone, konsepte, beweging en intuïtief.

Die breindele wat bespreek is, funksioneer nie onafhanklik van mekaar nie (Louw, 1990:56). Hierdie skrywer noem verder dat die verskillende breindele ‘n geïntegreerde geheel vorm om die hoogste vlak van funksionering te bereik. Die geïntegreerde geheel funksioneer op so ‘n wyse dat dit sisteme vorm. Een so ‘n sisteem staan bekend as die limbiese sisteem (Louw, 1990:56). Die limbiese sisteem is volgens die navorser ‘n belangrike sisteem wat relevant is tot temperament. Wetenskaplikes verwys na die limbiese sisteem as die emosionele deel van die brein (Shapiro, 1997:12).

### 2.8.3. Limbiese sisteem

Die limbiese sisteem bestaan uit ‘n aantal strukture, naamlik die hipotalamus, hipokampus, amigdala en deel van die talamus (Louw, 1990:56 en Herrmann, 1995:33). Limbies beteken “rand” (Weiten, 2004:93). Die limbiese sisteem is ‘n netwerk van strukture wat op die grens tussen die serebrale korteks en die subkortikale areas geleë is. Die hipokampus speel ‘n belangrike rol in die vasstelling van verskillende gebeure. Die hipokampus hanteer die liassering van nuwe inligting in die langtermyngeheuesisteem (Spencer, 2006). Projeksies van die hipokampus prikkel aktiwiteit in die amigdala, wat verandering in outonomiese funksie en houding tot gevolg het (Kagan, 1997b:139). Die limbiese sisteem is in die middel van elke serebrale hemisfeer geleë (Louw, 1990:56 en Herrmann, 1995:33). Oatley en Jenkins (1996:140) voeg by dat die limbiese sisteem die tweedegrootste area van die voorbrein is.

Die limbiese sisteem se funksie is dat dit emosies beheer en bydra tot kognitiewe verwerking. Die limbiese sisteem speel ‘n belangrike rol in die oordrag van inkomende inligting in die geheue (Louw *et al.,* 2001:93). Die limbiese sisteem reguleer eet, drink, slaap, wakker word, liggaamstemperatuur, chemiese balanse soos bloedsuiker, harttelling, bloeddruk, hormone en emosie (Eliot, 1999:292 en Spencer, 2006).

Atkinson (1999:25) is van mening dat die limbiese sisteem ook as die emosionele brein bekend staan. Atkinson (1999:25) is verder van mening dat bestaande inligting oor die rol wat die brein in emosies speel, nie met absolute outoriteit gestel kan word nie. Inligting word via die individu se oë, ore en ander sensoriese organe na die talamus gestuur. Soos reeds genoem, is die talamus die brein se sentrale oordragstasie wat die inligting na die neokorteks stuur. Die neokorteks staan as die denkende brein bekend. (Atkinson, 1999:24). ‘n Eie interpretasie is dat dit inligting van nie-emosionele detail voorsien, terwyl die amigdala die emosionele stempel hierop afdruk.

Wanneer daar ‘n emosionele noodgeval is, word die inligting van die talamus na die amigdala geneem. Die mate waartoe die amigdala dus geprikkel word, bepaal die individu se temperament.

### 2.8.4 Amigdala

Temperamentverskille hou verband met verskille in die amigdala (Schwartz, 2003:1). Die amigdala vorm deel van die limbiese sisteem (Oatley & Jenkins, 1996:149). Die amigdala word deur Eliot (1999:292) as die ”gatekeeper of the emotional brain” beskryf. Die amigdala is geleë op die naat van die limbiese sisteem in die vorm van twee klein amandelvormige strukture. Die amigdala is in elke hemisfeer geleë binne die temporale lobbe in die middel van die hipotalamus en naby die hipokampus. Amigdala is ‘n Griekse woord wat “amandel” beteken (Oatley & Jenkins, 1996:140).

Die amigdala se funksie, volgens Eliot (1999:293), is om die brein te waarsku indien iets betekenisvol gebeur en dit stuur ‘n alarm uit na die simpatiese senuweesisteem in die vorm van vrees. Die amigdala speel ‘n sentrale rol in die verwerking van stimuli en ervarings wat ‘n emosionele inhoud het (Schwartz, 2003:2). Die amigdala gee emosionele betekenis aan inligting wat ontvang word. Atkinson (1999:26) stem saam dat die amigdala die inligting ondersoek vir potensiële gevaar. Inligting word van die sensoriese kanale ontvang wat deur die talamus vloei na die kern van die amigdala (Developmental Science, 2001:315). Wanneer die amigdala byvoorbeeld ‘n geluid hoor,

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



aktiveer dit die hipotalamus, wat die basiese liggaamsfunksies beheer. Die hipotalamus dra by dat hormone toeneem in onder andere 'n veg-of-vlug situasie, hartklop wat versnel, bloeddruk wat styg, pupille vergroot en vel voel sweterig en bleek. Dit wil voorkom of die hipotalamus bydra dat daar groot hoeveelhede hormone vrygestel word. Indien die inligting wat die amigdala ontvang, gevaar identifiseer, sal die amigdala 'n toestand van nood na die hele brein versend, wat 'n menigte psigologiese response veroorsaak, soos hartklop en, bloeddruk wat styg, wat die veg-of-vlug hormoon adrenalien of noradrenalien produseer (Atkinson, 1999:26). Dis belangrik om in gedagte te hou, volgens Atkinson (1999:26), dat die normale roete van inligting van die talamus na die neokorteks na die amigdala loop. In 'n toestand van gevaar, gaan die roete direk van die talamus na die amigdala.

Die neokorteks is die denkende brein en omdat die roete die denkende brein mis, kan die denkende brein nie betyds tussenbeide kom nie. So 'n toestand word kaping genoem wanneer die neokorteks deur die amigdala gekaap word. Dit beteken volgens Fourie (1998:14) dat die mens se rasionele denke verlore gaan. Die gevolg is dat die mens emosionele besluite neem, in plaas daarvan om strategies (neokorteks) te dink.

'n Groot aantal chemiese stowwe wat prikkelbaarheid en inhibisie in die sentrale senuweesisteem beheer, beïnvloed die neurone, deurdat dit aan molekules wat ontvangers genoem word, vaskleef. Die konsentrasie en digtheid van die molekules word geneties bepaal. Hoe hoër die konsentrasie chemiese stowwe, hoe hoër is die liggeraaktheid van die amigdala (Kagan, 1994:52). Goleman (1996:217) is van mening dat temperamentele verskille in die prikkelbaarheid van 'n senuweeterrein op die amigdala geleë is. Geïnhibeerde en ongeïnhibeerde individue verskil in hulle drempel van prikkelbaarheid in die amigdala (Kagan, 1997a:386). 'n Geïnhibeerde individu toon 'n groter amigdalareaksie op nuwighede as ongeïnhibeerde individue (Goleman, 1996:221). Carroll (2003:1) bevestig dat geïnhibeerde babas 'n groter reaksie in die amigdala toon as ongeïnhibeerde babas.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Soos reeds in 2.5 genoem, het Kagan se studie verder getoon dat een derde van die babas wat betrokke was by sy studie, getoon het dat hulle skaamheid en geïnhibeerde temperamente omgekeerd is teen die tyd wat hulle skool toegetree het. Die gevolgtrekking wat Kagan hieruit gemaak het, is dat die moeders van die kinders 'n groot rol gespeel het in die feit dat die kinders met aanvanklike geïnhibeerde temperamentdimensie, met skooltoetrede nie- geïnhibeerde temperamentdimensie getoon het. Kagan het genoem dat daar moeders is wat glo dat hulle hul kinders met geïnhibeerde temperamentdimensie ten alle koste moet beskerm, teenoor die moeders wat geglo het dat dit belangriker is om hulle kinders te leer om nuwighede en die onbekende te hanteer en by nuwe situasies aan te pas. Uit hierdie studie blyk dit dat kinders wat met 'n geïnhibeerde temperamentdimensie gebore word, met behulp van 'n omgewing wat pas by die temperament, geneig sal wees om 'n meer nie- geïnhibeerde temperamentdimensie te ontwikkel. Goleman (1996:24) konstateer verder dat hoewel temperament deel is van 'n individu se biologiese gegewe, die omgewing die temperament dus kan vorm en die uitdrukking daarvan kan verander. Die navorser is van mening dat 'n persoon se temperamenttipe nie verander nie, maar dat die omgewing moontlik kan bydra dat die temperamenttipe gevorm word en op 'n ander manier uitgedruk word. Die individu het dus nodig om by sy omgewing aan te pas, wat dus aanleiding gee dat die individu 'n aangepaste temperament ontwikkel, wat die individu se persoonlikheid verteenwoordig. (Vergelyk 2.3.1.) Die navorser is verder van mening dat die interaksie tussen die kind se temperament en die omgewingsinvloede, soos ouers se hantering van die kinders se temperament, 'n invloed het op die kinders se gedrag.

'n Kind wat geneig is tot angstigheid, word gebore met 'n neurochemiese stof wat die senuweeterrein maklik opwek. Dit bring mee dat die kind onbekendheid vermy, skaam, onseker en angstig is. 'n Studie wat deur die Massachusetts Algemene Hospitaal onderneem is, het gevind dat die sleutelarea in die brein van persone wat 'n geïnhibeerde temperamentdimensie het, as kleuters in die amigdala 'n groter reaksie op nuwe gesigte getoon het as dieselfde breinarea in volwassenes wat ongeïnhibeerd is (Schwartz, 2003:2). Kinders daarteenoor wat uitgaande is, het 'n senuweestelsel wat die amigdala minder prikkel. 'n Studie wat in 1999 deur Morris, Frith, Perett en Dolan onderneem is

waar individue na prente met hartseer gesigsuitdrukkings gekyk het, het bevind dat die serebrale bloedvloei in die amigdala direk verband hou met die intensiteit van die uitdrukking (Schwartz, 2003:3).

‘n Liggeraakte amigdala maak dat ‘n baba byvoorbeeld sterk motoriese aktiwiteit, en ‘n verdedigende houding toon en terughoudend is om nuwe, onbekende situasies te betree (Kagan, 1994:100). Hierdie skrywer konstateer verder dat weens die liggeraaktheid van die amigdala, die persoon tot sekere emosionele toestande geneig sal wees. Die navorser is van mening dat die moontlikheid bestaan dat ‘n individu met ‘n liggeraakte amigdala geneig sal wees om teruggetrokke te wees en moeilik ‘n nuwe situasie sal betree. Die afleiding kan gemaak word dat hierdie hormoon die amigdala aktiveer, wat meebring dat daar ‘n lae drempel van sensitiwiteit voorkom wat die amigdala makliker kan ontlont. Verhoogde hartklop is ‘n teken dat die amigdala geprikkel is. Die *“norepinephrine”* hou die amigdala opgewek en neuroversenders wek die simpatiese senuweesisteem opgewek. Skaam kinders is dus volgens Goleman (1996:218) geneig tot hoër vlakke van sensitiwiteit oor ‘n reeks van die simpatiese senuweesisteem. Babas wat gebore word met hoë vlakke van sentrale *norepinephrine* kan meer reaktief, liggeraak en angstig op stimulasie reageer. Kinders met lae vlakke van *”norepinephrine”* en laer simpatiese reaktiwiteit, sal minder angstig wees (Kagan, 1994:53). Goleman (1996:218) is van mening dat skaam, stil en teruggetrokke kinders hoë vlakke van “*norepinephrine”* of ander breinchemikalieë het wat die amigdala aktiveer.

Die regter hemisfeer van die brein ontvang meer *“norepinephrine”* as die linker hemisfeer. Angstige kinders het groter aktivering in die regter frontale lob, terwyl nie-angstige kinders groter aktivering van die linker frontale area het. Aangename gevoelens wys ‘n groter aktivering in die linker hemisfeer as in die regter hemisfeer. Dit is volgens Kagan (1994:54) moontlik dat sekere temperamentele kwaliteite verbind is tot ongelykmatige aktiwiteite van die linker en regter hemisfere. Daar is gespekuleer dat verskillende aktiverings in die twee frontale areas van die brein die kwaliteit van emosionele ervarings bewerk. Die emosionele ervarings waarna verwys word, is ervarings van geluk aan die een kant of vrees en hartseer aan die ander. Wanneer

aktiwiteite in die linker frontale area van die brein die regterkant domineer, sal 'n persoon geneig wees om dominante gevoelens van kalmte, gelukkigheid of tevredenheid te beskryf. Wanneer aktiwiteit in die regter frontale area die linker kant domineer, sal 'n persoon geneig wees om 'n gemoed van hartseer, angs, spanning, bekommernis, depressie of skuld aan te dui. Die agterste areas van die brein, naamlik die pariëtale en temporale lobbe, bepaal die intensiteit van die emosionele ervaring (Kagan, 1994:55). Die emosie is meer intens indien die regterkant meer aktief is en die emosie is gedemp as die linker kant meer aktief is. Daar is dus vier tipes gevoelservarings, waarvan elkeen verbind is aan 'n verskillende patroon van senuwee-aktiwiteite. Wanneer die regter frontale en die regter pariëtale lobbe dominant is, word die gemoed gekenmerk deur intense angstigheid of vrees en wanneer die regter frontale en linker pariëtale domineer, is die gemoed hartseer. Hartseer is 'n minder intense emosie as angs. Wanneer die linker frontale en linker pariëtale lobbe domineer, dan is die gemoed kalm. Wanneer die dominansie in die linker frontale en regter pariëtale geleë, is sal die gelukkige gemoed intense uitbundigheid word.

Temperament is dus volgens Eliot (1999:322) die produk van die limbiese sisteem, naamlik die amigdala in sy verskeie grade van prikkelbaarheid.

Die navorser is van mening dat uit bogenoemde fisiologiese uiteensetting in verband met temperament, blyk dit duidelik te wees dat temperament verbind kan word met die fisiese brein. Dit bevestig weer vir die navorser dat die individu met 'n bepaalde temperament gebore word, om sodoende op 'n bepaalde manier op te tree. Uit die navorsing soos hierbo bespreek, is dit dus duidelik dat die hormoon "*norepinephrine*" 'n invloed op die temperamenttipe van 'n individu het. Die mening word verder gehuldig dat die verskil tussen individue wat maklik of moeilik reageer op die onbekende, geleë is in die amigdala se sensitiwiteit vir prikkels.


University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## 2.9 DIE HEELBREINTEORIE

Die heelbreinmodel is gebaseer op die navorsing van Roger Sperry (Nobelpryswenner) en Paul Maclean (Herrmann, 1996:8-9). Elkeen van hierdie breinstrukture, naamlik die reptielbrein, limbiese sisteem, neokorteks, regter en linker hemisfeer, is betrokke by die uitvoering van sekere take en bevat grondige kennis om sekere aspekte van menslike gedrag beter te verstaan. 'n Eie mening is dat dit aandui dat die verskillende hemisfere 'n invloed het op temperamente. Hierdie heelbreinmodel word bespreek en visueel voorgestel.

**FIGUUR 2.5 DIE HEELBREINVOORSTELLING**



University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Herrmann, 1996:64.

### 2.9.1 Linker hemisfeer en regter hemisfeer

Die linker en regter hemisfeer is in die serebrum ingesluit. Die twee hemisfere is nie simmetries nie. Beide is egter gelateraliseerd, wat daarop dui dat die linkerbrein en regterbrein gespesialiseerd is (Vasta *et al*., 2001:179).

Die linker- en regterbreinteorie is volgens Herrmann (1995:8-9) op die werk van Roger Sperry gebaseer. Sperry is van mening dat:

> many specific mental abilities are laterised, that is, carried out, supported and co-ordinated predominantly in one hemisphere or the other of our dual brain. In order to understand this theory, knowledge about the right and left halves of the neo-korteks, right and left halves of the limbic system and the structures that provide the pathway along which different parts of the brain send signals to one another, is essential. These structures, as well as situational and interactive funktioning, comprise key aspects of the Left Brain/Right Brain theory (Joseph, 1992:13).

Breindominansie word volgens Herrmann (1994:17) verduidelik in terme van hoe ‘n individu verkies om te leer, verstaan en iets uit te druk. Hierdie voorkeurmetode is die een wat die individu gebruik wanneer hy ‘n behoefte het om ‘n probleem op te los of die selektering van die leerproses. In die linkerbrein of linker hemisfeer is daar twee temperamentkwadrante en so ook in die regterbrein. Elke persoon het ‘n dominante breinhemisfeer waaruit hy funksioneer. Die linker hemisfeer verteenwoordig die twee temperamentkwadrante choleries en melancholies, volgens die Hippokrates model. (Vergelyk 3.5.2 en 3.5.3.) Die regter hemisfeer verteenwoordig die twee temperamentkwadrante sanguinies en flegmaties, uit die Hippokrates-model (Fourie, 1998:38). (Vergelyk 3.5.1 en 3.5.4.) Hierdie skrywer meen verder dat die individu se dominante temperament, ook bekend as die primêre temperament in die regterbrein geleëë is, terwyl sy sekondêre temperament in die linkerbrein geleë is. In die linkerbrein is die choleriese temperament hoofsaaklik in die neokorteks (denke) geleë en melancholiese temperament in die limbiese stelsel (emosies). In die regterbrein is die

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


sanguiniese temperament ook in die neokorteks (denke) geleë en die flegmatiese temperament in die limbiese stelsel (emosies).  Al vier die temperamente het dus eienskappe van sowel die neokorteks (denke) as die limbiese stelsel (emosie).

Die navorser is van mening dat ‘n individu met ‘n linkerbreindominansie ‘n situasie sal hanteer deur gebruik te maak van analitiese en logiese probleemoplossing.  Hierdie individu sal makliker leer deur te fokus op ouditiewe en visuele voorstellings.  Hierdie breindominansie is krities en logies van aard en nie op emosies ingestel nie.  Die individu met ‘n regterbreindominansie is meer op aanvoeling en instinkte ingestel en dus meer op emosies, ingestel.  Die individu kan moontlik probleme ervaar met optrede, aangesien sy optrede uit hierdie dominansie nie so logies en analities van aard is nie.


### 2.9.2 Regter hemisfeer

Die regter hemisfeer speel ‘n belangrike rol in emosie (Eliot, 1999:295).  Hierdie skrywer konstateer verder dat die limbiese stelsel aan die regterkant  ‘n hoër rustende metaboliese tempo as die linkerkant het.  Regter hemisferiese strukture neig om ‘n analitiese vermoë van die linker hemisfeer by te voeg.  ‘n Voorbeeld om dit te staaf is dat die vermoë om te begryp en taal te produseer, geleë is in die linker hemisfeer teenoor die regter hemisfeer wat die emosionele inhoud waarneem.  Die regter hemisfeer beheer sensoriese en motoriese funksies aan die linkerkant van die liggaam.  Verandering in die getal aktiwiteite van die linker of regter frontale lobbe verduidelik die basiese verskille in temperamente.  Sommige individue neig om ‘n meer negatiewe geneigdheid te toon terwyl ander ‘n meer positiewe geneigdheid toon.  Regter hemisfeer individue is geneig om uitgaande en uitdrukking te toon, terwyl linker hemisfeer individue meer gereserveerd is (Eliot, 1999:295).

Die regter hemisfeer beheer volgens Springer en Deutch (1989:2) die linkerkant van die liggaam. Die linker hemisfeer beheer weer die regterkant van die liggaam. (Vergelyk Herrmann, 1996:17.)  Oatley en Jenkins (1996:144) meen dat inligting wat ontvang word gekruis word na die teenoorgestelde kant van die brein.  Wanneer dus na iets gekyk word,

word die inligting van die regterkant herlei via die talamus na die visuele area van die korteks op die linkerkant.  Wanneer ‘n individu met sy regterhand uitreik, word die aksies van die linkerkant van die korteks beheer.  Oatley en Jenkins (1996:144) is verder van mening dat die regterkant van die korteks net naby verenig met die verwerking van die emosionele gebeure.  Hierdie begrip kan aan die hand van die volgende skets verduidelik word.

**FIGUUR 2.6:  LINKER EN REGTER HEMISFERE**




Springer & Deutch, 1989:16

Springer en Deutch (1989:2) verduidelik verder dat die linker en regter eweredigheid van die brein en liggaam nie daarop dui dat die linker- en regter kante eweredig is in alle opsigte nie.  Springer en Deutch (1989:2) meen dat navorsing deur die jare getoon het dat

die linker en regter brein nie identies in hul bekwaamhede of organisasies is nie. Skade aan die regter hemisfeer dui op perseptuele en aandag probleme. ‘n Voorbeeld hiervan is waar ‘n persoon probleme het om sy weg in ‘n groot inkopiesentrum te kry.

Die regter hemisfeer neem inligting onkrities op deurdat dit op intuïsie en aanvoeling staatmaak. Dit sien die geheel van iets (Fourie, 1998:18). Die regter hemisfeer dink in terme van sintuiglike beelde (kleur, vorm, toon, klem en intonasie), metafore, sintese en eksperimente met absurde insette. Fourie (1998:14) is verder van mening dat een van die belangrikste eienskappe van hierdie hemisfeer is dat dit nie-liniêr funksioneer. Dit dink dus nie in terme van a volg b nie. Die regter hemisfeer leer in terme van hoe dinge in die groter prentjie inval. Dit leer die individu om te vergelyk hoe om nuwe kennis met dit wat hy reeds weet, in te pas. Hierdie hemisfeer leer dus die beste deur middel van

ritme, emosies, ervarings, beelde en intuïsie. Dit is die rede waarom regterhemisferiese leerders, prente, effektiewe demonstrasies en illustrasies nodig het om te leer. Hierdie dominansie is minder geneig om tydsbewus te wees en is sterk mens-en verhoudings-georiënteerd.

Die belangrike eienskappe van die regter hemisfeer word vervat in tabel 2.1. (Fourie, 1998:19).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**TABEL 2.1 EIENSKAPPE VAN DIE REGTER HEMISFEER**

| **Regter Hemisfeer** |
|---|
| Intuïtief<br>Nie verbale (Lyf) taal<br>Enkodeer – deeltjies vorm geheel<br>Eksperimenteer sonder sisteem<br>Siteties ( Opwerk na geheel)<br>Instinktiewe groepering<br>Intuïtiewe probleemoplossing<br>Patroongebaseer<br>Verkies analogie en metafoor<br>Insig<br>Visualiseer<br>Herken patrone<br>Sintuiglike beelde (gelaatstrekke, toon)<br>Sien tyd sekondêr tot die hede<br>Subjektief<br>Sonder prioriteite<br>Spontaan en aanpasbaar<br>Vryer met emosies<br>Verkies beweging, kleur, prente<br>Pas omgewing aan by self |

Fourie (1998:19).

### 2.9.3 Linker hemisfeer

Die linker hemisfeer funksioneer op 'n liniêre basis. Die linker hemisfeer probeer om orde uit chaos te filtreer en sin uit inligting te maak. Om orde uit die chaos wat ontvang word te filtreer, benodig dit logiese, analitiese en kritiese denke. Die linker hemisfeer organiseer en probeer 'n struktuur daarstel. 'n Verdere eienskap is dat die linker hemisfeer inligting in dele opbreek met ander woorde analities hanteer (Fourie, 1998:18). Die dominante hemisfeer breek dus inligting op in eenhede wat in 'n bepaalde volgorde gerangskik word en volgens 'n bepaalde organisasiestelsel gestoor word. Nuwe inligting word stap vir stap hanteer en geïnterpreteer. Die hemisfeer is geneig om in terme van simbole te dink, teenoor die regter hemisfeer wat in terme van sintuiglike beelde (kleur,

vorm, toon) dink. Dit beteken dat die linker hemisfeer geneig is om nommers en name te onthou, teenoor die regter hemisfeer wat geneig is om in terme van gesigte en gelaatstrekke te onthou (Fourie, 1998:19; Springer & Deutch, 1989:13). Die hemisfeer produseer inligting vanaf spesifieke detail na die groter prentjie en verkies riglyne en struktuur om effektief te funksioneer. Hierdie hemisfeer leer op 'n analitiese\logiese wyse en is doel- taak- en toekomsgerig.

Die belangrike eienskappe wat die linker hemisfeer bevat word ter verduideliking in die volgense tabel uitgebeeld (Fourie, 1998:17).

**TABEL 2.2. EIENSKAPPE VAN DIE LINKER HEMISFEER**

| **Linker Hemisfeer** |
|---|
| Intellektueel<br>Taalbrein<br>Dekodeer – breek in dele op<br>Ekperimenteer sistematies<br>Analities<br>Kategoriseer<br>Logiese probleemoplossing<br>Gebruik selde analogie en metafoor<br>Abstraksie<br>Redeneer<br>Verbale geheue<br>Simbole<br>Bestuur tyd<br>Objektief<br>Doelgerig volgens prioriteite<br>Beplan en beheer<br>Verkies ouditiewe en visuele inligting<br>Pas aan by omgewing |

Fourie (1998:17).

Kagan (1994:54) is van mening dat wanneer aktiwiteite in die linker frontale area die regterkant domineer, is 'n persoon geneig om gevoelens van kalmte, gelukkigheid en tevredenheid te toon. Daarteenoor sal 'n persoon waar die regter frontale area die

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


linkerkant sal die persoon ‘n gemoed van hartseer, angstigheid, spanning, depressie of gevoelens van skuld beleef. Die agterste areas van die brein, naamlik die pariëntale en temporale lobbe, bewerk die intensiteit van die emosionele ervaring. Emosie is volgens Kagan (1994:54) meer intens as die regterkant meer aktief is en meer gedemp indien die linkerkant meer aktief is. Wanneer die regter frontale en regter pariëntale areas meer dominant is, is die gemoed intense angstigheid of vrees, maar wanneer die regter frontale en linker pariëntale areas domineer, is die gemoed hartseer. Wanneer die linker frontale area en linker pariëntale area domineer, sal die gemoed kalm wees.

Dit is belangrik om te onthou dat die linker hemisfeer die regterkant van die liggaam beheer en die regter hemisfeer die linkerkant van die liggaam. Die linker hemisfeer is volgens Herrmann (1994:15) swaarder met relatief meer grys areas en ‘n wyer agterhoofse lob as die regter hemisfeer. Die regter hemisfeer is swaarder met ‘n groter interne skedelgrootte en wyer frontale lob as die linker hemisfeer.

## 2.10 FISIOLOGIESE ASPEKTE VAN TEMPERAMENT

Pearsall (1998:123-125) verwys na die proses genaamd domino-oorplanting. ‘n Persoon met longprobleme ontvang sodoende dikwels ‘n kombinasie van ‘n nuwe hart en longe van ‘n skenker en skenk sy gesonde hart aan ‘n ander persoon wat ‘n hart benodig. Die rede hiervoor is dat die hart en longe as ‘n eenheid funksioneer en wanneer die hart-long-oorplantingsbenadering gevolg word, dit die kans vir verwerping uitskakel. Daar is onderhoude gevoer met twee gesinne van wie die mans hierdie domino-oorplantingsproses ondergaan het. Die een man, genaamd Jim, het ‘n hart en long van ‘n skenker ontvang en sy gesonde hart geskenk aan Fred. Uit die onderhoude, waarneming en ondersoeke is bevind dat Fred nie net Jim se gesonde hart ontvang het nie, maar ook sy temperament. Daar is tot die ontdekking gekom dat temperament in die vorm van sellulêre geheue oorgeplant is. Die bron van temperament is geleë in energie. Indien hierdie energie inligting bevat wat beskryf wie en wat ‘n individu is, bestaan die moontlikheid dat ‘n gedeelte van die inligting wat oorgedra word, temperament bepaal.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Dit wat as temperament bekend staan, kan dus 'n fisiese manifestasie van energie wees wat op sellulêre vlak gestoor word (Pearsall, 1998:123-125).

'n Afleiding wat hieruit gemaak word, is dat temperament reeds by konsepsie gevorm is. Pearsall (1998:124) is van mening dat die moontlikheid bestaan dat sellulêre geheue as temperamentpatrone manifesteer. Hierdie skrywer het tydens navorsing met identiese tweelinge tot die gevolgtrekking gekom dat elke individu gebore word met 'n sellulêr-gestoorde energie wat inligting bevat. Hierdie ontdekking is verder te danke aan 'n identiese tweeling wat na nege en dertig jaar herenig is, nadat hulle by geboorte van mekaar geskei is en in verskillende huisgesinne en dorpe grootgeword het. Verskeie ooreenkomste is tussen die identiese tweeling gevind, wat die invloed en manifestasie van temperamentele sellulêre geheue bevestig het. Die volgende ooreenkomste is aangeteken, naamlik:

- Beide het die naam James by hulle aanneemouers gekry.
- Albei is twee keer getroud. Albei se eerste eggenotes se name was Linda en hulle is die tweede keer met Bettie getroud.
- Beide se eerste kinders se name was James Alan.
- Albei se honde se name was Toy.
- Albei het houtwerk as stokperdjie verkies.
- Beide het basketbal gehaat en van stampmotorwedrenne gehou.
- Hulle het beide dieselfde beroep beoefen.
- Hulle bloeddruk, gewig, polsslae en slaappattrone het ooreengestem.
- Beide het ongeveer tien kilogram op dieselfde tyd in hulle lewe aangesit en dieselfde tyd 'n vasektomie ondergaan.

Na aanleiding van die navorsing met die identiese tweeling wat by geboorte geskei is, is die gevolgtrekking gemaak dat daar ooreenkomste tussen hulle temperamenttrekke voorgekom het. Die identiese tweeling is deur 'n unieke band met mekaar verbind al was hulle geskei. Hierdie band wat tussen die twee bestaan, kan aan energieke verbinding toegeskryf word. Hieruit is die afleiding gemaak dat temperament geneties bepaal word. Die navorser is van mening dat hierdie navorsing bevestig dat temperament 'n

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



geneigdheid is waarmee ‘n individu gebore word, wat bepaal hoe hy gaan optree. Dit wil verder voorkom dat daar ‘n verband is tussen energie wat die hart uitstraal en temperament.

Verskille tussen geïnhibeerde en ongeïnhibeerde temperamenttipes is manifestasies van die energie wat inligting bevat wat uitgestraal word na elke sel. Dit word gestoor as ‘n temperamentpatroon in die vorm van ‘n meer oop (sagte hart) temperament of ‘n meer geslote (harde hart) temperament. Hierdie twee temperamenttipes word gesien as twee uitdrukkings van ‘n vooraf ontwikkelde sellulêre geheue (Pearsall, 1998:132-134).

‘n Eie interpretasie is dat temperament en die fisiologiese verband as ‘n relatiewe nuwe konsep beskou kan word. Die gevolgtrekking uit bogenoemde studie kan gemaak word dat temperament nie net ‘n neorologiese basis het nie, maar ook ‘n fisiologiese basis. Vir die doeleindes van hierdie navorsing gaan nie uitgebrei word ten opsigte van fisiologie en die verband daarvan met temperament nie, aangesien die navorsing verkennend en beskrywend van aard is.

## 2.11 SAMEVATTING

Om kinders groot te maak en tot volwassenheid te begelei, geskied in die meeste gevalle sonder opleiding. Ouers soek gedurig na onderrig en opleiding om hulle voor te berei op hierdie onvermydelike taak. Ouers is meestal nie bewus van die bestaan van temperamente en temperamentverskille alvorens die geboorte van die tweede kind nie. Strategieë wat vir die eerste kind gewerk het, werk meestal nie vir die tweede kind nie.

Temperament word dikwels verwar met persoonlikheid en karakter. Temperament en karakter vorm albei deel van persoonlikheid. Temperament word beskou as die beginpunt vanwaar persoonlikheid en karakter gevorm word deur interaksie met die omgewing en lewenservaring.

Temperament word beskou as ‘n geneigdheid waarmee ‘n individu gebore word wat bepaal hoe hy gaan optree en emosies uitdruk. Dit gaan oor die “hoe” van gedrag, eerder as die wat. Temperament is dus die individu se bloudruk wat hom uniek maak.

Die konsep van temperament bly konstant oor tyd. Hierdie stabiliteit van temperament dui op kontinuïteit in ouderdomsgepaste manifestasies, eerder as dat ‘n gedragspatroon teenwoordig moet wees oor intervalle van ontwikkeling. Gedragspatrone moet dus oor tyd deurlopend voorkom.

Temperamentnavorsing is hoofsaaklik op volwassenes gedoen en daar is ‘n leemte in die literatuur uitgewys om temperamente op kinders van toepassing te maak.

Oorerflikheid van temperamente is duideliker aangedui by identiese as nie-identiese tweelinge, wat daarop dui dat temperamente ‘n oorerflike komponent bevat, hoewel die mate van genetiese beïnvloeding nie met sekerheid aangedui kan word nie.

Die konsep van temperament het sy oorsprong by die Grieke en Romeine, wat aangedui het dat daar ‘n balans voorkom tussen vier liggaamsvloeistowwe wat by alle persone teenwoordig is. Die balans tussen die vier liggaamsvloeistowwe bring ‘n innerlike staat teweeg wat verantwoordelik is vir variasies in verstande, emosie en gedrag wat waarneembaar is. Hierdie verhouding van die liggaamsvloeistowwe staan as temperamenttipes bekend. Galan het vier temperamenttipes benoem, naamlik sanguinies, flegmaties, choleries en melancholies, wat oorspronklik deur Hippokrates benoem is.

‘n Temperamentherlewing het in 1950 plaasgevind nadat Isabelle Myers en Kathryn Briggs sestien verskillende tipe patrone van gedrag beskryf het. ‘n Vraelys genaamd Myers-Briggs, is ontwikkel. Die Keirsey-model is in dieselfde tydvak as die Myers-Briggs ontwikkel. Die Keirsey-model bestaan daaruit dat daar tussen vier hooftipe temperamente onderskei kan word. Die Myers-Briggs-indikator word uitsluitlik deur sielkundiges benut. Die Keirsey-model en die DISC-model word beskou as ‘n ekometriese toets wat deur maatskaplike werkers benut kan word.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die DISC-model is alreeds in 1928 ontwikkel deur Marstons. Elke individu reageer op een van twee asse. Die een as dui aan of die individu aktief of passief is en die tweede as of die individu die omgewing as antagonisties of gunstig beskou. Deurdat die asse op die regte kante geplaas word, kan daar vier kwadrante onderskei word wat gedragspatrone beskryf. Hierdie vier kwadrante verteenwoordig elk 'n letter van die DISC.

Thomas en Chess kan as baanbrekers beskou word in die gebied van temperament en veral die meting van kinders se individualiteit. Nege temperamentele dimensies is ontwikkel.

Daar is dele van die brein wat relevant is tot temperament. Die twee plekke in die brein waaraan temperamentele verskille toegeskryf word, is fisiologie en anatomie. 'n Persoon word gebore met 'n konsentrasie van chemikalieë wat die opwekking van die amigdala of hipotalamus beïnvloed, wat aanleiding gee tot 'n sekere emosionele staat. Dit is die hormoon *"norepinephrine"* wat ook as noradrenaline bekend staan. Hoe hoër die vlak van "*norepinephrine"*, hoe meer aktief is die individu en hoe meer vatbaar is die individu vir stimulasie. Kinders met lae vlakke van "*norepinephrine"* is geneig tot laer simpatiese reaksies.

Die limbiese sisteem word na verwys as die emosionele deel van die brein. Die amigdala vorm deel van die limbiese sisteem. Die amigdala interpreteer inkomende sensoriese inligting. Die vlak van chemiese stowwe het 'n invloed op die amigdala. Geïnhibeerde en ongeïnhibeerde individue verskil in hulle drempel van vatbaarheid vir prikkels in die amigdala.

Geïnhiberende individue toon 'n groter amigdala reaksie op nuwighede as ongeïnhibeerde individue. Kinders met uitgaande temperamente het 'n senuweestelsel wat die amigdala minder prikkel. Kinders met 'n lae vlak van "*norepinephrine"* en laer simpatiese reaktiwiteit sal minder angstig wees. Daar bestaan die moontlikheid dat sekere temperamentele kwaliteite verbind is aan ongelykmatige aktiwiteite van die linker

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



en regter hemisfeer. Temperament word in die vorm van sellulêre geheue gestoor. Dit dui daarop dat temperament reeds by konsepsie ontwikkel word.

Die volgende hoofstuk fokus op die verskillende dimensies, kategorieë en modelle van temperament.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# HOOFSTUK 3

# TEMPERAMENT: DIMENSIES, KATEGORIEË EN MODELLE

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is temperament gekonseptualiseer deur die vergelyking daarvan met persoonlikheid en karakter en die beskrywing daarvan in terme van stabiliteit, aangeborenheid, oorerflikheid, oorsprong en die neuro-anatomiese aspekte se verband met temperament. Die hoofstuk is afgesluit met die fisiologiese aspekte van temperament. Uit die literatuur is dit duidelik dat temperament 'n geneigdheid is waarmee 'n individu gebore word, wat bepaal dat hy op 'n sekere manier optree. Nadat temperament gekonseptualiseer is, bepaal hierdie hoofstuk hoe 'n individu se temperament gekonfigureer kan word in 'n temperamenttipe. In hierdie hoofstuk gaan die verskillende dimensies, kategorieë en modelle van temperament bespreek word, ten einde die begrip temperament en temperamenttipes beter te verstaan.

Daar bestaan 'n verskeidenheid van temperamentkategorieë, dimensies en modelle wat benut kan word. Die nege dimensies van Chess en Thomas (Chess & Thomas, 1989:24), Hippokrates se model (LaHaye, 1998:23; Rohm, 1998:109), die D (dominance) I (inducement) S (steadiness) C (conscientious)-model, hierna DISC (Bonnstetter *et al.*, 1993:57; Walk thru the Bible,1999:7-50; Rohm, 1998:115) en die Keirsey-model (Keirsey en Bates, 1984:4-100) is as die toepaslikste vir hierdie navorsing gekies in die ontwikkeling van 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

Daar is gefokus op die DISC-model as basis vir die assessering van die ouers en die kinders se temperamenttipes. Hoewel die DISC-model vir volwassenes gestandaardiseer is, kon daar bronne, hoewel beperk, bekom word wat die DISC-model op kinders van toepassing gemaak het. Die nege dimensies van Chess en Thomas is vir

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



agtergronddoeleindes bespreek, aangesien dit die eerste kliniese werk was wat temperament beskryf en nagevors het (Chess & Thomas, 1989:23). Hippokrates se model word gevolglik uiteengesit, aangesien die geneesheer ongeveer 2500 jaar gelede opgemerk het dat persone op grond van hoe hulle dink en doen, in vier temperamenttipes verdeel kan word. Dieselfde indelings word tans steeds gebruik en dit is een van die bekendste modelle wat as die fundamentele vir die latere modelle gebruik word (Fourie, 1998:37). Die hoofstuk word afgesluit deur die Keirsey- model te verduidelik as 'n alternatiewe model wat temperament meet en bekryf. Die model is nie in hierdie studie aanvullend tot die DISC-model benut nie, maar kan ook deur maatskaplike werkers benut word.

## 3.2 DIMENSIES EN KATEGORIEË

Daar bestaan dikwels verskille, veral tussen navorsers op die psigologiese terrein, of 'n konsep in kategorieë of in dimensies gegroepeer moet word (De Boech, Leuven & Wilson, 2005:130). 'n Dimensie word deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) beskryf as grootte of omvang van 'n begrip. Kohnstamm, Bates en Rothbart (1989:135) is van mening dat 'n dimensie voorgestel word op 'n aaneenlopende kontinuum. De Vos (2002:347) konstateer dat 'n kategorie uit verskillende eienskappe bestaan, byvoorbeeld indien daar na kleur, as kategorie verwys word, kan intensiteit en helderheid as eienskappe dien. Elkeen van hierdie eienskappe kan gedimensionaliseer word deur dit op 'n kontinuum aan te dui. 'n Dimensie sal dus wees dat die intensiteit van kleur op 'n kontinuum van lig na donker geplaas kan word. Hierdie skrywer noem verder dat wanneer 'n navorser 'n kategorie ontwikkel, doen hy dit in terme van sy eienskappe, waarna dit dan gedimensionaliseer kan word. Eienskappe kan beskou word as die karaktertrekke of kenmerke van die kategorieë. Dimensies verteenwoordig die aanduiding van die eienskap op 'n kontinuum. Kategorie word volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) bekryf as 'n afdeling.

Die navorser is van mening dat die duidelike afbakening van grense die verskil is tussen 'n kategorie en 'n dimensie, waar 'n kategorie in teenstelling met 'n dimensie oor duidelike grense beskik. Temperament kan dus as 'n kategorie geïdentifiseer word.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Temperament kan in eienskappe of kenmerke verdeel word, naamlik dat dit dui op gedragstyl, dit aanwesig is by geboorte en onder andere 'n geneigdheid is. Hierdie eienskappe van temperament kan dus in dimensies gekategoriseer word. Die mening word gehuldig dat die dimensies moontlik ooreen kan stem met temperamenttipes.

## 3.3 CHESS EN THOMAS SE NEGE DIMENSIES VAN TEMPERAMENT

Uit die literatuur blyk daar teenstrydighede te wees oor wat die nege aspekte is wat Chess en Thomas ontwikkel het. Milnes (2005) is van mening dat die nege aspekte nege dimensies is. (Vergelyk Kagan, 1994:36; Louw *et al.,* 2001:212; Keogh, 2003b:17.) Chess en Thomas (1989:27) verwys na die nege aspekte as kategorieë. Oliver (2002) verwys na nege karaktertrekke van temperament. In hierdie studie gaan daar na die nege aspekte as dimensies verwys word. Soos in 3.2 bespreek, is grense nie duidelik afgebaken ten opsigte van dimensies nie en kan die dimensies op 'n kontinuum geplaas word. Chess en Thomas se nege dimensies van temperament, soos blyk uit die literatuur, is die eerste kliniese werk wat oor temperament nagevors en beskryf is. Chess en Thomas, albei psigiaters, het gedurende 1956 bekendheid verwerf met hulle idee van suigelingtemperamentverskille.

Hierdie twee psigiaters het in 1956 'n longitudinale studie onderneem om verskillende dimensies van temperament saam te stel. Spesifieke dimensies van temperament wat reeds kort na geboorte manifesteer, is onderskei nadat 133 persone vanaf hul babajare tot by volwassenheid in 'n longitudinale studie in New York waargeneem is (Kagan, 1994:36). Na aanleiding van die studie, is Chess en Thomas (1989:23) van mening dat elke persoon se gedrag dus van babajare tot volwassenheid verskil. Individue reageer verskillend op verskeie stimuli en ervarings. Na aanleiding van hulle navorsing het Chess en Thomas (1989:24) nege dimensies van temperament geïdentifiseer. Aan elke dimensie is 'n waarde toegeken van hoog na laag. Die nege dimensies kan dus op 'n kontinuum geplaas word van hoog na laag. Hierdie nege dimensies kan op volwassenes, maar ook op kinders van toepassing gemaak word, aangesien Chess en Thomas se navorsing van kinderjare tot volwassenheid gestrek het.

Temperament is vir die psigiaters biologies gebaseer en die nege dimensies as die interaksie tussen individue en hulle omgewing gesien, wat veral die verhoudings binne 'n gesin beïnvloed.  Elke persoon word dus met al nege dimensies gebore.  Die verskil is daarin geleë dat elke persoon verskil in die voorstelling daarvan, naamlik hoog of laag op die kontinuum van een tot vyf (Wachs & Kohnstamm, 2001:24-26; Kurcinka, 1998:28-48).  Die nege dimensies kan soos volg  skematiese voorgestel word:

**TABEL 3.1: DIMENSIES VAN TEMPERAMENT**

| **DIMENSIES** | **DEFINISIE** | **VOORSTELLING** | **KONTINUUM** (Kurcinka, 1998:28-48) |
|---|---|---|---|
| 1. Aktiwiteitsvlak | Hoeveelheid motoriese aktiwiteit.  Dit is die pas waarteen die individu beweeg. | **Hoog**: beweeg altyd<br>**Laag**: beweeg min | 1 – bly op een plek in bed terwyl slaap (stadig)<br>5 – beweeg rond in bed terwyl slaap. Altyd aan beweeg ook wanneer hy sit (aktief). |
| 2. Gereeldheid | Voorspelbaarheid en/of onvoorspelbaarheid van biologiese siklusse, soos honger, slaap en uitskeiding | **Hoog**: eet, slaap en uitskeiding gebeur op voorspelbare tye<br>**Laag**:  eet, slaap en uitskeiding gebeur ongereeld en is onvoorspelbaar | 1 – raak op dieselfde tyd aan slaap, is honger op gereelde intervalle en uitskeiding op gereelde skedule (gereeld)<br>5 – raak nooit op dieselfde tyd aan slaap, is op ongereelde tye honger<br>en uitskeiding op ongereelde skedule (ongereeld) |
| 3. Toenadering of onttrekking | Hoe 'n persoon reageer teenoor 'n nuwe stimulus.  Die aard van die aanvanklike reaksie tot 'n nuwe stimuli. | **Hoog**: benader nuwe situasies geredelik (soos ontmoeting van nuwe peroon of begin van nuwe skool) | 1 – aarsel nie in nuwe situasies, lyk of hy leer deur te doen, oop vir nuwe |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Hierdie stimuli kan nuwe kos, speelding of persoon wees. | **Laag**: toon weerstand of weier aanvanklik om tot nuwe situasies toe te tree | aktiwiteite en geneig om in te stem tot nuwe aktiwiteite (raak onmiddellik betrokke)<br>5 – hou terug voor deelname, leer deur waar te neem, raak gespanne in nuwe aktiwiteite en sê onmiddellik nee wanneer gevra word om iets nuut te doen (aanvanklike weerstand of wag voordat hy deelneem) |
| 4. Aanpasbaarheid | Hoe maklik 'n aanvanklike respons in 'n nuwe situasie verander word in die verlangde rigting. Die gemak waarmee die persoon sy gedrag kan verander ten einde aan te pas by nuwe situasies, ongeag aanvanklike reaksie | **Hoog**: aanvaar 'n verandering in skedule redelik maklik<br>**Laag**: het aktiewe weerstand teen 'n verandering | 1 – beweeg maklik van een aktiwiteit na volgende en is buigsaam met etes en slaaptye en word nie ontwrig deur verrassings nie (maklik aanpas)<br>5 – huil of kla wanneer een aktiwiteit gestop en ander begin word en benodig skedule en struktuur vir etes en slaaptye en raak ontstel deur verrassings (pas stadig aan) |
| 5. Responsiwiteit | Die hoeveelheid stimulasie wat nodig is om 'n respons tot gevolg te hê | **Hoog**: glimlag, of huil nie maklik nie<br>**Laag**: glimlag maklik en huil oor kleinighede | 1 – Slaap deur geluide, word nie beïnvloed deur krapperige teksture nie, snaakse reuke pla hom nie, eet sonder fiemies, |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | dikwels onbewus van stres (gewoonlik nie sensitief)<br>5 – Benodig geen geluide alvorens gaan slaap, word beïnvloed deur krapperige teksture, braak maklik van slegte reuke en smake (baie sensitief) |
| 6. Intensiteit van reaksie | Hoeveelheid energie wat die persoon respondeer | **Hoog**: reageer intens, huil of lag lank en aanhoudend<br>**Laag**: reageer matig, glimlag eerder as om te lag en huil sag | 1 – Spoeg wanneer huil, raak selde ontstel, reaksies is kalm, glimlag wanneer gelukkig en werk deur 'n probleem sonder om gefrustreerd te raak (kalm reaksie)<br>5 – Huil nie net, kerm ook, wipplank, emosies een oomblik op en volgende af, elke reaksie is diep en kragtig, skree van blydskap en raak maklik gefrustreerd (intense reaksie) |
| 7. Kwaliteit van gemoedstoestand | Of 'n gemoedstoestand oor die algemeen aangenaam, vriendelik en vreugdevol is of onaangenaam, ongelukkig en onvriendelik | **Hoog**: is van nature ekstroverties, vriendelik en geniet aktiwiteite<br>**Laag**: is van nature onvriendelik en is baie keer teësinnig ten opsigte van deelname aan aktiwiteite | 1 – Meestal positief en gewoonlik in 'n goeie bui, positief (Meestal positief)<br>5 – Gewoonlik ernstig, sien foute raak wil regstel, ernstig en analities (ernstig, analities) |
| 8. Afleibaarheid | Hoe maklik 'n irrelevante stimulus die persoon se gedrag kan verander of daarmee kan | **Hoog**: konsentreer swak<br>**Laag**: kan konsentrasie behou ten spyte van afleidings en | 1 – Konsentreer op taak, word nie maklik afgelei nie en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | inmeng | onderbrekings | onthou en voltooi veelvoudige take (sien take selde raak)<br>5 – Merk goed op wat ander nie opmerk, spandeer tyd om goed waar te neem in detail en kan maklik veelvoudige take vergeet en vermy (oplettend) |
| 9. Deursettingsvermoë en aandagspan | Hoe lank 'n persoon kan volhou met 'n aktiwiteit ten spyte van struikelblokke | **Hoog**: hou vol met 'n aktiwiteit<br>**Laag**: gee malik op en het 'n kort aandagspan | 1 - Kan maklik van rigting verander en by 'n ander aktiwiteit betrokke raak, sal vir paar minute huil en dan stop en aanvaar nee vir 'n antwoord (stop maklik)<br>5 – Hou by wat hy besluit. Voltooi taak, sal vir ure aaneen huil en aanvaar nie nee vir antwoord (ingestel) |

Bron: Owens (1993:478); Kurcinka (1998:7-72); Keogh (2003b:14).

Chess en Thomas se nege dimensies was volgens Berk (2000:414) die eerste temperamentmodel wat ontwikkel is. Die nege dimensies van Chess en Thomas is voorgestel deur 'n keuse van hoog of laag. Kurcinka (1998:28-47) het die nege dimensies voorgestel op 'n ordinale skaal van een tot vyf, waar een laag en vyf hoog is. Die navorser is van mening dat Kagan se geïnhibeerde dimensies en nie-geïnhibeerde dimensies (vergelyk 3.3.3), geïntegreer kan word met Kurcinka se ordinale skaal. Geïnhibeerde dimensies(een) as die een pool van die dimensie en nie-geïnhibeerde dimensies (vyf) as die ander pool van die dimensie. Elke dimensie kan op 'n ordinale skaal van een tot vyf voorgestel word. Die navorser is van mening dat die dimensies van Chess en Thomas in die volgende skematiese voorstelling opgesom kan word.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**Figuur 3.1: OPSOMMING VAN TEMPERAMENT KATAGORIE EN DIMENSIES**

| Temperament (Kategorie) | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dimensies (Chess & Thomas) | | | | | | | | |
| Aktiwiteit | Gereeldheid | Toenadering of ontrekking | Aanpasbaarheid | Responsiwiteit | Intensiteit van reaksie | Kwaliteit van gemoeds-toestand | Afleibaarheid | Deursettings-vermoë en aandagspan |
| Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag | Hoog Laag |
| Ordinale Skaal (Kurcinka) | | | | | | | | |
| 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 | 1 2 3 4 5 |

1 = Geïnhibeerd
5 = Nie-geïnhibeerd

| Chess en Thomas se drie temperamenttele kategorieë | | |
|---|---|---|
| Maklike kind | Moeilike kind | Stadig om op dreef te kom kind |

In aansluiting by bogenoemde dimensies meld Shaffer (1999:399) dat die meeste outeurs ooreenstem dat die volgende dimensies as deel van die individu se temperament onderskei kan word:

- Aktiwiteitsvlak wat die pas is waarteen ‘n individu aktiwiteite meemaak.
- Negatiewe emosionaliteit dui op hoe maklik of intens ‘n individu ontstel raak wanneer iets emosioneel gebeur.
- Tevredenheid wat dui op die wyse waarop die individu kalmeer nadat iets ontstellend gebeur het.
- Angstigheid dui op die behoedsaamheid ten opsigte van onaangename stimuli.
- Sosialisering dui op die ontvanklikheid ten opsigte van sosiale stimuli.

Bogenoemde dimensies kan geïntegreer word met die EAS model, soos bespreek by 2.3.3. ‘n Hoë telling by emosionaliteit verwys na hoe vinnig ‘n baba wakker sal word deur ‘n skielike geluid en sy reaksie word gekenmerk deur hartseer. Die navorser is van mening dat hierdie dimensie, emosionaliteit geïntegreer kan word met die dimensie van intensiteit van reaksie van Chess en Thomas. (Vergelyk tabel 3.1). Die dimensie van aktiwiteit van die EAS-model kan geïntegreer word met die dimensie van aktiwiteitsvlak van Chess en Thomas. Die dimensie van sosialiteit van die EAS-model kan geïntegreer

word met die dimensie van toenadering of onttrekking van Chess en Thomas. (Vergelyk tabel 3.1.)

### 3.3.1 Dimensie en temperament

Temperament word gedefinieer as gedragstyl, wat verwys na die wyse waarop die persone teenoor die omgewing reageer. Die roetine van die meeste persone is min of meer dieselfde, naamlik eet, slaap, werk, studeer en is in interaksie met ander. Die verskil is geleë in die wyse waarop elkeen die daaglikse aktiwiteite uitvoer. Sommige reageer vinnig, intens en is geneig om hulle take vinniger te voltooi. Ander daarenteen, is rustig en stadiger in die voltooiing van take. Sekere persone pas maklik aan in 'n vreemde situasie en ander moeilik. Verskille in individue se gedragstyle verwys na die verskille in temperamente. Dit verwys dus na die hoe van gedrag wat verskil.

Die navorser is van mening dat die groepering van Chess en Thomas se nege dimensies na aanleiding van die voorstelling, bepalend kan wees in die identifisering van die temperamenttipe. Elke dimensie kan in 'n kategorie verdeel word. 'n Voorbeeld ter illustrasie kan volgens die navorser wees dat die dimensie van aktiwiteitsvlak uit verskillende kategorieë saamgestel kan word, byvoorbeeld frekwensie en spoed van beweging. Aktiwiteitsvlak of enige van die ander dimensies kan as 'n dimensie beskou word, aangesien die eienskappe van die dimensie op 'n kontinuum geplaas kan word.

Die navorser is verder van mening dat indien kategorieë in dimensies verdeel word dit meting meer betroubaar en geldig sal maak.

### 3.3.2. Kategorieë en temperament

Dit blyk uit voorafgaande dat elke temperamentkategorie waarskynlik beïnvloed sal word deur die intensiteit van die nege dimensies, soos aktiwiteitsvlak, ritme, toenadering en onttrekking, aanpasbaarheid, responsiwiteit, intensiteit van reaksie, kwaliteit van gemoedstoestand, afleibaarheid, aandagspan en uithouvermoë. Kennis van die nege dimensies laat ouers en onderwysers toe om kinders se temperamente te verstaan. Een

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


kind kan hoog meet in aktiwiteit en laag meet in deursettingsvermoë en toenadering. ‘n Ander kind in dieselfde klaskamer, kan laag meet in aktiwiteit en hoog in uithouvermoë en toenadering. Die twee kinders sal verskil in die manier hoe hulle teenoor ‘n taak sal reageer. Die eerste kind het hulp nodig om te bly fokus en die tweede kind benodig onafhanklikheid en meer tyd om sy take te voltooi (Keogh, 2003b:18). Hierdie verskille dui op die kinders se verskillende individuele temperamente. Die dimensie van aktiwiteitsvlak kan dus verdeel word in kategorieë van hoog na laag. Die navorser is van mening dat die wyse hoe die kategorieë gekategoriseer word, naamlik hoog na laag, die temperamenttipe van die individu kan voorstel.

### 3.3.3. Dimensies en Kagan se navorsing

Kagan, soos verduidelik in 2.5, het in sy navorsing gefokus op individue met geïnhibeerde eienskappe asook individue met nie-geïnhibeerde eienskappe. Kagan het na hierdie twee groepe eienskappe verwys as geïnhibeerde dimensie en nie-geïnhibeerde dimensie (Goleman, 1996:215). Die navorser stem saam dat die twee eienskappe as die twee pole van ‘n dimensie beskou kan word. Die geïnhibeerde temperamenttipe kinders verwys dus na die skaam en geïnhibeerde gedrag wat kinders toon indien hulle byvoorbeeld ‘n vreemde persoon of situasie nader. Die nie-geïnhibeerde temperamenttipe dui op kinders wat minimale onsekerheid toon wanneer hulle met ‘n vreemde persoon of situasie gekonfronteer word. Kagan meen verder dat die verskil tussen die geïnhibeerde en nie-geïnhibeerde temperamenttele dimensies geleë is in die sensitiwiteit vir prikkels van die amigdala in die brein (Vgl. 2.8.4.) Die navorser is van mening dat die verskil tussen die twee pole van die dimensie die intensiteit van die verskil tussen temperamenttipes aandui. Die twee pole (geïnhibeerd/nie-geïnhibeerd) is ‘n uitdrukking van uiterstes in temperamentverskille. Die meeste individue lê moontlik op die as tussen die twee pole (2 - 4).

Goode (2001:35) voeg by dat kinders met geïnhibeerde en nie-geïnhibeerde temperamente met verskillende neurochemie in die brein gebore word, wat bepaal dat hulle emosionele reaksies kan verskil. (Vergelyk 2.8.4.)

### 3.3.4. Kagan se navorsing en Chess en Thomas se nege dimensies

Die navorser is verder van mening dat die individu met 'n nie-geïnhibeerde temperamentele dimensie moontlik ooreenstem met 'n hoë telling op die kontinuum van die meeste van die nege dimensies van Chess en Thomas. 'n Individu met 'n nie-geïnhibeerde temperament dimensie sal dus moontlik op byvoorbeeld die aktiwiteitsvlak-dimensiekontinuum 'n hoë telling behaal. Hierdie kategorisering kan op al die verskillende dimensies van toepassing gemaak word, aangesien die individu 'n aanvaarbare nie-geïnhibeerde temperamenttipe het. Die moontlikheid bestaan dat die individu met 'n geïnhibeerde temperamentele dimensie ooreenstem met die lae kategorie op die kontinuum vy die meeste van die nege dimensies.

Vir die nege dimensies het Chess & Thomas (1989:31) 'n skaal bestaande uit drie kategorieë geïdentifiseer om te gebruik tydens hulle longitudinale studies. Die drie kategorieë of dan temperamenttipes, is dié van maklik, moeilik en stadig om op dreef te kom ("slow-to-warm up"). (Vergelyk Vasta *et al.,* 2001:456.) Die navorser is van mening dat die drie temperamenttipes as kategorieë beskou kan word, aangesien die kategorieë in definitiewe grense gekategoriseer kan word.

'n Eie mening word gehuldig dat wanneer die dimensies benut word om 'n kind se temperamenttipe vas te stel, dit nodig is om te let op gedrag wat oor die algemeen die meeste voorkom. 'n Kind kan op die kontinuum van geïnhibeerd (1) en nie-geïnhibeerd (5) 'n hoë telling toon op een dimensie en 'n lae telling op die volgende. Dit blyk nodig te wees om 'n algemene telling te bepaal op die hoë of lae kontinuum, om sodoende die temperamenttipe vas te stel.

## 3.4 DRIE TEMPERAMENTELE KATEGORIEË

Volgens die drie temperamentele kategorieë wat vir die nege dimensies ontwikkel is, word kinders ingedeel in die volgende temperamentkategorie: maklik (easy) , moeilik (difficult) en stadig om op dreef te kom (slow-to-warm-up) (Chess & Thomas, 1989:31).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Die navorser is van mening dat dit onduidelik blyk te wees in die literatuur oor hoe presies die drie kategorieë vanuit die nege dimensies saamgestel is.

Na aanleiding van die navorsing van Chess en Thomas kan die nege dimensies in drie temperamentele kategorieë opgesom word en soos volg skematiese uiteengesit word word:

**Tabel 3.2 TEMPERAMENTKATEGORIEë**

| | |
|---|---|
| Maklike kind<br>*(easy)*<br><br>40% van kinders | • Word gekarakteriseer deur gereeldheid van biologiese funksies<br>• Positiewe benadering tot nuwe situasies en mense<br>• Maklik aanpasbaar tot verandering<br>• Gemoed wat meestal positief is<br>• Glimlag teenoor vreemdelinge<br>• Pas maklik aan by nuwe omstandighede<br>• Aanvaar reëls sonder probleme<br>• Kom spontaan voor |
| Moeilike kind<br>(difficult)<br><br>10% van kinders | • Ongereelde biologiese funksies<br>• Negatiewe reaksies teenoor nuwe situasies en mense<br>• Stadig aanpasbaar tot verandering<br>• Negatiewe gemoed en uitdrukkings<br>• Periodes van baie emosioneel (positief en negatief)<br>• Moeilik om te hanteer<br>• Frustrasies en woede - uitbarstings kom gereeld voor<br>• Vinnige emosionele reaksies<br>• Teenoorgestelde as die maklike kind<br>• Weier aanvanklik om nuwe situasies te benader<br>• Gee maklik op |
| Stadig om op dreef te kom<br>*(slow-to-warm-up)*<br><br>15% van kinders | • Stadig om aan te pas by verandering<br>• Reageer negatief teenoor nuwe situasies en pas stadig aan<br>• Toon matige eerder as intense reaksies en het 'n laer neiging tot ongereelde voedingskedule<br>• Wanneer gefrustreerd en ontsteld, is die kind geneig om te onttrek aan die |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



| | |
|---|---|
| | situasies<br>• Kom skaam en teruggetrokke voor |

Bron: Chess & Thomas (1989:3); Papalia & Olds (1996:267); Vasta *et al.* (1999:456); Brooks & Goldstein (2001:117); Louw *et al.* (2001:213); Mcdonnell & Beck (2001:414); Keogh (2003a:2) en Lidz (2003:169).

Chess en Thomas (1989:33) stel dit duidelik dat alle kinders nie noodwendig in slegs een van hierdie drie temperamentele kategorieë sal inpas nie. Sommige kinders het 'n kombinasie van moontlik twee van die temperamentele kategorieë. Dit is nodig volgens Chess en Thomas (1989:36) dat wanneer daar gepoog word om 'n kind se temperamenttipe vas te stel, daar op sy gedrag oor die algemeen gelet moet word. 'n Eie mening is dat wanneer 'n kind se temperament analise bepaal word daar na die patroon van geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree, gelet moet word.

Uit die navorsing van Chess en Thomas (1989:60) was dit duidelik dat kinders se temperamenttipe 'n invloed het op die hantering van die kinders deur ouers en onderwysers. Dit is vir ouers en onderwysers aangenamer om kinders met 'n makliker temperament groot te maak as kinders met 'n moeilike en stadig-om-op-dreef-te-kom temperamenttipe. Uit verdere navorsing blyk dit dat indien die stadig-om-op-dreef-te-kom kinders boodskappe van die omgewing ervaar om vinniger aan te pas, veral tydens skooltoetrede, hulle moontlik gedragsprobleme kan ontwikkel (Keogh, 2003a:2; Mcdonnell & Beck, 2001:415). Hierdie boodskappe wat kinders dikwels van hulle omgewing kry om hulle aangebore temperament aan te pas om by die omgewing te pas, kan daartoe lei dat hierdie kinders moontlik van kontakgrensversteurings gebruik sal maak om hulle behoeftes te bevredig, soos uiteengesit in 4.4.4.6. 'n Eie interpretasie is dat die kind se temperament 'n invloed het op ouerskap en die hantering van die kind.

### 3.4.1. Invloed van die omgewing op die individu se temperament

Uit die navorsing van Chess en Thomas (1989:60-63) blyk dit dat 'n "goodness to fit"-omgewing bestaan wanneer die versoeke en verwagtinge van die individu se omgewing verenigbaar is met die individu se temperament. 'n "Poorness to fit"- omgewing is

wanneer die versoeke en verwagtinge van die individu se omgewing buitensporig is en nie verenigbaar is met die invidue se temperament nie. Dit dra daartoe by dat die invidu nodig het om sy temperament so aan te pas dat dit by die omgewing se eise pas. Hierdie aanpassing veroorsaak dikwels stres wat kan lei tot ‘n onvoltooidheid. (Vergelyk 4.4.4.4.) Die aanpassing wat die individu moet maak om by die omgewing se eise aan te pas, kan volgens eie mening ooreenstem met die individu se persoonlikheid. (Vergelyk 2.3.1.)

‘n Kind met ‘n stadig-om-op-dreef-te-kom temperamentele kategorie soos verduidelik in tabel 3.2, benodig ‘n omgewing waar hy genoegsame tyd en aanmoediging kry om ‘n nuwe situasie te betree. Wanneer die omgewing dus die kind genoegsame geleentheid gee om in ‘n nuwe situasie aan te pas, sal die kind optimaal kan funksioneer (Chess & Thomas, 1989:63). Die mening word gehuldig dat die geleentheid en tyd wat die kind se omgewing hom bied om aan te pas op ‘n “goodness to fit”-omgewing dui.

Die navorser is van mening dat ‘n goeie passing tussen ouers en kinders se temperamente nie noodwendig daarop dui dat ouers en kinders se temperamente ooreen moet stem nie. Die eise en verwagtinge wat ouers aan ‘n kind stel, moet ooreenstem met sy temperament alvorens dit ‘n goeie passing is.

Chess en Thomas (1989:63) noem verder dat ‘n “goodness to fit”-omgewing nie dui op die afwesigheid van stres en spanning nie. Spanning en stres is deel van enige individu se lewe. Indien ‘n “goodness to fit” en die nuwe verwagting suksesvol bemeester word, sal vordering geskied. Indien die versoek teenstrydig is met die kind se temperamenttipe en die kind dit nie kan hanteer nie, sal ‘n “poorness to fit” ontstaan. Dit kan aanleiding gee tot die ontstaan van onvoltooidhede en ‘n swak selfbeeld en by die kind in die middelkinderjare, ‘n gevoel van mislukking in plaas van arbeidsaamheid. (Vergelyk 4.4.4.4.)

‘n Eie mening is dat dit nodig is om ouers te bemagtig met kennis oor hulle kinders se temperamenttipe. Ouers wat hul kinders se temperamente ken en verstaan, sal meer begrip en insig toon waarom hulle kinders optree soos hulle optree en hoekom dit vir hulle kinders nodig is om op ‘n sekere manier ‘n situasie te benader. Dit wil verder

voorkom of die wyse waarop ouers teenoor hulle kinders optree, daartoe kan lei dat kinders hulle temperamentele geneigdheid vir sekere gedrag kan verhoog of verlaag. Ouers moet bewus daarvan wees dat hulle hantering van hulle kinders ‘n invloed op hul kinders se gedrag het. Indien ouers hulle kinders se temperamenttipe ken, kan die ouers voorspel hoe kinders in sekere situasies mag optree. As ouers hierdie voorspellings van hulle kinders se gedrag kan maak, kan hulle beplan vir sukses (Kurcinka, 1998:187). Die mening word gehuldig dat indien ouers bemagtig word met kennis oor hulle kinders se temperamenttipe dit kan bydra dat ouers ‘n “goodness-to-fit”-omgewing vir die kinders daarstel.

Die navorser is van mening dat Chess en Thomas se nege dimensies van temperament en die drie kategorieë van temperament wat bespreek is, aanvullend tot mekaar toegepas moet word, ten einde ‘n bepaalde temperamenttipe te bepaal.

‘n Opsomming van Chess en Thomas se nege dimensies en die drie kategorieë wat aanvullend tot mekaar gebruik kan word, kan soos volg uiteengesit word:

**Tabel 3.3: OPSOMMING VAN NEGE DIMENSIES EN DRIE TEMPERAMENTKATEGORIEË**

| **NEGE DIMENSIES** | | **DRIE KATEGORIEË** |
|---|---|---|
| Aktiwiteitsvlak | Hoog | Moeilike kind/Maklike kind |
| | Laag | Stadig om aan gang te kom/Maklike kind |
| Ritme (Gereeldheid) | Hoog | Maklike kind |
| | Laag | Moeilike kind/Stadig om aan gang te kom |
| Toenadering of onttrekking | Hoog | Maklike kind |
| | Laag | Moeilike kind/Stadig om aan gang te kom |
| Aanpasbaarheid | Hoog | Maklike kind |
| | Laag | Moeilike kind/Stadig om aan gang te kom |
| Responsiwiteit | Hoog | Stadig om aan gang te kom/Moeilike kind |
| | Laag | Maklike kind |

| | | |
|---|---|---|
| Intensiteit van reaksie | Hoog<br>Laag | Moeilike kind<br>Maklike kind/Stadig om aan gang te kom |
| Kwaliteit van gemoed | Hoog<br>Laag | Maklike kind/Stadig om aan gang te kom<br>Moeilike kind |
| Afleibaarheid | Hoog<br>Laag | Moeilike kind<br>Maklike kind/Stadig om aan gang te kom |
| Deursettingsvermoë en aandagspan | Hoog<br>Laag | Stadig om aan gang te kom/Maklike kind<br>Moeilike kind |

Dit blyk dat Chess en Thomas se nege dimensies by alle persone teenwoordig is, maar dat hierdie nege dimensies varieer na gelang van die intensiteit van die dimensie.
Hierdie nege dimensies verklaar waarom sekere kinders makliker grootmaak as ander, waarom sekere kinders meer liefdevol is en makliker is om te hanteer en waarom twee kinders met dieselfde omstandighede in een huisgesin so verskillend optree (Campbell, 2003:16).

## 3.5. HIPPOKRATES SE TEMPERAMENTELE KATEGORIEË

Hippokrats se model gaan gevolglik uiteengesit word, aangesien hierdie geneesheer ongeveer 2500 jaar gelede opgemerk het dat persone van mekaar verskil en in vier temperamenttipes verdeel kan word. Verskeie skrywers is dit eens dat die oorsprong van die temperamentkategorieë hoofsaaklik afkomstig is van Hippokrates (400 v.C). (Vergelyk Keirsey, 1998:3; Heineman, 1995; Kohnstamm *et al.*, 1989:78 en Kagan, 1994:2.) Daar is ooreenkomste tussen die DISC-model en Hippokrates se temperament kategorieë in die literatuur beskryf. Die navorser se doel was aanvanklik om die verskillende modelle en temperamentele kategorieë aanvullend tot mekaar aan te wend word in die ouerbemagtiginsprogram. Uit die literatuurstudie was dit egter duidelik dat die modelle en temperamentele kategorieë nie met mekaar verbind kan word nie. Weens die feit dat Hippokrates reeds in 400 v.C. verskille in gedrag uiteengesit het, is dit nodig om Hippokrates se model as agtergrondkennis vir bespreking van die DISC-model uiteen te sit.

Temperament is volgens Hippokrates beskou as die mengsel of verhouding tussen die liggaamsvloeistowwe wat in elke persoon aanwesig is, soos in 2.6.1 uiteengesit. (Vergelyk Heineman, 1995; Kagan, 1994:2; Kohnstamm *et al.*, 1989:78; Keirsey, 1998:3.) Hierdie liggaamsvloeistowwe is die geel en swart gal, bloed en slym. Galen, 'n Romeinse geneesheer, het die idees van Hippokrates uitgelig en die vier liggaamsvloeistowwe aan vier temperamente verbind. Die vier temperamente is: sanguinies (bloed), melancholies (swart gal), flegmaties (geel gal) en choleries (slym) (Keirsey,1998:23). Rohm (1998:120) het die vier temperamenttipes van Hippokrates verbind met vier kleure. Die choleriese temperament verbind hy met groen, die sanguiniese temperament met rooi, die flegmatiese temperament met blou en die melancholiese temperament met oranje. Die rede vir die keuse van die kleure is geleë in die feit dat groen op die groen lig dui wat "gaan" ("go") beteken, wat 'n kenmerk van choleriese temperament is, rooi is die helderste kleur wat gewoonlik dadelik raakgesien word, rooi staan uit in 'n skare, wat ooreenstem met die sanguiniese temperament, blou word vergelyk met die bloulug wat sag en stabiel is. Dis sag op die oog en bly dieselfde al is 'n persoon in enige plek in die wêreld, wat ooreenstem met die flegmate en die oranje wat op die oranjelig van die verkeerslig dui, wat kenmerkend is van versigtigheid, oppas. maak dubbeld seker, wat ooreenstem met die eienskappe van die melancholiese temperament. Die navorser gaan die gebruik van die verskillende kleure benut om die temperamenttipe van Hippokrates met die temperamenttipe van die DISC-model te vergelyk. Die doel hiervan is om die ooreenkomste tussen die twee modelle vir die leser te vergemaklik.

Verskeie skrywers is dit eens dat geen persoon slegs een temperamenttipe het nie. Elke persoon is 'n unieke kombinasie van ten minste een of twee of in sekere gevalle drie temperamentkategorieë. (Vergelyk LaHaye, 1998:23; Rohm, 1998:109; Bonnstetter *et al.*, 1993:8.) 'n Eie interpretasie is dat terapeute wat temperamentbenaderings in hulle terapeutiese programme benut, daarop moet let om nie 'n persoon in een temperamenttipe te plaas nie, maar moet in gedagte hou dat 'n persoon 'n kombinasie van temperamenttipes het. Die vier temperamenttipes naamlik, sanguinies, melancholies,

flegmaties en choleries kan soos volg beskryf word, soos uiteengesit deur Rohm (1998:109-130); LaHaye (1994:11-109); LaHaye (1998:30-48).

### 3.5.1. Sanguiniese temperament

Die sanguin is ‘n individu met ‘n vriendelike geaardheid. Hy is almal se beste vriend, niemand is vir die persoon ‘n vreemdeling nie. Hierdie temperamenttipe is die een wat uitstaan in ‘n groep kinders deurdat hy aandag trek deur sy verbale vermoëns. Hy word gekenmerk deur sy kort aandagspan. Hy sal rusteloos van een aktiwiteit na die volgende beweeg. Hy is gewoonlik die middelpunt van aandag. Hy kan met gemak ander persone namaak. Hierdie persoon is geneig om maklik voor te gee.

Sanguiniese persone kan gekenmerk word deur hulle waaghalsigheid en impulsiwiteit (tree nou op en dink later oor die gevolge). Hierdie persoon is geneig om ander persone tevrede te stel. Hulle is altyd gretig om gehoorsaam te wees aan hulle meerdere, maar kan maklik weggevoer word deur nuuskierigheid of verandering van die omgewing. Dit wil dikwels lyk of hy met opset ongehoorsaam is, wat nie die geval is nie. Die eintlike rede is dat hy geneig is om maklik te vergeet en maklik meegevoer te word in die oombliklike.

Hierdie persoon met ‘n sanguiniese temperament is geneig om maklik leuens te vertel. Hy is geneig om maklik reëls te probeer buig soos dit hom pas. Hy vind dit dus maklik om grense uit te daag. Sanguiniese persone herstel maklik wanneer hulle gestraf word en kan vergelyk word met ‘n verkleurmannetjie. Hierdie temperamenttipe is geneig om moeilik alleen te speel. Hy is mensgeoriënteerd en verkies om in ander se geselskap te wees. Hy hou daarvan om homself of sy besittings te deel met ander om sodoende ander se guns te wen. ’n Eie mening is dat die persoon min selfbeheer het, aangesien hy neig om ‘n volgeling te wees. Hy kan maklik aanpas by teleurstellings en die beste van ‘n situasie maak. Die navorser is van mening dat die gevaar egter bestaan dat indien hierdie persoon verskeie teleurstellings het, hy moontlik in selfbejammering en depressie kan verval.

Hy is ongedissiplineerd ten opsigte van byvoorbeeld huiswerk. Hierdie temperamenttipe se grootste behoefte is liefde en aanvaarding deur ander. Wanneer 'n sanguin ontmoedig word, is hy geneig om in selfbejammering te verval. Hierdie kind kan maklik deur sy portuurgroep beïnvloed word, kan rusteloos voorkom en toon dikwels swak selfbeheer. Hierdie temperamenttipe het 'n konstante behoefte aan onmiddellike bevrediging. Hy benodig baie liefde en aanvaarding. Hierdie persoon is geneig om wanneer ander rondom hom in konflik is, homself te onttrek. Hy is geneig om 'n volgeling te wees en daarom kan hy maklik misbruik word deur sy portuurgroep. Hierdie persone word gekenmerk deur hulle barmhartige hart (LaHaye, 1998:22-30; LaHaye, 1994:17; IVDrive.net, 2005.) 'n Eie mening is dat indien ouers 'n outoritêre ouerskapstyl gebruik om hierdie temperament te hanteer, dit moontlik daartoe sal lei dat die kind weerstand sal toon, meer emosioneel sal wees en die verhouding sal gekenmerk word deur 'n magstryd tussen die wille van die kind en ouers.

Die temperamenttipes wat deur Hippokrates beskryf word, kan volgens Trent, Osborne en Bruner (2003:106) met diere vergelyk word om dit op 'n meer praktiese wyse aan gesinne te kan verduidelik. Die sanguiniese temperamenttipe kan vergelyk word met 'n otter. Otter word gekenmerk deur hulle spelerigheid. Hulle eet terwyl hulle op hulle rug dryf en is mal oor pret. Hulle is uiters sosiaal, en hou van baie slaap. Hierdie kenmerke van die otter kan dus ooreenkom met die persoon in die sanguiniese temperamenttipe.

Geen persoon kan net 'n dominante sanguiniese temperament toon nie. Daar bestaan volgens LaHay (1998:47) ook vermengings. Hierdie skrywer konstateer verder dat ouers dikwels die kinders identifiseer as een van die vermengings van die vier basiese temperamentgroepe. Die vermengings bestaan nie uit gelyke dele nie. 'n Persoon met 'n 75% sanguiniese komponent en 25% choleriese komponent word die SANCHOL temperamenttipe genoem. Die twaalf vermengings van die vier temperament kategorieë van Hippokrates, dui daarop dat een van die vier hoofgroepe as primêre en die ander as die sekondêre temperament beskou word. Wanneer die persoon onder stres is sal hy geneig wees om sterker uit sy dominante temperament te funksioneer (Fourie, 1998:38 & La Haye, 1998:47-48). Die navorser is van mening dat daar uit die literatuur ooreenkomste tussen Hippokrates en die DISC-model bereik kan word (Rohm, 1998:26).

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Die vermengings waar die grootste gedeelte 'n sanguiniese komponent en 'n kleiner gedeelte van die ander basiese temperamente kan soos volg uiteengesit word vir agtergronddoeleindes:

#### 3.5.1.1 SANCHOL   Sanguinies/Cholerie s

Primêr is die temperamenttipes sanguinies en sekondêr choleries.  Weens die feit dat beide die temperamenttipes uitgaande is, is die resultaat van die kombinasie 'n ekstreme ekstroverte persoon.  Die entoesiasme van 'n sanguiniese persoon gekombineer met die dryfkrag van 'n choleriese persoon, veroorsaak dat 'n persoon meer  produktief is.  Die persoon moet dus aktiwiteite en opwinding in sy lewe hê.   Die feit dat daar 'n beïnvloeding van die choleriese temperament by is, dra by dat die persoon meer gedetermineerd is as wat hy sou wees.  Hierdie persoon geniet sport, maar verkies om deel te neem eerder as om die toeskouer te wees.  Die SANCHOL-persoon is uitermatig spraaksaam en sê gewoonlik meer as wat hy moet en lê hierdeur sy swakpunte bloot.  Hierdie kind sal geneig wees om by die skool presies te vertel wat by sy huis gebeur.  Hy is geneig om te praat voor hy dink.  Wanneer hierdie kind teengestaan word, sal hy geneig wees om sy saak sterker na vore te bring.  Woede is gewoonlik die grootste probleem wat hierdie persoon moet hanteer.  Wanneer hierdie persoon kwaad is, is hy geneig om sy gevoelens hard en duidelik uit te druk.  Hierdie temperamenttipe se grootste uitdaging is om dit waarmee hy begin het, te voltooi.  Hierdie persoon is geneig om meer aan te pak as wat hy kan voltooi.  Hierdie individu kom voor asof hy te veel van homself dink.  Hierdie gedrag kan moontlik 'n kind se portuurgroep afstoot (LaHaye, 1998:48-50).  'n Eie interpretasie is dat indien hierdie kind agterkom dat die portuurgroep weerstand teen hom toon, dit kan veroorsaak dat hy sterker na vore sal kom, wat hulle meer weerstand sal laat toon.  Blom (2003:17) gee moontlike hanteringwyses om die SANCHLOR-temperamenttipe kind  te hanteer.  Ouers moet hierdie kind begelei om van sy verkeerde dade bewus te wees en verantwoordelikheid daarvoor te neem.  Hierdie kinders moet leer dat dit nie altyd ander se skuld is nie en dat hulle ander moet konsidereer.  Hierdie temperamenttipe  kind moet leer dat alles in die lewe nie net om homself sentreer nie en dat hy nie altyd sy sin kan kry vir alles nie.  Die kind moet van kleins af  begelei word om eienskappe van konsekwentheid, deursettingsvermoë en

selfdissipline te bevorder. Die kind moet leer om klaar te maak waarmee hy begin het. ‘n Eie interpretasie is dat die feit dat daar ‘n choleriese komponent by is, dit die kind help om sy take te voltooi. Dis egter nodig om die kind te help om dit te probeer vermy om meer aan te pak as wat hy kan voltooi.

### 3.5.1.2. SANMEL Sanguinies/Melancholies

Hierdie vermenging dui op sanguinies as primêr en melancholies as sekondêr. Die SANMEL-temperament is geneig om tussen hoog en laag te fluktueer. Die temperamenttipe is hoogs emosioneel. Een oomblik kan die persoon histeries huil en sonder enige rede begin lag en omgekeerd, afhangend van die situasie. Hierdie persoon kan empatie met ander toon. Hy kan dus die pyn van ander as sy eie voel. Die temperamenttipe is geneig om betrokke te wees by openbare optrede en musiek. Weens hierdie persoon se mensingesteldheid, is hy geneig om deel te neem aan aktiwiteite waar hy ‘n gehoor het. Hierdie is dus ‘n gebore akteur. Beide die sanguiniese en melancholiese temperament is geneig om dromers te wees. Solank die sanguiniese temperament dominant is, sal die persoon positiewe drome hê. Indien die melancholiese temperament dominant is, sal die persoon negatiewe denke hê en voel dat hy nie daartoe in staat is om enigiets te kan doen nie. Sy gemoed wissel dus van hoog na laag. Die sanguiniese temperament het ‘n geneigdheid om gou kwaad te word en die melancholiese temperament ‘n geneigdheid om vrese te hê. Die SANMEL-kombinasie word gekonfronteer met beide vrees en aggressie. Dit gee daartoe aanleiding dat die persoon gevoelens van gebrekkige sekuriteit het en verkies om omring te wees deur ander persone wat hom liefhet en aanvaar soos hy is. Dit is belangrik vir die persoon dat ander van hom moet hou en goed van hom moet dink. Die kind benodig dus konstant herversekering van ouerlike liefde. Hierdie persoon het ook ‘n behoefte om tussen ander te wees wat hom aanvaar en sy gevoelens erken. Hierdie vermenging benodig leiding in selfdissipline (LaHaye, 1998:50-53). Die navorser is van mening dat dit blyk dat hierdie temperamenttipe geneig is om, indien hy nie selfdissipline aangeleer het nie, moontlik op te gee. Blom (2003:18) gee moontlike wyses in die hantering van ‘n SANMEL-temperamenttipe kind. Hierdie temperament het ‘n kunssinnige komponent in sy

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



temperament, en moet dus blootgestel word aan musieklesse van kleins af, aangesien hierdie kind 'n natuurlike waardering het vir musiek. Hy benodig egter aanmoediging om aan te hou met lesse waarmee hy begin het. Ouers moet hom dus leer om homself te dissiplineer. Hy is geneig om stories goed te fabriseer en groot leuens te vertel wat ooglopend nie die waarheid is nie. Hy is geneig om homself maklik uit die moeilikheid te praat, veral indien dit met moontlike straf gepaardgaan. Dit dra by dat dit die ouers maklik skuldig laat voel as hy gestraf word. Hierdie kind is geneig om gewild te wees by sy vriende en kom meer 'n perfeksionis voor as die SANCHLOR. Hy kan ander seermaak deur verbale kritiek en moet leer om begrip te ontwikkel vir ander persone met minder vaardighede as hyself. (Vergelyk LaHaye, 1998:52.)

**3.5.1.3. SANPHLEG Sanguinies/Flegmaties**

Die sanguiniese komponent dui op die primêre temperament en die flegmatiese op die sekondêre temperament. Hierdie persoon kom as hartlik, liefdevolle en gelukkige bemoeial voor. Hulle veroorsaak selde probleme. Hulle wil gewoonlik dadelik hulle sin hê, maar raak nie baie kwaad indien dit nie gebeur nie. Die gebrek aan dissipline van die sanguiniese temperament gekombineer met die gebrek aan motivering van die flegmaat, lei tot die gebrek aan deursettingsvermoë. Hy is geneig om nie vir die toekoms te beplan nie en is ook nie bekommerd oor die verlede nie. Hierdie persoon is geneig om 'n kort aandagspan te toon. Die sanguiniese temperament wat nie-geïnhibeerde is gekombineer met die humor van die flegmatiese temperament, dra by dat die persoon geneig is om ander te laat lag. Hierdie temperament is besonder lief vir ander persone. Van al die temperamenttipes, is die SANFLEG geneig om die minste te beplan vir die toekoms. Dit bring mee dat 'n kind gewoonlik herhaaldelik vir dieselfde oortreding gestraf word. 'n Kind met hierdie temperamentvermenging sal geneig wees om sy beste te gee indien hy 'n goeie verhouding met sy leerkrag het, en die teenoorgestelde indien hy nie 'n goeie verhouding met sy leerkrag het nie (LaHaye, 1998:53-54). 'n Eie interpretasie is dat die kind se temperament dus 'n invloed kan hê op sy verhouding met ander en veral die juniorprimêre kind wat skool toetree. Blom (2003:19) beskryf moontlike hanteringswyses van die temperamenttipe. Ouers moet die kinders van jongs af selfdissipline aanleer. Daar moet nie enige prente teen die muur van die kamer wees wat

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


die kind se aandag kan aflei wanneer hy studeer nie. Die kinders kan dikwels 'n gewigsprobleem hê as gevolg van swak eetgewoontes, naamlik te vinnig eet, verkeerd en tussenin eet. (Vergelyk LaHaye, 1998:54.) Die navorser is van mening dat dit blyk of die tipe temperament kind geneig is om 'n probleem te hê met selfbeheer en selfdissipline.

### 3.5.2. Choleriese temperament

Die choleriese temperament stem ooreen met die kleur groen, soos gesien in die groen verkeerslig wat dui op “gaan” (Engels: “go”)(Rohm, 1998:110). Hierdie temperamenttipe word gekenmerk deur onafhanklikheid van so vroeg of as die ouderdom van twee jaar. Hierdie persoon verkies om dinge self te doen, wys duidelik wanneer hy ongelukkig is en word herken aan sy sterk wil. Hierdie kind en ook die volwassene is aktief en kan beskou word as ‘n sterk leier. Hy staan bekend as die organiseerder en het baie selfvertroue. Weens die geneigdheid om baie selfvertroue te hê, sê hy wanneer hy verskil of voel hy word te na gekom. Kinders is verder geneig om nie teë te hou nie: hulle sê wat hulle dink, dikwels nie diplomaties nie. Dis nie vir hierdie persoon belangrik om ander tevrede te stel nie. ‘n Kind kan sy ouer toets om te sien hoe ver hy kan kom. Hierdie kind is ook geneig om grense te toets. ‘n Persoon met ‘n choleriese temperament wil die leier wees binne sy vriendekring en gesin. Hy kom die meeste van die tyd gedetermineerd voor. ‘n Choleriese kind het ‘n baie groot behoefte om definitiewe areas van verantwoordelikheid en leierskap te hê. Die graad van verantwoordelikheid moet ouderdomsgepas wees. Die choleriese kind word gekenmerk deur ‘n aktiewe brein, wat die beste beheer en gerig kan word deur die kind in beheer te plaas en verantwoordelikhede te gee.

Hierdie temperamenttipe strewe na aktiwiteite wat produktiwiteit voorop stel, kan ‘n leuen vertel om reëls te ontduik en hou nie daarvan om te erken wanneer hy verkeerd was nie. Wanneer ander kinders moed verloor het, sal die choleriese kind geneig wees om die taak oor te neem en self te voltooi. Die verskil van die choleer met die sanguin is dat die sanguin geneig is om ‘n leuen te vertel in ‘n poging om sy eie ego te versterk. ‘n Choleer is geneig om sy onafhanklikheid te oefen en dan ‘n leuen te vertel om die reëls te verontagsaam. Hy hou nie daarvan om nee vir ‘n antwoord te aanvaar nie en sal die nee ontduik deur ‘n leuen te vertel (LaHaye, 1998:30-35; LaHaye, 1994:40). (Vergelyk IVDrive.net, 2005.)

‘n Eie interpretasie is dat indien ouers ‘n outoritêre ouerskapstyl gebruik om die temperament te hanteer, dit kan lei dat die kind weerstand binnekant sal hou. Dis nodig om hierdie temperament te oortuig deur te erken met die saak eerder as om van hom te

verskil. Beheer is die temperament se emosionele behoefte, en die kind moet gedurig in beheer voel om optimaal te funksioneer.

Die temperamenttipe kan volgens Trent *et al*. (2003:105-106) vergelyk word met 'n leeu. Leeus verkies om ander diere te beheer. Hulle laat hulle geld en aanvaar uitdagings. Hulle wil leiding neem en in beheer wees van hoe dinge gedoen word. Dis nie nodig om die leeu te motiveer nie, die rigting moet net aangedui word.

Die vermengings waar die grootste gedeelte 'n choleriese komponent is met 'n kleiner gedeelte van die ander basiese temperamente, kan soos volg uiteengesit word vir agtergronddoeleindes:

**3.5.2.1 CHLORSAN Cholerie s/Sanguinies**

Die choleriese temperament is primêr en die sanguiniese temperament dui op die sekondêre komponent. Hierdie persoon is 'n ekstrovert maar nie so ekstreem soos die SANCLOR nie. Die temperamenttipe het 'n sterk wil van sy eie, is onafhanklik, selfversorgend, ooraktief en selftoereikend. Die CHLORSAN-temperamenttipe is geneig om praters te wees en hou daarvan om met ander te redeneer en te argumenteer. Hulle het 'n neiging om hulle optrede te regverdig, ongeag daarvan of dit verkeerd of reg is. Blom (2003:20) beskryf hanteringswyses van die temperamenttipe. Ouers moet die kind se sterk wil van kleins af probeer buig om die kind te leer om gehoorsaam te wees aan liefdevolle maar ferm gesag. Hierdie temperamenttipe is daarop uit om sy eie weg te volg en is slim om te kry wat hy wil hê. Die kinders is groot praters en argumenteer van jongs af met ouers en moet altyd die laaste woord inkry, wat baie keer die oorsaak van straf is. Hulle wil altyd hulle optrede regverdig (reg of verkeerd) en het altyd 'n antwoord gereed oor waarom die reël gebreek moet word of nie op hom van toepassing gemaak moet word nie. Die kind moet verkieslik 'n deelnemer wees by sportgeleenthede, aangesien hy van kompetisie hou en wil die middelpunt van aandag wees. Hy is 'n goeie debatteerder en argumenteerder. Hy hou nie baie van studie nie en verkies meer aktiewe dinge en projekte waar hy in beheer kan wees. Hy moet leer om sy

sterk wil te benut om sy humeur te beteuel, ander nie te onderbreek nie, huiswerk te doen en konsidererend te wees teenoor ander. (Vergelyk LaHaye, 1998:57-58.)

### 3.5.2.2 CHLORMEL Cholerіes/Melancholies

Choleries dui op die primêre temperament en die melancholiese gedeelte op die sekondêre temperament. Die temperamenttipe is geneig om aktief en produktief te wees. Hierdie temperamenttipe verkies om onafhanklik te wees. Hulle soek net liefde as hulle in die stemming daarvoor is. Hierdie kombinasie is die onafhanklikste en kom reeds vroeg in kinders se lewens voor (LaHaye, 1998:58-59). Blom (2003:21) beskryf die hanteringswyse van die temperamenttipe. Ouers kan verwerp voel, aangesien die kind net liefde soek indien hy in die stemming daarvoor is. Die ouers kan dit moontlik hanteer deur emosioneel van die kind te onttrek en dit is nodig dat ouers die kind moet aanvaar, al druk hy nie sy liefde uit nie. Die kind kan kwaad en sarkasties wees, aangesien die temperament ‘n kombinasie is tussen die “moeilik om tevrede te stel” van die choleriese temperament en die perfeksionisme van die melancholiese temperament. Dit dra daartoe by dat hierdie kind dikwels weerstand kan bied. Hy moet leer om ‘n wag voor sy mond te hou as hy kwaad is. Ouers moet geduld hê om hom te leer om asseblief en dankie te sê. Die kind is geneig om goed op skool te doen indien goeie studiegewoontes aangeleer word en hy leer om behoeftes aan buite-aktiwiteite met studie te balanseer. Die navorser is van mening dat die indien ouers hierdie temperamenttipes het dit ‘n moontlike invloed kan hê op die wyse hoe hulle vir hulle kinders wys dat hulle hul liefhet.

### 3.5.2.3 CHLORPHLEG Choleries/Flegmaties

Die choleriese komponent is die primêre temperament en die flegmatiese komponent die sekondêre temperament. Hierdie temperamenttipe is die minste uitgaande van die ekstrovertiese temperamente en is geneig om meer bedagsaam en georganiseerd te wees in alles wat hy doen. Wanneer hierdie persoon iets beplan, voer hy dit deur. Hierdie persoon is hardwerkend. Die kombinasie van die hardkoppige gedetermineerdheid van die choleriese temperament en die hardkoppigheid van die flegmatiese temperament, veroorsaak dat dit moeilik is om hierdie persoon te oortuig om sy standpunt te verander.

Indien die onderwyser hom in die klas sou straf sal hy geneig wees om te dink die onderwyser is verkeerd. Dis vir hierdie temperamentvermenging moeilik om te erken dat hy verkeerd is (LaHaye, 1998:56-60). Blom (2003:21) is van mening dat ouers hierdie kinders moet leer om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar. Hierdie kinders is geneig om ander kinders in die moeilikheid te kry, sonder om hulself te impliseer. Hy moet van jongs af regte godsdienstig waardes aangeleer word, aangesien hy meer gedetermineerd en hardkoppig word namate hy ouer word.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


### 3.5.3. Melancholiese temperament

Die melancholiese temperament stem ooreen met die kleur oranje (Rohm, 1998:110). Die oranje van 'n verkeerslig wys op versigtigheid, maak dubbeld seker, wat ooreenstem met die karaktertrek van die melancholiese temperament. 'n Melancholiese persoon is geneig om depressief te raak wanneer nie aan sy vereistes voldoen word nie. Hierdie persoon is dus baie sensitief en neig om perfeksionisties te wees.

Indien die persoon byvoorbeeld nie die beste punte kry nie, glo hy hy druip of hy is 'n mislukking in sy werk. So 'n persoon kom baie konsensieus voor, alles moet perfek en georganiseerd wees. Ouers moet oplet wanneer daar 'n drastiese verandering in hulle melancholiese kind se skoolwerk is. Hierdie kind is geneig om hoë doelwitte en standaarde aan homself te stel. Wanneer hy dit nie bereik nie, kan hy ontmoedig word. So 'n persoon kom pligsgetrou voor. Hierdie temperamenttipe se grootste behoefte is om reg en korrek te wees. Hy kan nie kritiek hanteer nie en beweeg van een gemoedstoestand na 'n ander, sonder veel rede. Hy ontsnap maklik van die realiteit deur fantasie. Hy kan pessimisties voorkom en homself maklik deur negativisme onderkry. Hy is geneig om sy eie talente nie raak te sien nie. Gevoelens van mislukking en ontoereikendheid kom maklik by hierdie kinders voor (LaHaye, 1998:36-41; LaHaye, 1994:45; IVDrive, 2005.) 'n Eie interpretasie is dat indien ouers 'n outoritêre ouerskapstyl toepas om die kind te hanteer, dit daartoe kan lei dat die kind innerlik vyandig kan wees. Hy sal met teensin doen wat van hom verwag word en innerlik ongelukkig wees, maar dit nie wys nie.

Die melancholiese temperament stem ooreen met bewers. Bewers wil gewoonlik hulle huise reg bou en volgens die boek (Trent *et al.*, 2003:108).

Die vermengings met die grootste gedeelte 'n melancholiese komponent en 'n kleiner gedeelte van die ander basiese temperamente kan soos volg uiteengesit word vir agtergronddoeleindes:

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



### 3.5.3.1. MELSAN Melancholies/Sanguinies

Die melancholiese komponent dui op die primêre temperament en die sanguiniese komponent op die sekondêre temperament. Hierdie temperamentvermenging word gekenmerk deur individue wat introvert is. Hierdie kind word gekenmerk deur 'n bondel emosies, deurdat hy een oomblik lag en die volgende oomblik huil. Hy het 'n geneigdheid om onseker en angstig voor te kom en het gewoonlik 'n probleem met selfaanvaarding. Ouers moet daarvan bewus wees dat hierdie temperamenttipe kind geneig is om 'n innerlike ontevredenheid te hê en dat hulle kritiek baie persoonlik neem. Hierdie individu is gewoonlik nie net geneig om selfkrities te wees nie, maar is ook krities teenoor ander. 'n Eie interpretasie is dat hierdie kind geneig sal wees om asosiaal te wees, wat 'n invloed kan hê op sy sosiale ontwikkeling.

### 3.5.3.2. MELCHLOR Melancholies/Choleries

Hierdie temperamentvermenging kan beskryf word as "soos klei in die ouers se hande". Hierdie kinders is geneig om die meeste fiemies te toon. Hulle is veeleisend en neig om besitlik te wees, klaerig, selfsugtig en moeilik om mee oor die weg te kom. Die individue stel baie eise aan ander en as kinders kom hulle as besitlike "klouers" voor. Hulle is geneig om nie so temperamenteel as die MELSAN te wees nie, maar die choleriese deel lei daartoe dat die negatiewe gemoedstoestand langer aanhou. Hulle is geneig om nie maklik op te gee nie, ook nie hulle negatiewe gemoed nie. 'n Eie interpretasie is weens die selfsugtige aard van die kind 'n invloed sal hê op sy sosiale ontwikkeling. Hierdie kind kom nie goed met ander kinders oor die weg nie en dit kan meebring dat hy voel dat almal teen hom is. Hy sal dit hanteer deur homself terug te trek na sy eie kamer toe (LaHaye, 1998:62-64). Blom (2003:23) beskryf moontlike hanteringswyses van MELCHLOR-kinders. Hierdie kinders kom maklik vyandig voor en word gekenmerk deur dit wat hulle wil hê ander moet doen en nie doen nie. Hulle is geneig om hulle ouers te blameer, eerder as om hulle eie foute te erken. Hulle sal hulleself kritiseer, maar hou nie van kritiek afkomstig van ander mense nie. Hulle is geneig om 'n berg van 'n molshoop te maak. Ouers moet sensitief wees vir talente en spesiale hulp gee om dit te ontwikkel. So 'n kind het baie aanmoediging nodig, veral as iets reg gedoen word. Ouers

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



moet daarvan bewus wees dat hierdie kinders nuwe dinge moet aanpak, aangesien hulle geneig is om dieselfde dinge oor en oor te doen. Hulle is geneig om krities van aard te wees. Hierdie temperamenttipe is geneig om lank met negatiewe gevoelens te loop en homself te kritiseer. Hy hou egter nie daarvan om deur ander gekritiseer te word nie. (Vergelyk LaHaye, 1998:63-65.) Die navorser is van mening dat indien die kind sou ervaar dat hy iets reg gedoen het, dit hom sal aanmoedig om optimaal te funksioneer.

**3.4.3.3. MELPHLEG Melancholies/Flegmaties**

Die melancholiese komponent dui op die primêre temperament en die flegmatiese komponent op die sekondêre temperament. Hierdie temperamenttipe, kan óf met ander oor die weg kom óf glad nie. Hy is geneig om 'n alleenloper te wees wat sy eie geselskap verkies. Hierdie persoon kom stil en beheerd voor. Weens die melancholiese gedeelte, is hierdie persoon geneig om sensitief te wees. Indien hy nog 'n kind is, kom hy as 'n emosionele klouer voor (LaHaye, 1998:61-64). Die kind kan hanteer word deurdat ouers moet besef dat die kind se seergemaakte gevoelens hulle nie daarvan moet weerhou om hom te dissiplineer nie. Indien dissipline met liefde gepaardgaan, sal sodanige kind vinniger daarop reageer as enige van die temperamente. Die kind is geneig om baie sensitief te wees. Hy is geneig om baie selfsugtig en selfgesentreerd te wees en moet daarom leer om te deel en met ander te speel. Hierdie kind is geneig om in die kamer te gaan sit as ander kom kuier (Blom, 2003:24; LaHaye, 1998:64-65). 'n Eie interpretasie is dat die kind deur die ouers begelei moet word om vriende te maak, aangesien sy introvertiese neiging moontlik 'n invloed sal hê op sy portuurgroepverhoudinge.

### 3.5.4 Flegmatiese temperament

Die flegmatiese temperament stem ooreen met die kleur blou (Rohm, 1998:112). Blou verwys na sag, die stabiele kleur van die blou hemel. Dis sag op die oog en bly dieselfde, maak nie saak waar ‘n persoon hom in die wêreld bevind nie. Die flegmatiese temperament is stil, kalm en gemaksugtig en die blou kleur toon ooreenstemming met die karaktertrekke van die flegmatiese temperament. Weens die feit dat hierdie kind nie sy ouers se aandag eis nie, kan dit dikwels daartoe aanleiding gee dat die kind nie voldoende aandag kry nie. Hierdie temperamenttipe is geneig om stadige eters te wees en hou daarvan om hulle kos op hulle borde te herorganiseer. Hulle is geneig om swak eters te wees en eet gewoonlik net waarvan hulle hou. Sodanige persoon is geneig om ‘n gebrek aan motivering te hê. Hulle is introverte en onttrek maklik aan ‘n situasie as hulle in die moeilikheid is. ‘n Flegmatiese persoon sal geneig wees om ‘n leuen te vertel om uit die moeilikheid te kom.

‘n Persoon met ‘n flegmatiese temperament is geneig om selfsugtig voor te kom. Hy deel moeilik sy besittings. ‘n Kind met ‘n flegmatiese temperament sal sy speelgoed onder sy arm wegsteek om homself so te beskerm en in beheer te wees. Hy kan ‘n terggees wees vir ander om hulle humeur te verloor. ‘n Flegmatiese persoon kan homself ure lank besig hou. So ‘n kind verkies om alleen te speel, waar hy homself besig kan hou. Hy kom nie as ‘n leier in sy portuurgroep voor nie. ‘n Verhouding is vir hierdie kind van kardinale belang en kan dus maklik beïnvloed word. ‘n Flegmatiese persoon se grootste behoefte is aan goeie verhoudings en harmonie. Hy sal geneig wees om altyd harmonie te probeer bewerkstellig. Wanneer ‘n taak uitgedeel word, is hierdie persoon geneig om ‘n toeskouer te wees, in plaas van ‘n deelnemer. ‘n Flegmatiese kind kan maklik mislei word deur sy portuurgroep. Groepsdruk het ‘n groot invloed op hierdie kind, aangesien die kind geneig is om harmonie voor te staan, wat daartoe aanleiding kan gee dat hy sal toegee aan groepsdruk (LaHaye, 1998:42-46; LaHaye, 1994:50; Vergelyk IVDrive.net, 2005). ‘n Eie interpretasie is dat die kind geleer moet word om sy eie selfstellings en stellings teenoor ander te maak. Hierdie kind kom gewoonlik stil, passief en angstig voor en moet stelselmatig begelei word om uit sy dop te kruip. Wanneer take verrig moet word, moet hierdie kind doelbewus betrek word, aangesien hy geneig is om eerder die

toeskouer te wees. Dit kan volgens die navorser 'n moontlike invloed hê op die nuwe uitkomsgebaseerde onderwys en dis nodig dat die onderwyser hiervan bewus gemaak word.

Die flegmatiese temperament kan volgens Trent *et al*. (2003:107) vergelyk word met kolliehonde. Hierdie diere is geneig om aanpasbaar te wees en sal almal wat aan hulle aandag gee, tevrede wil hou. Hulle kom voor as lojale en liefdevolle diere.
Die vermengings mer die grootste gedeelte 'n choleriese komponent en 'n kleiner gedeelte van die ander basiese temperamente, kan soos volg uiteengesit word vir agtergronddoeleindes:

**3.5.4.1. PHLEGSAN Flegmaties/Sanguinies**

Die flegmatiese gedeelte dui op die primêre temperament en die sanguiniese gedeelte op die sekondêre temperament. Hierdie temperament word beskryf as die maklikste temperamenttipe om mee oor die weg te kom. Die kinders kom voor as gelukkige babas en kom so "perfek" voor dat dit ouers dikwels blind kan maak vir hulle beperkinge. Hierdie individu het dikwels 'n gebrek aan motivering. Beide die sanguiniese temperament en die flegmatiese temperament is gedetermineerd, selfbeheersd of selfgedissiplineerd. Hierdie temperamenttipe kind is gewoonlik maklik om te dissiplineer. Die individu is geneig om ander te terg en kom as 'n natuurlike uitsteller voor. Die PHLEGSAN individu kom gewoonlik skaam en huiwerig voor en moet gehelp word om uit sy dop te kruip. 'n Eie interpretasie is dat indien ouers streng en krities is, dit moontlik daartoe sal lei dat hierdie kind hom meer sal onttrek. Die kinders moet selfdissipline geleer word. Hulle reageer goed op straf en het 'n sterk behoefte om ander tevrede te stel. Hulle kom skaam en teruggetrokke voor (Blom, 2003:24; LaHaye, 1998:66). 'n Eie interpretasie is dat 'n outokratiese ouer moontlik die kind meer stil en teruggetrokke sal maak.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


### 3.5.4.2. PHLEGCHLOR Flegmaties/Choleries

Die flegmatiese gedeelte dui op die primêre temperament en die choleriese gedeelte op die sekondêre temperament. Hierdie temperamenttipe stem baie ooreen met die FLEGSAN, behalwe dat die individu meer gedissiplineerd en meer ekstroverties is. Die choleriese komponent lei daartoe dat die individu meer doelgerig en selfgemotiveerd is as al die flegmatiese temperamenttipes. Hierdie temperamenttipe is geneig om maklik kwaad te word. Hoewel die persoon maklik met ander oor die weg kom, is hy geneig om hardkoppig, selfsugtig en onversetlik te wees. Die kind met dié temperament is geneig om passief voor te kom en benodig aanmoediging van sy ouers. Die kinders kan hanteer word deur hulle selfkontrole aan te leer. Hierdie kinders is geneig om indien die lewe sleg raak, hulle na ‘n kunsmatige wêreld van televisie te ontrek. Ouers moet nuuskierigheid hulle en behoefte om te ontdek, stimuleer (Blom, 2003:25; LaHaye, 1998:67-68).

### 3.5.4.3. PHLEGMEL Flegmaties/Melancholies

Die flegmatiese gedeelte dui op die primêre temperament en die melancholiese gedeelte op die sekondêre temperament. Hierdie is die mees introvertiese temperament van al die vermengings. Die individu is meestal stil en skaam en doen gewoonlik wat van hom verwag word. Hoewel hulle nie sal sê indien hulle nie iets wil doen nie, sal hulle met hul nie-verbale kommunikasie wys dat hulle nie kans sien nie. Hierdie temperamenttipe kind benodig aanmoediging om homself meer te laat geld en verantwoordelikheid te neem vir sy optrede. ‘n Moontlike hantering van die temperament is dat hierdie kinders aangemoedig moet word om meer selfhandhawend te wees. Dis nodig om tydsgrense daar te stel om take af te handel. Hierdie individu is geneig om eers te organiseer en te beplan, alvorens hy met ‘n taak begin. Weens hierdie neiging om te beplan en te organiseer tesame met die perfeksionistiese aard van die melancholiese gedeelte, is die persoon geneig om baie langer te neem om sy werk te voltooi (Blom, 2003:25; LaHaye, 1998:69-70). ‘n Eie interpretasie is dat die onderwyser bewus gemaak moet word van laasgenoemde feit, aangesien dit ‘n invloed kan hê op die juniorprimêre skoolkind indien van hom verwag sou word om formele werk in ‘n spesifieke tyd te verrig.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Hippokrates se terme vir die vier temperamentele kategorieë, naamlik sanguinies, flegmaties, cholerics en melancholies, kan volgens Fourie (1998:37-39) as verouderd beskou word. Die kategorieë kan breedweg met die fisiologie van die brein versoen word. Die linkerbrein bestaan uit twee temperamentkwadrante, naamlik cholerics en melancholies en die regterbrein uit twee kwadrante, naamlik sanguinies en flegmaties. Die linkerbrein- en regterbreindominansies is in 2.9.1. bespreek. Die vier temperamentkategorieë, tesame met die linker- en regterbreinkombinasie word vervolgens skematies voorgestel.

**Tabel 3.4 OPSOMMENDE UITEENSETTING VAN DIE VIER TEMPERAMENTELE KATEGORIEË VAN HIPPOKRATES**

| **SANGUINIES** | **CHOLERIES** | **MELANCHOLIES** | **FLEGMATIES** |
|---|---|---|---|
| Vriendelike geaardheid | Onafhanklik | Kan depressief raak | Stil en kalm |
| Almal se vriend | Sterk wil | Sensitief | Gebrek aan motivering |
| Kort aandagspan | Aktief | Perfeksionisties | Introvert |
| Middelpunt van aandag | Sterk leier | Konsensieus | Onttrek maklik |
| Waaghalsig en impulsief | Selfvertroue | Perfek | Terggees |
| Kan weggevoer word deur nuuskierigheid | Nie weerhoudend | Georganiseerd | Volgeling |
| Kan reëls probeer buig | Gedetermineerd | Stel hoë standaarde | Roetine |
| Mensgeoriënteerd | Verantwoordelikheid | Pligsgetrou | Standvastig |
| Behoefte aan aanvaarding | Wil beheer hê | Kan nie kritiek hanteer nie | Harmonie |
| Rusteloos | Voltooi take | Behoefte aan korrektheid | Behoefte aan verhouding |
| Kan misbruik word deur portuurgroep | Erken nie as verkeerd is nie | Pessimisties | Toeskouer |
| | Nie diplomaties nie | Gevoel van mislukking | Mensgeoriënteerd |
| | Eerlik | Taakgeoriënteerd | Kan misbruik word |
| | Taakgeoriënteerd | | |
| | Pas aan | | |
| **Regterbrein** | **Linkerbrein** | **Linkerbrein** | **Regterbrein** |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Die vermengings kan volgens die navorser benut word wanneer die kinders se temperamente geassesseer word, aangesien die navorser in die praktyk beleef het dat die meeste ouers gewoonlik nie hulle kinders in net een dominante temperamenttipe identifiseer nie. Die kans is goed dat die ouers die kinders se temperamenttipes as een van die vermengings bestempel. Uit die literatuur (LaHaye, 1994:70) is daar vergelykings tussen Hippokrates se benadering en dié van die DISC-model. Die vermengings wat bespreek is, kan dus ook van toepassing gemaak word op die DISC-model (Rohm, 1998:26). Die ooreenstemmings tussen die DISC-model en Hippokrates se model sal tydens die bespreking van die DISC-model aangedui word.

Die DISC-model is ‘n model wat benut kan word om ‘n persoon se temperamenttipe vas te stel. Hierdie model dien as basis waaruit ‘n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in hulle midddelkinderjare ontwikkel gaan word. Die DISC-model toon ooreenkomste met Hippokrates se model. Die D van die DISC stem ooreen met Hippokrates se choleries, die I van DISC met sy sanguinies, die S met sy flegmaties en die C met sy melancholies. (Rohm, 1998:26). Boyd (1994:46) is van mening dat verskillende navorsers deur die geskiedenis mense se gedrag verskillend beskryf het. Die DISC-temperamentanalisekategorie kan ook verbind word met Hippokrates, die grondlegger van temperamentstudies. Hierdie verband tussen Hippokrates en die DISC-temperamentanalisekategorie is in tabel 3.14 opgesom.

Die DISC-model dui op waarneembare menslike gedrag. Die DISC-model analiseer dus gedragstyle en is as die toepaslikste model gekies om temperamente van kinders en volwassenes te analiseer (Bonnstetter *et al.,* 1993:6). Daar is tans ‘n gestandaardiseerde DISC-temperamentanalise om volwassenes se temperament te bepaal. Daar bestaan geen sodanige toets vir kinders nie. Die navorser beoog om uit die literatuurstudie ‘n kontrolelys saam te stel om kinders se geneigdheid tot ‘n temperamenttipe te bepaal. Die model word vervolgens volledig uiteengesit.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



## 3.6 DIE DISC-MODEL (DOMINANCE/INDUCEMENT/STEADINESS/CONSCIENTIOUS)

Marston het die DISC-model ontwikkel, soos bespreek in 2.7.8. Hy het opgemerk dat daar verskeie ooreenkomste tussen persone voorkom, hoewel alle persone fisies van mekaar verskil. Het die ooreenkomste wat hy waargeneem het, aangeteken en uiteindelik by verskillende wyses van optrede uitgekom. Die vier wyses van optrede wat onderskei kan word, kan volgens Marston (1928:119) soos volg aangedui word:

- Persone is kragdadig, direk en resultaat-georïenteerd (D)
- Persone is optimisties, pretmakers en spraaksaam (I)
- Sommige persone is standvastig, geduldig en ontspanne (S)
- Persone is presies, akkuraat en detail-georïenteerd (C)

Bonnstetter *et al*. (1993:2) meen verder dat Marston bevind het dat alle persone karaktertrekke van een of selfs drie van die gedragspatrone toon, maar dat slegs een gedrag die sterkste na vore tree. Marston (1928:119) noem hierdie gedrag wat die persoon die sterkste toon, die dominante gedrag. Die dominante gedrag is dus die kind se temperament.

Die DISC-model verwys na gedragstyl, wat op die hoe van gedrag dui. Die navorser is van mening dat hierdie temperamentmodel as die toepaslikste model gekies kan word wat deel vorm van die bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

### 3.6.1. Die samestelling van die DISC-model

#### 3.6.1.1 Wat die DISC-model nie is nie

Die DISC-model is 'n universele taal van waarneembare menslike gedrag. Om hierdie model te verstaan, is dit volgens Bonnstetter *et al*., (1993:5) nodig om eers te onderskei wat die DISC-model nie is nie. Volgens hierdie skrywers, is DISC nie die volgende nie:

- DISC meet nie 'n individu se intelligensie nie.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


- DISC is nie ‘n aanduiding van ‘n individu se waardes nie.  Waardes is nie meetbaar nie.
- DISC het te doen met die “hoekom” van ‘n individu se gedrag, naamlik hoekom die persoon doen wat hy doen.
- DISC is nie ‘n meting van vaardighede en ervarings nie.
- DISC meet nie opvoeding en opleiding nie.

#### 3.6.1.2 Die samestelling van die DISC-model

Marston het volgens Bonnstetter *et al*., (1993:30)  die vier wyses of geneigdhede om op ‘n bepaalde wyse op te tree (soos uiteengesit is in 3.6), skematies voorgestel deur die gedrag op een van twee asse aan te dui, naamlik op ‘n horisontale en vertikale as.


Die twee asse dui aan of die persoon se gedrag geneig is om aktief of passief te wees (vertikale as), afhangend of hy sy omgewing as antagonisties of gunstig beleef (horisontale as).    Boyd (1994:36) verwys na die vertikale as as die pas waarteen die persoon beweeg.  Elke persoon reageer ooreenkomstig ‘n interne dryfkrag.  Individue met ‘n vinnige pas word gekarakteriseer deur die woord “gaan” en hulle bly aan die beweeg, teenoor dié met ‘n stadige pas wat gekarakteriseer word deur die frase “neem jou tyd … nie so vinnig nie”.  Wanneer die twee asse, naamlik die horisontale en vertikale as, mekaar kruis of op dieselfde grafiek geplaas word, vorm dit vier kwadrante.  Hierdie vier kwadrante verteenwoordig die gedragsvoorkeure wat ‘n individu se temperament beskryf (Bonnstetter *et al*., 1993:30; Boyd, 1994:45; Rohm, 1998:18-20).

Die vier kwadrante kan skematies soos volg voorgestel word:

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)




**FIGUUR 3.2. VIER KWADRANTE VAN DIE VIER GEDRAGSWYSES**



Bron: Rohm (1998:13).

Die vier basiese geneigdhede om op 'n bepaalde wyse op te tree, kan met vier dele van 'n pastei vergelyk word (Rohm, 1998:13). Elke deel of kwart verteenwoordig dus 'n temperamenttipe. Die DISC-model kan uiteengesit word sodat elke letter van die model in 'n kwadrant geplaas word. Die DISC-model kan skematies soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 3.3 DIE DISC-MODEL**




University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



### 3.6.1.3 Die horisontale en vertikale asse

Alvorens die DISC-model se afsonderlike temperamenttipes verduidelik word, is dit nodig om die samestelling van DISC te begryp. Die vier basiese geneigdhede om op 'n sekere manier op te tree kan begryp word deur 'n sirkel in twee horisontale helftes te verdeel. Dit word skematies soos volg voorgestel:

**FIGUUR 3.4 UITGAANDE EN GERESERVEERDE GEDRAGSUITDRUKKING**




Bron: Rohm (1998:14).

- **Uitgaande**

Die boonste helfte van die sirkel verteenwoordig die individue wat uitgaande is, terwyl die onderste helfte die individue verteenwoordig wat gereserveerd is. Hierdie horisontale verdeling verwys na die vertikale as wat oorspronklik deur Marston ontwikkel is (Bonnstetter *et al.*, 1993:30). Die vertikale as verteenwoordig die pas waarteen die persoon beweeg. Die boonste gedeelte van die sirkel is diegene wat uitgaande is. Die gedeelte verwys na die innerlike tempo van elke persoon (Rohm, 1998:14). Die uitgaande individu se karaktertrekke word deur Boyd (1994:37) en deur Rohm (1998:20) soos volg uiteengesit:

- Uitgaande
- Ondernemend

- Neem van risiko's
- Vinnige besluitneming
- Wedywering
- Uitdruklik
- Ekstroverties, fokus aksies op hulle omgewing
- Geniet dit om te gesels
- Hulle pas is vinnig
- Hulle word gekarakteriseer deur die woord "gaan". Hulle is geneig om aan die gang te wees.
- Hulle kan beskou word as positiewe individue wat die goeie in 'n saak raaksien
- Hulle verkies om altyd te wen.
- Uiterlike aansien is geneig om meer van belang te wees as innerlike kwaliteite.
- Hulle is geneig om betrokke te raak by aktiwiteite wat mense insluit.
- Uitgaande individue verkies om in beheer van 'n projek te wees, nie vanweë die feit dat hulle van die werk hou nie, maar omdat hulle daarvan hou om ander te vertel wat om te doen.
- Hierdie individue is geneig om gewoonlik goeie selfbeelde te hê (Rohm, 1998:14).

Hierdie vertikale as waarna Boyd (1994:36) verwys, kan skematies soos volg uiteengesit word:

**Vinnige pas**

↑

Hoe hoër op die as, hoe vinniger is die pas. Kom ooreen met die **uitgaande gedeelte** van die sirkel

Hoe laer op die as, hoe stadiger is die pas. Kom ooreen met die **gereserveerde gedeelte** van die sirkel

↓

**Stadige pas**

**Tabel 3.5 : Vinnige en stadige pas**

| **VINNIGE PAS/ UITGAANDE** | **STADIGE PAS/ GERESERVEERD** |
|---|---|
| Uitgaande | Skaam |
| Neem inisiatief | Selfbeheerd |
| Maak vinnig keuses | Vermy risiko's |
| Kompeterend | Dink voor besluitneming |
| Uitdruklik | Samewerkend |
| Wyd gefokus | Stadige pas |
| Praat/vertel | Spesifieke fokus |
| Ekstroverte – fokus hulle aksies op | Luister |
| eksterne omgewing | Gereserveerd |

- **Gereserveerd/ Stadige pas**

Die onderste gedeelte van die sirkel verteenwoordig die gereserveerde indivividue. Dit is die persone wat teen 'n stadige pas beweeg (Boyd, 1994:37). Gereserveerde individue word volgens Rohm (1998:15) soos volg uiteengesit:


- Hierdie individue is geneig om gereserveerd te wees en teen 'n stadige pas te beweeg.
- Hulle is geduldig en het uithouvermoë.
- Gereserveerde individue kom versigtig voor en is teensinnig om by te veel aktiwiteite

betrokke te raak. Hulle verkies om eers die verskillende aspekte van 'n situasie teen mekaar op te weeg, voordat hulle 'n keuse uitoefen. Hulle motto in die lewe is "measure twice… and cut once".

- Hierdie individue kan geneig wees om té krities voor te kom. Dit dra dikwels by dat hierdie individu die realiteit van 'n situasie vinniger sien.
- Kwaliteit is vir hierdie individue van die aller grootste belang.
- Hulle verkies om agter die skerms te werk en die werk afgehandel te kry.
- Hulle is geneig om hegte vriendskappe aan te gaan, verkieslik met net een of twee vriende. Groot groepe laat hulle ongemaklik voel.

Wanneer die sirkel vertikaal verdeel word, kan die twee helftes aan weerskante van die vertikale lyn as taakgeoriënteerde en mensgeoriënteerde individue onderskei word. Die taakgeoriënteerde en mensgeoriënteerde individue kan skematies soos volg voorgestel word:

**FIGUUR 3.5 TAAK- EN MENSGEORIËNTEERDE VERTIKALE HELFTES**




Bron: Rohm (1998:17).

Hierdie vertikale verdeling verwys na die horisontale as wat oorspronklik deur Marston ontwikkel is (Bonnstetter *et al.*, 1993:30). Die horisontale as verteenwoordig volgens Boyd (1994:40) die prioriteit van die persoon. Prioriteit verwys na die persoon se fokus met ander woorde die motivering agter die beweging. Prioriteit kan vergelyk word met die persoon se interne kompas. Dit wys die rigting of beweging aan. Die een rigting verwys

na die taakgeoriënteerde persone teenoor die ander rigting wat verwys na die mensgeoriënteerde persone.

Hierdie horisontale as waarna Boyd (1994:36) verwys kan skematies soos volg uiteengesit word:

| | | |
|---|---|---|
| **Taakgeoriënteerd** | ←→ | **Mensgeoriënteerd** |
| Linkerkant van **vertikale** as | | Regterkant van **vertikale as** |

- **Taakgeoriënteerd**

Taakgeoriënteerde persone fokus daarop om hulle werk te beplan. Hulle verkies om alleen te werk. Keusemaking is gebaseer op feite en data. Hierdie individue neig om nie op verhoudings ingestel te wees nie (Boyd, 1994:40). Mensgeoriënteerde persone fokus daarop om tussen mense te wees. Hulle word gesien as ontspanne en warm. Hulle verkies om te deel en om te gee. Hulle is informeel en persoonlik. Hierdie individue is sensitief teenoor ander en deel hulle gevoelens. Hulle gevoelens kan maklik in hulle oë en deur nie-verbale kommunikasie raakgesien word. Boyd (1994:42) en Rohm (1998:17) noem dat die vertikale en horisontale as verwys na neigings wat 'n persoon se gedrag kan toon, aangesien 'n persoon kan neig om 'n vinnig pas te toon of byvoorbeeld, om mensgeoriënteerd te wees. Hierdie neigings wissel na gelang van frekwensies.

- **Mensgeoriënteerd**

Mensgeoriënteerde individue is volgens Boyd (1994:40) die ander punt op die vertikale as. Dit kan soos volg uiteengesit word:

- Verhoudinggerig
- Ontspanne en warm
- Ondersteunend
- Gevoelens speel 'n belangrike rol
- Buigsaam
- Hierdie individue word gekenmerk deur hulle ingesteldheid op ander persone en

verhoudings

- Hulle verkies om diensbaar te wees en empatie te toon
- Hulle verkies om tussen ander persone te wees waar hulle kan praat, empaties kan wees en mekaar se gevoelens kan deel
- Hierdie individue is geneig om sensitief ingestel te wees op ander se emosies
- Hulle beplan nie hulle opdragte vooraf nie

- **Samevoeging van die vier helftes**

Die twee helftes kan saamgevoeg word, naamlik die van uitgaande en gereserveerd tesame met die helftes van taak- en mensgeoriënteerdheid. Tesame vorm dit vier temperamente. Die vier temperamente, D, I, S en C soos oorspronklik deur Marston ontwikkel, kan skematies soos volg voorgestel word om die volledige model te vorm. (Vergelyk Rohm, 1998:20 en Boyd, 1994:48.)

Die D-temperamenttipe is in beide die kategorieë uitgaande en taakgeoriënteerd. Die I val in beide die uitgaande en mensgeoriënteerdheid. Die S is gereserveerd en mensgeoriënteerd, en die C is gereserveerd en taakgeoriënteerd.

**Figuur 3.6 Opsommende uiteensetting van die DISC-model**

| **UITGAANDE TAAKGEORIËNTEERD (D)** | **GERESERVEERD MENSGEORIËNTEERD (S)** | **TAAKGEORIËNTEERD GERESERVEERD (C)** | **MENSGEORIËNTEERD UITGAANDE (I)** |
|---|---|---|---|
| Vinnige pas<br>Ondernemend<br>Neem van risiko's<br>Vinnige besluitneming<br>Uitdruklik<br>Ekstroverties<br>Hou van gesels<br>Verkies om te wen | Stadige pas<br>Reagerend<br>Vermy risiko's<br>Deurdink voor besluitneming<br>Gereserveerd<br>Introvert<br>Luistervaardighede | Onafhanklik<br>Bewaker in verhouding<br>Beheersd<br>Berekend<br>Tydsbewus<br>Ongeduldig<br>Verkies om betrokke | Verhoudingsgerig<br>Ontspanne en warm<br>Ondersteunend<br>Gevoelens speel rol<br>Buigsaam<br>Wil diensbaar wees<br>Sensitief<br>Empaties |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Positiewe persone<br>Aktiwiteite waar<br>mense betrokke is | goed<br>Kwaliteit is belangrik<br>Teensinnig om by te<br>veel betrokke te raak<br>Hou van roetine<br>Hegte vriendskappe<br>Verkies om agter<br>skerms te werk | te wees by projek<br>Beplan vooraf<br>Op taak eerder as op<br>persone ingestel<br>Moeilik om empaties<br>te wees | Ingestel op ander se<br>verhoudings<br>Beplan nie vooraf nie<br>Verkies om tussen<br>ander te wees |
| **D–Dominansie** | **S- Standvastig** | **C-Toegewing** | **I-Inskiklik** |

Die vier temperamente waaruit DISC bestaan, naamlik die D vir dominansie, I vir dryfveer, S vir standvastigheid en die C vir toegewing, word afsonderlik uiteengesit, waarna dit vergelyk word met Hippokrates se vier temperamentkategorieë en die nege dimensies van Chess en Thomas.

Rohm (1998:120) het die vier temperamenttipes van Hippokrates met die vier temperamenttipes van die DISC-model verbind deur van vier kleure gebruik te maak. Die choleriese temperament en die D-temperamenttipe van die DISC-model kan verbind word met die kleur groen. Die flegmatiese temperament volgens Hippokrates se kategorieë en die S-temperamenttipe van die DISC-model kan verbind word met die kleur blou. Die sanguiniese temperament van Hippokrates se kategorieë en die I-temperamenttipe van die DISC-model kan verbind word met rooi. Die melancholiese temperament van Hippokrates se kategorieë en die C-temperamenttipe van die DISC-model kan verbind word met oranje. (Vergelyk 3.5.3.)

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


### 3.6.2 UITEENSETTING VAN DIE VERSKILLENDE DISC-MODEL TEMPERAMENTTIPES

#### 3.6.2.1 D- UITGAANDE, GEDETERMINEERDE TEMPERAMENT

Die D-temperamentstyl is in die uitgaande en taakgeoriënteerde kwadrant geleë. Die D-temperamenttipe stem ooreen met die choleriese temperament van Hippokrates se model (Rohm, 1998:25). 'n Eie interpretasie is dat die D-temperament saamgelees moet word met die choleriese temperament, soos in 3.5.2 bespreek. Die rede hiervoor is dat die twee temperamenttipes ooreenkomste toon en dus aanvullend tot mekaar benut kan word (Rohm, 1998:25). Die choleriese en D temperamentstyl sal verteenwoordig word met groen. Die karaktereienskappe van die D-temperamentstyl word in die volgende tabel uiteengesit:

**TABEL 3.6. D - UITGAANDE, GEDETERMINEERDE TEMPERAMENT**

- Aktief en taakgeoriënteerd
- Drywer en doener
- Geneig om nie empaties te wees nie
- Het 'n neiging om dinamiese leiers te wees
- Kom veeleisend voor. Aanvaar nie nee vir 'n antwoord nie
- Dryfkrag en uithouvermoë
- Kom as 'n diktator voor en verkies om in beheer te wees
- Kan vinnig keuses uitoefen en wanneer hulle 'n keuse uitoefen, hou hulle daarby
- Geneig om van verandering en opwinding te hou
- Kom uitdagend voor
- Ongeveer 10% van die bevolking
- Het 'n sterk wil en kom gedetermineerd en onafhanklik voor
- Kan ander maklik manipuleer en domineer
- Kan onbedagsaam wees met tye
- Hulle verkies om alleen te werk, aangesien hulle op die taak ingestel is
- Hierdie tipe individu kan met tye 'n versteekte agenda hê. Hulle weet altyd wat hulle wil hê, maar wil nie hê ander moet daarvan weet nie
- Maak op hulle eie natuurlike vermoë en talente staat om hulle deur 'n moeilike situasie te kry
- Het gewoonlik baie selfvertroue
- Los probleme op
- Hou van moeilike opdragte
- Volhardend
- Onsensitief teenoor ander
- Verwag te veel van ander
- Onbuigbaar en ontoegeeflik
- Konsentreer op feite en besonderhede

Bron: Rohm (1998:29-46); Boyd (1994:51-59); Bonnstetter *et al.* (1993:42).

Die volgende woorde beskryf 'n individu met 'n D-temperamenttipe: (Bonnstetter *et al.*, 1993:42).

| | | |
|---|---|---|
| Direk | Beslissend | Uitdagend |
| Kompeterend | Kragtig | Sterk wil |
| Nuwighede uitvoer | Astrant | Ongevoelig |
| Resultaatgeoriënteerd | Dominerend | Aggressief |
| Sterk egosterkte | Doelgeoriënteerd | Vinnige keusemaking |
| Uitdagend | Nuuskierig | Ongeduldig |
| Veeleisend | Outoritêr | Avontuurlustig |

| | | |
|---|---|---|
| Verantwoordelik | Neem risiko's | Mag |

Bonnstetter *et al.* (1993:51) en Walk thru the Bible (1999:9) bespreek die situasie waar die hoë D-individu beheer ervaar. Dit is wanneer:

- hy die vryheid het om keuses te maak
- die omgewing toekomsgerig is, met baie moontlikhede en geleenthede
- daar nie baie roetine is nie en waar baie uitdagings aan die individu gestel word
- die individu sy idees en oogmerke kan uitdruk.

Die navorser is van mening dat hierdie die D-temperamenttipe se ideale omgewing weerspieël. Hierdie omgewing sal bydra dat die D-temperamenttipe sy volle potensiaal kan bereik.

Om kontak te maak met 'n dominante D-temperament, is dit nodig om die volgende in gedagte te hou (Bonnstetter *et al.,* 1993:51 en Walk thru the Bible, 1999:17):

- Wees spesifiek en op die punt af.
- Hou by die taak wat voltooi moet word.
- Wees voorbereid met voorstelle alvorens met hierdie individu gekommunikeer word.
- Voorsien logiese feite en beplan vir aanbieding.
- Vra spesifieke vrae (verkieslik wat-vrae).
- Voorsien alternatiewe en keuses, sodat hierdie individu sy eie keuses kan uitoefen.
- Voorsien feite rondom die moontlikheid van sukses vir die effektiwiteit van opsies; daar mag van hierdie individue verskil word.
- Voorsien 'n wen-wen geleentheid. Moenie die temperamenttipe in 'n verloorsituasie indwing nie.

Hierdie temperamenttipe is geneig tot eenrigtingkommunikasie. Dit beteken dat hierdie individu geneig is om nie 'n goeie luisteraar te wees nie (Walk thru the Bible, 1999:17).

Die grootste emosionele behoefte van 'n persoon met 'n dominante D-temperament is om 'n uitdaging te hê en in beheer te wees (Rohm, 1998:35). Wanneer hierdie individu onder

druk verkeer is hy geneig om outokraties te wees. Spanning kan daartoe aanleiding gee dat hierdie temperamenttipe ongeduldig en humeurig raak. Weens die feit dat hierdie persoon meer taakgeoriënteerd is, kan hulle voorkom as koud en afsydig (Boyd, 2004:61).

Rohm (1998:35-43); Walk thru the Bible (1999:6) is van mening dat die dominante D se sterk punte en beperkings die volgende behels:

**TABEL 3.7: STERK PUNTE EN BEPERKINGE VAN DIE D DOMINANTE TEMPERAMENT**

| **STERK PUNTE** | **BEPERKINGE** |
|---|---|
| • Verkry onmiddellike resultate | • Word vinnig en maklik kwaad |
| • Neem vinnig besluite | • Wreed en sarkasties |
| • Volharding | • Dominerend |
| • Los probleme op | • Onbedagsaam |
| • Neem beheer | • Verskuilde agendas |
| • Selfvertroue | • Haat dit om verkeerd te wees |
| • Aanvaar uitdagings | • Onsensitief |
| • Onafhanklik en gedetermineerd | • Ongeduldig |
| • Optimisties | • Onbuigsaam en ontoegeeflik |
| • Prakties | • Neem te veel op homself |
| • Beslissend | • Slaan nie ag op besonderhede nie |
| | • Verafsku beperkings |
| | • Verwag te veel van ander |

Bron: Rohm (1998:35-42).

Rohm (1998:39) is van mening dat beperkinge gesien kan word as sterk punte wat misbruik is. Die meeste persone reageer uit hulle sterk punte, totdat hulle in ‘n moeilike situasie kom. In so ‘n situasie kan ‘n persoon beheer verloor, wat daartoe aanleiding gee dat die sterk punte die persoon se beperking kan word. (Vergelyk Boyd, 2004:221.)

Kenmerkende eienskappe van ‘n persoon met die dominante D-temperament kan soos volg uiteengesit word:

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


- Hoë selfvertroue. Hulle glo in hulleself en hulle vermoëns. Hulle is gewoonlike onafhanklike doeners en denkers en benodig selde advies van ander. Hulle neem gewoonlik vinnige besluite.
- Moedig. Hulle hou van uitdagings en om te waag. Hulle neem maklik risiko's en is avontuursoekers.
- Resultaatgeoriënteerd. Hierdie D-temperament is geneig om ambisieus en doelwitgeoriënteerd te wees. Hulle is prakties in die bereiking van hulle doelwitte.
- Beherend. Hulle hou daarvan om bevele te gee. Hulle verkies om in beheer te wees.
- Kompeterend. Hulle verkies om met ander en hulleself te kompeteer.
- Direk. Hulle kommunikeer direk en op die man af.
- Verandering. Hulle verkies vinnige besluitneming. Hulle inisieer gereeld nuwe reëls of regulasies. Ander persone beskou hulle as taktloos en onsensitief. Hulle verkies direkte kommunikasie
- Hulle is van waarde vir 'n span weens die feit dat hulle inisiatief kan neem. Hulle fokus op nou. Hulle is geneig tot effektiewe gebruik van tyd (Bonnstetter *et al.*, 1993:52; Boyd, 2004:58-59).

**D – temperamenttipe ouer**

Ouers wat 'n D-temperament het, is geneig om direktief, georganiseerd, doelgerig en energiek te wees. Weens die gedragsvoorkeure, verwag hulle van hulle kinders om aan hierdie eienskappe te voldoen (Boyd, 1994:53). Hierdie skrywer noem verder dat hierdie ouers geneig is om streng reëls vir gedrag neer te lê en verwag van hulle kinders om dit te gehoorsaam. Hierdie ouers is geneig om nie hulleself te verduidelik nie.

Direktiewe ouers bied aan hulle kinders 'n sterk, bekwame rolmodel. Hulle stel aan hulleself baie hoë verwagtinge en druk hulleself om hierdie doelwitte te bereik (Boyd, 1998:53). Ouers met 'n D-temperament is verantwoordelik, geskik en vol energie. Hulle voltooi gewoonlik 'n taak waarmee hulle begin het. Hulle hou van argumente en wil dit

altyd wen. Hulle verkies dat ‘n taak afgehandel word en om die rigting van ‘n projek aan te dui.

Ouers met ‘n D-temperament is dus direktief wanneer hulle outoriteit bevraagteken word. Wanneer daar aanspraak gemaak word op onafhanklikheid, kan hierdie ouers dit hanteer deur outokraties te raak (Boyd, 1994:54-56). Direktiewe ouers se grootste vrees is dat hulle beheer kan verloor en dat hulle kinders voordeel daaruit kan kry. Outokratiese D-temperament ouers neig om ‘n enkele reël te hê. Hulle vrees kan lei dat hulle ongeduldig, humeurig en veeleisend word. Hulle sal gewoonlik vir hulle kinders die volgende sê:

- “Solank jy onder my dak woon, maak jy soos ek sê.”
- “Jy doen dit so omdat ek so sê.”
- “Gehoorsaam, of jy sal dit nie waag om terug te praat nie.”
- “Moenie vra hoekom nie, doen dit net.”
- “Ek gee nie om hoeveel van jou maats daar gaan wees nie, jy sal nie gaan nie.”

Ouers met ‘n outokratiese ouerskapstyl is altyd in beheer van hulle kinders, wat beteken dat hulle al die keuses vir die kinders maak. Hulle dring aan op onmiddellike gehoorsaamheid van die reëls. Hulle neig om hulle woede en aggressie te gebruik om hulle kinders se gedrag te beheer. Hierdie ouers vind dit baie moeilik om te erken wanneer hulle ‘n fout begaan het. Hulle is geneig om selektiewe luisteraars te wees. Hulle laat gewoonlik nie hulle kinders toe om lang verduidelikings te gee nie (Boyd, 1994:55). Hierdie ouers is geneig om hoë verwagtinge van hulle kinders te koester. Dit bring mee dat hierdie ouers geneig is om rigied te wees in hulle opvoedingstyl. Gevolglik vind die ouers dit moeilik om by hulle kinders aan te pas, veral wanneer hulle kinders volwassenheid bereik (Boyd, 1994:54-56).

Dis nodig dat ouers daarvan bewus moet wees dat kinders se temperamenttipes nie kan verander nie, maar dat ouers juis hulle kinders moet begelei om hulle temperamenttrekke op ‘n positiewe en aanvaarbare manier uit te druk (Kurcinka, 1998:187). Indien ‘n ouer ‘n D-temperamenttipe het en die kind ook, is dit nodig dat beide dieselfde rigting en begeerte het. Dit sal tot harmonie lei. Hierdie kombinasie kan egter tot magstryd

aanleiding gee, aangesien beide kompeterend is en die "geveg" ten alle koste wil wen. Dis nodig vir ouers om nie dreigemente en ultimatums aan hulle D-temperament kinders te stel nie. Dis belangrik dat ouers hulle kinders beheer gee en soveel keuses as keuses (Boyd, 2004:139).

**Wenke vir D-temperament ouers**

Dit is belangrik dat hierdie direktiewe, outokratiese ouers daaraan moet werk om meer te luister, te kompenseer, meer toegeeflik te wees en meer tyd saam met hulle kinders te spandeer. Hulle moet aanvaar dat hulle nie te alle tye in beheer van alles kan wees nie. Dit is vir hierdie ouers nodig om hulleself duideliker uit te druk. Dit is nodig om positiewe emosies uit te druk. Hierdie ouers moet ander toelaat om vrae te stel, sonder dat hulle verdedigend raak. Dis belangrik dat hierdie ouers geduldiger moet wees en meer op hulle kinders fokus. ‘n D-temperament ouer is meestal geneig om ‘n situasie te probeer beheer en is meer ingestel op take wat voltooi moet word as op die persone (Boyd, 1994:56).

‘n Eie interpretasie is dat hierdie D-temperament ouers daarvan bewus moet wees dat hulle lewensuitkyk en bestaan op resultate ingestel is en dat persone dikwels nie deel van hulle prioriteit is nie. Hierdie ouers kan so resultaatgeoriënteerd wees dat hulle kinders kan voel dat hulle ouers nie in hulle belangstel nie. Hierdie ouers kan geneig wees om hierdie resultaatgedrewenheid van hulle kinders te verwag, wat daartoe kan bydra dat hierdie kind geneig kan wees tot onaanvaarbare gedrag in ‘n poging om daarvan te ontsnap. So kan onvoltooidhede by die kind ontstaan. Hierdie oeurs moet ‘n groter besorgdheid en ondersteuning vir ander persone hê (Walk thru the Bible, 1999:36).

**Wenke vir D-temperament kinders**

Boyd (1994:56-58) is van mening dat dieselfde eienskappe wat van toepassing is op volwassenes, ook vir kinders geld. Kinders met ‘n D-temperament is geneig om kragtig te wees. Hulle verkies om altyd in alle opsigte in beheer te wees. So ‘n kind is energiek,

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



intens en aktief. Hulle hou daarvan om met hulleself en ander te kompeteer. Hierdie kinders verkies uitdagings en hulle emosionele behoefte is om beheer te hê.

Wat dissipline betref, moet baie direk met hom gewerk word (Boyd, 1994:57). Hierdie kind is geneig om onversetlik te wees en nie nee vir 'n antwoord te aanvaar nie. Die woord nee beteken vir hom dat hy nie genoeg gevra het nie en word gekenmerk deur 'n sterk wil. Weens die feit dat hulle gekenmerk word deur 'n sterk wil, druk hulle meestal presies uit wat hulle op 'n spesifieke oomblik voel. Ouers met 'n D-temperament moet meer buigsaam wees in die hantering van die kinders. Hierdie ouers moet meer ondersteuning aan die kinders bied deur te verduidelik waarom dinge op 'n sekere manier moet geskied en genoeg ruimte gee om dinge op hulle eie manier te verrig. Om ondersteuning te bied, buigsaam te wees en op detail ingestel te wees, is dus volgens die navorser, nie natuurlik vir hierdie ouers nie. Gevolglik moet hulle op hierdie area fokus in hulle ouerskap van 'n kind in die juniorprimêre skooljare.

Dis vir D-temperamenttipe ouers belangrik om hierdie kind genoeg verantwoordelikhede te gee, waarin hulle genoeg beheer en keuses kan beoefen. Spesifieke doelwitte waarna beweeg moet word, moet aan die kind verskaf word. Die graad van verantwoordelikhede moet egter ouderdomsgepas wees. Die navorser is van mening dat beheer die kinders se grootste emosionele behoefte is en dat dit vir ouers nodig is om take wat deur die D-temperament kind voltooi moet, op 'n kompeterende basis aan hulle te eksploreer. D-temperamenttipe kinders het 'n natuurlike neiging om met ander te kompeteer, en die navorser is van mening dat die kompeterende neiging positief moet ontwikkel.

Terwyl aan hierdie kind doelwitte gestel word, is dit vir die ouers belangrik om hulle kinders by te staan om te besef dat mislukking deel van die lewe is en dat hy as kind nie 'n mislukking was . Die navorser is van mening dat dit blyk dat die D-temperamenttipe kind, in sy poging om in beheer te wil wees, mislukkings baie negatief kan beleef. Ouers moet dus bewus wees hiervan om die kind deur mislukkings te begelei. Die D-temperamenttipe kinders se poging om nie te misluk nie en hulle behoefte aan kompetisie kan 'n invloed hê op die middelkinderjare kind se persoonlikheidsontwikkeling. Die kind in die middelkinderjare begin van ses- tot sewejarige ouderdom om homself in

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


sielkundige terme te definieer.  Hulle beskryf hulleself nie meer in terme van aktiwiteite soos “ek kan fietsry” nie, maar in terme van hoe goed hulle dit kan doen soos “ek ry beter as jy”.  Hulle ontwikkel die vermoë om akkurate beoordelings van hulleself te maak (Louw *et al.*, 2001:378).  ‘n Eie interpretasie is dat indien hierdie D-temperamenttipe kind voortdurend mislukking ervaar dit ‘n invloed sal hê op sy beoordeling van homself en uiteindelik op sy selfkonsep.

Erikson het die ontwikkeling van die kind in agt stadia verdeel. Elkeen van hierdie stadia word gekenmerk deur ‘n krisis, ‘n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer.  Die kenmerkende stadium van kinders tydens hulle middelkinderjare is dié van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid.  Dit is vir die kind in hierdie stadium belangrik om sukses te behaal en dit is nodig om aan die kind geleentheid te gee om minderwaardigheidsgevoelens te voorkom (Louw *et al*., 2001:55).  ‘n Eie mening is dat die moontlikheid bestaan dat die kind met ‘n D-temperamenttipe ‘n invloed kan hê op die wyse hoe hy die stadium benader, aangesien hy ‘n basiese geneigdheid het om suksesvol te wil wees in alles wat hy aanpak.

Dis nodig om die D-temperamenttipe persoon te begelei om te weet wanneer om te ontspan en wanneer om teen ‘n stadiger pas te beweeg.  ‘n D-temperamenttipe kind moet begelei word om reëls en regulasies te aanvaar, al verskil hulle van die ouers.  Die kind se vorige konfliksituasie kan benut word om hom te help om empatie en begrip vir ander se teleurstellings en seer te kry.

Die D-temperamenttipe kind is geneig om  teen ‘n vinnige pas te beweeg en aan die gang te wees.  Dis nodig om genoeg geleentheid te gee vir fisiese aktiwiteite.  So ‘n kind word gemotiveer deur fisiese aktiwiteite, soos spring, hardloop en aan die beweeg te bly.  Aktiwiteite waar hy lank moet stilsit, moet vermy word.  ‘n Eie interpretasie is dat onderwysers daarvan bewus moet wees dat kinders in die middelkinderjare met ‘n D-temperament geneig is om teen ‘n vinnige pas te beweeg en voortdurend uitdagings gebied moet word.

‘n Eie interpretasie is dat ‘n D-temperament individu met ‘n geneigdheid gebore word wat op resultate en take ingestel is. Hierdie individue verkies dus om al die werk af te handel eerder as om mense tevrede te hou Hulle verkies om vinnige keuses te maak en wanneer hulle ‘n taak begin wil hulle dit voltooi. Uitdagings dien as motivering vir hierdie individue en verkies vryheid om hulle werk op hulle manier te doen. Hierdie individu wil dus in beheer wees en het ook wat ‘n lae toleransie vir ander se gevoelens. ‘n D-temperament individu is geneig om nie op detail ingestel te wees nie en sien gewoonlik die groter prentjie.

Die invloed van die portuurgroep speel ‘n toenemende rol in die middelkinderjare, weens die feit dat skoolgaande kinders in ‘n toenemende mate konformeer. Die portuurgroep tydens die middelkinderjare kan beskryf word as ‘n relatief stabiele versameling van twee of meer kinders wat met mekaar in interaksie verkeer, norme en doelstellings deel, en wat ‘n sosiale struktuur van leier en volgeling ontwikkel (Louw *et al*., 2001:369). ‘n Eie interpretasie is dat D-temperament tipe kinders ‘n geneigdheid het om ander te beheer en self die reëls in ‘n portuurgroep te wil stel. Die kind se temperamenttipe het ‘n invloed op die kind se portuurgroepverhoudinge.

**Hantering van ‘n D-temperament kind**

‘n D-temperament kind moet direk benader word. Dis nodig om by resultate en voordele te begin en dit op te volg met besonderhede. Hy is geneig om “wat”-vrae te vrae. Dis nodig om vinnig en op die punt af te wees en ‘n uitdaging te skep. Weens die feit dat hierdie individue nie geneig is om nie op detail ingestel te wees nie is dit nodig om op resultate en op die aard van die saak te fokus. Daar kan saamgestem word met wat hulle beplan deur vrae te vra soos “Waarom dink jy dat dit die beste manier is?” en “Het jy alternatiewe?”. Hierdie individue se emosionele behoefte is beheer en dit is dus nodig om net die nodigste vir hierdie kinders te gee en hulle toe te laat om dit self te doen (Boyd, 2004:65). Hierdie skrywer is verder van mening dat ouers vir hierdie D-temperamenttipe spesifieke doelwitte moet gee om te voltooi.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Temperament het 'n invloed op kinders se ervarings (Keogh, 2003b:30). Die D-temperamenttipe kind is daarop ingestel om take te voltooi en beheer te neem van 'n situasie of ander persone. Die kind se temperament het 'n invloed op die reaksies wat hy van sy portuurgroep, onderwysers en ouers ontvang (Keogh, 2003b:30). 'n Eie interpretasie is dat kinders met 'n D-temperamenttipe, wat gekenmerk word deur determinasie, beheer, dominansie, onafhanklikheid en taakingesteldheid, moontlik 'n invloed kan hê op die reaksie wat dit by hulle omgewing ontlok. 'n Moontlike reaksie kan wees dat die omgewing antagonisties sal optree teenoor 'n kind met 'n D-temperamenttipe.

'n D-temperamenttipe kind en 'n D-temperamenttipe ouer weet albei wat hulle wil hê en weet gewoonlik waarheen hulle op pad is. Die een wil gewoonlik die een die ander beheer en daar kan 'n magstryd ontwikkel. In situasies waar die ouer 'n D-dominante temperamenttipe het en die kind 'n lae dominante D-temperamenttipe, kan tot gevolg hê dat die verhouding gekenmerk word deur konflikte ten opsigte van keusemaking. 'n Hoë D-temperament is geneig om vinnig en dadelik en onafhanklik keuses te maak, teenoor die lae D-temperament wat uitstel om keuses uit te oefen en 'n demokratiese benadering tot keusemaking verlang. 'n Eie interpretasie is dat die kind se temperamenttipe 'n invloed het op die hantering van ouers en bewustheid van temperamentverskille is dus noodsaaklik.

**Motivering van 'n D-temperamenttipe kind**

Vir 'n D-temperamenttipe kind om sy volle potensiaal te bereik, is dit nodig om aan die volgende aandag te skenk:

- Gee hom verantwoordelikheid waar hy beheer kan ervaar.
- Gee hom spesifieke doelwitte waarnatoe hy moet werk.
- Begelei hom om te verstaan dat hoewel dit wys is om doelwitte te stel en na te streef, mislukking deel van die lewe is.
- Die kind moet geleer word om sy pas te verlangsaam.
- Hy moet besef dat reëls belangrik is om na te kom, al verskil hy daarvan.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


- Gee hom soveel keuses as moontlik.
- Voorsien hom van geleenthede om sy behoefte aan fisiese aktiwiteit uit te leef.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


### 3.6.2.2 I - BEÏNVLOEDER, UITDRUKLIKE EN INTERAKTIEWE TEMPERAMENT

Die I-temperament van die DISC-model is in die uitgaande en mensgeoriënteerde kwadrant geleë. Die I-temperamenttipe stem ooreen met die sanguiniese temperament van Hippokrates se model (Boyd, 1998:25). ‘n Eie mening is dat die I-temperamentstyl saamgelees moet word met die sanguiniese temperament, wat reeds in 3.5.1 bespreek is. Vir praktiese doeleindes, gaan die I-temperamenttipe met rooi aangedui word, wat ooreenstem met die sanguiniese temperament. Die temperamentstyl word in die volgende tabel uiteengesit:

**TABEL 3.8. I – BEÏNVLOEDER, UITDRUKLIKE EN INTERAKTIEWE TEMPERAMENT**

- Aktief en mensgeoriënteerd
- Optimisties
- Entoesiasties
- Welsprekend
- Maak ‘n goeie indruk
- Inspirerend
- Beïnvloedbaar
- Kan aanleiding gee tot iets
- Kan iemand aanspoor tot iets
- Indrukwekkend
- Beplan nie vooraf nie. Handel op die ingewing van die oomblik
- Interessant. Ken gewoonlik baie mense
- Verkies om stories te vertel en ander mense te laat lag
- Gevoelig. Word maklik beïnvloed
- Hoewel uitgaande, kan hulle ook volgelinge wees
- Hulle het ‘n begeerte dat mense van hulle moet hou, sodat hulle enigiets sal doen om ander tevrede te hou
- Wanneer hoë verwagtinge aan hierdie individue gestel word sal hulle poog om daaraan te voldoen
- Verkies om belangrik te wees.
- Dromers en planmakers
- Hierdie individue kan dikwels onbewus wees van hulle gevoelens en die realiteit
- Wanneer hulle aangemoedig word, sal hulle dit ervaar as dat daar in hulle geglo word en sal hulle alles in hulle vermoë doen om tevrede te stel
- Is besorg oor wat ander van hulle dink
- Hou nie van roetine nie
- Avontuurlustig

Bron: Bonnstetter *et al.* (1993:47); Rohm (1998:42-45); Boyd (2004:70-90).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Woorde wat volgens Bonnstetter *et al.* (1993:57) verbind kan word aan die temperamenttipe is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| • Entoesiasties<br>• Gewild<br>• Selfvertroue<br>• Oortuigend<br>• Sosiaal<br>• Vrygewig | • Betroubaar<br>• Gesellig<br>• Oorredend<br>• Inspirerend<br>• Ooglopend<br>• Persoonlik | • Betowerend<br>• Beïnvloedbaar<br>• Inskiklik<br>• Impulsief<br>• Spraaksaam<br>• Emosioneel |

Bonnstetter *et al.* (1993:57) en Walk thru the Bible (1999:7) beskryf die situasie waar die I-temperamenttipe persoon in beheer voel. Dit is waar die persoon:

- met ander persone kan kommunikeer,
- ander kan motiveer en beïnvloed en kontaknetwerke kan ontwikkel,
- kan identifiseer met 'n demokratiese toesighouer,
- vryheid van beweging, beheer en detail het,
- voortdurende verandering van omgewing en taakverrigting het en pret kan hê, en
- openbare erkenning van vermoëns en positiewe ondersteuning en lof ontvang.

'n Eie mening is dat indien ouers bewus is van hierdie aspekte ten opsigte van hulle I-temperamenttipe kind, hulle die kind sal kan begelei tot optimale funksionering.

Kontakmakingvaardighede van toepassing op 'n individu in kategorie I, is die volgende:

- Interaksie moet beplan word wat hierdie individu se drome en doelwitte ondersteun.
- Hy moet die tyd gegun word om met ander persone te sosialiseer.
- Kommunikeer met hierdie individu oor sy planne.
- Fokus op die persoon en take wat verrig word.
- Vra die persoon om sy opinie.
- Voorsien idees vir die implementering van take.
- Gee genoeg tyd vir stimulering en beweging (Bonnstetter *et al.*, 1993:56).

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Hierdie temperament is geneig tot eenrigting-kommunikasie en moet geleentheid gegee word om te praat en daarvan bewus gemaak word dat hulle geneig is om nie goeie luisteraars te wees nie.

Die emosionele behoefte van 'n persoon wat in hierdie kategorie val, is erkenning en aanvaarding.  Hierdie persoon is geneig om emosioneel te raak wanneer hy nie erkenning kry nie.  Hulle is geneig om hulle emosies uit te druk.  Wanneer hierdie persone onder druk of spanning verkeer, is hulle geneig om aan te val en te praterig, onrealisties en ooroptimisties te wees.  Hulle sal dus daarby baat kan vind indien hulle nadink alvorens hulle optree en 'n besluit neem (Rohm, 1998:60 en Walk thru the Bible, 1999:18).

Rohm (1998:61-68) en Walk thru the Bible (1999:7) meld die dominante I se sterk punte en beperkinge.  Dit kan soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.9  STERK PUNTE EN BEPERKINGE VAN DIE I-DOMINANTE TEMPERAMENT**

| STERK PUNTE | BEPERKINGE |
|---|---|
| • Spraaksaam<br>• Deelnemend<br>• Sorgvry<br>• Entoesiasties en optimisties<br>• Mensgerig<br>• Welsprekend<br>• Skep 'n aangename klimaat | • Oorskat vermoëns<br>• Onlogies en ooroptimisties<br>• Impulsief<br>• Rusteloos.  Kan nie 'n taak afhandel nie<br>• Swak luisteraar<br>• Praat te veel<br>• Maak gou afleidings<br>• Stem in om te veel te probeer doen<br>• Swak tydsbestuur |

Bron: Rohm (1998:61-68); Walk thru the Bible (1999:7)

Die kenmerkende eienskappe van die dominante I-temperamenttipe persoon kan volgens Boyd (1998:62) soos volg uiteengesit word:

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


- Mensgeoriënteerd.  Hulle hou van mense en word gekenmerk deur hulle sosiale lewe.
- Hulle is gerig om vriende te maak en mense te beïnvloed.  Die I-temperamenttipe fokus hulle energie daarop om ander te beïnvloed en te oortuig.
- Hulle is emosioneel.  Hulle is geneig om hulle emosies vrylik uit te druk.  Hulle is dramaties en reageer emosioneel teenoor mense.
- Spraaksaam.  Hulle is oorredend in hulle kommunikasie en hou daarvan om te praat.
- Plesiersoekers.  Hulle wag gewoonlik vir iets om te gebeur.  Hulle hou daarvan om te lag en ander te laat lag.  Hulle is geneig om ander tevrede te stel.
- Optimisties.  Hulle sien altyd die positiewe in ander en  in ‘n situasie.  Hulle verwag die beste en dink nie aan die moontlikheid van mislukking nie.  Hulle probeer altyd die beste van ‘n situasie maak.  Hulle hanteer stres deurdat hulle onaangename realiteite vermy.  ‘n I-temperamenttipe is dinamies, meer georiënteerd teenoor optrede as denke. Hulle is  geneig om vinnig te besluit en sonder versuim op te tree. Keuses word egter op die ingewing van die oomblik gemaak, gebaseer op hoe hulle voel.
- Spontaan.  Hulle verkies ‘n verskeidenheid van aktiwiteite en het ‘n behoefte aan vryheid om hulle emosies te volg.  Hulle is geneig om impulsief en gedisorganiseerd te wees.  Hulle hou nie van stukturele omgewings of enigiets wat hulle vryheid inperk nie.
- Soek sosiale aanvaarding en toejuiging.  Hulle floreer op komplimente, aanmoediging  en admirasie.  Hulle wil raakgesien word en verkies om die middelpunt van die aandag te wees.  Hulle grootste vrees is om verwerp te word en afgesonder te word.  Hulle verkies ‘n vriendelike atmosfeer waar hulle vryheid van beheer en geleentheid het waar hulle ander kan beïnvloed.  Hierdie individu kan van waarde vir enige span wees, weens die feit dat hulle ander beïnvloed.  Hulle fokus is op die toekoms, aangesien hulle die volgende opwindende gebeure kan raaksien (Walk thru the Bible, 1999:19).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**I – Temperamenttipe ouer**

Ouers met hierdie temperament hou daarvan om saam met vriende te kuier en te gesels. Hulle handhaaf ‘n vinnige pas en soek gewoonlik ‘n verskeidenheid van aktiwiteite om hulleself en hulle kinders te vermaak. Hulle hou daarvan om saam met hulle kinders te wees en dinge saam met hulle te doen. Hulle projekteer warmte en begrip teenoor hulle kinders. Hulle word gou verveeld met roetinewerk, veral huiswerk (Boyd, 1994:64).

Hierdie ouers sukkel om dissipline toe te pas. Hulle poog om vriende met hulle kinders te wees en hulle grootste vrees is dat hulle kinders hulle sal verwerp, indien hulle hul dissiplineer. In ‘n poging om te keer dat hulle kinders hulle verwerp, kan hulle dikwels té toegeeflik wees. Hulle kan dus geneig wees tot ‘n toegeeflike ouerskapstyl. (Boyd, 1994:64). ‘n Eie interpretasie is dat hierdie ouerskapstyl sal meebring dat kinders grense sal wil verskuif. Dit wil dus voorkom of hierdie I-temperament ouers vriende met hulle kinders wil wees, eerder as om hulle te dissiplineer.

Toegeeflike ouerskapstyl dra dikwels daartoe by dat ouers dinge vir hulle kinders wil doen, wat kan meebring dat hulle kinders vrye beheer het om te maak wat hulle wil. Hulle hou dus nie daarvan om nee te sê nie. Hierdie ouers moet dus poog om meer beslis te wees in die hantering van hulle kinders. ‘n Eie interpretasie is dat kinders van I-temperamenttipe ouers hulle ouers moontlik kan manipuleer om te kry wat hulle wil hê. I-temperament ouers moet dus bewus wees dat hulle ‘n geneigdheid kan hê tot hierdie toegeeflike ouerskapstyl en dat hulle kinders hulle kan manipuleer. Die navorser is verder van mening dat toegeeflike ouerskapstyl nie beperk kan word net tot I-temperamenttipe ouers nie. Die moontlikheid blyk egter te wees dat hierdie temperamenttipe ouers makliker geneig sal wees om hierdie ouerskapstyl toe te pas.

Hierdie temperamenttipe ouers is dus geneig om tyd saam met hulle kinders en vriende te spandeer, waar hulle kan gesels en saam met hulle kinders kan speel. Hulle handhaaf ‘n vinnige pas en soek gewoonlik ‘n verskeidenheid aktiwiteite om hulleself en hulle kinders te onthaal. ‘n Eie interpretasie is dat I-temperamenttipe ouers dus daarvan hou om pret saam met hulle kinders te hê (Boyd, 2004:72).

Dis blyk nodig te wees volgens Boyd (2004:75), dat hierdie temperamenttipe ouers fermer moet wees in hulle kommunikasie met hulle kinders. Hulle moet meer konsekwent wees en moet poog om doeltreffender te luister. Die I-temperamenttipe ouers is geneig om dit wat hulle kinders aan hulle kommunikeer, op sigwaarde te neem en nie vrae te vra en ondersoek in te stel nie. Hulle moet meer vrae vra en belangrike detail uitvind. Hulle pas moet verstadig, veral indien hulle kinders het wat stadig aan die gang kom (*slow-to-warm-up*). Die I-temperamenttipe ouers se vinnige pas kan veral vir die kinders stres veroorsaak. Hierdie ouers is geneig om nie nee te sê en reëls en grense daar te stel nie. Hulle moet hiervan bewus wees en moet leer om doeltreffender "nee" te sê en konsekwente reëls daar te stel vir die kinders om daaraan gehoor te gee. Die temperamenttipe is geneig om nie te prioritiseer nie en by verpligtinge te hou nie. Hulle is geneig om nie take deur te voer nie (Boyd, 2004:75). 'n Eie interpretasie is dat die I-temperamenttipe ouer dus geneig is om nie definitiewe reëls en grense aan hulle kinders te verwoord nie. Hulle wil deur hulle kinders en ander persone aanvaar word, wat dikwels daartoe lei dat hulle 'n permissiewe ouerskapstyl inneem. Kinders tussen die ouderdom van vyf tot tien jaar ontwikkel 'n geweldige respek vir reëls en die siening dat reëls nagekom moet word. Hierdie fase van morele ontwikkeling staan as die heteronome moraliteit bekend. Reëls word beskou as onveranderbaar en heilig en word as riglyne vir aanvaarbare gedrag gebruik. Kinders glo dat die oortreding van reëls gestraf behoort te word. Ongeag die objektiewe gevolge, is kinders in hierdie lewensfase ook ingestel op regverdigheid (Louw *et al*., 2001:379). Die navorser is van mening dat I-temperamenttipe ouers se permissiewe ouerskapstyl en hantering van reëls 'n moontlike invloed kan hê op die morele ontwikkeling van die juniorprimêre skoolkind in die middelkinderjare.

**Wenke vir I-temperamenttipe ouers**

Dis nodig dat I-temperament ouers fermer moet wees in die stel van grense en beperkinge. Hierdie ouers is juis geneig om nie van reëls en beperkinge te hou nie. Hulle moet daarop konsentreer om meer te luister en minder impulsief op te tree. Dis nodig dat hulle meer vrae moet vra en meer doelbewuste aandag aan hulle kinders moet gee. Hulle moet dus meer op die resultate gerig wees. Dit is dus nodig dat die ouers hulle emosies

en dade beheer, aangesien ‘n I-temperament geneig is om wisselvallig te wees met betrekking tot hulle emosionele reaksies. Hulle moet hulle idees en aktiwiteite noukeuriger evalueer en hulle take afhandel (Walk thru the Bible, 1999:50). Indien beide die kind en die ouer ‘n I-temperamenttipe is, is hulle geneig om die lewe met entoesiasme en optimisme te benader en daarvan te hou om in die geselskap van ander te wees en hulle te beïndruk. Aangesien beide daarop ingestel is om die lewe vol moed te leef, kan beide kompeteer vir die middelpunt van aandag. Dit kan aanleiding gee tot jaloesie tussen die ouer en die kind. Beide neig om impulsief te wees wat daartoe kan lei dat verantwoordelikhede en finansiële dissipline moontlik probleme veroorsaak (Boyd, 2004:141). Hierdie skrywer is verder van mening dat indien ‘n ouer ‘n D-temperamenttipe is en die kind ‘n I-temperament, is die volgende van toepassing in die hantering van die kind:

- Beide die D-temperamenttipe ouer en die I-temperamenttipe kind het selfvertroue en geniet ‘n vinnige pas in die hantering van sake. Die I-temperamenttipe kind sal geneig wees om die D-temperamenttipe ouer te volg in ‘n poging om hom so ver as moontlik tevrede te wil hou. Konflik kan ontstaan indien die D-temperamenttipe ouer se fokus is om ‘n saak afgehandel te kry, teenoor die kind se fokus om pret te hê en in die geselskap van sy maats te wil wees. Konflik kan ook ontstaan, aangesien die I-temperamenttipe kind geneig is om gedisorganiseerd te wees en nie te voltooi waarmee hy begin het nie. Hierdie ouer moet bewus daarvan wees dat die kind nie sy doelgerigdheid nastreef nie. Dis nodig vir die D temperamenttipe ouer om huiswerk en projekte saam met die I-temperamenttipe kind te doen.
- Die D-temperamenttipe ouer moet dit wat van die kinders verwag word, in besonderhede aan hulle verduidelik met maklike reëls om na te volg.
- Die ouer moet daarvan bewus wees dat die I-temperamenttipe kind in detail sal vertel, en dis nodig dat die ouer entoesiasties daarna moet luister.
- Die I-temperamenttipe kind het nodig om erkenning en aanvaarding te kry. Die D-ouer is nie geneig om hierdie erkenning te gee nie, en moet dus daarvan bewus wees.
- D-temperamenttipe ouers se basiese geneigdheid om ferm te wees kan daartoe lei dat hulle die I-temperamenttipe kind in sy sosiale ontwikkeling begrlei. Die I-temperamenttipe kind is geneig om maklik toe te gee aan groepsdruk en die D-

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


temperamenttipe ouer kan dus die kind behulpsaam wees ten opsigte van die hantering van groepsdruk (Boyd, 2004:140).

**Wenke vir I-temperament kinders**

Die I-temperament kinders het 'n geneigdheid om pret te hê en mense om hulle te verkies. Wanneer hulle tussen ander is, verkies hulle om baie te gesels. Hulle is aktief en dit is as gevolg hiervan dat hulle nie daarvan hou om alleen te wees nie. Vriende en samesyn met ander is vir hierdie kinders belangrik en hulle wil dikwels doen wat ander doen. Hulle is sensitief wat ander van hulle mag dink en verkies dat ander van hulle moet hou. Daar is 'n moontlikheid dat hierdie kinders maklik aan groepsdruk kan toegee. 'n Eie mening is dat dit nodig is vir ouers om in gedagte te hou dat kinders in die middelkinderjare se portuurgroepverhoudinge belangrik is.

'n I-temperament kind het gewoonlik baie kreatiewe idees, maar sukkel om hierdie idees uit te voer, weens hulle kort aandagspan. Hierdie kinders se impulsbeheer is geneig om swak te wees. Hulle reageer gewoonlik eers en dink later wat hulle gedoen het. Hulle emosies word gekenmerk deur 'n kombinasie van hoog en laag. Die kinders se gemoed verander vinnig. Weens hierdie vinnige verandering van gemoed, kan hulle maklik 'n teleurstelling verwerk. Hierdie kinders benodig baie drukkies en soene. Ouers moet daaraan aandag gee deur nie afsydig, onpersoonlik en té taakgeoriënteerd te wees nie (Boyd, 2004:77-79). 'n Eie interpretasie is dat indien hierdie kinders drukkies en soene verkies, dit blyk dat hulle liefdestaal moontlik fisiese aanraking kan wees. Indien ouers hieraan gehoor gee, sal dit daartoe lei dat die kinders sal beleef dat hulle ouers hulle liefhet.

**Motivering van 'n I-temperamenttipe kind**

Vir 'n I-temperamenttipe kind om sy volle potensiaal te bereik, is dit nodig om aan die volgende aandag te skenk:

- Skep geleentheid vir pret.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


- Gee konstante aanmoediging.  Dis belangrik om spesifiek te wees in die beskrywing van sy sterk punte en talente.
- Droom saam met die kind.
- Gee gereelde fisiese aanraking en konstante erkenning
- Ouers moet begryp dat hulle kind sal wil doen wat ander doen. Dit is dus nodig dat ouers hulle kinders op 'n nie-bedreigde wyse bewus moet maak van groepsdruk.
- Begelei die kind om die detail van 'n projek deur te dink.
- Gee geleentheid vir die kind om in die kollig te wees.
- Moenie krities wees nie en veral nie in die openbaar nie.
- Maak seker dat hy maats het.  Hy het 'n behoefte aan kameraadskap en is dit dus nodig om dinge saam met hom te doen (Boyd, 2004:77-78; Walk thru the Bible, 1999:26).

**Hantering van 'n I-temperamenttipe kind**

'n I-temperamenttipe individu het 'n behoefte aan 'n entoesiastiese benadering.  Hulle benodig vriendelike en positiewe optrede, waar hulle erken word.  Hulle selfwaarde moet bevestig en erken word.  Hierdie individue het 'n behoefte aan die gevoel dat hulle nodig is. 'n Eie mening is dat die I-temperamenttipe kind se behoefte aan 'n gevoel dat hy benodig word, moontlik 'n invloed het op sy persoonlikheidsontwikkeling.  Die juniorprimêre skoolkind begin op van ses- tot sewejarige ouderdom homself in sielkundige terme definieer.  Hy ontwikkel 'n konsep van hoe hy is en ook van hoe hy graag wil wees.  Die kind se selfkonsep word beïnvloed deur die mate waarin hy sy eie gedrag kan reguleer.  Dit is vir die kind belangrik om vertroue te ontwikkel sodat hy aan persoonlike en sosiale verwagtinge kan voldoen (Louw *et al*., 2001:349).  'n Eie mening is dat die I-temperamenttipe kind geneig is om deur groepsdruk beïnvloed te word in 'n poging om deur die groep aanvaar te word.  Die I-temperamenttipe kind se poging om deur sy portuurgroep aanvaar te word het, dus 'n invloed op sy selfkonsepontwikkeling.  Die I-temperamenttipe kind is die temperamenttipe wat volgens die navorser die meeste deur portuurgroepe beïnvloed word.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



'n I-temperamenttipe kan oortuig word deur op hulle "wie"-vrae te reageer, naamlik "Wie anders het dit al gedoen?" Hierdie temperament verkies om gedurig in interaksie met ander te wees. Dit is dus nodig om genoeg geleentheid aan die individue te verskaf om saam met ander te wees. Dit is vir ouers nodig om saam met hulle I-temperamenttipe kinders entoesiasties te wees.

Om die I-temperament te lei, is dit nodig om met hulle te gesels oor wat hulle idees is, wat gewoonlik ander persone insluit. Hulle benodig konstante erkenning in ander se teenwoordigheid. Hierdie temperamenttipe kan gou opgewonde raak oor baie dinge en kan maklik wissel van een aktiwiteit na die volgende. Hulle het dus 'n behoefte dat ander saam met hulle visie stem, al verander dit gewoonlik weer vinnig (Walk thru the Bible, 1999:32).

Die navorser is van mening dat 'n I-temperamenttipe mensgerig is en dat hulle bestaan rondom ander persone draai. Hulle verkies om ander te beïndruk en te oortuig om saam met hulle te stem. Hulle voel dus gemaklik om met ander te gesels, al is dit vreemdelinge. Dit sal vir ouers wat I-temperamenttipe kinders het, nodig wees om ingestel te wees op hierdie kinders se onversadigbare behoefte om by ander te wees.

'n I-temperament kan dus beskou word as 'n persoon wat baie praat. Hulle kry hulle energie deur opwinding en nuwe dinge aan te pak.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



### 3.6.2.3. S – STANDVASTIGE, STABIELE TEMPERAMENT

Die S-temperament van die DISC-model val in die mensgeoriënteerde en gereserveerde kwadrant. Die S-temperamentstyl van die DISC-model stem ooreen met die flegmatiese temperament van Hippokrates (Rohm, 1998:25). ‘n Eie interpretasie is dat die S-temperamentstyl en die flegmatiese temperament saamgelees moet word. Die flegmatiese temperament is in 3.5.4. bespreek. Vir die praktiese doeleindes van die studie, gaan die S-temperamenttipe in blou aangedui word, wat ooreenstem met die flegmatiese temperament soos verduidelik by 3.5.4. Die S-temperamenttipe kan soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.10: S - STANDVASTIGE TEMPERAMENT**

- Gereserveerd
- Ondersteunend en diensbaar vir ander
- Inskiklik
- Lojaal
- Selfbeheersd en beleef
- Beginselvas en verkies *status quo*
- ‘n Goeie luisteraar
- Verkies uitvoering van vasgestelde werkpatrone
- Verkies om een taak op ‘n slag aan te pak en te voltooi
- Roetine is vir hulle baie belangrik
- Dit gee aan hierdie persoon sekuriteit om te weet dat aspekte konstant is. Verandering veroorsaak spanning
- Hulle gee boodskappe dat hulle altyd vir ander persone beskikbaar is
- Kan geheime bewaar
- Geneig om ander persone tevrede te stel ten koste van hulleself
- Hierdie persoon haat konfliksituasies
- Kan nie “nee” sê vir opdragte nie
- Hierdie persoon soek altyd maniere om ander behulpsaam te wees
- Geneig om onderdanig voor te kom
- Mensgerig
- Beweeg teen stadige pas
- Sensitief oor wat ander dink
- Nie reguit nie
- Kan nie konfrontasies hanteer nie

Bron: Bonnstetter *et al.* (1993:50); Rohm (1998:50-53); Boyd (81-93).

Die volgende woorde beskryf ‘n individu wat in hierdie temperamenttipe val:
(Bonnstetter *et al*., 1993:71)

| | | |
|---|---|---|
| Matig | Ontspannend | Besitlik |
| Sistematies | Voorspelbaar | Empaties |
| Vriendelik | Standvastig | Luisteraar |
| Opreg | Geduldig | Begrypend |
| Passief | Bedagsaam | Beminlik |
| Spanspeler | | |

Bonnstetter *et al.* (1993:80) en Walk thru the Bible (1999:18) beskryf die omstandighede waar die dominante S-temperamenttipe in beheer voel. Dit is die volgende:

- Lang verhoudings wat reeds bestaan.
- ‘n Stabiele en voorspelbare omgewing.
- ‘n Omgewing wat tyd toelaat vir verandering.
- Waar persoonlike aandag gegee word.
- Erkenning en opregte waardering vir take wat voltooi is.
- ‘n Omgewing waar uitvoering op die tradisionele manier geskied.
- Omgewing waar minimale konflik is.

Kontakmakingsvaardighede met die persoon in hierdie temperamenttipe kan soos volg uiteengesit word (Bonnstetter *et al* ., 1993:80):

- Begin met persoonlike kommentaar, sodat die ys gebreek word.
- Kontak waar opregte belangstelling getoon word in die persoon.
- Kontak waar opdragte oorgedra word op ‘n logiese, sagte, nie-bedreigende wyse.
- Dis nodig om informeel en gemaklik te wees.
- Tydens kontakmaking moet nie van die persoon verwag word om vinnig besluite te neem nie.

Die emosionele behoeftes van ‘n persoon wat geneig is om ‘n S-dominansie te toon, is om waardeer te word. Hierdie persoon het dus ‘n behoefte daaraan om benodig te word deur iemand anders (Rohm, 1998:81). Wanneer die persoon onder druk en spanning verkeer, is hy geneig om toe te gee. Hy sal daarby baat vind om meer te inisieer (Walk thru the Bible, 1999:20).

Rohm (1998:81) en Walk thru the Bible (1999:8) meld die dominante S se sterk punte en beperkings. Dit kan soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.11: STERK PUNTE EN BEPERKINGE VAN S-DOMINANTE TEMPERAMENT**

| STERK PUNTE | BEPERKINGE |
|---|---|
| • Kalm<br>• Afhanklik.<br>• Hou nie van verrassings<br>• Goeie luisteraar<br>• Effektief<br>• Prakties. Soek die maklikste oplossing<br>• Konserwatief. Hou by dinge wat in die verlede gewerk het<br>• Diplomaties<br>• Ondersteunend<br>• Inskiklik<br>• Lojaal<br>• Selfbeheersd<br>• Beginselvas<br>• Vasgestelde werkpatroon | • Suinig. Verkies ruimte. Vrees dat hulle sekuriteit sal ververloor<br>• Besluitloos<br>• Weerstand teen verandering<br>• Sukkel om by tydsgrense te hou<br>• Is té toegeeflik<br>• Sloer en stel uit<br>• Koester maklik 'n wrok<br>• Te besitlik<br>• Neem moeilik inisiatief<br>• Kan nie nee sê nie<br>• Ongemotiveerd met tye. Staan terug en verkies dat ander vir hulle standpunt moet stel<br>• Benodig baie leiding<br>• Selfsugtig |

Bron: Rohm (1998:81); Walk thru the Bible (1999:8).

Die S-temperamenttipe se karaktertrekke kan volgens Boyd (2004:80-81), soos volg uiteengesit word:

- Standvastig. Hulle is baie lojaal teenoor ander persone en staan hulle by deur dik en dun.
- Spanspeler. Hierdie persone is toegewyd en verbind tot hulle span. Hulle is samewerkend en verkies om nie enige keuses uit te oefen nie.
- Verkies bekendheid. Hulle het 'n behoefte aan struktuur en roetine. Hulle verkies dat dinge op bepaalde tye in 'n konsekwente orde gebeur. Hulle hou nie van

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


onbeplande veranderinge of verrassings nie. Verandering is vir die S-temperament 'n bedreiging van hulle sekuriteit.

- Dienslewering. Hierdie temperamenttipe wil graag ander behulpsaam wees. Hulle spog nooit oor hulle prestasies nie.
- Verbinding aan mense. Hulle neig om maklike, warm mense te wees, veral in terme van verhoudings. Hulle strewe om harmonie te handhaaf deur hulle verdraagsaamheid teen ander mense se foute. Hulle het nie soveel vriende soos die I-temperament nie, maar hulle is lojaal en verbind teenoor die vriende wat hulle wel het. Hulle aanvaar vriendskappe en verwerp konfliksituasies.
- Bemoeisiek. Hierdie temperament verkies 'n stap-vir-stap benadering om take te verrig. Hulle deurdink voordat hulle reageer en hulle verkies om te weet hoe iets gedoen behoort te word van die begin tot die einde. Die hoë S-temperament het natuurlike beradingsvaardighede en is ondersteunend. Hulle is goeie luisteraars, diplomaties en vredemakers. Hulle hou nie van aggressiewe gedrag en onpersoonlike benaderings nie.
- Beskeie. Hulle verkies om nie die middelpunt van aandag te wees nie. Hierdie individue handhaaf gewoonlik 'n beleefde, beperkende en vriendelike houding. Hulle kan gou ongemaklik voel met te veel aandag, veral in die openbaar.
- Hierdie temperamenttipe is geneig om 'n goeie luisteraar te wees. Hulle verkies om te luister na ander, eerder as om te praat.
- Verkies 'n omgewing waar daar geleentheid gegee word dat hulle kan spesialiseer en waar die omgewing voorspelbaar en stabiel is.
- 'n S-temperamenttipe kan van waarde wees waar hulle verhoudings kan bou. Hulle fokus op die hede. Hulle sal hulle tyd gebruik om verhoudinge te bou, soms ten koste van 'n taak (Walk thru the Bible, 1999:26).

**Die S-temperamenttipe ouer**

'n S-temperament ouer voorsien 'n sin vir sekuriteit aan sy kinders. Hulle is ingestel op ander se behoeftes en in sekere gevalle ten koste van hulleself. Hulle is baie versorgend teenoor hulle kinders. Hulle voorsien 'n warm, gemaklike, ondersteunende omgewing

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



wat gesentreer is rondom hulle huishouding (Boyd, 2004:83).  'n Eie interpretasie is dat kinders se sekuriteit 'n S-ouer se grootste prioriteit is.  Hulle is sensitief en altyd ingestel op ander se behoeftes.

'n Ouer met 'n S-temperament is nie geneig om risiko's te neem nie.  Hulle verkies tradisie en om ander te bedien.  Hierdie ouers wat ondersteunend is teenoor hulle kinders, kan te akkommoderend raak weens hulle vrees om die sekuriteit van 'n nabye verhouding te verloor.  Hierdie skrywer konstateer dat indien 'n ouer te akkommoderend teenoor ander raak, dit daartoe kan lei dat ander hulle misbruik.   Ouers wat te akkommoderend raak ten opsigte van hulle kinders, dra daartoe by dat hulle kinders onvoorbereid die lewe ingaan en hulle emosionele en sosiale ontwikkeling belemmer word.

S-temperamenttipe ouers is geneig om maklik in te gee ten opsigte van versoeke van hulle kinders in 'n poging om argumente te vermy.  Hulle wil te alle tye vrede bewerkstellig.  Hy laat toe dat kinders die grense wat aan hulle gestel word oortree, wat dus 'n negatiewe invloed kan wees.  Kinders kan oorafhanklik raak van hulle ouers, selfs al is hulle volwassenes.  Hierdie ouers is geneig om hulle kinders gewoonlik uit die moeilikheid te help, werkopdragte namens hulle af te handel en boeke wat by die huis vergeet is, agter hulle aan te dra.  'n Eie interpretasie is dat omdat die S-temperamenttipe ouer 'n basiese geneigdheid het om hulle kinders te oorbeskerm, dit kan moontlik 'n invloed kan hê op hulle emosionele en sosiale ontwikkeling van die juniorprimêre skoolkind.  Die kind in die middelkinderjare het 'n groter emosionele volwassenheid wat daarop dui dat daar 'n verandering is van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid.  Die kind in die primêre skooljare moet onafhankliker van hulle ouers funksioneer (Louw *et al*., 2001:349, 354).

S-temperamenttipe ouers is geneig om nie hulle gevoelens uit te druk nie.  Dis belangrik dat hulle  hul frustrasies en gevoelens moet uitdruk.  Dis nodig dat hulle hul pas moet versnel.  Hulle moet waak om nie die rol van lewensredders te vertolk nie.  Dis belangrik dat die kinders verantwoordelikheid moet neem vir hulle dade en die gevolge moet dra.  Hulle moet leer om moeilikhede te hanteer.  Dit moet egter ooreenstem met die kind se ouderdom en gedragstyl.  Hierdie ouers moet verandering wat in hulle omstandighede

voorkom, aanvaar as deel van ontwikkeling. 'n S-temperamenttipe ouer het alleentyd nodig om sy emosionele tenk te vul (Boyd, 2004:83-86).

**Wenke vir S-temperamenttipe kinders**

Kinders met die S-temperament is geneig om stil te wees en ander rondom hulle altyd tevrede te wil hou. Hulle is gewild as gevolg van hulle akkommoderende gedrag teenoor ander. Hulle verkies om in ander se geselskap te wees. Weens die feit dat hulle teen 'n stadige pas beweeg, is hulle geneig om nie projekte vinnig aan te pak nie, maar om dit stap-vir-stap te benader.

Hulle verkies dat ander hulle moet wys hoe hulle iets moet doen. In die toekoms sal hulle dieselfde prosedure toepas om die taak te voltooi.

'n S-temperament kind verkies roetine. Hulle voel veilig in 'n bekende omgewing. Hulle vrees verandering. Hulle hou nie van verrassings of ontwrigting nie. Hierdie kinders verkies om lank voor die tyd te weet van verandering.

Boyd (1994:78) noem verder dat hierdie kinders kwesbaar is vir gesinsonstabiliteit. Hulle ervaar vinniger stres as ander kinders, veral wanneer die gesin nie as 'n eenheid funksioneer nie. Die navorser is van mening dat S-temperamenttipe kinders nie van konflik hou nie en akkommoderend teenoor ander is, wat moontlik kan bydra dat hulle geneig is om meer stres as ander temperamenttipes te ervaar indien daar gesinsonenigheid is.

Die S-temperamenttipe kind hou nie van kompeterende aksies nie. Hulle is gewoonlik tevrede met hulle lot. Hierdie kinders het nodig dat hulle huislike omstandighede so stabiel as moontlik moet wees. Vinnige veranderinge veroorsaak spanning en dit is nodig dat hulle voorberei moet word op verandering. Hulle benodig aanmoediging om hulle emosies uit te druk. Hierdie kinders se grootste behoefte is om waardeer te word en persoonlike versekering en ondersteuning te kry. Beloftes moet gehou en uitgevoer word, aangesien hierdie kinders maklik teleurgesteld voel. Stap-vir-stap verduidelikings

is nodig op hulle "hoe"- vrae. Dis belangrik vir ouers om te weet dat hierdie kinders moeilik keuses uitoefen. Ouers moet die kinders dus behulpsaam wees deur hulle te wys hoe om keuses te maak, eerder as om dit vir hulle te maak.

'n S-temperamenttipe kind is geneig om nie maklik vriende te maak soos die I-temperament kind nie. Die S-temperamenttipe kind is meer selektief en verkies een of twee vriende. Die S-temperamenttipe kind geniet gewoonlik eerder spansport. Hulle beweeg teen 'n stadige pas, en daarom neem hulle hul tyd om projekte aan te pak. Hulle verkies om dit stap-vir-stap te benader. Hulle is geneig om te verkies dat ander hulle vooraf wys hoe dinge gedoen word.

'n S-temperamenttipe kind reageer goed op roetine. Hierdie kinders voel veilig in 'n bekende omgewing. Hulle vrees vir verandering en streef daarna om dinge te hou soos dit is. Hulle hou nie van verrassings of onderbrekings mie (Boyd, 2004:88-89).

'n Eie interpretasie is dat hierdie kinders maklik kan toegee aan ander se versoeke. Hulle is afhanklik van ander en verkies om met empatie hanteer te word. Hulle moet voor die tyd voorberei word op verandering en tyd gegee word om keuses uit te oefen.

**Motivering van 'n S-temperamenttipe kind**

Vir 'n S-temperamenttipe kind om sy volle potensiaal te bereik, is dit nodig om hom te motiveer ten opsigte van die volgende:

- Moedig die kind aan om sy gevoelens meer gereeld uit te druk.
- Motiveer hom om doelwitte daar te stel en beloon hom met opregte waardering.
- Voorsien persoonlike versekering en ondersteuning.
- Dis belangrik om beloftes te hou. Dis nodig om sy "hoe"-vrae te beantwoord en gee stap-vir-stap verduidelikings.
- Wees warm en persoonlik alvorens hy by 'n taak betrek word.
- Dis nodig om bewus te wees om nie vir hierdie kinders keuses te maak nie (Boyd, 2004:78-88).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**Hantering van 'n S-temperamenttipe**

Hierdie temperamenttipe het nodig om teen hulle eie tempo te reageer. Die S-temperamenttipe kan oortuig word deur antwoorde te gee op hulle "hoekom"-vrae en waarom hulle omstandighede moet verander. Dis vir hierdie temperamenttipe belangrik dat dinge saam gedoen moet word, waar aandag gegee word aan die verhouding en hulle toegelaat word om in vrede te werk, met beperkte konflik (Walk thru the Bible, 1999:33; Bonnstetter *et al.,* 1993:82).

Wanneer die ouer en die kind beide 'n S-temperamenttipe het, is hulle geneig om daarvan te hou om te ontspan en kalmte en vrede in hulle gesin na te streef. Beide verkies alleentyd, sonder verantwoordelikhede van telefoonoproepe en tydsbegrip. Die grootste struikelblok wat die S-temperamenttipe ouer en S-temperamenttipe kind moet oorkom, is kommunikasie. Beide is geneig om indirek te praat, beide sal "dinge" voorstel, maar nie een sal 'n keuse uitoefen nie. Nie een sal geneig wees om enigiets te inisieer nie, aangesien dit dalk tot verandering kan lei. Indien die S-temperamenttipe ouer die S-temperamenttipe kind te veel akkommodeer, sal die kind geneig wees om té afhanklik te wees van die ouer. Dit sal daartoe aanleiding gee dat die kind grootword met 'n gebrek aan die vermoë om onafhanklik keuses uit te oefen (Boyd, 2004:148).

Indien die ouer 'n D-temperamenttipe is, is hy geneig om te lei en die S-temperamenttipe kind geneig om te volg. Indien die D-temperamenttipe ouer te sterk oorkom, sal dit daartoe lei dat die S-temperamenttipe kind geneig is om geïntimideerd te voel en dit te verpersoonlik. Die D-temperamenttipe ouer is dikwels geneig om die S-temperamenttipe kind as "swak" te etiketteer (Boyd, 2004:150). Die navorser is van mening dat dit 'n invloed kan hê op die primêre skoolkind se persoonlikheidsontwikkeling.

Indien die ouers 'n I-temperamenttipe is, is hulle geneig om die S-temperamenttipe kind se ontspanne en maklike temperament te waardeer. Die I-temperamenttipe ouer is geneig om te gesels en die S-temperamenttipe kind is geneig om te luister. Die grootste struikelblok wat S-temperamenttipe kinders en I-temperamenttipe ouers moet oorkom, is hulle fokus rondom pas. Die I-temperamenttipe ouer is geneig om teen 'n vinnige pas te

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


beweeg en ‘n avontuurlustige, vinnig veranderende lewenstyl te handhaaf, teenoor die S-temperamenttipe kind se stadige pas en rustige, stabiele lewenstyl. Dit sal vir hierdie tipe ouers nodig wees om hulle benadering te verlaag en die kind toe te laat om teen sy eie pas te beweeg en keuses uit te oefen. Wanneer daar ‘n verandering moet plaasvind, sal dit nodig wees om die kinders vroegtydig voor te berei daarop.

### 3.6.2.4. C - INSKIKLIKE ANALITIESE TEMPERAMENT

Die C-temperamenttipe van die DISC-model val in die taakgeoriënteerde en gereserveerde kwadrant. Die C-temperamenttipe stem ooreen met die melancholiese temperament van Hippokrates (Rohm, 1998:25). ‘n Eie interpretasie is dat die C-temperamenttipe saam met die melancholiese temperament wat in 3.5.3 bespreek is, saamgelees behoort te word. Vir praktiese doeleindes gaan die C-temperamenttipe met oranje aangedui word, soos verduidelik by 3.5.3. Die C-temperamenttipe kan soos volg in ‘n tabel uiteengesit word:

**TABEL 3.12 INSKIKLIKE/ANALITIESE TEMPERAMENT**

- Bekwaam – persoon is geneig om te weet wat hy wil hê
- Geneig om navorsing te doen van feite en dit dan na te volg
- Versigtig, hou nie daarvan om foute te maak nie
- Berekend – dink in terme van die grondbeginsel (*bottom line*)
- Kritiese denke – geneig om eers ‘n situasie te analiseer voordat ‘n besluit geneem word
- Vereis nakoming. Geneig om instruksies te volg
- Persoon is geneig om die geselskap van ander wat uitgaande is, te geniet
- Pligsgetrou. Nie geneig om iets te laat vaar nie
- Neem die lewe baie ernstig op
- Verkies detail
- Hou daarvan om reg te wees. Daar kan altyd op hierdie persoon gereken word
- Verkies dat alles onder beheer moet wees
- Oortuigend. Verkies om akkuraat te wees
- Verkies om take te verrig op wyses wat reeds in die verlede gewerk het. Verskeidenheid kan vir hierdie persoon gevaarlik wees.
- Die motto van die persoon is (*stick with what you know, be safe, be consistent)*
- Ordentlik
- Presies
- Deeglik
- Diplomaties
- Analities
- Deeglik

Bron: Rohm (1998:97); Walk thru the Bible (1999:9); Bonnstetter *et al.* (1993:59); Boyd (2004:95-110).

Die volgende woorde is kernwoorde wat hierdie persone beskryf volgens Bonnstetter *et al.* (1993:86):

| | | |
|---|---|---|
| Perfeksionisties | Feitesoeker | Sistematies |
| Weerhoudend | Analities | Bekwaam |
| Akkuraat | Pligsgetrou | Ontwykend |
| Geduldig | Hoë standaarde | Presies |
| Metodies | Konvensioneel | Sensitief |

Kontakmakingsvaardighede met die persoon met 'n C-temperamenttipe kan soos volg uiteengesit word (Bonnstetter *et al.*, 1993:80):

- Dis nodig om goed voor te berei .
- Dis nodig om reguit met die persoon te praat en genoegsame feite te verskaf.
- 'n Goed deurdagte benadering is nodig.
- Verskaf spesifikasies en doen wat belowe is.
- Dis nodig om 'n aksieplan met stappe aan die persoon te kommunikeer.
- Indien van hierdie persoon verskil word, is dit nodig om genoegsame feite en data te verskaf.
- Gee genoeg ruimte en tyd om 'n keuse te maak.

Die navorser is van mening dat 'n persoon met hierdie temperamenttipe geneig sal wees om eers die feite na te gaan alvorens hy 'n keuse uitoefen. Dit is dus nodig om voordat met die persoon kontak gemaak word, voor te berei en genoegsame agtergrondfeite te gee.

Bonnstetter *et al.* (1993:88) en Walk thru the Bible (1999:9) bespreek die omstandighede waar wat die dominante C-temperamenttipe persoon in beheer voel. Dit is waar:

- kritiese denke teenwoordig is,
- take uitgevoer en voltooi word en die nodige tyd verskaf word,
- die werk tegnies, taakgeoriënteerd en gespesialiseerd is,
- daar noue naby vriendskappe met 'n klein groep individue is,
- kwaliteit en standaarde belangrik is,
- 'n stabiele situasie teenwoordig is,
- geleentheid vir noukeurige beplanning gegee word, en

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



- daar tyd gegun word om dinge reg te doen.

Die persoon met 'n dominante C-temperamenttipe se grootste emosionele behoefte is kwaliteit antwoorde en om te weet hy is reg (Rohm, 1998:99). Boyd (2004:bylaag B) voeg feite en tyd om te analiseer by as emosionele behoeftes van die C-temperamenttipe.

Rohm (1998:100-104) en Walk thru the Bible (1999:8) noem die dominante C se sterk punte en beperkings. Dit kan soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.13 STERK PUNTE EN BEPERKINGS VAN DIE C -DOMINANTE TEMPERAMENT**

| STERK PUNTE | BEPERKINGE |
|---|---|
| • Analities. Kan projek neem en in kleiner dele verdeel | • Besluitloosheid |
| • Sensitief en maak dubbeld seker | • Draai vas in detail |
| • Perfeksionisties | • Te onbuigsaam wat metodes betref |
| • Esteties | • Vermy konfrontasie |
| • Idealisties. Doen die beste | • Swak selfbeeld |
| • Lojaal | • Huiwerig om nuwighede te beproef |
| • Hardnekkig | • Pessimisme |
| • Pligsgetrou | • Praat nie oor gevoelens nie |
| • Gedissiplineerd | • Gemoedskommelinge |
| • Deeglik | • Foutsoekerig |
| • Diplomaties | • Sukkel om groter prentjie te sien |
| • Ordentlik | • Onprakties |
| | • Asosiaal |

Bron: Rohm (1998:105); Walk thru the Bible (1999:9).

Boyd (1994:84) is van mening dat die C-temperamenttipe se kenmerkende karaktertrekke soos volg uiteengesit kan word:

- Handhawing van hoë standaarde. Hulle is geneig om hulle gedrag gedurig te meet teen 'n hoë standaard wat hulle aan hulleself stel. Wanneer hulle nie die standaarde bereik wat hulleself gestel het nie, voel hulle skuldig en angstig. Hulle is geneig om 'n

lae selfbeeld te hê, aangesien hulle voel hulle kan nie die persoonlike standaarde van perfektheid bereik nie. Hulle vrees vir kritiek en sal hard werk om dit ten alle koste te vermy.

- Oplettend ten opsigte van besonderhede. Hulle gee baie aandag aan belangrike detail en vereis dat ander dit ook sal navolg.
- Selfgedissiplineerd. Hulle neem hulle werk baie ernstig op en verkies om die werk alleen te voltooi. Hulle beskou selfdissipline as ‘n noodsaaklike voorvereiste vir sukses.
- Versigtig. Versigtig, berekend in alle areas van hulle lewe sonder om risiko’s te neem. Hulle verseker te alle tye werk van ‘n hoë kwaliteit. Hulle druk nie hulle gevoelens uit nie. Hulle ondersoek ‘n situasie en deurdink dit eers voordat ‘n besluit geneem word. Hulle is gewoonlik baie objektief en tree nie impulsief op nie.
- Hoogs intuïtief. Weens die feit dat hulle voordurend inligting versamel en verwerk beskik hulle oor die vermoë om gedurig ander persone en situasies te lees deur middel van ‘n innerlike intuïsie.
- Doen dinge op die regte manier. Hulle is analities en wil take korrek benader en afhandel. Hulle is meer gesteld op kwaliteitwerk as die handhawing van verhoudings. Hulle is geneig om gereserveerd te wees in verhoudings. Hulle natuurlike styl ontmoedig hulle om leiersposisies te aanvaar. Dis nie omdat hulle nie kan nie; dis eerder die geval dat dit te veel van hulle energie verg, aangesien hulle hulleself uit hulle gemaksone moet dwing. Hulle neem stadig besluite, aangesien hulle die regte besluit wil neem. Hulle is geneig om eers al die inligting te wil versamel, alvorens hulle ‘n besluit neem.

**C-temperamenttipe ouer**

‘n C-temperamenttipe ouer sien sy primêre verantwoordelikheid daarin om seker te maak dat sy kinders “korrek” opgevoed word. Hulle probeer altyd om hulle kinders te leer hoe noodsaaklik dit is om hulle beste te doen en te strewe vir perfektheid. Hulle verlang van hulle kinders om hulle volle potensiaal te bereik en suksesvol te wees in dit wat hulle kies. C-temperamenttipe ouers moedig hulle kinders aan om te ondersoek, te studeer en

soveel moontlik vrae te stel rakende dit wat vir hulle belangrik is. Hulle verkies om sake op ‘n diep en analitiese vlak met hulle kinders te bespreek. Hulle neig om hulle te verduidelik waarom hulle ‘n bepaalde keuse uitgeoefen het.

Hulle neig om goeie luisteraars te wees wannneer inligting aan hulle verskaf word wat gebruik kan word in die keusemakingsproses. Weens hulle behoefte om dinge te verduidelik, is hulle geneig om ‘n lesingstyl in hulle ouerskap toe te pas. Hulle is geneig om meer detailinligting te gee as wat nodig is. Hulle is geneig om alles wat hulle aanpak, te organiseer in ‘n werkbare plan.

Hierdie ouers is geneig is om dissipline uit te oefen, soos die stel van beperkinge. ‘n C-temperamenttipe ouer laat dikwels toe dat hulle vrees om keuses uit te oefen, hulle optrede beheer. Dit kan daartoe aanleiding gee dat hulle te perfeksionisties raak. Perfeksionistiese ouers vereis dat dinge op die regte manier gedoen moet word en verdra nie afwykings daarvan nie. Ouers neig om prestasiegeoriënteerd te wees in hulle benadering tot ouerskap, weens die hoë standaarde wat hulle stel. Vir hulle beteken ‘n goeie ouer een wie se kinders aan ‘n sekere voorgeskrewe standaard voldoen. Hulle is gewoonlik ernstig, gekontroleerd, metodologies en reëlsgebaseer. Hierdie ouers vind dit moeilik om aanklank by hulle kinders op ‘n emosionele vlak te vind. Hierdie ouers vrees om foute te maak. ‘n Perfeksionistiese ouer vind dit moeilik om te erken wanneer hulle ‘n fout begaan het. Hierdie ouer is dikwels geneig om wanneer die kind wel iets korrek doen, iets te kry waarop die kind moet verbeter.

Die navorser is van mening dat hierdie ouers geneig kan wees om met alles wat hulle kinders doen fout te vind weens hulle behoefte om alles korrek te doen. Hierdie gedurige foutsoekery kan ‘n onvoltooidheid by die kinders meebring wat, ‘n invloed op die kinders se selfbeeld mag hê.

**Wenke vir die C-temperamenttipe ouer**

‘n Perfeksionistiese ouer het nodig om te besef dat alles nie te alle tye reg kan wees nie. Ongesonde perfeksionisme kan veroorsaak dat kinders kan voel dat hulle, ten spyte van al

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


hulle pogings om die ouers tevrede te hou, hulle nooit goed genoeg sal wees nie. Hierdie ouers moet konflik hanteer, eerder as om dit te vermy. Met betrekking tot kommunikasie is dit belangrik vir hierdie ouers om hulle gevoelens te verbaliseer. Die gevaar bestaan dat voltooiing van take en projekte belangriker kan word as hulle kinders. Om 'n dag volgens 'n plan te spandeer is belangrik, maar hierdie ouers moet onthou dat planne ook kan verander, wat normaal is. Dit is nodig vir die ouers om teen 'n stadiger pas te beweeg (Boyd, 2004:102).

**Wenke vir die C-temperamenttipe kind**

C-temperamenttipe kinders is analitiese denkers. Hulle is baie ernstig oor die lewe. Alles wat hulle aanpak, moet aan 'n sekere standaard voldoen. Hierdie standaard word gewoonlik deur hulleself gestel. Hulle sin vir organisering begin reeds op 'n vroeë ouderdom. Hierdie kinders is ook geneig om perfeksionisties te wees in dit wat hulle doen.

Hoë C-temperamenttipe kinders het gewoonlik probleme met hulle selfbeeld, veral wanneer hulle daarin misluk om aan hulle eie vooropgestelde standaarde te voldoen. Hulle doelwit is om alles wat hulle aanpak, perfek af te handel. In die lig hiervan verkies hulle om 'n taak alleen te voltooi. Hierdie kinders verkies detail. Hulle neem alles in wat rondom hulle aangaan. Hulle verwerk en bereken soos wat hulle take voltooi en met mense kommunikeer. Hulle het min geduld met mense wat nie logies en feitelik is nie. Hulle verkies dat alles reg moet verloop. Hierdie kinders vermy interpersoonlike aggressie. Hulle stem gewoonlik saam, eerder as om daaroor te baklei. Hulle leer gou om met ander oor die weg te kom deurdat hulle uitvind wat van hulle verwag word en probeer so ver moontlik om aan die verwagtinge te voldoen.

Hierdie temperament kind wil deur ander as suksesvol beskou word, weens die feit dat hulle altyd die regte ding wil doen. Hulle het 'n neiging om te analities te wees. Hulle is geneig om nie hulle gevoelens met ander te deel nie, aangesien hulle in beheer wil lyk vir ander.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Die navorser is van mening dat die C-temperamenttipe kind geneig is om altyd te wil weet waarom sekere goed gebeur en wat van hom verwag word.  Hulle is ernstig en versigtig.  Dis belangrik dat ouers hulle kinders moet toelaat om ‘n C te wees.

**Motivering van ‘n C-temperamenttipe kind**

Ouers moet hierdie kinders versigtig en op hulle tyd behulpsaam wees om te ontspan en uit hulle dop te kruip.  Hulle kan die kinders gereeld vra hoe hulle voel en wat hulle nou dink.  Hulle moet die kinders toelaat om kwaliteitwerk te doen en nie druk op hulle plaas om die werk te voltooi nie.  Ouers moet hulle kinders behulpsaam wees om meer verdraagsaam en minder perfeksionisties te wees.  Fokus op wie hy is eerder as wat hy doen.  Bevestig die kind se hoë waardes as persoon ongeag wat hy doen.  Hou by beloftes.  Benader hom op ‘n direkte, reguit manier en hou by die onderwerp.  Indien ouers van die kinders verskil, moet aan hulle verduidelik word waarom.

Hierdie kinders benodig gewoonlik genoeg tyd om te herlaai en te dink.   Ondersteun die kind se denke en sy analitiese benaderings tot dinge.  Hy reageer of praat nooit sonder om te dink nie en ouers moet bedag wees daarop.  Hy benodig waardering vir die kwaliteit werk wat hy verrig.  Ouers moet baie spesifiek wees in hulle waardering vir hulle kinders.  Hierdie kind beleef verwerping indien ouers te kenne gee dat hulle bekommernisse, vrae en probleme nie belangrik is nie.  Hulle neem hulle tyd voordat hulle ‘n keuse maak en dit is nodig dat ouers hulle nie moet druk in besluitneming nie.  Ouers moenie te emosioneel wees wanneer hulle hul kinders  wil oortuig nie.  Hulle moet nie hulle kinders dreig of hulle stemtoon teenoor hulle verhef nie.  Dit kan daartoe lei dat hierdie kinders hulle sal onttrek.

‘n Eie interpretasie is dat hierdie kinders nie oortuig sal word deur emosionele gedrag nie, maar eerder deur feite.  Hulle moet genoeg tyd gegun word om keuses uit te oefen.  Wanneer hulle voel dat hulle die verkeerde keuse uitgeoefen het, sal hulle maklik depressief en negatief raak.  Daar moet dus nie te hoë eise aan hulle gestel word nie.

Die navorser is van mening dat die DISC-model dus interpreteer hoe ‘n persoon geneig is om op te tree. Dit gaan oor die “hoe” van gedrag. Dit is duidelik dat ‘n persoon nie net een van die temperamenttipes is nie, maar ‘n kombinasie kan wees van twee of selfs drie. Dit wil tog blyk dat ‘n persoon wel ‘n dominante temperamentstyl kan openbaar. Die navorser meen verder dat ‘n persoon met ‘n temperamentstyl gebore word en dat temperament konstant bly. Dit wil dus blyk dat ‘n persoon se temperament nie verander kan word nie en dit is nodig dat deurlopend op die persoon se sterk punte gefokus moet word.

‘n C-temperamenttipe persoon het ‘n behoefte aan kwaliteit en het dus nodig dat hulle feite van ‘n saak gegee word (Walk thru the Bible, 1999:32). Bonnstetter *et al.* (1993:95) is van mening dat die C-temperamenttipe kind betrek moet word by die definiëring en implimentering van take en die stel van standaarde. Duidelike vereistes van wat verlang word moet gestel word. ‘n C-temperamenttipe kan oortuig word deur op “hoe”-vrae te beantwoord. Hulle het ‘n behoefte om dinge reg te doen en voldoende tyd moet daarvoor gegee word (Bonnstetter *et al.*, 1993:95). Wanneer met die temperament verskil word, is dit nodig om met feite te verskil. ‘n Eie interpretasie is dat die C-temperamenttipe ‘n basiese geneigdheid het om reg te wil wees. Hulle behoefte kan dikwels daartoe lei dat die individu perfeksionisties word. Hierdie individue is ernstig en prestasiegerig en stel hoë eise aan ander en aan hulleself.

‘n D-temperamenttipe ouer en ‘n C-temperamentipe kind se fokus is op take en om onafhanklik te werk. ‘n D-temperamenttipe ouer is geneig om vinnig betrokke te raak by ‘n projek, terwyl die C-temperamenttipe kind geneig is om eers in detail oor die projek na te dink. Beide verkies resultate, die verskil is dat die C-temperamenttipe kind die saak reg gedoen wil hê, terwyl die D-temperamenttipe ouer geneig is om die werk onmiddellik afgehandel te wil kry. Die D-temperamenttipe ouer se geneigdheid om die kind te beheer, sal die C-temperamenttipe kind wat nie gedruk wil wees om iets af te handel nie ontmoedig. Dit sal nodig wees om nie ongeduldig met die C-temperamenttipe kind te wees nie en om hom nie aan te jaag nie. Wanneer ‘n persoon kritiek lewer, sal die D-temperamenttipe ouer dit as ‘n uitdaging beskou, terwyl die C-temperamenttipe kind die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


kritiek persoonlik sal beleef. Die navorser is van mening dat dit 'n invloed kan hê op die primêre skoolkind se persoonlikheidsontwikkeling (Boyd, 2004:141).

'n S-temperamenttipe ouer en 'n C-temperamenttipe kind is beide geneig om teen 'n stadige pas te beweeg, wat mekaar "alleentyd" gun en geniet om bymekaar te wees, met min gesprekvoering tussen hulle. Nie een is geneig om konflik te hanteer nie en verkies om dit te vermy. Die struikelblok wat hierdie twee temperamenttipes moet oorkom is dat die kritiese neiging van die C-temperamenttipe kind die gevoelens van sy ouers kan seermaak. Die C-temperamenttipe kind se logiese, intuïtiewe geneigdheid kan bots met die S-temperamenttipe ouer se meer gevoelensgeoriënteerde fokus.

'n C-temperamenttipe ouer en C-temperamenttipe kind is beide geneig om te fokus op werk en hulle volle aandag te gee aan dit wat afgehandel moet word. Die struikelblok wat hulle moet oorkom, is wanneer hulle verskil oor wie reg is. Beide sal geneig wees om hulleself te onttrek as 'n hanteringswyse van konflik. Dis nodig dat ouers hiervan bewus moet wees, om sodoende ontvankliker te wees indien die kind 'n verskillende wyse van doen voorstel. Ouers moet daarop let wannneer hulle hul kinders kritiseer, aangesien 'n C-temperamenttipe persoon se grootste vrees is dat hulle werk gekritiseer sal word. 'n C-temperamenttipe kan geneig wees om hoë standaarde stel. C-temperamenttipe ouers moet dus daarop let dat hulle nie te hoë eise stel dat hulle kinders voel hulle kan nie daaraan voldoen nie (Boyd, 2004:144).

Uit die bogenoemde dimensies, kategorieë en model kan die volgende tabel saamgestel word:

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



**Tabel 3.14: OPSOMMENDE UITEENSETTING VAN DIE DIMENSIES, KATEGORIEË EN DISC-MODEL**

| Chess & Thomas se nege dimensies | Hippokrates | Heelbreinteorie | DISC-model |
|---|---|---|---|
| **Aktiwiteitsvlak** | | | |
| Hoog | Sanguinies/Choleries | Regterbrein/Linkerbrein | Sanguinies–I |
| Laag | Melancholies/Flegmaties | Linkerbrein/Regterbrein | Flegmaties–S |
| **Ritme** | | | |
| Hoog | Flegmaties/Choleries | Regterbrein/Linkerbrein | Flegmaties–S |
| Laag | Sanguinies | Regterbrein | Sanguinies–I |
| **Toenadering** | | | |
| Hoog | Choleries/Sanguinies | Linkerbrein/Regterbrein | Choleries-D |
| Laag | Melancholies/Flegmaties | Linkerbrein/Regterbrein | Melancholies -C |
| **Aanpassing** | | | |
| Laag | Sanguinies/Choleries | Regterbrein/Linkerbrein | Sanguinies-I |
| Hoog | Melancholies/Flegmaties | Linkerbrein/Regterbrein | Flegmaties-S |
| **Responsiwiteit** | | | |
| Hoog | Melancholies/Choleries | Linkerbrein | Melancholies-C |
| Laag | Flegmaties/Sanguinies | Regterbrein | Flegmaties-S |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Intensiteit van reaksie** | | | |
| Hoog | Sanguinies/Flegmaties | Regterbrein | Sanguinies-I |
| Laag | Melancholies | Linkerbrein | Melancholies-C |
| **Kwaliteit van gemoedstoestand** | | | |
| Hoog | Sanguinies/Choleries | Regterbrein/Linkerbrein | Sanguinies-I |
| Laag | Melancholies/Flegmaties | Linkerbrein/Regterbrein | Melancholies-C |
| **Afleibaarheid** | | | |
| Hoog | Sanguinies | Regterbrein | Sanguinies-I |
| Laag | Choleries/Melancholies | Linkerbrein | Choleries-D |
| **Aandagspan en uithouvermoë** | | | |
| Hoog | Melancholies/Choleries | Linkerbrein | Melancholies-C |
| Laag | Flegmaties/Sanguinies | Regterbrein | Flegmaties-S |

## 3.7. METING MET DIE DISC-MODEL

Die gestandaardiseerde DISC-temperamenttipe-analise-instrument bestaan uit 24 blokke, elk met vier beskrywende woorde. (Vergelyk bylaag 5) Uit praktykervaring het dit na vore gekom dat persone nie die beskrywende woorde verstaan nie. Daar is 'n lys van verklarings wat elke woord beskryf, bekom van "Walk thru the Bible". Hierdie lys van verklarings word as bylaag ses aangeheg. Die persoon word gevra om aan te dui watter woorde in elk van die blokke hom die meeste en watter een hom die minste beskryf. In elke blok moet daar dus 'n aanduiding wees van 'n beskrywing wat elke individu die

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



meeste en die minste beskryf.  Die response van die onderskeie 24 blokke word deur 'n gestandaardiseerde sagteware program in twee grafieke aangedui.  Die sagtewareprogram is deur die navorser aangekoop by "Walk thru the Bible" (as bylaag sewe aangeheg).  Die sagtewareprogram stel die navorser daartoe in staat om die temperamenttipe van elke individu vas te stel volgens die DISC-model.

Die woorde wat die "meeste"-respons blokke verteenwoordig, word op grafiek 1 aangedui en die "minste"-respons blokke op grafiek 2.  Die sagtewareprogram dui hoë en lae intensiteitsvlakke op grafiek 1 en 2 aan.  Die energielyn word beskryf as die middellyn op die twee grafieke, die fondament waarop die intensiteitsvlakke bepaal kan word.  Wanneer die rekenaarprogram aandui dat 'n persoon 'n dominante D temperamenttipe is beteken, dit dat die "D" op die verste punt van die energielyn af staan. 'n Lae "D" dui aan dat die "D"-faktor op die verste punt onder die energielyn staan.  Dis belangrik om in gedagte te hou dat geen individu slegs een letter van die DISC-model is nie.  Dis nodig om die intensiteit van al vier faktore en hulle verhoudings tot mekaar in gedagte te hou (Bonnstetter *et al.*, 1993:108).

### 3.7.1.  GRAFIEK 1

Die eerste grafiek dui die "meeste"-respons op die 24-blok vraelys aan.  Hierdie response identifiseer 'n persoon se reaksies teenoor die omgewing.  Dit toon dus die gedrag wat die individu voel of nodig het om te openbaar, ten einde te oorleef.

Die eerste grafiek kan vergelyk word met 'n masker.  Die masker dien die doel om die persoon se ware identiteit te bedek.  'n Persoon het dikwels nodig om verskillend op te tree van wat hy regtig is.  Die persoon kry boodskappe uit sy omgewing wat dit vir hom nodig maak om anders op te tree as wat hy regtig is.  Dit is die gedrag wat die persoon toelaat dat ander sien.  Die grafiek is veranderbaar.  Die individu pas gedurig sy gedrag by die omgewing aan, soos sy omstandighede en omgewing verander (Bonnstetter *et al.*, 1993:106).  Die navorser is van mening dat hierdie grafiek op die individu se aangepaste temperament dui.  Dit dui dus die gedrag wat die individu vir sy omgewing wys, aan. Die navorser meen verder dat hierdie gedrag moontlik vergelyk kan word met die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


persoon se persoonlikheid, soos bespreek in 2.3.1. Dit is dus die gedrag wat in interaksie is met die omgewing.

### 3.7.2. GRAFIEK 2

Die tweede grafiek dui die persoon se ware identiteit aan. Dit dui die basiese gedrag, die kern van 'n persoon, aan. Wanneer 'n persoon onder druk verkeer, kom hierdie ware gedrag na vore. Dieselfde geld vir wanneer dit met die persoon goedgaan.

Hierdie grafiek verteenwoordig die "minste"-response op die vraelys. Daar is getoon dat 'n beter, vollediger prent weergegee word wanneer 'n persoon gevra word wat hy nie is nie (Bonnstetter *et al.*, 1993:108). Hierdie grafiek is nie aanpasbaar nie. Die navorser is van mening dat die grafiek op die individu se ware identiteit dui, die temperament waarmee die persoon gebore word, wat nie kan verander nie. 'n Verdere mening is dat wanneer die tellings op die grafieke nie met mekaar ooreenstem nie, dit moontlik kan aandui dat die persoon nodig het om sy temperament so aan te pas dat dit van sy aangebore temperament verskil. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die persoon moontlik spanning beleef aangesien dit vir hom nodig is om verskillend van sy aangebore temperament op te tree.

### 3.7.3 DIE ENERGIELYN

Die energielyn word beskou as die middellyn op die grafieke, wat die fondasie is waarop intensiteitsvlakke bepaal kan word. Die punt wat die verste van hierdie lyn aangedui word, word as die dominantste temperamenttrek beskou. Die verhouding waarin die punte aangedui word van hoog na laag, toon die temperamenttipe wat die persoon beskryf (Bonnstetter *et al.*, 1993:108).

### 3.7.4 DIE EVALUERING VAN DIE DISC-MODEL

Die DISC-model se interpretasie bestaan uit vyf stappe wat gevolg moet word vir volledigheid. Hierdie stappe kan soos volg uiteengesit word:

- Stap 1: Bepaal die kern temperamentstyl van grafiek 1.
- Stap 2: Identifiseer sterk, matige en swak neigings van die grafiekverhoudings en verduidelik.
- Stap 3: Bepaal die emosies van die vier faktore.
- Stap 4: Let op diskrepansies tussen grafiek 1 en 2. Let op of daar 'n beduidende verskil is tussen die grafieke. Indien daar 'n verskil is, dui dit aan dat die persoon nodig het om verskillend te reageer van wie hy regtig is.
- Stap 5: Herhaal grafiek 2 (Bonnstetter *et al.*, 1993:109).

Die vyf ouerpare wat tydens die empiriese studie as respondente deelgeneem het aan die studie, het elk die DISC-vraelys voltooi, om sodoende hulle temperamenttipes te bepaal.

## 3.8 KEIRSEY-MODEL

Die navorser het verskeie kursusse in die Keirsey-model. Internasionale bronne van die model is aangekoop en bestudeer. Die doel was om die Keirsey-model en die DISC-model met mekaar te trianguleer, en dus aanvullend tot mekaar te benut tydens die empiriese studie en die ontwikkeling van 'n kontrolelys. Die kontrolelys is benut om die kinders se temperamente te bepaal. Na die literatuurstudie, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die Keirsey-model nie aanvullend tot die DISC-model benut kan word nie. Die Keirsey-model word vervolgens kortliks uiteengesit as 'n alternatiewe wyse om terapeute behulpsaam te wees om individue se temperamenttipe te bepaal.

### 3.8.1 Die oorsprong van die Keirsey-model

Carl Jung het 'n 1928 'n boek "*Psychological Types*" gepubliseer. Hierin skryf hy dat mense van mekaar verskil op verskillende wyses. Mense verskil in denke, waarneming, konseptualisering, begrip en bepeinsing. Elke individu het dus 'n bepaalde voorkeur wat bepaal hoe hy optree. Die individu se voorkeur kan getipeer word in psigologiese tipes of voorkeurtipes. Die voorkeur- of psigologiese tipes is deur Jung ontdek en ontwikkel (Keirsey & Bates, 1984:4; Berens, 2000:2). Gedurende die 1930's was die uitgangspunte

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



van Jung tesame met dié van Adickes, Kretchmer, Adler, Spranger en Hippokrates vergete, en is meer klem geplaas op die behavioristiese benadering. Hierdie benadering het die idee van temperament verwerp en aangevoer dat gedrag weens onbewuste motiewe of ervarings wat die verlede beskryf kan word. 'n Eie interpretasie is dat hierdie benadering beskryf het dat temperament aangeleer is, terwyl Jung gedrag as aangebore beskryf het. Isabelle Myers en Kathryn Briggs is deur Jung se boek *Psigological Types* geïnspireer. Hierdie herlewing van die idee van temperament het in 1950 plaasgevind (Keirsey & Bates, 1984:3-5; Heineman, 2005).

### 3.8.2 Myers-Briggs se verbintenis met die Keirsey-model

Herlewing van temperament het gedurende die 1950's plaasgevind. Isabel Myers en Katheryn Briggs, 'n moeder en dogter, het 'n vraelys ontwikkel uit Jung se idees, wat sestien verskillende gedragstipes bepaal. Hierdie vraelys staan as die Myers Briggs Type- Indicator bekend (Keirsey & Bates, 1984:4). Keirsey het dieselfde tyd as Myers Briggs aan Jung se teorie van psigologiese tipes aandag geskenk, hoewel dit onafhanklik van mekaar gedoen is. Die psigologiese tipes wat deur Jung beskryf is, kan soos volg uiteengesit word:

- Hoe die individu verkies om energie te verkry.
- Hoe die individu verkies om inligting te versamel.
- Hoe die individu verkies om keuses te maak.
- Watter lewenstyl 'n persoon verkies om aan te neem (LaFerla, 2001:3).

### 3.8.3 Uiteensetting van die Myers Briggs Type-Indicator

Die eerste psigologiese tipe van Jung het Myers Briggs beskryf as dat die persoon verkies om sy energie te kry deur ekstroversie (E) teenoor introversie (I). Die ekstroversie verwys na die persoon se fokus wat op die omgewing gegrond is, teenoor introversie wat op die innerlike wêreld of idees van die persoon gegrond is (LaFerla, 2001:4).

Die tweede psigologiese tipe, genaamd hoe die individu verkies om inligting te versamel kan gegrond wees op sintuiglikheid (S) teenoor intuïsie (N). By sintuiglikheid verkies die persoon om op die hier en nou en op konkrete inligting is deur hulle sintuie bekom is, te fokus. Intuïsie neig om te fokus op die toekoms, met 'n uitgangspunt van patrone en moontlikhede (LaFerla, 2001:45).

Die derde psigologiese tipe, genaamd hoe die persoon verkies om keuses uit te oefen, dui daarop dat die persoon verkies om keuses te maak gegrond op denke (T) of gevoelens (F) (LaFerla, 2001:4).

Die vierde psigologiese tipe is watter lewenstyl die persoon verkies. Die persone wat 'n beoordelende (J) lewenstyl verkies, is geneig om te beplan en te organiseer. Diegene wat 'n waarnemende (P) lewenstyl verkies, is geneig om spontaan en aanpasbaar te wees (LaFerla, 2001:4).

Volgens die Meyers Briggs Type Indicator, kan die vier hoof psigologiese tipes verdeel word in sestien verskillende temperamenttipes (LaFerla, 2001:5). Die sestien temperamenttipes is die volgende:

**Tabel 3.15 MYERS BRIGGS TYPE INDICATOR**

| | | | |
|---|---|---|---|
| INFP | ISFP | INTP | ISTP |
| ENFP | ESFP | ENTP | ESTP |
| INFJ | ISFJ | INTJ | ISTJ |
| ENFJ | ESFJ | ENTJ | ESTJ |

Bron: Keirsey en Bates (1984:12).

Die Myers Briggs Type Indicator is volgens die navorser slegs vir agtergronddoeleindes uiteengesit. Die Type Indicator is nie in die studie benut nie.
Viawest (2006) konstateer dat die Myers Briggs Type Indicator nie met die Keirsey-model verwar moet word nie. Die publikasie is van mening dat een van die praktiese probleme daarin geleë is dat die twee modelle in die meeste gevalle in die literatuur en

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


self deur terapeute as sinonieme van mekaar gestel word. Die verskil tussen die Myers Briggs Type Indicator en Keirsey-model is geleë daarin dat Myers Briggs Type Indicator liniêre faktore gebruik om gedrag te beskryf, terwyl Keirsey ‘n veldteorie gebruik. Myers Briggs Type Indicator verwys na die psigologiese tipes as persoonlikheidstipes en die Keirsey-model verwys daarna as-temperamenttipes (Viawest, 2006). Die grootste verskil tussen die Keirsey-model en die Myers Briggs Type Indicator is geleë in die beskrywing van die verskillende aspekte van die temperamente. Die Keirsey-model verwys na die hoe van gedrag (Viawest, 2006). ‘n Eie interpretasie is dat die Keirsey-model aanvullend tot die DISC-model benut kan word, aangesien albei die hoe van gedrag beskryf. Die Myers Briggs Type Indicator het persone in sestien verskillende tipes geklassifiseer, terwyl Keirsey die sestien tipes in agt voorkeurtipes en die agt voorkeurtipes in vier temperamente verdeel het (IVDrive, 2005).

Die Myers-Briggs Type-Indicator kan ook nie met die DISC-model verbind word nie weens die feit dat beide verskillende teoretiese oorpronge het en verskillende aspekte meet. Die DISC-model beskryf gedrag gebaseer op hoe persone hulleself in verskillende omgewings beskryf, terwyl die Myers Briggs Type Indicator beskryf hoe ‘n persoon die omgewing benader en die inligting verwerk. Die inligting wat verkry word van die twee meetinstrumente, kan nie met mekaar korreleer nie, aangesien hulle om verskillende redes ontwerp is. Inscape Publishing (1996) stel dit duidelik dat die Myers Briggs-Type Indicator nie met die DISC kan ooreenstem nie.

### 3.8.4 Keirsey-model

Keirsey het aangedui dat elke individu verskillend gebore word, met voorkeure van hoe om inligting in te neem, oplossings te vind en keuses te maak. Die individu se gedrag is gewoonlik toevallig, maar volg patrone. Die patrone wat voorkom, reflekteer die individu se voorkeure om inligting in te neem en keuses te maak. Die patrone reflekteer ook die wêreld waarin die individu die meeste op sy gemak is (Keirsey & Bates, 1984:14; Goldsmith & Wharton, 1995:13). Keirsey & Bates (1984:14) konstateer verder dat voorkeure, soos wat dit benut word, kan versterk of verswak.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die somtotaal van 'n individu se voorkeure vorm die individu se temperamenttipe (Goldsmith & Wharton, 1995:13). 'n Voorkeur van 'n individu is slegs 'n voorkeur en daar bestaan nie 'n regte of verkeerde voorkeur nie (Laferla, 2001:3).

Keirsey het vier hoof temperamenttipes ontwikkel. Keirsey het vier temperamentkategorieë geïdentifiseer wat as basis vir die sestien tipes dien (Hedges, 1997; Tieger & Barron-Tieger, 1997:34).

Goldsmith & Wharton (1995:24) is van mening dat die voorkeurtipes die basis vir die bepaling van die dominante temperament vorm. Voordat die vier temperamente soos deur Keirsey ontwikkel verduidelik word, is dit belangrik om daarop te let dat Keirsey & Bates (1984:30) van mening is dat temperament gedrag bepaal. Gedrag kan beskou word as die instrument om die individu behulpsaam te wees om sy behoeftes te bevredig. Berens (2000:5) noem dat gedrag saamgegroepeer kan word om patrone te vorm. Die patrone kan rondom behoeftes georganiseer word is spesifiek tot elkeen se temperament. Temperament plaas 'n vingerafdruk op die individu se optrede.

Die vier temperamenttipes van Keirsey gaan slegs vir agtergronddoeleindes uiteengesit word. Die vier temperamente waarna Keirsey & Bates (1984:31) verwys, is SP, SJ, NT en NF. Die eerste temperament wat uiteengesit gaan word, is die van SJ. Tieger & Barron-Tieger (1997:35) noem hierdie SJ-temperament die tradisionele groep. Hierdie temperament kan soos volg uiteengesit word

#### 3.8.4.1 SJ (SINTUIGLIK/BEREKEND)

Die voorkeurtipe wat aan hierdie temperament gekoppel kan word, is die sintuiglike en berekende tipe (SJ) (Keirsey, 1998:78 en Goldsmith & Wharton, 1995:77). Persone wat verkies om inligting te ontvang deur die sintuiglike proses – oë, ore, neus, mond en vel, se voorkeur is sintuiglik. Hierdie persone verkies om van hulle omgewing te leer deur gebruik te maak van hulle sintuie. Persone wat sintuiglik is, verlang, vertrou en onthou feite. Berekende persone verkies afhandeling van 'n saak bo 'n oop opsie. Individue se styl vir organisering en beplanning van die omgewing rondom hulle en lojaliteit om die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


werk af te handel, is die kern van die voorkeurtipe. Die temperamenttipe SJ kan skematies soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.16: SJ-TEMPERAMENTTIPE**

- Staan bekend as die logistiese temperament.
- Gee leiding aan ander persone.
- Sien toe dat alles op hul plek is.
- Bewaarder en kan met die bewer vergelyk word. Die eienskap van 'n bewer is dat hy rusteloos sy werk afhandel. Die bewer hou wag oor sy familie en is op die uitkyk vir gevare.
- Kan met die **melancholiese** temperamentkategorie vergelyk word. Individu verwag ongunstige uitkomste, wat hulle bedruk, treurig en ernstig maak.
- Individu is nie geïnteresseerd in hoe dinge inmekaar pas nie. Verkies om dinge te hou soos dit was.
- Individu se begrip vir die omgewing en die rol wat hy daarin speel, is op vorige ervarings gebaseer. Aandag word aan spesifieke dele gegee. Die voorkeur aan die sintuiglike, dui daarop dat hulle aandag skenk aan feite en detail in die hier-en-nou.
- Die berekende voorkeur dui daarop dat keuses uitgeoefen moet word en dat die lewe georden en georganiseerd moet wees.
- Realisties, georganiseerd, prakties en verkies om reëls te gehoorsaam.
- Behoefte om te behoort en behoefte aan stabiliteit.
- Glo dat hulle moet gee om te ontvang.
- Ernstig ingestel teenoor die lewe.
- Kinders wil weet hulle doen die regte ding.
- Kinders wil onderwysers en ouers tevrede hou.
- Verkies roetine en hou nie van verandering nie.
- Verkies om nuwe vaardighede op 'n stap-vir-stap wyse aan te leer.
- Hierdie individu moet weet wat van hom verwag word. Verkies konsekwentheid.
- Gee aandag aan detail, verwag konstante terugvoer van ouers en ander volwassenes.
- Stel hoë standaarde vir doelbereiking aan hulleself en ander. Studeer volgens skedule

Die navorser stem saam dat die SJ-temperamenttipe ooreenstem met die melancholiese temperament soos ontwikkel deur Hippokrates, (3.5.3), asook die C-temperamenttipe van die DISC-model (3.6.2.4). Die rede hiervoor is dat die C-temperamenttipe volgens die DISC-model en die melancholiese temperament van Hippokrates se temperamentele

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



kategorieë geneig is om toe te sien dat alles vlot verloop, 'n bewaarder is, verkies om dinge te hou soos dit is en ernstig ingestel is teenoor die lewe. Dit is egter net 'n paar karaktertrekke van die C-temperamenttipe volgens die DISC-model en die melancholiese temperament volgens Hippokrates se temperamentele kategorieë.

### 3.8.4.2 SP (SINTUIGLIK/AKKOMMODEREND)

Die voorkeurtipes wat gekoppel kan word aan hierdie temperament, is dié van sintuiglik en akkommoderend. Die sintuiglike gedeelte van die SP stem ooreen met die van die SJ-temperament, deurdat dit ook in die hier-en-nou belangstel en realisties en prakties is. Die voorkeur vir akkommoderendheid, maak dat hulle makliker kan aanpas en spontaan voorkom en die kombinasie met die voorkeur vir sintuiglikheid, maak hulle meer direk, deelnemend en aanpasbaar (Keirsey & Bates, 1984:3; Tieger & Barron-Tieger, 1997:36). Die temperamenttipe kan skematies soos volg uiteengesit word:

**Tabel 3.17: SP-TEMPERAMENTTIPE**

- Avontuurlustig en verkies om vry te wees.
- Plaas hoë waarde op vryheid, aksie en ondersoeking en kom impulsief voor.
- Is spontaan en waag maklik. Het baie energie.
- Vergeet reëls maklik.
- Kom ongeorganiseerd en dikwels onvoorbereid vir verantwoordelikheid, weens tydsaamheid.
- Praktiese persoon. Hanteer inligting met spontaneïteit en buigsaamheid.
- Kan vergelyk word met 'n jakkals. Hy is slinks en prakties.
- Stem ooreen met **sanguiniese** temperamentkategorie van Hippokrates.
- Verkies om te doen in die hier-en-nou.
- Kan vergelyk word met die ambagsman. Het 'n geneigdheid vir waarnemings van die spesifieke en is konkreet in die hier-en-nou.
- Verkies beweging, opwinding en hou van kompetisie.
- Benodig ruimte waar hulle kan rondbeweeg.
- Benodig baie liefde en erkenning.
- Beskou homself as dapper en is 'n spanspeler.

Die navorser stem saam dat die SP-temperamenttipe ooreenstem met die sanguiniese temperament volgens Hippokrates temperamentele kategorieë (3.5.1) en die I-temperamenttipe van die DISC-model (3.6.2.2). Die rede is dat die karaktertrekke van die SP soos uiteengesit in tabel 3.17 ooreenstem met die karaktertrekke van die DISC-model en Hippokrates se temperamentele kategorieë.

### 3.8.4.3 NF (INTUÏSIE/GEVOEL)

Die temperamenttipe NF bestaan uit die voorkeurtipe van intuïsie en gevoel. Intuïsie is die basiese geneigdheid om moontlikhede raak te sien sonder dat sintuie of rede 'n rol in die verkryging daarvan speel. Die gevoelsvoorkeur dui op die geneigdheid om te wil weet dat hy ander tevrede sal stel deur sy gehoorsaamheid. Die individu neem ander se gevoelens in ag. Die intuïsievoorkeurtipe omskryf die manier hoe individue verkies om inligting te ontvang, met ander woorde hoe individue kontak maak met en bewus word van die omgewing rondom hulle. Persone wat intuïsievoorkeur verkies, leer deur bewus te word van moontlikhede, verbande te trek en betekenisse te heg deur hulle sesde sintuig te benut. Persone met intuïsie as voorkeur neig om aandag te skenk aan patrone en betekenisse wat hulle ontvang deur hulle verbeelding of geheue.

Gevoelsmatige persone neig om keuses te maak gebaseer op die mate waarin wat hulle vir ander omgee en keuses word uitgeoefen op persoonlike wyse. Hulle het 'n sterk sin vir persoonlike waardes en 'n behoefte aan harmonie (Keirsey & Bates, 1984:16-19; Keirsey, 1998:13; Goldsmith & Wharton, 1995:14; Tieger & Barron-Tieger, 1997:21). Keirsey (1998:119) is van mening dat hierdie temperamenttipe ooreenstem met die choleriese temperament volgens Hippokrates se temperamentele kategorieë. (Vergelyk Berens, 2001:2.) Keirsey (1998:119) meen dat die choleriese temperament knorrig voorkom, altyd in beheer wil wees, maklik ernstig raak en geneig is om vinnig ongemak te wys.

Die navorser is van mening dat hierdie temperamenttipe moontlik eerder met die flegmatiese temperament (3.5.4) vergelyk kan word, aangesien die temperamenttipe (NF) samewerking toon, 'n doel in die lewe het, hoë waarde heg aan geloofwaardigheid en

betekenis soek (Keirsey, 1998:119). Die navorser is van mening dat hierdie eienskappe moontlik eerder ooreenskomste toon met die flegmatiese temperament as die choleriese temperament. (Vergelyk IVDrive, 2005.) Dit is hier waar die navorser tot die besef gekom het dat die Keirsey-model nie aanvullend tot die DISC-model en Hippokrates se temperamentele kategorieë benut kan word nie.

Die NF-temperamenttipe kan skematies soos volg uiteengesit word:

**TABEL 3.18 NF-TEMPERAMENTTIPE**

| |
|---|
| • Toon samewerking. |
| • Kan vergelyk word met 'n dolfyn. Dolfyne kommunikeer deur middel van komplekse taalstrukture en leef in noue familieverband saam, speel en jag saam en help familielede. |
| • Sien maklik moontlikhede raak. Neig om hulle gedagtes te fokus op waarneming of verbeelding. |
| • Wil 'n doel in die lewe hê. |
| • Het 'n honger na selfaktualisering en om werklik te wees. Behoefte om te wees wat hulle bedoel is om te wees. Wil 'n identiteit hê wat uniek is. |
| • Heg hoë waarde aan geloofwaardigheid. Soek na betekenis. |
| • Kom sensitief voor en is geneig om kritiek te verpersoonlik. |
| • Hulle begeer harmonie in hulleself, maar ook met ander. |
| • Selfverwesenliking beteken vir NF om integriteit te hê. Om integriteit te hê, is om opreg te wees. |
| • Bereid om groot opofferings te maak om ander te help. |
| • Hou nie van kompetisie nie. |
| • Sensitief vir ander. |
| • Verkies roetine en sekuriteit. |
| • Verkies harmonie en wil ander tevrede hou. |

### 3.8.4.4 NT (INTUÏSIE/DENKEND)

Die voorkeurtipe wat dominant is, is die intuïtiewe en denkend. Persone wat die voorkeurtipe van intuïsie verkies, leer deur bewus te word van moontlikhede, verbande te trek en betekenisse te heg deur hulle sesde sintuig te benut. Hierdie persone neig om aandag te skenk aan patrone en betekenisse wat hulle ontvang deur hulle verbeelding of geheue. Persone wat denkende voorkeur verkies, neig om logiese, objektiewe keuses uit te oefen. Hulle neig om afgesonder en analities te wees, omdat hulle eers die voor- en

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



nadele met mekaar sal vergelyk voordat 'n keuse uitgeoefen word. Die denker verkies 'n onpersoonlike basis in die proses van keusemaking. 'n Denkende persoon heg waarde aan eerlikheid en direktheid in hulleself. Hulle vertrou volwassenes wat regverdig en konsekwent is en weet waarvan hulle praat (Keirsey & Bates, 1984:20; Hedges, 1997; Goldsmith & Wharton, 1995:15; LaFerla, 2001:5 en Tieger & Barron-Tieger, 1997:25).

Die navorser is van mening dat die NT-temperament met die choleriese temperament vergelyk kan word, weens hulle rasionele temperament wat gefassineer word deur mag, hulle glo dat hulle bevoeg en bekwaam moet wees en dat hulle gekenmerk word deur akkuraatheid. (Vergelyk IVDrive, 2005.) Keirsey (1998:163) is egter van mening dat die NT-temperament ooreenstem met die flegmatiese temperament van Hippokrates. (Vergelyk Berens, 2000:2.) Persone met 'n rasionele tipe temperament is ongeïnteresseerd, neutraal, op 'n afstand van ander en afgesonder. Hulle konsentreer op komplekse probleme en is geneig om hulle aan ander te onttrek totdat hulle die probleem opgelos het. Hierdie tipe is volgens Galan, nie in sosiale realiteit geïnteresseerd nie (Keirsey, 1998:163). Die navorser is steeds van mening dat hierdie temperamenttipe eerder ooreenkom met die choleriese temperament.

Die NT-temperamenttipe kan skematies soos volg uiteengesit word:

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



**TABEL 3.19 NT-TEMPERAMENT**

- Vergelyk met die rasionele tipe
- Kan ook vergelyk word met die uil. Kan beskou word as die mees suksesvolle roofvoël, wat as gevolg van hul uitstekende sig, spoed en tydsberekening, selde hul prooi mis.
- Is gefassineer deur mag.
- Hulle kan hulle eie vermoëns beoordeel en hulle doen dit met meedoënlose selfkritiek.
- Glo dat hulle bevoeg en bekwaam moet wees. Hulle is geneig om hulle oor hulle foute te kwel. Deurgaans bewus van hulle tekortkominge en mislukkings en kan ander se kritiek op hulle werk amusant vind.
- Word gekenmerk deur akkuraatheid, om dinge uit te sorteer ten einde foute te vermy.
- Bevoegdheid beskryf hierdie temperament die beste.
- Verkies om altyd in beheer te wees.
- Hulle doel is om outonoom, bevoeg en beredeneerd te wees.
- Behoefte aan bemeestering en selfbeheer, kennis en bevoegdheid.
- Ernstig oor kennis.
- Analities, kompleks, nuuskierig, onpersoonlik, onafhanklik, wetenskaplik, teoreties en sistematies.
- Bevraagteken outoriteit.
- Verkies om te eksperimenteer, dinge uit te vind en antwoorde te kry.

## 3.9 SAMEVATTING

Daar bestaan ‘n verskeidenheid van temperamentkategorieë en dimensies wat benut kan word in die studie. Die nege dimensies van Chess en Thomas, Hippokrates se temperametele kategorieë, die DISC-model en die Keirsey-model is as die toepaslikste gekies om in die studie te benut. Die DISC-model en Keirsey-model kon nie aanvullend tot mekaar benut word nie. Die DISC-model is benut as basis waar die ouers en kinders se temperamenttipe bepaal is. Die Keirsey-model is uiteengesit as agtergrondinligting en ‘n alternatiewe meetinstrument om temperamenttipes vas te stel.

Chess en Thomas se nege temperamentdimensies is die eerste kritiese werk wat oor temperamente nagevors het. Die nege dimensies wat by alle persone teenwoordig is kan

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



op 'n kontinuum geplaas word. Die persoon se telling op die kontinuum bepaal sy temperamenttipe.

Kagan (1994) het in 'n navorsingstudie tussen twee tipes temperamente onderskei, naamlik die nie-geïnhiberende en die geïnhibeerde temperamenttipe persoon. Hy verwys na die geïnhibeerde persoon as 'n persoon wat geneig is om skaam te wees en beperkende gedrag te toon wanneer hy 'n vreemde persoon of situasie nader. Die nie-geïnhibeerde persoon is geneig om minimale onsekerheid te toon wanneer hy met 'n vreemde persoon of situasie gekonfronteer word. Die wyse waarop ouers teen hierdie kinders optree, bepaal die mate waartoe die geïnhibeerde kind geïnhibeerd bly of aanpas om nie-geïnhibeerd te word. Ouers het dus 'n invloed op hulle kinders se temperamente. Kagan se gevolgtrekking is dat die verskil in die twee temperamente geleë is in die vatbaarheid vir prikkels van die amigdala in die brein. Hieruit blyk dit dat temperament 'n fisiologiese basis het.

Die gevolgtrekking kan moontlik gemaak word dat die nie-geïnhibeerde individu ooreenstem met die hoë vlakke op die kontinuum van die nege dimensies van Chess en Thomas, teenoor die geïnhibeerde individu se lae vlakke op die kontinuum van die nege dimensies.

Vir die nege dimenses is die drie temperamentele kategorieë geïdentifiseer, naamlik moeilike, maklike en stadig-om-op-dreef-te-kom kinders. Alle kinders pas nie noodwendig in al drie temperamentkategorieë nie, maar kan wel 'n kombinasie van twee wees.

Verskeie skrywers is dit eens dat die meeste temperamentkategorieë ontwikkel is uit Hippokrates se siening van temperament. Hippokrates se temperamenttipes kan verbind word aan vier liggaamsvloeistowwe wat in alle persone teenwoordig is. Die vier temperamenttipes wat hy ontwikkel het is, die choleriese, sanguiniese, flegmatiese en melancholiese. Twaalf vermengings kan uit hierdie vier basiese temperamente voortspruit. Die meeste ouers beskryf hulle kinders as een van die vermengings.

Die sanguiniese temperament word gekenmerk deur 'n persoon wat mensingestel is en die geselskap van ander geniet. Die temperament het 'n behoefte aan erkenning deur ander.

Die choleriese temperament word gekenmerk deur die gedetermineerde doener, wat op aksie ingestel is. Die persoon met hierdie temperamenttipe hou van uitdagings en om take te begin en te voltooi.

Die melancholiese temperament kan saamgevat word as 'n persoon wat sensitief is en neig om perfeksionisties te wees. Hierdie temperamenttipe is geneig om selfkrities en krities teenoor van ander te wees.

Die flegmatiese temperament word gekenmerk deur stabiliteit, kalmte en as een wat nie van veranderinge hou nie. Die vier basiese temperamente kan versoen word met die fisiologie van die brein. Die linkerbrein bestaan uit die twee temperamentkwadrante, naamlik choleries en melancholies, en die regterbrein bestaan uit twee temperamentkwadrante naamlik sanguinies en flegmaties. Dit blyk dus of die vier basiese temperamenttipes eienskappe van die neokorteks asook die limbiese stelsel van die brein het. Die neokorteks verwys na die denkende brein en die limbiese stelsel na die emosionele deel.

Die DISC-model word as die basis benut waaruit 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare ontwikkel is.

Die DISC-model verwys na gedragstyle wat op die "hoe" van gedrag dui. Die DISC-model van temperamentanalise is 'n taal van waarneembare menslike gedrag. Die D-temperamenttipe stem ooreen met die choleriese temperament, wat op dominante, gedetermineerde, besliste, direkte eienskappe dui.

Die I-temperamenttipe stem ooreen met die sanguiniese temperament, wat op beïnvloeding, redeneerding, interaktiewe eienskappe dui. Die temperamenttipe is mensgerig en verkies om in ander se geselskap te wees.

Die S-temperamenttipe stem ooreen met die flegmatiese temperament, wat gekenmerk word deur standvastigheid, stabiliteit en wat nie van verandering hou nie. Die C-temperamenttipe stem ooreen met die melancholiese temperament, wat gekenmerk word deur inskiklike, analitiese perfeksionistiese eienskappe.

Die DISC-model van temperamentanalise is ‘n gestandaardiseerde instrument. Die model kan geëvalueer word deur dit in twee soorte grafieke uiteen te sit. Die een grafiek dui op die aangepaste temperament en die tweede grafiek dui op die ware, aangebore temperament. Die twee grafieke moet ooreenstem, aangesien dit aandui dat die temperament waarmee die persoon gebore is, ooreenstem met dit wat hy dink sy temperament moet wees. Die navorser is van mening dat die aangepaste temperament op die persoon se persoonlikheid dui.

Hoofstuk vier word gefokus op die gestaltbeginsels as raamwerk waaruit die ouerbemagtigingsprogram ontwikkel word.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


# HOOFSTUK 4

# GESTALTBEGINSELS EN TEMPERAMENT GEFOKUS OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk een is 'n algemene oriëntering gegee oor wat in die navorsingstudie beplan word, hoofstuk twee het gehandel oor die konseptualisering van temperament en hoofstuk drie het die dimensies, modelle en kategorieë van temperament beskryf. Die DISC-model is bespreek en word benut om die temperament van die ouers tydens die empiriese studie vas te stel. Hierdie hoofstuk bied 'n beskrywing van die teoretiese beginsels van die gestaltbenadering, wat as fundamentele raamwerk dien vir die ontwikkeling van die bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare. Uit die relevante bestaande programme en beskrywings rakende ouerleiding gaan momente ontleen word wat geïntegreer gaan word met die gestaltteoretiese beginsels en temperamenttipes. Die bemagtigingsprogram vir ouers fokus op hulle kinders in die middelkinderjare. Voordat gestaltbeginsels bespreek word, gaan daar eers kortliks gefokus word op die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare en gesinstake in verband met hierdie kind.

## 4.2 ONTWIKKELINGSTEORIEË SOOS VAN TOEPASSING OP DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

Ontwikkelingsteorie behels 'n poging om die ontwikkeling van die mens sistematies uit die oogpunt van 'n spesifieke siening van die mens te beskryf en te verklaar (Meyer & Van Ede, 2001:43). Die verskillende ontwikkelingsteorieë beskryf dus die mens sistematies ten opsigte van die lewensloop. Ontwikkelingsteorieë soos van toepassing op hierdie studie word baie kortliks vir agtergronddoeleindes genoem:

- Freud se psigoseksuele ontwikkelingsteorie beskryf dat alle gedrag bepaal word deur drange en morele reëls in die mens se psige (persoonlikheid). Die psige bestaan uit die id, ego en die superego. Freud se ontwikkelingteorie omsluit twee belangrike aspekte, naamlik die ontwikkeling van die struktuur van die persoonlikheid en die verandering ten opsigte van die seksuele drang (Meyer & Van Ede, 2001:43).
- Freud beskryf die middelkinderjare as die latente stadium tussen vyf – ses jaar tot die begin van puberteit. Hierdie stadium word oorheers deur die kind se identifikasie met die ouer van dieselfde geslag. Die ouerhuis is die veilige hawe waarheen die kind terugkeer, maar die kinders hou hulle al meer met lede van hulle eie geslag besig en leer by wyse van spel en nabootsing, geslagstoepaslike gedrag aan (Meyer & Van Ede, 2001:49).
- Erikson, 'n psigo-analis, het die lewensloop in agt stadia verdeel, waarvan elke stadium gekenmerk word deur 'n krisis. Die krisis dui op 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Wanneer die krisis van die een stadium suksesvol opgelos is, lei dit tot die hantering van die daaropvolgende krisis. Die middelkinderjare word gekenmerk deur arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Dit dui daarop dat die kind ingestel is om sekere vaardighede wat vir die volwasse lewe nodig is, te bemeester. Dit is vir die kind nodig om sukses te behaal om sodoende van die minderwaardigheidsgevoelens te voorkom. 'n Belangrike element van opvoeding is die suksesvolle bemeestering van die vereiste vaardighede wat lei tot die sintese van bekwaamheid (Meyer & Van Ede, 2001:53).
- Piaget, 'n sielkundige, se kognitief-strukturele teorie het die kognitiewe ontwikkeling van elke individu beskryf. Hy het die menslike kognitiewe ontwikkeling in vier periodes verdeel. Die periode wat die middelkinderjare kenmerk, is die konkreet-operasionele periode (sewe jaar tot elf of twaalf jaar). Die kinders in hierdie periode is in staat tot operasionele denke. Hulle denke is konkreet en nie abstrak nie. Die bewerkings wat hierdie kinders uitvoer, is gebaseer op voorwerpe wat hulle sien en nie op hipoteses wat abstrak is nie (Meyer & Van Ede, 2001:82).

Piaget beklemtoon twee belangrike faktore in die kind se ontwikkeling, naamlik sosiale oordrag en ervaring. Sosiale oordrag verwys na die inligting wat die kind van ander persone ontvang. Ervaring dui op die kind se geleenthede om op hierdie inligting te reageer en die resultate daarvan waar te neem.

- Kohlberg, 'n sielkundige, is deur Piaget se werk geïnspireer. Hy meen dat elke individu deur verskillende fases van morele ontwikkeling gaan. Die kind in die middelkinderjare is in die prekonvensionele vlak. Die vlak bestaan uit twee stadia, naamlik: die heteronome moraliteit stadium, waar die kind reëls gehoorsaam en straf te vermy en die individualistiese moraliteitstadium, waar die kind reëls gehoorsaam en beloning of gunste te verkry (Louw, Van Ede & Ferns, 2001:381).
- Maslow, 'n persoongeoriënteerde sielkundige, het die idee van optimale ontwikkeling in sy bekende piramiede van behoeftes verduidelik. Hy onderskei tussen gebreksbehoeftes (laervlakbehoeftes) en groeibehoeftes (hoërvlakbehoeftes) (Meyer & Van Ede, 2001:70-71).

Dit blyk nodig te wees dat maatskaplike werkers en terapeute kennis moet hê van die ontwikkelingsteorieë van die lewensloop van elke individu om sodoende die verskillende sienings van die mens te verstaan en te begryp.Hoewel ander ontwikkelingsteorieë, soos die leerteoretiese benadering en die persoonsgeoriënteerde benadering ook bespreek kon word, is hierdie ontwikkelingsteorieë volgens die navorser van die belangrikste om in ag te neem by die ontwikkeling van die ouerbemagtigingsprogram.

## 4.3 DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE

### 4.3.1 Definiëring van middelkinderjare

Die literatuur stem ooreen dat die middelkinderjare die tydperk is tussen die sesde en twaalfde lewensjaar (Louw *et al.,* 2001:326; Bigner, 1994:6; Neuman & Neuman, 1999:548 en Shaffer, 2002:237). Louw *et al.* (2001:326) is van mening dat die tydperk gekenmerk word deur relatiewe rustigheid en kalmte, wanneer die

vinnige ontwikkeling van sowel die voorafgaande kinderjare as die daaropvolgende adolessente jare in aanmerking geneem word. Borland, Laybourn, Hill en Brown (1998:7) is van mening dat die middelkinderjare die stadium is wat dikwels verwaarloos word, aangesien beperkte bronne oor hierdie stadium gepubliseer is. Borland *et al.* (1998:20) is verder van mening dat die middelkinderjare beskou word as die periode waar kinders die brug tussen kinderjare en volwassenheid oorgaan.

### 4.3.2 Definiëring van primêre skooljare

Aan die begin van die middelkinderjare betree die kind die primêre skool. Daar word na die middelkinderjare kind as die primêre skoolkind verwys. Die graadeenkind verskil aansienlik van die graadsewekind ten opsigte van kognitiewe vermoëns en fisiese, sosiale en emosionele ontwikkeling. Die primêre skooljare kan verdeel word in die juniorprimêre fase wat van graad een (+-ses jaar) tot graad drie (+-agt jaar) strek. Die seniorprimêre fase strek van graad vier (+-nege jaar) tot graad sewe (+-twaalf tot dertien jaar). Die kind in die primêre fase beskik oor potensiaal en moontlikhede om met behulp van sy ouers en ander opvoedingshulp te vorder na volwassenheid. Hy beweeg toenemend uit die beskermende, veilige tuiste van sy gesin en waag homself in die onbekende wêreld van die skool en gemeenskap. Hy beskik oor 'n groter mate van selfstandigheid en toon tekens van 'n soeke na kennis en 'n drang na taakvoltooiing ( Du Toit & Kruger, 1991:107-108). Die navorser is van mening dat indien ouers reeds hulle kind in hierdie juniorprimêre fase verstaan en weet wat hulle kind se temperament is, dit die grondslag sal vorm vir beter begrip vir die daaropvolgende fase.

### 4.3.3 Die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare

Die ontwikkeling van elke individu vind dus in stadia plaas. Elke stadium wat 'n individu moet deurloop, het eienskappe en vaardighede wat die individu, volgens die verwagting van die samelewing, behoort te ontwikkel. Die verwagting van die samelewing staan as ontwikkelingstake bekend (Meyer, 2001:13).

Die navorser is van mening dat die middelkinderjare 'n stadium in die kind se lewensloop is en dat die ontwikkelingstake wat hy moet bereik, die verwagtinge van sy omgewing is wat hy moet bereik. Die ouers het nodig om kennis te hê van die ontwikkelingstake wat die middelkinderjare kind moet bemeester. Indien hierdie ontwikkelingstake suksesvol bemeester word, sal dit 'n stewige fondament daarstel vir latere ontwikkeling (Louw *et al.,* 2001:326). Die ontwikkelingstake kan soos volg uiteengesit word:

- Verfyning van motoriese ontwikkeling. Hierdie taak word bemeester aangesien daar 'n toename in krag, koördinasie en spierbeheer oor die liggaam is. Balans en elegansie van liggaamlike bewegings toon ook 'n verbetering. Dit is waarom kinders aan aktiwiteite deelneem wat motoriese vaardighede vereis. Die navorser is van mening dat temperament 'n moontlike invloed mag hê op die motoriese ontwikkeling van die middelkinderjare, aangesien sekere temperamenttipes meer geneig is om van fisiese aktiwiteite te hou as ander.
- Die vaslegging van geslagsrol-identiteit. Dit dui op die vorming van 'n positiewe houding ten opsigte van sy liggaam vir gesonde eetgewoontes, persoonlike hygiene, ens. Dit dui verder op die gesonde geslagsrol. Die middelkinderjare kind identifiseer homself toenemend met die ouer, onderwyser en maats (Bender, 1997:59).
- Die ontwikkeling van verskeie kognitiewe vaardighede. Die kognitiewe vaardighede word ontwikkel aangesien die kinders 'n groot deel van die dag in die skool deurbring. Die kenmerke van die kognitiewe ontwikkeling van kinders in die middelkinderjare staan as die konkreet-operasionele periode, van Piaget bekend. (Vergelyk 4.2.) Die geheue speel 'n belangrike rol in verskeie kognitiewe aktiwiteite, veral wanneer die middelkinderjare kind nuwe feite en vaardighede moet aanleer. Daar bestaan drie soorte geheue in die middelkinderjare, naamlik die werkgeheue, semantiese geheue en die episodiese of outobiografiese geheue (Louw *et al*., 2001:335).
- Die uitbreiding van kennis. Die kind in die middelkinderjare se psige-teorie verwys na die kind se kennis van die psige en hoe dit werk, asook sy kennis van sy eie psigiese toestande en dié van ander en hoe hierdie psigiese toestande gedrag beïnvloed. Metakognisie verwys na die individu se kennis

van sy denke en die beheer van die denke. Kennis van kognisie (denke) behels die volgende:

- ✓ Om te weet wat jou sterk en swak punte is met betrekking tot verskeie soorte kognitiewe take, dus hoe maklik of moelik 'n individu 'n kognitiewe taak sal vind.
- ✓ Om kennis te dra van kognitiewe take.
- ✓ Om kennis te dra van stategieë wat toegepas kan word wanneer kognitiewe take uitgevoer word (Botha, Van Ede, Louw, Louw & Ferns, 2001:255).

Die verbeterde metakognitiewe vermoëns in die middelkinderjare verwys daarna dat die kinders meer bewus is van hulle eie kognitiewe prosesse. Hulle kennis van kognisie verbeter ook. Die navorser is van mening dat die kinders se kennis van hulle eie denke dus verbeter het.

Die kinders se kennis van hulle metageheue toon ook verbetering. Dit dui op kennis en geheuebeheer. Hulle toon dus verbetering in geheue.

Die kinders in die middelkinderjare toon ook verbetering in die vermoë om oor hulle eie psigiese lewe na te dink. Hulle is dus meer bewus van hulle eie kognitiewe funksionering en die faktore wat 'n rol speel in hulle kognitiewe handeling (Louw *et al*., 2001:343).

- ❖ Die uitbreiding van sosiale deelname. Kinders in die middelkinderjare spandeer meer tyd weg van die huis af as wat vroeër die geval was. Die rol van die ouers verander in die sin dat die kinders minder afhanklik van hulle ouers se daadwerklike hulp raak. Een van die wyses waarop die gesin die kind se ontwikkeling kan beïnvloed, is deur die inagneming van die kind se unieke temperament. Die kind met 'n moeilike temperament word moeiliker deur ouers grootgemaak as kinders met 'n maklike temperament (Louw *et* al., 2001:355). Die onderwyser speel 'n sentrale rol in elke skoolgaande kind se leerervaring en ontwikkeling. Die navorser is van mening dat die onderwysers se temperament 'n rol kan speel in die kind se ontwikkeling. Die invloed van die portuurgroep speel 'n belangrike rol in die middelkinderjare kind se ontwikkeling. Die middelkinderjare kinders is meer geneig om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdom in

interaksie te wees. Die ontwikkeling van vriendskappe kan in vyf oorvleuelende stadia beweeg. Die stadia wat van toepassing is op die middelkinderjare is die volgende:

- ✓ Stadium 0: Kortstondige speelmaatskap (drie tot sewe jaar)
- ✓ Stadium 1: Eenrigting-bystand (vier tot nege jaar)
- ✓ Stadium 2: Tweerigting-mooiweersamewerking (ses tot twaalf jaar).

Die navorser is van mening dat ouers, onderwysers en die portuurgroep 'n invloed kan hê op die kind se ontwikkeling en temperament.

- ❖ Die ontwikkeling van groter selfkennis. Gedurende die middelkinderjare ontwikkel die selfkonsep vinnig. Die kinders ontwikkel 'n konsep van hoe hulle is (ware self) en ook van hoe hulle graag wil wees (ideale self). Die navorser is van mening dat die ware self moontlik ooreenstem met sy aangebore temperamenttipe en die ideale self met hoe die individu dink hy moet optree om by sy omgewing aan te pas, dus sy persoonlikheid. Die navorser het tydens die groepsassessering gepoog om die kinders se ware self (aangebore temperament) waar te neem. Die studie het nie daarop gefokus om die kinders in die middelkinderjare bewus te maak van hulle eie temperamenttipe en waarom hulle nodig het om op 'n bepaalde wyse op te tree of so aan te pas dat hulle aangebore en aangepaste temperamentstyl verskil nie. Die fokus van die studie is juis daarin geleë om ouers bewus te maak van hulle kinders se temperamenttipe en hulle daarvolgens te hanteer en te verstaan.
- ❖ Die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag. Die morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle in staat stel om hulle gedrag as reg en verkeerd te beoordeel en om hulle eie gedrag hiervolgens te rig (Louw *et al.*, 2001:380). Die morele ontwikkeling kan volgens Kohlberg in drie vlakke met ses stadiums verdeel word. (Vergelyk 4.2.)

Die navorser is van mening dat ouers moet kennis dra van hulle middelkinderjare kind se ontwikkelingstake wat hulle moet bemeester om te weet wat om van hulle kinders te verwag en by te dra om 'n stewige fondament daar te stel vir latere

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


ontwikkeling.  Bender (1997:59) is van mening dat tussen gesinstake onderskei kan word wat die gesin moet bemeester, in die middelkinderjare kind se ontwikkeling.  'n Eie mening is dat die take wat die gesin moet bemeester, 'n invloed het op die kind se ontwikkeling.

#### 4.3.4  Die gesinstake ten opsigte van die kind in die middelkinderjare

Die ouers moet kennis dra van die gesinstake ten opsigte van die kind in die middelkinderjare.  Die gesinstake ten opsigte van die kind in die middelkinderjare, kan soos volg uiteengesit word:

- Die stimulering van die kind se ontwikkeling.  Dit beteken dat die kind toenemend toegelaat moet word om aktiwiteite op sy eie te onderneem.  Die kind is langer tydperke van die huis af en raak so onafhanklik, wat aanleiding gee tot die verbreding van sosiale ervaring.
- Die sosialisering van die kind.  Dit dui op die proses waardeur die kind in die middelkinderjare gelei moet word om 'n aanvaarbare lid van die groep te word, om die self as sosiale wese te ontdek, om 'n verskeidenheid van sosiale rolle met ander te kommunikeer en om vir toekomstige sosiale rolle voor te berei.  Ouers moet die kind die geleentheid gee om onafhanklik en selfstandig sy portuurgroep te kies.
- Die kind moet gehelp word om 'n geïnternaliseerde waardesisteem te ontwikkel.
- Die aanmoediging van kommunikasie in die gesin.  In die gesin bestaan daar 'n netwerk van kommunikasieverhoudinge, naamlik dié van man en vrou, ouer en kind en kind en kind.
- Effektiewe opvoeding van die kinders dui op die opvoedingsgedrag wat die ouer uitoefen op die kind se ontwikkeling.  Dit dui dus op die ouerskapstyl wat die ouer uitoefen.  Dit het 'n invloed op die kind se temperament.
- Bevordering van die kind se onderwys, waar die kind aangemoedig word om te leer.  Die ouers moet aan die kind leiding en sekuriteit voorsien (Bender, 1997:57-61).

Die ontwikkelingstake en gesinstake ten opsigte van die middelkinderjare is in sessie vier van die bemagtigingsprogram aangebied deur van transpirante gebruik te maak.

Die kernbegrippe van gestalt gevolg deur die gestaltbeginsels, word vervolgens bespreek. Die gestaltbenadering is as fundamentele raamwerk benut vir die ontwikkeling van die bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

## 4.4 KERNBEGRIPPE VAN DIE GESTALTBENADERING

Die konsep *gestalt* is 'n Duitse term wat nie presies in 'n enkele Engelse term vertaal kan word nie (Clarkson, 1999:1). Die skrywer konstateer dat die begrip die volgende insluit: " the shape, the pattern, the whole form, the configuration. It connotes the structural entity which is both different from and much more than the sum of its parts".

Die gesin bestaan uit verskillende afsonderlike lede, elk met hul unieke temperament en persoonlikheid. Clarkson (1999:1) noem dat elk van die gesinslede van naderby ontleed kan word as 'n geheel, sonder dat die ander lede teenwoordig is. Al die lede vorm saam ook die gesin as geheel. Die wyse waarop die gesin as 'n eenheid funksioneer, is meer as en verskillend van die somtotaal van die individuele persoonlikhede van die gesinslede. Dit wat elke individu elke oomblik tydens elke gebeurtenis dink en ervaar, is die kern waarin die gestaltbenadering belangstel. Gestalt is vir die navorser 'n eenheid wat opgedeel kan word in afsonderlike dele wat elk weer as 'n geheel funksioneer. Tydens die empiriese studie word die kind as eenheid geassesseer. Die ouers se temperament word ook bepaal en daarna word die ouers bemagtig met kennis oor hulle en hulle kind se temperament.

Met die bepaling van die ouers en die kinders se temperamente, poog die navorser juis om kennis van elke individu se temperament te bekom, om sodoende die geheel van elke individu binne die geheel van sy gesinsisteem, beter te verstaan en beter funksionering van die gesin te bevorder.

### 4.4.1 Gestaltbenadering

Perls, wat die gestaltbenadering in die 1950's ontwikkel het, het die gestaltbenadering as een van drie tipes van eksistensiële terapieë beskryf. Gestalt kan as 'n vorm van psigoterapie bekend staan wat suiwer op fenomenologie gebaseer is (Clarkson, 1999:14). Fenomenologie verwys na 'n psigologiese benadering wat gebaseer is op die filosofie wat weg van konsepte na suiwer bewustheid werk. Die fenomenologiese benadering beklemtoon die individu se totale aandag aan die verskynsel wat nou plaasvind. Korb, Gorrell en Van de Riet (1989:92) is van mening dat die fenomenologiese basis van gestaltterapie daarin geleë is dat elke individu sy eie wêreld op 'n unieke manier kan vorm en daarvoor verantwoordelikheid neem. Persone is dus aktief in die organisering van hulle ervaring en gee betekenis daaraan. Die navorser is van mening dat fenomenologie dus verwys na die individu wat bewus moet wees van sy huidige ervaring en dit dan kan beskryf. Tydens die assessering van die kinders is gepoog om die kinders se geneigdheid om op 'n sekere manier op te tree waar te neem, om so 'n moontlike temperamenttipe te bepaal. Ouers is bewus gemaak van die invloed van hulle eie en hulle kinders se temperamentverskille, ten einde elke lid van die gesin se uniekheid te begryp en die invloed van die unieke temperamente op mekaar en in die gesinsisteem in ag te neem.

Eksistensiële keuse beteken dat elke individu 'n keuse het wat hy aanvaar, verwerp, oordink, emosioneel ervaar en op reageer. Bewustheid van en verantwoordelikheid neem vir keuses, gee betekenis aan die individu (Clarkson, 1999:14; Oaklander, 1994a:281). Hoe meer 'n individu bewus word van wie hy is en wat hy op die huidige oomblik dink, doen en voel, hoe meer vryheid het die individu om te kies hoe hy gaan optree. Indien ouers bewus is van hulle kind se temperament, behoort hulle ook hulle kind te ondersteun in sy unieke ontwikkeling. Gestaltbenadering is dus 'n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering wat fokus op die hier-en-nou bewustheid en onmiddellike ervaring. Die mening word verder gehuldig dat die gestaltbenadering die oorkoepelende raamwerk of fundamentele vertrekpunt is waarbinne die gestaltterapie gebruik word.

### 4.4.2 Gestaltterapie

Die doel van gestaltterapie is om die kliënt te help om sy persepsies van sy ervarings in die geheel te verbeter (Gouws, Louw, Meyer & Plug , 1987:124). Indien gestaltterapie gekonseptualiseer kan word, dui dit op gestalt, dit wil sê holisme en veldteorie. Met veldteorie word geïmpliseer dat dit onmoontlik is om na 'n persoon te kyk, sonder om die konteks van sy omgewingsveld in aanmerking te neem. Hierdie interafhanklikheid tussen die individu en sy omgewing is dus 'n kernbegrip van die gestaltbenadering. Die navorser het nie tydens die intervensiefase terapeuties toegetree nie. Die doel van die navorsing is die bemagtiging van die ouers met kennis. Gestalterapie word dus nie as sulks benut nie. Die navorser het wel van die gestaltbeginsels geïntegreer met temperament om die bemagtigingsprogram te ontwikkel. Elke gestaltbeginsel sal met bestaande literatuur ten opsigte van ouerskap geïntegreer word, waar deurlopend klem op temperament geplaas sal word.

Gestaltteorie sluit dus die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon in, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis. Die teorie beklemtoon regterhemisferiese, nie-lineêre denke. Die gestaltteorie word gekarakteriseer deur die gebruik van metafore, fantasie, beeldspraak, liggaamshouding en beweging en volledige uitdrukking van die totale liggaam in aksie (Clarkson, 1999:1-2).

Die individu en sy omgewing is interafhanklik van mekaar. Binne die omgewing moet elke individu dus wees wie hy werklik bedoel is om te wees en nie soos die omgewing hom wil laat optree nie (Gouws *et al.*, 1987:124).

### 4.4.3 Gestaltspelterapie

Spelterapie word deur Gouws *et al.* (1987:343) omskryf as:

> 'n psigoterapeutiese tegniek waarmee die terapeut probeer om die kind die geleentheid te gee om op verbale en nie-verbale wyse uitdrukking aan sy gevoelens te gee. Daar word veronderstel dat die kind sy probleme op simboliese wyse sal uitspeel, sy eie gevoelens sal leer ken en meer effektief sal kanaliseer, sal leer om 'n vertrouensverhouding met 'n ander persoon aan te knoop en dat afwykende gedrag gevolglik genormaliseer sal word.

Oaklander (1992:64; 1994a:281-300; 1994b:143 ; 1997:292) is van mening dat die spelterapieproses en teoretiese beginsels van gestaltterapie, soos organismiese selfregulering, kontakgrensversteurings, bewussyn, ervaring en weerstand, 'n direkte verband en invloed het tydens terapeutiese werk met kinders. Die kinders wat betrek is by die empiriese studie, is nie betrek in gestaltspelterapie nie. Die kinders is geassesseer vir die vasstelling van 'n geneigdheid tot 'n temperamenttipe wat getrianguleer is met die kontrolelys wat die ouers voltooi het soos bespreek by 5.24. Die belangrikheid van spel as die taal van die kind, word wel benut, aangesien speltegnieke gebruik word vir assessering.

### 4.4.4 Teoretiese beginsels van die gestaltbenadering

Die teoretiese beginsels van die gestaltbenadering wat van toepassing is op die ontwikkeling van die ouerbemagtigingsprogram en assesseringstegnieke vir die kinders, sluit die volgende beginsels in: holisme, homeostase en organismiese selfregulering, figuurgrond, onvoltooidheid, kontak en kontakgrensversteurings en polariteite. Die kind se proses word ook in ag geneem.

#### 4.4.4.1 Holisme

Holisme dui daarop dat die mens 'n eenheid in homself en in sy omgewing is. Dit dui aan dat liggaam (soma) en siel (psige) nie van mekaar geskei kan word nie (Aronstam, 1989:633). Blom (2004b:24) is van mening dat holisme op 'n onskeibare eenheid dui. Hierdie eenheid bestaan uit die liggaam asook die emosionele, geestelike, sosiale, kognitiewe en morele aspekte - dus sintuie, taal, denke en gedrag. Die mens funksioneer as 'n eenheid en kan nie sonder die omgewing voortbestaan nie. Hy het die omgewing nodig vir die bevrediging van sy behoeftes (Aronstam, 1989:633).

Die mens in die hedendaagse lewe het geleer om waar nodig psige en soma (liggaam) van mekaar te skei om dan as 'n gefragmenteerde mens te lewe. Een van die doelstellings van die gestaltbenadering is om holistiese harmonie in die individu te herstel wat as integrasie bekend staan (Blom, 2004b:10). Perls beskou

die aktiwiteite van die linker- en regterhemisfeer van die brein as belangrik. Die linkerhemisfeer is die meer rasionele en analitiese deel en die regterhemisfeer is die meer spontane en kreatiewe deel (Clarkson, 1999:11). Vanuit 'n holistiese uitgangspunt word die linkerhemisfeer en regterhemisfeer binne die gestaltbenadering geïntegreer. Die linkerhemisfeer wat dus meer analities en rasioneel is moet dus geïntegreer word met die regterhemisfeer wat meer spontaan en kreatief is vir die persoon om as 'n holistiese heelbrein eenheid te funksioneer. Indien 'n individu (ouer en kind) dus met meer kennis ten opsigte van sy temperament bemagtig word, behoort hy 'n beter begrip van sy totaliteit (sterk punte en swak punte) te verkry.

Holisme in die gestaltbenadering dui dus daarop dat die kind en die ouers saam in die studie betrek moet word en dat die kind nie as eenheid in homself onafhanklik van sy ouers betrek kan word nie. Kinders het hulle omgewing nodig om aan hulle behoeftes te voldoen. Blom (2004b:10) meen dat die individu in homself maar ook in sy omgewing as 'n eenheid beskou word. 'n Eenheid in homself dui vir die navorser daarop dat 'n persoon se temperament 'n invloed het op sy emosies, denke en gedrag. Die navorser is verder van mening dat die kind se temperament en die omgewing 'n wedersydse invloed op mekaar het.

Temperament word deur Papalia en Olds (1996:237) beskou as 'n persoon se karakteristieke manier van benadering en reaksie op ander persone en situasies. Temperament gaan dus oor "hoe" 'n individu sy omgewing benader en daarop reageer. Ouers moet dus tydens die ouerbemagtigingsprogram waar temperament in ag geneem word, bewus gemaak word dat individue as 'n eenheid, bestaande uit verskillende aspekte funksioneer. Die aspekte is die liggaamsaspekte asook die emosionele, sosiale, kognitiewe, morele en geestelike aspekte – dus taal, denke, emosies en gedrag. Die ouer en sy kind tree dus elkeen op 'n sekere manier op vanweë sy temperament, en hierdie gedrag het 'n invloed op die boodskap wat hy aan die ander een oordra. Holisme dui daarop dat die ouer en die kind se emosies 'n invloed het op hulle gedrag. Die individu se temperament het ook 'n invloed op sy denke, emosies, taal en gedrag en die individu se denke, gedrag, taal en emosie het weer 'n invloed op sy temperament.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Uit die gestaltbenadering blyk dit dat die verhouding tussen die ouer en kind daarin lê dat die terapeut as inisieerder optree, ten einde ‘n goeie balans tussen ouer en kind te bewerkstellig (Bloem, 1995:47). Die navorser het hierdie beginsel tydens die intervensiefase, sessie vier aan die ouers verduidelik.

#### 4.4.4.2 Homeostase/Organismiese self

Elke persoon het ‘n natuurlike neiging om homself te reguleer. Uit die gestaltteorie word alle gedrag gereguleer deur ‘n proses wat as homeostase of organismiese selfregulering bekend staan (Clarkson, 1999:21). Homeostase is die proses waardeur die organisme sy balans onder verskillende omstandighede in stand hou (Blom, 2004b:11). Deur hierdie proses kan die persoon se behoeftes bevredig word. ‘n Persoon se behoeftes veroorsaak ongemak totdat die persoon ‘n manier kry om dit te bevredig. Behoeftes kan fisies, emosioneel, sosiaal, kognitief, godsdienstig of intellektueel van aard wees (Oaklander, 1994a:282). Die balans word dan herstel, en die persoon ervaar homeostase totdat die volgende behoefte te voorskyn kom. Die proses waar opgetree word om die behoefte te bevredig, staan as organismiese selfregulering bekend (Aronstam, 1989:633; Clarkson & Mackewn, 1994:48-49). Organismiese selfregulering beteken dus dat die individu homself reguleer om sy behoeftes te bevredig. Organismiese selfregulering kan net plaasvind indien die individu bewus is van sy behoeftes in die hier-en-nou.

As deel van sy alledaagse behoeftes, het elke individu unieke behoeftes wat verband hou met sy temperament, naamlik emosionele behoeftes. ‘n Persoon met ‘n D-temperament volgens die DISC-model, het ‘n behoefte aan uitdagings en beheer (Rohm, 1998:34; Boyd, 2004:63). Indien homeostase as moment in ‘n ouerbemagtigingsprogram benut gaan word, sal ouers van ‘n kind met ‘n D-temperament bewus gemaak moet word om geleentheid te skep waar aan hulle kind genoeg ouderdomsgepaste beheer en uitdagings gebied word. Hierdie kind moet dus verantwoordelikheid gegee word waarin hy sekere beheer en keuses kan ervaar. Die graad van verantwoordelikheid moet verhoog soos die kind ouer word. Dis nodig om aan die D-temperamenttipe kind spesifieke doelwitte te gee waarnatoe hy moet werk (Boyd, 2004:65).

‘n Persoon met ‘n I-temperament volgens die DISC model, se behoefte is aan erkenning en aandag. Hierdie kinders het nodig om deel van ‘n groep te wees. Hulle het ‘n behoefte aan nabyvriende op wie hulle kan reken (Rohm, 1998:60). Dit is nodig vir ouers om genoeg pret aan hulle kinders te bied, met genoeg geleentheid vir droom en waar daar genoeg erkenning geskied. ‘n I-temperamenttipe kind het dus nodig om geprys en aangemoedig te word. Ouers moet spesifiek wees in die beskrywing van die kind se sterk punte en dit wat hy bereik het (Boyd, 2004:77). Dis nodig om hierdie kinders onmiddellik te beloon indien hulle iets reggekry het.

‘n Persoon met ‘n S-temperament volgens die DISC-model, se behoefte is aan waardering. Hierdie temperamenttipe is geneig om ander behulpsaam te wees, sodat waardeer kan word. Hierdie tipe kinders is geneig om gereserveerd te wees en verkies om nie in die openbaar erkenning te ontvang nie nie (Rohm, 1998:80). Waardering moet opreg en eenkant geskied. Ouers kan hierdie kinders behulpsaam wees om doelwitte te stel en indien hulle hierdie doelwitte bereik, moet ouers hulle opregte waardering uitspreek (Boyd, 2004:90).

‘n Persoon met ‘n C-temperament volgens die DISC-model, se behoefte is aan kwaliteit. Hulle het ‘n behoefte om take perfek af te handel en kwaliteit werk te verrig (Rohm, 1998:99; Boyd, 2004:106). Ouers moet daarvan bewus wees dat die C-kind nie op emosies ingestel is nie, maar op feite. Hierdie persoon verkies kwaliteit bo emosies. Dis vir ouers van ‘n C-temperamenttipe kind nodig om genoeg tyd te gee om kwaliteit werk te verrig. Ouers moet hierdie kinders begelei om ‘n toleransie te ontwikkel vir onvolmaaktheid.

Die navorser is van mening dat die boustene vir ‘n positiewe verhouding, die aspekte wat die ouer-kind verhouding positief kan beïnvloed asook die emosionele behoeftes van elke temperamenttipe as momente geïntegreer kan word by die organismiese selfregulering as teoretiese getaltbeginsel.

‘n Eie interpretasie is dat, hoewel alle persone fisiese, emosionele, sosiale of intellektuele behoeftes ervaar, elke persoon hierdie behoeftes op ‘n unieke wyse ervaar wat verband hou met sy temperamenttipe. Hierdie emosionele behoeftes

volgens sy temperament asook enige ander voortdurende behoeftes van verskillende aard, gee dikwels aanleiding daartoe dat die persoon ongemak ervaar. Indien die persoon optree om die voorgrondbehoeftes te bevredig, word homeostase verkry. Hierdie proses waarvolgens opgetree word ten einde behoeftes te bevredig, word organismiese selfregulering genoem.

Indien organismiese selfregulering geïntegreer word as 'n beginsel binne die ouerbemagtigingsprogram is dit nodig om ouers bewus te maak van emosionele behoeftes wat hulle en hulle kinders ervaar, ten opsigte van hulle temperamente. Met betrekking tot die beginsel van homeostase en organismiese selfregulering word aspekte soos figuurgrond en wyses van selfregulering verduidelik.

#### 4.4.4.3 Figuurgrond / Agtergrond

Figuur word beskou as dit wat op die oomblik die betekenisvolste vir die persoon is, dit wat die persoon se aandag die meeste trek. Grond verwys na die agtergrond van die mens se ervaring op die spesifieke oomblik. Sodra die behoefte bevredig is en die gestalt voltooi is, verdwyn die figuur en word dit deel van die agtergrond en tree 'n nuwe figuur of behoefte op die voorgrond. Die proses van figuurgrondwisselwerking is 'n voortdurende proses (Aronstam, 1989:631; Clarkson, 1999:5; Clarkson & Mackewn, 1994:41; Thompson & Rudolph, 2000:142 ; Blom, 2004b:12-13).

Die individu organiseer sy sintuie, denke, kognisie en gedrag rondom 'n bepaalde behoefte, totdat dit bevredig is. Sodra dit bevredig is, verkeer die individu in 'n staat van onttrekking, rus of ewewig/homeostase, totdat 'n nuwe behoefte na vore tree en die siklus herhaal word. By die persoon wat gelyktydig meer as een behoefte ervaar, sal die gesonde organisme in staat wees om aan die mees dominante behoefte eerste aandag te gee. Die persoon sal poog om selfregulerend op te tree met behulp van hulpbronne wat op daardie spesifieke tyd beskikbaar is (Aronstam, 1989:634; Clarkson & Mackewn, 1994:49). Alle behoeftes word nie te alle tye bevredig nie, aangesien die nodige bronne in die omgewing soms ontbreek. Die persoon probeer om selfregulerend op te tree binne die hulpbronne wat op 'n spesifieke tyd beskikbaar is.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


'n Psigies gesonde persoon is daartoe in staat om sy bewustheid te behou, sonder dat sy aandag deur verskeie omgewingstimuli afgetrek word. Hierdie persoon kan sy eie behoeftes en hoe om hierdie behoeftes uit die omgewing te bevredig, duidelik identifiseer (Thompson & Rudolph, 2000:141).

'n Eie interpretasie is dat ouers bewus gemaak moet word van voortdurende behoeftes wat hulle en hulle kinders in die hier-en-nou ervaar en dat ouers bewustelik ingestel moet wees op hulle kinders se behoeftebevrediging.

Wanneer die kind bewustheid van sy dominante behoefte het, kan dit daartoe bydra dat hy sal weet wie hy is, dus hoekom dit vir hom nodig is om op 'n bepaalde manier op te tree. Hierdie bewustheid sal dus bydra dat die kind sy eie temperament ontdek en verstaan. Die middelkinderjare kind sal waarskynlik op 'n beperkte wyse, volgens sy ontwikkelingsvlak, in staat wees om bewustheid van sy behoeftes te bekom en so hulpbronne in homself en die omgewing te vind om dit te bevredig, om homeostase te bereik. 'n Gesonde verhouding met sy ouers is dus vir hierdie kinders nog baie belangrik. Dit sal nodig wees dat die navorser daarop ingestel moet wees dat die kind ook tydens die assessering op bewustheid gefokus moet word, ten einde die kind se temperament te bepaal.

Die middelkinderjare kind se kognitiewe ontwikkeling word gekenmerk deur konkreet-operasionele denke. (Vergelyk Louw *et al.,* 2001:82 ;Weiten, 2004:441; Vasta *et al*., 1999:266.) Die term "konkreet" verwys daarna dat die kind logika baseer op dit wat hy met verloop van tyd ervaar. Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003) verwys na die term "konkreet" as dit wat waarneembaar is, wat aangeraak, gesien en gehoor kan word; dit wat nie abstrak is nie. Weens die feit dat die middelkinderjare kind nog nie oor die vermoë van abstraktheid beskik nie, is dit nodig dat probleemoplossende en hanteringstrategieë ten opsigte van situasies, konkreet aan die kind verduidelik moet word. Die navorser meen dat die kind wat van kleins af geleer word om probleemoplossend te dink en geleer het om hanteringstrategieë te benut, blokkasies meer doelgerig kan hanteer. 'n Eie interpretasie is dat daar op 'n konkrete wyse tydens die assessering, aktiwiteite aan die kind gebied word om so

sy temperament te bepaal. In die assessering moet die navorser aktiwiteite insluit om kinders van alle temperamente te betrek.

Die kind in die middelkinderjare benut 'n kognitiewe skema in sy denke wat slegs op die konkrete gegrond is. Die konkrete denke in dus denke wat met verloop van tyd deur die kind ervaar word (Vasta *et al*., 1999:267; McCown, Driscoll & Roop, 1996:39). Dit kan moontlik die rede wees waarom die kind in die juniorprimêre skooljare dit moeilik vind om te reageer op hipotetiese stellings wat nie op realiteit gegrond is nie, aangesien dit nie konkreet gesien, gehoor en aangeraak kan word nie. Die ouers wat abstrakte denkers is, moet ook op hierdie aspek attent gemaak word.

Die kind in die middelkinderjare is in die beginstadium van die oorsaak-gevolg fase, mits dit konkreet is. Die kind in die middelkinderjare se denke is beperk ten opsigte van sy eie hipotese en aannames, en begryp dus nie altyd sy eie behoeftes nie. Nadat hipoteses gemaak word, soek die kinders na bewyse om hierdie denke te ondersteun, terwyl bewyse van die teenoorgestelde vermy word. Hierdie benadering word kognitiewe verbeelding genoem. 'n Voorbeeld om hierdie benadering te verduidelik, is wanneer 'n kind besef dat sy ouers en ander volwassenes in outoritêre posisies, nie perfek is in hulle gedrag en ook nie in die voorsiening van inligting en hulpbronne nie (Bigner, 1994:287).

Met selfregulering word nie ontken dat die individu somtyds selfregulering moet inhibeer ter wille van sy eie of ander se belange nie. In die holistiese eenheid tussen die mens en die omgewing, word die inagneming van ander se behoeftes as 'n belangrike aspek van selfregulering beskou (Clarkson & Mackewn, 1994:49). Dit geld ook vir die kind om by tye sy behoeftes wat op sy voorgrond is, te onderdruk ten gunste van 'n ander se behoefte. Weens die feit dat die middelkinderjare kind se ontwikkelingsvlak gekenmerk word deur 'n afname van egosentrisme, sal hy toenemend daartoe in staat wees om hierdie aspek te begryp. Egosentrisme dui op die vermoë om 'n ander persoon se siening in te sien. Egosentrisme verdwyn nie heeltemal tydens die juniorprimêre skooljare nie. Dit word egter op 'n manier omskep sodat dit kognisie beïnvloed (Bigner, 1994:287; Thompson & Rudolph, 2000:12).

'n Eie interpretasie is dat die moontlikheid bestaan dat sekere temperamenttipes, soos die persone met 'n I-temperament, geneig sal wees om dit moeiliker te vind om die dominante behoefte te onderdruk, in die lig van 'n ander behoefte. Dit dui verder daarop dat sekere temperamenttipes geneig sal wees om meer egosentries te wees, dus daarop ingestel sal wees dat hulle behoeftes onmiddellik bevredig moet word.

**4.4.4.4 Onvoltooidheid**

Onvoltooide gestalte word volgens Thompson en Rudolph (2000:144) beskou as onvoltooide situasies in die kind se lewe. Onvoltooidheid dui op onafgehandelde aspekte van 'n persoon se lewe. Dit is dus behoeftes wat nie bevredig is nie (Blom, 2004b:24). Blom (2004b:20) konstateer dat die wyse waarop die kind se ouers op sy behoeftes reageer, 'n rol kan speel met betrekking tot die strategieë wat hy aanleer vir die bevrediging van sy behoeftes soos hy ouer word. Indien die kind se behoeftes erken word, behoort hy gesonde wyses van kontak met die omgewing te benut om dit te bevredig. Indien hy die boodskap kry dat 'n behoefte verkeerd is, sal hy waarskynlik destruktiewe wyses aanleer om die behoefte te bevredig. Dit kan tot onvoltooidhede aanleiding gee.

Indien die kind se behoeftes nie deur sy omgewing bevredig word nie, is daar 'n wanbalans tussen die kind en sy omgewing. Mcdonnell en Beck (2001:417) is van mening dat indien die kind se temperamenttrekke nie ooreen met die omgewing se verwagtinge en eise nie, dit tot disharmonie met sy omgewing aanleiding sal gee. Hieruit kan gedragsprobleme ontstaan. 'n Eie interpretasie is dat die verskille wat tussen die kind se temperament en die omgewing se verwagtinge voorkom, een van die redes kan wees waarom onvoltooidhede voorkom.

Onvoltooidhede kom voor wanneer behoeftes nie bevredig word nie (Thompson & Rudolph (2000:144). 'n Eie mening is dat persone met verskillende temperamente, spanning by ander kan veroorsaak. Hierdie spanning kan

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


aanleiding gee dat die persoon nie in homeostase verkeer nie, wat kan lei tot die ontstaan van onvoltooidhede.

#### 4.4.4.5 Kontak

Gesonde kontak kan beskou word as die vermoë van die individu om kontak met die omgewing te maak deur die benutting van sy sintuie, die bewussyn van en toepaslike benutting van sy liggaam, die vermoë om emosies op 'n gesonde wyse uit te druk en die benutting van sy intellek op verskillende wyses om idees, denke en behoeftes te kan uitdruk (Oaklander, 1988:163).

Kontakmaking is die geheelproses waarbinne die self (organisme) na sy omgewing beweeg en ook terugtrek of skeiding bewerkstellig met sy omgewing. Kontakmaking is dus nie net die proses waarbinne organismes na mekaar toe beweeg nie, maar is ook die uiteinde van die proses, naamlik ontrekking. Perls, soos aangehaal deur Yontef (1993:207) omskryf die kontakmakingsproses soos volg: "The contacting process is the 'organ of meeting', the engagement with the environment." Kontakmaking tussen ouer en kind word gekenmerk deur 'n proses van deurlopende interaksie. Ouers moet veral aangemoedig word om, met inagneming van die kind se temperament en emosionele behoeftes, kontak te inisieer en aan te moedig.

Die individu benut die omgewing om sy behoeftes te bevredig. Hierdie kontakmaking is noodsaaklik vir gesonde organismiese selfregulering. Die mens is voortdurend in kontak met sy omgewing en dit is noodsaaklik dat daar grense moet wees om hom van sy omgewing te onderskei (Aronstam, 1989:634). 'n Deurdringbare grens is nodig om die kind van die omgewing te onderskei. Die belangrikste eienskappe van die kontakgrens is dié van identifikasie en vervreemding. Identifikasie word beskou as die proses waardeur die individu onderskei tussen dit wat aan hom behoort en dit wat vreemd aan hom is. Deur hierdie proses van identifisering en vervreemding, poog die individu om sy behoeftes te bevredig (Blom, 2004b:20). Die organisme moet dus bewus wees van sy omgewing se eise, behoeftes en verskille alvorens hy die proses van kontakmaking betree. Die navorser gaan van die veronderstelling uit dat indien

die ouer nie in kontak met homself is nie, hy ook nie sy kontakgrense met sy kind suksesvol kan bepaal nie.

Die navorser is van mening dat indien ouers bewus is van hulle kinders se temperament, hulle dan op 'n meer effektiewe wyse kontak kan maak. Soos bespreek by 3.6.2.1 kan 'n ouer kontak maak met 'n D-temperament kind deur direk te wees en op die punt af, deur by die bedrywigheid en die taak wat voltooi moet word te hou, deur voorstelle wat met die kind gekommunikeer moet word, vooraf voor te berei; en deur spesifiek te wees ten opsigte van vrae, alternatiewe en keuses voorsien sodat die kind sy eie keuses kan uitoefen. 'n Kind met hierdie tipe temperament is geneig om nie goed te luister nie; dit sal dus vir ouers nodig wees om die kind se aandag daarop te vestig (Walk thru the Bible, 1999:17). Boyd (1994:116) voeg by dat ouers nie die kind gedurig moet vermaan nie. Dit is nodig om net die nodigste te sê, direk te wees en een-woord-bevele te gee, soos byvoorbeeld "Pieter, jou kamer". Die navorser is van mening dat ouers dus moet fokus op die aksies van die kind en spesifiek moet wees in dit wat benodig word.

Met 'n I-temperamenttipe kind, soos bespreek by 3.6.2.2 kan kontak gemaak word deur saam met die kind te droom. Hierdie kind verkies om sosiaal met ander te verkeer en moet genoeg tyd daarvoor gegun word. Dis nodig om sy opinie en siening van 'n saak aan te hoor. Hierdie temperamenttipe wil gesels en sal ander in die rede val om te vertel wat met hulle gebeur het, en ouers moet hulle dus voldoende kans gee (Walk thru the Bible, 1999:18; Bonnstetter, Suiter & Widrick, 1993:124).

Die S-temperamenttipe persoon, soos bespreek by 3.6.2.3 verkies om te kommunikeer waar opregte waardering en belangstelling getoon word. Hierdie persone is goeie luisteraars en verkies dat ander ook moet luister. Opdragte moet op 'n logiese, sagte, nie-bedreigende wyse oorgedra word. Hierdie individu is geneig om moeilik keuses te maak en dis nodig dat ouers alle opsies aan hulle kommunikeer om hulle by te staan met keusemaking (Walk thru the Bible, 1999:26; Bonnstetter *et al*., 1993:125).

Die C-temperamenttipe persoon, soos bespreek by 3.6.2.4 verkies om te kommunikeer waar ‘n saak vooraf beplan is, waar disorganisering uit die weg geruim is. Die persoon verkies om ander persone reguit te benader, sonder om persoonlik en informeel te wees en om volledig na die verskillende opsies te kyk alvorens ‘n keuse gemaak word. Dis nodig om om aan die C- temperamentipe aksieplanne en skeduledatums te kommunikeer en dat daar genoegsame tyd voorsien moet word vir keusemaking (Walk thru the Bible, 1999:32). Dit blyk dus nodig te wees dat ouers met hulle C-temperament kind moet kommunikeer deur feite te gee, idees objektief aan te bied en spesifiek en deeglik te wees.

Indien die kontakmakingproses van toepassing gemaak kan word op die ouer en kind, het elkeen persoonlike ruimte nodig in hulle interaksie met mekaar. Oop kommunikasie word as belangrik gestel in al die ouerbegeleidingsprogramme. Tydens die middelkinderjare word die weg gebaan vir lewenslange goeie / oop kommunikasie tussen ouer en kind.

### 4.4.4.6 Kontakgrens

Die kontakmakingsproses kan omskryf word as ‘n proses en nie as ‘n entiteit op sigself nie. Die kontakgrens kan beskou word as die punt waar die persoon die ek beleef in verhouding met dit wat nie ek is nie, met ander woorde dit wat deel van (binne) en vreemd aan (buite) die organisme is (Vergelyk Aronstam, 1989:63; Oaklander, 1994a:283.) Aronstam (1989:634) en Clarkson en Mackewn (1994:283) is verder van mening dat die individu sy identiteit behou wanneer daar grense is tussen hom en sy omgewing. Hierdie grense moet deurdringbaar wees, ten einde uitruiling tussen die mens en sy omgewing te verseker. Grense wat te rigied is, laat nie verandering toe nie. ‘n Grens wat nie duidelik is nie, dui op ‘n self wat swak gedefinieer word. Hierdie grens staan as samevloeiing bekend (Aronstam, 1989:634 ; Oaklander, 1994a:283).

**Kontakgrensversteuring**

‘n Kontakgrensversteuring, of neurose, ontstaan wanneer die individu nie meer in staat is om ‘n goeie balans tussen homself en die wêreld daarbuite te vorm nie. ‘n

Eie interpretasie is dat 'n kontakgrensversteuring vergelyk kan word met 'n verdedigingsmeganisme. Individue is geneig om verdedigingsmeganismes te gebruik om hulle behoeftes te bevredig. Die individu is nie in staat tot bewustheid nie en kan dus nie meer op sy werklike behoefte reageer nie. Die neurose belemmer gestaltvoltooiing. Die grens tussen die self en die omgewing word dus onduidelik of gaan verlore. Kontak en bewustheid word versteur. (Vergelyk Aronstam, 1989:637; Blom, 2004b:20-21.)

Die individu met 'n kontakgrensversteuring is nie in staat tot volle bewustheid en gesonde kontak met sy omgewing om sy behoeftes te bevredig nie. Verskillende kontakgrensversteurings, naamlik introjekte, projeksie, samevloeiing, defleksie en retrofleksie word beskryf. (Vergelyk Aronstam, 1989:638; Yontef, 1993:142-143; Clarkson & Mackewn, 1994:73-75; Oaklander, 1994a:283; Blom, 2004b:22-34.)

Die navorser is van mening dat elke persoon enige van die kontakgrense kan gebruik en dat kontakgrensversteurings nie beperk kan word tot slegs een temperamenttipe nie. Elke persoon (ouer en kind) ongeag sy temperamenttipe, sal dus geneig wees om op sekere tye en in sekere omstandighede 'n kontakgrensversteuring te gebruik. Die mening word verder gehuldig dat kontakgrensversteurings met inagenome temperamentverskille as moment geïntegreer kan word in die bemagtigingsprogram. Die verskillende kontakgrensversteurings uit die gestaltteorie, kan soos volg uiteengesit word:

- **Introjekte**

Introjeksie vind plaas wanneer die individu inhoude kritiekloos uit sy omgewing inneem. Dit word dus nie geassimileer nie en bly vreemd en onverwerk vir die individu. Die individu neem dus die standpunte van ander aan, sonder om dit te bevraagteken. Introjekte meng in met die individu se natuurlike organismiese selfregulering en lei tot die ontstaan van onvoltooidhede. (Vergelyk Clarkson, 1989:52; Clarkson en Mackewn, 1994:73.)

Indien die kind van introjekte gebruik maak, leef hy soos hy geleer is en nie noodwendig soos hy glo of voel nie. Die kind in die middelkinderjare aanvaar

reëls, gewoontes en gebruike sonder om daaroor te dink. Dit is dus ouers se verantwoordelikheid om te let op die boodskap wat aan hierdie kinders gekommunikeer word. Ouerskapstyle sal op ‘n direkte wyse daartoe aanleiding gee dat die kind sal glo dat ‘n sekere emosie verkeerd is.

‘n D-temperamenttipe kind sal, indien hy voortdurend die boodskap van sy omgewing kry dat sy opinie nie reg is nie en/of sy behoefte aan beheer voortdurend onderdruk word dit daartoe kan lei dat hierdie kind van introjeksie gebruik sal maak. Hy sal dan geneig wees om te doen wat van hom verlang word, en terselfdertyd moontlik meer aggressief raak.

‘n I-temperamenttipe kind het ‘n behoefte om te gesels en te vertel. Indien hierdie behoefte onderdruk word, kan hulle moontlik van introjekte gebruik maak indien hulle die boodskap kry dat hulle nie gehoor word nie. Hierdie temperamenttipe kind is geneig om nie die positiewe en negatiewe aspekte teen mekaar op te weeg nie, aangesien hulle geneig is om impulsief te wees in hulle denke en optrede. Introjeksie impliseer juis volgens Blom (2004b:23) dat kinders nie aspekte van die omgewing teen mekaar opweeg nie. ‘n I-temperament kind het ‘n geneigdheid om duidelik uit te druk hoe hy voel (LaHaye, 1998:89). Die mening word gehuldig dat indien so ‘n kind die boodskap van sy ouers kry dat hierdie emosie verkeerd is, dit moontlik tot introjeksie aanleiding kan gee.

‘n S-temperamenttipe kind voel van waarde wanneer hy binne ‘n intieme verhouding bestaan. Hulle het ‘n behoefte daaraan om ander tevrede te hou en ten alle koste gelukkig te maak. Hierdie kind sal moontlik van introjeksie gebruik maak om kontak met sy omgewing te maak as ‘n poging om sy ouers tevrede te hou. ‘n Eie mening is dat hierdie temperamenttipe kind dus byvoorbeeld alles sal doen wat van hom verwag word in ‘n poging om ander tevrede te hou. ‘n S-temperamenttipe kind is meestal passief en eerder ‘n waarnemer as ‘n deelnemer. LaHaye (1998:89) noem verder dat hierdie kinders dikwels geïgnoreer word omdat hulle nie baie aandag verg nie. Dit kan bydra dat die kind van introjekte gebruik sal maak.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



‘n C-temperamenttipe kind se behoefte is detail en om korrek te wees. Wanneer hy onder druk verkeer, is hy geneig om vermydend te raak. Hierdie tipe kind is baie selfkrities en stel hoë standaarde aan homself (Boyd, 2004:104). Hierdie kind sal ook geneig wees om van introjeksie gebruik te maak indien hy die boodskap kry dat sy emosie van sy ouers s’n verskil. Die navorser is van mening dat hierdie temperamenttipe kind dus sensitief is ten opsigte van ander se emosies. Hy sal byvoorbeeld introjekte gebruik indien hy aanvoel dat sy ouers nie dieselfde as hy oor ‘n saak voel nie. Hierdie kinders het ‘n groter behoefte aan sekuriteit as die ander temperamenttipes (LaHaye, 1998:88). Hulle kan van introjekte gebruik maak in ‘n poging om so sekuriteit te kry. Hierdie kind verkies om altyd by die reëls en regulasies te hou (Boyd, 2004:104). Hy sal dus moontlik die reëls en regulasies wat sy ouers stel, kritiekloos aanvaar en dus moontlik die kontakgrensversteuring introjeksie gebruik om kontak te maak met sy ouers en omgewing.

Tydens adolessensie sal hierdie introjekte egter in die pad kom staan van oop kommunikasie en goeie kontak tussen ouer en kind.

Introjekte is ‘n kontakgrensversteuring wat alle individue, ongeag hulle temperamenttipes, gebruik wanneer hulle die boodskap kry dat sekere emosies negatief is en nie ervaar of uitgedruk mag word nie. Dit blyk dus dat die omgewing ‘n invloed kan hê hoe elke temperamenttipe introjekte ervaar en uitdruk. Ouerskapstyle het ‘n direkte invloed dat die kind in ‘n minder of meerdere mate van introjekte gebruik sal maak.

- **Projeksie**

Projeksie is die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir dit wat in die self gebeur (Aronstam, 1989:638; Blom, 2004b:24). Die individu blameer dus die omgewing vir die onaangename gebeure in sy lewe. Die emosies word geprojekteer na ander omdat dit te pynvol is om dit sy eie te maak. Projeksie word dus gebruik deur die kind wat nie verantwoordelikheid vir sy emosies of gedrag aanvaar nie, maar ander daarvoor verantwoordelik hou. Hy projekteer dus

sy eie emosie en gevoelens na buite en plaas sodoende die verantwoordelikheid vir hierdie situasie op sy omgewing.

'n Eie interpretasie is dat alle kinders, ongeag hulle temperamenttipe, in sekere siuasies geneig sal wees om projeksie as kontakgrensversteuring te gebruik as 'n manier om kontak met hulle omgewing te maak en hulleself te beskerm.

Die D-temperamenttipe kind is taak- en doelgerig. Hy neig om gou kwaad te word en raak dan ongeduldig om die werk afgehandel te kry. Sy behoefte is om in beheer te wees (Boyd, 2004:58). Hierdie kind sal moontlik geneig wees om van projeksie gebruik te maak deur ander verantwoordelik te hou indien hy nie die werk gedoen kry nie. LaHaye (1998:34) bevestig dat 'n D-temperamenttipe persoon geneig kan wees om ander persone die skuld te gee indien die werk nie afgehandel word nie, sonder om self verantwoordelikheid daarvoor te neem.

Die I-temperamenttipe is geneig om impulsief te wees en nie take te voltooi nie (Walk thru the Bible, 1999:26). Die persoon kan gemotiveer word deur erkenning, goedkeuring en om in die kollig te wees. Die kind wat die kontakgrensversteuring van projeksie gebruik, sal sy ervaring - indien hy nie erkenning kry nie - op die omgewing projekteer. Die S-temperamenttipe en die C-temperamenttipe is geneig om nie hulle gevoelens bekend te maak nie. Hulle kan moontlik hierdie kontakgrensversteuring gebruik om die omgewing verantwoordelik te hou, in plaas daarvan om bewus te wees van hulle eie gevoelens. LaHaye (1998:37) is van mening dat 'n C-temperament kind geneig is om aan die realiteit te ontsnap en in 'n fantasiewêreld in te beweeg. Hierdie individu kan, indien die gedrag van kleins af voorkom, grootword deur ander te blameer vir sy foute. Hierdie temperamenttipe persoon maak dus in hierdie geval van projeksie as kontakgrensversteuring gebruik.

'n S-temperamenttipe kind sal moontlik te bang wees oor wat die ander persoon van hom mag dink indien hy sy eie persoonlike ervaring bekend maak. In plaas daarvan gebruik hy projeksie om homself te beskerm. LaHaye (1998:43) meen dat 'n S-temperamenttipe individu homself sal beskerm deur 'n leuen te vertel of hom te onttrek. Die individu maak dus van projeksie gebruik.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


‘n Ouers gebruik projeksie as kontakgrensversteuring wanneer hy sy gevoelens van onvergenoegdheid selektief na sy kind projekteer met die stelling: “Manie is so ‘n ondankbare kind, hy aanvaar alles net as vanselfsprekend.” Die ouer voel onvergenoegd en gebruik die kind se optrede om sy gevoel te versterk. Die taak van die terapeut lê daarin dat die ouer geleer moet word om projeksie te vermy (Bloem, 1995:52). Die ouer moet dus bewus gemaak word om die projeksie op homself van toepassing te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Bloem (1995:53) noem verder dat die probleem daarin geleë is dat oorreaksie en onderreaksie tekens van ‘n potensiële projeksie is. Projeksie impliseer dus dat ‘n individu nie verantwoordelikheid vir sy eie emosies of gedrag aanvaar nie, maar ander daarvoor verantwoordelik hou.

- **Samevloeiing**

Samevloeiing vind plaas wanneer daar geen grense tussen die mens en sy omgewing is nie. Die mens weet nie waar sy grense begin of eindig nie en waar ander mense se grense is nie (Aronstam, 1989:638; Clarkson, 1989:55; Clarkson & Mackewn, 1994:74; Blom, 2004b:24). ‘n Eie interpretasie is dat die individu nie oor ‘n sin vir die self beskik nie. Hy beskik waarskynlik nie oor die grens wat die ek van die nie-ek onderskei nie.

‘n Eie interpretasie is dat ouers se temperamente ‘n invloed sal hê op die kind, deurdat die ouer bepaalde verwagtinge vir sy kind het wat nie verband mag hou met die kind se behoeftes nie. Die kind wat nie aan sy ouers se verwagtinge voldoen nie, word dikwels op ‘n subtiele wyse verwerp (Clarkson & Mackewn, 1994:75). ‘n S-temperamenttipe kind wat ‘n geneigdheid het om ander tevrede te stel sal waarskynlik ook van hierdie kontakgrensversteuring gebruik maak en optree as plesierder, deurdat hy bereid sal wees om enigiets te doen wat van hom verwag word. ‘n C-temperamenttipe kind is geneig om selfkrities te wees en hoë verwagtinge van homself te koester (Boyd, 2004:104). Wanneer die kinders die boodskap kry dat hulle nie aanvaarbaar is nie, sal hulle van samevloeiing gebruik maak om een met die omgewing te wees. LaHaye (1998:90) is van mening dat die C-temperamenttipe kind geneig is om van klouerige gedrag gebruik te maak.

Hierdie temperament het 'n baie sterker behoefte aan sekuriteit as die ander temperament. 'n Eie interpretasie is dat hierdie individue, in 'n poging om sekuriteit te kry, van samevloeiing gebruik sal maak. Dieselfde geld vir die I-temperamenttipe kind wat vriendskapsverhouding as belangrik ag en maklik aan groepsdruk sal toegee. Hierdie kind wat alles doen wat hulle portuurgroep doen en wat volwassenes wil hê hulle moet doen om aanvaar en erken te word, sal van samevloeiing gebruik maak. Dit is juis ook 'n kenmerk van die kind in die middelkinderjare om volwassenes te plesier (Louw *et al*., 2001:355).

'n Ouer maak van samevloeiing gebruik wanneer hulle spesifieke verwagtinge van hulle kind koester wat nie verband hou met die kind se behoeftes nie. Die ouer gebruik sy kind as verlengstuk weens sy onvervulde ideale en sal dikwels geneig wees om die kind te begelei om die ouer se voorgestelde beroepsrigting te aanvaar. 'n Voorbeeld is die stelling: "Ek was dit nooit, ek sal sorg dat my kind dit word" (Bloem, 1995:56).

- **Retrofleksie**

Retrofleksie is wanneer die individu iets teenoor homself doen wat hy eerder graag aan 'n ander persoon wil doen (Blom, 2004b:27). Chroniese onbewustelike retrofleksie is 'n struikelblok tot kontak en vind gewoonlik plaas wanneer die uitdrukking van emosies as gevaarlik beskou word. Woede is 'n emosie wat dikwels geretroflekteer word, aangesien die kind van kleins af leer dat die uitdrukking daarvan verkeerd is (Clarkson, 1989:54; Clarkson & Mackewn, 1994:76). Kinders retroflekteer dikwels emosies van rou en woede deur simptome van hoofpyn, maagpyn of hiperaktiwiteit (Oaklander, 1994a:284). 'n Eie interpretasie is dat 'n D-temperamenttipe kind geneig is om altyd in beheer te wees. Hulle kan onsensitief, taktloos en kwaad voorkom. Die moontlikheid bestaan dat hierdie temperamenttipe, in die proses om nie sy beheer te verloor nie, nie sy emosies uitdruk nie. Hy retroflekteer dus sy emosies. Hierdie is dus teenstrydige gedrag binne die self. Die S- en C- temperamenttipe kinders is geneig om ook nie hulle gevoelens uit te druk nie. 'n C-temperamenttipe individu is geneig om selfkrities te wees en dikwels minderwaardig te voel deur te glo dat ander persone nie van hom hou nie. Hierdie geneigdheid kan dikwels aanleiding

gee dat die individu kan retroflekteer deur die gevoel van minderwaardigheid homself te hou en dit nie uit te druk nie. Depressie word binne die gestaltterapie as retroflektiewe gedrag beskou. Dit is woede wat die organisme na binne keer. Die organisme het met tye nodig om kontak met sy omgewing te verbreek, na homself te keer en 'n nuwe situasie in oënskou te neem. Blom (2004b:27) is van mening dat introjekte, soos dat die uitdrukking van woede verbode is, daartoe aanleiding kan gee dat die kind sy emosies kan retroflekteer.

- **Defleksie**

Defleksie verwys daarna dat direkte kontak met ander persone vermy word, met ander woorde om bewustheid van die omgewing te verminder. Dit is waar oogkontak gedurende 'n gesprek vermy word of waar die onderwerp vermy word (Clarkson, 1989:51-52; Yontef, 1993:143). Kinders wat van defleksie gebruik maak, gebruik nie hulle energie effektief ten einde terugvoer van hulleself, ander, of die omgewing te ontvang nie. Daar word gepoog om die impak van stimuli uit die omgewing te vermy (Blom, 2004b:28). LaHaye (1998:34) meen dat hierdie temperamenttipe geneig sal wees om te jok om so verby reëls te kom en nie sal erken as hy 'n fout maak nie. Die kind wat defleksiewe gedrag toon sal die uitdrukking van gevoelens of die onderwerp van 'n gespek vermy. 'n D temperamenttipe kind sal volgens die navorser defleksie gebruik wanneer hy gevra word om sy gevoelens te verwoord. Hulle sal ten alle koste vermy om beheer te verloor. Hulle sal dus nie hulle gevoelens uitdruk nie en kan hulle emosie in 'n ander rigting stuur. Die I-temperamenttipe kind is ingestel op pret en opwinding. Hierdie temperament sal moontlik deflekteer indien hy 'n emosie met humor weerkaats, met ander woorde van hanswors gedrag gebruik te maak

Kinders gebruik defleksie as 'n hanteringstrategie vir pynlike ervaringe deur woede-uitbarstings te kry, ander vorme van uitreagerende gedrag te openbaar of deur te fantaseer en te dagdroom. Hierdie gedrag bied op die kort termyn vir die kind 'n gevoel van die self en energie, maar dit is van korte duur. Die kind is nie daarvan bewus dat sy gedrag ontoepaslik is vir die bevrediging van sy behoeftes nie en sal in plaas daarvan om toepasliker maniere te benut, eerder ontoepaslike toepasliker gedrag openbaar (Oaklander, 1994a:284; Blom, 2004b:29). 'n S-

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


temperamenttipe individu is geneig om ander tevrede te hou en kan moontlik van defleksie gebruik maak deur homself af te sonder eerder as om sy emosie bekend te maak.

Die navorser is van mening dat die kontakgrensversteuring die kind se bewussyn negatief beïnvloed.

- **Desensitisasie**

Desensitisasie word gedefinieer as die proses waardeur die individu homself afsluit van sensoriese en liggaamlike ervaring, wat verband hou met aspekte soos pyn en ongemak (Clarkson & Mackewn, 1994:77). Blom (2004b:29-30) is van mening dat sensoriese ervarings en emosies wat hiermee gepaard kan gaan, misken en verwaarloos word en daarvan weerhou word om as ‘n figuur op die individu se voorgrond te verskyn. Dit blyk nodig te wees dat hierdie kinders sensoriese kontakfunksies nodig het, ten einde ‘n sterker sin vir die self te verkry (Oaklander, 1994a:149). ‘n Eie interpretasie is dat hierdie temperamenttipe geneig is om altyd in beheer te wees. Die temperamenttipe kan van desensitisasie gebruik maak deur hom af te sluit van sensoriese en liggaamlike ervaring deur nie sy beheer te verloor nie en homself te beskerm.

### 4.4.4.7 Polariteite

Die individu se persoonlikheid bestaan uit polariteite en ‘n groot gedeelte van die alledaagse lewe word daaraan gewy om konflik, wat ontstaan as gevolg van hierdie polariteite, op te los (Thompson & Rudolph, 2000:142). Die mens beweeg tussen bestaande natuurlike splitsings in sy lewe, soos liggaam , gees, self, eksterne wêreld, emosionele, ware en bewustelike/ onbewustelike (Blom, 2004b:32). Polarisering vind plaas wanneer kinders grotendeels met een stel van teenoorgestelde eienskappe identifiseer. Ervarings wat nie aan hierdie konstruk konformeer nie, word ontken. Organismiese selfregulering lei tot die integrering van polariteite, waar verskille aanvaar en geïntegreer word.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


Kinders funksioneer deur middel van teenoorgesteldes en emosies wat verdeel word in teenoorgesteldes soos hartseer en bly, teleurgesteld en tevrede (Schoeman, 1996a:35). Die kind voel verward as gevolg van die polariteite in homself. Kinders jonger as ses jaar vind dit moeilik om gelyktydige emosies soos liefde en kwaad teenoor dieselfde persoon te begryp, vanuit hulle ontwikkeling (Blom, 2004b:34).

‘n Eie interpretasie is dat polariteite as teenoorgesteldes van mekaar beskou word, wat mekaar aanvul of teenwerk. Dit blyk dat die terapeut met albei polariteite van ‘n situasie moet werk om integrasie te bewerkstelling. Dit blyk verder dat die polariteite na die kind se sterk punte en beperkings uit sy verskillende temperamenttipes verwys, soos reeds in hoofstuk drie bespreek. Hierdie sterk punte en beperkinge uit die verskillende temperamenttipes kan as die moment beskou word wat geïntegreer kan word met die onvoltooidheid as gestaltteoretiese beginsel.

Die Gestaltteoretiese benadering behoort daarop gefokus te wees om die polariteite te integreer, ten einde die individu beter te laat funksioneer en te verseker dat elke deel van die polariteit sy plek vind in ‘n goed geïntegreerde persoonlikheid (Thompson & Rudolph, 2000:148).

#### 4.4.4.8 Kind se proses

Die kind se proses verwys uit die gestalbenadering na dit wat die kind doen en hoe hy dit doen (Blom, 2004c:25). ‘n Eie mening is dat die kind se proses dus verwys na die “hoe” van gedrag. Oaklander (1994a:289) stel dit duidelik dat die kind van sy totale proses bewus gemaak moet word, ten einde in ‘n selfondersteunende en gesond-funksionerende persoon te ontwikkel. Ervaring van die proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) en aanvaarding van hierdie proses op die oomblik wanneer dit voorkom, lei volgens Oaklander (1994a:285) tot persoonlike keuse en verandering. Blom (2004c:25) is van mening dat die kind se proses na die volgende verwys: “ Who they are, what they feel, what they like and do not like, what they need, what they want, what they do and how they do it”.

Temperament verwys volgens Fourie (1998:36) na die kombinasie van hoe die individu oor 'n saak voel, wat sy houding oor 'n saak is, en hoe hy uiteindelik optree. Die navorser is van mening dat die kind se proses uit die gestaltteorie en die kind se temperament met mekaar ooreenstem. Albei gaan oor die hoe van gedrag.

Om die kind te help om sy eie proses (wat hy doen en hoe hy dit doen) te verstaan en om meer te word wat hy werklik is, word beskou as 'n primêre doelstelling van gestaltterapie (Yontef & Simkin, 1989:337; Oaklander, 1994a:285). Blom (2004c:25) is van mening dat dit insluit om die omgewing te ken, verantwoordelikheid vir keuses te neem, selfkennis, selfaanvaarding, die vermoë om kontak te maak, bewussyn op kognitiewe, sensoriese en affektiewe vlak. 'n Eie interpretasie is dat indien die kind se proses en temperament ooreenstem, dit beteken dat - deurdat hy bewus is van sy temperament - hy selfkennis, selfaanvaarding, die vermoë om kontak te maak en bewussyn op kognitiewe, sensoriese en affektiewe vlak verkry het.

Deur die bewussyn van sy temperament kom die individu in kontak met sy eie behoeftes en emosies, en leer hy dus om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hy is en wat hy doen. Blom (2004b:52) is verder van mening dat bewussyn van die self nie verantwoordelik is vir gedrag, houdings en emosies van ander nie, hoewel dit nie dui op 'n gebrek aan omgee vir ander se behoeftes of 'n onvermoë om te reageer op behoeftes nie. Namate die kind meer bewus word van homself - vir wie hy is, wat hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat hy nodig het, wat hy doen en hoe hy dit doen - word hy ook meer bewus daarvan dat hy keuses kan uitoefen oor die uitdrukking van sy emosies, die wyses waarop hy sy behoeftes bevredig en die eksplorering van nuwe gedrag. Die konsepte van bewussyn, verantwoordelikheid, keuses en vryheid is interafhanklik volgens Blom (2004b:53), aangesien hierdie aspekte mekaar wedersyds beïnvloed.

Die bewussyn van die kind se proses plaas ook klem op die bewussyn van die ouer se proses. Die ouers het tydens die empiriese studie 'n gestandaardiseerde DISC- temperamentanalisetoets ondergaan om so hulle eie temperament vas te stel en meer bewus te word van wie hulle werklik is, dus hulle aangebore

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


temperament.  Deur die kind se geneigdheid tot ‘n temperamenttipe te bepaal, kan die ouer dan ook sy kind beter ken en verstaan.

‘n Moment waar die verskillende temperamenttipes volgens die DISC-model (soos bespreek in hoofstuk drie) verduidelik is, kan geïntegreer word met die kind se proses as gestaltteoretiese beginsel. (Vergelyk 3.6.2.1 – 3.6.2.4.)

#### 4.4.4.9 Struktuur van die persoonlikheid

Die struktuur van die persoonlikheid bestaan volgens Perls uit vyf lae.  Hierdie lae dui aan hoe persone hulle lewe kan fragmenteer om hulleself van sukses te weerhou (Clarkson & Mackewn, 1994:78; Rudolph & Thompson, 2000:143).  Die lae kan soos volg bespreek word:

- **Sintetiese laag:** Die sintetiese laag staan ook as die valse laag bekend. Individue wat in hierdie laag verkeer, probeer wees wat hulle nie is nie. Kinders se gedrag word gemotiveer hoofsaaklik deur introjekte of kultureel aanvaarbare gedrag (Aronstam, 1989:636; Clarkson, 1989:111; Thompson & Rudolph, 2000:143).  Met introjeksie word bedoel dat kinders optree soos van hulle verwag word; hulle kan dus nie hulle ware self wees nie.  Die kinders word direk en indirek beïnvloed deur hulle omgewing.  Die navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare ongeag hulle temperamenttipe, geneig sal wees om ten opsigte van waardes, norms en gedrag in die valse laag te wees.  Blom (2004b:35) is van mening dat kinders in hierdie laag reageer, omdat hulle nie abstrak kan dink nie.  Die kinders internaliseer hierdie eksterne verwagtinge wat as die “*top dog*” bekend staan, van die self.    Die “*topdog*” verteenwoordig die “jy moet-boodskappe.”  Die “*underdog*” is onseker van homself en reageer deur beloftes en onderdanigheid, soos “Ek sal more weer probeer.”  Dit verteenwoordig die “ek wil-aspek” en kry gewoonlik die oorhand oor die “*topdog*”.  Die twee dele is gewoonlik in konflik met mekaar.  Die “*topdog*” en “*underdog*” is twee polariteite wat voortdurend in konflik is met mekaar.
- **Fobiese laag:** Tydens hierdie laag raak die kind bewus van die sintetiese spel wat hulle speel en word bewus van sy vrese, wat die spel in stand hou

(Thompson & Rudolph, 2000:143). Aronstam (1989:636) is van mening dat die belangrikste van hierdie laag juis die kind se weerstand is teen om te wees wat hy bedoel is om te wees. Blom (2004b:36) voeg by dat dit die laag is van speletjies en rolle. Die kind reageer ooreenstemmend die rol wat van hom verwag word, byvoorbeeld die hulpelose slagoffer, boelie of hanswors. 'n Kind in die fobiese laag kan angstigheid ervaar indien hy bewus word van die spel en dat hy nie werklik homself is nie. Aangesien ouers ook nie hulle kind se ware temperament ken nie, is hulle ook nie bewus van hulle kind se vals rollespel nie.

- **Impasse laag:** In hierdie laag het die kind 'n behoefte daaraan om onafgehandelde sake te voltooi, maar is nie gereed om pyn hiermee saam te hanteer nie. Die kind is afhanklik van eksterne ondersteuning (Clarkson, 1989:111). In hierdie laag is die kind bewus van die rol wat hy speel, maar toon weerstand om te verander. Die kind gee dus hier die boodskap dat hy 'n probleem het en nou ander mense nodig het om dit vir hom op te los. Volgens die gestaltbenadering is weerstand die kind se manier om na homself te kyk in terapie. Die kind mag sy weerstand deur middel van onaanvaarbare gedrag uitdruk, wat die ouer nie verstaan nie. Die ouer mag die kind as moeilik beleef.
- **Implosiewe laag:** In hierdie laag raak die kind bewus van hoe hy homself inperk, maar het nie die energie om dit te verander nie (Clarkson, 1989:112). Indien die ouer se tempermenttipe dus sy geneigdheid om op 'n seker manier op te tree verstaan en die aanpassings maak, kan dit die kind help om deur die implosiewe laag te beweeg en meer homself te wees.
- **Eksplosiewe laag:** Die kind word bewus van die emosies wat hy uitdruk of onderdruk. Die kind kan begin om homself te wees. Ware emosies word ervaar en uitgedruk en dan kan die kind met nuwe gedrag eksperimenteer (Aronstam, 1989:636).

'n Eie mening word gehuldig dat die struktuur van persoonlikheid, as 'n gestaltteoretiese beginsel, nie tydens die ouerbemagtigingsprogram aan die ouers verduidelik is nie. Dit is egter nodig dat die navorser hierdie struktuur van die

persoonlikheid in ag moet neem tydens die waarneming van elke kind se temperament.

## 4.5 SAMEVATTING

Verskeie ontwikkelingsteorieë beskryf die mens in verskillende lewenstadia sistematies ten opsigte van die lewensloop. Freud, die vader van die psigo-analitiese benadering, beskryf dat alle gedrag deur drange en morele reëls in die mens se psige bepaal word. Erikson beskryf agt stadia van die lewensloop. Piaget beskryf die kognitiewe ontwikkeling wat in vier periodes verdeel word. Kohlberg tesame met Piaget, beskryf verskillende fases van morele ontwikkeling. Maslow het die idee van optimale ontwikkeling in 'n piramiede van behoeftes verduidelik.

Die middelkinderjare verwys na die sesde tot die twaalfde lewensjaar. Die tydperk word gekenmerk deur relatiewe rustigheid en kalmte. Aan die begin van die middelkinderjare betree die kind die primêre skooljare. Die primêre skooljare kan verdeel word in die juniorprimêre fase (± ses jaar) tot graad drie (agt jaar). Die seniorprimêre fase strek vanaf graad vier (± nege jaar) tot graad sewe (twaalf-dertien jaar).

Die ontwikkelingstake van die middelkinderjare is take wat kinders suksesvol behoort te voltooi, voordat hulle aanbeweeg na die volgense lewensfase. Elke stadium word gekenmerk deur eienskappe en vaardighede wat elke individu volgens die verwagtinge van die samelewing behoort te voltooi.

Daar is gesinstake wat die gesin in die geheel moet bemeester ten opsigte van die kind in die middelkinderjare, ten einde hierdie kind te help om sy volle potensiaal te bereik.

Die gestaltbenadering se teoretiese beginsels is as fundamentele raamwerk benut om die ouerbemagtiginsprogram te ontwikkel. Uit die relevante bestaande programme en beskrywings rakende ouerleiding is momente ontleen wat geïntegreer gaan word met die beginsels van gestalt en temperamenttipes. Die bemagtigingsprogram vir ouers fokus op die kind in die middelkinderjare.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die gestaltbenadering is ‘n eksistensiële, fenomenologiese en holistiese benadering wat op die hier-en-nou bewustheid en onmiddellike ervaring fokus. Die gestaltbenadering is as die geskikste benadering gekies wat as raamwerk dien vir die ontwikkeling van die ouerbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

Die navorser het nie terapeuties toegetree nie, maar wel die gestaltbenadering teoretiese beginsels geïntegreer met temperament om die bemagtiginsprogram te ontwikkel.

Die kinders wat by die empiriese studie betrek is, is nie betrek in gestaltspelterapie nie. Die kinders is geassesseer vir die vasstelling van ‘n geneigdheid tot ‘n temperamenttipe wat getrianguleer is met die kontrolelys wat deur die ouers voltooi is.

Holisme is die eerste beginsel van gestaltbenadering wat bespreek is. Holisme dui daarop dat die mens ‘n eenheid in homself en sy omgewing is.

Homeostase/organismiese selfregulering is die tweede beginsel van die gestaltbenadering wat bespreek is. Hierdie beginsel dui daarop dat elke persoon homself reguleer. Elke persoon het unieke emosionele behoeftes wat verband hou met sy temperament.

Die figuur word beskou as dit wat op die oomblik die betekenisvolste vir die persoon is en die grond verwys na die agtergrond van die persoon se ervaring op die spesifieke oomblik. Die proses van figuurgrond-wisselwerking is ‘n voortdurende proses. Tydens die assessering van die kind se geneigdhede van gedrag om sy temperamenttipe vas te stel, het die navorser gepoog om die voorgrondbehoeftes te bepaal.

Onvoltooidheid is as die vierde beginsel van die gestaltbenadering bespreek. Onvoltooidhede dui op onafgehandelde aspekte van ‘n persoon se lewe. Indien

die kind se behoeftes nie deur die omgewing bevredig word nie, bestaan daar ‘n wanbalans tussen die kind en sy omgewing.

Gesonde kontak as die vyfde beginsel van die gestaltbenadering kan beskou word as die vermoë van die individu om kontak met die omgewing te maak deur die benutting van sy sintuie, die bewustheid van die ontoepaslike benutting van sy liggaam, die vermoë om emosies op ‘n gesonde wyse uit te druk en die benutting van intelligensie op verskillende wyses om idees, denke en behoeftes uit te druk. Ouers kan met inagneming van hulle kinders se temperamente en behoeftes, kontak inisieer en aanmoedig.

Elke individu se temperament bestaan uit polariteite, naamlik die sterk punte en beperkinge. Daar bestaan ‘n groot gedeelte in die alledaagse lewe om konflik op te los.

‘n Kontakgrensversteuring ontstaan wanneer die individu nie meer in staat is om ‘n goeie balans tussen homself en die wêreld daarbuite te vorm nie. Kontakgrensversteurings wat onderskei kan word, is introjekte, projeksie, defleksie, samevloeiing, refleksie en desensitisasie. Elke kind kan, ongeag sy temperament, in ‘n stadium van kontakgrensversteurings gebruik maak.

Die kind se proses verwys uit die gestaltbenadering na dit wat die kind doen en hoe hy dit doen. Temperament stem ooreen met die kind se proses, aangesien dit gaan oor die hoe van gedrag. Tydens die groepsassesseringsessie is die kind se proses waargeneem word om die geneigdheid om op ‘n bepaalde wyse op te tree te bepaal.

Die struktuur van die persoonlikheid verwys daarna dat elke individu sy lewe kan fragmenteer om homself van sukses te weerhou. Die lae van die struktuur van die persoonlikheid wat onderskei word, is die sintetiese, fobiese, impasse, implosiewe en die eksplosiewe lae. Die lae van die struktuur van die persoonlikheid is nie in die ouerbemagtigingsprogram aan die respondente verduidelik nie. Dit is nodig vir die navorser om hierdie struktuur van die persoonlikheid in ag te neem tydens die waarneming van elke kind se temperament.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die volgende hoofstuk fokus op die inhoud van die ouerbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


# HOOFSTUK 5

## KONSEPBEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE

### 5.1 INLEIDING

Hoofstuk een bevat ‘n algemene oriëntering van wat in die navorsingstudie beplan word. Hoofstuk twee, drie en vier is ‘n literatuurstudie ten opsigte van temperament. Hoofstuk vier lê klem op die teoretiese beginsels van die gestaltbenadering wat as fundamentele raamwerk dien vir die ouerbemagtigingsprogram. In hierdie hoofstuk word die klem geplaas op die inhoud van die ouerbemagtigingsprogram. Die program gaan benut word om ouers met kennis oor hulle kinders se temperamente te bemagtig. Die doel is dus om ‘n literatuurstudie van bestaande programme en uitgangspunte en die behoeftebepaling (fase 1), verskillende momente te identifiseer wat nodig is vir ouers om hulle kinders en hulle eie temperamente te ken en te verstaan. Die momente wat geïdentifiseer is, word geïntegreer met die gestaltbeginsels wat in hoofstuk vier uiteengesit is.

Hierdie hoofstuk gee ‘n uiteensetting van die konsep-ouerbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare soos dit ontwikkel is tydens fase vier van vroeë ontwikkeling en die loodsondersoek en geïmplementeer is tydens fase vyf van hierdie intervensie: naamlik die evaluering en gevorderde ontwikkeling, word vervolgens gebied. Die empiriese gegewens van die program word in hoofstuk ses uiteengesit.

### 5.2 BEMAGTIGINGSPROGRAMME

#### 5.2.1 Bestaande ouerbegeleidingsprogramme

Daar bestaan verskeie programme vir ouerbegeleiding in Suid-Afrika. Dis nodig om ‘n paar uit te lig wat deur die navorser benut is om as basis te dien vir die

ontwikkeling van ‘n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare met inaggeneming van temperament. Bestaande programme wat onderskei kan word, is onder andere die STEP (*Systematic Training For Effective Parenting*) van Dinkmeyer en McKay (1976), PET (*Parent Effectiveness Training*) van Gordon (1975) en POSPAR ( *Positiewe ouerskapprogram*) van Nel, Marais en Simpson (2001) en die Proaktiewe benadering van Campbell (2000:12). Die doel is om te poog om ‘n werkbare program aan ouers en kinders te bied.

Hoewel al hierdie programme benuttingswaarde het, is hoofsaaklik van die konsepte van die STEP-program en PET-program hoofsaaklik benut, tesame met die literatuurstudie oor ouerskap en inligting, soos verkry tydens die fokusgroepe met die ouers vir die ontwikkeling van hierdie ouerbemagtigingsprogram.

Die STEP-program staan vir *Systematic Training For Effective Parenting* wat ‘n ouerleidingsprogram is, wat ontwerp is in 1976 deur Dinkmeyer en McKay en sy oorsprong vind uit die Adleriaanse benadering (Engelbrecht, 1993:46). Die ouerverrykingsprogram (Dinkmeyer & McKay, 1976:1) is ontwikkel wat ten doel het om nie net die ouer beter toe te rus vir sy taak nie, maar ook die ouer se aandeel in die kind se gedrag aan te toon. Die program het verder ten doel om ouers te bemagtig om effektiewer kontak te maak met hulle kinders. Die grondbeginsels waarop die STEP berus is die volgende:

- Die gesin is die primêre sosialiseringseenheid wat die persoonlikheidsontplooiing van die kind dra.
- Die SPEP se benadering is opvoedkundig van aard.
- Die STEP is ontwerp om ouers te begelei, te onderrig en vaardig te maak in opvoedingstrategieë wat ook verder impliseer dat ouer en kind gelykwaardig is in hulle betrokkenheid by opvoedingsgebeure (Van Vollenhoven, 1992:30).

Die PET-program staan vir *Parent Effectiveness Training* wat gedurende 1975 deur Gordon ontwikkel is. Die program is ontwikkel om ouers toe te rus met vaardighede oor ouerskap in die algemeen.

Die volledige STEP-program en PET-program word nie in die studie benut nie, maar slegs 'n paar aspekte daarvan. Die bestaande literatuur van die ouerleiding is as momente ontwikkel wat geïntegreer is met die verskillende teoretiese beginsels van die gestaltbenadering (Vergelyk 4.4.4.)

### 5.2.2 Omskrywing van ouerbemagtigingsprogram

As deel van stap 1 van fase 2 van die intervensienavorsingsproses (soos bespreek in 1.8.2.), is dit belangrik om bestaande bemagtigingsprogramme te bestudeer voordat 'n program ontwikkel word. Die bemagtigingsprogramme wat bestudeer is, is onder andere die STEP-program, die PET-program en literatuur oor ouerskap. Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:6) omskryf "bemagtiging" as die proses waardeur individue of groepe persoonlike of kollektiewe mag verkry en sodoende in staat gestel word om hulle lewensomstandighede deur daadwerklike optrede te verbeter.

Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003:822) omskryf program as 'n: geskrif waarin werksaamhede volgens 'n bepaalde plan verrig sal word.

'n Bemagtigingsprogram is 'n plan van aksie wat deur 'n maatskaplike werker of terapeut gevolg word om individue of groepe in staat te stel om hulle lewensomstandighede te verbeter. Hierdie plan van aksie word beskryf in die vorm van verskillende momente wat nodig is in die verhouding tussen ouer en kind met die doel om hulle lewensomstandighede te verbeter.

'n Eie mening is dat die ouerbemagtigingsprogram wat vir hierdie studie ontwikkel is, ten doel het om ouers met kennis te bemagtig oor hulle kinders en hulle eie temperamente ten einde die ouer-kind verhouding te verbeter.

## 5.3 DIE KIND SE UNIEKE TEMPERAMENT

Elke kind word gebore met geneigdhede om op 'n seker manier op te tree wat uniek is. Hierdie unieke geneigdhede waarmee kinders gebore word staan as temperamente

bekend (Goode, 2001:33). (Vergelyk 2.3.3.) In hierdie studie is nie terapie met die kinders gedoen nie. Die doel van die program was om ouers met kennis te bemagtig oor hulle kinders se temperamente en hoe om hulle kinders te hanteer. Die kinders word dus deur die navorser geassesseer en 'n kontrolelys word deur die ouers voltooi ten opsigte van die gedrag van die kinders. Hiermee poog die navorser dus om die kinders se geneigdheid tot 'n temperament te bepaal. Dis nodig om steeds in gedagte te hou dat kinders en volwassenes verskil. Elke kind is 'n unieke karakter. Die volgende moet in gedagte gehou word ten opsigte van kinders, naamlik:

- Kinders is in die proses van ontwikkeling.
- Kinders se aandagspan is kort.
- Kinders se intellektuele vermoëns is steeds in die proses van ontwikkeling.
- Kinders neem langer tyd as volwassenes om insig te kry
- Kinders se vermoë om tussen fantasie en realiteit te onderskei, is steeds in die proses van ontwikkeling.
- Kinders se vermoë om interne impulse en eksterne eise te hanteer, is steeds beperkend.
- Die kinders se selfidentiteit is steeds besig om te ontwikkel.
- Die kognitiewe vermoë om hulleself in iemand anders se posisie te plaas, kan beperkend voorkom. Lefrancois (2001:374) voeg by dat dit belangrik is vir ouers om te onthou dat kinders se intellektuele vermoëns steeds onvolwasse is, en dus van volwassenes verskil. (Vergelyk Van der Merwe, 1996:6; West, 1996:18; De Klerk & Le Roux, 2003:12.)

Dit is volgens Neethling en Rutherford (2000:8-9) nodig dat ouers, alvorens hulle blootgestel word aan 'n ouerleidingprogram, die volgende moet weet van hulle kinders:

- Elke kind het die potensiaal om suksesvol te wees.
- Die meeste beperkings wat die kind beleef, is deur die ouer/onderwyser/ mentor geskep, grootliks deur etikettering.
- Die sleutel tot verandering en ontwikkeling lê nie in verandering van gedrag nie, maar in die verandering van die denke van die kind.
- Elke kind moet 'n visie met trekkrag hê, die toekoms moet opwindend wees.

Die mening word gehuldig dat indien ouers weet waarom hulle kinders op ‘n sekere manier optree, dit sal bydra dat die kind sy volle potensiaal kan bereik.

Verskeie skrywers stel dit duidelik dat temperament ‘n aangebore geneigdheid is wat bepaal hoe die persoon reageer. Die reaksies van ‘n persoon is konstant en kan reeds by babas geïdentifiseer word. Dit blyk dus dat temperament ‘n genetiese basis het (Kurcinka, 1998:25; Keogh, 2003a:4; Keirsey, 1998:20; Chess & Thomas, 1995:1). (Vergelyk 2.3.3.) Temperament is slegs een van verskeie faktore wat ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het (Mcdonnell & Beck, 2001:418; Chess & Thomas, 1995:1). Die onderskeie faktore wat ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het, word nie in hierdie studie bespreek nie.

Navorsing wat in 2003 in Engeland onderneem is om die ontwikkeling van temperament in babas tussen die ouderdom van een tot vier maande te toets, het onder andere gevind dat daar drie faktore is wat die korrekte bepaling van ‘n temperamenttipe vir babas bemoeilik. Babas van dié ouderdom is nie konsekwent in hulle reaksie op die omgewing soos wat in latere ontwikkelingsjare wel die geval is nie; die rypwordingsproses speel ‘n belangrike rol in die babas se vermoë om teenoor die omgewing te reageer; en babas toon beperkte gedragsfaktore en het beperkte ervarings, wat die geleenthede vir assessering van temperamenttipe bemoeilik (Hall, Wilson & Frankenfield, 2003:160). Fourie (1998:16) is van mening dat ‘n mens se genetiese temperamentprofiel op die ouderdom van ongeveer vyf jaar duidelik sigbaar is en teen nege jaar reeds vasgelê is. Elke persoon se breinprofiel is die kombinasie van dominante breinhemisfeer, oog, oor en hand. In elke breinhemisfeer is daar twee temperamentkwadrante. Elke persoon het ‘n dominante breinhemisfeer waaruit hy funksioneer, soos verduidelik in 2.9.1.

Boyd (1994:96) is van mening dat hoewel ‘n baba met ‘n gedragstyl gebore word, dit nie met absolute sekerheid vasgestel kan word nie. Dit kan egter akkurater onderskei word vanaf sesjarige ouderdom. Hierdie skrywer onderskei vier redes waarom dit moeilik is om die kind se gedragstyl vas te stel, naamlik:

- Die kind is in die proses van ontwikkeling. Soos die kind ouer word, is hy voortdurend in interaksie met ander persone. Die kind sal dikwels gedrag openbaar wat aanvaarbaar is en gedrag wat probleme kan veroorsaak en

onaanvaarbaar is, vermy. Op hierdie manier openbaar die kind gedrag wat verwarrend is vir die ouers om sy ware temperament te identifiseer.

- Soos die kind ouer word, is sy ouers geneig om hom in beperkte omstandighede te sien. Veral wanneer die kind skool toetree, is hy geneig om minder tyd by sy ouerhuis deur te bring. Hierdie kind kan dikwels sy gedrag aanpas by sy portuurgroep, wat meebring dat sy gedrag by die huis verskil van die gedrag by die skool. Ouers het dikwels nie begrip vir hierdie gedrag nie.
- Ouers is dikwels té na aan die kind om hom objektief te sien. Ouers se gedragstyl het 'n invloed op hulle beoordeling van hulle kind. Hulle kyk verby die kind se ware gedragstyl om aan te pas by hulle persepsie soos hulle hul kind wil sien.
- Kinders is in die meeste gevalle 'n kombinasie van verskeie gedragstyle, byvoorbeeld 'n D- temperamenttipe en I-temperamenttipe. Ouers sien gewoonlik die dominante gedragstyl en ignoreer ander moontlike style.

Uit voorafgaande blyk dit dat 'n kind se temperamenttipe, hoewel hy daarmee gebore word en trekke reeds van vroeg af sigbaar is, met meer sekerheid vasgestel kan word wanneer hy skool toe gaan, dus op ongeveer sesjarige ouderdom. Die kind se genetiese profiel is op die ouderdom van ongeveer vyf jaar duidelik sigbaar (Fourie, 1998:16). Louw *et al.* (2001:348) voeg by dat kinders eers op die ouderdom van ses- tot sewe jaar hulleself in sielkundige terme kan definieer. Hulle ontwikkel 'n konsep van hoe hulle is (ware self) en ook van hoe hulle graag sal wil wees (ideale self). Die vermoë om akkurate beoordelings van hulleself te maak, word dan eers ontwikkel.

Mcdonnell en Beck (2001:415) meen dat kinders wat tot die skool toetree, dikwels in 'n groot mate blootgestel word aan verskeie faktore. Dit kan meebring dat die kind se temperamenttrekke dikwels verdraai of verander om by die omgewing aan te pas, wat meebring dat die kind se temperament verkeerdelik waargeneem word. Dit is vir hierdie skrywers nodig dat temperamentstyle juis in hierdie ontwikkelingstadium (skooltoetrede) bepaal word, om te kan onderskei watter temperamentstyle aangeleer is en watter aangebore is. Die navorser is van mening dat die ouers die kind moet begelei om uit sy aangebore temperament te reageer. Die middelkinderjare is vir die doeleindes van hierdie studie benut, aangesien 'n kind se genetiese profiel reeds op vyf jaar duidelik sigbaar is en op nege vasgelê is en omdat die sewejarige kind

homself kan definieer en akkuraat kan beoordeel. Hy ontwikkel nou 'n konsep van hoe hy is (ware self) en ook van hoe hy graag wil wees (ideale self) (Louw *et al,*. 2001:348).

Dit blyk uit die literatuur dat daar 'n leemte in die navorsing is oor die invloed wat verskillende temperamentstyle op 'n spesifieke ouderdomsgroep het. Hierdie kan as bykomende rede dien waarom temperamenttipes nie aan 'n spesifieke ouderdomsgroep gekoppel word nie, aangesien daar beperkte literatuur en navorsing daaromtrent bestaan. Die verskillende temperamenttipes gaan dus nie verbind word aan die ontwikkelingsaspekte van die middelkinderjare kind nie. Verskeie skrywers stel dit duidelik dat temperament wel 'n invloed het op die kinders se ontwikkeling in die algemeen (Louw *et al.,* 2001:212 ; Campbell, 2003:16).

### 5.3.1 Moment: Ken my eie en my kind se temperament

Die kind se unieke temperament kan geïntegreer word by die gestaltbeginsel van holisme, soos beskryf by 4.4.4.1. Om die ouers bewus te maak van hulle kinders se unieke leefwêreld en hulle eie innerlike prosesse, kan hulle gevra word om tydens die werkswinkel as groepsaktiwiteit 'n "toring te bou" (vergelyk sessie 1A) en daarna 'n "eiland te bou" (vergelyk sessie 1B en sessie vier).

## 5.4 DIE KIND SE TEMPERAMENT EN OUERSKAP

Die doel van hierdie navorsingstudie is om 'n program te ontwikkel waar ouers bemagtig word met kennis oor hoe om hulle unieke kind se temperament te verstaan en daarteenoor te reageer. Ouerskap is kompleks en vir baie ouers 'n moeilike taak. Daar is hedendaags'n magdom van boeke, artikels en ander leesstof oor ouerskap. Baie ouers poog om dit wat hulle in boeke lees of wat hulle hoor toe te pas, dikwels met negatiewe gevolge.

Die mislukking is nie geleë in die inligting wat ouers lees of dit wat hulle hoor nie, maar in die manier hoe hulle in verband staan met hulle kinders en met hulle kinders bind. Die meeste van die kind se tyd word in die skool by die onderwysers, vriende, bure, kerk en die media deurgebring, wat die kind dan ook grootliks beïnvloed. Dit is

weens hierdie rede dat ouers ervaar dat ongeag hoe goed hulle in hulle taak as ouers is, hulle poging slegs ‘n minimale invloed op die kind het (Campbell, 2003:15). Die kind se ouerhuis bepaal sy geluk, sekuriteit, hoe stabiel die kind is, hoe hy met ander volwassenes en kinders oor die weg kom en hoeveel selfvertroue die kind in homself het.

Die tweede grootste invloed op die kind se ontwikkeling is sy temperament (Campbell, 2003:16). Louw *et al*. (2001:355) meen ook dat die kind se temperament ‘n invloed het op sy ontwikkeling en ook op ouerskap. Temperament verklaar volgens die skrywer, waarom sommige kinders makliker is as ander om groot te maak, waarom sekere kinders makliker hanteerbaar is as ander en waarom kinders in dieselfde huishouding of in min of meer dieselfde omstandighede van mekaar verskil. Temperament is volgens Kurcinka (1998:27) soos om ‘n x-staal van die kind te neem. Dit help die ouer om te verstaan wat binne die kind aangaan, sodat daar ‘n beter begrip is van hoe hy teenoor die wêreld reageer en die rede vir hierdie reaksie.

Eers wanneer ouers die redes agter die kind se reaksies verstaan, kan die ouers leer om hulle kinders beter te verstaan. Daar bestaan volgens Bornstein (2004:304) vyf veranderlikes wat die verhouding tussen temperament en ouerskap beïnvloed. Hierdie veranderlikes kan soos volg uiteengesit word:

- Die eerste veranderlike is dié van direkte verbindings. Die aanpasbare, maklik om-tevrede-te-stel of sosiale kind lok gewoonlik warm en deelnemende ouerskap uit. Geïrriteerde, veeleisende of kinders wat hulleself onttrek, lok gewoonlik onttrekking en beperkte kontak by ouers uit. Die teenoorgestelde is ook waar: ouers wat warm en deelnemend is, kan aanleiding gee tot vermindering van die uitdrukking van negatiewe emosionaliteit by kinders en inkonsekwente, afsydige ouers kan hierdie emosie vererger. (Vergelyk Gallagher, 2002:624.) Die navorser is van mening dat die verhouding tussen ouerskap en temperament interafhanklik is en dat die twee konsepte, naamlik ouerskap en temperament, mekaar wedersyds beïnvloed.

- Die tweede veranderlike dui op die kind se ouderdom. Bornstein (2004:305) is verder van mening dat moeders van babas wat geneig is tot angstigheid, geneig is

om meer betrokke te wees en aandag te skenk aan hulle babas, maar dat hulle nie daarmee volhou nie. ‘n Soortgelyke studie wat Maccoby, Snow en Jacklin in 1984 gedoen het, word deur Bornstein (2004:305) bespreek: Hierdie navorsers het bevind dat moeders van seuns van ongeveer agtien maande oud wat geneig was om ‘n moeilike temperament te hê, getoon het dat hulle nie hulle seuns kan hanteer nie en minder by hulle betrokke is in vergelyking met toe hulle een jaar oud was.

- Die derde veranderlike is geslag wat toon dat daar ‘n verskil is tussen die hantering van ouers met seuns en dogters. Ouers is geneig om, volgens Bornstein (2004:305), seuns en dogters met dieselfde temperament verskillend te hanteer. ‘n Studie wat gedoen is deur Crockenberg en Smith in 1982, in Bornstein (2004:305), het bevind dat moeders meer uitreagerend is teenoor liggeraaktheid wat by dogters voorkom as dié teenoor seuns.

- ‘n Vierde veranderlike is dié van moederlike karaktertrekke. Die karaktertrek van die moeder het ‘n invloed op die kind se temperament. Moeders wat geneig is om baie angstig te wees, is geneig om minder selfvertroue te hê as minder angstige moeders. ‘n Moeder met min selfvertroue is geneig om ‘n kind met ‘n moeilike temperament met min warmte en sensitiwiteit te hanteer. Die skrywer konstateer dat kinders met sekere temperamente meer geneig is om beïnvloed te word.

- Die laaste veranderlike is dié van sosiale en kulturele faktore. ‘n Navorsingstudie van Crockenberg en McCluskey in 1985 het bevind dat die babas van moeders met min of geen sosiale ondersteuning meer liggeraak en geïrriteerd was. Hierdie moeders was minder sensitief teenoor hulle babas. Daar is ‘n verband tussen hulle kultuur en dit wat ouers glo oor die temperamente van hulle kinders. Dit is duidelik dat daar sekere kulture is waar ouers dit nie nodig korrek vind om hulle ouerskapstyl by hulle kinders se temperament aan te pas nie. Bornstein (2004:307) maak die gevolgtrekking dat daar nie ‘n enkele veranderlike is wat alleen ‘n invloed het op temperament en ouerskap nie. Hierdie skrywer is verder van mening dat die vermoë van ouers om aan te pas by hulle kinders se temperamenttrekke, verband hou met ouers se eie psigologiese karaktertrekke,

soos die sin vir geskiktheid in die ouerlike rol, stres en spanning wat ouers ervaar en eksterne ondersteuning wat ouers kry.

### 5.4.1 Moment: Ken my eie en my kind se temperament

Die kind se temperament en ouerskap kan geïntegreer word by die moment "ken myself as ouer" en "my kind se unieke temperament". Die moment kan dus geïntegreer word met die teoretiese beginsels van die gestalt teoretiese beginsel van holisme soos beskryf by 4.4.4.1. Die verskeie veranderlikes wat die verhouding tussen temperament en ouerskap beïnvloed, is kan tydens die werkswinkel (vergelyk sessie vier) as agtergronginligting aan die respondente verduidelik.

## 5.5 VOORVEREISTES VIR OUERSKAP

Die belangrikste verhouding binne 'n gesin is die huweliksverhouding. Hierdie verhouding word belangriker geag as die ouer-kind-verhouding. Die kwaliteit van die band tussen ouer en kind hang grootliks af van die verhouding tussen man en vrou. Daar is 'n verskil tussen kognitiewe kommunikasie en emosionele kommunikasie.

Persone wat primêr geneig is tot 'n voorkeur vir kognitiewe analitiese denke is hoofsaaklik ingestel op feitelike data wanneer hulle 'n behoefte het om 'n probleem op te los. Hierdie persone is gewoonlik ongemaklik met die bespreking en besit van gevoelens. Die navorser is van mening dat daar temperamenttipes is wat hoofsaaklik meer op feite ingestel is, teenoor temperamenttipes wat meer op emosies ingestel is. Die temperamenttipe wat op feite, logika en kritiese denke ingestel is, is die persone wat linkerhemisferiese voorkeur verkies, soos bespreek by 2.9.3. of die D- en C-temperamenttipe volgens die DISC-model soos bespreek by 3.6.2.1 en 3.6.2.4.

Emosionele kommunikasie is waar individue meer ingestel is op emosies. Hierdie individue is geneig om oor emosies te praat en so probleme op te los. Geen persoon is geheel en al kognitief of totaal emosioneel nie. Die navorser is van mening dat die temperamenttipe wat geneig is om hulle emosies uit te druk ooreenstem met die regter hemisfeer, soos bespreek by 2.9.2 en die I-temperamenttipe van die DISC-model soos bespreek by 3.6.2.2. Geeneen van hierdie temperamenttipes is reg of

verkeerd nie. Dis nodig dat elke ouer bewus moet wees watter vlak van kommunikasie hy verkies (Dinkmeyer & McKay, 1976:5). Die persoon wat kognitiewe kommunikasie verkies, word deur emosies beheer maar is gewoonlik nie bewus daarvan nie of onderdruk die emosies. ‘n Man se bereidwilligheid om ten volle verantwoordelik te wees vir sy gesin, is een van die grootste bates wat ‘n vrou en haar kinders kan hê. ‘n Man wat ten volle verantwoordelikheid neem vir sy gesin en liefde inisieer en oordra aan sy vrou en kinders, sal tot gevolg hê dat sy kinders en sy vrou veilig voel en optimaal funksioneer (Campbell, 2003:24). Optimale funksionering is die hoogste vlak van ontwikkeling wat ‘n mens kan bereik. Maslow noem dat behoeftes in ‘n hierargie gerangskik kan word. Hy noem persone wat die hoogste vlak van ontwikkeling bereik, selfgeaktualiseerders. Hy onderskei tussen twee vlakke van behoeftes, naamlik die laervlak behoeftes wat hy gebreksbehoeftes noem en die hoërvlak behoeftes wat hy groeibehoeftes noem. Die gebreksbehoeftes volgens Maslow bestaan uit fisiologiese behoeftes (voedsel), veiligheidsbehoeftes (fisiese veiligheid), aanvaardingsbehoeftes (om van mense in jou omgewing liefde te ontvang) en die behoefte aan agting en selfagting. Dit is nodig dat hierdie behoeftes gereeld bevredig moet word om die groeibehoeftesvlak te bereik (Meyer & Van Ede, 2001:70-71). (Vergelyk Moore, 2003:338.) Mans is meestal ingestel op die kognitiewe kommunikasie en vermy die emosionele kommunikasie, wat aanleiding gee tot ‘n gebrek aan kommunikasie - met negatiewe gevolge.

Indien ouers hulle eie en hulle kinders se temperament ken en verstaan kan dit ‘n invloed hê op die manier hoe hulle hulle kinders grootmaak. Die verhoogde begrip wat ouers vir hulle kinders het indien hulle bemagtig word met kennis oor hulle eie en hulle kinders se temperamente, kan daartoe bydra dat kinders makliker selfaktualisering bereik. Dit is die doel van die studie om ouers bewus te maak van hulle eie en hulle kinders se temperamentverskille.

## 5.6 KENNIS VAN EN BEGRIP VIR GEDRAG

Gedrag word deur die STEP-program gekonseptualiseer as ‘n persoon se persoonlikheid, gevoelens, belewenisse en ervarings wat tot uiting kom via sy gedrag (Dinkmeyer & Mckay, 1976:5). Deur middel van die persoon se gedrag, word die persoon se verhouding met sy medemens, die wêreld en homself sigbaar. Gedrag is

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


die manifestasie van 'n persoon se innerlike lewe. Dit wat hy doen, reflekteer die wyse waarop hy voel en dink. 'n Eie mening is dat temperament deel vorm van 'n persoon se gedrag.

Die STEP-program omskryf verskeie moontlike verklarings vir kinders se gedrag (Dinkmeyer & McKay, 1976:5). Sekere bekende verklarings van gedrag wat beskryf word is oorerwing, geslagstereotipering, temperament en die omgewing. Sekere eienskappe word oorgeërf, soos verstandelike vermoë en temperament. Geslagstereotipering dui daarop dat kinders grootword met die persepsie dat 'n sekere gedrag van seuns en 'n sekere gedrag van dogters verwag word, wat maak dat kinders op sekere maniere optree.

LaHaye (1994:4) voeg by dat 'n persoon se geslag 'n invloed het op sy temperament, spesifiek op die gebied van emosies. Dogters en vrouens neig oor die algemeen om meer emosioneel te wees as mans en seuns. Hoewel dogters en seuns of vrouens en mans dieselfde temperament kan hê, kan die mate van emosionele uitdrukking verskil.

Wangedrag word volgens die STEP-program beskryf as 'n verdedigingsmeganisme wat die kind openbaar en wat sy aanpassing strem. Simptome van afwykende gedrag by 'n kind moet gesien word as 'n noodkreet van die kind (Dinkmeyer & McKay, 1976:6). Die teenwoordigheid van sulke simptome dui op 'n onuithoudbare spanning tussen die kind en sy wêreld. Wangedrag kan in verband gebring word met onvoltooidhede uit die kind se verlede. (Vergelyk 4.4.4.4.)

Indien die kind se behoeftes nie deur sy omgewing bevredig word nie, is daar 'n wanbalans tussen die kind en sy omgewing. Mcdonnell en Beck (2001:417) is van mening dat indien die kind se temperamenttrekke nie ooreenkom met die omgewing se verwagtinge en eise nie, dit tot disharmonie met sy omgewing aanleiding sal gee. Hieruit kan gedragsprobleme ontstaan. 'n Eie interpretasie is dat die verskille wat tussen die kind se temperament en die omgewing se verwagtinge voorkom een van die redes kan wees waarom onvoltooidhede voorkom. (Vergelyk 4.4.4.4.)

Tabel 5.1 kan dui op die ontstaan van spanning wat, indien 'n persoon nie 'n manier kry om dit te hanteer nie, dit tot 'n onvoltooidheid aanleiding kan gee.

Hierdie voorstelling van en begrip vir die ontstaan en betekenis van onvoltooidhede is tydens die werkswinkel, soos geïntegreer by die onvoltooidheid as gestaltteoretiese beginsel, as deel van die ouerbemagtigingsprogram bespreek. (Vergelyk sessie vier, tabel 5.8). Die moontlike spanningsareas ten opsigte van die verskillende temperamentverskille tussen ouer en kind moet weer tydens die individuele terugvoeringsessie aandag geniet. (Vergelyk sessie vyf, tabel 5.8.)

**Tabel 5.1: Identifisering van moontlike spanningsareas wat kan lei tot onvoltooidhede.**

**Ander persoon**

| **Jy is 'n:** | **D** | **I** | **S** | **C** |
|---|---|---|---|---|
| **D** | Jou geneigdheid om 'n situasie te probeer beheer kan jul vryheid en beheer, oor die situasie laat afneem | Jou soeke na resultate saam met 'n gebrek aan besorgdheid vir 'n motiverende omgewing | Die feit dat jy nie genoeg tyd neem om te luister nie. Jou prioriteit van tyd bo verhoudings | Jou neiging om te vinnig te vinnig te wees en nie deeglik genoeg nie. |
| **I** | Jou gebrek aan 'n fokus op resultate. Die feit dat jy te emosioneel en praterig is | Jou behoefte om in die kalklig te wees, veral as dit sigbaarheid laat kwyn | Die gebrek aan diepte in sommige verhoudings. Die spoed waarteen jy besluite neem | Die feit dat jy nie genoeg aandag aan besonderhede gee nie. Jou impulsiwiteit |
| **S** | Jou teensinnigheid om te verander en jou neiging om soms besluiteloos te wees | Jou stadige pas en gebrek aan entoesiasme | Die gebrek aan inisiatief wat jy toon, veral as dit beteken dat ander moet inisieer | Jou mensefokus, eerder as 'n analitiese benadering tot take |
| **C** | Jou stadige en meer metodiese pas. Jou laerisiko-oriëntasie | Jy gee te veel aandag aan besonderhede. Jou gebrek aan spontaneïteit | Jou neiging om nie te laat weet hoe jy voel nie | Jou behoefte om meer reg of korrek te wees as wat ander is |

Walk thru the Bible (1999:35)

Indien ouers nie hulle kinders se behoeftes wat die kinders uit hulle temperamenttipe ervaar, verstaan nie kan dit tot onvoltooidhede lei. Indien die kind se behoeftes nie deur sy omgewing bevredig word nie, is daar 'n wanbalans tussen die kind en sy omgewing. Die kind toon verdedigingsmeganismes in 'n poging om die wanbalans te herstel, wat lei tot die ontstaan van onvoltooidhede. Campbell (2000:12) sluit hierby aan en stel pro-aktiewe ouerskap voor, wat hoofsaaklik daarop dui dat ouers reageer op dit wat die kind benodig. Pro-aktiewe ouerskap verskil van reaktiewe ouerskap deurdat reaktiewe ouerskap daarop dui dat ouers reageer op dit wat kinders doen, dus hulle gedrag. Die doel van pro-aktiewe ouerskap is dat ouers ingestel moet wees op kinders se behoeftes. Ouers moet dus bewus wees van hulle kinders se behoeftes en ook die behoeftes ten opsigte van hulle temperamenttipes. Ouers en kinders moet bewustheid van behoeftes en onvoltooidhede hê, om so gesonde organismiese selfregulering tot gevolg te hê. (Vergelyk 4.4.4.2.)

Temperament is een verklaring vir gedrag wat deur die STEP-program (Dinkmeyer & McKay, 1976:5) as belangrik beskou word. Hoewel die ander aspekte vir die verklaring van gedrag ook belangrik is, word die klem op temperament geplaas. Soos in 2.3.3 bespreek, dui temperament op die geneigdheid om op 'n sekere manier op te tree. Temperament gaan oor die "hoe" van gedrag. 'n Eie mening is dat indien ouers bemagtig word met kennis oor hulle kinders, dit kan bydra dat hulle pro-aktief sal optree.

### 5.6.1 Moment: Ken my kind se temperament

Indien hierdie kennis en begrip van kinders se gedrag geïtegreer word as moment (ken my kind se temperament) van die ouerbemagtigingsprogram, is dit nodig om die ouers se temperamenttipe te bepaal deur die gestandaardiseerde DISC-temperamentanalise te voltooi. (Vergelyk sessie twee). Die kinders se geneigdheid tot 'n temperament kan bepaal word deurdat die ouers die temperamentkontrolys voltooi (vergelyk 5.23) en die kinders by twee groepassesseringsessies ingeskakel word waar die terapeut hulle geneigdheid tot 'n temperamenttipe kan bepaal. (Vergelyk sessie een, tabel 5.8.)

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


## 5.7 BEGRIP VIR KIND SE WANGEDRAG

Kinders toon wangedrag as gevolg van die feit dat hulle aandag soek. Kinders het 'n behoefte aan liefde, warmte en toegeneentheid. Wanneer hierdie behoefte nie bevredig word nie, ontstaan een of ander vorm van onaanvaarbare gedrag (Van Niekerk, 1990:33). Die redes vir onaanvaarbare gedrag is aandag, mag, vergelding en vertoon van onvermoë. Dit is nodig om na die verklarings van gedrag te kyk ten einde 'n beter begrip te ontwikkel vir die ouers en vir die kind. Daar is verskeie aspekte wat van belang is om gedrag te begryp en te verklaar. Dit dui dus op moontlike redes waarom dit vir kinders nodig is om wangedrag te toon. Hierdie aspekte kan soos volg verduidelik word:

- **Gevoelens en emosie:** Gevoelens is 'n integrale deel van elke individu se gedrag en het 'n invloed op elkeen se verhoudings. Elkeen se gevoelens hou verband met sy siening van homself en dit wat hy wil bereik. 'n Eie mening is dus om die kind en ouers te begelei om bewus te word van hulle eie emosie. Hulle siening van hulleself kan bevorder word deur hulle bewus te maak van hulle temperamente
- **Lewenstyl en lewensiening:** Van kleins af in die kind se lewe word beskouings gevorm oor wie hy is, hoe ander persone is, wat belangrik is in die lewe en hoe hy moet optree om aanvaar te word. Daar is egter verskeie faktore in die gesin wat die kind se beskouing beïnvloed. Hierdie faktore is onder andere, die gesinsatmosfeer en waardes, geslagsrolle, gesinsamestelling en die ouers se voorbeeld. Die gesinsatmosfeer dui op die verhouding wat deur die ouers en kinders gehandhaaf word. Die atmosfeer kan wedywerend of samewerkend wees, vriendelik of vyandig, outokraties of permissief en ordelik of chaoties.

  Gesinswaardes is dit wat vir die gesin wenslik en nuttig is, en dit waarin hulle glo dat dit hulle lewens verbeter en gelukkig maak. Indien die ouers of kinders atletiese, musikale of akademiese talente het, mag die ontwikkeling en aktiewe beoefening hiervan deels as gevolg van 'n gesinswaarde wees.

  Geslagsrolle is die wyse waarop die ouers hulle manlike of vroulike rolle in die gesin uitleef. Dit het 'n invloed op die kinders. Die kinders kan die pa en ma wat die rolle van man en vader, vrou en moeder behels, uitken. Kinders is geneig om

hulle houdings teenoor hulle eie geslag en teenoorgestelde geslag soos dit deur hulle ouers aangebied word, te aanvaar of te verwerp, afhangend van die aard van die verhouding tussen die ouers en kinders.

Die gesinsamestelling dui daarop dat elke kind ‘n definitiewe posisie in die gesin het en hy/sy neem die gebeure uit sy posisie waar. Die oudste kind beskou dinge anders as die jongste. Om die kinders se gedrag te beïnvloed, moet gelet word op die posisie van elke kind in die gesin. Die navorser is van mening dat ook op die kind se temperament gelet moet word omdat temperament ‘n invloed het op die kind se gedrag. Die ouers se houding en gedrag verwys daarna dat die ouers se voorbeeld ‘n belangrike invloed op die kind se gedrag uitoefen. Ouers kan konsekwent, outokraties, permissief, demokraties of inkonsekwent wees of fluktureer tussen die houdings en optredes. Elke temperament kan verbind word aan ‘n ideale omgewing; en dit sal dus nodig wees om ouers te begelei om hierdie ideale omgewing ten opsigte van hulle kinders te ontdek.

- **Goeie ouer:** Een van die grootste foute wat ouers maak is om “goeie” ouers te wees. Hierdie tipe ouers sal geen steen onaangeroer laat om oor elke beweging van hulle kinders toesig te hou nie. Hierdie ouers beroof hulle kinders van selfvertroue en selfstandigheid. Hulle neem die verantwoordelikheid vir alles wat hulle kinders doen. Hulle glo dat hulle kinders se gedrag ‘n refleksie is op hulle vaardigheid as ouer (Van Niekerk, 1990:30-34).

### 5.7.1 Moment: Begrip vir die kind se gedrag en wangedrag

Die navorser is van mening dat die moment uit hierdie literatuurstudiegedeelte, naamlik om die kind se gedrag en wangedrag te verstaan en te begryp, geïntegreer kan word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van onvoltooidheid, soos beskryf by 4.4.4.4. (Vergelyk sessie vier, tabel 5.8.)

## 5.8 BOUSTENE VIR ‘N POSITIEWE OUER-KIND-VERHOUDING

Volgens die STEP-program, sal geen tegnieke effektief wees indien ouers nie tyd spandeer aan pogings om ‘n positiewe verhouding met hulle kinders te bou nie (Dinkmeyer & MacKay, 1976:6). Die STEP-program bespreek vier boustene vir ‘n

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


positiewe verhouding tussen kinders en ouers. Die boustene kan soos volg uiteengesit word:

- **Wedersydse respek**: Respek moet verdien word. Respek kom wanneer die ouer begin om respek aan ander te wys. Dit blyk dat die ouers rolmodelle moet wees ten opsigte van respekbetoning. Deur middel van hulle gedrag modulleer hulle aan hulle kinders wat respek is. Campbell (2000:15) verwys na die bousteen wedersydse respek as die bevrediging van die emosionele en versorgingsbehoeftes van kinders ‘n Eie interpretasie is dat die ouers bewus moet wees van hulle eie proses (dus temperament), ten einde te weet wat hulle nodig het om as rolmodelle op te tree.
- **Tydsbestuur**: Die huidige tyd vereis dat elkeen in ‘n gesin besig moet wees, wat daartoe lei dat kosbare gesinstyd vir saamwees verlore gaan. Hierdie tyd vir saamwees verwys na kwaliteittyd eerder as kwantiteittyd. ‘n Eie interpretasie is dat indien ouers kennis het van hoe om kontak te maak uit hulle eie temperament en dié van hulle kinders, dit hierdie kwaliteittyd kan verhoog. Hierdeur kan die ouer die kind beter verstaan en die saamweestye beter benut. Die wyse waarop ‘n ouer met hulle kind kontak maak se temperament is in 3.6.2.1, 3.6.2.2, 3.6.2.3 en 3.6.2.4 bespreek. ‘n Eie mening is dat kinders se temperament moontlik ‘n invloed kan hê op hoe die ouers tyd saam met hulle spandeer. Soos bespreek in 3.6.2.1 is die D-temperamenttipe kind geneig om onafhanklikheid te verkies en om op hulle eie te werk (vergelyk tabel 3.6). Die I-temperamenttipe kind, soos bespreek in 3.6.2.2, verkies ten alle tye om in ander se geselskap te wees en hou nie daarvan om alleen te speel nie. Die S-temperamenttipe kind, soos bespreek in 3.6.2.3 is geneig om persoonlike, opregte aandag te verlang. Die C-temperamenttipe kind, soos bespreek in 3.6.2.4 is geneig om in ‘n omgewing te wil wees waar hy kan analiseer en self kan besluit. Temperamente het dus ‘n invloed op die gehaltetyd wat ouers aan hulle kinders spandeer.
- **Aanmoediging en aanvaarding**: Vir kinders om aanvaarding te beleef, is dit nodig om voortdurend aangemoedig te word. ‘n Samewerkende verhouding hang af van hoe die kinders oor hulleself en hulle ouers voel. Die navorser is van mening dat ouers kennis moet hê van hoe om hulle kinders te motiveer en dat hierdie motivering by elke temperamenttipe moet pas. Elke individu kan

gemotiveer word na aanleiding van sy temperament, soos bespreek in hoofstuk drie.

- **Liefde**. Dis nodig dat ouers liefde teenoor hulle kinders moet wys deur woorde en optrede. Die STEP-ouerleidingprogram stel dit duidelik dat liefde nie net verbaal nie, maar ook nie-verbaal gewys moet word (Dinkmeyer & McKay, 1976:5-7; Van Niekerk, 1990:33). Hierdie liefde kan ooreenstem met die liefdestale wat aan elke kind gekommunikeer word.

Konstante uitdrukking van liefde kan as die basis van effektiewe ouerskap beskou word (Campbell, 2000:12). Dit maak nie saak dat die uitdrukking van plek en tyd verskil nie, wat wel saakmaak is dat die ouers kinders se behoeftes bevredig en dat die kind moet voel hy word onvoorwaardelik aanvaar. Meeste ouers het hulle kinders lief, maar druk hulle liefde vir hulle kinders op wyses uit wat nie betekenis het vir die kinders nie. Die enigste fondasie van 'n verhouding, en veral die verhouding tussen ouer en kinders, is onvoorwaardelike liefde en aanvaarding. Onvoorwaardelike aanvaarding en liefde is om lief te hê en te aanvaar ongeag "enigiets". Hierdie "enigiets" sluit in ongeag sy sterk en swak punte, tekortkominge en verwagtinge en hoe die kind optree (Campbell, 2003:28; Smalley, 1992:51).

Voorwaardelike liefde en aanvaarding van ouers kan nie aan 'n kind aanvaarding, liefde en versorging gebaseer op die kind, voorsien nie. Dit fokus op gedrag eerder as op die kind. 'n Eie interpretasie is dat voorwaardelike aanvaarding en liefde op dit fokus wat die kind doen, dus sy gedrag. Onvoorwaardelike liefde is volgens Chapman en Campbell (1997:17), liefde wat 'n kind aanvaar en bevestig vir wie hy is en nie vir wat hy doen nie. Sonder die basis van onvoorwaardelike aanvaarding en liefde. is dit vir ouers onmoontlik om hulle kind se gedrag te verstaan. Die navorser is van mening dat indien ouers nie hulle kinders onvoorwaardelik aanvaar en liefhet nie, dit dus onmoontlik is om hulle kinders se temperamente met hulle swak punte te verstaan.

Voorwaardelike liefde word dus gebaseer op prestasies (Chapman & Campbell, 1997:17). Campbell (2003:31) is van mening dat onvoorwaardelike liefde met 'n lig vergelyk kan word. Dit is 'n aanwysing van waar die kind is en hoe die kind

reageer en verstaan wat die kind se behoefte is. Campbell (2003:32) noem riglyne om ouers te help om hulle kinders onvoorwaardelik lief te hê en te aanvaar. Die riglyne is onder andere, dat ouers moet weet dat dit net kinders is, hulle gaan reageer soos kinders. Meeste kinderagtige gedrag is onaangenaam, en indien die ouer die kind liefhet ongeag sy kinderagtige gedrag, sal die kind geneig wees om hierdie gedrag op te gee. Indien ouers hulle kinders net liefhet wanneer hulle doen wat die ouers verwag en om die ouers tevrede te hou voel hulle nie onvoorwaardelike liefde nie. Ouers wat hulle kinders onvoorwaardelik liefhet en aanvaar, sal tot gevolg hê dat kinders goed voel oor hulleself. Onvoorwaardelike liefde word onvoorwaardelik aan die kind weerkaats en voorwaardelike liefde word voorwaardelik aan die kind weerkaats (Campbell, 2003:35).

Kinders vra of ouers hulle liefhet deur middel van hulle gedrag (Campbell, 2003:34). Weens kinders se gebrek aan emosionele en intellektuele volwassenheid, gebruik hulle onaanvaarbare maniere om hulle behoeftes te bevredig, soos om hulle aggressie op destruktiewe maniere uit te druk (Blom, 2004b:18). Die navorser is van mening dat kinders deur middel van hulle gedrag vra wat hulle benodig. Deur ouers se gedrag, word die behoeftes van kinders bevredig. Campbell (2003:34) meen dat ouers alleenlik deur hulle gedrag, hulle kinders se behoeftes kan bevredig indien die verhouding gegrond is op onvoorwaardelike liefde. Kinders is nog onvolwasse en beskik nie oor die verbale taal om hulle uit te druk nie. Hulle ken nie emosionele taal nie, wat die moontlike verklaring is waarom kinders deur hulle gedrag praat. Ouers moet emosionele taal aan hulle kinders leer.

Campbell (2000:15-17) voeg 'n verdere bousteen by dié van die STEP-program, naamlik dat ouers kinders fisies en emosioneel moet beskerm (Dinkmeyer & MacKay, 1976:6-9). Dit is ouers se verantwoordelikheid om kinders teen fisiese en emosionele skade te beskerm, weens die negatiewe beïnvloeding. Hierdie veiligheid en sekuriteit stem ooreen met Maslow se gebreksbehoeftes waaraan ouers moet voldoen as 'n poging om kinders te begelei na selfaktualisering (Meyer & Van Ede, 2001:70-71).

Soos blyk uit die literatuurstudie, bestaan die boustene vir die ouer-kind-verhouding daaruit dat indien ouers hulle kinders onvoorwaardelik liefhet, hulle hul kinders se fisiese en emosionele behoeftes eerste sal stel. Met onvoorwaardelike liefde kan

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


ouers hulle kinders dissiplineer en korrek modelleer. Onvoorwaardelike aanvaarding en liefde is volgens die navorser, die basis van die boustene van ‘n ouer-kind-verhouding.

**5.8.1. Moment: Boustene vir ‘n positiewe ouer-kind-verhouding**

Die boustene vir ‘n positiewe verhouding tussen ouers en kinders kan as moment beskou word in die bemagtigingsprogram en geïntegreer word by die gestaltteoretiese beginsel van homeostase/organismiese selfregulering. (Vergelyk 4.4.4.2.) (Vergelyk sessie vier, tabel 5.8.) Indien die ouer en die kind ‘n positiewe verhouding het waar ouers ingestel is op die kinders se behoeftes, sal daar homeostase wees. Dit is die rede waarom hierdie moment by die beginsel geïntegreer kan word.

## 5.9 FAKTORE WAT DIE OUER-KIND-VERHOUDING POSITIEF BEÏNVLOED

Daar bestaan ses faktore wat die ouer-kind verhouding positief beïnvloed volgens die Van Niekerk (1990:38-39) en kan soos volg uiteengesit word:

- Die eerste faktor is om die kinders te aanvaar soos hulle is. Die mening word gehuldig dat hierdie eerste faktor ooreenkom met onvoorwaardelike aanvaarding. Onvoorwaardelike liefde is nie afhanklik van aspekte soos kinders se prestasies, ouderdom, gewig en foute nie. Dit beteken “ek is lief vir my kind, ongeag enigiets” (Campbell, 2003:28).
- Die tweede faktor is om klikkers (skinderpraatjies) te ignoreer. Ouers probeer soms om skinderpraatjies stop te sit deur te sê dat hulle nie verder daarin belangstel nie. Hierdie benadering is egter nie effektief nie. Dis belangrik dat ouers die kinders bewus moet maak van hulle gevoelens en geleentheid gee om te luister.
- Die derde faktor is om positief te wees. Dit is nodig dat ouers op hulle kinders se positiewe eienskappe fokus. ‘n Eie mening is dat ouers die sterk punte en beperkinge van hulle kinders se temperamenttipes (soos bespreek in hoofstuk drie) van kennis moet dra, om sodoende begrip te hê waarom hulle kinders op ‘n bepaalde wyse optree.

- Die vierde faktor is om in kinders te glo sodat hulle in hulleself kan glo, en ook ingestel te wees op hulle sterk punte en op hulle beperkinge.
- Die vyfde faktor is om op die kinders se pogings te konsentreer, eerder as op die prestasie. ‘n Eie interpretasie is dat indien ouers net op die kinders se prestasie ingestel, die kinders moontlik die boodskap kan kry dat hulle moet presteer alvorens hulle aanvaar word. Dit dui weer op voorwaardelike aanvaarding.
- Die sesde faktor is om erkenning en aanmoediging te gee eerder as om te prys. Om te prys veronderstel kompetisie, en word gegee wanneer daar gewen word. Die ouers wat prys, sê eintlik “Wanneer jy iets doen wat ek aanvaarbaar vind, sal jy vergoed word deur lof van my.” Lof is ‘n poging om kinders deur middel van eksterne vergoedings te motiveer. Erkenning daarenteen, word gegee vir ‘n poging. Dit fokus op die kind se vermoëns en pogings as ‘n manier om by te dra tot almal se voordeel. Die ouer probeer dus om die kind innerlik te motiveer (Van Niekerk, 1990:26-38).

### 5.9.1 Moment: Faktore wat die ouer-kind-verhouding positief beïnvloed

Die ses faktore wat die ouer-kind-verhouding positief beïnvloed, kan as moment geïdentifiseer word. Hierdie moment kan met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van homeostase geïntegreer word, soos uiteengesit in 4.4.4.2. Indien die verhouding tussen ouer en kind versteur word, kan dit daartoe lei dat die kind sowel as die ouer nie in ewewig is nie. Die kind en/of die ouers sal moontlik geneig wees om hulle temperament aan te pas by hulle omgewing, wat tot onvoltooidhede kan lei. Die kind en/of die ouers sal dan optree uit hulle persoonlikheid en nie uit hulle aangebore temperament nie. (Vergelyk 2.3.1.)

## 5.10 HOE WYS ‘N OUER SY LIEFDE VIR SY KIND?

Emosionele behoeftes moet bevredig word deur liefde en begrip (Campbell, 2000:42). Dit wil voorkom of elke persoon se emosionele behoeftes op ‘n eiesoortige unieke manier bevredig moet word. Fisiese behoeftes, net soos ander behoeftes, is dikwels makliker om waar te neem en dikwels ook makliker om te bevredig. Dit is egter emosionele behoeftes wat lewensverandering teweeg kan bring. Kinders se behoefte

aan liefde kan beskou word as die basis van alle ander behoeftes (Chapman & Campbell, 1997:15). Maslow, in Meyer en Van Ede (2001:71) onderskei tussen twee vlakke van behoeftes, naamlik ‘n laer vlak wat as gebreksbehoeftes bekend staan en ‘n hoër vlak wat as groeibehoeftes bekend staan. Die gebreksbehoeftes staan ook as die basiese behoeftes bekend. Dié behoeftes moet eers bevredig word alvorens die groeibehoeftes bevredig word. Die groeibehoeftes staan as die behoefte aan selfaktualisering bekend. Aanvaardingsbehoeftes wat dui op liefde wat ‘n individu van sy omgewing ontvang, staan as een van die basiese behoeftes bekend. Die navorser is van mening dat die aanvaardingsbehoeftes moontlik verband hou met emosionele behoeftes wat ‘n individu ervaar. (Vergelyk Moore, 2003:337.)

Hierdie emosionele behoeftes kan vergelyk word met ‘n emosionele tenk. Hoe voller die emosionele tenk, hoe positiewer is die kind en kan die kind sy volle potensiaal bereik. Die kind se gedrag dui die status van die tenk aan (Campbell, 2003:35). ‘n Emosionele tenk is die plek van emosionele krag wat die kind van brandstof kan voorsien om uitdagings die hoof te bied. Die enigste manier hoe ouers hulle kinders se emosionele tenks kan vol hou is deur onvoorwaardelike liefde en aanvaarding (Chapman & Campbell, 1997:17).

‘n Eie interpretasie is dat elke kind afhangend van sy temperament, unieke emosionele behoeftes het wat deur sy ouers bevredig moet word. Die mate waartoe ouers aan die emosionele behoeftes voldoen wat verband hou met hulle temperamente, sal bydra dat kinders uit hulle basiese temperamenttipe optree. Dit sal dus nie vir die kinders nodig wees om hulle temperamente aan te pas by hulle omgewing nie. ‘n Verdere eie mening is dat indien ouers hulle kinders se emosionele behoeftes verstaan ten opsigte van hulle temperamente, dit kan bydra tot ‘n “goodness to fit” omgewing.

‘n Kind met ‘n D-temperamentstyl volgens die DISC-model, se grootste emosionele behoefte is om uitdagings te hê en in beheer te wees (Rohm, 1998:35). Boyd (2004:Bylaag B) voeg by dat die behoeftes van ‘n D-temperamenttipe verandering, keuses en direkte antwoorde is. Indien ouers aan hierdie kind genoeg beheer gee, sal hierdie kind se emosionele tenk vol bly. ‘n Kind met ‘n I-temperament volgens die DISC-model se behoefte is om erken en aanvaar te word. Hierdie kind is geneig om

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


sy emosies uit te druk (Rohm, 1998:60). Boyd (2004:Bylaag B) voeg by dat die behoeftes van 'n I-temperamenttipes as pret-aktiwiteite en vryheid van detail is. Indien ouers aan hierdie kind genoeg erkenning en aanvaarding gee, sal dit meebring dat sy emosionele tenk vol bly.

Die S-temperamenttipe kind volgens die DISC-model, se behoefte is waardering. Hierdie kind het 'n behoefte daaraan om benodig te word deur iemand anders (Rohm, 1998:81). Boyd (2004:Bylaag B) voeg as die behoeftes van 'n S-temperament by stabiliteit en tyd om aan te pas. Deurdat ouers aan hierdie kinders se behoefte aan waardering aandag gee, sal dit daartoe lei dat die kinders se emosionele tenk vol bly.

Die C-temperamenttipe kind volgens die DISC-model, se emosionele behoefte is aan reg korrektheid en kwaliteitwerk (Rohm, 1998:99). Boyd (2004:Bylaag B) voeg feite-inligting en genoegsame tyd om te analiseer, as verdere behoeftes van die C-temperament by.

Ouers het nodig om te weet wat hulle kinders se emosionele behoeftes is, om so hulle emosionele tenks vol te hou. Elke persoon se emosionele behoeftes kan bevredig word deur 'n eiesoortige liefdestaal. Elke persoon het dus 'n spesiale manier hoe hy liefde waarneem. Daar bestaan vyf liefdestale waardeur ouers aan hulle kinders kan wys dat hulle hul onvoorwaardelik aanvaar en liefhet. Dit is nodig dat ouers met hulle kinders kontak maak op 'n manier wat die kinders verstaan (Chapman & Campbell, 1997:20). Hierdie liefdestale kan soos volg bespreek word:

### 5.10.1 Liefdestaal nr. 1: Fisiese aanraking

Drukkies, soene en gepaste aanraking is belangrik om kinders se emosionele tenk vol te hou (Chapman & Campbell, 1997:32-36). 'n Eie interpretasie is dat die kind se temperament kan bepaal watter liefdestaal hy verkies. Dit is dus nodig vir ouers om hulle kind se temperament te verstaan, om te weet watter manier van kontak hulle met hulle kind kan maak en om te wys dat hulle hul kind onvoorwaardelik aanvaar en liefhet.
Fisiese straf as dissiplinemetode kan vir hierdie kinders wat fisiese aanraking as liefdestaal verkies, spanning veroorsaak (Chapman & Campbell, 1997:41). Fisiese

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


kontak sluit volgens Campbell (1997:47) nie net soene en drukkies in nie, maar enige vorm van aanraking.

'n S-temperamenttipe volgens die DISC-model, is geneig om warm te wees ten opsigte van hulle emosies. Hulle is op mense ingestel en verkies om lang verhoudings in stand te hou (Walk thru the Bible, 1999:21). 'n Eie interpretasie is dat hierdie temperamenttipe moontlik geneig sal wees om fisiese aanraking as liefdestaal te verkies. Die I-temperamenttipe volgens die DISC-model, is geneig om gedurig in ander se geselskap te wil wees. Sy emosies is geneig om emosioneel op en af te wees. Hierdie temperamenttipe se ideale omgewing is waar daar opwinding is en is geneig om groot gesigs- en handgebare te gebruik indien hy iets verduidelik (Walk thru the Bible, 1999:19). Die navorser is van mening dat hoewel hierdie temperamenttipe se emosionele behoefte erkenning is bestaan die moontlikheid dat hierdie temperamenttipe moontlik ook hierdie liefdestaal kan verkies.

### 5.10.2 Liefdestaal nr. 2: Woorde van bevestiging

Tydens kommunikasie word woorde as kragtig beskou. Woorde van toegeneentheid en liefkosing, woorde van lof en aanmoediging en woorde wat positiewe leiding veroorsaak, is belangrik vir persone wat hierdie liefdestaal verkies. Ouers se stemtoon en sagtheid van gemoed vorm deel van hierdie liefdestaal (Chapman & Campbell, 1997:46).

Piaget, 'n sielkundige van die twintigste eeu, het vier stadia beskryf waardeur 'n kind se denke ontwikkel (Louw *et al.,* 2001:73; Weiten, 2004:441). Volgens Piaget, betree die kind die kognitiewe ontwikkeling van die konkreet-operasionele denke tussen die periode sewe tot twaalf jaar (Vergelyk Meyer & Van Ede, 2001:83; Weiten, 2004:441). Die middelkinderjare kind se denke is dus konkreet, gevolglik erken die kind dit wat aangeraak, gesien en gehoor kan word. Die kind in hierdie stadium vind dit moeilik om te reageer op hipotetiese stellings wat nie op die realiteit gegrond is nie, aangesien dit nie konkreet gesien, gehoor en aangeraak kan word nie.

Liefde is 'n abstrakte konsep. Ouers moet dus hulle liefde vir hulle kind op 'n konkrete wyse uitdruk. 'n Voorbeeld om die kind deur woorde te wys dat hulle hom

onvoorwaardelik aanvaar en liefhet, is om met bedtyd vir hom ‘n storie te lees en vir hom ‘n woordeskat van liefdeswoorde aan te leer. Gebruik woorde om die kind te beskryf en verduidelik wat dit beteken om iemand lief te hê. Dit is vir ouers nodig indien hulle kind woorde as liefdestaal verkies om hulle waardering teenoor die kind uit te druk en die positiewe eienskappe van die kind te beklemtoon (Chapman en Campbell, 1997:46-48).

Die navorser is van mening dat daar ‘n moontlikheid bestaan om die liefdestaal van woorde in verband te bring met temperamenttipes. ‘n S-temperamenttipe volgens die DISC-model se behoefte is aan waardering en dié temperament word daardeur gemotiveer (Walk thru the Bible, 1999:26). Woorde as liefdestaal kan moontlik vir hierdie kinders van belang wees. Dieselfde geld vir ‘n C-temperamenttipe wat verkies om korrek te wees en kwaliteitwerk te lewer. Hierdie kind sal dus van sy ouers wil hoor dat hy reg is en kwaliteitwerk gelewer het. Die mening word verder gehuldig dat die D-temperamenttipe kind geneig is om in beheer te wil wees van die situasie en presies te sê wat hy dink. Dit sal dus nodig wees vir ouers van die D-temperamenttipe kind om moontlik deur middel van woorde vir hom die boodskap oor te dra dat hy toestemming het om in beheer te wees en te sy standpunt uit te druk.

### 5.10.3 Liefdestaal nr. 3: Kwaliteittyd

Vir party kinders is woorde nie genoeg nie en meet hulle hul ouers se liefde aan die tyd wat hulle saam spandeer. Indien die kind se emosionele tenk leeg is, is hy geneig om aandag te vra deur onaanvaarbare gedrag, in ‘n poging om sy ouers se tyd te kry. Die belangrikste faktor van kwaliteittyd is dat dit nie oor die gebeure self gaan nie, maar oor die feit dat ouers en kinders iets saam doen en om saam te wees. Kwaliteit tyd sluit oogkontak in (Chapman & Campbell, 1999:61-62). Campbell (2003:39) beskryf oogkontak as om direk in die oë van iemand anders te kyk. Ouers gebruik dikwels oogkontak met hulle kinders en gee ander boodskappe deur. Ouers maak dikwels slegs onder sekere omstandighede oogkontak met hulle kinders, soos wanneer hulle hulle kinders loof vir iets wat hulle bereik het.

‘n Eie interpretering is dat kinders met ‘n S- en I- temperamenttipe moontlik hierdie liefdestaal verkies. Albei temperamente is ingestel op mense en verkies interaksie

met mense (Walk thru the Bible, 1999:16,18). Die I-temperamenttipe kind is geneig om te verkies om nie alleen te wees nie en kan daarom van hierdie liefdestaal gebruik maak.

### 5.10.4 Liefdestaal nr. 4: Geskenke

Hierdie liefdestaal verkies om geskenke te gee en te ontvang. Hoewel alle kinders van geskenke hou, is die verskil daarin geleë dat die kinders wat 'n geskenk as liefdestaal verkies, verskillend sal reageer teenoor die ontvang van geskenke. Hierdie kinders het gewoonlik 'n spesiale plek in hulle kamer waar hulle die geskenke sit. Die idee is dat indien 'n geskenk verdien word, dit as betaling beskou word. 'n Ware geskenk moet nie as betaling beskou word nie. Dit moet eerder 'n uitdrukking van onvoorwaardelike aanvaarding wees. Dit dui daarop dat indien 'n ouer sy kind 'n roomys belowe indien hy sy kamer opruim, dit beskou word as 'n vorm van manipulasie en nie as 'n uitdrukking van liefde nie (Chapman & Campbell, 1997:76-79).

Hierdie liefdestaal van geskenke kan verbind word aan 'n temperament. 'n I-temperamenttipe kind is geneig om entoesiasties en opgewonde te wees en van verrassings hou (Walk Thru the Bible, 1999:40). Hierdie temperament sal moontlik geskenke as liefdestaal verkies. Die S-temperamenttipe kind se emosionele behoefte is opregte waardering soos verduidelik in 3.6.2.3. Die moontlikheid bestaan volgens die navorser dat hierdie kind moontlik 'n geskenk as opregte waardering kan beskou, mits hy die boodskap van onvoorwaardelike aanvaarding kry.

### 5.10.5 Liefdestaal nr. 5: Diensbaarheid

Dade beskryf hierdie liefdestaal van diensbaarheid. Die doel van hierdie liefdestaal is om ander persone te dien, en die primêre motivering is nie om ander net tevrede te stel nie. Die doel van diensbaarheid is 'n manier om vir 'n persoon te wys dat hy onvoorwaardelik aanvaar word, deur middel van dade. Ouers wat diensbaar is vir hulle kinders se motivering moet wees om die beste vir die kinders te doen. Hierdie liefdestaal van diensbaarheid kom tot uiting wanneer ouers deur hulle dade vir die kinders wys dat hulle hul liefhet. Deur middel hiervan stel ouers aan hulle kinders 'n

voorbeeld. Dit sal aanleiding gee dat kinders ook diensbaar aan ander sal wees (Chapman & Campbell, 1997:84-86). Die navorser is van mening dat die S-temperamenttipe moontlik hierdie liefdestaal van diensbaarheid sal verkies. Hulle grootste behoefte is om aan ander diensbaar te wees en ander tevrede te hou (Walk thru the Bible, 1999:20).

Indien ouers net aan hulle kinders 'n geskenk gee wanneer hulle tevrede is met hulle gedrag, is dit voorwaardelike aanvaarding. Dit leer die kinders dat hulle net aanvaarbaar is indien hulle aan ander se standaarde voldoen (Chapman & Campbell, 1997:91). Die navorser is van mening dat indien ouers sensitief word vir en bewus word van hulle kinders se liefdestaal wat eie is aan hulle temperamenttipes, sal die kinders sensitief wees teenoor ander se behoeftes. Kinders word in die proses ook bewus van hulle eie behoeftes en hoe om hierdie behoeftes aan hulle ouers bekend te maak, sodat dit bevredig kan word.

#### 5.10.5.1 Moment: Hoe wys ek as ouer my liefde vir my kind

Die liefdestale kan as moment geïdentifiseer word om die ouers te bemagtig met kennis oor hoe hulle kinders weet wanneer ouers hulle liefhet. (Vergelyk sessie vier, tabel 5.8.) Die moment kan geïntegreer word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van homeostase. (Vergelyk 4.4.4.2.) Indien kinders die boodskappe kry en hulle voel dat hulle nie geliefd is nie, sal dit moontlik lei tot die ontstaan van kontakgrensversteuring en onvoltooidhede. Kinders sal deur middel van hulle gedrag toon dat hulle nie in homeostase is nie en pogings aanwend om homeostase te bereik.

## 5.11 DIE INVLOED VAN OMGEWING OP TEMPERAMENTE

- **Geïnhibeerde temperamente en omgewingsinvloede**

Soos reeds in 2.5 verduidelik, het Kagan se navorsing bevind dat twee derdes van die skaam, oorsensitiewe en angstige kinders dikwels ook as volwassenes skaam en anstig is (Kagan, 1994:135; Goleman, 1996:216-217). Een derde van die skaam kinders was egter teen die tyd dat hulle skool toe is, net so goed gesosialiseerd wees as enige ander

kind. Die verskil by hierdie kinders is die wyse waarop hul ouers hulle skaam temperament hanteer het.

Die moeders van die kinders wat skaam gebly het, was moontlik oorbeskermend, terwyl van die kinders wie se temperament verander het, deur die moeders gelei is om dit wat hulle ontstel, te hanteer (Goleman, 1996:19). Met die eerste oogopslag wil dit voorkom of die kinders se temperamenttipe verander het. Dit is nie die geval nie. Volgens LaHaye (1994:8); Goode (2001:34) en Keogh (2003b:50-51), kan temperamenttipe nie verander nie, aangesien dit by konsepsie sy ontstaan het en die persoon daarmee gebore word. Wat egter wel gebeur, is dat temperament deur die omgewing gevorm word, wat daartoe lei dat die temperament op 'n ander manier uitgedruk word. Die afleiding daaruit kan gemaak word dat indien kinders met geïnhibeerde temperamente gebore word en in 'n omgewing grootword wat nie ingestel is op hierdie temperamenttipe nie, die risiko hoër sal wees om angstigheid, fobieë, paniekaanvalle en beperkte gedrag teenoor vreemde persone of situasies te ontwikkel (Goode, 2001:35). Daar is navorsers wat beweer dat genetiese beïnvloeding 'n beperking op die uitdrukking van temperament plaas, maar dat omgewings beïnvloeding geen beperking plaas nie (Keogh, 2003b:51). Dit blyk dus dat hoewel kinders se temperamenttipes nie kan verander nie, die kind se omgewing 'n belangrike rol in die vorming van die temperament speel.

'n Genetiese predisposisie om skaam te wees kan dus versag word deur omgewingsomstandighede en ervaring. Die kind wat skaam is, sal dus in 'n omgewing waar die ouers en onderwysers warm en ondersteunend voorkom, meer uitgaande en sosiaal raak.

- **Ouerskapstyl en temperament**

Indien ouers hulle kind se temperament reeds by geboorte ken en verstaan, kan dit daartoe aanleiding gee dat ouers hulle ouerskapstyl daarby kan aanpas. Kinders se unieke temperamentstyl kan as 'n riglyn dien vir ouers se ouerskapstyl, sodat die kinders die beste daarop kan reageer (Vasta *et al.,* 1999:455) Indien verwagtinge van die omgewing en die kind se temperament ooreenstem, word daarna verwys as goeie passing. Gesonde ontwikkeling en positiewe persoonlike uitkomste vind plaas

indien daar 'n goeie passing is tussen die kind en die omgewing (Keogh, 2003b:31; Bornstein, 2004:300; Gallagher, 2001:624).

Ouers en kinders het 'n wedersydse invloed op mekaar. Dit beteken dat ouers 'n invloed het op hulle kinders se gedrag en dat kinders ook 'n invloed het op hulle ouers se gedrag. Kinders met aktiewe gedrag veroorsaak dat die ouers spesiale reëlings in hulle huishoudings moet tref om hulle kinders te beskerm (Tieger & Barron-Tieger, 1997:355).

- **Die invloed van die kind se gedrag op die omgewing**

Kinders ontlok dikwels verskillende reaksies van ander rondom hulle, wat direk verband hou met hulle temperament. Kinders met moeilike temperamente is geneig om negatiewe reaksies van hulle ouers te ontlok (Keogh, 2003a:3). Hierdie verskillende reaksies tussen kinders en hulle omgewing lei tot die konsep van "goodness to fit". Keogh (2003a:3) is van mening dat hierdie konsep van "*goodness to fit*" sentraal is tot die begrip van hoe temperament tot die kind se ontwikkeling en ervarings bydra. (Vergelyk Oatley & Jenkins, 1996:241.)

Eienskappe van die omgewing wat 'n invloed het op die passing, sluit in waardes, verwagtinge, versoeke en temperamente van volwassenes. 'n Kind se gedragstyl kan pas by die ouers se verwagtinge en die daaglikse roetine in die gesin of dit kan 'n indringende of ontwrigtende invloed hê. Hoe 'n kind teenoor sy omgewing reageer, hou verband met die kind se temperament (Oatley & Jenkins, 1996:241).

- ***"Poorness to fit"***

**"***Poorness to fit*" bestaan wanneer die versoeke en verwagtinge buitensporig is en nie verenigbaar is met die kind se temperament nie. Met so 'n passing is die kind geneig om stres te ervaar (Chess & Thomas, 1989:57). 'n Kind wat geneig is om 'n "*slow to warm up*"-temperament te hê, het tyd nodig asook 'n aantal blootstellings aan nuwe situasies, voordat hy aktief en gemaklik aan 'n situasie kan deelneem. Indien ouers die kind nie dwing om dadelik en gemaklik by 'n nuwe situasie betrokke te raak nie,

maar hom toelaat om op sy eie tyd en teen sy eie pas betrokke te raak, staan dit as ‘n positiewe passing bekend. Indien so ‘n kind herhaaldelike sukses in hierdie tipe benadering, naamlik “*goodness to fit*” ervaar, kan hy makliker selfaktualisering bereik (Chess & Thomas, 1989:56). Die ouers erken dus die kind se eie unieke temperament.

- ***“Goodness to fit”***

*“Goodness to fit”* beteken nie dat die ouers en hulle kinders dieselfde temperamente moet hê nie. Wat belangrik is, is die tipe versoeke wat van ‘n spesifieke kind verwag word en watter reaksie die kind se gedrag in die ouers ontlok, ongeag of die ouers en die kind se temperamente verskil of ooreemstem is (Chess & Thomas, 1989:63). (Vergelyk Berndt, 1997:213.) Chess en Thomas (1989:63) konstateer verder dat indien daar ‘n *“goodness to fit”* toegepas word en nuwe verwagtinge suksesvol deur die kind bemeester word, sal dit aanleiding gee tot selfaktualisering by die kind en positiewe ontwikkeling. Indien ‘n verwagting nie suksesvol afgehandel word nie, gee dit aanleiding tot ‘n *“poorness to fit”*. Dit sal aanleiding gee tot angs en stres by die kind. ‘n Voorbeeld om hierdie begrip te verduidelik, kan soos volg uiteengesit word:

Indien ouers bewus is dat hulle kind geneig is om teruggetrokke en skaam te wees en moeilik nuwe situasies benader, sal dit vir die ouers nodig wees om hom stelselmatig aan nuwe situasies bloot te stel. Nuwe situasies kan stadig en geleidelik benader word. Hierdie benadering sal dus ‘n *“goodness to fit”* wees, aangesien die verwagting en versoek gevorm is rondom die kind se temperamentstyl.

Die navorser is van mening dat ‘n *“goodness to fit”* nie ‘n standaard benadering is wat vir alle kinders werk nie. ‘n *“Goodness to fit”* vir een kind kan ‘n *“poorness to fit”* vir ‘n ander kind wees. ‘n Goeie passing geskied wanneer die verwagtinge en versoeke van ouers gevorm word na gelang van die kind se temperament.

Ouers moet dus die uniekheid van elke kind erken en in gedagte hou in die hantering van hul kinders. ‘n Goeie passing of *“goodness to fit”* tussen die kind en sy omgewing sluit ook die skoolomgewing in, aangesien die juniorprimêre skoolkind die meeste van sy tyd in die skool deurbring.

- **Die invloed van die onderwyser op die kind se temperament**

Dis belangrik om die onderwyser en die kind se temperament in gedagte te hou. Daar is drie aspekte wat uitgelig kan word wat 'n belangrike invloed het op die passing tussen kinders en die klasomgewing, naamlik die inhoud en aard van die kurrikulum en metode van klasaanbieding, die organisering en beheer van tyd en hulpbronne en die aard van die interaksie tussen die onderwyser en die kinders.

Die drie aspekte is voortdurend in interaksie met die kinders se temperament. Die kinders se kognitiewe vermoëns en die inhoud en klasaanbieding speel 'n rol in die kind se motivering. Kinders se temperament het 'n invloed op hulle motivering. Sekere kinders met 'n sekere temperament, voel veiliger in 'n kleingroepbespreking. 'n Klas wat georganiseerd is rondom 'n grootgroepbespreking, sal daartoe aanleiding gee dat hierdie kinders meer spanning sal ervaar. Die manier hoe kinders teenoor hulle onderwyser optree, het te make met hulle temperament. Sommige kinders sal terugtrek wanneer 'n klas byvoorbeeld te rigied is. Stil en skaam kinders sal angstiger, en stiller word en hulle onttrek in 'n klasomgewing waar daar te veel aktiwiteite is (Keogh, 2003b:32-33). Hierdie skrywer het die volgende genoem ten opsigte van die passing tussen kinders se hulle temperament en sy omgewing, naamlik:

> In themselves, temperamental attributes are neither good nor bad. Whether a given temperament trait of a child meets with approval or disapproval, results in praise or criticism, or proves convenient or inconvenient to adults and peers can depend upon its appropriateness to the situations in which it is expressed and upon the degree to which its manifestations correspond to the value judgements of others.

'n Eie interpretasie is dat die onderwyser se temperament 'n invloed het op die manier hoe hy teenoor kinders reageer.

- **Die invloed van die portuurgroep op die kind se temperament**

Tydens die middelkinderjare is kinders meer geneig om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdom in interaksie te wees. Die portuurgroep van die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


middelkinderjare kind speel 'n uiters belangrike rol in die ontwikkeling van die kind (Louw *et al.*, 2001:272). Die navorser is van mening dat portuurgroepe en die kind se temperament in 'n wedersydse verhouding tot mekaar staan. 'n Kind met 'n D-temperamenttipe wat geneig is om ander te beheer, geneig is om nie empaties te wees nie, dryfkrag het en vinnig keuses uitoefen, kan byvoorbeeld deur 'n portuurgroep verwerp word weens sy temperamenttipe. Dieselfde geld vir die ander temperamenttipes. Dit is 'n verdere rede waarom ouers hulle kinders se temperamenttipe moet ken en verstaan om die kinders se beperkinge volgens hulle temperamente te rig en aandag aan te verleen.

#### 5.11.1 Moment: Invloed van die omgewing op temperamentverskille

Die wedersydse invloed van die omgewing en temperamentverskille op mekaar kan as moment geïdentifiseer word en as deel van sessie vier aan die respondente verduidelik word. Die moment is tydens die individuele terugvoering weer herhaal word as sessie ses. Die moment kan geïntegreer word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van homeostase. (Vergelyk 4.4.4.2.) Indien die omgewing nie pas by die kind se temperament nie, sal die kind nie in ewewig wees nie en moontlik van onvoltooidhede gebruik maak as 'n poging om homeostase te bereik.

### 5.12 FAKTORE WAT DIE OUER-KIND-VERHOUDING NEGATIEF BEÏNVLOED

Ouers se gedrag teenoor hulle kinders het dikwels 'n negatiewe invloed op die kinders se ontwikkeling. Vasta *et al.* (2001:454) is van mening dat die ouer-kind-verhouding beïnvloed word deur kinders se temperament. 'n Ouer sal byvoorbeeld anders teen kinders met maklike, gelukkige en tevrede temperamente optree as kinders met moeilike temperamente. Daar bestaan uit die STEP-program verskeie faktore wat 'n negatiewe invloed op die verhouding tussen die ouer en die kind kan hê (Dinkmeyer & MacKay, 1976:20). Die faktore kan soos volg uiteengesit word:

- Die eerste faktor is dié van negatiewe verwagtinge. Die ouer glo dikwels dat daar sekere take is wat die kind nie in staat is om te kan bemeester nie en dra dikwels daardie verwagting op een of ander manier aan hom oor.

- Die tweede faktor is dié van onrealistiese hoë verwagtings. Ouers stel soms eise aan die kind wat onmoontlik is om aan te voldoen. ‘n Eie mening is dat sekere temperamenttipes moontlik geneig sal wees om hoër verwagtinge aan hulle kinders te stel as ander.
- Die derde faktor is wedywering tussen broers en susters (Van Niekerk, 1990:36). Dis nodig dat ouers daarvan bewus moet wees dat hulle dikwels kinders met mekaar vergelyk. Indien kinders met mekaar wedywer, is dit nodig om die kinders te help om die negatiewe gevoelens wat hulle jeens mekaar koester, te erken met woorde, wense en kreatiewe aktiwiteite byvoorbeeld ‘n uitlaatklep. Dis nodig dat ouers, indien hulle kinders met mekaar wedywer, bewus moet wees van die gevoel agter die woorde en hoe dit hanteer moet word. Van Niekerk (1990:36) is verder van mening dat die ouers dikwels hulle kinders met mekaar vergelyk, gewoonlik wanneer hulle kwaad of baie trots is.
- Die vierde faktor is oor-ambisie. Ouers verwag dat hulle kinders moet presteer en net die beste word van hulle verwag. Hulle vermy terreine waar die moontlikheid van mislukking bestaan. In oor-ambisieuse gesinne, het die ouers en kinders nie die moed om onvolmaak te wees nie (Van Niekerk, 1990:36). Die mening word gehuldig dat ‘n D-temperamenttipe volgens die DISC-model (soos bespreek in 3.6.2.1), geneig is om taakgeoriënteerd te wees, wat daarop ingestel is om take af te handel. Daar bestaan dus ‘n moontlikheid dat hierdie tipe ouer geneig sal wees om ingestel te wees op dit wat hulle kinders moet bereik en kan dus dikwels oor-ambisieus wees.
- Die vyfde faktor is dubbel standaarde. Ouers glo dat hulle regte en voorregte het wat hulle kinders nie mag hê nie. Ouers verskil dikwels oor die manier van optrede teenoor die kinders. Dit kan konflik tussen die kinders en ouers en ook tussen die ouers onderling tot gevolg hê (Van Niekerk, 1990:36). ‘n Eie mening is dat indien ouers bewus gemaak word om hulle kinders te motiveer ten opsigte van elkeen se unieke temperament, dit kan bydra dat die ouer-kind-verhouding positief kan ontwikkel en ‘n *goodness-to-fit*-omgewing daargestel word.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


### 5.12.1 Moment: Faktore wat die ouer-kind-verhouding negatief beïnvloed

Die faktore wat die ouer-kind-verhouding negatief beïnvloed, kan as moment geïdentifiseer word wat tydens sessie vier van die program aan die respondente voorgelê kan word. Hierdie moment kan geïntegreer word met die homeostase van die gestaltbenadering, aangesien die verhouding tussen ouers en kinders kan meebring dat die kind en/of ouers nie in homeostase is nie. (Vergelyk 4.4.4.2.)

## 5.13 KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN KINDERS

- Kommunikasie is die verbale en nie-verbale interaksie tussen twee mense. Dit verwys daarna dat die persoon van homself gee, naamlik dat hy homself oopstel, ontvang van ander, deel met ander en ervaar van ander. Kommunikasie is dus om mee te deel, om te praat en te luister, diepe kontak tussen mense, die ander te ontmoet, te leer ken en liefkry en geestelike kontak (Van Niekerk, 1990:47). ‘n Eie mening is dat die sosiale ontwikkeling van die middelkinderjare kind moontlik ‘n rol kan speel in die kommunikasie van die kind met sy omgewing. Sosiale invloede word aan die individu oorgedra by wyse van persoonlike sosiale kontak met individue en groepe soos ouers vriende en onderwysers; massakommunikasiemedia soos radio en televisie; en op talle ander maniere soos waarnemings van mense, kunswerke en ander kultuurprodukte (Meyer, 2001:23).
    - Temperament speel ‘n belangrike rol in die kind se sosiale en persoonlikheidsontwikkeling (Lengua & Kovacs, 2005:22). Die kind se sosiale ontwikkeling bestaan uit verskeie fasette, soos die ontwikkeling van empatiese vermoëns, verskillende verhoudings soos portuurgroepverhoudings, en sosiale spel.
    - Lefrancois (2001:505) beskou selfkonsep-ontwikkeling as deel van die kind se sosiale ontwikkeling, aangesien sosiale ontwikkeling die ontwikkeling van sosiale kognisie insluit. Louw *et al.* (2001:348) beskryf dit as deel van persoonlikheidsontwikkeling. Die middelkinderjare kind se sosiale ontwikkeling hou egter implikasies vir sy verhouding met sy ouers, sibbe en portuurgroep in. Skoolgaande kinders bestee minder tyd met hul ouers, terwyl meer tyd met hulle portuurgroep deurgebring word. Die kind se verhouding

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


met sy ouers is tydens hierdie fase steeds die belangrikste verhouding in sy lewe.

- Die verhouding van die middelkinderjare kind met sy broers en/of susters speel ook 'n belangrike rol in die kind se sosiale ontwikkeling (Du Toit & Kruger, 1991:125; Louw *et al.*, 2001:368). 'n Eie mening is dat die kind se broers en susters se temperamente meestal van mekaar verskil, wat ook 'n invloed het op die kind se sosiale ontwikkeling en hoe hy met hulle kommunikeer. Daar bestaan twee dimensies van 'n kommunikasieboodskap, naamlik 'n nie-verbale dimensie en 'n verbale dimensie. Die nie-verbale dimensie verwys na die stemtoon, liggaamshouding en gesigsuitdrukking. Die doel van kommunikasie kan wees om enigiets wat 'n persoon met ander wil deel oor te dra, of dit wat die individu emosioneel ontstel of verhinder aan ander oor te dra (Van Niekerk, 1990:47-49).
- Die middelkinderjare kind se verhouding met sy portuurgroep word gekenmerk deur groepe van vier of vyf kinders. Hierdie groepering vind informeel plaas en die groep het gewoonlik nie 'n leier nie. Vriendskappe word gekenmerk deur geslagsooreenstemming, terwyl vriendskappe met die teenoorgestelde geslag baie raar is (Du Toit & Kruger, 1991:127). Hoewel die literatuur nie die invloed van portuurgroepverhoudinge op veral die middelkinderjare se temperamente aantoon nie is die navorser van mening dat die moontlikheid bestaan dat sekere temperamenttipe kinders moeiliker maats maak as ander en dat sekere temperamenttipe kinders, byvoorbeeld die S- en C- temperamenttipe, moontlik geneig sal wees om net een of twee vriende te hê.

### 5.13.1 Moment: Hoe maak ek as ouer kontak met my kind.

Hoe ouers kontak kan maak met hulle kinders se temperamenttipe, kan as moment geïdentifiseer word. Hierdie moment kan geïntegreer word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van kontakgrens (Vergelyk 4.4.4.6.) Die moment kan deel van sessie vier vorm en meer spesifiek ten opsigte van elke gesinslid herhaal word tydens sessie ses van die individuele terugvoersessie.

## 5.14 LUISTERVAARDIGHEDE IN KOMMUNIKASIE

Van Niekerk (1990:53) beskryf agt luistervaardighede wat ouers moet bemeester en benut vir effektiewe ouerskap. Hierdie luistervaardighede kan soos volg uiteengesit word:

- **Meelewende stilte.** Dis nodig dat 'n individu hom moet weerhou van onmiddellike kommentaar en moet net eers na die volle omvang luister.
- **Erkenningsrespons of passiewe luister.** Deur middel van nie-verbale en verbale respons wys die ouer aan sy kind dat hy op hom ingestel is en aktief na hom luister.
- **Vertel-my-meer-tegniek.** Dit is iets wat die ouer sê of doen om die kind aan te moedig om meer te vertel van sy gevoelens en probleme.
- **Opsomming.** Dis nodig om in die verloop van die gesprek 'n opsomming te gee van wat weergegee is, om sodoende misverstande te voorkom.
- **Parafrasering.** Die ouer moet die kind se idees en gedagtes in sy eie woorde weergee, sodat die akkuraatheid van die luister nagegaan kan word.
- **Gepaste vrae** dui daarop dat die ouer werklik belangstel in dit wat die kind vertel**.**
- **Geduld** vereis tyd van die ouer
- **Reflekteer luister.** Luister is die doelbewuste soeke na betekenis. Dit is 'n aktiewe proses. Dit vra intellektuele en emosionele gemotiveerdheid en inspanning, asook totale konsentrasie en aandag. Almal beskik oor die vermoë om te luister, maar dit moet geoefen en aangeleer word voordat dit in 'n vaardigheid ontwikkel. Die navorser is van mening dat effektiewe luister 'n gewoonte is wat aangeleer kan word. Reflektiewe luister beteken dat die ouer die gevoel en betekenis van dit wat die kind sê en doen (of nie sê en doen nie) sal begryp en dan die betekenis aan die kind sal terugreflekteer.

### 5.14.1 Moment: Hoe luister ek na my kind?

Hoe ouers na hulle kinders luister, ongeag hulle temperamenttipe, kan as 'n volgende moment geïdentifiseer word. Hierdie moment kan geïntegreer word met die gestaltbenadering se beginsel van kontakgrens (Vergelyk 4.4.4.6.) Die moment kan tydens sessie vyf van die program aan die respondente verduidelik word.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


## 5.15 KONFLIKHANTERING

Elke gesin ervaar van tyd tot tyd konflik. Konflik word beskou as 'n emosionele botsing, spanning of onrus, weens een of ander moeilike gebeure of saak in die ouer en sy kind se interaksie met mekaar, omdat hulle verskillende mense is (Van Niekerk, 1990:81 en soos in hoofstuk drie bespreek is).

Hierdie program noem dat die oorsake van konflik dikwels geleë is in verskille in ouderdom en persoonlikheid, mag en wedywering, swak aanvaarding, misverstande en die persoon se gemoedstemming. Die oorsake van konflik in die ouer-kind-verhouding volgens die PET-program is wanneer die ouer en kind se behoefte verskil (Gordon, 2000:170).

Die STEP-program tref 'n onderskeid tussen konflik en aggressie. Konflik lei dikwels tot woede en aggressie. Aggressie en woede blokkeer die persoon se luistervermoë en die vaardigheid om dit toe te pas. Die doel van hierdie bemagtigingsprogram is juis om aan ouers die rol van temperamentsverskille in die ontwikkeling en hantering van konflik uit te wys. Boyd (2004:139) beskryf die volgende konflikte wat kan voorkom ten opsigte van verskillende temperamenttipes en waarvan ouers moet kennis dra. Die konflikte wat kan voorkom, kan skematies soos volg voorgestel word:

**Tabel 5.2 MOONTLIKE KONFLIKTE WAT TUSSEN 'N D-TEMPERAMENT OUER EN DIE VERSKILLENDE TEMPERAMENTTIPE KIND KAN VOORKOM**

| | **Ouer is 'n D-temperamenttipe (DISC-model)** | **Hanteringstrategie** |
|---|---|---|
| Kind-**D** temperamenttipe | 'n Magstryd tussen die ouer en die kind ten opsigte van beheer kom gereeld voor.<br>Beide is geneig om kompeterend te wees en albei wil wen en nie een wil opgee nie.<br>Beide vind dit moeilik om 'n tussenweg te | Ouer moet probeer om nie ultimatum te stel nie.<br>Gee die kind beheer op sekere gebiede (gee van keuses)<br>Indien nodig, gee eenwoord |

| | | |
|---|---|---|
| | vind. | opdragte.<br>Stel saam grense vas en hou daarby.  Sodoende leer die kind verantwoordelikheid.<br>Moenie in 'n magstryd verval nie. |
| Kind-**I** temperamenttipe | Die ouers se behoefte om doelwitte en resultate te bereik, kan konflik veroorsaak, aangesien die kind geneig is om 'n gemakliker lewensuitkyk te hê.<br>Konflikte kan ontstaan wanneer die ouer 'n taak afgehandel wil hê en die kind ingestel is om pret te hê en by sy vriende te wees<br>Die kind se neiging om ongeorganiseerd te wees en nie sy werk betyds af te handel nie kan konflik veroorsaak. | Die kind sal nooit die ouer se fokus of doelgeoriënteerdheid hê nie.<br>Die kind verkies pret.<br>Dis nodig dat ouer saam met die kind projekte en take verrig.<br>Probeer om idees vir verandering, van praat aksie te omskep.<br>Skryf die detail en verwagtinge ten opsigte van take vir die kind neer.<br>Luister na lang stories van die kind.<br>Gee baie erkenning en aanmoediging.<br>Aanvaar die kind se emosies, maar dring aan op feite. |
| Kind-**S** temperamenttipe | Ouer is geneig om te sterk oor te kom, wat veroorsaak dat kind dit persoonlik opneem.<br>Ouers het min begrip vir saggeaardheid van die S-temperament kind.<br>Kan hom as "swak" bestempel, wat tot gebrek aan sin vir self lei. | Moenie van die kind verwag om self uit te vind hoe om 'n taak te verrig nie.<br>Wys stap vir stap hoe dit gedoen moet word.<br>Die kind wil die ouer tevrede hou en wil weet hoe om 'n taak te verrig.<br>Let op wat ouer sê, aangesien die kind baie sensitief is.<br>Die kind moet nie in kompetisie met ander geplaas word nie.<br>Moenie die kind met ander vergelyk nie.<br>Kind het behoefte aan |

| | | |
|---|---|---|
| | | waardering en aanvaarding – ouer moet tyd saam met kind spandeer. |
| Kind-**C** temperamenttipe | Ouer is geneig om vinnig in projek betrokke te raak, terwyl die kind die projek in detail wil deurdink.<br>Beide wil resultate hê, maar die kind verkies om dinge op die regte manier te doen, teenoor die ouer wat dit onmiddellik gedoen wil hê.<br>Die verskil in pas veroorsaak die grootste konflik.<br>Die ouer se geneigdheid om die kind te beheer, kan die kind wat nie onder druk kan funksioneer nie ontmoedig. | Moenie ongeduldig raak met die kind nie en moet hom nie druk om keuses uit te oefen nie<br>Gee tyd dat kind al die feite kan versamel om dinge op die regte manier te verrig.<br>Ouer moet nie kritiseer nie, aangesien die kind dit as persoonlik ervaar.<br>Wees voorbereid om die kind se "hoekom"-vrae te beantwoord en gee hom diepte- en detail verduidelikings.<br>Die kind is nie 'n risikonemer soos die ouer nie. |

Bron: (Boyd, 2004:139-142)

**Tabel 5.3: MOONTLIKE KONFLIKTE WAT TUSSEN 'N I-TEMPERAMENT OUER EN DIE VERSKILLENDE TEMPERAMENTTIPE KIND KAN VOORKOM**

| | **Ouer is 'n I-temperamenttipe (DISC-model)** | **Hanteringstrategie** |
|---|---|---|
| Kind **D-** temperamenttipe | I-temperament ouers wil deur hulle kinders aanvaar word en het 'n neiging om te toegeeflik te wees.<br>D-temperamenttipe kinders het 'n behoefte aan vryheid en keuses en benodig streng grense.<br>D-temperamenttipe kinders is geneig om die beheer in die huis oor te neem. | Duidelik gedefinieerde grense en hou daarby.<br>Indien die reël verbreek word, moet die gevolge deurgevoer word.<br>Die kind is geneig om voordeel te trek uit enige inkonsekwentheid of 'n gebrek aan deurvoering van die ouer se kant af.<br>Die kind is gedetermineerd om oor te neem. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Moenie bang wees vir enige konfrontasies nie.<br>Wees spesifiek en op die punt af, indien dissipline toegepas word.<br>Gee eenwoordopdragte.<br>Die kind is geneig om die ouer uit sy gemaksone te probeer druk en emosioneel uit te put. |
| Kind-**I** temperamenttipe | Weens die feit dat beide die I-temperament ouer en die I-temperamenttipe kind geneig is om die lewe voluit te lewe is beide geneig om te kompeteer vir die middelpunt van aandag.<br>Beide is geneig om impulsief te wees en om nie hulle take deur te voer en af te handel nie. | Dis nodig dat die ouer na sy I-temperamenttipe kind moet luister.<br>Die ouer se geneigdheid om te toegeeflik te wees, veroorsaak 'n groter gebrek aan verantwoordelikheid.<br>Beide hou nie van detail nie.<br>Dis nodig om elkeen se take neer te skryf.<br>Stel grense en help die kind om die take deur te voer. |
| Kind-**S** temperamenttipe | Die meeste konflikte wat voorkom is as gevolg van die pas waarteen beweeg word.<br>I-temperamenttipe ouer verkies geraas en die kind verkies stilte<br>Die ouer verkies spontaneïteit, verandering en verskeidenheid en die kind verkies geen verandering en roetine nie en hou nie van verrassings nie. | Ouer moet sy benadering en pas verstadig.<br>Gee tyd vir keusemaking<br>Aanvaar dat die kind nie entoesiasties oor alles is nie.<br>Die kind hou nie van erkenning voor ander nie.<br>Gee opregte waardering en erkenning privaat.<br>Aanvaar dat die kind geneig is om skaam te wees en stadig is om op dreef te kom, veral teenoor vreemdes.<br>Gee vooraf waarskuwing indien verandering gaan voorkom.<br>Vra meer vrae en gee antwoorde.<br>Vra die kind om die ouer te help om take te voltooi. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Die kind wil weet dat sy bydrae waardeer word. |
| Kind-**C** temperamenttipe | Ouer verkies om voortdurend te gesels en die kind verkies alleentyd.<br>Die ouer is geneig om verbaal te wees en mis gewoonlik die kind se indirekte manier om aspekte bekend te maak. | Ouer moet meer luister.<br>Ouer moet meer feite ingestel wees en meer objektief wees.<br>Aanvaar die kind se behoefte aan perfektheid.<br>Hy is ernstig en moet tyd gegun word om teleurstellings te verwerk.<br>Gee tyd vir kwaliteitwerk<br>Gee opregte waardering en erkenning en gebruik beskrywende terme.<br>Die grootste vrees van die kind is kritiek op sy werk.<br>Hy is nie geneig om risiko's te loop nie. |

Bron: Boyd (2004: 143-146).

**Tabel 5.4: MOONTLIKE KONFLIKTE WAT TUSSEN 'N S-TEMPERAMENT OUER EN DIE VERSKILLENDE TEMPERAMENTTIPE KAN VOORKOM**

| | **Ouer is 'n S-temperamenttipe (DISC-model)** | **Hanteringstrategie** |
|---|---|---|
| Kind **D**-temperamenttipe | Die kind verkies konstante beheer en onmiddellike optrede en kan die ouer maklik uitput.<br>Die ouer verkies stilte en vrede.<br>Die grootste konflik kom by die area van dissipline.<br>Die ouer is meer toegeeflik, gewoonlik om konfrontasie te vermy.<br>Die kind wil altyd voordeel trek.<br>Die kind is onafhanklik en ouer moet begrip hê wanneer die kind iets op sy eie wil doen. | Die kind benodig beheer en kan maklik deur die ouer beheer word.<br>Die kind verkies om dinge op sy eie te doen en die ouers moet dit nie as persoonlik ervaar nie.<br>Die ouer moet druk op homself plaas om 'n standpunt in te neem.<br>Die ouer moet by sy keuses hou<br>Die ouer is geneig om nie direk |

| | | |
|---|---|---|
| | | te wees nie. |
| Kind-**I** temperamenttipe | Die ouer is geneig om teen 'n stadige pas te beweeg en die kind teen 'n vinnige pas.<br>Die kind is geneig om van een aktiwiteit na 'n volgende te beweeg en die ouer verkies dat 'n taak begin en deurgevoer word op 'n kalm en stil manier. | Ouer moet ferm wees en streng grense stel.<br>Die kind is geneig om oorredend te wees en die ouer maklik om te praat om sy sin te kry.<br>Die kind is geneig om nie van werk te hou nie en die ouer is geneig om alles vir die kind te doen.<br>Dit veroorsaak onverantwoordelikheid en die kind gaan deur die lewe deur te verwag dat ander die werk vir hom gaan verrig.<br>Die kind moet gehelp word om meer georganiseerd te wees. |
| Kind-**S** temperamenttipe | Die meeste konflik kom in tydens kommunikasie voor.<br>Beide praat indirek, albei sal voorstelle gee en nie een sal 'n keuse maak nie.<br>Nie een wil iets voorstel wat verandering teweegbring nie.<br>Indien die ouer te akkommoderend is, is die kind geneig om té afhanklik te word.<br>Aangesien beide nie die ander wil ontstel nie, is beide geneig om gevoelens te onderdruk. | Moedig die kind aan om take op sy eie te verrig.<br>Besef dat verandering noodsaaklik is.<br>Ouers moet nie die kind van verandering weerhou en oorbeskerm nie.<br>Help die kind om sy gevoelens uit te druk. |
| Kind **C-** temperamenttipe | Die kind is geneig om baie krities te wees, wat die ouer se gevoelens maklik seermaak, Die ouer is geneig om hierdie gevoelens te onderdruk.<br>Die kind se logiese benadering van aspekte kan bots met die ouer se emosioneel geneigde fokus.<br>Die ouer verkies nabyverhoudinge en die kind is geneig om berekend en koud voor te kom. | Wees bewus dat die kind geneig is om privaat te wil wees.<br>Indien daar konflik is, moet die kind alleentyd gegun word.<br>Gee spesifieke en opregte waardering vir sy werk.<br>Ouers moet nie oorreageer vir die kind se neiging om te krities te wees nie.<br>Lei die kind om ander se tekortkominge en sy eie te |

| | | |
|---|---|---|
| | | aanvaar. |

Bron: Boyd (2004:147-150).

**Tabel 5.5: MOONTLIKE KONFLIKTE WAT TUSSEN 'N C-TEMPERAMENT OUER EN DIE VERSKILLENDE TEMPERAMENTTIPE KIND KAN VOORKOM**

| | **Ouer is 'n C-temperamenttipe (DISC-model)** | **Hanteringstrategie** |
|---|---|---|
| Kind **D-** temperamenttipe | Indien die ouer en die kind teenstrydige doelwitte het, sal die kind geneig wees om te wen.<br>Die C temperamenttipe ouer verkies dat werk op die regte wyse volgens sy standaarde verrig moet word.<br>Die "regte" manier vir die D-temperamenttipe is nie so gekompliseer as vir die C-temperamenttipe nie. Die D-temperamenttipe wil die werk net afgehandel hê.<br>Die kind sal geneig wees om keuses te maak en dinge af te handel en gewoonlik die detail mis wat vir die C- temperament ouer belangrik is. | Die kind moet verantwoordelikheid gegee word.<br>Die ouer moet vermy om in te tree en dinge op die regte manier te doen.<br>Erken dat dit vir die kind belangrik is om risiko's te loop.<br>Die kind het fisiese oefeninge nodig.<br>Die ouer moet nie met die kind argumenteer nie.<br>Die ouer moet nie perfektheid verwag nie. |
| Kind **I-** temperamenttipe | Die ouer en die kind het'n teenoorgestelde pas en prioriteite.<br>Die ouer het min begrip vir die kind se behoefte aan pret.<br>Die ouer is geneig om aan die kind hoë standaarde te stel. | Die ouer moet sy verwagtinge ten opsigte van die kind aanpas.<br>Die kind is nie geneig tot detail nie.<br>Die kind het 'n behoefte aan erkenning.<br>Die ouer moet die kind aanvaar vir wie hy is, al is sy sterk punte verskillend van die ouer s'n.<br>Luister entoesiasties na die kind se stories.<br>Dit gee hom energie om te gesels. |
| Kind **S-** temperamenttipe | Konflik ontstaan wanneer die kind nie dinge op dieselfde manier as die ouer doen nie | Die ouer is geneig om op kritieke take te fokus en om |

| | | |
|---|---|---|
| | deurdink nie.<br>Die kind slaan nie soveel op detail ag soos die ouer nie. | dinge op die regte manier te doen.<br>Begelei die kind om sy gevoelens uit te druk.<br>Die ouer moet oper wees om sy emosies teenoor die kind uit te druk.<br>Moedig die kind aan om te ontspan.<br>Verduidelik stap vir stap aan die kind wat van hom verwag word.<br>Die ouer moet versigtig wees om te krities teenoor die kind te wees en standaarde te verlaag. |
| Kind **C**-temperamenttipe | Konflik ontstaan wanneer die ouer en die kind verskil oor wie se manier die regte manier is.<br>Beide kan onttrek. | Die ouer moet oop wees indien die kind verskil van die ouer se siening.<br>Kritiek is beide se grootste vrees en ouers moet bewus daarvan wees.<br>Die ouer moet nie sy standaarde te hoog stel nie sodat die kind voel hy kan dit nie bereik nie. |

Bron: Boyd (2004: 151-154).

Boyd (2004:201) is van mening dat elke individu na aanleiding van sy temperament, op ‘n sekere manier geneig is om te reageer wanneer hy in ‘n konfliksituasie is. Dis nodig dat ouers hiervan bewus gemaak word deur te voorspel hoe hy geneig sal wees om op te tree in ‘n konfliksituasie of wanneer hy stres en spanning ervaar. Die reaksies waartoe elke temperamenttipe geneig is tydens spanning en konflik, kan soos volg uiteengesit word:

**Tabel 5.6 REAKSIE TEN OPSIGTE VAN SPANNING EN KONFLIK**

| | **AANVANKLIKE REAKSIE IN KONFLIKSITUASIE** | **WANNEER SPANNING AANHOU** |
|---|---|---|
| **D** | Eis/Versoek | Onttrek |
| **I** | Val aan | Toestem/Inwillig |

| | | |
|---|---|---|
| **S** | Toestem/Inwillig | Aanval |
| **C** | Onttrek | Eis |

Dit is duidelik uit die voorstelling dat die D- en I-temperament in 'n konfliksituasie geneig sal wees om uiting aan hulle emosie (byvoorbeeld woede) te gee. 'n D-temperamenttipe individu sal eis dat ander aan sy versoek gehoor gee. Hierdie persoon kan dus uitdruklik, outokraties en beheerst voorkom. Indien 'n D-temperamenttipe individu se spanning en druk aanhou, sal hy geneig wees om na die ander uiterste te gaan deur alleen te werk en so ander persone en situasies te vermy. 'n I-temperamenttipe is geneig om 'n emosionele en verbale aanval te loods, as konflikhantering. Indien die druk of spanning in die konflik aanhou, sal hulle geneig wees om in te stem en hulle emosies onderdruk. Hulle sal geneig wees om in te stem tot ander se versoeke, om so sosiale verwerping te vermy.

Die S- en C-temperamentstyl is geneig om hulle emosies te onderdruk as konflikhantering. Die S-temperamentstyl sal geneig wees om toe te gee aan ander of tou op te gooi, terwyl die C-temperamentstyl geneig is om die probleem te vermy, te ignoreer of 'n nuwe strategie te beplan. Indien spanning en stres aanhou, is die S-temperamenttipe geneig om aan te val en die C-temperamenttipe geneig om eise te stel (Boyd, 2004:201). Elke individu is geneig om konflik op 'n sekere manier te hanteer wat by sy temperament pas. Hierdie aanduiding is volgens die navorser van belang, aangesien dit 'n ouer kan help om die reaksie van sy kind in 'n konfliksituasie te voorspel. Dit kan ouers ook van waarde wees om te weet hoe om op te tree in 'n konfliksituasie.

### 5.15.1 Moment: Hoe hanteer verskillende temperamenttipes konflik en spanning?

Die hantering van spanning en konflik volgens die verskillende temperamenttipes, kan as 'n moment geïdentifiseer en geïntegreer word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van kontakgrens. (Vergelyk 4.4.4.6.) Tabel 5.6 kan tydens sessie vier aan die respondente verduidelik word en weer herhaal word tydens sessie ses tydens die individuele terugvoering.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


## 5.16. OUERSKAPSTYLE IN KONFLIKHANTERING

Van Niekerk (1990:85) onderskei tussen agt style wat ouers tydens konflikhantering kan volg. Hierdie style kan soos volg genoem word:

- Onttrekking
- Ontkenning
- Vermyding
- Toegewing
- Aanval
- Oorwinning
- Skikking
- Oplossing

Die navorser is van mening dat elke persoon konflik hanteer op sy unieke manier ooreenkomstig sy temperament. 'n D-temperamenttipe se konflikhantering is om outokraties, aggressief en eisend te raak (Walk thru the Bible, 1999:16). 'n I-temperamenttipe se konflikhantering is om op 'n emosionele wyse aanvallend te raak (Walk thru the Bible, 1999:18). 'n S-temperamenttipe se konfklikhantering is verdraagsaamheid, toegeeflikheid en instemmendheid, en 'n C- temperamenttipe se manier van konflikhantering is om vermyding, onttrekking en die beplanning van 'n teenstrategie (Walk thru the Bible, 1999:20-22). Waar die ouer en kind dus verskillende temperamente het, moet die ouer, veral in konfliksituasies, baie sterk hierop bedag wees.

Die middelkinderjare kind se rolle verander voortdurend en so ook die rol van die ouers. Die kind word minder afhanklik van sy ouers se hulp. Die wyse waarop die ouers hulle kind grootmaak, verander ook daadwerklik. Die wyse waarop ouers hulle kind grootmaak, staan bekend as ouerskapstyl. Hierdie ouerskapstyl het 'n belangrike invloed op die kind se ontwikkeling (Louw *et al.*, 2001:356).

Een van die navorsingsprogramme ten opsigte van die ontwikkeling van ouerskapstyle, is dié van Baumrind wat gedurende 1971 onderneem is. Waarnemers

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


moes kinders se gedrag tydens roetine-aktiwiteite waarneem, op 'n 72-item skaal lys en korreleer met trosse tellings wat sewe dimensies van die voorskoolse gedrag van kinders verteenwoordig. Die kinders se gedrag is gekorreleer met verskillende ouerskapstyle wat deur waarnemings en onderhoude bekom is. Baumrind en sy kollegas het bevind dat ouergedrag in 77 persent van die gesinne in een van drie patrone inpas (Cole & Cole, 2003:430) . Die ouerskapstyle wat onderskei kon word, is:

- **Outoritêre ouerskapstyl:** Hierdie styl volg 'n outoritêre ouerskappatroon wat poog om die gedrag en houdings van hulle kinders te vorm, te beheer en te evalueer deur middel van 'n stel tradisionele standaarde. Hulle is gesteld daarop dat kinders hulle moet gehoorsaam, en ontmoedig verbale gee-en-neem tussen hulleself en hulle kinders (Cole & Cole, 2003:429-430). Outoriteit of mag is 'n middel om die taak as ouer uit te voer, om die kind dinge te laat doen en beheer oor die kind uit te oefen (Gottman & DeClaire, 1997:32). Die outoritêre ouer gee voortdurend opdragte aan die kind. Hierdie tipe ouer is baie streng en verwag totale gehoorsaamheid. Outoriteit kan positief toegepas word indien dit oor die korrekte gebruik en juiste gerigtheid gaan. Outoriteit in 'n negatiewe sin is wanneer dit impliseer dat die ouer die mag en wil op die kind afdwing, om te doen wat hy verkies (Van Niekerk, 1990:88).

  In hierdie ouerskapstyl verwag die ouers konformiteit en gehoorsaamheid (Louw *et al*., 2001:356). Die ouers verwag van die kind om hulle in alle omstandighede en op 'n onvoorwaardelike wyse te gehoorsaam en toon min simpatie met die kind. Hulle stel streng strafmaatreëls teen die kind in om hulle te gehoorsaam. Die ouers se streng idees oor dissipline en gedrag is gewoonlik nie oop vir bespreking nie ( Smith, Cowie en Blades., 2003:94). Hierdie tipe straf kinders wanneer die reëls nie nagekom word nie en beloon hulle wanneer dit wel nagekom word. Die navorser is van mening dat indien die outokratiese ouer op 'n gereelde basis van beloning gebruik maak, dit die verwagting by die kind kan skep dat hy 'n beloning sal ontvang elke keer wanneer hy soet is. Wanneer die kind voortdurend gestraf word omdat hy "stout" was, kan kinders begin om hulle ouers te vrees en kan daar weerstand in die verhouding opbou. Die mening word verder gehuldig dat hierdie kinders dus van hulle omgewing afhanklik is en nie die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



waardes en norme van die ouers internaliseer nie. Die kind is dus van sy omgewing afhanklik ten einde te weet wat "aanvaarbaar" en "onaanvaarbaar" is. Die kinders moet dus blindelings onderdanig aan die ouer wees. Alle besluite word vir die kinders geneem.

Die invloed van hierdie ouerskapstyl op die kind se gevoelens en gedrag is volgens Alvy (1994:183), dat die kinders nie keuses kan maak nie, hulle is bang om verantwoordelikheid te neem en toon, geen eie inisiatief en kreatiwiteit nie. Die navorser is van mening dat die ouers genoegsame ruimte laat vir hierdie proses waarvolgens verantwoordelikeid aangeleer kan word nie. Die invloed van hierdie tipe ouerskapstyl bring mee dat kinders afhanklike en regressiewe (duimsuig en huil) gedrag toon en hulle kom oneffektief in verhoudings voor (Owens,1993:329). Navorsing deur Baumrind (in Gottman & DeClaire, 1997:32) het bevind dat kinders wat volgens hierdie ouerskapstyl opgevoed is, meer geneig is om geïrriteerd en konflikterend te funksioneer. 'n Eie interpretasie is dat ouers met 'n D-temperamenttipe wat geneig is om in beheer te wil wees en vir ander voor te sê wat hulle moet doen, moontlik geneig sal wees om hierdie ouerskapstyl te toon

- **Permissiewe ouers**. Hierdie styl keur die outoritêre benadering af. Hierdie ouerskapstyl word gekenmerk deur ouers wat bykans geen perke stel nie (Shaffer, 1996:609). Gottman & DeClaire (1997:32) is ook van mening dat hierdie ouerskapstyl gekenmerk word deur warmte en positiewe kommunikasie, maar min grense word in terme van gedrag gestel. Die kinders word dus groot sonder dat daar riglyne vir gedrag vasgestel word. Die kind voel weerloos en is nie gereed om hierdie onbeperkte vryheid te geniet nie. Die gevolg is 'n gevoel van onsekerheid en onveiligheid. Hierdie ouers het ook bykans geen beheer oor hulle kinders nie. Die rede vir hierdie ouerskapstyl is dat hulle moontlik glo dat kinders deur ervaring sal leer hoe om op te tree of omdat hulle nie dissipline voorsien nie (Cole & Cole, 2003:431). Louw *et al*. (2001:357) verwys na dié ouerskapstyl as die oorverdraagsame ouer. Die invloed van dié ouerskapstyl op die kinders is dat hulle afhanklik en onvolwasse is, regressiewe gedrag toon en min selfvertroue het (Owens, 1993:329). 'n Eie mening word gehuldig dat dit wil

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


blyk of hierdie kind 'n interne lokus van kontrole handhaaf. Die navorser is van mening dat 'n sekere temperamenttipe geneig sal wees om hierdie ouerskapstyl te toon, byvoorbeeld die S-temperamenttipe. Hierdie temperamenttipe is geneig om ander tevrede te wil stel en is daarop ingestel om deur ander aanvaar te word. Hierdie ouers kan moontlik geneig wees om ook hulle kinders tevrede te wil stel. Louw *et al*. (2001:356) is verder van mening dat permissiewe ouers impulsief en aggressief is, wat ook 'n gebrek aan selfbeheer openbaar.

- **Gesaghebbende ouers**. Hierdie ouers dui volgens Louw *et al.* (2001:356) duidelik 'n rigting vir die kind aan, maar laat terselfdertyd heelwat vryheid binne redelike grense toe. Hierdie ouer kan warm, sensitief en geduldig voorkom, terwyl hulle die kinders aanmoedig om aan die gesin se besluitnemingsprosesse deel te neem. Grense word in terme van die kind se funksionering gestel, maar die ouer is meer aanpasbaar en voorsien die kind met verduidelikings en warmte (Gottman & DeClaire, 1997:32). Die invloed wat dié ouerskapstyl op die kinders het, is dat die kinders geneig is om hoë selfagting te hê, beter daartoe in staat is om morele standaarde te internaliseer en beter op akademiese gebied presteer (Louw *et al*., 2001:356). Hierdie ouer heg dus waarde aan sowel outonome funksionering as konformering. 'n Eie interpretasie is dat die kind probleme kan hanteer, keuses kan uitoefen en verantwoordelikheid kan aanvaar. Hierdie ouers is minder geneig om hulle kinders met fisiese slae te straf as vorm van dissipline soos die outoritêre ouer dit sou doen. Hulle is geneig om die kinders te beheer deur reëls en regulasies te verduidelik (Cole & Cole, 2003:431). Hierdie ouer en kind raak nie in 'n magstryd gewikkel nie, wat meebring dat daar nie 'n "wenner" geïdentifiseer kan word nie (Van Niekerk, 1990:142). Die navorser is van mening dat hierdie ouerskapstyl 'n balans tussen grense en vryheid handhaaf. Die kind weet dus wat van hom verwag word en word ook die geleentheid gebied om die verwagtinge en gedrag te analiseer. Die mening word gehuldig dat alle ouers ongeag hulle temperamenttipe gesaghebbend kan optree. Die mening word verder gehuldig dat indien ouers hulle temperamente ken en verstaan dit makliker sal wees om gesaghebbend op te tree.

- **Onbetrokke ouer.** Louw *et al*. (2001:357) is van mening dat hierdie ouers weinig eise aan kinders stel. Hulle is ook ongeërg en self-verwerpend teenoor die kind. Hulle doen net die minimum wat van hulle verwag word. Die navorser is van mening dat hierdie ook op die nalatige ouer dui, aangesien hierdie ouer onbetrokke is by die kinders. Louw *et al*., (2001:357) dui aan dat die invloed wat die onbetrokke ouer op die kind het, is dat hierdie kinders versteurings toon in verhoudings met ander mense en dikwels geneig is om impulsief te wees en selfs antisosiale gedrag te toon.

Daar is vier ouerlike style wat Goleman (1996:190-191) by die hantering van die kinders se emosie onderskei, naamlik:

- Ignorering van emosies - die kind se emosies word geïgnoreer en beskou as iets wat sonder enige optrede moet oorgaan.
- Permissiewe styl – die ouer neem waar hoe die kind voel, maar gee glad nie om watter keuse die kind maak met betrekking tot die hantering van die emosie nie.
- Minagting en geen respek vir die kind se emosies nie - die ouer kritiseer die kind se emosie en straf hom daarvoor.
- Ouer as emosionele mentor – die ouer benut sy kind se emosionele belewenis as ‘n geleentheid om as emosionele mentor op te tree.

Die navorser is van mening dat die ouerskapstyl van ouers ‘n invloed het op die kind se temperament en die “*goodness to fit*” -omgewing (soos bespreek in 5.12).

## 5.17 GEVOLGE VAN OUERSKAPSTYL OP DIE KIND

Ouers wat ‘n **outoritêre ouerskapstyl** handhaaf, raak dikwels met hulle kind in ‘n magstryd betrokke, wat daartoe aanleiding gee dat die ouer altyd wen en die kind verloor. Dit veroorsaak dat die kind dikwels negatiewe gevoelens jeens sy ouers koester. Opstandigheid en verset kan by die kind voorkom (Van Niekerk, 1990:89-90). Gevoelens van ontoereikendheid, minderwaardigheid en skaamte kom dikwels by die kind voor. Voorbeelde is die volgende: Spanningsprobleme; geen eie inisiatief en kreatiwiteit nie; onvolwasse afhanklikheid van ander, bang om verantwoordelikheid te aanvaar; swak selfbeeld; kan nie keuses maak nie; kom soms

in opstand; ernstige botsings en konflik tydens adolessensie; die kind kan uittartend, uitdagend en negativisties raak; rebelleer teen alle gesag - nie net by die huis nie; vyandig en aggressief; leuens vertel; wantrouig van geaardheid; en geneig om in verhoudings te domineer en baasspelerig te wees (Blom, 2003:10-11; Cole & Cole, 2003:431).

Die gevolge van 'n **permissiewe ouerskapstyl** is dat hoewel botsings tussen die ouers en die kinders dikwels voorkom, dit die kind is wat die beste daarvan afkom. Die kind word van geen struktuur voorsien aan die hand waarvan hy die korrektheid of verkeerdheid van sy gedrag kan beoordeel nie. Gevolglik moet hy deur ondervinding van die negatiewe reaksies van ander mense, leer watter gedragsvorme aanvaarbaar of onaanvaarbaar is. Hierdie kind ervaar besondere angs en onsekerheid, want hy weet nie wat van hulle verwag word nie. Die kind het dikwels onbewustelik die gevoel dat die ouers hom nie liefhet en van waarde ag nie (Van Niekerk, 1990:90). Hierdie kind het gewoonlik gevoelens van onveiligheid en onsekerheid. Hulle raak verwytend teenoor hulle ouers, omdat die ouers nooit leiding gegee het nie. Hierdie kinders het gewoonlik weinig respek vir hulle ouers en ander, kan selfsugtig wees en min waardering toon vir wat vir hulle gedoen word (Blom, 2003:11; Cole & Cole, 2003:431).

Die gevolge van 'n **gesaghebbende ouerskapstyl** of demokratiese ouerskapstyl, soos beskryf deur Van Niekerk (1990:91), of begrypende en aanvaardende ouerskapstyl soos deur Blom (2003:11) onderskei, beteken dat kinders en ouers nie in 'n magstryd gewikkel is nie. Albei die partye besef dat konflik 'n simptoom is van 'n probleem wat om 'n oplossing vra, en nie 'n geveg is wat deur een party gewen moet word nie. Dit is die probleem wat oorwin moet word, en as dit gebeur, wen albei partye. Daar word in dié ouerskapstyl gefokus op 'n deeglike omskrywing van die probleem en die ontwikkeling van alternatiewe oplossings, sonder om uitsprake te lewer oor wie reg en wie verkeerd is en wie se skuld dit is. In so 'n atmosfeer gebeur dit dat die ouer en die kind tot 'n kreatiewe oplossing kom. Daar groei ook vertroue, begrip en respek, wat toekomstige beraadslaginge nog beter kan laat vlot. Die kind beleef dat die ouer hom as waardig genoeg beskou om aan onderhandelings deel te neem. Hierdie kind is geneig om volwasse oordeel te toon, hy kan probleemoplossend optree en keuses maak en verantwoordelikheid aanvaar (Van Niekerk, 1990:91).

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


Van Niekerk (1990:91-92) voeg die inkonsekwente ouer as 'n volgende ouerskapstyl by. Inkonsekwente ouerskapstyl verwys daarna dat die ouer baie streng en outoritêr en ander kere weer toegeeflik en permissief optree. Hierdie ouer tree sonder volgorde op en het nie 'n vaste gedragspatroon ten opsigte van sy kinders nie. Die gevolge van die inkonsekwente ouerskapstyl is dat die ouer en die kind in 'n magstryd gewikkel is ten einde 'n konfliksituasie op te los. Die kind voel onveilig en verward. Hy weet nooit wat hy van die ouers kan verwag nie en dit veroorsaak baie angs en onsekerheid by hom. Daar is gewoonlik nie 'n standvastigheid in dissipline nie en dit kan angstigheid by die kind skep. Hierdie ouerskapstyl kan dikwels meebring dat die kind hom later nie meer aan die ouer steur nie wat tot verdere konflik aanleiding kan gee.

Baumrind (in Cole & Cole, 2003:431-432) het in sy studie gevind dat daar verskille voorkom tussen dogters en seuns ten opsigte van die verskillende ouerskapstyle. Seuns wat met 'n outoritêre ouerskapstyl hanteer word, is geneig om meer probleme met sosiale verhoudings te toon as dogters. Seuns toon ook meer aggressie teenoor ander persone in gesagsrolle. Dogters wat met 'n outoritêre ouerskapstyl hanteer word, is weer geneig om meer afhanklike gedrag te toon as seuns. Hierdie studie het verder bevind dat kinders van gesaghebende ouers geneig is om beter in die skool te presteer en sosiaal aan te pas as kinders wat grootword met 'n outoritêre ouerskapstyl.

Ouerskapstyl word ook beïnvloed deur die kind se karaktertrekke. 'n Aktiewe kind en een wat maklik gefrustreerd raak, sal moontlik makliker outoritêre ouerskapstyl uitlok as 'n kind wat skaam en rustig is. Baumrind (in Cole & Cole, 2003:431-432) is van mening dat kinders se temperamente 'n invloed het op ouerskapstyle dat ouerskapstyle 'n definitiewe invloed het op die kinders se persoonlikheid en temperamente (Cole & Cole, 2003:432-435).

'n Eie mening is dat indien die ouers se ouerskapstyl geneig is om aan te pas by die kind se temperament om 'n "*goodness-to-fit*"-omgewing daar te stel, dit sal bydra dat die kind optimaal kan funksioneer en dat konfliksituasies beperk sal word. Hierdie aanpassing moenie ten koste van dissipline gedoen word nie.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


### 5.17.1 Ouerskapstyle se invloed op temperamentverskille

Die verskillende ouerskapstyle en die gevolge daarvan kan tydens sessie vier van die program aan die respondente verduidelik word as ‘n moment wat geïntegreer kan word met die gestaltbenadering se teoretiese beginsel van kontakgrens (soos bespreek by 4.4.4.6). Die navorser is van mening dat ouerskapstyle geïntegreer kan word met kontakgrens aangesien ouers kontak maak met hulle kinders deur middel van ‘n sekere ouerskapstyl.

## 5.18 WAARDES EN NORME

Opvoeding geskied aan die hand van norme. Die norme wat ouers aan hulle kinders voorhou, verteenwoordig ‘n rangorde van waardevoorkeure, soos die ouer dit aan die kind voorleef. Die rangorde van waardes verskil van mens tot mens. Sekere waardes word deur ‘n bepaalde ouer hoog geplaas, teenoor ander waardes wat laer of laag geplaas word. ‘n Norm is ‘n maatstaf of standaard waarvolgens iets beoordeel word. Dit is dus ‘n voorskrif waarvolgens die individu sy lewe rig. ‘n Waarde is ‘n hoedanigheid wat iets vir die mens aanvaarbaar maak. Volgens elke mens se waardes dink hy, doen hy, tree hy op en maak hy keuses en voel hy. ‘n Houding is ‘n aangeleerde manier van doen, optrede of reaksie ten opsigte van ‘n mens, situasie of gebeure en is gebaseer op ervarings in die verlede asook op die mens se norme en waardes. Waardes kan ‘n bron van konflik binne die mens self of tussen ouers en kinders wees, asook ‘n versperring tussen twee mense met teenstrydige norme (Van Niekerk, 1990:100-102; Dinkmeyer & McKay, 1976:40).

Morele ontwikkeling verwys na die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle daartoe in staat stel om ‘n bepaalde gedrag as ‘reg’ en ‘n ander as ‘verkeerd’ te beoordeel, en om hulle eie gedrag ooreenkomstig hierdie beginsels te rig. Morele besluitneming gaan volgens Piaget en Kohlberg, twee sielkundiges, gepaard met die kind se kognitiewe ontwikkeling (Louw *et al*.. 2001:376). Dit is veral in die middelkinderjare dat die morele ontwikkeling sy beslag kry.

Tussen vyf- en tienjarige ouderdom verkeer die kind in die fase van heteronome moraliteit, wat ook die fase van morele realisme of moraliteit van dwang genoem kan

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


word. Kinders beskou reëls as onveranderbaar en heilig, as verlengstukke van 'n hoër outoriteit soos die ouers of selfs God. Hulle aanvaar reëls as riglyne vir aanvaarbare gedrag en glo ook dat die oortreding van reëls gestraf behoort te word. Hulle is ook nie daartoe in staat om versagtende omstandighede by die oortreding van 'n reël in aanmerking te neem nie. So sal die kind in hierdie fase dit as verkeerd beskou om die spoedgrens te oorskry, ongeag of dit dalk weens 'n mediese noodgeval geskied (Louw *et al.,* 2001:379).

Kohlberg (soos aangehaal deur Louw *et al*., 2001:381) het met sy teorie van die kind se morele ontwikkeling voortgebou op Piaget se werk. Hy is van mening dat die kind tussen die ouderdom van sewe en sestien jaar veral van prekonvensionele moraliteit gebruik maak, wanneer morele besluite geneem word (Louw *et al*., 2001:381).

Die kind in die middelkinderjare is dus op die prekonfensionele vlak en hulle dink konkreet van morele ontwikkeling, wat daarop dui dat morele besluite nie gebaseer word op outonome individuele gewetensbeginsels nie, maar eerder om straf te vermy of om sy eie of ander se behoeftes te bevredig (Du Toit & Kruger, 1991:131-132). 'n Eie mening is dat die kind se temperament moontlik 'n rol kan speel in die wyse waarop 'n middelkinderjare kind morele besluite neem.

'n Kind met 'n I-temperament, soos bespreek in 3.6.2.2 sal geneig wees om weens sy impulsiewe natuurlike geneigdheid, 'n verkeerde daad te verrig. Hoewel sy morele redenering sal aandui dat hy die reëls verbreek het wat tot straf sal lei, is sy gedrag teenstrydig vanweë sy temperament. Vervolgens word Kohlberg se prekonvensionele vlak uiteengesit wat van toepassing is op die middelkinderjare kind.

**TABEL 5.7: KOHLBERG SE PREKONVENSIONELE VLAK:**

| OUDERDOM | VLAK/STADIUM | SOORT GEDRAG |
|---|---|---|
| Ongeveer vyf tot nege jaar | Vlak 1: Prekonvensionele vlak<br>Vlak: Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie | Die kind gehoorsaam reëls om straf te vermy |

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


Louw *et al.* (2001:381)

Kohlberg konstateer verder dat daar drie vlakke van morele ontwikkeling bestaan, naamlik die tweede vlak as die konvensionele vlak en die derde vlak as die postkonvensionele vlak.  Die verskil tussen die teorieë van Piaget en Kohlberg is dat Piaget van mening is dat kinders aan die einde van die middelkinderjare feitlik volkome morele rypheid bereik, terwyl Kohlberg van mening is dat kinders in die middelkinderjare steeds ver verwyderd is van volwasse moraliteit.  'n Eie mening is dat dit blyk dat die juniorprimêre skoolkind  se morele ontwikkeling hom daartoe in staat behoort te stel om te onderskei tussen reg en verkeerd.

'n Eie interpretering is dat die STEP Ouerverrykingsprogram se doel is om die ouer toe te rus met inligting ten opsigte van ouerskap en die aanleer van waardes en norme.  Campbell (2003:iv) noem dat ouers nooit geleer word hoe om ouers te wees nie.  Kinders word grootgemaak sonder 'n vasgestelde stel standaarde.

Die morele ontwikkeling van die middelkinderjare kind kan as 'n ontwikkelingstaak (wat reeds by 4.3.3 bespreek is) aan die respondente verduidelik word as agtergrondinligting tydens sessie vier van die program.

## 5.19 DISSIPLINE

Daar bestaan dikwels 'n verwarring tussen die begrippe  straf en dissipline.  Die twee konsepte is nie sinoniem met mekaar nie.  Straf is 'n tipe dissipline wat die mees negatiewe tipe is.  Straf moet dus 'n klein deel van dissipline wees (Campbell, 2000:57).

Die belangrikste deel van dissipline is om die kind te laat voel dat hy geliefd is.  Om 'n kind geliefd te laat voel, is dit dus nodig dat ouers hulle kind se emosionele tenk vol moet hou.  Die toepassing van gedragsbeheertegnieke sonder onvoorwaardelike aanvaarding veroorsaak meer aggressie by die kind.  Die begrip dissipline is om die kind in denke en karakter op te lei en om hom daartoe in staat te stel om selfbeheerst op te tree.  Dissipline sluit dus opleiding deur elke tipe kommunikasie in, soos

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


modellering, verbale instruksie, geskrewe versoeke, voorsiening van leer- en pretervarings (Campbell, 2003:90).

Die navorser is van mening dat die kind se temperament 'n invloed het op die wyse waarop ouers dissipline gebruik.

### 5.19.1 Moment: Hoe dissiplineer ek my kind volgens sy temperament?

Hoe kinders gedissiplineer word, kan as moment geïdentifiseer en geïntegreer word by polariteite as teoretiese beginsel van die gestaltbenadering. (Vergelyk 4.4.4.7.) Die respondente moet eers inligting kry van die sterk punte en beperkinge van elke temperamenttipe, wat aansluit by die dissiplinering. Die ouers moet eers verstaan waarom die kinders op 'n sekere manier optree, alvorens hulle gestraf word.

Die verskillende momente wat bespreek is, kan tydens verskillende sessies aan die respondente verduidelik word. Die konsepbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare kan soos volg skematies voorgestel word:

## 5.20 DIE KONSEP-OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM

**TABEL 5.8: KONSEP-BEMAGTIGINGSPROGRAM VIR OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE**

| **GESTALT-BEGINSEL** | **MOMENT** | **UITVOERING** | **TYD EN VERLOOP** |
|---|---|---|---|
| Holisme 4.4.4.1 | • Ken my kind se temperament 5.3<br><br>❖ Ken my | • **Sessie 1**<br>• Assessering van kind se temperament in groepsverband<br>Sessie 1A: 5.22<br>Sessie 1B: 5.22<br><br>• **Sessie 2** | 1 week voor werkswinkel<br>90 min.<br>90 min.<br><br>5 dae voor |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | temperament as ouer | • Assessering van ouers se temperament deur gestandaardiseerde DISC-vraelys te voltooi (bylaag 5)<br>• **Sessie 3**<br>• Vasstelling wat ouers se persepsie is van kind se temperament (5.23)<br><br>• **Sessie 4 (Werkswinkel)**<br>• Ouers voltooi afsonderlik die selfontwerpte vraelys voor aanvang van program (A) van ABA-ontwerp (bylaag 4)<br><br>• **Sessie 4 (Werkswinkel)**<br>• Agtergrondinligting t.o.v. veranderlikes wat verhouding tussen temperament en ouerskap beïnvloed<br>• Kind se temperament en ouerskap 5.4<br>• Voorvereistes vir ouerskap 5.6<br>• Kind se unieke temperament 5.3<br>• Mens is 'n eenheid in homself. Neuro-anatomie en | werkswinkel<br>Die individuele verslae van die gestandaardiseerd e vraelys is tydens sessie ses hanteer<br>Kontrolelys (5.23)<br><br>1 dag voor werkswinkel<br>Terugvoering van die kontrolelys t.o.v. elke kind, is tydens sessie ses hanteer<br><br>Power-Pointprogram<br>Leefwêreld van die kind<br>Aktiwiteit van Sessie 1A en 1B |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | temperament 2.8<br>• Begrip vir die kind se gedrag en wangedrag 5.7 en 5.8 | |
| Figuurgrond/ Agtergrond 4.4.4.3. | • Hoe lyk die moontlike ideale omgewing waar die individu kan voel hy is in beheer Hoofstuk drie | • **Sessie 4 (Werkswinkel)**<br>• Wat is temperament 2.3.1, 2.3.2, 2.3.3<br>• Wat is waarde van kennis van temperament? 2.2<br>• Ontwikkelingstake en gesinstake van kind in middelkinderjare 4.3.3 en 4.3.4. | PowerPoint program tydens werkswinkel<br><br>Uitdeelstuk van brein |
| Homeostase/ Organismiese selfregulering 4.4.4.2 | • Boustene vir 'n positiewe verhouding 5.9.<br>• Ses faktore wat die ouer-kind-verhouding positief beïnvloed 5.10.<br>• Faktore wat die ouer-kind-verhouding negatief beïnvloed 5.13<br>• Hoe wys ek as ouer my liefde vir my kind 5.11<br>• Invloed van omgewing op temperamentverskille | • **Sessie 4**<br>• **(Werkswinkel)**<br>• Vier boustene vir positiewe verhouding en ses faktore wat die ouer-kind verhouding positief beïnvloed 5.9<br>• Onvoorwaardelike aanvaarding en liefde 5.11<br>• Emosionele behoefte van temperamenttipe 5.10.<br>• Liefdestale 5.11.<br>• Spanningsareas vanuit temperamente wat kan lei tot onvoltooidhede | Werkswinkel<br><br>Powerpoint program<br><br>Transpirant tabel 5.1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Onvoltooidheid 4.4.4.4 | 5.12.1<br>• Begrip vir kind se gedrag en wangedrag 5.7 en 5.8. | - tabel 5.1<br>• Vyf faktore wat ouers se verhouding met die kind negatief beïnvloed 5.13<br>• Hoe hanteer ek my kind se spanning t.o.v. sy temperament 5.16.1 | |
| Polariteite 4.4.4.7 | • Sterk punte en beperkinge van temperamenttipe (Hoofstuk drie)<br>• Hoe dissiplineer ek my kind 5.20 | • **Sessie 4**<br>• Sterk punte en beperkinge t.o.v. temperamenttipe<br>• Dissipline | Werkswinkel Uitdeelstuk t.o.v. elke temperamenttipe volgens DISC-model |
| Kontakgrens 4.4.4.5. | • Reaksie van elke temperamenttipe op spanning en konflik Tabel 5.2<br>• Hoe hanteer verskillende temperamenttipes konflik 5.16<br>• Hoe maak ek as ouer kontak met my kind ten opsigte van temperamentverskille 5.14<br>• Ouerskapstyle se invloed op temperamentverskille 5.18<br>• Kontakgrens-versteurings | • **Sessie 4**<br>• Hoe maak ek as ouer kontak met my kind t.o.v. temperamentsverkille<br>• Hoe maak die temperamentverskille van kontakgrensversteuring gebruik | Werkswinkel PowerPoint program<br><br>Tabel 5.2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 4.4.4.6<br>• Hoe luister ek na my kind 5.15 | | |
| Kind se proses | • Temperament-verskille | • **Sessie 4**<br>• Verskillende temperamenttipes volledig bespreek volgens die DISC-model | Uitdeelstuk ten opsigte van DISC- model |
| | | • **Sessie 5**<br>• **Individuele terugvoering**<br>• Temperamenttipe van die kinders – terugvoering<br>• Temperamenttipe van elke ouer – terugvoering<br>• Voltooing van selfontwerpte vraelys na afloop van program (A) van ABA-ontwerp<br>• Spanningsareas t.o.v. temperamentverskille (Tabel 5.1)<br>• Invloed van omgewing op emperamentverskille 5.12<br>• Kontakmaking 5.14<br>• Konflikhantering 5.16 en Tabel 5.2.<br>• Motivering van kinders | Individuele terugvoering<br><br>Volledige verslag van elke gesin |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



| | | | |
|---|---|---|---|
| | | ten opsigte van temperamenttipe (Hoofstuk drie)<br>• **Sessie 6:**<br>• **Terugvoering** | 1 Maand later |

Die bemagtigingsprogram is oor 'n tydperk van twee weke uitgevoer. Die verskillende sessies wat aangedui is in die program dui, op die verskillende kontakte wat die navorser met die onderskeie respondente gehad het. Sessie vier is in die vorm van 'n eendag-werkswinkel aangebied, waar die respondente in groepsverband die meeste van die inligting ontvang het. Tydens die individuele terugvoering, is van die inligting wat tydens die werkswinkel verduidelik is, herhaal.

Die individuele terugvoering na afloop van die werkswinkel kan soos volg uiteengesit word:

- Verduideliking van die DISC-model se grafieke nadat dit verwerk is. Hierdie dui op elke ouer se natuurlike styl (aangebore styl) (grafiek II) en die aangepaste styl (grafiek I). Die respondente se grafieke is aangeheg vir volledigheidsdoeleindes. Die doel hiervan is om elke ouer se proses (vergelyk 4.4.4.8) te verduidelik.
- Verduideliking van die algemene karaktertrekke van die dominante temperamentstyl.
- Individuele verduideliking van elke ouer se natuurlike styl in terme van die sterk punte, beperkinge, kommunikasievaardighede, emosionele behoeftes en omgewing waar hy voel hy beheer het (Vergelyk hoofstuk 4.)
- Die woorde wat elke ouer se dominante temperamentstyl die beste beskryf.
- Die persepsie van die ouers ten opsigte van hulle kind se temperament, soos uiteengesit in die kontrolelys.
- Terugvoering ten opsigte van die navorser se assessering van die kind se temperament, soos verkry uit die twee assesseringsessies.
- Die ooreenkomste en/of verskille van die ouers en die kind se temperamenttipe.
- Die emosionele behoefte van die kind se unieke temperamenttipe.
- Hoe die ouers kontak kan maak met die kind se temperamenttipe.

- Hoe die ouers die kind kan dissiplineer.
- Hoe die ouer se verwagtinge en die kind se temperamenttipe met mekaar verband hou.

Die individuele terugvoering het by elke ouerpaar se huis geskied en is in 'n verslagvorm aan elkeen verskaf. Na die individuele terugvoering, het die ouers afsonderlik dieselfde selfontwerpte vraelys voltooi om die benuttingswaarde van die ouerbemagtigingsprogram te bepaal.

## 5.21 VASSTELLING VAN KINDERS SE TEMPERAMENTE

Om te speel is kinders se natuurlike taal (Landreth, 1991:10; West, 1996:13). Spel kan vergelyk word met die kinders se taal en die speelgoed waarmee hulle speel, kan met woorde vergelyk word. 'n Eie interpretasie is dat speel 'n medium vir kinders is waarmee hulle hulself kan uitdruk. Vir die doeleindes van die studie gaan die navorser spel benut, waar die kinders hulleself in groepsverband gaan uitdruk ten einde hulle temperamente te bepaal. Tydens die sessies gaan die navorser elkeen se gedrag waarneem, ten einde 'n aanduiding te kry wat elkeen se temperament is. Die benutting van spel is 'n poging om 'n geneigdheid ten opsigte van die kinders se temperamenttipe te bepaal. Die klem word geplaas op geneigdheid en nie op 'n definitiewe klinkklare assessering nie.

Kinders in die middelkinderjare se sosiale groepe raak al hoe meer belangriker in hulle lewe (Louw, *et al.,* 2001:354). Die sosiale groep bestaan uit ander kinders, gewoonlik van dieselfde geslag. Die kinders in hierdie ontwikkelingsfase se portuurgroep speel 'n spesifieke rol in die kind se sosialiseringsproses (Bigner, 1994:279). Cole & Cole (2005:554) voeg by dat die middelkinderjare kind se geleentheid om in sy portuurgroep se geselskap te wees, sy gedrag op twee maniere beïnvloed. Eerstens is die gehalte van die portuurgroepsaktiwiteit verskillend. Ouers verwag dikwels dat hulle kinders betrokke moet wees by klavierlesse, huiswerk of sekere vorms van instruksies of werk, terwyl wanneer hulle in die geselskap van vriende is, hulle net kan speel. Tweedens verskil die vorm van sosiale beheer. Ouers se beheer oor hulle kinders vereis dikwels dat kinders op 'n sekere manier moet optree vir aanvaarbaarheid, terwyl wanneer hulle in hulle portuurgroep se geselskap is,

ontwikkel hulle toenemende outoriteit en verantwoordelikheid. Outoriteit word ontwikkel deur onderhandelings, vergelykings en besprekings, sowel as konflikte.

‘n Studie is onderneem van kinders se sienings van hoe om vriende te maak, hoe om konflikte op te los en wat vertroue in ‘n verhouding beteken Owens, 1993:341-342). Hieruit het Selman ‘n reeks van vyf hiërargiese stadia ontwikkel waardeur kinders gaan. Die vyf stadia is die volgende:

- Stadium 0: Kortstondige speelmaatskap (drie tot sewe jaar)
- Stadium 1: Eenrigting-bystand (vier tot nege jaar)
- Stadium 2: Tweerigting-mooiweersamewerking (ses tot twaalf jaar)
- Stadium 3: Intieme onderling gedeelde verhoudings (nege tot vyftien jaar)

Stadia een en twee, naamlik eenrigtingbystand en tweerigtingmooiweersamewerking is vir hierdie studie van belang.

Die eenrigting-bystand stadium definieer ander kinders as diegene wat hulle speelgoed met hulle deel, wat gaaf is en dit geniet om saam iets te doen. ‘n Vriend word beskryf as iemand wat doen wat die kind wil hê hy moet doen. Die verhouding word beskou as kortstondig en van verbygaande aard. Die kinders sien alle kinders as dieselfde, sonder om die individualiteit van elkeen in ag te neem. Vriende word gesien as belangrik omdat hulle in die kind se behoefte voldoen deurdat hulle doen wat die kind verlang. ‘n Naby vriend is een wat beter geken word as ander, deurdat die vriend se voor- en afkeure bekend is (Owens,1993:341-342; Louw *et al*., 2001:372). Die tweede stadium van tweerigting-mooiweersamewerking wat van ses jaar tot twaalf jaar strek, word gekenmerk deurdat kinders bewus word dat gee-en-neem ‘n integrale deel van enige vriendskap behoort te vorm. Vriende word nou gesien as persone wat mekaar help. Eiebelang is egter nog teenwoordig, met die gevolg dat die vriendskap dikwels tot niet gaan indien die kinders verskil of argumenteer.

Bigner (1994:278) meen dat skoolgaande kinders, spesifiek die middelkinderjare kind ‘n psigososiale taak het wat hulle moet verrig as deel van hulle sosiale ontwikkeling.

Thompson en Rudolph (2000:15) is van mening dat Erikson agt stadiums van menslike ontwikkeling, spesifiek vir sosiale ontwikkeling van geboorte tot volwassenheid, beskryf. (Vergelyk Meyer & Van Ede, 2001:53.) Elke stadium het twee basiese take waaraan voldoen moet word, naamlik om ander persone se verwagtinge en eise te hanteer wat in konflik is met die persoon se eie behoeftes; en die tweede taak is die bereiking van hierdie verwagtinge van die omgewing met die beperkte vermoëns wat die persoon het ten opsigte van sy ontwikkelingstadium waarin hy tans verkeer (Thompson & Rudolph, 2000:15). Die navorser is van mening dat die agt stadiums van Erikson daarop dui dat elke kind aan sekere verwagtinge en eise van die omgewing suksesvol moet hanteer alvorens hulle na die volgende stadium kan beweeg. Die moontlikheid bestaan volgens die navorser dat indien die kind se omgewing se verwagtinge ooreenstem met die kind se temperament dit kan bydra dat die kind moontlik makliker deur die stadiums van Erikson kan bereik.

Die stadium van belang vir die middelkinderjare kind is arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. Die taak van hierdie stadium is dat die middelkinderjare kind 'n reeks van akademiese, sosiale, fisiese en praktiese vaardighede benodig en in hierdie fase moet bereik. Dit is dus nodig vir volwassenes in die middelkinderjare kind se lewe om hom te motiveer en aan te moedig sodat hy kan voel hy kry iets reg (sukses behaal) en van waarde kan voell. Koestering kan daartoe bydra dat kinders spesiale talente en vermoëns kan ontwikkel (Thompson & Rudolph, 2000:16). Louw *et al.* (2001:53) voeg by dat Erikson se agt stadia gekenmerk word deur 'n krisis. Die krisis behels dat die persoon homself ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Elke krisis word ontlok deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Aan die een kant bring die ontwikkeling van die individu mee dat hy oor nuwe behoeftes en moontlikhede beskik en aan die ander kant stel die samelewing sekere vereistes.

Die oplossing van elke krisis is geleë in 'n sintese, naamlik 'n kombinasie tussen die twee pole (Louw *et al.* 2001:53). Louw *et al.* (2001:55) is verder van mening dat Erikson die stadium arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid noem. Dit is belangrik vir die kind om sukses te behaal en die kind moet die geleentheid kry om die minderwaardigheidsgevoel te voorkom. Suksesvolle bemeestering lei tot die

sintese van bekwaamheid. Die navorser is van mening dat sekere temperamenttipes makliker hierdie sintese van bekwaamheid kan bereik as ander. Kinders met 'n temperamenttipe van D en C het 'n basiese geneigdheid om taakgeoriënteerd te wees. Hulle is dus ingestel om take te voltooi en te bemeester. 'n Eie interpretasie is dat die C-temperamenttipe geneig is om selfkrities te wees en hoë standaarde aan hulleself stel. Ouers van die kinders moet hulle dus meer aanmoedig om die minderwaardigheidsgevoelens wat hulle kan hê te voorkom, deur meer geleenthede vir bemeestering daar te stel.

Bigner (2001:279) meen verder dat Erikson voorgestel het dat die kinders 'n behoefte vir voltooiing aanleer. Hierdie behoefte sluit in 'n positiewe gevoel ten opsigte van werk en roetinetake, sosiale en verstandelike vaardighede word bemeester oor 'n bepaalde tydperk en meer verantwoordelikheid word geneem vir persoonlike gedrag. Hierdie psigososiale taak, naamlik werksaamheid, stel die middelkinderjare kind in staat om 'n taak te begin en te voltooi, sonder om hom voortdurend te herinner om die taak te voltooi. Die aard van die opdrag is egter nie belangrik nie, maar wel die proses van begin, uitvoering en voltooiing. 'n Eie interpretasie is dat sekere temperamenttipes, soos die I-temperamenttipe, geneig is om impulsief betrokke te raak by 'n taak en dit nie te voltooi nie. Dit sal dus vir die ouers van die kind met die temperamenttipe nodig wees om die kind van hierdie basiese geneigdheid bewus te maak, om hierdie taak van werksaamheid suksesvol te bemeester.

## 5.22 ASSESSERING VAN DIE KIND TEN EINDE DIE GENEIGDHEID TOT 'N TEMPERAMENTTIPE TE BEPAAL

Die vasstelling van die kinders se temperamente vorm deel van die studie. Die probleem wat die navorser ervaar het, is dat geen gestandaardiseerde meetinstrument bestaan om kinders se temperamente vas te stel nie. Om ouers te bemagtig met kennis oor hulle eie en hulle kinders se temperamente, is dit nodig om die kinders se temperamenttipe vas te stel. Dit is gedeeltelik weens die feit dat middelkinderjare kinders se portuurgroep 'n spesifieke rol speel in hulle sosialiseringsproses, dat die kinders in groepsverband betrek word om hulle temperamenttipe vas te stel. Groepsaktiwiteite gee aan elke kind die geleentheid om dinge te ervaar en met nuwe

gedrag te eksperimenteer (Oaklander, 1988:286). Die kinders se gedrag word tydens die groepsaktiwiteite waargeneem. Die assessering van die verskillende temperamente gaan nie 'n klinkklare beslissing van temperamente weergee nie. Die navorser het dus bloot gepoog om van elke kind die geneigdheid tot 'n temperamenttipe te probeer verkry. Die mening van die navorser is vergelyk met die ouers se persepsie van hulle kinders se temperamenttipe.

Die groepsaktiwiteite is gestruktureerd gedoen, deurdat die navorser spesifieke opdragte aan die groep gegee het om uit te voer. Oaklander (1988:287) is van mening dat groepsdialoog 'n groter impak het as persoonlike wisselwerking. Die doel van groepsaktiwiteite is dat dit 'n plek vir die kind bied om bewus te word van hoe hy tussen ander kinders reageer. Die navorser het die kinders spesifiek in 'n groep betrek om waar te neem hoe elke kind optree. Die kinders is nie in terapie betrek nie. Die groepsaktiwiteite was 'n geleentheid wat die navorser aan die kinders gebied het waar hulle bepaalde opdragte moes uitvoer, om sodoende hulle gedrag waar te neem. Hoewel die kinders individueel tydens spelassesseringsessies betrek kon word, is die kinders in 'n groep betrek om tyd te spaar en weens die groepdinamika.

Die volgende voorgestelde aktiwiteite is benut in die assessering van die kinders se temperament. Die aktiwiteite kan in meer as een sessie uitgevoer word. Vir die doeleindes van hierdie studie is die groepsaktwiteite in twee uitgevoer. Meer as een sessie op verskillende dae word aanbeveel vir akkurater assessering.

**ASSESSERINGSESSIE 1A:**

- **DOEL VAN SESSIE 1A:**

Om 'n verhouding met die onderskeie groepslede te bou, waar hulle gedrag waargeneem kan word.

**KAKTIWITEIT NR. EEN VAN SESSIE 1A**

Maak-'n-vriend-speletjie

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


- **BENODIGDHEDE:**

Die volgende word benodig om die aktiwiteit uit te voer:

❖ ‘n Strandbal

- **REËLS VAN DIE AKTIWITEIT**

Die volgende reëls is van toepassing op die speletjie:

❖ Die kinders staan in ‘n kring. Een van die kinders gooi die bal vir ‘n ander groepslid van sy keuse. Wanneer die groepslid die bal vang, moet hy reageer op dit wat op die bal geskryf staan. Nadat hy die vraag wat op die bal aangebring is beantwoord het, kan hy weer die bal vir ‘n ander groepslid gooi. Die speletjie hou aan tot al die groepslede ‘n beurt gekry het.

- **BESKRYWING VAN DIE AKTIWITEIT**

Die aktiwiteit staan bekend as ‘n ken-mekaar-tegniek, naamlik die “maak-‘n-vriend balspeletjie”. ‘n Strandbal word afgeblaas en die volgende woorde word met behulp van ‘n permanente merkpen op die bal aangebring. Die volgende woorde is voorstelle wat op die strandbal aangebring kan word:

❖ Skud die hand van die deelnemer regs van jou
❖ Gee die deelnemer oorkant jou ‘n kompliment
❖ Vra die tweede speler aan jou regterkant: “Wat was lekker by die skool?”
❖ Vra die tweede speler aan jou linkerkant: “Wat was nie so lekker by die skool nie?”
❖ Trek ‘n lelike gesig
❖ Almal asen tien keer diep in en uit.
❖ Gunsteling TV-program
❖ Gunsteling sport (Shapiro, 2004:113).

- **DIE VOLGENDE GEDRAG WORD WAARGENEEM TYDENS ELKE GROEPSAKTIWITEIT**

Die onderskeie karaktertrekke van toepassing op elke temperamenttipe, soos uiteengesit by 3.6, 3.8, 3.10 en 3.12 volgens die DISC-model, tesame met die

kontrolelys (Bylaag 8) gaan as assesseringsriglyn deur die navorser benut word. Boyd (2004:113-116) gee die volgende voorstelle hoe om kinders se gedrag waar te neem, om 'n geneigdheid te bepaal:

- Neem die kind in meer as een situasie waar. Let op patrone van gedrag. Hoe is die kind geneig om teenoor ander te reageer. Hoe reageer die kind teenoor vreemdelinge? Hoe is die kind geneig om te reageer wanneer sy nuwe persone ontmoet. Wat interresseer die kind? Watter aktiwiteit geniet hy om te doen?
- Slaan ag op ander se sienswyse van die kind se gedrag. Die navoser het dit gedoen deur die ouers te versoek om die kontrolelys ten opsigte van die kinders te voltooi.
- Van al die inligting wat versamel word ten opsigte van die kind se gedrag kan 'n hipotese gevorm word. Hierdie hipotese kan vergelyk word met die karaktertrekke van elke DISC-temperamentstyl.
- Let op sekondêre temperamentstyl. Dit dui daarop dat die kind gewoonlik nie net een dominante temperamentstyl toon nie, maar wel een wat dominant is en een wat sekondêr is.

Die riglyne van Boyd (2004:113-116) kan van toepassing gemaak word met die assessering van die onderskeie kinders.

Bykomend tot die waarneming van die kinders se gedrag om 'n geneigdheid te bepaal, kan 'n gedeelte van Oaklander se assesseringsriglyn soos beskryf deur Blom (2004b:71) ook as raamwerk benut word. Die volgende gedeelte van die assesseringsriglyn kan hier benut word:

- Kontakvaardighede: Wat is die kind se kontakvaardighede met homself, met ander kinders en die navorser. Word die kontak in stand gehou?
- Proses. Hoe bied die kind homself vir die wêreld aan (stil, raserig, aggressief, passief, leier, volger, en so meer). Hier kan die verskillende eienskappe van elke temperamenttipe soos beskryf in hoofstuk drie ten opsigte van die DISC-model, benut word:

  Hoe tree die kind op teenoor die navorser, ouers en ander groepslede? Die navorser kan die kontak tussen die kind en die ouer wat hom vir die sessies bring, waarneem. Die gedragsmanifestasie van die kind word deurgaans waargeneem en aantekeninge gemaak. Daar word na aspekte gekyk soos die kind se humor,

probleemoplossende vaardighede en die benadering van 'n probleem. Die navorser let op ooreenkomste tussen gebeure in die assesseringsessies en die persepsie van die ouers volgens die kontrolelys. Blom (2004b:73) meen dat die navorser voortdurend tydens die assessering van die kinders bewus moet wees wat die doel van die assessering is. Die doel van die assessering is om die kinders se gedragmanifestasies waar te neem in 'n poging om 'n geneigdheid te bepaal om 'n temperamenttipe vas te stel. Die doel van die assesseringsessies is nie om die kind se onvoltooidheid vas te stel nie, maar bloot om sy proses waar te neem, soos bespreek in 4.4.4.8.

**AKTIWITEIT NR. TWEE VAN SESSIE 1A**

Benutting van *collage* as assesseringstegniek.

- **BENODIGDHEDE:**

Die volgende word benodig om die aktiwiteit uit te voer:

❖ Een groot harde karton (1m x 1m)
❖ Gekleurde A4-papier
❖ Skêr en gom
❖ Pypskoonmakers
❖ Verskillende *"stickers"*
❖ Tydskrifte
❖ Snees-, konstruksie-, geskenk- en muurpapier
❖ 'n Verskeidenheid van teksture van materiale, soos wol, katoen en kant
❖ Sagte voorwerpe, soos vere en watte
❖ Growwe voorwerpe, soos staalwol, spons en sandpapier
❖ Voorwerpe soos knope, sellofaan, stokkies, noedles en skulpies

- **REËLS VAN SPELETJIE**

Die volgende reëls is van toepassing op die speletjie:

❖ Die kinders sit in 'n kring. Die karton word in die middel van die kring geplaas, waarop die opdrag uitgevoer word. Enige van die hulpmiddels kan

benut word om die opdrag uit te voer. Die opdrag moet ‘n gesamentlike poging wees van al die groeplede.

- **BESKRYWING VAN DIE AKTIWITEIT**

Die kinders moet hulle verbeel dat hulle by ‘n maatskappy werksaam is wat beplanning doen vir funksies. Die opdrag aan die groep is om ‘n partytjie te reël vir ‘n persoon van hulle ouderdom. Die beplanning van die partytjie moet geskied op die karton tot hulle beskikking. Die verskillende hulpmiddels kan benut word om die opdrag uit te voer.

Die gedrag wat waargeneem is, is by aktiwiteit 1A uiteengesit. Dit kan ook van toepassing wees op hierdie aktiwiteit.

## AKTIWITEIT NR. DRIE VAN SESSIE 1A

**Doel:** Om deur middel van die benutting van aktiwiteite die kinders se onderskeie gedragmanifestasies waar te neem, ten einde ‘n geneigdheid te bepaal van ‘n temperamenttipe.

- **BENODIGDHEDE:**

Die volgende word benodig om die aktiwiteit uit te voer:

❖ ‘n Tafel
❖ Rou spaghetti
❖ Een pak *“marshmallows”*

- **REËLS VAN SPELETJIE**

Die volgende reëls is van toepassing op die speletjie:

❖ Die kinders staan in ‘n kring met ‘n tafel in die middel.
❖ Die aktiwiteit word gesamentlik uitgevoer.
❖ Die ”*marshmallows”* word nie tydens die uitvoering van die aktiwiteit geëet nie.
❖ Die spaghetti mag gebreek word.
❖ Na voltooiing van die opdrag, moet die *“marshmellow”*-toring sonder enige hulp kan staan.

- **BESKRYWING VAN DIE AKTIWITEIT**

Die groep kry die opdrag om 'n toring so hoog soos hulleself met die "*marshmallows"* en die rou spaghetti te bou. Die groeplede mag die hele pak *"marshmallows"* en al die spagetti gebruik om die opdrag uit te voer. Die toring moet na voltooiing van die opdrag, alleen sonder die hulp van die groeplede kan staan.

Die gedrag wat waargeneem word, is by aktiwiteit 1A bespreek.

## SESSIE 2:

| AKTIWITEIT NR. EEN VAN SESSIE 1B |
|---|

**Bordspel**

- **BENODIGDHEDE:**

Die volgende word benodig om die aktiwiteit uit te voer:

- 'n Laken van 1m x 1m wat plat op die mat neergesit word
- Bo-op die laken word verskillende blokke met getalle op aangebring met behulp van 'n permanente merkpen
- Die blokke bevat elk 'n opdrag wat uitgevoer moet word
- Dobbelstene
- Puntebord

- **REËLS VAN DIE AKTIWITEIT**

Die volgende reëls is van toepassing op die speletjie:

- Die kinders staan drie treë van die laken af.
- Elke groeplid word geblinddoek.
- Elke groeplid kry 'n beurt om na die bordspel te gooi.
- Die groeplid wat die meeste punte het, is die wenner.

- **BESKRYWING VAN DIE AKTIWITEIT**

Die groeplid wat die hoogste telling op die dobbelsteen het, kan kies wie van die groeplede kan begin. Elke groeplid kry daarna 'n beurt om na die bordspel te gooi met die dobbelsteen. Die blok waar die dobbelsteen land, verteenwoordig 'n opdrag wat die lid moet uitvoer, asook 'n waarde wat daaraan gekoppel word. Die groeplid wat die meeste punte verdien, is die wenner. Die kompetisie-element is in die aktiwiteit ingewerk, aangesien die navorser van mening is dat dit moontlik 'n rol kan speel in die temperamenttipe. Sekere temperamenttipes soos die D-temperamenttipe volgens die DISC-model, verkies kompetisie (Vergelyk 3.6.2.1.) Die volgende blokke kan op die laken aangebring word:

- Wat maak jou kwaad? +1
- Wat maak jou bly? +1
- Wat maak jou hartseer? +1
- Wat maak jou bang? +2
- Gooi twee keer
- Hoela-hoep vir 5 draaie +5
- Trek 'n lelike gesig +2
- Trek 2 af -2
- Gunsteling musiek +1
- Beste maat +1
- Staan op een been +2
- Drie wense +3
- My gunsteling sport +2
- 'n Held is iemand wat … +1
- Dit irriteer my as … -2

Die gedrag wat waargeneem is, is by sessie 1A verduidelik. Dit is ook benut in hierdie sessie.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**AKTIWITEIT NR. TWEE VAN SESSIE 1B**

**Doel:** Om deur middel van die benutting van aktiwiteite die kinders se onderskeie gedragsmanifestasies waar te neem, ten einde 'n geneigdheid te bepaal van 'n temperamenttipe.

- **BENODIGDHEDE:**

Die volgende word benodig om die aktiwiteit uit te voer:

❖ Pottebakkersklei
❖ Kleispeel- goed (messies, vorms, drukkers)
❖ Voorwerpe soos stokke, klippe, grasse
❖ Plastiek waarop die aktiwiteit uitgevoer word
❖ Water

- **REËLS VAN SPELETJIE**

Die volgende reëls is van toepassing op die speletjie:

❖ Elke groeplid kry 'n stuk klei.
❖ Die klei mag nie van die plastiek af verwyder word nie.
❖ Die aktiwiteit word gesamentlik uitgevoer.

- **BESKRYWING VAN DIE AKTIWITEIT**

Die groep se sensoriese bewustheid word verhoog deurdat die groep op 'n fantasiereis geneem word. Die voorgestelde fantasiereis kan soos volg uiteengesit word:

Die groep moet hulle oë toemaak en verbeel dat hulle almal seerowers is wat op 'n seerowerskip vaar. Die navorser bied geleentheid vir sensoriese bewustheid, soos wat ruik, hoor, proe, sien hulle en wat raak hulle aan. Skielik is daar 'n groot, wilde storm wat opkom wat hulle seerowerskip laat omslaan. Wanneer hulle almal wakker word, het hulle op 'n strand uitgespoel. Dit is bykans aand en elkeen moet

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


vir homself 'n skuiling bou. Hulle moet ook gesamentlik 'n eiland tot stand bring, soos hulle dit sou verkies. Suggesties kan gemaak word, byvoorbeeld hulle te laat besluit of daar berge, plante, bome en paaie op die eiland is.

- **DIE WAARDE VAN DIE BENUTTING VAN KLEI**

Die waarde van die benutting van klei as 'n projeksietegniek is die volgende, volgens Schoeman (1996b:51); West (1992:71) en Oaklander (1988:67):

❖ Dit is buigbaar en sag en kan by kinders van verskillende ouderdomme benut word.

❖ Dit voorsien kinestetiese en sensoriese stimulasie, wat die kind se emosionele uitdrukking bevorder.

❖ Dit voorsien aan die kind 'n sin vir bemeestering, deurdat hy die klei kan buig en vorm soos hy wil en omdat geen spesifieke reëls vir die benutting daarvan bestaan nie.

❖ Dit voorsien geleentheid vir die terapeut om die kind se proses waar te neem, Dit terapeut kan sien wat met die kind aangaan, deur waar te neem hoe hy met die klei werk.

❖ Dit dien as brug vir verbale uitdrukking, veral vir kinders wat moeilik praat.

## 5.23 KONTROLELYS

Die selfontwikkelde kontrolelys is saamgestel uit die literatuur van die DISC-model. Die doel vir die samestelling van die kontrolelys is omdat daar nie 'n gestandaardiseerde vraelys bestaan om kinders se temperamente vas te stel nie. Die kontrolelys is ontwikkel om as hulpmiddel te dien om die ouers se persepsie van die kinders se temperamente te bepaal, asook om die navorser van hulp te wees met die waarneming van die kinders se gedrag tydens die twee assesseringsessies. Die opdrag aan die ouers is om soveel as moontlik gedragstrekke wat by hulle middelkinderjare kind voorkom, aan te dui. Die ouers word daarop gewys dat hierdie gedragstrekke patrone van gedrag moet vorm, met ander woorde dit moet oor 'n tydperk voorkom en moontlik in verskillende situasies. Die navorser het 'n antwoordstel waarvolgens die aanduidings van die ouers in temperamenttipes verdeel kan word. Hierdie voltooide

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


kontrolelys van die ouers en die navorser is met mekaar vergelyk om 'n aanduiding te gee van die kind se geneigdheid tot 'n temperamenttipe. Die kontrolelys en die antwoordstel word as bylaag 8 aangeheg. Die kontrolelys kan soos volg uiteengesit word:

**TABEL 5.9 TEMPERAMENTKONTROLELYS**

**Naam van kind:** **Datum:**

Merk (x) alle beskrywende frases wat na u mening u kind se temperament die meeste van die tyd beskryf. Onthou dat daar geen regte of verkeerde antwoorde bestaan nie.

| | |
|---|---|
| As hy/sy iets nou wil hê, soek hy dit nou en sal kerm/huil tot hy dit kry | |
| Gesels aanmekaar hou daarvan om te praat sonder ophou | |
| Perfeksionisties. As hy/sy iets doen, moet dit reg wees. Sal oor en oor probeer tot dit reg is | |
| Vergewe maklik, sê maklik hy/sy is jammer | |
| Ongeduldig, kan nie sukkel nie | |
| Wanneer ontstel, sal hy/sy baie hard huil en wanneer hy/sy bly is is hy/sy baie bly (ekstreme emosies) | |
| Versigtig – dink eers lank voordat hy/sy besluit | |
| Nuuskierig – vra gedurig vrae | |
| Hou daarvan om ander te oortuig en te onderhandel | |
| Hou nie van baklei nie, wil voortdurend vrede maak | |
| Natuurlike leier | |
| Verkies om alleen te werk, bo spanverband | |
| Beweeg van een aktiwiteit na volgende sonder om te voltooi | |
| Gee maklik in wanneer oortuig word | |
| Voel maklik seergemaak en kan nie kritiek hanteer nie | |
| Wanneer hy/sy kamer toe gestuur word, sal hy/sy skreeu en kla. Wanneer hy/sy uit die kamer kom, sal hy ure daarna nog kla | |
| Pas is altyd vinnig. Wil pret hê, al is speeltyd reeds verby | |
| Natuurlik stil, kalm en gemaksugtig | |

| | |
|---|---|
| Eerste kontak met vreemdelinge lei tot wegdraai of klouerige gedrag. Stadig om nuwe mense te aanvaar | |
| Reageer vinnig en onafhanklik en verkies om dinge self te doen | |
| Wys intense emosionele hoë's en laagtes | |
| Intensiteit van reaksies is laag en gemiddeld | |
| Hou van privaatheid. Speel op eie (*"loner")* | |
| Wil gewoonlik tussen vriende wees | |
| Aktief. Hou van risiko's en ondersoekend | |
| Hou van samewerking en sal gewoonlik presies doen wat van hom/haar verlang word | |
| Kom beheerst voor en is gewoonlik ernstig | |
| Vra komplekse vrae en verkies lang verduidelikings in detail | |
| Sê presies wat hy dink en wat hy wil hê | |
| Reageer nou en dink later (impulsief) | |
| Hou van voorspelbare roetines | |
| Wil iets stap-vir-stap weet | |
| Baie krities, wil weet waarom iets op spesifieke manier gedoen is | |
| Hou van openbare erkenning. Kan aandag trek (*"show off"*) | |
| Word gou kwaad | |
| Verkies kompetisie | |
| Luister meer as wat hy praat | |
| Gedisorganiseerd, verstrooid | |
| Gesels met vreemdes in winkels | |
| "Klein grootmens" | |
| As hy nie die beste punte kry nie, glo hy hy druip en raak ontmoedig | |
| Jok as die doel die middel heilig om reëls te ontduik | |
| Hou nie daarvan om "nee" vir 'n antwoord te kry nie. Sal aanhou tot hy dit kry | |
| Liefde en aanvaarding van ander is ekstreem | |
| Almal is sy beste vriend | |
| Dagdroom | |
| Bejammer homself | |
| Terggees totdat ander sy humeur verloor | |

| | |
|---|---|
| Wil dinge self doen | |
| Vergeet vinnig van ongelukkigheid en raak weer in die hede betrokke | |
| Stel hoë doelwitte aan homself | |
| Neem beheer en geniet dit om ander rond te stuur | |
| Tevrede met min aandag | |
| Kan nie alleen speel nie. Soek altyd ander om saam te speel | |
| Konsidererend teenoor ander | |
| Moeilik om te erken as hy verkeerd was | |
| Ongedissiplineerd. Moet voordurend vir dieselfde gedrag straf word | |
| Hou van bekende goed | |
| Raak gou negatief. Sê sommer dit gaan nie werk nie. | |
| Verkies slegs een of op die meeste twee maats | |
| Sien in alles die opwinding raak en sal enigiets probeer | |
| Hou nie van verandering nie, verkies roetine | |
| Verkies individuele sport bo spansport | |
| Gewoonlik die laaste van die gesin klaar met etes | |
| Wanneer hy/sy boeklees, sal hy/sy van die eerste hoofstuk na die laaste spring om te sien wat die einde is | |
| Speel eerder buite bal as om binne te sit en boeklees | |
| Stel maklik uit | |
| Sê dikwels iets soos “Ek gaan dit in elk geval nie regkry nie” nog voor hy/sy probeer | |

## 5.24 SAMEVATTING

In die hoofstuk is die klem op die inhoud van die ouerbemagtigingsprogram geplaas. Verskillende momente uit bestaande ouerbemagtigingsprogramme soos die STEP en die PET asook uit die literatuurstudie van ouerleiding is ontwikkel. Die momente is met die gestaltbenadering se beginsels geïntegreer, wat in hoofstuk vier uiteengesit is.

Die ouerbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare is as fase een van die intervensienavorsingsproses ontwikkel.

Elke kind word met ‘n geneigdheid gebore om op ‘n sekere wyse op te tree. Hierdie geneigdheid staan as temperament bekend. Daar is nie terapie met die kinders in die studie gedoen nie. Die kinders se geneigdhede is waargeneem. Kinders verskil van volwassenes. Temperament is een van die verskeie faktore wat ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het.

Die mens se temperamentprofiel is op die ouderdom van vyf jaar duidelik sigbaar en teen nege jaar vasgelê. ‘n Kind se gedragstyl kan op ongeveer sesjarige ouderdom akkuraat waargeneem word. Hoewel ‘n kind se temperamenttipe aangebore en reeds vroeg in sy lewe sigbaar is kan sy temperamenttipe met sekerheid vasgestel word wanneer hy skool toetree. Dit is die rede waarom die middelkinderjare kind gekies is om deel van die studie te wees.

Die eerste moment waar ouers hulle kinders en hulle eie temperamenttipe ken, is geïntegreer by holisme.

Die tweede moment waar die kind se temperament geken word is waar ouers se temperamenttipe deur die gestandaardiseerde vraelys bepaal is. Die kind se temperament is bepaal deur die navorser wat die kind se gedrag tydens twee groepsaktiwiteite waargeneem het. Hierdie waarneming is vergelyk met die ouers se persepsie van hulle kinders se temperament. Die persepsie is bepaal deur die voltooiing van ‘n kontrolelys.

Die kennis van en begrip vir die kind se wangedrag is as moment geïntegreer met onvoltooidheid as beginsel van die gestaltbenadering.

Die boustene vir ‘n positiewe ouer-kind-verhouding en die agt faktore wat die ouer-kind-verhouding positief en negatief beïnvloed, is as moment geïntegreer met homeostase/organismiese selfregulering as beginsel van die gestaltbenadering.

Die liefdestale kan as moment geïntegreer word. Die emosionele tenk is ‘n figuurlike manier om ‘n kind se emosionele behoefte te beskryf. Ouers moet ingestel wees op kinders se emosionele behoeftes, wat verband hou met die verskillende temperamenttipes.

Die omgewing het ‘n invloed op die kind se temperament. Die kind se omgewing wat sy ouers, onderwysers en portuurgroep insluit asook sy temperamenttipes, staan in ‘n wedersydse verhouding met mekaar. Hierdie moment kan geïntegreer word met kontakgrens as beginsel van die gestaltbenadering.

Daar bestaan agt luistervaardighede waaraan ouers aandag kan gee. Hoe ouers na hulle kind kan luister kan as moment ontwikkel word en geïntegreer word by die kontakgrens as beginsel van die gestaltbenadering.

Die verskillende ouerskapstyle is onderskei. Die ouerskapstyle het ‘n invloed op die kind se temperament en op die “*goodness to fit*” omgewing.

Die morele ontwikkeling van die middelkinderjare is ‘n ontwikkelingstaak wat die middelkinderjare kind moet bemeester. Kohlberg het drie vlakke van morele ontwikkeling omskryf.

Ouers behoort die sterk punte en die beperkinge van elke temperament te ken en te verstaan om te weet hoe om hulle kind te dissiplineer.

Die program is in sessies verdeel. Die sessies het die kontakte met die respondente verteenwoordig. Die individuele terugvoering het tydens sessie ses van die ouerbemagtigingsprogram geskied. Na die individuele terugvoering, het die ouers afsonderlik weer dieselfde selfontwerpte vraelys voltooi, om sodoende die benuttingswaarde van die ouerbemagtigingsprogram vas te stel.

Die kinders se temperament is bepaal deur hulle by twee groepsaktiwiteite te betrek. Vyf aktiwiteite oor ‘n tydperk van twee groepsassesserings is voltooi. Om die kind se temperamenttipe te bepaal, is die kind se gedrag waargeneem om die geneighede van te stel.

Die volgende hoofstuk verleen aandag aan die resultate van die empiriese studie. Die bevindinge van die kwalitatiewe eerste fase van die empiriese studie word eerste en daarna dié van die kwantitatiewe tweede fase.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE GEGEWENS

## 6.1 INLEIDING

In hoofstuk een van die navorsingsverslag is ‘n algemene oriëntasie gegee oor die motivering van die studie, die probleemformulering, die doel, doelstellings en doelwitte en die navorsingsmetodologie.

Die literatuurstudie as fase twee van die intervensienavorsingsproses is in hoofstuk twee tot vier aangebied. In hoofstuk twee is die konseptualisering van temperament behandel. Die begrip temperament is gekonseptualiseer deur dit onder andere met persoonlikheid en karakter te vergelyk. Die verband tussen temperament met die neuro-anatomie is bespreek. In hoofstuk drie is verskillende temperamentdimensies, kategorieë en modelle bespreek. Die DISC-model is volledig onder die loep geneem, wat as basis dien vir die bepaling van die respondente se temperamenttipes. Die Keirsey-model is bespreek, wat as ‘n afsonderlike model kan dien vir terapeute om temperamente te bepaal.

In hoofstuk vier is die klem op die gestaltbenadering geplaas, wat as fundamentele raamwerk dien vir die bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare. Momente is geïdentifiseer uit bestaande ouerleidingsprogramme. Die momente is geïntegreer met die gestaltbenadering, wat in hoofstuk vyf verder aandag geniet het.

In hoofstuk vyf is die konsep-ouerbemagtigingsprogram en die assesseringsriglyn behandel as fase vier van die intervensienavorsingproses, naamlik vroeë ontwikkeling en voorondersoek.

.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die doel van hoofstuk ses is om die resultate van die empiriese studie weer te gee. Die bevindinge van die kwalitatiewe eerste fase van die empiriese studie en vyfde fase van die intervensienavorsingsproses, naamlik evaluering en gevorderde ontwikkeling, gaan eerstens bespreek word. Die twee fokusgroepe met vyf ouerpare elk, is gehou om die behoefte by die ouers te bepaal met betrekking tot kennis van hulle kinders se temperamente (Vergelyk 1.8.1.2.)

Tweedens word die kwantitatiewe tweede fase bespreek, om sodoende die benuttingswaarde van die ouerbemagtigingsprogram te bepaal. Die navorsingsmetodologie wat in die studie gebruik is, sal kortliks bespreek word, ten einde meer duidelikheid te bring.

## 6.2 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

### 6.2.1 Doelstelling

Die doel van die studie is:

**Om deur middel van ‘n verkennende en beskrywende ondersoek ‘n bemagtigingsprogram wat op die benutting van temperamentanalise gebaseer is, vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel en die bruikbaarheid van so ‘n program te evalueer.**

### 6.2.2 Doelwitte

Om die doelstelling suksesvol te bereik, is die volgende doelwitte vir die studie gestel:

- Om ‘n teoretiese kennisraamwerk op te bou ten opsigte van die konseptualisering van temperamente, die invloed van temperamentooreenkomste en -verskille by ouers en die invloed daarvan op die ouer-kind-verhouding, die ontwikkelingstake van die middelkinderjare en die gebruik van die DISC-model in die bepaling van gedrag en temperament. Hierdie teoretiese raamwerk is reeds in hoofstukke twee, drie en vier volledig bespreek Die opbou van ‘n kennisraamwerk was fase twee van die intervensienavorsing, naamlik inligtinginsameling en sintese.

- Om 'n behoeftebepaling by ouers van kinders in die middelkinderjare te doen oor die inhoud van 'n program wat temperamentanalise benut. Hierdie deel van die navorsing was die eerste fase, naamlik die kwalitatiewe deel van die empiriese studie en die eerste fase van die intervensienavorsingsproses, naamlik die programanalise en programbeplanning. Die data-insameling en data-analisering word onder 6.4 bespreek.
- Om deur die benutting van die teoretiese raamwerk, praktykbehoeftes en na aanleiding van die behoeftebepaling by die ouers self, 'n ouerbemagtigingsprogram saam te stel. Hieraan is reeds aandag verleen deurdat inligting uit die literatuur in die vorm van momente uiteengesit is in hoofstuk vier. Dit was fase vier van die intervensienavorsingproses, naamlik die vroeë ontwikkeling en voorondersoek.
- Om die ouerbemagtigingsprogram empiries te implementeer en die impak daarvan te evalueer. Die ouerbemagtigingsprogram is met vyf ouerpare geïmplementeer. Dit is die tweede fase van die empiriese studie, naamlik die kwantitatiewe gedeelte, en fase vyf van die intervensienavorsingsproses, genaamd evaluering en gevorderde ontwikkeling. Die bevindinge sal by 6.5 bespreek word.
- Om die ouerbemagtigingsprogram beskikbaar te stel en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program deur maatskaplike werkers, is as fase vyf van die intervensienavorsingsproses gestel. Die gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot die navorsingsbevindinge word in hoofstuk sewe uiteengesit.

## 6.3 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 6.3.1 Navorsingsbenadering

Die navorser het Cresswell (1994:173-190) se tweefase-ontwerpmodel benut. Die tweefase-ontwerpmodel is 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe paradigmas. Gedurende die eerste fase van die model het die navorser 'n behoeftebepaling gedoen by die ouers om vas te stel waaruit die program moet bestaan. Tydens die tweede fase van die model, naamlik die kwantitatiewe gedeelte,

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


is die bemagtigingsprogram met die ouers deurloop, waar verhoogde kennis by die ouers verwag is.

### 6.3.2 Soort navorsing

Die navorser het toegepaste navorsing gedoen, wat ten doel het om die kennis wat bekom is in optrede te omskep, ten einde 'n verbetering van omstandighede te bewerkstellig. Intervensienavorsing is 'n nuwe standpunt wat onder toegepaste navorsing ressorteer (Rothman & Thomas, 1994:9). Intervensienavorsing is benut om 'n ouerbemagtigingsprogram te ontwikkel, te implementeer en te evalueer om die bruikbaarheid daarvan te bepaal. Vir die doeleindes van die studie is die intervensienavorsingsproses in ses fases ingedeel bestaande uit onderafdelings. Die fokus is op die eerste vyf fases geplaas en kan soos volg uiteengesit word:

### 6.3.3 Intervensienavorsingsproses

#### 6.3.3.1 Probleemanalise en projekbeplanning

Probleemanalise en projekbeplanning is die eerste stap in die intervensienavorsingsproses. Ouers is bekommerd oor hulle gebrek aan kennis oor hulle kinders se behoeftes en temperamente, ten einde hulle kinders beter te verstaan. Ouers is dikwels onbewus van die bestaan van temperamente tot die geboorte van 'n tweede kind. Die navorsingsprobleem is dat daar 'n gebrek aan toepaslike ouerleidingprogramme in die praktyk is, waar die ouer en kind se temperamentkategorieë geanaliseer en in ag geneem word.

#### 6.3.3.2 Inligtinginsameling en sintese

Inligtinginsameling en sintese word as die tweede fase van die intervensienavorsingproses beskou. 'n Volledige literatuurstudie is onderneem, 'n bibliografiese soektog is gedoen en kundiges op die gebied van temperamente is geraadpleeg. 'n Behoeftebepaling is met behulp van twee fokusgroepe gedoen, bestaande uit vyf ouerpare met kinders in hulle middelkinderjare. Die

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


behoeftebepaling was die eerste fase van die kwalitatiewe gedeelte van die studie. (Vergelyk 1.8.2.)

### 6.3.3.3 Ontwerp

Die derde fase van die intervensienavorsing staan as ontwerp bekend. Vir die eerste fase van die kwalitatiewe navorsing is 'n fenomenologiese strategie gevolg en vir die tweede kwantitatiewe fase is die enkelstelselontwerp benut. Die enkelstelselontwerp is benut om die bruikbaarheid van die bemagtigingsprogram te toets. (Vergelyk 1.8.3.) Die A-B-A-ontwerp is as die soort ontwerp gekies wat onder die enkelstelselontwerpe ressorteer. Die basislyn (A) is bepaal deur middel van 'n selfontwerpte vraelys wat die respondente voor die aanvang van die intervensieprogram voltooi het. Die selfontwerpte vraelys word as bylaag 8 aangeheg. Die B dui op die intervensieprogram (onafhanklike veranderlike) wat in die vorm van 'n werkswinkel aangebied is. Die kinders wat aan die intervensieprogram deelgeneem het, is in groepsverband by twee assesseringsessies betrek. Die kwantitatiewe meting, wat na die empiriese toetsing van die intervensie verwys, is met behulp van dieselfde selfontwerpte vraelys getoets. Die verandering wat in die respondente se kennis plaasgevind het nadat die intervensieprogram aangebied is, dui op die afhanklike veranderlike.

### 6.3.3.4 Vroeë ontwikkeling en voorondersoek

Fase vier van die intervensieproses was die vroeë ontwikkeling en voorondersoek. Die vroeë ontwikkeling het behels dat 'n funksionele raamwerk opgestel is ten opsigte van wat die hoofondersoek behels. Die intervensieprogram is volledig in hoofstuk vyf bepreek. Die voor- en hoofondersoek het by die navorser se praktyk plaasgevind. Soos bespreek in 1.8.4, bestaan die fase van vroeë ontwikkeling en voorondersoek uit vier stappe, naamlik die ontwikkeling van 'n prototipe of voorlopige intervensie, die uitvoering van die voorlopige intervensie, die insameling en analisering van data en die toepassing van ontwerpkriteria op die voorlopige intervensiekonsep.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die voorondersoek is met vyf kinders, wat deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer is, deurloop. Die assesseringsriglyn, soos bespreek in hoofstuk vyf, is tydens die voorondersoek benut.

#### 6.3.3.5 Evaluering en gevorderde ontwikkeling

Evaluering en gevorderde ontwikkeling is die vyfde fase in die intervensieproses. Hierdie fase dui hoofsaaklik op die uitvoering van die intervensieprogram wat in hoofstuk vyf bespreek is. Die kwantitatiewe deel van die studie is gedoen deur middel van die voltooiing van 'n selfontwerpte vraelys deur die respondente. Die kwalitatiewe studie is deur middel van fokusgroepbesprekings gedoen. Beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe analisering van die studie sal later in die hoofstuk aandag geniet.

#### 6.3.3.6 Verspreiding van die navorsingsprojek

Verspreiding van die navorsingsprojek is die sesde fase van die intervensieproses. Hierdie studie maak aanbevelings en die verspreiding vorm nie deel van die navorsing nie.

## 6.4 KWALITATIEWE DATA (Fase 1 van empiriese studie)

Die kwalitatiewe data as fase een van die empiriese studie het die tweede fase van die intervensienavorsingsproses gevorm, naamlik die inligtinginsameling en sintese. Die doel van die kwalitatiewe data-insameling was om deur middel van die gebruik van twee fokusgroepe 'n behoeftebepaling te doen wat die moontlike inhoud van so 'n ouerbemagtigingsprogram moet wees. Dit is volgens die navorser die rede waarom die kwalitatiewe data die tweede fase van die intervensienavorsingsproses uitmaak, aangesien dit deel vorm van die vooraf insameling van inligting oor wat die inhoud van 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare behoort te wees.

### 6.4.1 Navorsingsvraag

Die inligting wat tydens die behoeftebepaling met behulp van die navorsingsvraag ingesamel is, is benut om die bemagtigingsprogram te ontwikkel. (Vergelyk 1.4.)

**Fase 1 (empiriese studie): Kwalitatiewe deel van die studie: Navorsingsvraag**

**Wat is die behoeftes van ouers aangaande 'n program waarin temperamentanalise ten opsigte van hulleself en hul middelkinderjare kind benut word, ten einde die ouer-kind-verhouding te bevorder?**

### 6.4.2 Selektering van respondente vir fokusgroepe

Respondente vir die twee fokusgroepe is geselekteer nadat 'n behoeftebepaling by die twee Nederduits Gereformeerde Gemeentes in Delmas uitgevoer is. Doelgerigte steekproefneming is 'n vorm van nie-waarskynlikheidseleksie is benut. Die doel van die doelgerigte steekproefneming is hoofsaaklik dat die oordeel by die navorser berus, deurdat hy 'n steekproef saamstel van persone wat volgens sy oordeel die kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar (De Vos, 2002:390). 'n Skrywe is aan die ouers wat vrywillig by die fokusgroepe betrek is gerig wat die doel van die fokusgroepbespreking verduidelik. Skriftelike toestemming om aan die program deel te neem, is bekom.

Die respondente wat by die twee fokusgroepe betrek is, is ouers wat almal kinders in die middelkinderjare het en in Delmas woonagtig is. Elke fokusgroep is by een bespreking by die navorser se praktyk betrek. Tydens die fokusgroepbesprekings is die volgende vier vrae bespreek:

- Wat is die eerste woord wat by jou opkom as jy die woord "temperament" hoor?
- Verskil temperament van persoonlikheid en karakter?
- Wat is die invloed van temperamentverskille op gedrag en denke?
- Watter kennis van temperament word benodig?

Die bespreking het aangehou totdat nuwe inligting nie meer bekom is nie. Die fokusgroepbesprekings is opgeneem op 'n oudio- en videoband.

### 6.4.3 Kwalitatiewe data-insameling en -analisering

Die kwalitatiewe data wat ingesamel en geanaliseer is, gaan in hierdie afdeling bespreek word. Die kwalitatiewe benadering gee die navorser die geleentheid om die inligting wat gedurende die fokusgroepe versamel is, te vergelyk met die literatuurstudie en met inligting wat van kundiges bekom is (fase twee van die intervensienavorsingsproses). Die inligting is geïntegreer met die intervensieprogram.

Die kwalitatiewe data wat bekom is van die fokusgroepe is geanaliseer deur middel van Cresswell (2003:340) se data-analisespiraal. Die stappe kan soos volg uiteengesit word, naamlik:

- Opname en analise van data. Die fokusgroepbesprekings is opgeneem deur gebruik te maak van 'n oudio- en video-opname. Die navorser en 'n assistent het deurgaans aantekeninge gemaak soos die fokusgroepbespreking plaasgevind het.
- Die data is bestuur deurdat die opname van die fokusgroepbesprekings woordeliks getranskribeer is en visueel in 'n verslagvorm weergegee is.
- Die data is daarna deurgelees en gerangskik in terme van temas, subtemas en beskrywings. Die beskrywings is in verband gebring met toepaslike literatuur. Die beskrywings word in die hoofstuk uiteengesit.

Die inligting wat uit die fokusgroepe bekom is, word in hierdie gedeelte bespreek. Die kwalitatiewe bevindinge wat van die twee fokusgroepbesprekings met tien ouerpare bekom is, is geïnterpreteer in terme van relevante bevindinge en in verband gebring met bestaande literatuur. Reaksies van die ouers is verdeel in temas en subtemas in ooreenstemming met die kategorieë wat gedurende die fokusgroepbesprekings gevra is. Tabel 6.1 is 'n skematiese voorstelling van die kategorieë, temas en subtemas.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**Tabel 6.1: SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE KATEGORIEË, TEMAS EN SUBTEMAS**

| KATEGORIEË | TEMA | SUBTEMA |
|---|---|---|
| **Kategorie 1:** Die konsep temperament bestaan uit verskillende aspekte. | 1. Temperament dui op 'n emosie. | 1. Temperament dui op woede, buierigheid en humeur. 2. Temperament stem ooreen met 'n persoon se gesindheid. 3. Temperament kan positief of negatief wees. |
| | 2. Temperament is geaardheid. | 1. Rustig/ humeurig. |
| | 3. Gedrag bepaal temperament. | 1. Temperament dui op manier van doen. |
| | 4. Temperament is Veranderbaar. | 1. Temperament is aangeleer en kan verander na gelang van omstandighede. |
| | 5. Omgewing beïnvloed temperament. | 1. Omgewing dra by dat temperament verander. |
| **Kategorie 2:** Temperament en persoonlikheid verskil. | 6. Temperament verskil van Persoonlikheid. | 1. Temperament en persoonlikheid verskil. 2. Temperament en karakter verskil. |
| **Kategorie 3:** Temperament het 'n invloed op denke en gedrag. | 7. Temperament beïnvloed denke. 8. Temperament beïnvloed gedrag | 1. Temperament het 'n invloed op denke. 2. Kennis van temperament beïnvloed optrede. |
| | 9. Temperament bepaal kommunikasie. | 1. Kennis van temperament dra by tot effektiewe kommunikasie. |
| **Kategorie 4:** Ouers se temperament het 'n invloed op die kinders. | 10. Ouers se temperament het 'n invloed op kinders se temperament. | 1. Kennis van temperamente dra by dat ouers weet hoe om hulle kinders te hanteer. 2. Ouers en onderwysers moet nie by kinders se |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


| | | |
|---|---|---|
| | | temperamente aanpas nie. |
| **Kategorie 5:** Kennis van temperamente is noodsaaklik vir ouerleiding. | 11. Kennis van temperament is nodig. | 1. Ouers is onkundig in die hantering van kinders se temperamente. |

### 6.4.4 Besprekings van die skematiese voorstelling van die kategorieë, temas en subtemas: Fokusgroep een en twee

**Kategorie 1: Die konsep temperament bestaan uit verskillende aspekte**

Die meerderheid van die respondente van beide fokusgroepe het aangedui dat temperament uit verskillende aspekte bestaan, maar kon die aspekte nie duidelik beskryf nie. Die vraag wat deur die navorser gevra is, was dat die respondente moes aandui wat die eerste woorde is wat by hulle opkom wanneer hulle die begrip "temperament" hoor. Temperament verwys volgens die literatuur na 'n geneigdheid waarmee 'n persoon gebore word, wat maak dat hy op 'n seker manier optree (Vasta *et al.*, 1999:454). Keogh (2003b:15) meen dat temperament beskryf kan word as 'n relatiewe konstante, basiese disposisie waarmee 'n persoon gebore word, wat gedrag, reaktiwiteit, aktiwiteit en emosionaliteit reguleer en onderlê.

**Tema een: Temperament dui op 'n emosie**

Vyf van die respondente het aangedui dat temperament te doen het met 'n emosie. Daar kan tussen positiewe en negatiewe emosies onderskei word. Hierdie emosies kan in 'n positiewe en negatiewe temperament gekategoriseer word. Twee respondente is van mening dat temperament ooreenstem met geaardheid en gesindheid. Dit blyk dus dat van die respondente glo dat indien van 'n persoon se gesindheid gepraat word, in der waarheid na die persoon se temperament verwys word. Dit wil voorkom of die meeste van die respondente van mening is dat temperament ooreenstem met emosies wat 'n persoon ervaar.

Uit die literatuurstudie wat in hoofstuk twee (2.3.3) bespreek is, word 'n persoon met 'n geneigdheid gebore, wat onder andere emosionaliteit onderlê. Emosionaliteit dui op die herhaling en intensiteit van emosies, hetsy negatief of positief. Die navorser is van mening dat temperament dus nie met emosie ooreenstem nie, maar dui op 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier op te tree. Die persoon se gedrag onderlê onder andere emosie. 'n Persoon se temperament bepaal dus hoe 'n persoon 'n sekere emosie ervaar en hoe hy dit gaan uitdruk.

**Subtema een: Temperament dui op woede, buierigheid en humeur**

Reaksies wat deur van die respondente aangedui is:
"Temperament gaan oor 'n persoon se woede, sy humeur."
"Ons temperament kan op verskillende oomblikke anders wees na gelang wat met ons gebeur".
"Temperament kan afgelei word van "*temper*", wat woede beteken.
'n Persoon se uitdrukking van sy temperament kan beïnvloed word deur die omgewing. Die uitdrukking van sy temperament sal wees om deur middel van sy gedrag te toon dat hy negatief is (Chess & Thomas, 1989:251-252). Dit blyk dat temperament nie op woede of buierigheid dui nie, maar dat die uitdrukking van sy temperament dui op hoe hy geneig is om op te tree. Hierdie optrede kan dus negatief of positief wees.

**Subtema twee: Temperament stem ooreen met 'n persoon se gesindheid**

Reaksies van respondente kan soos volg uiteengesit word:
"Wanneer jy jou gesindheid positief verander, is jou temperament positief".
"Temperament dui op gesindheid teenoor iets of iemand en dit bepaal jou reaksie".
"Indien 'n ouer 'n positiewe gesindheid het, kan die kinders dit sien en so 'n positiewe temperament ontwikkel".

Uit hierdie tema met die twee subtemas is dit duidelik dat die respondente beperkte kennis het oor wat die begrip "temperament" presies behels. Dit is gevolglik duidelik dat die konseptualisering van temperament geïntegreer behoort te word in die intervensieprogram.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


**Tema twee:  Temperament is geaardheid**

Daar is vyf respondente wat van mening is dat temperament ooreenstem met geaardheid.  Indien 'n persoon 'n rustige geaardheid het, het hy 'n rustige temperament.  Geaardheid word volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (2003:249), beskryf as 'n ingeskape, karaktergesteldheid, natuurlike aard en wese van 'n persoon.  Die navorser is van mening dat geaardheid moontlik ooreenstem met karakter, aangesien karakter op 'n natuurlike aard, kenmerkende eienskappe, dui om op 'n sekere manier op te tree.

Dit blyk dat die konseptualisering van karakter en hoe dit van temperament verskil, tydens die implementering van die intervensieprogram verduidelik behoort te word.

**Subtema een:  'n Rustige geaardheid dui 'n rustige temperament aan en 'n humeurige geaardheid dui 'n humeurige temperament aan**

Die reaksie van die respondente kan soos volg uiteengesit word:
"Temperament en geaardheid is vir my dieselfde".
"As jy 'n rustige geaardheid het, gaan jou temperament rustig wees".
"Indien jy 'n humeurige geaardheid, het sal jy jou maklik opruk en sal jou temperament humeurig wees".

Karakter verwys na die uitdrukking van predisposisies in gedrag, wat 'n samevoeging is van beide lewensgeskiedenis en die individu se genetika (Kagan, 1997a:376).  Die navorser is van mening dat geaardheid dus moontlike ooreenkomste toon met karakter.  Beide karakter en geaardheid is die resultaat van omgewingsbeïnvloeding. Temperament dui dus nie volgens die navorser op gesindheid nie, aangesien gesindheid kan verander deurdat dit deur die omgewing beïnvloed kan word.

**Tema drie:  Gedrag bepaal temperament**

Tien respondente is van mening dat 'n persoon se gedrag sy temperament bepaal. Vier respondente meen dat 'n persoon se temperament dui op hoe die persoon gaan reageer, naamlik positief of negatief.  Vier respondente meen dat temperament en

gedrag sinoniem is. Ses respondente is van mening dat temperament en ingesteldheid of houding dieselfde is. Houding bepaal gedrag, volgens die respondente. Uit die literatuur word gedrag onderlê deur ‘n persoon se temperament (Keogh, 2003b:15; Hemphill & Sanson, 2001:42 en Lengua & Kovacs, 2005:23). Hoewel van die respondente van mening is dat temperament gedrag onderlê, wil dit voorkom of die meerderheid van mening is dat gedrag die persoon se temperament bepaal.

Uit hierdie tema is dit duidelik dat die begrip “temperament” en hoe dit gedrag onderlê, geïntegreer moet word in die intervensieprogram.

**Subtema een: Temperament dui op manier van doen**

Die reaksie van die respondente kan soos volg uiteengesit word:
“Indien jy ‘n positiewe ingesteldheid het teenoor ‘n ander, gaan jy positief teenoor daardie persoon reageer”.
“Jou temperament hang af van jou ingesteldheid. Jou ingesteldheid en gedrag bepaal hoe jou temperament gaan wees”.
“’n Persoon se temperament bepaal hoe hy gaan optree”.

**Tema vier: Temperament is veranderbaar**

Drie respondente meen dat temperament aangeleer word en ontwikkel soos wat ‘n persoon groter word. Twee respondente is van mening dat temperament aangebore is, maar tog kan verander. Tien respondente kom ooreen dat temperament verander na gelang van ‘n situasie. Daar is konsensus dat temperament aangeleer word en veranderbaar is. Uit die literatuur is dit duidelik dat die meeste skrywers van mening is dat temperament nie kan verander nie, aangesien ‘n persoon daarmee gebore word (LaHaye, 1994:7).

**Subtema een: Temperament is aangeleer en verander na gelang van omstandighede**

Die menings van die verskillende respondente kan soos volg genoem word:

"Temperament verander met die jare. Jy kan 'n rustige temperament hê totdat jy in 'n situasie is wat jy nie kan hanteer nie, en word jy dan gedwing om jou temperament te verander".
"Ek dink nie 'n mens kan regtig jou temperament maklik verander nie, dit sal baie moeite en inspanning verg".
"As jou kind se temperament is om maklik te vergeet, kan jy die temperament afleer".

Die meerderheid respondente is van mening dat temperament veranderbaar is. Dit blyk dus nodig te wees om die stabiliteit van temperament tydens die intervensieprogram te beklemtoon en te verduidelik.

**Tema 5: Omgewing beïnvloed temperament**

Vier respondente is van mening dat die omgewing 'n invloed op temperament het. Drie respondente meen dat temperament nie kan verander nie en dat die omgewing geen invloed op verandering het nie. Een respondent konstateer dat temperament net kan verander indien die omgewing druk op 'n persoon uitoefen om te verander. Twee persone is van mening dat temperament verander soos wat dit vir die omgewing aanvaarbaar is. Die meeste respondente is van mening dat omgewing 'n invloed op temperament het en 'n persoon kan help om sy temperament te beheer en te verander om by die omgewing te pas. "*Goodness to fit*" word beskryf as die aard van die interaksie van die individu en die omgewing. Die interaksies kan positiewe of negatiewe resultate tot gevolg hê, indien die eienskappe van die omgewing en sy verwagtinge en eise in ooreenstemming is met die persoon se temperament (Keogh, 2003b:31). Die navorser is van mening dat die "*Goodness to fit*"-konsep verwarrend is, aangesien dit wil voorkom dat wanneer 'n persoon se omgewing by sy temperament aanpas, dit wil blyk of sy temperament verander het.

**Subtema een: Die omgewing dra by dat temperament verander**

Die algemene reaksies van die respondente kan soos volg weergegee word, naamlik:
"Omgewing dra by dat temperament kan verander".
"Die omgewing moet help om 'n kind se temperament te verander".

Uit die inligting wat bekom is van die temas, naamlik dat temperament op emosie dui, temperament geaardheid is, gedrag temperament bepaal, temperament veranderbaar is en dat die omgewing 'n invloed op temperament het, is dit duidelik dat die meerderheid van respondente beperkte kennis het ten opsigte van die temas.

Reaksies soos dat temperament aangeleerde gedrag is en kan verander na gelang van die omstandighede, dat temperament op woede, buierigheid en humeur dui en dat temperament ooreenstem met 'n persoon se gesindheid, is duidelike tekens dat fokusgroepe beperkte kennis in die verband het.

Dit sal dus nodig wees om die begrip "temperament" duidelik in die intervensieprogram te konseptualiseer, soos dit in hoofstuk twee uiteengesit is.

**Kategorie twee: Temperament en persoonlikheid verskil**

Uit die literatuur is dit duidelik dat temperament en persoonlikheid verskil. (Vergelyk 2.3.3.) Die grootste verskil tussen temperament en persoonlikheid is geleë in tyd. Temperament is reeds by geboorte teenwoordig. Persoonlikheid is ook by geboorte teenwoordig, maar ontwikkel ook oor tyd (Keogh, 2003b:54). Persoonlikheid dui op die totaliteit van sekere karaktertrekke waarmee 'n persoon gebore is, soos denke, gedrag, emosies, gewoontes en houding. Persoonlikheid sluit ook in dat die persoon in interaksie is met sy omgewing (Keith *et al*., 2002:112). Temperament is 'n geneigdheid waarmee 'n persoon gebore word om op 'n bepaalde manier op te tree. Die navorser is van mening dat indien 'n persoon sy temperament by die omgewing aanpas dit ooreenstem met die persoon se persoonlikheid.

**Tema 6: Temperament verskil van persoonlikheid**

Agt van die respondente is van mening dat temperament en persoonlikheid dieselfde is. Die meerderheid respondente meen dat temperament en persoonlikheid nie dieselfde is nie. Vier respondente is van mening dat 'n persoon nie met 'n persoonlikheid gebore word nie, maar met 'n temperament. Drie persone is van mening dat temperament nie persoonlikheid onderskei moet word nie. Ses respondente is van mening dat 'n persoon wel met 'n persoonlikheid gebore word.

Sewe respondente meen dat persoonlikheid deel vorm van temperament. Temperament is meer omskrywend. Vyf persone is van mening dat die verskil tussen temperament en persoonlikheid geleë is in die feit dat temperament kan verander en persoonlikheid nie. Uit tema ses is dit duidelik dat die meeste respondente van mening is dat temperament en persoonlikheid nie dieselfde is nie.

Hoewel die respondente ooreenstem dat persoonlikheid en temperament nie dieselfde is nie, het dit na vore gekom dat die meerderheid nie die twee konsepte kan konseptualiseer nie. Hieruit is dit duidelik dat die onderskeid tussen temperament en persoonlikheid duidelik uiteen gesit moet word tydens die intervensieprogram.

**Subtema 1: Temperament en persoonlikheid verskil**

Die reaksies van die verskillende respondente kan soos volg weergegee word:
"Ek dink dat temperament baie meer omskrywend is. Persoonlikheid is jou persoonlikheid en temperament is meer hoe 'n persoon optree in situasies."
"Jou temperament verander met die jare, maar persoonlikheid bly dieselfde."
"Ek dink nie mens kan temperament en persoonlikheid as twee verskillende eenhede sien nie, dis dieselfde eenheid."

Die reaksies toon dat die respondente beperkte kennis het van die verskil tussen temperament en persoonlikheid. Dit is 'n bevestiging dat hierdie onderskeid deel moet vorm van die intervensieprogram.

**Subtema 2: Temperament verskil van karakter**

Twee respondente is van mening dat karakter deur buitefaktore bepaal word. Vyf respondente meen dat karakter aangeleerde gedrag is, een respondent verskil hiervan en beweer dat karakter aangebore is. Tien respondente is van mening dat temperament en karakter sinonieme is

Hieruit kan afgelei word dat die respondente van mening is dat temperament en karakter met mekaar ooreenstem, wat daarop dui dat die respondente die konsepte verkeer verstaan. (Vergelyk 2.3.2.) Karakter verwys na die uitdrukking van

predisposisies in gedrag, wat 'n samevoeging is van beide lewensgeskiedenis en die individu se genetika (Kagan, 1997a:376).

**Kategorie drie: Temperament het 'n invloed op denke en gedrag**

Temperament kan uit drie verskillende vlakke bestaan, wat 'n invloed het op 'n persoon se gedrag en denke. Die eerste vlak is temperament as 'n patroon in waarneembare gedrag. Die tweede vlak is temperament in terme van faktore van neurologiese individualiteit. Die derde vlak waaruit temperament bestaan, is dat dit biologiese wortels van die patrone van gedrag bevat (Kohnstamm *et al.*, 1989:5-6).

**Tema sewe: Temperament beïnvloed denke**

Agt respondente meen dat temperament 'n invloed het op 'n persoon se denke. Vyf persone noem dat indien elkeen kennis het van temperamente, dit die persoon sal help om te weet hoe om teenoor die ander persoon op te tree.

Hieruit blyk dit dat die meerderheid van mening is dat temperament 'n invloed het op 'n persoon se denke. Die persoon se temperament lei daartoe dat die persoon geneig is om op 'n sekere manier te dink en dan daarvolgens opte tree. Temperament verwys na die "hoe" van gedrag (Chess & Thomas, 1995:1). Die navorser is van mening dat die neiging om op 'n bepaalde wyse op te tree, 'n invloed sal hê op denke, wat weer sal bepaal hoe die persoon gaan optree.

**Subtema een: Temperament het 'n invloed op denke**

Die reaksie van die respondente kan soos volg aangesien word:
"Kennis van temperamente gee 'n mens "tools" om jou man en kinders beter te verstaan."
"Dis nodig om in 'n vroeë stadium van jou huwelik te weet hoe jou man of vrou dink, om sodoende te weet hoe hy/sy gaan optree."
"As 'n mens weet wat jou man en kinders se temperamente is, sal dit jou help om te weet hoe hulle dink en optree."

**Tema agt: Temperament beïnvloed gedrag**

Die meerderheid respondente meen dat temperament 'n invloed het op hoe die persoon teenoor 'n ander optree. Kennis van temperamente kan ouers help om te weet hoe om teenoor hulle kinders op te tree, asook teenoor ander. Ses respondente is van mening dat persone met uiteenlopende temperamente se gedrag meestal geneig is om te bots. Agt respondente konstateer dat hulle daarvan bewus is dat temperament gedrag beïnvloed, maar nie weet hoe om teenoor hulle kinders te reageer nie.

Hoewel die meerderheid respondente van mening is dat temperament 'n invloed op 'n persoon se gedrag het, is dit duidelik dat die meerderheid kennis benodig hoe om teenoor 'n ander ander persoon se temperament op te tree. Dit is juis die navorser se doel met die studie om ouers te bemagtig oor hulle eie en hulle kinders se temperamente.

**Subtema een: Kennis van temperamente beïnvloed optrede**

Die respondente se reaksie kan soos volg weergegee word:

"As jou kind 'n stadige temperament het, sal dit daartoe bydra dat jy nie jou kind sal dwing om vinnig te werk nie; jou optrede gaan aanpas by sy stadige temperament."

"Wat lekker is van kennis van temperamente, is dat indien jy weet wat jou kind se temperament is, weet jy wat sy swak punte en sterk punte is. Dit sal help om te weet hoe om teenoor hom op te tree."

"'n Mens moet jou man se temperament ken, want dit is 'n aanpassing. Ek het 'n humeurige temperament en hy het 'n rustige temperament. Dit veroorsaak dat my temperament oorneem en ek reageer onmiddellik; so my temperament beïnvloed my optrede."

"As jy by die hoër standerds kom, waar hulle begin klasse wissel kan dit probleme veroorsaak. Jy kan jou kind voorberei op moontlike optredes indien hy in 'n situasie beland waar hy met ander kinders verskil"

Dit wil voorkom of die respondente, hoewel hulle weet dat temperament 'n invloed op optrede het, steeds beperkte kennis het oor hoe om teenoor ander persone met verskillende temperamente as hulle eie op te tree.

**Tema nege: Temperament bepaal kommunikasie**

Twee respondente meen dat indien 'n persoon kennis het van temperamente, hy sal weet hoe om met sy huwelikmaat en kinders te kommunikeer. Vier respondente is van mening dat temperament bydra tot kommunikasie en ingesteldheid teenoor ander. Die meerderheid van respondente meen dat kennis van temperamente bydra dat ouers met hulle kinders kan kommunikeer om hulle temperamente aan te pas by omstandighede. Die meerderheid het aangedui dat hulle dikwels 'n leemte ervaar om teenoor hulle kinders te reageer.

Temperament verwys na die individu se gedragstyl, wat die individu se interaksie met die wêreld karakteriseer (Marshall *et al*., 2000:242). Temperament verwys dus daarna hoe die individu geneig sal wees om teenoor die omgewing te reageer.

Die meerderheid respondente is dus van mening dat temperament bydra dat 'n persoon op 'n sekere manier optree en met ander kommunikeer.

**Subtema een: Kennis van temperament dra by tot effektiewe kommunikasie**

Die reaksies van die respondente kan soos volg uiteengesit word:
"Ek dink kennis van temperamente sal my help om te weet hoekom my kind so gou kwaad word en my help om haar te hanteer."
"As jy jou kind se temperament ken, gaan jy dadelik weet wat sy reaksie gaan wees op 'n sekere situasie. Jy sal hom kan leiding gee as so iets op sy pad sou kom en as jy in 'n situasie kom sal jy weet hoe om jou kind te kalmeer of aan te hits as dit nodig is om hom te druk om 'n ding te gedoen te kry as hy 'n skrikkerige of bang temperament het."
"Kennis van temperamente kan ouers help om hulle kinders te leer om met ander te kommunikeer."

'n Duidelike behoefte aan kennis van die respondente se eie en hulle kinders se temperamente is uitgespreek.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**Kategorie vier: Ouers se temperament het 'n invloed op kinders se temperament.**

Reaksies tussen kinders en hulle omgewing lei tot die konsep van "*goodness to fit*". Keogh (2003a:3) is van mening dat hierdie konsep sentraal is tot die begrip van hoe temperament tot die kind se ontwikkeling en ervarings bydra. (Vergelyk Oatley & Jenkins, 1996:241.)

Eienskappe van die omgewing wat 'n invloed het op die passing sluit in waardes, verwagtinge, versoeke en temperamente van volwassenes. 'n Kind se gedragstyl kan pas by die ouers se verwagtinge en die daaglikse roetine in die gesin, of dit kan 'n indringende of ontwrigtende invloed hê. Hoe 'n kind teenoor sy omgewing reageer, hou verband met die kind se temperament.

"*Poorness to fit*" ontstaan wanneer die versoeke en verwagtinge buitensporig is en nie verenigbaar is met die kind se temperament nie. Met so 'n passing is die kind geneig om stres te ervaar (Chess & Thomas, 1989:57).

**Tema tien: Ouers se temperament het 'n invloed op kinders se temperamente**

Vier respondente meen dat ouers hulle ouerskapstyl sal verander indien hulle hulle kinders se temperamente ken. Een ouer is van mening dat kinders se temperamente 'n invloed het op ouers. 'n Kind se temperament bepaal hoe ouers daardie kind sal motiveer. Twee respondente is van mening dat hulle dikwels uit onkunde hulle eie temperamente op hulle kinders wil afdwing.

Dit is duidelik dat die meerderheid van ouers 'n behoefte het aan kennis oor temperamente. Daar is respondente wat van mening is dat hulle dikwels uit onkunde hulle temperament op hulle kinders wil afdwing.

Die navorser se vermoede dat ouers 'n behoefte aan kennis oor hulle eie en hulle kinders se temperamente het, word bevestig.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


**Subtema een:  Kennis van temperamente dra by dat ouers weet hoe om hulle kinders te hanteer**

Die reaksies van die respondente kan soos volg uiteengesit word:
“ Wat lekker is van kennis van kinders se temperamente is dat ons as ouers kan weet hoe om ons dogtertjie se swak punte te hanteer.”
“Ons het twee aangenome kinders en sukkel om hulle te hanteer, ons wil dikwels ons temperamente op hulle afdwing.”
“Elke kind het sy eie temperament en as jy weet wat sy temperament is, kan jy weet hoe om hom te hanteer.”

Kennis van temperamente verbreed ouers se begrip van hulle kinders.  Ouers weet dus beter hoe om hulle kinders te hanteer (Goode, 2001:36).

**Subtema twee:  Ouers en onderwysers moet nie by kinders se temperamente aanpas nie**

Die meerderheid van respondente is dit eens dat ouers en onderwysers nie by kinders se temperamente moet aanpas nie.  Ouers en onderwysers moet die kinders begelei om hulle temperamente aan te pas na gelang van die situasie.

Die reaksies van die respondente kan soos volg weergegee word:
“Indien ‘n kind ‘n negatiewe gesindheid het, wat dus ‘n negatiewe temperament is, moet jy as ouer daardie temperament verander deur hom te leer om meer positief te wees.”
“Ek is ‘n onderwyseres met veertig kinders in my klas.  Dis onmoontlik om by veertig kinders se temperamente aan te pas nie.”
“Ek stem saam: Wanneer die kind eendag in ‘n besigheid staan, kan die omgewing nie by sy temperament aanpas nie; hy moet sy temperament verander om by die omgewing te pas.”

Uit hierdie tema is dit duidelik dat die hantering van verskillende temperamente deel moet vorm van die intervensieprogram.

**Kategorie vyf: Kennis van temperament is noodsaaklik vir ouerleiding**

Uit die literatuur is dit duidelik dat die waarde van kennis van temperamente dui daarop dat ouers en onderwysers hulle idees ten opsigte van hulle kinders kan hervorm. Kennis van temperamente lei daartoe dat ouers begryp waarom kinders op 'n sekere wyse optree (Keogh, 2003a:1).

**Tema elf: Kennis van temperament is nodig**

Die meerderheid van respondente is dit eens dat hulle onkundig is rondom temperamente. Kennis is nodig, veral in huishoudings waar daar meer as een kind is. Ouers sukkel om kinders op dieselfde wyse groot te maak, met nie die gewenste resultate nie. Tien ouers is van mening dat die verskil in temperamente in hulle gesinne dikwels tot konflikte en spanning lei.

**Subtema 1: Ouers is onkundig in die hantering van kinders se temperamente**

Die reaksie van die respondente kan soos volg uiteengesit word:
"Ek het twee kinders wat hemelsbreed van mekaar verskil. Ek sukkel om te verstaan waarom hulle nie dieselfde op my dissipline reageer nie."
"Ek is bang om my temperament op my kind af te dwing, maar weet te min van temperamente om te weet hoe dit my kind beïnvloed."

Hoewel die meerderheid van respondente aangedui het dat kennis van temperamente noodsaaklik is in die hantering van hulle kinders, word die mening gehuldig dat die meerderheid nie weet wat temperament beteken nie en wat die waarde daarvan is nie. 'n Eie mening is dat ouers moontlik sal baat vind by kennis van temperamente ten opsigte van hulleself en hulle kinders.

Uit die bespreking van die fokusgroepe is dit duidelik dat die konseptualisering van temperament, die invloed van temperament op denke, gedrag en verhoudings en die hantering van die verskillende temperamentstyle geïntegreer moet word in die intervensieprogram. Die konseptualisering en die waarde van kennis van temperament, en hoe ouers kontak kan maak met hulle kinders se

temperamentverskille, is in sessie vyf van die intervensieprogram geïntegreer. (Vergelyk tabel 5.8 van die konsep-ouerbemagtigingsprogram.)

## 6.5 KWANTITATIEWE DATA-INSAMELING EN ASSESSERING

Die kwantitatiewe fase twee van die empiriese studie het die vyfde fase van die intervensienavorsingsproses verteenwoordig. Die doel van die kwantitatiewe fase van die studie was om die hipotese te bewys, naamlik om die impak van die ouerbemagtigingsprogram te evalueer.

### 6.5.1 Hipotese van die studie

Die verwagte toename in kennis (op grond waarvan bemagtiging beoordeel word), is die afhanklike veranderlike. Die volgende hipotese is vir die studie gestel:

**Fase 2 (empiriese studie): Kwantitatiewe deel: Hipotese**

**Indien 'n bemagtigingsprogram wat temperamentanalise insluit, met ouers van kinders in hulle middelkinderjare benut word, behoort die ouers se kennis so te vermeerder dat hulle daardeur bemagtig sal word om hulle kinders se gedrag beter te verstaan.**

### 6.5.2 Selektering van respondente

Vyf ouerpare met kinders in die middelkinderjare is deur middel van 'n gerieflikheidsteekproeftrekking as respondente geselekteer vir die hoofstudie. Die navorser het inligtingsdokumente vir 'n tydperk van twee maande op die webtuiste van Delmas geplaas, waar die doel van die studie verduidelik is. Die persone wat vrywillig aangemeld het na aanleiding van die dokument op die Internet, is as respondente geselekteer vir die implementering van die program. Die volgende aspekte was van toepassing op van die hoofstudie:

- Die ouers was bereid dat die kinders in 'n groep betrek kon word en is by twee geleenthede by die navorser se praktyk besorg.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


- Die ouers het onderneem om nie die kinders voor die tyd aan die program te onttrek nie.
- Die navorsing was nie gerig op slegs een geslag met net een ouderdomsgroep nie. Die ouderdomsverspreiding van die kinders wat deur 'n doelgerigtesteekproef bekom is, het bestaan uit twee agtjariges, twee sewejariges en een sesjarige.
- Die terugvoering ten opsigte van elke ouer en kind se temperamentverskille en hantering van die kinders het individueel aan elke ouerpaar by hulle onderskeie huise plaasgevind. Nadat die werkswinkel deur die ouers bygewoon is, afsprake vir al vyf ouers gemaak. Die terugvoering gedurende die tweede en derde week in Desember 2005 plaasgevind.

'n Skrywe rondom die doel en doelstellings van die studie, die prosedure wat gevolg is en die nodige etiese aspekte wat in ag geneem is, is aan elke respondent verskaf.

### 6.5.3 Etiese aspekte

Die etiese aspekte waaraan aandag gegee is, is dat beide ouers se betrokkenheid verlang word. Die respondente sal op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen word nie. Die respondente is ingelig oor die presiese wyse waarop die navorsing onderneem gaan word en wat die implikasies daarvan op hulle lewens kan wees. Die respondente se privaatheid is gerespekteer. Na afloop van die navorsingsproses is aan die respondente die geleentheid gebied om hulle ervaring van die proses te verwerk deur hulle emosies in die verband uit te druk. Geen respondente het na afloop van die navorsingsproses terapeutiese ingryping benodig nie. Die respondente se bereidwilligheid om deel te neem, was heeltemal vrywillig en geen druk is op die respondente geplaas nie. Die respondente het 'n toestemmingsbrief vir vrywillige deelname onderteken. (Bylaag 2)

### 6.5.4 Betroubaarheid en geldigheid van die meetinstrument

'n Meetinstrument is geldig indien dit meet waarvoor dit bedoel is om te meet. Betroubaarheid verwys na die akkuraatheid of presiesheid van 'n instrument as die graad van konsekwentheid tussen twee onafhanklike stelle tellings en die mate

waartoe onafhanklike persone dieselfde resultate onder verskillende omstandighede sal kry. Die DISC-model is teen vyf psigologiese instrumente getoets vir akkuraatheid en betroubaarheid. "Target Training International" (TTI) het die geldigheid en betroubaarheid van die DISC-model getoets. Die geldigheid en betroubaarheidsverslag is as bylaag 7 aangeheg.

Die resultate van die gestandaardiseerde DISC-model, tesame met die resultate van die kontrolelys wat die respondente ten opsigte van die kinders voltooi het, en die evaluering van die navorser na afloop van die twee assesseringsessies is per verslagvorm aan die respondente verskaf. Hierdie inligting is deur die navorser individueel by elkeen se huis aan hulle verduidelik. Hulle het geleentheid gekry om vrae in die verband te vrae. Deur middel van die onderhoudvoering word die geloofwaardigheid van die navorsingsresultate bevorder.

### 6.5.5 Loodsstudie

'n Loodstoets is met vyf kinders van verskillende ouderdomme in die middelkinderjare naamlik, ses, sewe, nege en tien jaar oud deurloop. Die doel van die loodsstudie is om te bepaal of die intervensie werkbaar is. (Vergelyk 1.8.4.2.) Die vyf kinders is by twee assesseringsessies in groepsverband betrek. Die navorser het die geneigdhede van die kinders om op 'n sekere wyse op te tree, waargeneem. Die aktiwiteite wat uitgevoer is tydens die assesseringsessies, is by 5.22 bespreek. Die ouers van die kinders het die kontrolelys soos uiteengesit in 5.23 voltooi. Terugvoering van die assesseringsessies en die kontrolelys se resultate is met die ouerpare bespreek. Die voorlopige intervensieprogram is met die ouers bespreek Voorstelle deur die ouers is in ag geneem by die nodige veranderinge wat aan die voorlopige intervensieprogram aangebring is.

### 6.5.6 Meting van temperamente tydens die intervensieprogram

Die respondente se temperamente is bepaal deur die gestandaardiseerde DISC-meetinstrument. Die respondente moes tydens sessie twee van die intervensieprogram die vraelys van die DISC-model voltooi. (Vergelyk Tabel 5.8)

Die resultate van elke respondent se temperamenttipe is tydens die individuele terugvoering, sessie ses, gegee. (Vergelyk Tabel 5.8)

Die respondente se persepsie van hulle kinders se temperamente is tydens sessie drie van die intervensieprogram bepaal, deurdat die respondente die kontrolelys (vergelyk tabel 5.8) ten opsigte van elke kind voltooi het.

Die terugvoering van elke respondent se temperamenttipe en die resultate van die navorser se waarneming van die kinders se geneigdhede om op 'n sekere manier op te tree, asook die resultate ten opsigte van die kontrolelys wat die respondente (ouers) voltooi het is tydens die individuele sessie, sessie ses van die intervensieprogram gegee. (Vergelyk tabel 5.8.)

### 6.5.7 Intervensieprogram


Die inhoud van die ouerbemagtigingsprogram is in verskillende sessies verdeel. Elke sessie het die kontak tussen die respondente en die navorser voorgestel. (Vergelyk Tabel 5.8.) Die program het oor 'n tydperk van twee weke geloop. 'n Eendagwerkswinkel (sessie 4) het deel gevorm van die program. Vier ouerpare en een enkelouer het die werkswinkel bygewoon. Een ouerpaar (6de) het op die dag van die werkswinkel gekanselleer. Aspekte van die inhoud van die werkswinkel is tydens 'n individuele sessie met die ouerpaar herhaal.

Die selfontwerpte vraelys (bylaag 4) wat opgestel is om die effek van die ouerbemagtigingsprogram te evalueer, het uit vyf-en-twintig vrae bestaan. Die selfontwerpte vraelys (bylaag 4 ) is voor die aanvang van die werkswinkel tydens sessie vier van die program deur elke respondent, voltooi. Na die afloop van die individuele terugvoering (sessie ses) is dieselfde vraelys (A) voltooi om die benuttingswaarde van die ouerbemagtigingsprogram vas te stel. Die bevindinge van die kwantitatiewe fase van die studie kan soos volg weergegee word:

Die prosedure-elemente vir die benutting tydens die intervensie kan geïdentifiseer word nadat die probleem waargeneem en verskeie toepaslike modelle en programme bestudeer is (De Vos, 1998:394). Die doelstellings en doelwitte vir die konsep-


ouerbemagtigingsprogram is ontwikkel nadat inligting bekom is tydens die fases van probleemanalise en projekbeplanning, asook inligtinginsameling en -sintese. Die intervensieprogram (B) het oor 'n tydperk van ongeveer twee weke geskied. Een van die respondente is 'n enkelouer wat deel gevorm het van die intervensieprogram.

**FIGUUR 6.1: MANLIKE OF VROULIKE RESPONDENTE (KINDERS)**




Vier ouerpare en een enkelouer het die respondentegroep verteenwoordig. Daar was dus vyf (56%) vroulike respondente en vier (44%) manlike respondente.

**FIGUUR 6.2: GESLAG VAN DIE KIND**





Uit bogenoemde figuur blyk dit dat drie seuns (60%) en twee dogters (40%) aan die studie deelgeneem het. Die geslag het geen verskil gemaak aan die assesseringsprogram nie. Temperamentverskille word nie aan spesifieke ouderdomfases gekoppel nie. Goleman (1996:215) beweer dat temperament nie 'n eindbestemming het nie en deel van 'n persoon se genetika vorm. Temperament ontstaan dus nie eers wanneer 'n kind skool toetree of tydens 'n spesifieke

ontwikkelingsfase nie, maar is reeds by geboorte aanwesig. Vir hierdie doeleindes en rede sal geslag nie 'n verskil gemaak het aan die resultate van die studie nie.


**FIGUUR 6.3: HUIDIGE OUDERDOM VAN KIND SOOS OP 30 NOVEMBER 2005**

**Ouderdomsverspreiding van die kinders**
n = 5




Die voorstelling dui aan dat een kind ses jaar oud was, twee kinders was sewe jaar oud en twee was agt jaar oud. Dit was toevallig dat die respondente (ouers) wat deel van die studie gevorm het, almal kinders in die juniorprimêre skooljaar gehad het. Aan die begin van die middelkinderjare betree die kind die primêre skool. Daar word na die middelkinderjare kind as die primêre skoolkind verwys. Die primêre skooljare kan verdeel word in die juniorprimêre fase wat vanaf graad een (± ses jaar) tot graad drie (± agt jaar) strek en die seniorprimêre fase van ongeveer graad vier (± nege jaar) (Du Toit & Kruger, 1991:107-108).

**FIGUUR 6.4: KENNIS VAN TEMPERAMENT**





Uit figuur 6.4 blyk dat 11%(1) van die respondente tydens die voortoets aangedui het dat hulle kennis ten opsigte van temperament goed is, teenoor 55%(5) tydens die natoets. Daar het 55% (5) met die voortoets aangedui dat hulle kennis swak is en 33% (3) dat hulle gemiddelde kennis het. Daar het 22%(2) tydens die natoets aangedui dat hulle kennis van temperamente uitstekend is en 55%(5) se kennis het na goed verander. Daar het 22%(2) met die natoets aangedui dat hulle kennis van temperamente gemiddeld is. Hieruit wil dit voorkom of die respondente se kennisbasis ten opsigte van die begrip temperament en die betekenis daarvan, uitgebrei het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die feit dat kennis oor temperament tydens die werkswinkel (sessie vier) (vergelyk 5.21) en weer tydens sessie ses (individuele terugvoering) van die ouerbemagtigingsprogram herhaal is, daartoe bygedra het dat die respondente se kennis van temperamente uitgebrei en geïnternaliseer is. (Vergelyk ook figuur 6.13.)

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



**FIGUUR 6.5:   INVLOED VAN TEMPERAMENT OP GEDRAG**





Dit blyk uit die voorstelling dat 55% (5)  van die respondente tydens die voortoets van mening is dat hulle kennis ten opsigte van die invloed van temperament op gedrag swak is, 11% (1) het aangedui dat hulle kennis goed is, 22% (2) se kennis is gemiddeld en 11% (1) het aangedui dat hulle kennis baie swak is.  Met die natoets het 77% (7) aangedui dat hulle kennis rakende die invloed van temperament op gedrag goed is, teenoor 22% (2)  wat aangedui het dat hulle kennis gemiddeld is.  Hieruit is dit duidelik dat daar 'n 66%-styging is van die voortoets na die natoets ten opsigte van kennis wat goed is.  Hieruit is dit duidelik dat die program 'n positiewe bydrae gelewer het dat die respondente meer kennis ingewin het rakende die invloed van temperament op gedrag.

Die navorser het tydens die werkswinkel en ook met die persoonlike terugvoering die invloed van temperament op gedrag aan die respondente verduidelik.  Uit die DISC-analise het dit geblyk dat daar 'n ouerpaar is wie se temperamente van mekaar verskil, naamlik dat die man se temperamenttipe 'n S-dominansie is, teenoor sy eggenote wat 'n I-temperamenttipe het.  Die dogter het 'n D-temperamenttipe getoon.  Hierdie ouers het tydens die persoonlike terugvoering aangedui dat hulle nie hulle kind en mekaar se gedrag kan verander nie en dat hulle gewoonlik hulle eie temperament op

die kind wil afdwing. Hierdie ouers het dus aan die einde van die program insig getoon dat hulle temperament 'n definitiewe invloed op die kinders se gedrag het, en moontlike aanpassings kon dus bespreek word. Die meeste ouers het tydens die individuele terugvoering (sessie ses) van die ouerbemagtigingsprogram aangedui dat hulle gereelde besprekings ten opsigte van temperamentverskille en hanteringstrategieë verlang. Kennis van temperamentverskille gee daartoe aanleiding dat ouers en onderwysers hulle idees ten opsigte van hulle kinders kan hervorm en gedrag beter kan verstaan. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat kennisvermeerdering oor die invloed van temperamente op gedrag daartoe aanleiding gee dat ouers hulleself en hulle kinders se gedrag beter kan verstaan. Ouers het dan ook verdere hulp versoek met die aanpassings wat gemaak sal moet word.

**FIGUUR 6.6: INVLOED VAN TEMPERAMENT OP DENKE**





Tydens die voortoets het 11% (1) van die respondente aangedui dat hulle kennis van die invloed van temperamente op denke goed is, en 11% (1) het aangedui dat hulle kennis gemiddeld, is teenoor 77% (7) wat aangedui het dat hulle kennis swak is. Hieruit blyk dit dat die meerderheid respondente met die voortoets van mening was dat hulle beperkte kennis het oor die invloed van temperamente op denke. Tydens die natoets het 66% (6) van die respondente aangedui dat hulle kennis van die invloed van temperament op denke goed is. Twee (22%) respondente het met die natoets aangedui dat hulle kennis van die invloed van temperament op denke gemiddeld is en

11% (1) het gedui dat sy kennis oor die invloed van temperament op denke swak is. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat die feit dat die navorser die neuro-anatomie en die verband met temperamentverskille tydens die werkswinkel (sessie vier van die intervensieprogram) duidelik uiteengesit het, dit meegehelp het dat die respondente die invloed van temperament op denke beter verstaan het. Bates (1989:5) meen dat temperament uit drie vlakke bestaan. Die eerste vlak van temperament as 'n patroon in waarneembare gedrag. Die tweede vlak is dat temperament in terme van faktore van neorologiese individualiteit. Die derde vlak is dat dit die vroegste biologiese wortels van die patrone van gedrag bevat, naamlik die konstitusionele faktore. (Vergelyk 2.3.3.) Temperament sluit die anatomiese en funksionele patrone van die sentrale senuweestelsel in. Daar is 'n duidelike verband tussen die neurologiese patrone (dus ook denke) en temperamentverskille wat voorkom.

Hieruit is dit duidelik dat die respondente se kennis ten opsigte van die invloed van temperament op denke vermeerder het tussen die voortoets en die natoets.

**FIGUUR 6.7: INVLOED VAN TEMPERAMENT OP VERHOUDINGS**




Soos blyk uit figuur 6.7, is dit duidelik dat geen respondente hulle kennis in terme van die invloed van temperament op verhoudings tydens die voortoets as goed of uitstekend aangedui het nie. Daar het 33% (3) van die respondente tydens die


voortoets aangedui dat hulle kennis gemiddeld is, terwyl 66% (6) aangedui het dat hulle kennis in terme van die invloed van temperament op verhoudings swak is. Hieruit blyk dit dat die respondente tydens die voortoets oor beperkte kennis in terme van die invloed van temperament op verhoudings het. Na afloop van die intervensieprogram, het 66% (6) van die respondente aangedui dat hulle kennis van die invloed van temperament op verhoudings goed is. Drie (33%) van die respondente het tydens die natoets aangedui dat hulle kennis gemiddeld is, teenoor geen respondente wat aangedui het dat hulle kennis swak. Dit blyk dus dat hier ‘n beduidende verandering in die ouers se kennis oor die invloed van temperament op verhoudings plaasgevind het. Een ouer het aangetoon dat hy nie sy I-temperamenttipe kind verstaan nie. Die ouer self het ‘n S-temperamenttipe getoon met die DISC-temperamentmodel. Die I-temperamenttipe kind is geneig om voortdurend ‘n behoefte te hê om in ander se geselskap te wees. Die S-temperamenttipe ouer verkies daarenteen, roetine en alleentyd. Hierdie ouer het na afloop van die werksessies aangetoon dat temperament definitief ‘n invloed op sy gesinsverhoudings het. Hierdie invloed is wedersyds en ouers moet bewus wees hiervan. Uit die besprekings met die respondente het dit na vore gekom dat respondente aan die einde van die program goeie insig getoon het dat ouers se temperament ‘n invloed het op die verhouding met die kinders en dat die kinders se temperament ook die verhouding met hulle ouers beïnvloed.

Temperament en die individu se omgewing is in ‘n wedersydse verhouding met mekaar (Marshall *et al*., 2000:240). Kennis van temperament lei daartoe dat die individu se omgewing hom beter kan verstaan (Keogh, 2003a:1).

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**FIGUUR 6.8: BEGRIP: TEMPERAMENT EN TEMPERAMENTVERSKILLE**

**Respons op vraag of voorheen met temperamentverskille kennis gemaak is**
n = 9





Met die voortoets het 78% (7) van die respondente aangedui dat hulle wel voorheen van die begrippe "temperament" en "temperamentverskille" gehoor het, teenoor 22% (2) wat aangedui het dat hulle nie voorheen daarvan gehoor het nie. Nege (100%) van die respondente het met die natoets aangedui dat hulle van die begrippe gehoor het. Hier kan aangedui word dat hoewel die meerderheid respondente hier aandui dat hulle reeds voor die intervensieprogram kennis gedra het van die begrippe "temperament" en "temperamentverskille", dit uit die fokusgroepbesprekings (vergelyk 6.5.1, tema een van kategorie een) na vore gekom het dat die respondente nie kennis gedra het wat "temperament" en "temperamentverskille" presies behels nie. Kennis van temperament, soos bespreek onder 2.2 en soos blyk uit die resultate van die studie (figuur 6.5 – 6.7), kan 'n waardevolle bydrae maak om ouers te bemagtig.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**FIGUUR 6.9: BRON VAN INLIGTING OOR TEMPERAMENT**





Tydens die voortoets het 6.6% (1) van die respondente aangedui dat hulle kennis van temperamente bekom het by familie, 13.3% (2) by vriende, 6.6% (1) by kollegas, 20% (3) deur middel van informele gesprekke, 13.3% (2) by professionele persone, 6.6% (1) by besprekings, 13.3% (2) by kursusse en 26.6% (4) deur middel van tydskrifte. Hieruit blyk dit dat die kennis in terme van temperament die meeste bekom is deur middel van tydskrifte. Nege (100%) van die respondente het met die natoets aangedui en mondelings bevestig dat hulle kennis van temperamente bekom het deur middel van 'n professionele persoon, naamlik die navorser tydens die aanbieding van die program. Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat hierdie professionele persoon wat aangedui is, na die ouerbemagtigingsprogram verwys. Die afleiding kan dus gemaak word dat die ouerbemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare 'n positiewe bydrae gemaak het tot die bemagtiging van respondente, deur die kennis wat hulle opgedoen het oor temperament en temperamentverskille.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)




**FIGUUR 6.10: KENNIS VAN VERSKILLENDE TEMPERAMENTVERSKILLE**





Uit figuur 6.10 is dit duidelik dat tydens die voortoets, het 11% (1) van die respondente aangedui het dat hulle kennis van temperamentmodelle goed is, 66.6% (6) dat hulle kennis swak is en 22% (2) dat hulle kennis baie swak is. Uit die voortoets is dit duidelik dat die meerderheid respondente van mening is dat hulle kennis van temperamentmodelle beperk is. Tydens die natoets het 66.6%(6) aangedui dat hulle kennis goed is, 22% (2) dat hulle kennis gemiddeld is en 11% (1) het aangedui dat sy kennis swak is. Uit die figuur is dit dus duidelik dat die respondente gebaat het by die intervensieprogram deurdat die meerderheid tydens die natoets aangedui het dat hulle kennisbasis ten opsigte van temperamentmodelle verbeter het.

**FIGUUR 6.11:  VERSKILLENDE TEMPERAMENTMODELLE**




Slegs een (11%) van die respondente het voor die intervensieprogram aangedui dat hy kennis dra van die Myers Briggs- en Kolbe-temperamentmodelle wat reeds bestaan, teenoor 88% (8)  respondente wat aangedui het dat hulle van geen bestaande temperamentmodelle kennis dra nie.  Die respondent wat kennis gedra het, is betrokke by ‘n  korporatiewe werksomgewing, wat deur sy werkgewer blootgestel is aan ‘n temperamentanalise.   Na die afloop van die intervensieprogram het die meeste respondente aangedui dat die program aan hulle kennis verskaf het oor temperamentmodelle.  Hulle kennis ten opsigte van veral die DISC-model het verhoog.  Die gevolgtrekking hieruit is dat die doel van die program nie was om die respondente toe te rus met meer kennis ten opsigte van verskillende temperamentmodelle nie.


**FIGUUR 6.12(a): STELLINGS TEN OPSIGTE VAN TEMPERAMENT – VOORTOETS**




1 – Temperament is aangebore
2 – Temperament kan verander
3 – Omgewing beïnvloed temperament
4 – Karakter het invloed op temperament
5 – Persoonlikheid het 'n invloed op temperament
6 – Temperament en persoonlikheid is dieselfde
7 – Temperamentverskille het 'n invloed op persoonlikheid

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**FIGUUR 6.12(b): STELLINGS TEN OPSIGTE VAN TEMPERAMENT – NATOETS**




1 – Temperament is aangebore
2 – Temperament kan verander
3 – Omgewing beïnvloed temperament
4 – Karakter het invloed op temperament
5 – Persoonlikheid het 'n invloed op temperament
6 – Temperament en persoonlikheid is dieselfde
7 – Temperamentverskille het 'n invloed op persoonlikheid

Uit figuur 6.12 (a) en (b) blyk:

**Temperament is aangebore.** Met die voortoets het 77% (7) van die respondente aangedui dat temperament aangebore is, teenoor die natoets waar 22% (2) aangedui het dat temperament nie aangebore is nie. Met die natoets het 88% (8) aangedui dat temperament aangebore is, teenoor 11% (1) wat aangedui het dat hy onseker is of temperament aangebore is. Uit die literatuur is dit duidelik dat temperament op 'n basiese geneigdheid dui waarmee 'n persoon gebore word (Ballesteros, 2003:950; Kagan *et al.*, 1997:276). Tydens die fokusgroepbesprekings het die meerderheid van respondente aangedui dat temperament nie aangebore is nie, maar aangeleer word. (Vergelyk 6.5.1.) Dit blyk dus dat die respondente beperkte kennis tydens die voortoets gehad het ten opsigte van temperament wat aangebore is. Hierdie respons stem ooreen met die fokusgroepbesprekings waar ouers van mening is dat temperament aangeleer is en kan verander.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


**Temperament kan verander.** Tydens die voortoets het 66% (6) van die respondente aangedui dat temperament veranderbaar is, teenoor die 11% (1) wat gesê het dat temperament nie kan verander nie en 22% (2) wat aangedui het dat hulle onseker is of temperament kan verander. Agt (88%) van die respondente het tydens die natoets aangedui dat temperament nie kan verander nie en 11% (1) het aangedui dat temperament wel kan verander. Brendt (2001:211) is van mening dat temperament beskryf kan word as 'n relatiewe konstante, basiese disposisie waarmee 'n persoon gebore word wat gedrag, reaktiwiteit, aktiwiteit en emosionaliteit onderlê en reguleer. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meerderheid respondente van mening is dat temperament veranderbaar, is wat ooreenstem met die mening van die fokusgroepe soos bespreek by 6.5.1.

**Omgewing beïnvloed temperament.** Met die voortoets het 66% (6) van die respondente aangedui dat omgewing 'n invloed het op temperament, teenoor 11% (1) wat aangedui het dat omgewing nie 'n invloed op temperament het nie, terwyl 22% (2) onseker daaroor voel dat omgewing temperament beïnvloed. Tydens die natoets het 77% (7) aangedui dat die omgewing temperament beïnvloed teenoor (2) 22% wat aangedui het dat die omgewing nie 'n invloed op temperament het nie.

Die omgewing en temperament het 'n wedersydse verhouding en invloed op mekaar (Marshall *et al*., 2000:240). Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die moontlikheid nie uitgesluit behoort te word dat die respondente, nadat hulle die individuele terugvoering ontvang het waar elkeen se temperamenttipe afsonderlik bespreek is, begryp het dat die omgewing 'n invloed op temperament het.

**Karakter het 'n invloed op temperament.** Daar was geen verskil tussen die voor- en natoets ten opsigte van die vraag nie. In beide die voor- en natoets het agt (88%) respondente aangedui dat karakter 'n invloed op temperament het. In die voortoets was 11% (1) van die respondente onseker of karakter temperament beïnvloed. In die natoets het 11% (1) van die respondente gemeen dat karakter nie 'n invloed op temperament het nie. Karakter verwys na die uitdrukking van predisposisies in gedrag, wat 'n samevoeging is van beide lewensgeskiedenis en die individu se genetika (Kagan, 1997a:376). Karakter is 'n komponent van persoonlikheid (Vasta *et al.,* 1999:454). Karakter word beïnvloed deur die omgewing (Attili, 1989:584). Die

gevolgtrekking kan gemaak word dat temperament 'n invloed op karakter kan hê, aangesien temperament aangebore is en karakter uit temperament ontwikkel.


**Persoonlikheid het 'n invloed op temperament.** Met die het 66% (6) van die respondente aangedui dat persoonlikheid 'n invloed op temperament het, 11% (1) respondente dat persoonlikheid nie 'n invloed het nie en 22% (2) het aangedui dat hulle onseker is of persoonlikheid 'n invloed op temperament het. Met die natoets het 88% (8) van die respondente aangedui het dat persoonlikheid 'n invloed op temperament het, teenoor 11% (1) wat gemeen het dat persoonlikheid nie 'n invloed op temperament het nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat ouers dikwels persoonlikheid en temperament met mekaar verwar. Dit het in die fokusgroepbesprekings duidelik na vore gekom dat ouers onkundig is ten opsigte van temperament en persoonlikheid. Daar is 'n beduidende kennisvermeerdering ten opsigte van die invloed van persoonlikheid op temperament.

**Temperament en persoonlikheid is dieselfde.** Tydens die voortoets het een (11%) van die respondente aangedui dat temperament en persoonlikheid dieselfde is. Ses (66%) het tydens die voortoets gemeen dat temperament en persoonlikheid nie dieselfde is nie en (2) 22% het gemeen dat hulle onseker is of temperament en persoonlikheid dieselfde is. Tydens die natoets was al nege (100%) van mening dat temperament en persoonlikheid nie dieselfde is nie. Tydens die fokusgroepbesprekings (wat bespreek is by 6.5.1) het dit duidelik geblyk dat die meerderheid individue nie die twee begrippe, genaamd "persoonlikheid" en "temperament" as afsonderlike begrippe verstaan nie.

Temperamentverskille het 'n invloed op verhoudings. Sowel tydens die voortoets as die natoets het nege (100%) respondente aangedui dat temperamentverskille 'n invloed op verhoudings het. Ouers en kinders het 'n wedersydse invloed op mekaar. Dit beteken dat ouers 'n invloed het op hulle kinders se gedrag en dat kinders ook 'n invloed het op hulle ouers se gedrag. Kinders met aktiewe gedrag veroorsaak dat die ouers spesiale reëlings in hulle huishoudings moet tref om hulle kinders te beskerm (Tieger & Barron-Tieger, 2000:355).


Uit figuur 6.12 (a) en (b) is dit duidelik dat die respondente gebaat het by die ouerbemagtigingsprogram.

**FIGUUR 6.13: VASSTELLING VAN TEMPERAMENTTIPE**





Met die voortoets het 88% (8) respondente aangedui dat hulle temperamenttipe nie vantevore bepaal is nie. Daar was slegs een (11%) respondent wie se temperament voorheen vasgestel is. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die meeste van die respondente die eerste keer tydens die ouerbemagtigingsprogram blootgestel is aan temperamente en temperamentanalise, wat die moontlikheid beklemtoon dat die respondente beperkte kennis van temperamente het. (Vergelyk 6.4.)

**FIGUUR 6.14 WAARDE VAN TEMPERAMENT**




Uit figuur 6.13 is dit duidelik dat slegs een (11%) respondent nog blootgestel was aan temperamentanalise. Dit verklaar die voortoetsmeting van figuur 6.14, waar 88% (8) van die respondente aangedui het dat hulle min baat by die temperamentanalise en in die natoets het 88% (8) aangedui dat hulle baie baat by temperamentanalise. Gesien in die lig dat dit vir die meerderheid respondente die eerste keer was dat hulle blootgestel was aan ‘n temperamentanalise, kan die gevolgtrekking gemaak word dat dit moontlik die rede is waarom die respondente van mening is dat hulle by die temperamentanalise gebaat het. In die voortoets dui een (11%) respondent aan dat hy min gebaat het, en so ook in die natoets. Die navorser wil die afleiding maak dat dit die respondent is wat reeds aan temperamentanalise blootgestel was, soos aangedui in figuur 6.13. Die respondente het tydens die individuele sessie (sessie ses van die ouerbemagtigingsprogram) aangedui dat hulle met kennis bemagtig is om hulle eie en hulle kinders se temperamente te verstaan en die invloed van die verskillende temperament op mekaar te begryp. Die navorser is van mening dat die waarde van die ouerbemagtigingsprogram moontlik verhoog is deur die feit dat die navorser as terapeut in dieselfde dorp woon as die respondente. Die respondente kan dus enige tyd met die navorser in verbinding tree.

**FIGUUR 6.15 VERANDERING IN HANTERING VAN KINDERS NA AFLOOP VAN TEMPERAMENTANALISE**




Met die voortoets het 88% (8) van die respondente aangedui dat hulle onseker is of die temperamentanalise 'n invloed sal hê op die hantering van hulle kinders, teenoor slegs een (11%) respondent wat aangedui het dat temperamentanalise die hantering van kinders kan verander. In die natoets dui 8 (88%) respondente aan dat die temperamentanalise wel verandering in hulle hantering van hulle kinders kan beteken. Een (11%) was tydens die natoets nog onseker. In figuur 6.5 is aangedui dat ouers wel verdere kennis en ondersteuning benodig in die aanpassings wat hulle moet maak in die hantering van hulle kinders. Dit stem ooreen met die literatuur waarin gestel word dat die waarde van kennis van temperamenttipe daartoe kan bydra dat ouers hulle kinders beter kan verstaan en realistiese verwagtinge kan stel (Goode, 2001:36). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat, gesien in die lig daarvan dat die meerderheid van respondente beperkte kennis gehad het van temperamente en nie voorheen blootgestel was aan temperamentanalise nie, die meerderheid (88%) (8) baat gevind het by die temperamentanalise.

**FIGUUR 6.16: BYDRAE VAN TEMPERAMENTANALISE TOT VERBREDING VAN KENNIS OOR GEDRAG**





Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar geen verskil is tussen die resultate van die voor- en natoets (100%) (9) nie ten opsigte van die feit dat 'n temperamentanalise 'n bydrae lewer tot die verbreding van kennis oor gedrag en die hantering van kinders. Al die respondente het dus geweet dat temperamentanalise inligting oor gedrag gee. Die omvang en inhoud was egter nie bekend nie, soos aangedui in 6.15.

**FIGUUR 6.17: BYDRAE VAN TEMPERAMENTANALISE TOT DIE VERBREDING VAN OUERS SE KENNIS VAN DIE KIND SE DENKE EN GEDRAG**




Tydens die voortoets het 88% (8) van die respondente aangedui dat hulle van mening is dat ‘n temperamentanalise ‘n bydrae kan maak tot die verbreding van die ouer se kennis van die kind se denke en gedrag, teenoor een (11%) respondent wat gesê het dat hy onseker is. Weens die feit dat al nege (100%) respondente tydens die natoets aangedui het dat ‘n temperamentanalise ‘n bydrae kan maak tot die verbreding van die ouers se kennis van die kind se denke en gedrag, dui daarop dat vermeerdering van kennis plaasgevind het.


**FIGUUR 6.18: OUERSKAPSTYL**




Tydens die voortoets het geen respondente aangetoon dat hulle 'n outoritêre ouerskapstyl toon nie, ses (66%) respondente het aangedui dat hulle ouerskapstyl gesaghebbend is en 33% (3) het aangedui dat hulle ouerskapstyl toegewend is. Tydens die natoets het 77% (7) van die respondente aangedui het dat hulle ouerskapstyl toegewend is en 22% (2) dat hulle 'n gesaghebbende ouerskapstyl het. Hieruit blyk dit dat die ouers moontlik na die afloop van die intervensieprogram waar die ouerskapstyle bespreek is, tot die besef gekom het dat hulle eerder meer toegewend moet wees as gesaghebbend. Nog 'n moontlike rede kan wees dat die respondente, nadat hulle meer kennis rondom hulle temperamenttipe ingewin het, besluit het dat hulle meer toegewend is. Volgens die literatuur, dui 'n gesaghebbende ouerskapstyl daarop dat ouers geneig is om duidelike rigting aan die kind te gee, maar laat terselfdertyd heelwat vryheid binne redelike grense toe (Louw *et al.*, 2001:356). Toegewende ouerskapstyl keur outoritêre ouerskap en benadering af. Hierdie ouerskapstyl word gekenmerk deur ouers wat bykans geen perke stel nie (Shaffer, 2003:609). Die gevolgtrekking hieruit is dat die meerderheid ouers steeds beperkte kennis het van ouerskapstyle. Dit is ook duidelik dat hulle nog nie die verskillende ouerskapstyle goed verstaan nie. Meer tyd sal dus tydens verdere benutting van die ouerbemagtigingsprogram aan ouerskapstyle gewy moet word, aangesien die

respondente na afloop van die ouerbemagtigingsprogram steeds beperkte kennis van ouerskapstyle getoon het.

**FIGUUR 6.19: AANPASSING VAN KINDERS BY OUERSKAPSTYLE**





Uit die voorstelling het 66% (6) van die respondente tydens die voortoets aangedui dat dat kinders by ouerskapstyle moet aanpas, teenoor 22% (2) wat aangedui het dat kinders nie moet aanpas nie en 11% (1) wat aangedui het dat hulle onseker is. Met die natoets het 88% (8) aangedui dat kinders nie by ouerskapstyle moet aanpas nie, terwyl11% (1) aangedui het dat kinders by ouerskapstyle moet aanpas.

Kinders ontlok dikwels verskillende reaksies van ander rondom hulle, wat direk verband hou met hulle temperament. Kinders met moeilike temperamente is geneig om negatiewe reaksies van hulle ouers te ontlok (Keogh, 2003a:3). Hierdie verskillende reaksies tussen kinders en hulle omgewing lei tot die konsep van "*goodness to fit*". Keogh (2003a:3) is van mening dat hierdie konsep sentraal is tot die begrip van hoe temperament tot die kind se ontwikkeling en ervarings bydra. (Vergelyk Oatley & Jenkins, 1996:241.)

'n Kind se gedragstyl kan pas by die ouers se verwagtinge en die daaglikse roetine in die gesin, of dit kan 'n indringende of ontwrigtende invloed hê. Hoe 'n kind teenoor sy omgewing reageer, hou verband met sy temperament (Oatley & Jenkins,


1996:241). "*Poorness to fit*" bestaan wanneer die versoeke en verwagtinge buitensporig is en nie verenigbaar is met die kind se temperament nie. Met so 'n passing is die kind geneig om stres te ervaar (Chess & Thomas, 1989:57). Uit bogenoemde is dit duidelik dat die respondente deur hulle betrekking by die program meer kennis bekom het ten opsigte van die feit dat 'n kind nie by die ouerskapstyl moet aanpas nie, maar dat die ouer erkentlik moet wees teenoor die uniekheid van elke kind.

**FIGUUR 6.20: OUERSKAPSTYL HET 'N INVLOED OP TEMPERAMENTE**




Tydens die voortoets het 77% (7) van die respondente aangedui dat die ouerskapstyl 'n invloed het op temperamente teenoor 100% (9) tydens die natoets. Die respondente is van mening dat hulle ouerskapstyl 'n invloed op die temperamente van hulle kinders het. Hoe 'n kind teenoor sy omgewing reageer, hou verband met die kind se temperament (Oatley & Jenkins, 1996:241). 'n Gevolgtrekking hieruit kan gemaak word dat die respondente na die ouerbemagtigingsprogram besef het dat die manier hoe ouers teenoor hulle kinders reageer, 'n invloed kan hê op die kinders se temperamente. Tydens die evalueringsessie by elke respondent se huis, het dit duidelik geblyk dat ouers tot die besef gekom het dat hulle nie hulle kinders almal op presies dieselfde manier kan hanteer nie en dat hulle hantering volgens hulle ouerskapstyl, 'n invloed op elke kind afsonderlik kan hê.


**FIGUUR 6.21: BETEKENIS VAN DIE BEGRIP "UITGAANDE"**




1 – Persoon praat hard en aanhoudend
2 – Persoon neem gesprek oor
3 – Persoon dink voor hy handel
4 – Vind maklik aanklank by ander
5 – Persoon druk gevoelens uit
6 – Ander gee hom energie
7 – Maak maklik vriende
8 – Geeneen van bogenoemde

By die vraag in figuur 6.21 het respondente meer as een antwoord gemerk. Dit blyk dat 6.25% (1) van die response tydens die voortoets aangedui het dat die begrip "uitgaande" na die persoon verwys wat hard en aanhoudend praat, 6.25% (1) van die response meen dat "uitgaande" na die persoon verwys wat 'n gesprek oorneem, ses (37.5%) van die response het aangedui dat "uitgaande" verwys na die persoon wat maklik aanklank by ander vind, twee (12.5%) van die response het aangetoon dat "uitgaande" na die persoon verwys wat sy gevoelens uitdruk en vier (25%) wat dui dat "uitgaande" na die persoon verwys wat maklik vriende maak. Tydens die natoets het 3 (18.75%) response aangedui dat "uitgaande" op diegene dui wat maklik aanklank by ander vind, vier (25 %) response het aangedui dat "uitgaande" verwys na diegene wat hulle gevoelens uitdruk teenoor 9 (56.25%) wat aangedui het dat die begrip "uitgaande" verwys na persone wat ander energie gee. Die doel van die insluiting van vraag 21 en 22 in die vraelys was om te weet of ouers die verskil tussen introverte en ekstroverte temperament verstaan. Ekstrovert (uitgaande) temperament dui op mense wat ander mense kies as bron van energie (Struwig, 2002:15).

**FIGUUR 6.22: VERSKIL TUSSEN UITGAANDE EN GERESERVEERD GAAN UITSLUITLIK OOR HOE BAIE OF HOE MIN 'N PERSOON PRAAT**





Met die voortoets het 77% (7) aangedui dat die verskil tussen "uitgaande" en "gereserveerd" nie gaan oor hoe baie of hoe min 'n persoon praat nie, terwyl 11% (1) aangedui het dat die verskil tussen "uitgaande" en "gereserveerd" wel gaan oor hoe baie of hoe min 'n persoon praat en 11% (1) het aangedui dat hy onseker is. Met die natoets het 100% (9) aangedui dat "uitgaande" en "gereserveerd" nie uitsluitlik gaan oor hoe baie of hoe min 'n persoon praat nie. Volgens Struwig (2002:15) gaan "uitgaande" oor die bron van energie wat 'n persoon in ander mense soek. Gereserveerde persone kies hulleself as bron van energie. Hulle is diegene wat na binne keer en afsondering verkies om hulle kragte te herwin. 'n Gevolgtrekking is dat die meeste ouers wel die betekenis van die begrippe "uitgaande" en "gereserveerd" ken.

In die individuele bespreking (sessie ses) het ouers dan ook aangedui dat hulle die begrippe en soos dit van toepassing is op hulle kinders se gedrag, na die aanbieding van die werkswinkel, beter verstaan. Die kinders se behoefte om óf tussen mense te wil wees óf alleen terug te trek, het toe vir hulle sin gemaak.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**FIGUUR 6.23: TAKE WAT DIE MIDDELKINDERJARE KIND MOET BEMEESTER**





1 – Verfyning van motoriese ontwikkeling
2 – Vaslê van geslagsidentiteit
3 – Ontwikkeling van verstandelike vaardighede
4 – Uitbreiding van sosiale deelname
5 – Ontwikkeling van groter selfkennis
6 – Ontwikkeling van morele oordeel en gedrag
7 – Geeneen van bogenoemde

Soos aangedui, is daar geen beduidende verskille gevind tussen kennis van voor en na die intervensieprogram nie. Hieruit blyk dit dat die respondente reeds voor die aanvang van die intervensieprogram genoegsame kennis of lewenservaring ten opsigte van die ontwikkelingstake soos deur die navorser aangedui, van 'n middelkinderjare kind het. Volgens Louw *et al.* (2001:326) is die ontwikkelingstake wat 'n middelkinderjare kind moet bemeester, al ses die aspekte soos gestel in die vraelys. Die navorser wil hier 'n hipotese stel, naamlik: Indien hier 'n oop vraag aan die ouers gevra is oor watter ontwikkelingstake 'n kind in die middelkinderjare moet bemeester, dan sou van die respondente nie oor voldoende kennis beskik het om al die ontwikkelingstake op te noem nie. Tydens die fokusgroepe en in die werksessies moes die navorser heelwat inligting oor die ontwikkelingstake van die middelkinderjare kind aan die ouers verduidelik.


University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**FIGUUR 6.24: TEMPERAMENT IS VERANDERBAAR**




Met die voortoets het 55% (5) van die respondente aangedui dat temperament veranderbaar is, 11% (1) het aangedui dat dit nie veranderbaar is nie en 33% (3) het aangedui dat hulle onseker is of temperament veranderbaar is. Met die natoets het 88% (8) van die respondente aangedui dat temperament nie veranderbaar is nie teenoor 11% (1) wat aangedui het dat dit wel verander. Temperament word deur Brendt (2001:211) beskryf as relatief konstant en dat 'n persoon daarmee gebore word. Die gevolgtrekking hieruit kan gemaak word dat die respondente na die aanbieding van die program verstaan het dat temperament nie verbind kan word aan 'n spesifieke ouderdom nie en dat temperament konstant bly.

**FIGUUR 6.25: KENNIS WAT VERLANG WORD**




Voor die aanvang van die intervensieprogram het al die respondente (100%) aangedui dat hulle kennis verlang ten opsigte van al die aspekte. Tydens die ouerbemagtigingsprogram (sessie vier) het die navorser die respondente bemagtig met kennis oor die volgende:

- Wat is die verskillende gedragstyle, dus die DISC van die DISC-model (vergelyk hoofstuk drie)?
- Hoe dissiplineer ouers hulle kinders volgens hulle temperamente (vergelyk hoofstuk vier)?
- Wat is kinders se emosionele behoeftes volgens hulle temperament (vergelyk hoofstuk drie)?
- Hoe ouers kontak kan maak met hulle eie en hulle kinders se temperamenttipe (hoofstuk vier).

- Hoe 'n "*goodness to fit*" en "*poorness to fit*"-omgewing lyk wat die verhouding tussen ouer en kind kan beïnvloed (vergelyk hoofstuk vier).
- Die hantering van die verskillende temperamente onder spanning (vergelyk hoofstuk vier).

Met die natoets het die respondente aangedui dat hulle steeds meer kennis benodig van hoe om hulle kind te motiveer en te dissiplineer om 'n effektiewer ouer te wees. Die navorser meen dus dat die program verder uitgebou kan word met meer inligting wat ouers toerus vir ouerskap.

### 6.6 IMPLEMENTERING VAN OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM

Die toring wat deur die kinders, soos in 5.22 uiteengesit is (aktiwiteit nr drie van sessie 1A) en die verskillende skuilings van klei (aktiwiteit nr twee van sessie 1B) word as bylaag tien aangeheg.

Na aanleiding van die temperamentanalise van die ouers en die assessering van die kinders met inaggeneming van die ouers se kontrolelys, blyk die volgende:

**GESIN NO 1:**

| **Naam** | **Navorser se persepsie** | **Ouers se persepsie (Kontrolelys)** | **Moeder DISC evaluering** | **Vader DISC evaluering** |
|---|---|---|---|---|
| Gesin 1<br>Seun 6<br>Jaar | SC<br>Groepassesering:<br>Aanduidings<br>Moeder moet aanvanklik bly vir sessie<br>Speel op eie<br>Doen wat ander | DCSI | Aangepaste styl: SCID<br>Aangebore styl: SCID | Aangepaste styl: SCDI<br>Aangebore styl: SCDI |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | verlang<br>Vra heeltyd hoeveel tyd daar oor het. | | | |

**Vader No 1:**

**Aangepaste styl: SCDI**
**Aangebore styl: SCDI**

Vir die doeleindes van die studie gaan die aangebore- en aangepaste styl van SC as die dominante styl benut word.  Hierdie is met Mnr bespreek tydens die individuele terugvoering en hy het aangedui dat hy die meeste van die tyd hierdie dominante temperamentstyl toon.  Die eienskappe van die S temperamenttipe soos bespreek in 3.6.2.3 in van toepassing op Mnr. Hierdie eienskappe moet saamgelees word met die eienskappe van die C temperament soos bespreek in 3.6.2.4.  Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Hy verkies dat sy gesinsverhoudinge warm, persoonlik en harmonieus moet wees.
- Hy verkies om negatiewe en intense gevoelens en konfrontasies te vermy.  Hy sal dus sy gevoelens terughou indien dit ander gesinslede kan ontstel.
- Hy is geneig om goed na te dink alvorens hy ‘n besluit neem.
- Hy is stil by sosiale aktiwiteite veral by situasies waar hy niemand ken nie.
- Hy neig om gemotiveerd te wees indien sy eggenote hom ondersteun en rig.
- Hy verkies stap-vir-stap benadering en neig om teen ‘n stadige pas te beweeg waar hy genoeg tyd het om te beplan.
- Hy verkies tradisionele manier van dinge doen.
- Hy is konsekwent en kan maklik in ‘n groef beland, aangesien hy nie van verandering hou nie.
- Hy is geneig om deur ander beheer en bestuur te word.
- Hy is ‘n volgeling eerder as ‘n leier.
- Hy is nie net ondersteunend nie, maar kan ook probleme of situasies in die gesin analiseer.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


**Kommunikasievaardighede:**

Hy verkies verhoudings wat reeds lank bestaan.  Hy wil op 'n nie-bedreigende sagte stemtoon benader word.  Hy verkies feite en dis nodig om hom van voor- en nadele te voorsien.  Hy moet nie gedruk word om vinnig besluite te neem en verandering teweeg te bring nie. Dis nodig wanneer daar met hierdie persoon kontak gemaak word om met persoonlike kommentaar te begin, sodat die ys gebreek word.  Opregte belangstelling is nodig wanneer daar met hierdie persoon kontak gemaak word. (Vergelyk 3.6.2.3).

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie persoon is die van opregte waardering soos bespreek in 3.6.2.3

**Omgewing waar hierdie persoon voel hy is in beheer:**

Hierdie persoon verkies 'n omgewing waar lang, standvastige verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is.  Hy verkies persoonlike aandag waar daar vrede is.  Hy verkies 'n omgewing waar ander hom nie voorsê of manipuleer nie.  Hy verkies georganiseerdheid en vermy oppervlakkigheid.  Hy verkies 'n stadige pas waar hy op sy eie tyd besluite kan neem.  Hy sal spanning ervaar indien ander hom druk vir besluitneming.

**Ouerskapstyl**

Mnr erken dat hy geneig is om 'n toegeeflike ouerskapstyl toe te pas (Vergelyk 5.16.) Mnr hou nie van konfrontasies nie en poog om deur die toegeeflike ouerskapstyl te wys dat hy konfrontasie en spanningsareas wil vermy.  Sy verhouding met die seun word ook gekenmerk deur toegeeflikheid.  Hy is nie geneig om streng reëls daar te stel nie en weens die feit dat hy min by die huis is lei dit daartoe dat hy die kinders toelaat om te doen wat hulle wil.

**Moeder No 1:**

Uitslag van die DISC temperamentanalise vraelys:

**Aangepaste styl: SCID**
**Aangebore styl: SCDI**

Vir die doeleindes van die studie gaan die aangebore- en aangepaste styl van SC as die dominante styl benut word. Hierdie is met Mev bespreek tydens die individuele terugvoering en sy het aangedui dat sy die meeste van die tyd hierdie dominante temperamentstyl toon. Mev het verder geverbaliseer dat sy met tye eerder 'n D temperament toon as 'n I, veral in haar gesin. Die eienskappe van die S temperamenttipe soos bespreek in 3.6.2.3 in van toepassing op Mev. Hierdie eienskappe moet saamgelees word met die eienskappe van die C temperament soos bespreek in 3.6.2.4. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC-program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Mev is geneig om weerstand te toon teen skielike verandering en nuwe metodes.
- Sy is nie geneig om haarself in 'n sosiale situasie uit te druk nie.
- Mev is geneig om maklik uit te stel.
- Sy neem al die huiswerk in die huis op haarself, wat daartoe lei dat sy haarself dikwels onder druk plaas.
- Mev is geneig om maklik 'n "wrok" te koester , weens die feit dat sy nie geneig is om haar gevoelens bekend te maak nie.
- Sy is geneig om haarself af te sonder wanneer ander aggressief teenoor haar is.
- Mev vermy gewoonlik probleemhantering.
- Sy is geneig om teen 'n stadige pas te beweeg en op haar manier dinge te doen en verkies nie veranderinge nie.
- Mev kan maklik deur ander gesinslede beïnvloed word.
- Sy sal haarself afsonder wanneer ander aggressief teenoor haar opgetree word.
- Mev is nie geneig om onafhanklik te wees nie.
- Mev is geneig om vir 'n lang tydperk 'n spesifieke emosie te ervaar en sal nie maklik indien sy 'n hartseer of seergemaakte emosie ervaar daaroor kan kom nie.
- Mev hanteer spanning en stress deur om moeilik en koppig voor te kom.

**Kommunikasievaardighede:**

Mev verkies ‘n informele, gemaklike kommunikasiestyl. Sy verkies ‘n geordende spesifieke poging en dis belangrik dat ‘n persoon by sy beloftes hou wanneer daar met haar gekommunikeer word. Sy verkies om in ‘n nie-bedreidende, sagte en opregte stemtoon met ander kontak te maak en verwag dat ander haar ook so benader.

Sy verkies om die voor- en nadele van ‘n saak teen mekaar op te weeg alvorens sy ‘n besluit neem. Sy wil gewoonlik vooraf weet wat van haar verwag word sodat sy haarself deeglik in die verband kan voorberei.

**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

Mev verkies ‘n omgewing waar daar nie van haar verwag word om vinnig besluitneming te neem nie. Sy is nie geneig om vinnig tot verskillende reaksies te reageer nie en sy benodig ‘n omgewing waar daar genoegsame tyd gegun word vir besluitneming en verandering. Dis nodig om nie vaag te wees wat van haar verwag moet word. Dis nodig dat die omgewing van so aard moet wees om dit wat belowe is deur te voer. Wanneer daar verwagtinge gestel word moet daaraan voldoen word. Sy is geneig om konfliksituasies te vermy en dis nodig dat sy bewustheid in die verband moet hê. Sy neem tyd om oor seergemaakte of tenagekomde emosie te kom wat dit moontlik vir ander bemoeilik, aangesien hulle nie presies weet waar hulle met haar staan nie. Mev het tydens die werkswinkel met die “bou ‘n toring” aanvanklik nie deelgeneem aan die groepsaktiwiteit nie. Sy het later toe sy meer gemaklik gevoel het in die groep haar opinie gegee. Tydens die aktiwiteit van die “bou ‘n eiland” het sy haar skuiling met baie detail gevul, wat kenmerke van ‘n C temperament is. Sy het deurgaans tydens die besprekings van die werkswinkel vrae gevra om dit beter te verstaan. Sy het tydens die werkswinkel en individuele terugvoer krities voorgekom, wat vir die navorser bevestig het dat sy ‘n C temperamenttipe komponent het.

**Ouerskapstyl**

Mev is van mening dat sy gewoonlike ‘n toegeeflike ouerskapstyl openbaar. Wanneer sy gewoonlik moeg is of spanning ervaar is sy geneig om outoritêr voor te kom.

(Vergelyk 5.16). Hierdie stem volgens die navorser ooreen met 5.15 dat indien ‘n S temperament spanning beleef hulle geneig is om aan te val.

**Kind No 1: Seun van ses jaar**

Mnr en Mev het die kontrolelys ten opsigte van hulle seun voltooi soos uiteengesit in 5.23. Die doel hiervan was om Mnr en Mev se persepsie van hulle seun se temperamenttipe te bepaal. Hy is by twee assesseringsessies saam met vier ander juniorprimêre skoolkinders betrek. Die doel hiervan was dat die terapeut sy temperamenttipe waargeneem het. Vanuit die assesseringsessies verskil die navorser se mening met die van Mnr en Mev se voltooide kontrolelys. Mnr en Mev het aangetoon dat hulle seun ‘n DCSI temperamenttipe kind is.

Die navorser het die kind se temperament waargeneem tydens twee assesseringsessies saam met die vier ander kinders wat deel van die studie gevorm het. Vanuit die waarneming van die navorser het dit gedui dat die kind eerder ‘n SC temperamenttipe is. Tydens die twee sessies is waargeneem dat hy die dominansie van die eienskappe van die S temperament toon. Hy wou aanvanklik nie by die terapeut se praktyk bly toe mev hom na die sessies gebring het nie. Mev het in ‘n ander vertrek gewag totdat die sessie voltooi was. Tydens die tweede sessie kon mev hom alleen los en was hy gemakliker om die sessie by te woon. Hy het tydens die sessies vir die ander kinders alles aangegee wat hulle verlang het. Toe een van die kinders vir nog klei vra in die “bou ‘n eiland” opdrag soos bespreek in 5.22 het hy van syne gegee. Hy wou aanvanklik nie aan die ken-mekaar-speletjie deelneem nie. (Vergelyk 2.22.) Hy het ‘n paar beurte gemis voordat hy gemaklik was om deel te neem. Hy het deurgaans tydens albei sessies teen ‘n stadige pas beweeg en sy tyd geneem om te besluit. Hy het verkies om sy eie ding te doen en het nie met die ander groepslede gesels terwyl hy besig was met sy opdrag nie.

Tydens die individuele terugvoering gesprek met hierdie kind se ouers na die implementering van die intervensieprogram het hulle albei aangedui dat hulle seun ‘n S temperament is. Dit gebeur soms in hulle huis dat hy kenmerke van ‘n D

temperamenttipe toon. Die rede hiervoor kan moonlik wees dat hy gemaklik is in die huis en meer vrymoedigheid het om hierdie eienskappe van 'n D te toon. Die navorser is van mening dat hierdie ouers aan enkele aspekte gedink het en nie die dominantste gedrag wat die meeste van die tyd voorkom nie.

**Interpretasie van gesin no 1**

Weens die feit dat Mnr en Mev dieselfde temperamenttipe toon het albei tydens die individuele terugvoering gesprek aangedui dat beide sukkel om besluite in die huis te neem. Albei het eenparig saamgestem dat hulle nie een van konfrontasies en konflikte hou nie, wat impliseer dat sake onafgehandel bly wat spanning tot gevolg het. Mev het geverbaliseer dat sy dikwels te veel op haar neem weens haar gebrek om "nee" te kan se. Mnr het afgesien van sy voldag betrekking 'n buitemuurse besigheid. Hy moes op die harde manier aanleer om by vinnige veranderinge aan te pas en dat hy nou begryp dat dit sy aangebore temperament is wat daartoe lei dat hy nie van veranderinge hou nie. Mnr het geverbaliseer dat hy hoewel hy vrywillig aangemeld het voor die aanvang van die ouerbemagtigingsprogram wou onttrek. Hy kon egter nie vir die navorser daarvan in kennis stel nie en besef nou dat dit ook weens sy temperament is om ander tevrede te stel dat hy dit nie kon doen nie.

Beide het aangedui dat hulle nou begryp dat hulle seun nie bloot traag is om betrokke te raak by aktiwiteite soos hulle ander seun nie, maar dat dit sy temperament is om sy tyd te neem voor hy besluit en tyd nodig het om aan te pas. Hulle is geneig om hom aan te jaag en van hom te verwag om vinnig te besluit, wat opstandigheid aan sy kant tot gevolg het. Hulle ander seun is geneig om altyd vriende te wil oornooi en saam met ander te wees. Hierdie seun wat deel was van die respondente wil gewoonlik alleen speel en verkies een maat op 'n slag. Hulle besef nou dat dit te make het met sy S temperamenttipe. Die navorser het die moontlikheid aan die ouers uitgewys dat die feit dat hulle hierdie kind dikwels as 'n D temperamenttipe beleef moontlik verband hou met die feit dat 'n S temperament wanneer hy spanning beleef hy geneig is om van toestem of ingewilligheid geneig sal wees om aan te val en dus kenmerke van die D tempermenttipe toon. (Vergelyk 5.15.)

Mnr en mev het aangedui dat hulle seun se liefdestaal soos bespreek in die werkswinkel woorde van bevestiging is. (Vergelyk 5.10) Die moontlikheid bestaan

dat hierdie liefdestaal ooreenstem met die feit dat die S temperamenttipe se emosionele behoeftes waardering is en dat die kind dit van sy ouers wil hoor.

Albei ouers het insig getoon dat die wyse hoe hulle kontak kan maak met hulle S temperamenttipe kind is deur ‘n sagte stemtoon, stadige pas en deur nie-bedreigende houding sonder om eise aan hom te stel (Vergelyk 3.6.2.3.)

Vanuit die individuele gesprek het die ouers aangetoon dat hulle gebaat het by die ouerbemagtigingsprogram en ‘n behoefte uitgespreek dat hulle ouer, aangenome seun ook geassesseer moet word. Hulle het verder aangedui dat hulle ‘n behoefte het dat die onderwysers ook temperamente van hulle kinders moet verstaan om sodoende die kinders se gedrag beter te verstaan om hulle doeltreffend te kan motiveer.

**GESIN NO 2:**

| **Naam** | **Navorser se persepsie** | **Ouers se persepsie (Kontrolelys)** | **Moeder DISC evaluering** | **Vader DISC evaluering** |
|---|---|---|---|---|
| Gesin 2<br>Seun 8<br>Jaar | SC<br>Groepassesering:<br>Aanduidings<br>Speel op eie<br>Doen wat ander verlang<br>Hy was baie stil en kalm<br>Navorser moes stap-vir-stap opdragte herhaal. | SCID | Aangepaste styl: SICD<br>Aangebore styl: CISD | Aangepaste styl: SCID<br>Aangebore styl: SC(CS)ID |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**Vader No 2:**

**Aangepaste styl: SCID**

**Aangebore styl: SC(CS)ID**

Vir die doeleindes van die studie gaan die aangebore- en aangepaste styl van SC as die dominante styl benut word. Mnr se aanduiding van sy aangebore styl dui daarop dat hy ook 'n SC dominante styl het. Hierdie is met Mnr bespreek tydens die individuele terugvoering en hy het aangedui dat hy die meeste van die tyd 'n S dominante temperamentstyl toon. Die eienskappe van die S temperamenttipe soos bespreek in 3.6.2.3 in van toepassing op Mnr. Hierdie eienskappe moet saamgelees word met die eienskappe van die C temperament soos bespreek in 3.6.2.4. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Mnr is geneig om nie oop en direk te wees met ander nie, aangesien hy nie 'n geneigdheid het om sy opinie of gevoelens bekend te maak nie.
- Mnr is geneig om ander tevrede te hou en sal saam met ander stem om nie die verhouding skade aan te rig nie. Hy word bewus gemaak dat hy steeds meer dominant kan oorkom om steeds dieselfde positiewe gevoelens te handhaaf wat hy in die verhouding wil hê.
- Weens die feit dat Mnr nie geneig is om sy gevoelens bekend te maak nie sal hy maklik 'n wrok teenoor ander koester. Hy is dus geneig om nie sy gevoelens bekend te maak nie, wat daartoe lei dat sy negatiewe gevoelens kan ophoop wat spanning tot gevolg het.
- Hy verkies dat sy gesinsverhoudings warm, persoonlik en harmonieus moet wees. Hy voorsien 'n sin vir sekuriteit aan sy gesin en 'n warm, gemaklike, ondersteunende omgewing wat gesentreerd is rondom sy huishouding.
- Dis nodig om met tye sy stem te verhef om aan ander gesinslede en lede van die samelewing te sê hoe hy voel. Mnr erken dat hy 'n toegeeflike ouerskapstyl toon en die kinders toelaat om alles te doen.
- As ouer is Mnr geneig om eers dinge deur te dink voordat aksie geneem word.
- Hy verkies om intense, slegte gevoelens of konfrontasies te vermy. Hy sal dus geneig wees om in te gee tov versoeke van sy gesin in 'n poging om argumente te vermy. Hy wil ten alle koste en te alle tye vrede bewerkstellig.

- As ‘n ouer sal Mnr geneig wees om te reageer en sy opinie te stel nadat hy voldoende, genoegsame feite versamel het. Mnr is geneig om na te dink alvorens aksiestappe uitgevoer word. Hy verkies roetinetake en indien verandering voorkom verkies hy dat hy vooraf daarvan moet weet om sodoende voldoende voor te berei.
- Mnr is geneig om in sosiale situasies nie interaksie met ander te inisieer nie.
- Hy is geneig om maklik uit te stel.
- Hy hou nie daarvan om in ‘n posisie te wees waar hy met ander kompeteer nie, aangesien dit kan lei dat hy die stilte en harmonie wat hy soek kan verloor.
- As ouer toon hy weerstand in nuwe metodes van dinge doen. Hy verkies tradisionele maniere van dinge doen en sal nie sommer nuwe maniere op die proef stel nie.
- Hy voel met tye ongemaklik om ‘n aktiwiteit te doen hetsy ‘n gesinsaktiwiteit of ‘n aktiwiteit vir ander. Hy sal sy emosie in die verband terughou tot die laaste oomblik. Hy sal hoop dat iemand anders die werk by hom sal oorneem dat dit nie nodig is vir hom om dit deur te voer nie.
- Mnr is geneig om sy gevoelens en uitgangspunte terug te hou indien hy sou voel dat dit ander persone, veral sy gesin sal ontstel.
- Mnr is geneig om vinnig sy hulp aan ander wat hom benodig aan te bied.
- Dis nodig dat Mnr sy ouerlike vaardighede moet verhoog deur vinniger keuses te maak en toenemend beslissend te wees.
- Dis belangrik om in gedagte te hou dat konflik en spanning in die huisgesin onvermydelik is en dat die verlangde resultate bekom sal word indien Mnr konflik beheer. Mnr is geneig om konflik en onenigheid te vermy veral in die hantering met gesinslede. Dit stem ooreen dat Mnr ‘n permissiewe ouerskapstyl handhaaf. Dit dui dat hy moontlik geen perke sal stel aan die kinders nie. Die kinders het dus ‘n groot mate van vryheid.
- Mnr is nie net ‘n ondersteunende ouer nie maar kan ook die rol vertolk van analisering van probleme of situasies. Wanneer hy die rol vertolk van analisering sal ander gesinslede nie sy “cool”, stil houding verstaan nie.
- Hy is geweldig konsekwent in gesinsaktiwiteite en kan maklik in ‘n groef beland. Hy het dus nodig om gesinsdoelwitte voortdurend na te gaan.

- Mnr is geneig om gesinsgerig te wees en sal homself opoffer ter wille van sy gesin.
- Hy het 'n neiging om deur ander bestuur en beheer te word, veral die wat hy respekteer en van hou.
- Dis nodig om met tye sy stem te verhef om ander te laat verstaan hoe hy voel.
- Mnr is geneig om voor te gee dat hy saam met lede van sy gesin saamstem hoewel sy intensie nie is om in te willig tot hulle behoefte nie.
- Hy is geneig om met tye eerder te volg as om te lei.
- Mnr is geneig om nie sy gevoelens bekend te maak nie en sal met tyd uiterlik te kenne gee dat hy almal aanvaar terwyl hy innerlik nie gevoelens sal deel veral indien dit krities van aard is nie.
- Hy kan voorgee dat hy saam met ander stem hoewel dit nie sy intensie is om te doen wat ander wil nie.
- Wanneer hy uitgedaag word soek hy feite en syfers, voordat hy 'n keuse maak.
- Hy word gesien as 'n "pleaser" Hy hou van 'n omgewing waar ander gelukkig is en sal die diens voorsien om te help waar hy kan somtyds ten koste van homself.
- Wanneer hy 'n besluit geneem het is dit moeilik om hom te oortuig en sal hy nie verander nie.
- Met tye kan hy gesien word as hardkoppig veral wanneer hy onder stress en spanning is.
- Goed in logika .
- Hou van feite en data en wanneer daar te veel data beskikbaar gestel word vind hy dit moeilik om 'n keuse te maak
- Mense kan maklik voordeel uit hom trek aangesien Mnr 'n gewer eerder as 'n nemer is..

**Kommunikasievaardighede:**

Mnr verkies verhoudings wat reeds lank bestaan. Dis nodig om hom op 'n nie-bedreigde manier te benader met 'n sagte stemtoon. Hy verkies om eers die voor en nadele teen mekaar op te weeg voordat hy 'n keuse maak. Dis nodig dat sy beginsels ondersteun word. Wanneer hy benader word is dit nodig om vooraf die saak voor te berei en dit op vriendelike wyse deur te gee. Mnr verkies 'n omgewing wat informeel

en gemaklik is. Hy verkies feite en daarom moet ander hom op 'n onemosionele wyse benader. Hy verkies die uitvoering van tradisionele manier van doen en is dit nodig om hom nie te druk met vinnige besluitneming of van hom verwag om onmiddelike verandering teweeg te bring nie. Hy hou nie van disgeorganiseerdheid en oppervlakkigheid nie. Mnr verkies om 'n skedule op te stel en 'n aksieplan stap-vir-stap te benader, aangesien hy geneig is om sy werk uit te stel. Hy verkies vaste, tasbare en praktiese bewyse dat iets sal werk. Hy benodig tyd om dinge deur te werk.

Mnr hou nie van gejaagde keusemakingsproses nie, hy hou nie van vertrou my stellings nie, dit moet bewys word. Moenie stellings maak oor sy kwaliteit van werk nie nie alvorens daar enige bewyse is nie. Hy verkies dat ander hom nie in die rede moet val nie.

Wenke wat van toepassing is om met Mnr te kommunikeer kan soos volg uiteengesit word:

- Voorsien waarborge wat sy risikos van sy besluitneming verminder
- Gee versekering wat hom voorsien van voordele
- Ondersteun sy beginsels, gebruik 'n wel deurdagte benadering
- Berei goed voor wanneer hy benader word
- Voorsien stewige, tasbare en praktiese bewyse
- Let op vir seergemaakte gevoelens aangesien hy dit nie gaan sê nie
- Gee hom tyd om dinge deur te dink
- Gesels gemaklik en informeel

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie temperamenttipe is opregte waardering. (Vergelyk 3.6.2.3.) Hy wil weet dat hy deur sy gesin waardeer word. Hierdie temperamenttipe het 'n behoefte om van waarde te voel en te voel hy is nodig.

**Omgewing waar hierdie persoon voel hy is in beheer:**

Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar lang verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is. Persoonlike aandag is nodig. Mnr. se ideale wêreld is waar hy vrede het. Hy verkies 'n omgewing waar ander hom nie manipuleer of voorsê nie. Wanneer stellings gemaak word is dit belangrik om bewyse te hê alvorens hy benader word. Hy hou nie van disorganisering nie. Dis belangrik om oppervlakkigheid te vermy. Dis nodig om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om stadige dryfvere te hê. Dit sal dus nodig wees om met tye die spoed te vermeerder. Hierdie temperamenttipe moet leer om hulle gevoelens aan ander bekend te maak. Hulle moet waak om "lewensredders" te word wat voortdurend hulle kinders uit die moeilikheid hou en dinge vir hulle doen. Hy verkies feite en val nie vir emosies nie. Hy wil bewyse sien alvorens hy in iets glo.

**Ouerskapstyl**

Mnr is van mening dat hy geneig is om 'n permissiewe ouerskapstyl te openbaar. Sy seun is te alle tye gehoorsaam en dis bykans nooit nodig om hom te dissiplineer nie, aangesien hy doen wat van hom verwag word. Mnr is van mening dat hy dus nooit nodig het om outoritêr te wees nie (Vergelyk 5.16.)

**<u>Moeder No 2:</u>**

**Aangepaste styl: SICD**
**Aangebore styl: CISD**

Mev se aangebore en aangepaste styl verskil. Haar aangepaste styl dui dat sy nodig het om van 'n C temperament na 'n S aan te pas. Die rede hiervan is met mev tydens die individuele gesprekvoering bespreek. Volgens haar is dit weens haar man en seun wat dieselfde temperamente het dat dit vir haar nodig is om by hulle aan te pas. Sy het nie voordat sy met temperamente kennis gemaak het deur middel van die werkswinkel geweet dat dit temperamentooreenkomste is dat haar man en seun ooreenstem nie. Weens die feit dat sy dikwels negatief en baie krities op haarself en haar kinders en man is, is volgens haar 'n verdere moontlike rede waarom sy tans daarop ingestel is dat almal in haar huis gelukkig en tevrede moet wees en dat haar kritiese geneigdheid spannig veroorsaak. Die kritiese en negatiewe geneigdheid is

kenmerke van die C temperament soos reeds bespreek in 3.5.3.4. Vir die doeleindes van die studie is die aangebore styl CI temperament en aangepaste SI temperament met mev bespreek. Dit is egter gedoen deur mev. gedurentyd te vra of sy saam met die stellings stem. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Mev hou nie van konstante onderbredings, terwyl sy probeer om haar take te voltooi nie.
- Sy is geneig om terug te hou wanneer sy inligting verstandelik bereken.
- Sy moet poog om vinniger te reageer teenoor ander. Die moonlikheid bestaan dat haar innerlike dryfkrag (pas) stadig is. Dit impliseer dat sy stil, gereserveerd en selfbeheersd is.
- Mev is geneig om intuïtief voor te kom ten opsigte van ander mense. Dit impliseer dat sy as ouer haar kind sal aanmoedig om te dagdroom en te fantaseer. Persone wat op intuïsie ingestel is, is geneig om toekomstige gebeure meer as ander aan te voel. Hulle voel baie sterk daaroor dat wanneer ander 'n belofte aan hulle gemaak het dat hulle dit moet nakom.
- Dis nodig dat Mev haar rol in die gesin voortdurend moet analiseer om te kyk vir take wat gedelegeer kan word sodat sy meer tyd het vir haarself.
- Sy is geneig om konfrontasies en konflik te vermy. Sy verkies 'n vriendelike, warm en stil omgewing.
- Sy benodig genoegsame bewyse en agtergrondinligting voordat sy 'n keuses maak.
- Sy is veral 'n baie goeie luisteraar, veral wanneer ander mense haar met inligting voorsien wat sy kan gebruik in die keusemakingsproses.
- Mev is geneig om inligting te versamel, uit te klaar en te definieer, te analiseer, om die inligting te kritiseer en te toets.
- Haar kritiese denke laat haar toe om ander te kritiseer in dit wat hulle doen.
- Sy is nie geneig om toe te laat dat iets in haar pad staan wanneer sy 'n projek begin nie. Mev is geneig om 'n besadige en vasberade houding te hê wanneer sy 'n taak uitvoer weens haar sterk begeerte om resultate te bereik met 'n hoë mate van akkuraatheid.

- Sy is geneig om agterdogtig te wees oor almal wat sy leer ken en veral haar kinders se vriende en sal hulle eers beter wil leer ken voor sy na hulle uitreik en dinge met hulle deel.
- Mev is ingestel op detail en dis nodig om soms vinnige besluite te neem en later oor die detail te bekommer.
- Weens haar besadige, stil houding sal ander met gemak na haar gaan vir raad.
- Sy sal ander altyd help, solank sy kan hou by dit wat sy ken. Indien konflik ontstaan sal sy dadelik onttrek.
- As ‘n ouer kom sy dikwels moeilik en taai voor veral wanneer die probleem foute deur gesinslede insluit.
- Sy het nodig om te fokus om die regte ding te doen eerder as om net dinge reg te doen.
- Mev luister gewoonlik baie versigtig totdat sy genoeg inligting bekom om akkuraat te wees.
- Haar verhoudings word gekenmerk deur om nie te inisieer nie, maar te wag vir ander om haar opinie te vra.
- Wanneer Mev ‘n keuse maak is dit gewoonlik nadat sy al die voor en nadele teen mekaar opgeweeg het.
- Sy moet bewus wees om meer oop en buigbaar te wees.
- Mev moet leer om meer te ontspan.
- Sy is geneig om ordelik en noukeurig te wees in alles wat sy aanpak en moet juis om hierdie rede meer ontspan.
- Sy is nie geneig om eerste te inisieer nie maar wil hê dat ander haar moet vra vir haar opinie.

**Kommunikasievaardighede:**

Wanneer daar kontak gemaak word met Mev is dit nodig om goed voorbereid te wees en nie gedisorganiseerd voor te kom nie. Dit is nodig om haar reguit te benader sonder om persoonlik en informeel te wees. Sy is geneig om haar opinie te gee indien daarvoor gevra word. Let volledig na die verskillende opsies voordat keuses uitgeoefen word. Met kontakmaking met Mev is dit nodig om spesifiek te wees waar die persoon doen wat hy belowe het om te doen. Dit is nodig om aksieplanne te

beplan met 'n skedule en keerdatums. Sy het tyd nodig om vrae voor te berei en vrae te vra.

Wenke van toepassing wanneer daar kontak gemaak word met Mev:

- Voorsien 'n skeduleerde skedule met stap-vir-stap planne.
- Sy hou nie van verrassings nie. Wil weet wat van haar verwag word.
- Gee haar tyd om vrae te vra.
- Wees voorbereid.
- Gee haar voldoende tyd om antwoorde te verifieer.
- Wees akkurraat en realisties.
- Voorsien vaste, tasbare en praktiese bewyse.
- Benader haar direk.
- Verminder handgebare.

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van die aangebore C temperamenttipe is om te weet sy is reg. Sy benodig kwaliteit antwoorde en om te weet sy is reg en dat dit op die regte manier gedoen is. Wanneer sy onder druk verkeer is sy geneig om die situasie te vermy en sou baat daarby om haar gevoelens uit te druk, wanneer die spanning egter voortduur is sy geneig om eise te stel. (Vergelyk 5.15.)

**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar daar kritiese denke teenwoordig is. Take moet uitgevoer en voltooi word en die nodige tyd moet gegee word voor keuses uitgeoefen word. Tegniese, taakgerigte werk wat gespesialiseerd is, is wat Mev verkies. Sy verkies naby vriendskappe met 'n klein groep individue en 'n omgewing waar kwaliteit en standaarde belangrik is. Waar daar op detail gekonsentreer kan word. Omgewing waar daar krities geevalueer kan word. Sy verkies 'n stabiele omgewing waar daar geleentheid gebied word vir noukeurige beplanning. (Vergelyk 3.6.2.4.)

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Mev is geneig om 'n outoritêre ouerskapstyl te handhaaf aangesien sy verkies dat aspekte op 'n sekere manier op 'n vasgestelde wyse verrig moet word.

**Kind No 2:**

Die vader en moeder het gesamentlik 'n selfontwerpte kontrolelys soos uiteengesit in 5.23 voltooi. Die uitslag van die analise het Mnr en Mev aangetoon dat die seun 'n SCID temperamenttipe kind is.

Die navorser het die kind se temperament waargeneem tydens twee assesseringsessies saam met die vier ander kinders wat deel van die studie gevorm het. Vanuit die waarneming van die navorser het dit gedui dat die kind 'n SC temperamenttipe kind is. Die navorser en die ouers se persepsie het met mekaar ooreengestem. Hierdie temperamentstyl het duidelik na vore gekom reeds toe Mev haar seun afgelaai het. Hy het nie die navorser vooraf geken nie en sy het hom nie voorberei op die besoek nie. Sy moes vir 'n ruk bly en toe sy ry moes sy ouer suster in dieselfde vertrek waar die groepsessie plaasgevind het, gewag het. Dit is 'n duidelike aanwysing dat hierdie seun 'n S temperamenttipe toon, aangesien hy nie van verandering hou nie en presies wil weet wat van hom verwag word. (Vergelyk 3.6.2.3.) Tydens die twee sessies is waargeneem dat hy die dominansie van die eienskappe van die S temperament toon. Hy het byvoorbeeld vir die ander groeplede alles aangegee wat hulle verlang het en presies gedoen wat die ander van hom gevra het sonder om hulle tee te gaan. Hy het kort kort gevra hoeveel tyd daar nog oor is, om seker te maak hy in tyd klaarmaak (C temperament kenmerk). Tydens elke opdrag het hy deur middel van sy nie-verbale houding getoon dat hy nie verstaan nie, en moes die navorser dit stap-vir-stap herhaal. Dit dui op 'n S temperament kenmerk soos verduidelik in 3.6.2.3 Tydens sy "bou 'n eiland" opdrag soos bespreek in 5.22 het hy baie detail in sy skuiling gebou. Hy het deurgaans homself van die groep afgesonder en eenkant sy opdrag uitgevoer. Hy wou aanvanklik nie aan die ken-mekaar-speletjie deelneem nie. (Vergelyk 5.22) Hy het 'n paar beurte gemis voordat hy gemaklik was om deel te neem. Hy het deurgans tydens albei sessies teen 'n stadige pas beweeg en sy tyd geneem om te besluit. Hy het met die bou 'n toring opdrag soos bespreek in 5.22 gedurig die deel wat hy gebou het afgebreek om dit reg te maak, wat vir die navorser gedui het dat dit 'n C temperament kenmerk is. (Vergelyk 3.6.2.4.)

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**Interpretasie van Gesin No 2:**

Mnr en Mev het aangetoon dat hulle geen kennis gedra het van temperamenttipes voor die deelname aan die studie nie. Hoewel beide besef het dat hulle seun ooreenkomste met Mnr toon, was hulle onbewus daarvan dat dit temperamentooreenkomste was. Mnr en Mev het verder aangetoon dat hulle bekommerd is oor hulle seun wat by 'n onderwyseres is wie se temperament die teenoorgestelde is van hulle seun. Hulle het 'n behoefte uitgespreek dat die onderwyseresse ook opleiding ten opsigte van temperamente moet kry om hulle kind beter te verstaan. Die temperamenttipe van 'n S en C is weer met hulle bespreek en hulle het saamgestem dat dit hulle seun presies beskryf. Hulle het verder geverbaliseer dat mev maklik gefrustreerd raak omdat haar man en seun nie vinnig besluite kan neem nie. Mnr. se grootste beperking volgens beide is dat hy maklik uitstel en nie "nee" kan sê nie. Mev erken dat hulle onbewustelik voortdurend boodskappe vir hulle seun gee om vinnig te besluit en sy gevoelens meer moet uitdruk. Hulle het hom verlede jaar verplig om aan redenaar kompitisies deel te neem in 'n poging om hom "sterker" te maak, sodat hy sy gevoelens duideliker moet uitdruk. Die gevolg was weerstand van sy kant af. Albei het genoem dat hulle albei hulle seun geensins van verandering hou nie en moet hulle presies sê wat die volgende dag gaan gebeur en daarby hou. Ook ten opsigte van hierdie aspek noem Mnr en Mev dat beide hulle seun dikwels as ongehoorsaam bestempel as hy hulle teengaan omdat hulle nie by hulle beloftes hou nie of die skedule verander nie. Mnr noem verder dat hy hierdie aspek kan verstaan aangesien hy ook nie van verandering hou nie. Beide ouers is van mening dat hulle deur middel van kennis ten opsigte van temperamente hulle bewustheid verbeter het ten opsigte van die hantering van hulle kinders en het 'n behoefte uitgespreek dat hulle oudste dogter wat die teenoorgestelde temperament het van hulle seun se temperament ook geassesseer moet word.

Mnr is geneig om 'n permissiewe ouerskapstyl te handhaaf aangesien hy konflik probeer vermy en die kinders toelaat om reëls te verbreek om vrede te bewaar.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**GESIN NO 3:**

| Naam | Navorser se persepsie | Ouers se persepsie (Kontrolelys) | Moeder DISC evaluering | Vader DISC evaluering |
|---|---|---|---|---|
| Gesin 3<br>Dogter<br>8 Jaar | SC<br>Groepassesering:<br>Aanduidings<br>Doen wat ander verlang<br>Navorser moes stap-vir-stap opdragte herhaal.<br>Sy het gedurig genoem dat die ander moet maak soos die reël gestel is<br>Sy het voortdurend gevra hoeveel tyd sy het<br>Het ander tevrede probeer hou | SCID | Aangepaste styl: SCID<br>Aangebore styl: SCID | Aangepaste styl: DISC<br>Aangebore styl: SDCI |

**Vader No 3:**

**Aangepaste styl: DISC**
**Aangebore styl: SDCI**

Mnr se aangepaste en aangebore styl verskil aansienlik. Dit dui vir die navorser daarop dat mnr dit nodig het om sy aangebore styl van ‘n S na ‘n D temperamenttipe aan te pas. Hierdie is met mnr tydens die individuele terugvoering bespreek. Mnr is van mening dat hy sy eie besigheid het en dat dit vir hom nodig is om die kenmerke van die D soos bespreek in 3.6.2.1 te toon. Dit is dus nodig om die kenmerke van die S - sowel as die kenmerke van die D temperamenttipe saam te lees. (Vergelyk 3.6.2.3. en 3.6.3.1.) Die feit dat mnr by sy omgewing moet aanpas sodat sy aangebore temperament van sy aangepaste styl verskil stem ooreen met die gestaltbenadering dat hy nie is wat hy bedoel is om te wees nie, maar nodig het om te wees wat ander van hom verwag om te wees. Die navorser het deurgaans tydens die individuele terugvoering beide kenmerke met mnr te bespreek om ‘n volledige aanduiding te kry. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC-model uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Mnr plaas hoë waarde aan kwaliteit van sy gesinslewe
- Wanneer Mnr nuwe persone ontmoet sal hy vir hulle wag om ‘n geselskap te inisieer
- Hy is geneig om goed na te dink voordat hy handel en reageer
- Dis nodig om hom te verstaan dat hy sekuriteit vir sy gesin nastrewe
- Hy beheer sy emosies en projekteer dit op ‘n beskeie manier
- Sy luistervaardighede stel ander rondom hom op hulle gemak
- Wanneer hy gevra word om iets te doen sal hy tot op die laaste wag voor hy aandui dat hy dit nie wil doen nie
- Om ouervaardighede te verbeter is dit nodig om as ouer ‘n gemaklike, vriendelike styl te bly handhaaf
- Dis nodig dat Mnr moet werk aan die opstel en bereiking van gesinsdoelwitte
- Hy is geneig om meer vir ander, veral sy familie te wil hê as vir homself
- Hy is konsekwent in gesinsaktiwiteite en kan geneig wees om maklik in ‘n groef te beland. Hy moet voortdurend sy doelwitte hersien ten opsigte van homself en sy gesin
- In ‘n sosiale situasie sal Mnr geneig wees om ander geleentheid te gee om hulself eerste uit te druk en die situasie eers goed deurkyk voordat hy sy opinie lig
- Ander persone is geneig om hom vir raad te nader weens sy vermoë om probleme te analiseer en ondersteuning te bied

- Mnr kan maklik beïnvloed word deur die wat in ‘n sagte en opregte stemtoon hom benader
- Hy verkies dat sy gesinsverhouding warm, persoonlik en harmonieus moet wees
- Mnr is geneig om nie net ‘n ondersteunende gesinslid te wees nie maak kan ook die rol van analisering van probleme of situasies vertolk. Wanneer hy in ‘n analisering rol is sal sy gesinslede die “cool’ en stil houding van hom moeilik verstaan
- Mense kan maklik voordeel uit hom trek as gevolg van die feit dat Mnr eerder ‘n gewer is en nie ‘n nemer nie
- Mnr kan beide ‘n gesingerigte rol en tegniese rol vertolk
- Mnr is geneig om dinge op tradisionele maniere te doen
- Hy reageer net indien hy tyd gehad het om daaroor te dink en die voor- en nadele teen mekaar opgeweeg het
- Kan met tye gesien word as taai en hardkoppig veral wanneer hy druk en spanning ervaar.

**Kommunikasievaardighede:**

Mnr verkies verhoudings wat reeds lank bestaan. Dis nodig om hom op ‘n nie-bedreigde manier te benader met ‘n sagte stemtoon. Mnr verkies ‘n omgewing wat informeel en gemaklik is. Hy verkies feite en daarom moet ander hom op ‘n onemosionele wyse benader. Dis nodig om hom van voor en nadele te voorsien. Hy verkies die uitvoering van tradisionele manier van doen en is dit nodig om hom nie te druk met vinnige besluitneming of van hom verwag om onmiddelike verandering teweeg te bring nie. Hy hou nie van disgeorganiseerdheid en oppervlakkigheid nie.

Wanneer daar met Mnr gekommunikeer word, is die volgende belangrik:

- Respekteer sy stil houding
- Beplan saam met hom persoonlike doelwitte en help hom om dit te bereik
- Let op seergemaakte gevoelens, persoonlike redes indien ander nie saamstem nie
- Voorsien waarborge dat sy keuses risikos sal minimalisse
- Gee versekering wat hom van voordele sal voorsien
- Vra “hoe” vrae

- Voorsien persoonlike versekering, suiwere en spesifieke oplossings vir probleme
- Gee hom spasie

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie temperamenttipe is opregte waardering. Hy wil weet dat hy deur sy gesin waardeer word. Hierdie temperamenttipe het 'n behoefte om van waarde te voel en te voel hy is nodig.

**Omgewing waar hierdie persoon voel hy is in beheer:**

Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar lang verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is. Persoonlike aandag is nodig. Mnr se ideale wêreld is waar hy vrede het. Hy verkies 'n omgewing waar ander hom nie manipuleer of voorsê nie. Wanneer stellings gemaak word is dit belangrik om bewyse te hê alvorens hy benader word. Hy hou nie van disorganisering nie. Dis belangrik om oppervlakkigheid te vermy. Dis nodig om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om stadige dryfvere te hê. Dit sal dus nodig wees om met tye die spoed te vermeerder. Hierdie temperamenttipe moet leer om hulle gevoelens aan ander bekend te maak. Hulle moet waak om "lewensredders" te word wat voortdurend hulle kinders uit die moeilikheid hou en dinge vir hulle doen.

**Ouerskapstyl**

Mnr is van mening dat hy veral wanneer hy spanning en druk ervaar sal hy geneig wees om 'n outoritêre ouerskapstyl te handhaaf. Hy besef dat dit sy dogter met 'n S temperamenttipe daardeur ontstel. Hy sal die ontsteltenis van sy dogter hanteer deur 'n toegeeflike ouerskapstyl te handhaaf. (Vergelyk 5.15.)

**<u>Moeder No 3:</u>**

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


**Aangepaste styl:  SCID**
**Aangebore styl:   SCID**

Mev se aangepaste en aangebore styl stem ooreen wat vir die navorser daarop dui dat mev nie nodig het om by haar omgewing aan te pas nie.  Hierdie aangepaste en aangebore styl is met mev bespreek tydens die individuele terugvoering.  Volgens haar is sy die meeste van die tyd 'n S temperamenttipe hoewel dit voorkom dat sy in sekere situasies 'n C temperamenttipe toon.  Dit is dus nodig om die kenmerke van die S temperamenttipe soos bespreek by 3.6.2.3.  Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC-model uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Mev se pogings wat sy aanwend is gerig teenoor tradisionele gesinswaardes wat sy in die verlede aangeleer het
- Sy word beïnvloed deur die wat in 'n sagte en opregte stem praat
- Sy verkies om keuses te maak nadat sy eers alle feite en data versamel het.  Dit veroorsaak dikwels dat sy so baie data versamel dat sy dit moeilik vind om 'n keuse uit te oefen
- Sy plaas geweldige hoë waarde aan ander
- In sosiale situasies is sy geneig om nie 'n geselskap te inisieer nie
- Sy aanvaar maklik liefde (toegeneentheid) van ander.  Sy vermy en verwerp aggressie of aggressiewe aksies
- Ander persone kan maklik voordeel uit haar trek veral haar tyd aangesien sy 'n uitstekende luisteraar en begripvolle persoon is
- Sy vermy eerder probleme as om dit in die gesig te staar en dit te hanteer
- Sy kan ook die rol nes Mnr as ondersteuner en analiseerder vertolk
- Verandering bring spanning en sy sal moontlik verandering oorweeg indien sy sou sien ander doen dit ook so
- Sy is 'n baie goeie luisteraar.  Sy is empaties en ondersteunend
- Ander persone moet haar van eerlike terugvoer voorsien alvorens sy dit glo
- Mev is nie geneig om oor haarself te praat en vir ander haar vaardighede te vertel nie
- Sy het deurgaans 'n behoefte om inligting te versamel en te analiseer indien sy met nuwe probleme gekonfronteer word

- Indien sy deur ander gevra word om iets te doen wat sy nie regtig wil nie sal sy geneig wees om tot op die laaste oomblik te wag voor sy nee sê.
- Sy moet leer om haarself meer uit te druk en oop te wees om haar gedagtes en idees uit te druk
- Sy is geneig om gewoonlik saam te stem bloot net om die vrede te bewerkstellig en deel nie haar eie gevoelens of besperkings oor 'n spesifieke projek of keuse
- Sy is geneig om nie haar gevoelens uit te druk nie. Sy sal lysies maak van alles wat haar pla en wanneer sy weer gekonfronteer word sal sy dit alles wees op eenslag uitdruk
- Sy is geneig om eers goed na te dink voor sy optree
- Mev moet poog om haarself meer uit te druk wanneer sy seker van haar saak is
- Sy vind dit maklik om ander se bevele te gehoorsaam veral as sy hulle respekteer
- Sy is geneig om haarself op te offer vir haar gesin ten koste van haarself
- Sy wil gewoonlik meer vir haar gesinslede hê as vir haarself

**Kommunikasievaardighede:**

Mev verkies verhoudings wat reeds lank bestaan. Dis nodig om haar op 'n nie-bedreigde manier te benader met 'n sagte stemtoon. Mev verkies 'n omgeing wat informeel en gemaklik is. Sy verkies feite en daarom moet ander haar op 'n onemosionele wyse benader. Dis nodig om haar van voor en nadele te voorsien. Sy verkies die uitvoering van tradisionele manier van doen en is dit nodig om haar nie te druk met vinnige besluitneming of van haar verwag om onmidellike verandering teweeg te bring nie. Sy hou nie van disgeorganiseerdheid en oppervlakkigheid nie.

Wanneer met Mev gekommunikeer word is dit nodig om die volgende in gedagte te hou:

- Gee haar tyd om vrae te vra
- Voorsien ferm, tasbare en praktiese bewyse
- Hou die gesprek op 'n bespekingsvlak
- Beperk die gebruik van handgebare
- Vra hoe vrae en vra haar opinie
- Gesels gemaklik, informeel

- Neem tyd om seker te maak sy verstaan wat van haar verwag word
- Gee haar genoeg tyd om ondersoek in te stel van ander se kommentaar/kritiek, wees akkuraat en realisties
- Wees opreg en gebruik stemtoon wat opregtheid weergee

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie temperamenttipe is opregte waardering. Sy wil weet dat sy deur haar gesin waardeer word. Hierdie temperamenttipe het 'n behoefte om van waarde te voel en te voel sy is nodig.

**Ouerskapstyl**

Mev is van mening dat sy geneig is om 'n toegeeflike ouerskapstyl te handhaaf. Weens die feit dat sy voldag werksaam is, is sy geneig om die kinders toe te laat om te doen wat hulle wil. Dit het egter tot gevolg dat sy nie die kinders kan beheer nie. (Vergelyk 5.15.)

**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar lang verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is. Persoonlike aandag is nodig. Mev se ideale wêreld is waar sy vrede het. Sy verkies 'n omgewing waar ander haar nie manipuleer of voorsê nie. Wanneer stellings gemaak word is dit belangrik om bewyse te hê alvorens sy benader word. Sy hou nie van disorganisering nie. Dis belangrik om oppervlakkigheid te vermy. Dis nodig om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om stadige dryfvere te hê. Dit sal dus nodig wees om met tye die spoed te vermeerder. Hierdie temperamenttipe moet leer om hulle gevoelens aan ander bekend te maak. Hulle moet waak om "lewensredders" te word wat voortdurend hulle kinders uit die moeilikheid hou en dinge vir hulle doen.

**<u>Kind No 3:</u>**

Mnr en Mev het die kontrolelys ten opsigte van hulle dogter voltooi soos uiteengesit in 3.8.. Die doel hiervan was om om Mnr en Mev se persepsie van hulle dogter se temperamenttipe te bepaal. Sy is by twee assesseringsessies saam met vier ander junior primêre skoolkinders betrek. Die doel hiervan was dat die terapeut haar temperamenttipe waargeneem het. Vanuit die assesseringsessies en Mnr en Mev se kontrolelys stem die gevolgstrekking ooreen dat sy 'n SCID temperamenttipe toon. Dit impliseer dat sy ooreenkomste toon met Mnr en Mev se temperamenttipe van 'n S aangebore dominansie temperament. Hierdie kind het tydens die groepsessies versigtig die opdragte benader. Sy het gehuiwer en gewag dat die ander kinders die projek moet inisieer alvorens sy deelgeneem het. Sy het dit wat die ander kinders tydens die bou 'n kasteel, soos uiteengesit in 5.22 verlang het aangegee al was sy daarmee besig. Sy het telkens seker gemaak sy werk tussen die tydsgrens. Met haar skuiling wat sy uit die klei geskep het, het sy van baie detail gebruik gemaak. Toe een van die kinders dui dat sy nie klaar is in die verlangde tyd nie het sy aangebied dat die kind in haar skuiling kan bly. Sy het voortdurend die ander gewaarsku dat hulle in die moeilikheid gaan beland as hulle nie doen wat van hulle verwag word nie. Hierdie is enkele voorbeelde van die waarneming wat die navorser van die kind gemaak het. Vanuit die waarneming het dit duidelik na vore gekom dat sy 'n SC temperament toon.

Albei ouers het saamgestem dat na die aanbieding van die werkswinkel albei seker was dat hulle dogter 'n S temperamenttipe toon. Beide is van mening dat hulle geen kennis voor die aanvang van die werkswinkel gehad het ten opsigte van temperamente het nie. Mev het genoem dat sy dikwels wanneer haar dogter nie van veranderinge hou nie, sukkel met portuurgroepverhoudinge en nie keuses kan maak nie haarself as moeder die skuld gegee omdat haar kind haar aan haarself laat dink en "moeilik en gekompliseer" deur die lewe gaan. Hoewel hierdie selfkritiek 'n kenmerk van die C temperamenttrek is, was die ouerbemagtigingsprogram vir mev 'n aanduiding dat dit haar dogter se temperamenttipe is en dat sy dit nie kan verander nie. Beide besef dat sy 'n stabiele rustige omgewing verlang, waar sy voortdurend moet hoor dat sy waardeer word. Mnr en Mev is van mening dat hulle dogter baie sensitief is en sal dikwels van die skool afkom en noem dat die onderwyseres met hulle geraas het. By nadere ondersoek blyk dit dat die onderwyseres met ander kinders geraas het en sy dit

dan op haarself reflekteer. Mnr noem dat hy dit weens sy aangepaste D temperament sal dui dat sy dit verkeerd verstaan en afmaak as niks.

**Interpretasie van gesin No 3:**

Beide Mnr en Mev is van mening dat hulle geen kennis van temperamente gehad het nie en dat hulle hul kinders nou beter verstaan. Mnr is van mening dat hy tans twee verskillende temperamenttipes leef en dat dit spanning tot gevolg het. Hy is 'n D temperament by die werk en 'n S temperament by die huis. Dit veroorsaak nie net probleme by sy werk nie maar ook by die huis. Mev is ook nie geneig om haar gevoelens bekend te maak nie wat tot gevolg het dat sy dikwels voel dat Mnr nie omgee nie. Dit het 'n bose kringloop tot gevolg, aangesien hulle dogter hierdie spanning optel en die skuld vir die onenigheid aanvaar. Beide die ouers was nie bewus daarvan dat temperamentverskille 'n invloed het op hulle verhoudinge in die huis nie. Mnr noem dat hy bewus is dat wanneer hy gespanne is en druk by die werk ervaar dat hy 'n D temperament ook by die huis uitdruk. Dit impliseer dat hy nie geduld het met sy vrou en dogter se S temperamenttipe nie. Beide het 'n behoefte uitgespreek vir 'n opvolg besoek deur die navorser om probleme in die verband te bespreek. Albei is bekommerd dat die temperamentverskille en hulle verkeerde benadering by hulle dogter kan lei tot die ontstaan van onvoltooidhede.

## GESIN NO 4

| **Naam** | **Navorser se persepsie** | **Ouers se persepsie (Kontrolelys)** | **Moeder DISC evaluering** | **Vader DISC evaluering** |
|---|---|---|---|---|
| Gesin 4<br>Dogter<br>7 Jaar | DI<br>Groepassesering:<br>Aanduidings<br>Sy het deurgaans beheer geneem<br>Het presies vir die | DISC | Aangepaste styl: SIDC<br>Aangebore styl: ISCD | Aangepaste styl: CSID<br>Aangebore styl: SDCI |

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | ander gesê wat om te doen. Sy het deurgaans gesels en nie haar opdrag uitgevoer nie tot drie minute voor die einde | | | |

**Vader No 4:**

**Aangepaste styl:  CSID(DI)**
**Aangebore styl:   SDCI**

Mnr se aangepaste en aangebore styl verskil aansienlik.  Dit dui vir die navorser daarop dat mnr dit nodig het om sy aangebore styl van ‘n S na ‘n C temperamenttipe aan te pas.  Hierdie is met mnr tydens die individuele terugvoering bespreek.  Mnr was aanvanklik ontkennend dat hy moontlik spanning beleef aangesien dit voorkom of hy twee verskillende temperamenttipes toon.  Hy het nie bewustheid wat die rede is waarom hy nodig het om van ‘n C na ‘n S moet aanpas nie.  Dit is dus nodig om die kenmerke van die S - sowel as die kenmerke van die C temperamenttipe saam te lees.  (Vergelyk 3.6.2.3 en 3.6.2.4.)  Die navorser het deurgaans tydens die individuele terugvoering beide kenmerke met mnr bespreek om ‘n volledige aanduiding te kry.  Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC-program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- As ouer verkies Mnr om data te versamel en te analiseer wanneer hy gekonfronteer word met nuwe probleme
- Mnr is geensins geneig om sy emosies uit te druk nie.  Hy is geneig om “lysies” te maak van goed wat in die verlede gebeur het en wanneer hy in ‘n konflik is sal hy dit na vore bring
- Hy is geneig om stil te wees by sosiale aktiwiteite waar hy nie die mense ken nie

- Mnr dink dinge goed deur en weeg die voor- en nadele teen mekaar op voordat hy aksiestappe neem
- Wanneer uitgedaag word deur ander gesinslede is hy geneig om feite en te soek
- Wanneer hy gevra word om iets te doen wat hy verkies om nie te doen nie sal hy tot die laaste oomblik wag en aandui dat hy nie meer kans sien nie
- Hy is geneig om gemotiveerd te word deur ondersteuning en rigting van sy eggenote
- Met tye kan hy gesien word as hardkoppig. Dis gewoonlik wanneer hy baie spanning beleef
- Mnr is ‘n goeie luisteraar wat vir sy gesin baie sekuriteit verskaf
- Ander nader hom gewoonlik vir raad aangesien hy die vermoë het om probleme te analiseer en ondersteuning kan bied
- Hy is geneig om sy keuses met feite te staaf en kan so baie data en feite versamel dat hy dit moeilik vind om keuses te maak
- Ander persone kan sy emosies ontdek deur te fokus op die vrae vat hulle vra
- Hy kan beïnvloed word deur ander gesinslede indien hulle hom benader met logika met min emosie
- Kan konsekwent wees in sy huishouding in so ‘n mate dat hy in ‘n groef kan beland
- Kan maklik uitstel
- Ander sien Mnr as ‘n stabiele, voorspelbare persoon
- In sosiale situasies is hy geneig om nie ‘n gesprek eerste te inisieer nie
- Ander oordeel Mnr se ouerskapvaardighede gebaseer op sy gedetermineerdheid en deursettingsvermoë om warm en hartlik te wees
- Mnr sal ander se instruksies volg indien hy hulle respekteer
- Is geneig om meer vir gesinslede te wil hê as vir homself
- Familielede kan hom misbruik aangesien hy gesien word as ‘n gewer eerder as ‘n nemer
- Mnr moet minder sensitief wees van wat ander van hom dink

**Kommunikasievaardighede:**

Mnr verkies verhoudings wat reeds lank bestaan. Dis nodig om hom op 'n nie-bedreigde manier te benader met 'n sagte stemtoon. Mnr verkies 'n omgewing wat informeel en gemaklik is. Hy verkies feite en daarom moet ander hom op 'n nie-emosionele wyse benader. Dis nodig om hom van voor en nadele te voorsien. Hy verkies die uitvoering van tradisionele manier van doen en is dit nodig om hom nie te druk met vinnige besluitneming of van hom verwag om onmiddelike verandering teweeg te bring nie. Hy hou nie van disgeorganiseerdheid en oppervlakkigheid nie.

Sy aangepaste temperamentstyl gee daartoe aanleiding dat hy die boodskap gee dat hy versigtig, gereserveerd en totaal 'n introvert is. Hy is geneig om geensins sy emosies bekend te maak nie, wat tot spanning by ander aanleiding kan gee.

Wenke vir kommunikasie met Mnr. Hierdie stellings is vir hom belangrik.

- Voorsien persoonlike versekering, suiwere en spesifieke oplossings van probleme
- Luister na hom
- Let op seergemaakte gevoelens, persoonlike redes indien nie saamstem nie
- Definieer duidelik individuele bydraes
- Voorsien genoeg spasie
- Gebruik 'n nie-emosionele benadering
- Voorsien 'n vriendelike atmosfeer
- Wees voorbereid met feite
- Voorsien waarborge dat sy keuse risikos sal verminder
- Let noukeurig op moontlike areas van ontevredenheid en onaangenaamheid

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie temperamenttipe is opregte waardering. Hy wil weet dat hy deur sy gesin waardeer word. Hierdie temperamenttipe het 'n behoefte om van waarde te voel en te voel hy is nodig.

**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar lang verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is. Persoonlike aandag is nodig. Mnr se ideale wêreld is waar hy vrede het. Hy verkies 'n omgewing waar ander hom nie manipuleer of voorsê nie. Wanneer stellings gemaak word is dit belangrik om bewyse te hê alvorens hy benader word. Hy hou nie van disorganisering nie. Dis belangrik om oppervlakkigheid te vermy. Dis nodig om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om stadige dryfvere te hê. Dit sal dus nodig wees om met tye die spoed te vermeerder. Hierdie temperamenttipe moet leer om hulle gevoelens aan ander bekend te maak. Hulle moet waak om "lewensredders" te word wat voortdurend hulle kinders uit die moeilikheid hou en dinge vir hulle doen.

**<u>Moeder No 4:</u>**

**Aangepaste styl: SICD**
**Aangebore styl: ISCD**

Mev se aangepaste en aangebore styl verskil wat vir die navorser daarop dui dat mev nodig het om by haar omgewing aan te pas. Hierdie aangepaste en aangebore styl is met mev bespreek tydens die individuele terugvoering. Volgens haar verskil sy en haar man se temperamente wat meebring dat sy konfliksituasies vermy en poog om die huisgesin tevrede te hou en is dit nodig om haar temperament aan te pas. Sy verbaliseer dat dit haar geweldige spanning gee, aangesien sy daarvan hou om tussen mense te wees en haar emosionele tenk te vul. Tans onderdruk sy dit vir vrede in die huis (Vergelyk 5.15) Sy meen verder dat sy 'n toegeeflike ouerskapstyl toepas soos bespreek in 5.16 weens die feit dat sy en haar dogter tans nie 'n positiewe moeder-dogter verhouding handhaaf nie. Dit is dus nodig om die kenmerke van die S temperamenttipe soos bespreek by 3.6.2.3 en die kenmerke van die I temperamenttipe soos bespreek by 3.6.2.2. saam te lees. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC model uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Oor die algemeen vertoon Mev goeie gevoelens teenoor ander en het 'n sterk begeerte om ander te "please" en in ruil verwag sy hulle liefde
- Sy het 'n unieke gebalanseerde vermoë om gevoel en logika van enige situasie te balanseer

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


- Ontvang kritiek van ander as persoonlike aanval, want sy hou daarvan om ander hartlik en vol begrip te benader en wil hê dat ander hierdie selfde gevoelens moet openbaar
- Sy het 'n opregte belangstelling vir haar gesin se gevoelens en denke wat veroorsaak dat sy hulle altyd by planne en aktiwiteite sal betrek
- Sy is baie optimisties teenoor die potensiaal van gesinslede om so resultate op baie gebiede te behaal. Dit gee aanleiding dat dit Mev aanspoor om bo haar vermoëns te presteer. Of partymaal kan dit veroorsaak dat sy voor die tyd opgee.
- Mev is geneig om teenoor ander gesinslede te reageer wat haar persoonlik aandag gee
- Sy is egter geneig om indirekte bevele te gee
- Beïndruk ander gesinslede met haar warmte, empatie en begrip vir hulle probleme
- Moet waak om deur ander gesinslede misbruik te word wat te veel op haar staatmaak vir ondersteuning
- Een van Mev se sterkpunte is om ander gesinslede gelukkig en tevrede te hou
- Mev is 'n baie goeie gasheer weens die feit dat sy baie gemaklik en informeel voorkom
- Sy het 'n baie ster behoefte vir persoonlike interaksie en betrokkenheid van haar gesinslede en ander mense. Sy vind dit baie meer bevredigend as om roerine take in die huis te voltooi
- As ouer is sy geneig om weg te skram van 'n konfrontasie en loop dikwels die risiko om een lid van die gesin te verdedig
- Sy het 'n begeerte dat almal om haar gelukkig moet wees en sal take opoffer, net om toe te sien dat ander gelukkig is
- Haar temperamentstyl wys 'n vinnige verstand en kan 'n "think pause" en 'n "talk routine" ontwikkel
- Mev is geneig om maklik vriende te maak. Dit word as groot wins vir die gesin beskou veral wanneer hulle ondersteuning verlang
- Mev is geneig om te huiwer om presies haar behoeftes bekend te maak of wat behoort gesê te word veral wanneer daar slegte nuus is wat oor gesels moet word. Sy vind dit moeilik om 'n ongunstige omgewing te skep
- Sy is baie sensitief ten opsigte van interpersoonlike verhoudings van gesinslede en ervaar baie spanning indien daar konflik in haar gesin is. Weens haar vaardigheid

in probleemoplossing sal ander gesinslede van haar verwag om behulpsaam te wees in onderhandeling van konflikte

- Sy is geneig om inligting terug te hou, veral indien die inligting nie positief is nie
- Sy het ‘n baie hoë vertrouensdrempel en kan maklik misbruik word deur ander wat haar laat glo dat hulle hul beloftes sal nakom
- Mev is geneig om baie optimisties en oorskat ander se vermoë om aan haar standaarde te voldoen. Sy vind dit moeilik om te begryp dat indien sy iets met gemak kan aanpak en afhandel dat ander dit ook met gemak behoort te doen
- Sy het ‘n behoefte aan erkenning van ander gesinslede

**Kommunikasievaardighede:**

Mev moet benader word deurdat ander saam met haar droom en haar doelwitte te ondersteun. Sy moet tyd gegun word om met ander te sosialiseer. Daar moet deurgaans gefokus word op Mev se aksies wat sy verrig en haar voortdurend erkenning daarvoor gee. Vra haar dus gereeld vir haar opinie. Voorsien isees vir die implementering van aksies. Sy kan geneig wees tot eenrigting kommunikasie. Daar moet gereeld geleentheid gebied word om te gesels.

Wenke vir komminukasie met ander en kommunikasie van ander:

- Neem tyd en wees konsekwent
- Voorsien vaste, tasbare en praktiese bewyse
- Gee haar tyd om terug te antwoord en sosialisering
- Lees liggaamstaal vir goed- en afkeuring
- Voorsien idees vir implementering van aksie
- Gebruik tudskale wanneer implementering moet geskied
- Beplan interaksie wat haar drome en intensies ondersteun
- Wees voorbereid
- Gebruik genoeg tyd om “fun-loving” en vinnig te beweeg
- Ondersteun kommunikasie met korrekte feite

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

Sy het 'n omgewing nodig waar sy met ander persone kan kommunikeer en verbaliseer. Sy verkies take waar sy ander persone kan motiveer en kontaknetwerke kan ontwikkel en ander kan beïnvloed. Sy het 'n omgewing nodig waar sy 'n demokratiese toesighouer het met wie sy kan identifiseer. Sy het vryheid van beweging nodig en vryheid van detail. Sy verkies 'n omgewing waar sy kan pret hê. Positiewe ondersteuning en openbare lof motiveer haar.

**Emosionele behoefte:**

Mev se emosionele behoefte ten opsigte van haar temperamenttipe is waar sy erkenning en aanvaarding kry. Sy sal geneig wees om emosioneel te raak indien sy nie erkenning kry nie. Sy is geneig om haar emosie hard en duidelik uit te druk. Mnr is weer geneig om geensins sy emosie bekend te maak nie. Hy sal ten alle koste konfrontasie probeer vermy. Wanneer Mev onder spanning en druk verkeer sal sy geneig wees om aan te val of te praterig te wees, onrealisties en ooroptimisties. Sy sal baie daarby kan baat indien sy eers wag en dink alvorens sy optree

**<u>Kind No 4:</u>**

Mnr en Mev het 'n kontrolelys van hulle dogter voltooi. Die doel van die kontrolelys was om die ouers se persepsie van hulle se temperamenttipe te bepaal. Die terapeut het haar in twee speelassesseringsessies saam met vier ander kinders almal in die junior primêre skooljare betrek. Die doel hiervan was om haar temperament te bepaal. Die bespreking wat volg gaan 'n uiteensetting wees van die ouers se persepsie en die terapeut se evaluering en te kyk hoe hierdie van mekaar verskil of ooreenstem.

Die kontrolelys wat deur die ouers voltooi is het die resultaat gelewer van DISC. Tydens die assesseringsessies het sy 'n temperamenttipe van D en I dominansie getoon. Weens die feit dat sy 'n sterk dominansie van 'n I temperamenttipe asook 'n

D temperament toon blyk dit dat sy moontlik ooreenkomste toon met Mnr sowel as Mev se temperamenttipe. Vir die doeleindes van die ondersoek sal die D temperamenttipe bespreek word om 'n duideliker weergawe van hierdie kind se temperament weer te gee.

'n D temperament van die DISC model. Die volgende is karaktertrekke van die D temperament soos reeds bespreek in 3.5.3.1

- Hoë selfvertroue. Sy sal in haarself en haar vermoëns glo
- Sy is geneig om 'n onafhanklike doener en denker te wees wat selde advies van ander benodig
- Sy sal vinnige besluitneming neem
- Sy hou van uitdagings en om te waag. Sy is geneig om maklik risiko's te neem en word gekenmerk dat sy 'n avontuursoeker is
- Hierdie temperamenttipe is geneig om bevele uit te deel. Hulle verkies om in beheer te wees
- Hierdie temperamenttipe is geneig om met ander en hulleself te kompeteer. Sy sal geneig wees om direk te kommunikeer en op die man af te wees
- Sy verkies vinnige besluitneming en weens hiervan is sy geneig om gereeld nuwe reëls en regulasies te stel.
- Ander kan haar as taktloos en onsensitief sien
- Sy kan inisiatief neem wat van waarde vir enige span kan wees

Hierdie kind het tydens die assesserings 'n duidelike D temperamenttipe getoon. Sy het met die intrapslag die kinders op hulle verskillende plekke gerangskik en aangedui wie langs haar moet sit. Sy het voortdurend tydens die sessies die antwoorde eerste uit ge roep en die kinders gereeld vermaan of hulle rondgestuur. Sy het vinnige besluite geneem en tydens die skep van die skuiling in die "bou 'n eiland opdrag" soos bespreek in 5.22 het sy so baie gesels dat sy nie by die opdrag uitgekom het nie. Toe die tyd verstreke was het sy die ander lede voorgesê waar sy gaan bly. Sy het deurgans takloos en onsensitief voorgekom. Sy was een van die jongste kinders in die groep en haar temperament het aangedui dat temperament nie aan ouderdom verbind kan word nie en dat temperament uitgedruk word ongeag die ouderdom.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


**Kommunikasie met die kind**

Die volgende is van toepassing hoe ouers en ander volwassenes kontak kan maak met ‘n D temperament:

- Wees spesifiek en op die punt af
- Hou by dit wat die saak is en die taak wat voltooi moet word. Dis nodig om by feite te hou en emosie daaruit
- Persone om haar moet altyd voorbereid te wees met voorstelle alvorens met haar gekommunikeer word
- Voorsien logiese feite en beplan
- Vra spesifieke vra (wat)
- Voorsien alternatiewes en keuses sodat hierdie kind haar eie keuses kan uitoefen
- Dit belangrik om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om nie goed te luister nie en is dit vir Mnr en Mev nodig om seker te maak sy hoor haar opdrag of taak

**Ideale omgewing**

‘n Omgewing wat sy sal beleef dat sy onvoorwaardelik aanvaar word is ‘n omgewing waar die volgende geld:

- ‘n Omgewing waar sy vryheid het om keuses te kan maak
- ‘n Omgewing wat toekomsgterig is met baie moontlikhede en geleenthede
- ‘n Omgewing waar daar nie baie roetine is nie en waar daar baie uitdagings aan haar gestel word
- ‘n Omgewing waar sy haar idees en oogmerke kan uitdruk
- Daar moet voortdurend verskeidenheid aan haar gebied word

**Emosionele behoeftes van ‘n D temperament**

Die emosionele behoefte van ‘n D temperamenttipe is om ‘n uitdaging te hê en in beheer te wees. Wanneer hierdie individu onder duk verkeer is sal sy geneig wees om outokraties te wees.

**Hantering van 'n D temperament**

'n D temperament kind word gemotiveer deur resultate en uitdagings en aksies. Hierdie tipe kind moet benader word deur direk te wees. Begin met resultate en voordele en volg dit om met besonderhede. Sy sal moontlik geneig wees om "wat" vrae te vra. Dis nodig om vinnig en op die punt te wees en 'n uitdaging te skep. Fokus op resultate en die aard van die saak. Daar kan saam gestem word met die doel wat sy beplan deur vrae te vra soos "waarom sy dink dat dit die beste manier is en het jy 'n alternatiewe plan?" Hierdie kinders se behoefte is beheer en is die dus nodig om net die nodigste vir hierdie kinders te gee en hulle toe te laat om dit self te doen

**Interpretasie van gesin No 4:**

Mev het een dag voor die werkswinkel die navorser in kennis gestel dat hulle nie meer die werkswinkel kan bywoon nie. Die probleem is opgelos deurdat die navorser vir twee aander die werkswinkel individueel aan die egpaar verduidelik het. Beide die ouers was onbewus van temperamente voor die aanbieding. Mev en haar dogter het tans 'n negatiewe verhouding, deurdat haar dogter onafhanklik voorkom, nooit tevrede is met die reëls wat mev daarstel, die dogter sal woedeuitbarstings toon en mev sal geneig wees om op haar te skreeu. Dit het gewoonlik tot 'n magstyd tot gevolg. Sy word geetiketeer deur mev as ongehoorsaam. 'n Pakslae het erger woede en aggressiewe gevoelens by die kind tot gevolg. Mnr neem gewoonlik sy dogter se part en beskuldig mev daarvan dat sy nie haar kind lief het soos sy hulle baba (16 maande) liefhet nie. Mev is geneig om haar gevoelens hard en duidelik bekend te maak, wat tot 'n magstyd tussen mev en hulle dogter lei.

Mnr erken dat hy nie oor sy gevoelens gesels nie en dat mev weens haar I temperamenttipe geneig sal wees om juis oor haar gevoelens in gesprek wil tree. Mev is van mening dat een van die grootste konfliksituasies tussen haar en mnr gewoonlik is dat sy daarvan hou om vriende oor te nooi en voortdurend by ander mense te wees. Mnr daarenteen vanweë sy S temperamenttipe is geneig om nie tussen ander te wil wees nie en van alleentyd hou. Beide noem dat hulle nie bewus was dat dit grotendeels vanweë temperamentverskille is nie. Mnr noem dat dit nodig is dat huweliksterapeute en predikante kennis van temperamente moet hê om mense op te lei in temperamentverskille. Hy is verder van mening dat die huweliksprobleme dikwels as gevolg is van egliede wat nie kennis van temperamente het nie sy ontstaan

het nie. Mev verbaliseer dat sy na die implimentering van die intervensieprogram vir die eerste keer weet dat haar kind nie met opset in opstand kom teen haar manier van opvoeding nie. In 'n poging om haar kind te hanteer het sy al hoe meer toegegee en haar temperamenttipe aangepas tot 'n S waar sy haar kind en man voortdurend tevrede wil stel.

**GESIN NR. 5**

| **Naam** | **Navorser se persepsie** | **Ouers se persepsie (Kontrolelys)** | **Moeder DISC evaluering** |
|---|---|---|---|
| Gesin 5<br>Seun 7<br>Jaar | IS<br>Groepassesering:<br>Aanduidings<br>Praat aanhoudend<br>Wil ander tevrede stel<br>Geen detail<br>Verbreek reëls<br>Handel nie taak af nie<br>Impulsief | ISCD | Aangepaste styl: SICD<br>Aangebore styl: SICD |

**<u>Moeder No 5:</u>**

**Aangepaste styl: SICD**
**Aangebore styl: SICD**

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


Hierdie gesin bestaan uit 'n enkelouer en haar twee seuns waarvan slegs die jongste seun deel van die studie was. Mev se aangepaste en aangebore styl stem ooreen wat vir die navorser dui dat mev nie nodig het om by haar omgewing aan te pas nie. Hierdie aangepaste en aangebore styl is met mev bespreek tydens die individuele terugvoering. Dit is dus nodig om die kenmerke van die S temperamenttipe soos bespreek by 3.6.2.3 en die kenmerke van die I temperamenttipe soos bespreek by 3.6.2.2. saam te lees. Die **algemene stellings** soos deur die gestandaardiseerde DISC-program uitgewys is, kan soos volg uiteengesit word:

- Sy is geneig om in konflik te wees met haar gesin op 'n passiewe manier
- Sy sal geneig wees om haarself af te sonder van konfrontasies en aggressiewe aanvalle
- Mev is geneig om impulsief op te tree en moet bewus wees om eers goed na te dink oor dinge alvorens sy optree
- Sy is dus geneig om haarself te verwyder van situasies waar moontlike konfliksituasies kan ontstaan eerder as om ander te konfronteer
- Mev sal eerder konflik wat in haar gesin voorkom oplos as om 'n aktiewe deelnemer te wees in die konfliksituasie. Mev is dus ingestel om ander te "*pleace*" .
- Die ander gesinslede is dikwels nie bewus van Mev se behoefte aan konstante waardering nie. Sy is nie geneig om haar emosies uit te druk nie.
- Met tye sal ander haar beskou as hardkoppig, veral wanneer sy spanning en stress ervaar.
- Sy is geneig om 'n helper rol eerder as die ouerrol te vertolk
- Sy is geneig om eerder te volg as te lei veral in gesinskeuses
- Sy word deur ander beskou as 'n harde werker
- Sy benodig konstante ondersteuning, motivering en rigting van haar gesin
- Mev is geneig om onenigheid te vermy
- Ander gesinslede voel gemaklik in haar geselskap, aangesien sy ander vertrou
- Sy is geneig om saam met ander te stem in 'n poging om konflik te vermy en ander tevrede te hou. As ouer is mev geneig om alles vir haar gesin te gee en maak dit haar seer indien haar gesin nie wys dat hulle dit waardeer nie
- Sy verkies om haar keuses met feite te baseer

- Sy het 'n neiging om in beheer te wees en beinvloebaar te wees deur vriende en die wat sy vertrou.

**Kommunikasievaardighede:**

Mev moet benader word deurdat ander saam met haar droom en haar doelwitte te ondersteun. Sy moet tyd gegun word om met ander te sosialiseer. Daar moet deurgaans gefokus word op Mev se aksies wat sy verrig en haar voortdurend erkenning daarvoor gee. Vra haar dus gereeld vir haar opinie. Voorsien isees vir die implementering van aksies. Sy kan geneig wees tot eenrigting kommunikasie. Daar moet gereeld geleentheid gebied word om te gesels.

Wenke vir komminukasie met ander en kommunikasie van ander:

- Voorsien waarborge dat haar keuse die risikos sal verminder. Gee haar versekering wat haar van voordele sal voorsien
- Wees opreg en gebruik 'n stemtoon wat opregte waardering toon
- Wees voorbereid
- Neem tyd dat sy duidelik verstaan wat bedoel word
- Ondersteun met feite
- Neem tyd en wees konsekwent
- Voorsien vaste, tasbare en praktiese bewyse
- Wees ingestel op haar emosies
- Moenie vir haar besluit nie, aangesien sy ondernemingsgees sal verloor en moenie haar alleen los sonder ondersteuning nie
- Moenie van haar verwag om vinnig keuses te maak nie
- Sy kan maklik aan groepsdruk toegee en is dit nodig om haar nie te druk om saam te stem nie.
- Dis nodig om presies vir haar duidelik te maak wat verwag word en voorsien haar van realistiese keerdatums

**Omgewing waar hierdie persoon voel sy is in beheer:**

Sy het 'n omgewing nodig waar sy met ander persone kan kommunikeer en verbaliseer. Die ideale omgewing van hierdie temperament is waar lang verhoudings reeds bestaan wat stabiel en voorspelbaar is. Persoonlike aandag is nodig. Mev se ideale wêreld is waar sy vrede het. Sy verkies 'n omgewing waar ander haar nie manipuleer of voorsê nie. Wanneer stellings gemaak word is dit belangrik om bewyse te hê alvorens sy benader word. Sy hou nie van disorganisering nie. Dis belangrik om oppervlakkigheid te vermy. Dis nodig om in gedagte te hou dat hierdie temperamenttipe geneig is om stadige dryfvere te hê. Dit sal dus nodig wees om met tye die spoed te vermeerder. Hierdie temperamenttipe moet leer om hulle gevoelens aan ander bekend te maak. Hulle moet waak om "lewensredders" te word wat voortdurend hulle kinders uit die moeilikheid hou en dinge vir hulle doen.

Mev is van mening dat sy 'n permissiewe ouerskapstyl handhaaf. As enkelouer met 'n voldag werk is sy geneig om uit 'n skuldgevoel haar kinders alles toe te laat. Sy stel geen reëls nie wat dikwels daartoe lei dat die twee seuns onhanteerbaar raak.

**Emosionele behoefte:**

Die emosionele behoefte van hierdie temperamenttipe is opregte waardering. Sy wil weet dat sy deur sy gesin waardeer word. Hierdie temperamenttipe het 'n behoefte om van waarde te voel en te voel sy is nodig.

**Kind No 5:**

Mev het 'n kontrolelys van haar seun voltooi. Die doel van die kontrolelys was om die ouer se persepsie van hulle se temperamenttipe te bepaal. Die terapeut het hom in twee speelassesseringsessies saam met vier ander kinders almal in die junior primêre skooljare betrek. Die doel hiervan was om sy temperament te bepaal. Die bespreking wat volg gaan 'n uiteensetting wees van die ouers se persepsie en die terapeut se evaluering en te kyk hoe hierdie van mekaar verskil of ooreenstem.

Die kontrolelys wat deur die ouer voltooi is het die resultaat gelewer van **ISCD** Tydens die assesseringsessies het hy 'n temperamenttipe van I en S dominansie getoon wat dus dieselfde is wat mev. in die kontrolelys aangedui het. Vanuit die

waarneming het dit duidelik na vore gekom dat hierdie seun 'n dominante I temperament toon. Hy het die meeste van almal gesels en uit sy beurt gespeel. Hy het impulsief weggespring toe hy die "bou 'n eiland" opdrag moet uitvoer. Wanneer die ander kinders nie kans gesien het om hulle opdrag soos tydens die "maak 'n vriend" speletjie het hy aangebied om hulle beurt ook te neem.

**Interpretasie gesin no 5:**

Mev is van mening dat sy as enkelouer baie struikelblokke het wat sy moet oorkom. Sy meen verder dat sy 'n toegeeflike ouerskapstyl het en erken dat sy voortdurend die grense wat sy in die huishouding gestel het verskuif in 'n poging om haar kinders tevrede te hou. Sy erken dat sy geen grense stel nie en dat dit moeilik is om besluite te neem, as enkelouer waar sy geen ondersteuning het nie. Sy besef nou na die blootstelling aan die intervensieproses dat dit haar seun se temperament is wat maak dat hy altyd vriende wil hê en alles doen wat sy vriende wil hê hy moet doen en wil onderhandel veral wanneer sy iets van hom verwag. Sy het geen kennis van temperamente gehad voor die aanvang van die program nie en is van mening dat sy baie daarby gebaat het. Sy is van mening dat daar verkeie enkelouers hierdie program moet deurloop om hulle kinders beter te verstaan

**Evaluasie:**

Vanuit bogenoemde blyk dit dat hoewel daar nie 'n gestandaardiseerde meetinstrument vir kinders bestaan nie kon die navorser deur middel van groepsassessering die kinders se temperamenttipes waarneem. Die waarnemings wat tydens die groepsessies gemaak is is met die voltooide kontrolelyste vergelyk. Vier van die vyf kinders se voltooide kontrolelyste het ooreengestem met die navorser se waarnemings. Die vyfde kind se temperamenttipe, soos waargeneem deur die navorser het verskil van die van die ouers. 'n Moontlike rede hiervoor kan wees dat die ouers aan enkele aspekte gedink het en nie die dominantste gedrag wat die meeste van die tyd voorkom nie.

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)



Die groepsessies met die kinders het deel gevorm van die intervensieprogram vir die ouers. Die terugvoering van die kinders se temperamenttipe en die hantering daarvan is tydens die individuele terugvoering met die ouers volledig bespreek.

Al die ouers het aangedui dat hulle gebaat het by die ouerbemagtigingsprogram en die meerderheid het 'n behoefte uitgespreek dat hulle hulle ander kinders se temperamenttipe ook sou wou assesseer.

## 6.7 SAMEVATTING

Inligting wat tydens die literatuurstudie versamel is (hoofstuk 2 tot vyf) en die data wat tydens die empiriese ondersoek ingesamel is (hoofstuk 6), is met mekaar vergelyk. Dit blyk dat hierdie inligting mekaar gekomplementeer en dus teorie en praktyk integreer. Die ouerbemagtigingsprogram wat geïmplementeer is het waarde tot die insig wat respondente openbaar met betrekking tot hulle eie lewensomstandighede, toegevoeg. Die doelstelling van die studie is dus bereik.

In hierdie hoofstuk is die kwalitiewe en kwantitatiewe data insameling en analisering uiteengesit. Die kwalitatiewe data is as fase een van die empiriese studie bespreek. Die kwalitatiewe data het die tweede fase van die intervensieproses gevorm. Die kwantitatiewe data is as fase twee van die empiriese studie bespreek. Die kwantitatiewe fase twee van die empiriese studie het die vyfde fase van die intervensieproses verteenwoordig.

Daar is vyf gesinne bemagtig met kennis oor hulle eie en hulle kinders se temperament. Vanuit die kwantitatiewe verwerkings is dit duidelik dat die doelstelling en doelwitte van die studie op 'n positiewe wyse aangespreek is.

Die respondente het deur die voor- en natoets aangedui dat hulle gebaat het by die ouerbemagtigingsprogram. Dit bevestig die hipotese wat vir die studie gestel is, naamlik, dat indien 'n bemagtigingsprogram wat temperamentanalise insluit, met die ouers en kinders in hulle middelkinderjare benut word, behoort die ouers se kennis so te vermeerder dat hulle daardeur bemagtig sal word om hulle kinders se gedrag beter te verstaan.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


In hoofstuk sewe word samevattende gevolgtrekking en aanbevelings na aanleiding van die literatuur en empiriese studie gegee.

# HOOFSTUK 7

## SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 7.1 INLEIDING

Ouers het voortdurend ‘n behoefte om meer kennis oor die opvoeding van hulle kinders in te win. Wanbegrip en onbevredigende interaksie tussen ouers en kinders gee dikwels daartoe aanleiding dat die ouers en kinders konflikte beleef, wat verhoudingsprobleme veroorsaak. Die eise, spanning en gejaagdheid van die moderne lewe bring toenemend mee dat gesinne nie, optimaal kan funksioneer nie wat tot toenemende verhoudingsprobleme aanleiding gee.

Hierdie navorsingsprobleem het daartoe aanleiding gegee dat ‘n literatuurstudie gedoen is, waartydens ‘n teoretiese perspektief op temperamente verkry is. Temperament is in hoofstuk twee gekonseptualiseer en in verband gebring met die neuro-anatomie en fisiologie. Voorts is daar gefokus op die verskillende dimensies, kategorieë en die DISC-model. (Vergelyk hoofstuk drie.) ‘n Kontrolelys is uit die teoretiese perspektief van temperament saamgestel, wat benut is om die kinders wat deel gevorm het van die studie se temperamenttipe te bepaal. In hoofstuk vier is op die gestaltbeginsels en temperament gefokus. Die gestaltbenadering is gekies as basis waaruit die ouerbemagtigingsprogram ontwikkel is. In hoofstuk vyf is die konsep-ouerbemagtigingsprogram en die assesseringsriglyn ten opsigte van die kinders, uiteengesit. Verskillende momente is ontwikkel uit die bestaande ouerbemagtigingsprogramme en ouerleidingliteratuur.

Hoewel ander terapeutiese benaderings moontlik ook toepaslik kon wees, is die gestaltbenadering gekies. Die gestaltbenadering fokus op dit wat onmiddellik teenwoordig is, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwordinge van sy

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



ervarings in hul totaliteit te verbeter (Gouws *et al*., 1987:124). Hierdie studie het volgens die navorser daarop gefokus om ouers met kennis van hulle en hulle kinders se temperamentverskille in hulleself en hulle kinders te bemagtig. Daar is dus gefokus op dit wat onmidellik teenwoordig is, naamlik temperament, en om hulle bewustheid daaromtrent te verbeter.

Die literatuurstudie is opgevolg deur ‘n empiriese ondersoek. Die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering is in die studie gekombineer. Die kwalitatiewe benadering is tydens die eerste fase van die studie onderneem en die kwantitatiewe benadering in die tweede fase. Vir die doeleindes van die kwalitatiewe benadering is ’n behoeftebepaling gedoen deur middel van twee fokusgroepe. Die twee fokusgroepe het uit vyf ouerpare elk bestaan. Die behoefte aan die inhoud van die ouerbemagtigingsprogram is vasgestel. Die kwantitatiewe benadering het as tweede fase die eerste fase opgevolg. ‘n Selfontwerpte vraelys is benut, wat as voor- en natoets gebruik is om die effek en benuttingswaarde van die intervensieprogram vas te stel. Die intervensieprogram is deur vyf ouerpare bygewoon. Die kinders van die ouerpare is by twee groepassesseringsessies betrek om hulle temperamenttipe waar te neem. Die resultate van die kwantitatiewe gedeelte van die navorsing is deur middel van grafieke in hoofstuk ses weergegee.

Hoofstuk sewe fokus op die gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die studie en evalueer die doelstellings, doelwitte, navorsingsvraag en hipotese, en is dus die laaste doelwit vir die studie. Die hoofstuk word afgesluit met die aanduiding van leemtes in die studie en temas vir verdere navorsing. Die beskrywing van gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die studie is ‘n aanduiding van die laaste stap van die fase van vroeë ontwikkeling en die vooronderseok van die intervensienavorsing, naamlik die toepassing van ontwerpkriteria op die voorlopige intervensienavorsing. (Vergelyk 1.8.4.3.)

## 7.2 EVALUERING VAN DIE DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Die navorsingsprobleem van die studie was:

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



**Daar bestaan nie 'n bemagtigingsprogram vir ouers waar die ouer en die kind se temperamenttipe geanaliseer en in ag geneem word nie.**

Die doelstelling van die studie is daarna geïdentifiseer en die doelwitte is geformuleer. Die studie was verkennend van aard, aangesien daar rondom temperament as konsep geëksploreer is. Die doel van verkennende navorsing is om konsepte te verfyn. Die studie was verder ook beskrywend, omdat gepoog is om verslag te doen oor die konseptuele kenmerke van die temperamentverskille en die hantering daarvan.

## 7.3 DOELSTELLING

Die doelstelling van die studie was:
Om 'n bemagtigingsprogram wat op die benutting van temperamentanalise gebaseer is te ontwikkel en die bruikbaarheid van so 'n program te evalueer. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is die proses van intervensienavorsing van Rothman & Thomas, (1994: 9-28) gevolg.

**Fase een: Program-analise en programbeplanning**

Gesprekke met sleutelinformante, wat maatskaplike werkers, advokate, 'n landdros, ouers, 'n arbeidsterapeut, sielkundiges en onderwysers insluit, het die behoefte aan 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders beklemtoon. (Vergelyk 1.8.1.2.) 'n Probleem vir ouers is geïdentifiseer om inligting van hulle eie en hulle kinders se temperamente te verskaf, om sodoende hulle kinders beter te verstaan.

Die navorser het vir 'n tydperk van twee maande 'n inligtingsdokument op die webtuiste van Delmas geplaas, waar die doel van die studie verduidelik is. Die persone wat toegang het tot die Internetfasiliteit, is as populasie beskou. Vyf ouerpare is op hierdie wyse bekom. Dit was dus nie nodig om van 'n ewekansige steekproef gebruik te maak nie, aangesien die regte hoeveelheid respondente vrywillig aangemeld het.

**Fase twee: Inligtinginsameling en –sintese**

Die navorser het wyer gekyk as net na literatuur in haar eie spesifieke studieveld. Nasionale en internasionale literatuur en verskeie kundiges is geraadpleeg (Vergelyk 1.8.2.2.). Die navorser het verskeie kursusse bygewoon wat van temperamente van toepassing is. Hoewel daar reeds bestaande ouerleidingsprogramme bestaan is daar ‘n gebrek aan ‘n ouerleidingsprogram wat met temperamente verband hou geïdentifiseer. Lede van die gemeenskap is geraadpleeg om inligting in te samel ten opsigte van temperamentverskille.

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit nodig is om soveel moontlike bestaande inligting te versamel asook kursusse by te woon ten opsigte van die konsep wat nagevors word.

Die navorser het die persone vir die fokusgroepe deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Tien ouerpare wat in twee fokusgroepe verdeel is, het aan die fokusgroepbeprekings deelgeneem. (Vergelyk 1.8.1.2.)

Die inligting wat met betrekking tot die fokusgroepe verkry is, is saam met die literatuurstudie en menings van kundiges gebruik om die program te ontwikkel. Die inligting wat kwalitatief bekom is, was van waarde om aanvullend tot die program te benut. Die inligting wat kwantitatief bekom is, het die program gekomplimenteer.

**Fase drie: Ontwerp**

Die ontwerp word beskou as die proses waarvolgens die intervensie en die waarnemingsprosedure beplan word. (Vergelyk 1.8.3.)

**Kwalitatiewe meting**

Die kwalitatiewe meting van die program het met behulp van ongestruktureerde deelnemende waarneming geskied. Ongestruktureerde deelnemende waarneming dui daarop dat die navorser in 'n mate deelneem aan die aktiwiteite wat waargeneem en bestudeer word. Die kwalitatiewe benadering wat gevolg is, is benut deurdat twee fokusgroepe betrek is om 'n behoefte aan 'n ouerbemagtigingsprogram deur die benutting van 'n temperamentanalise te bepaal. Die navorser het tydens die fokusgroepbesprekings van ongestruktureerde deelnemende waarneming gebruik gemaak. Die fokusgroepe het voortgegaan totdat geen nuwe inligting meer na vore gekom het nie. 'n Bandmasjien is benut tydens die twee fokusgroepbesprekings. Die data wat tydens die fokusgroepbesprekings bekom is, is deur middel van die stappe van Cresswell se data-analisespiraal geanaliseer. Die resultate van die fokusgroepbesprekings, is saam met die literatuurstudie benut om 'n bemagtigingsprogram vir ouers saam te stel. (Vergelyk 1.8.2.2.)

Die gevolgtrekking is dat die benutting van fokusgroepe as instrument om vas te stel wat die inhoud van 'n program moet wees, 'n waardevolle hulpmiddel vir navorsers kan wees. Dit behoort dus deel van elke navorsingstudie te wees as daar nie behoeftebepalings bestaan nie.

**Kwantitatiewe meting**

Kwantitatiewe meting verwys na die empiriese toetsing van die intervensie. Die kwantitatiewe meting van die ouerbemagtigingsprogram het met behulp van 'n selfontwerpte vraelys geskied. Met die selfontwerpte vraelys het die navorser gepoog om die verskillende aspekte van temperament te dek, om so vas te stel of die intervensie suksesvol was. Die selfontwerpte vraelys is tydens sessie vier van die ouerbemagtigingsprogram aan die respondente verskaf om te voltooi (Vergelyk bylaag 4.) Dieselfde selfontwerpte vraelys is weer tydens sessie ses van die ouerbemagtigingsprogram deur die respondente voltooi.

Die ouerbemagtigingsprogram het oor ‘n tydperk van twee weke geskied. Elke kontak wat die navorser met die respondente gehad het, is ‘n as sessie aangedui (Vergelyk Tabel 5.8) Die navorser het probleme ervaar om ‘n geskikte tyd en datum vas te stel waar al die respondente as ‘n groep by die werkswinkel (sessie 4) teenwoordig kon wees. Die werkswinkel is vir ‘n Saterdag gereël, wat ‘n middagete ingesluit het. Die navorser het ook toesig vir die respondente se kinders gereël. Daar is deurgaans gepoog om die respondente so ver moontlik te akkommodeer.

‘n Individuele gesprek met elke ouerpaar is gevoer, waar elkeen se eie temperamenttipe en die kind se temperament aan hulle verduidelik is. Die individuele terugvoering het twee-en-‘n-halfuur in beslag geneem. Die kinders se temperamenttipes is verkry van die waarneming tydens die groepsessies met al die kinders en die kontrolelys wat deur die ouerpare ten opsigte van hulle kinders se temperamente voltooi is. Dit het duidelik geblyk dat die moeders gretiger was om die werkswinkel by te woon as die vaders. Die gevolgtrekking hieruit is dat dit nodig is om ‘n groepsaanbieding op te volg met ‘n individuele terugvoersessie. ‘n Verdere gevolgtrekking kan gemaak word dat ‘n werkswinkel nie die volle dag in beslag moet neem nie, maar liewer op ‘n tweede of selfs ‘n derde dag moet voortgaan. Die respondente moet nie te veel inligting op een dag gegee word nie, aangesien massa-inligting nie geïnternaliseer word nie. Om ‘n geskikte datum vir groepe respondente te vind is egter baie moeilik met inaggeneming van die respondente se programme.

**Fase vier: Vroeë ontwikkeling en voorondersoek**

Tydens die vierde fase van die intervensienavorsing is die intervensieprogram, naamlik die bemagtigingsprogram vir ouers, ontwikkel (vergelyk 1.8.4). Die kinders wat deel was van die voorstudie, is deur middel van ‘n doelgerigte steekproef gekies. Die program is met vyf kinders deurloop. Die intervensieprogram is nie met die ouers van die voorondersoek gedoen nie. Wat in die intervensieprogram beplan is, is wel met elke egpaar bespreek. Die ouers het tydens die voorondersoek ‘n kontrolelys ten opsigte van

elke kind voltooi, sodoende kon die navorser vasstel of die kontrolelys benut kan word tydens die hoofondersoek. Terugvoering in die verband is gegee.

Daar is ‘n paar veranderinge aangebring op die kontrolelys. Die ouers het genoem dat hulle van die punte in die kontrolelys nie verstaan nie. Daar is geen veranderings aangebring aan die inhoud van die program nie, en dit is onveranderd geïmplementeer. (Vergelyk Tabel 5.8.) Die program is ingedeel in die volgende gestaltbeginsels wat uit verskillende momente bestaan.

- Holisme
- Die ouer se proses
- Homeostase
- Kind se proses
- Onvoltooidhede
- Kontak
- Kontakgrensversteuring
- Figuurgrond
- Polariteite

‘n Gevolgtrekking kan gemaak word dat ‘n voorstudie ‘n belangrike deel van die navorsing verteenwoordig. Die waarde daaraan verbonde is dat die navorser geleentheid kry om te bepaal of die intervensieprogram wat beplan is, uitvoerbaar is. Tydens die voorstudie word veral gekyk of die meetinstrument meet wat dit behoort te meet.

**Fase vyf: Evaluering en gevorderde ontwikkeling**

Die hoofondersoek is met vyf ouerpare, van wie een ouer ‘n enkelouer , en hulle vyf kinders onderneem. Die hoofondersoek het oor ‘n tydperk van twee weke gestrek met elke ouerpaar en hulle kind. Die werkswinkel wat sessie vier van die intervensieprogram verteenwoordig, het is afgehandel. (Vergelyk Tabel 5.8.). Die vyf kinders van die respondente is by twee groepassesseringsessies betrek, waartydens die navorser hulle waargeneem het om hulle geneigdheid tot ‘n temperamenttipe te bepaal. Die navorser

kon die kinders se temperamenttipes suksesvol waarneem. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die temperamente van die kinders suksesvol in groepsverband bepaal kan word. Die interaksie binne groepsverband maak dit juis meer effektief om die individue se gedrag waar te neem. ‘n Verdere gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die navorser na ‘n maand of twee weer ‘n opvolgbesoek behoort te doen om vas te stel wat die presiese impak van die program tot gevolg het. Hierdie opvolgbespreking na ‘n tydperk verleen aan die ouers die geleentheid om die kennis wat hulle opgedoen het te evalueer en prakties toe te pas. Die navorser het gevind dat die ouers dus nuwe vrae en hulp met praktiese toepassing ervaar. Individuele terugvoering van die ouerpare en hulle kinders se temperamenttipe is individueel by elkeen se huis of by die navorser se praktyk geskied. ‘n Gevolgtrekking kan gemaak word dat voldoende tyd vir vrae en bespreking gegee moet word.

Verskeie aanpassings is gemaak om die program te kon implementeer. Die navorser het aanvanklik die aanbieding van die intervensieprogram oor twee aande geskeduleer, wat opgevolg sou word met ‘n individuele onderhoud. Die meeste respondente het probleme ondervind om die program in die gestelde tyd by te woon, en daar is besluit om die program in die vorm van ‘n werkswinkel van een dag te implementeer. Die werkswinkel is deur middel van ‘n PowerPointprogram aangebied, wat ook voorsiening gemaak het vir praktiese oefeninge. Die navorser het die respondente van handleidings voorsien. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die groepsverband positief benut kon word om die algemene inligting ten opsigte van temperamente te bespreek. Die individuele terugvoering was van groter waarde, weens die feit dat die inligting ten opsigte van elke gesinslid se temperamenttipe intensief bespreek kon word.

Daar is respondente wat met die voltooiing van die natoets aangedui het dat hulle ‘n behoefte aan kennis rakende effektiewe ouerskap benodig. Hierdie voorstelle is by die program aangebring deurdat daar meer aandag en tyd aan die aspek, effektiewe ouerskap te gee. Die doelstelling is dus ten volle bereik.

## 7.4 EVALUERING VAN DIE DOELWITTE

Om die doelstelling van die studie te bereik, het die volgende doelwitte van die studie uit die doelstellings voortgevloei, naamlik:

**Doelwit 1:**

- Om 'n teoretiese kennisraamwerk op te bou ten opsigte van die volgende:
  - Die konseptualisering van temperament.
  - Die invloed van ooreenkomste en verskille in temperament by ouers en die uitwerking daarvan op die ouer-kind-verhouding.
  - Die ontwikkelingstake van die juniorprimêre skooljare.
  - DISC- temperamentanalisemodel in die bepaling van gedrag en uiteindelik temperament

Hierdie doelwit is bereik deur 'n omvattende literatuurstudie, konsultasies met kundiges, die benutting van bestaande programme en die inligting wat by wyse van twee fokusgroepe (vergelyk tabel 6.1) ingesamel is.

In hoofstukke twee, drie en vier is die teoretiese kennisraamwerk van temperament beskryf. Die gevolgtrekking kan gemaak word ten opsigte van die hoofargumente van die studie:

- Temperament is 'n geneigdheid waarmee 'n persoon gebore word, wat bepaal hoe hy optree.
- Temperament fokus dus op die "hoe" van gedrag. (Vergelyk 2.3.3.) Hoewel daar verskeie skrywers temperament beskryf, is dit nodig om temperament te verstaan met die oog op die ontwikkeling van 'n ouerbemagtigingsprogram.
- Kennis van die verskillende kategorieë, dimensies en modelle, om sodoende te bepaal watter van die kategorieë, dimensies en modelle toepaslik sou wees, is belangrik.
- Daar bestaan tans geen gestandaardiseerde meetinstrument om kinders se temperamente te toets nie. Hoewel die navorser die kinders wat aan die voorstudie en hoofstudie deelgeneem het, in 'n groep geassesseer het, kon die navorser slegs geneigdhede van die kinders se temperamente aan die ouers noem. Die ouers het 'n kontrolelys voltooi, wat dus die ouers se persepsie van hulle kinders se temperamente

aangedui het. Die inligting wat deur die kontrolelys en navorser se waarneming bekom is, is met mekaar getrianguleer ten einde die kinders se temperamente te bepaal. Die kinders se temperamente kon dus nie deur middel van 'n gestandaardiseerde meetinstrument getoets word nie.

- Indien ouers bewus is van hulle eie en hulle kind se geneigdheid tot 'n bepaalde temperament sal dit daartoe lei dat ouers hulle kind beter verstaan, wat die ouer-kind-verhouding behoort te verbeter.

**Doelwit 2:**

- Om 'n behoeftebepaling by ouers van kinders in die middelkinderjare te doen oor die inhoud van 'n program wat temperamentanalise benut

Hierdie doelwit is volledig bereik deurdat:
Die behoeftebepaling by ouers is as die eerste fase, as kwalitatiewe deel van die navorsing onderneem. Twee fokusgroepe is saamgestel deurdat die ouers doelbewus deur die navorser geselekteer is. Fokusgroepe behoort doelbewus geselekteer te word aan die hand van kriteria, ten einde die beste data te verseker. Die gevolgtrekking is dat fokusgroepe benut kan word om die inhoud van 'n program vas te stel. Die kriteria waaraan die ouerpare moes voldoen, is in 1.9 bespreek. Die fokusgroepe is in twee groepe van vyf ouerpare elk verdeel. Voor die aanvang van die fokusgroepe, is 'n inligtingstuk aan elke ouer voorsien waarin die doel van die studie en die verskillende etiese aspekte verduidelik is. Toestemming vir vrywillige deelname is van die ouers bekom. Die doel van die fokusgroepbesprekings was om te bepaal wat die siening van ouers was van temperamente en wat die inhoud van 'n ouerbemagtigingsprogram moet wees. Die navorser het dieselfde vier vrae aan elke fokusgroep gestel, waaroor bespreking gevoer is. Die navorser het notas geneem en 'n oudiobandopname en 'n video-opname gemaak terwyl die bespreking plaasgevind het. Die proses was dieselfde met albei die fokusgroepe. (Vergelyk Tabel 6.1.)

Die besprekings van die fokusgroepe is geanaliseer deur die data in kategorieë, temas en subtemas te rangskik. (Vergelyk die skematiese voorstelling Tabel 6.1.) Die volgende is kategorieë is ontwikkel:

- Die konsep "temperament" bestaan uit verskillende aspekte.
- Temperament en persoonlikheid verskil.
- Temperament het 'n invloed op denke en gedrag.
- Ouers se temperament het 'n invloed op die kinders.
- Kennis van temperament is noodsaaklik vir ouerleiding.

Vir elke kategorie is verbandhoudende en subtemas onderskei. Die navorser het die data wat deur fase een bekom is, benut om die program te ontwikkel.

**Doelwit 3:**

- Om deur die benutting van die teoretiese raamwerk, praktykbehoeftes en 'n behoeftebepaling by ouers self, 'n ouerbemagtigingsprogram saam te stel.

In hoofstuk drie is 'n teoretiese raamwerk beskryf van die verskillende dimensies, kategorieë en modelle van temperament. Die navorser het aanvanklik beplan om die verskillende modelle, soos die Keirsey en Myers-Briggs, met die DISC-model te vergelyk. Die doel hiervan was om die modelle met mekaar te trianguleer, ten einde die kinders se geneigdheid tot 'n temperament met groter akkuraatheid vas te stel. Dit het duidelik in die literatuur na vore gekom dat die verskillende modelle, by name die Keirsey– en die Myers-Briggsmodelle nie met die DISC-model ooreenstem nie weens verskil van oorsprong. Die Keirsey-model is wel bespreek, aangesien maatskaplike werkers die model kan benut in die vasstelling van temperamenttipes. Die samevattende gevolgtrekking ten opsigte van die ontwikkeling van die ouerbemagtigingsprogram is dat die verskillende aspekte van ouerleiding in die literatuur ten opsigte van temperamente met die beginsels van die gestaltbenadering in verband gebring kon word, ten einde die program te kon saamstel en die doelwit te bereik.

**Doelwit 4:**

- Om die ouerbemagtigingsprogram empiries te implementeer.

Die ouerbemagtigingsprogram het oor 'n tydperk van twee weke plaasgevind. Die ouerpare het vrywillig aangemeld, nadat uitnodigings gerig is op die webtuiste van Delmas. Die kinders is een week voor die implementering van die program in groepsverband geassesseer. Vir praktiese doeleindes is die ouers se temperamente twee dae voor die implementering van die program deur middel van 'n gestandaardiseerde program bepaal.

Die ouers se voltooide DISC-vraelyste is deur middel van 'n gestandaardiseerde sagtewareprogram verwerk. Die sagteware program het elke ouer se temperamentanalise in 'n uiteensetting en twee grafieke weergegee. Die eerste grafiek verwys na die ouer se aangepaste temperamentstyl en die tweede na die aangebore of basiese temperament. Die navorser het na aanleiding van die twee grafieke en die uiteensettng sagtewareprogram 'n verslag ten opsigte van die resultate saamgestel en dit met elkeen tydens sessie ses van die ouerbemagtigingsprogram bepreek. (Vergelyk Tabel 5.8.)

Die groepassesseringsessie is benut om die kinders se temperamenttipes vas te stel. Die waarneming van die kinders se gedrag was slegs geneigdhede om op 'n sekere manier op te tree. Die ouers het geleentheid gekry om 'n kontrolelys ten opsigte van hulle middelkinderjare kind te voltooi. (Vergelyk 5.23.) Die doel hiervan was om die ouers se persepsie van hulle kinders se geneigdhede om op 'n sekere manier op te tree, te bepaal. Die navorser se assessering van die kind en die ouer se voltooide kontrolelys is vergelyk en 'n gevolgtrekking is gemaak. Die ouers het 'n eendagwerkswinkel bygewoon wat deel van die ouerbemagtigingsprogram gevorm het. Individuele terugvoering is aan elke ouerpaar gegee. Die navorser se waarneming van een kind se temperament het verskil van die kontrolelys wat deur die ouers voltooi is. Die moontlikheid bestaan dat die ouers aan enkele aspekte gedink het en nie die dominantste gedrag in aanmerking geneem het nie. 'n Opvolgbespreking is een maand na die ouerbemagtigingsprogram gedoen. Die doelwit is dus ten volle bereik.

**Doelwit 5:**

- Om die impak van die ouerbemagtigingsprogram te evalueer.

Die impak van die ouerbemagtigingsprogram is geëvalueer deur van ‘n voor- en natoets gebruik te maak. (Vergelyk 6.5.) Uit hierdie voor- en natoets het dit geblyk dat die respondente baat gevind het by die navorsingstudie. Die verskillende respondente het by bykans al die punte op die vraelys aangedui dat hulle meer kennis van temperamente het. Die ouers is dus met kennis bemagtig ten opsigte van hulle eie en hulle kind se temperament en die hantering daarvan.

**Doelwit 6:**

- Om die ouerbemagtigingsprogram beskikbaar te stel en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van die program deur maatskaplike werkers.

Die ouerbemagtigingsprogram wat in hoofstuk vyf uiteengesit is, is dus geëvalueer en kan deur maatskaplike werkers en ander professionele persone wat by ouerleiding betrokke is, in die praktyk herhaal word. ‘n Doktorale seminaar, waar inligting beskikbaar gestel is aan ‘n multi-dissiplinêre groep is reeds aangebied. Twee artikels wat hoofsaaklik ‘n uiteensetting van die program en ‘n weergawe van die navorsingsresultate insluit, word voltooi om na vaktydskrifte gestuur te word vir moontlike publikasie

## 7.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

### 7.5.1. Hoofstuk een: Algemene oriëntering

In hoofstuk een is die motivering van die studie aangedui as dat ouers ‘n behoefte het om hulle kinders te verstaan en dat ouers se gedrag en optrede ‘n groot invloed het op die kinders se vorming. Kinders se gedrag kan die beste verstaan word in die konteks van onder andere, die biologiese faktore, wat temperament insluit. In hoofstuk een is onderneem om ‘n kennisraamwerk daar te stel ten einde ‘n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel. Die doelstelling wat tydens hierdie navorsingstudie nagestreef is, was om ‘n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel deur gebruik te maak van ‘n

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



temperamentanalise. Ten einde hierdie doelstelling na te streef, is toegepaste navorsing gedoen en 'n gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg wat sinvol kon realiseer. Intervensienavorsing is onderneem en die navorser het die vyf stappe wat benut is, nuttig en gestruktureerd gevind om die doel van die studie te bereik.

'n Volledige literatuurstudie wat die hoofkonsepte van die studie omskryf, is onderneem ten einde 'n teoretiese kennisraamwerk van temperamente daar te stel. 'n Verband kon tussen die literatuur en die praktyk getrek word. Ten spyte van die feit dat die navorser verversings, ete en toesig vir die kinders gereël het die dag van die werkswinkel, het een ouerpaar nie opgedaag nie en moes die program aangepas word om aan hulle behoeftes te voldoen. Die navorser het probleme ondervind om 'n geskikte manier te vind om die ouers te akkommodeer. Weens die hoë voorkoms van misdaad in Delmas en die besige programme van die ouers, kon die program nie, soos aanvanklik beplan, oor 'n aantal weeksaande geïmplementeer word nie. Weens die probleme wat ondervind is om die ouers in 'n paar groepsessies te betrek, is die program by wyse van 'n eendagwerkwinkel aangebied, gevolg deur individuele terugvoersessies aan die ouers op tye wat dit vir huule geleë was. Weens die tyd en probleme wat ondervind is om die ouers in 'n paar groepsessies te betrek, is die program een dag lank by wyse van 'n werkswinkel aangebied.

Weens die feit dat ouerskap nie maklik is nie en alle ouers net die beste vir hulle kinders wil hê, kan die bemagtigingsprogram benuttingswaarde vir ouers hê om hulle kinders beter te verstaan. Soos uit die navorsingsresultate blyk, is dit duidelik dat ouers wat met kennis bemagtig is ten opsigte van temperamentverskille, meer bewus is van hoe om hulle kinders te hanteer. Gevolglik word aanbeveel dat die ouerbemagtigingsprogram net so deur maatskaplike werkers en terapeute benut kan word in 'n voorkomende program, asook in terapeutiese programme met gesinne, egpare en kinders.

Die etiese aspekte wat op standaarde dui en dien as basis waar 'n navorser deurgaans in die studie nagestreef. Daar is geen skade, fisies en emosioneel, aan die respondente aangerig nie. Die respondente kon hulle te enige tyd aan die studie onttrek. Ingeligte

toestemming is van al die respondente en die kinders bekom. Die respondente is nie mislei nie, deurdat elke ouerpaar ‘n skrywe ontvang het waar die doel en prosedure wat gevolg gaan word, uiteengesit is. Die privaatheid van die respondente is deurgaans gerespekteer, deurdat die inligting vertroulik hanteer is.

### 7.5.2 Hoofstuk twee: Temperament

Hierdie hoofstuk vorm deel van fase twee van die intervensienavorsing, naamlik die insameling en sintese van inligting. ‘n Bibliografiese soektog is gedoen oor die konseptualisering van temperament. Literatuur met betrekking tot temperamente is geredelik beskikbaar. Literatuur ten opsigte van die invloed van temperament op spesifieke ouderdomsgroepe, is egter beperk.

Temperament is ‘n verskynsel wat reeds in die Griekse en Romeinse tyd bekend was. Die teorie van temperament het ontstaan uit die verhouding of mengsels van die vier liggaamsvloeistowwe wat in elke persoon teenwoordig is. Die wyse hoe die liggaamsvloeistowwe vermeng is, bepaal die temperamenttipe. Uit die literatuurverkenning van die studiegebied is dit duidelik dat temperament aangebore is en ‘n persoon se denke en gedrag bepaal. Die gedeelte in die brein wat verband hou met temperamenttipes is die limbiese sisteem en die amigdala. Die hipotalamus word in die limbiese sisteem aangetref. ‘n Persoon met ‘n temperament met ‘n vinnige pas het ‘n groter konsentrasie van die hormoon “*norepinephrine*”. Die amigdala is ook deel van die limbiese sisteem en het ook ‘n invloed op temperamentverskille. Geïnhibeerde en nie-geïnhibeerde individue verskil in hulle drempel van prikkelbaarheid in die amigdala. Geïnhibeerde individue toon ‘n groter amigdalareaksie op nuwighede as die nie-geïnhiberende individue. Die gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die geïnhibeerde individue met ‘n neorochemie gebore word. Dit lei daartoe dat die amigdala maklik geprikkel word, wat daartoe bydra dat die persoon die onbekende vermy en maklik angs ervaar. Die nie-geïnhibeerde persoon het ‘n hoër drempel van prikkelbaarheid van die amigdala, en is dus minder skaam en teruggetrokke.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat temperament verbind kan word met die fisiese brein. Dit bevestig dat die individu met 'n temperament gebore word, om op 'n bepaalde manier op te tree. Die hormoon "*norepinephrine*" het 'n invloed op die temperamenttipe van 'n individu. Die verskil tussen invidue wat maklik of moeilik reageer op die onbekende, geleë is in die amigdala se sensitiwiteit vir prikkels.

Sperry en Maclean het die heelbreinteorie ontwikkel. Volgens dié teorie is die breinstrukture soos die limbiese sisteem, neokorteks, regter- en linkerhemisfeer, betrokke by die uitvoering van sekere take en bevat dit grondige kennis om sekere aspekte van die menslike gedrag beter te verstaan. Elke persoon het 'n dominante breinhemisfeer waaruit hy funksioneer. Hierdie breinhemisfeer hou verband met Hippokrates se temperamentkategorieë. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die temperamenttipes verband hou met verskeie fisiese breinstrukture.

Die kennis van verskillende dimensies en kategorieë van temperamente is noodsaaklik. Dit is in die fokusgroepbesprekings bevestig, aangesien die ouers aangedui het dat hulle geen kennis het van temperamente nie.

Dit blyk dat Hippokrates die baanbreker was waar temperament ontstaan het. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat Hippokrates se model benut kon word waaruit ander modelle soos die DISC-model verbind kon word.

Na aanleiding van die literatuurstudie oor die konseptualisering van temperament kom die navorser dus tot die gevolgtrekking dat temperament van persoonlikheid en karakter verskil. Temperament is 'n aangebore geneigdheid wat relatief konstant is. Daar is skrywers wat van mening is dat temperament verander kan word deur die invloed van die omgewing. Dit blyk eerder te wees dat dit die temperament nie verander nie, maar die uitdrukking daarvan.

### 7.5.3 Hoofstuk drie: Temperamentkategorieë, dimensies en modelle

Hoofstuk drie beskryf die literatuurverkenning van die studiegebied van temperament kategorieë, dimensies en modelle. Temperament is reeds sedert 400v.C. bekend. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit uit die literatuurstudie duidelik is dat die eerste kliniese werk oor temperamente deur Thomas en Chess onderneem is. Chess en Thomas, albei psigiaters, het gedurende 1956 bekendheid verwerf met hulle idee van suigelingtemperamentverskille. Hierdie twee psigiaters het in 1956 'n longitudinale studie onderneem om verskillende dimensies van temperamente saam te stel. Spesifieke dimensies van temperament wat reeds kort na geboorte manifesteer, is onderskei nadat 133 persone vanaf hul babajare tot by volwassenheid in New York 'n longitudinale studie waargeneem is. (Vergelyk 3.3.) Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit uit die studie is dat individue uniek is. 'n Gedeelte van elk van die nege dimensies is by alle persone teenwoordig. 'n Persoon kan dus nie net in een dimensie val. Die verskil is geleë in die graad van die dimensies, naamlik hoog of laag. (Vergelyk 3.2.) Uit die nege dimensies is drie kategorieë ontwikkel, naamlik maklike, moeilike en stadig-om-op-dreef-te-kom kinders. (Vergelyk 3.4.) Die meeste nasionale en internasionale literatuur wat die navorser geraadpleeg het ten opsigte van temperamente, erken hierdie drie kategorieë.

Die benutting van die DISC-model van temperamentanalise het die navorser in staat gestel om die ouers se temperamenttipe vas te stel en die kontrolelys ten opsigte van die kinders se temperamente te ontwikkel. Die teoretiese grondslag van die dimensies, kategorieë en modelle was van waarde om die kontrolelys van die kinders se temperamente vas te stel.

Die DISC-model en die ooreenstemming met die Hippokrates-model is in verskillende kleure verduidelik. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die uiteensetting van die verskillende kleure van waarde kan wees vir maatskaplike werkers en terapeute vir die praktiese gebruik en verstaan daarvan.

‘n Verder gevolgtrekking kan gemaak word dat maatskaplike werkers en terapeute kan nie die gestandaardiseerde DISC-vraelys benut indien hulle nie die toepaslike opleidingskursus deurloop het nie.

‘n Verdere gevolgtrekking kan gemaak word dat die DISC-model en die Keirsey-model nie aanvullend tot mekaar benut kan word nie. Die aanbeveling is dat die twee modelle onafhanklik van mekaar benut kan word as ‘n manier om temperamente te bepaal.

### 7.5.4 Hoofstuk vier: Gestaltbeginsels en temperament gefokus op die kind in die middelkinderjare

Die beginsels van die gestaltbenadering is as raamwerk benut om die ouerbemagtigingsprogram te ontwikkel. Die gevolgtrekking daaruit is dat die verskillende gestaltbeginsels geïntegreer kon word met temperament.

### 7.5.5. Hoofstuk vyf: Konsep-bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare

Dit blyk of ‘n kind se temperamenttipe, hoewel hy daarmee gebore word, reeds van vroeg af sigbaar is. Daar is literatuurbronne wat aantoon dat die kind se genetiese temperamentprofiel op die ouderdom van ongeveer vyf jaar duidelik sigbaar is**.** Die feit dat die kinders in hierdie fase betrek is, bied die geleentheid aan die ouers om reeds vroeg in die kind se skoolgaande jare, hulle temperamente te ken en te verstaan. Die ouers kan dan hierdie kennis benut wanneer die kind in die intermediêre skool en selfs seniorprimêre skoolfase is, wanneer hulle aan meer verantwoordelikhede en eise blootgestel is. Die gevolgtrekking is dat die temperamentverskille nie gekoppel kan word aan ‘n ouderdomsgroep nie.

Die ouerbemagtigingsprogram kan dus op enige ouderdomsgroep toegepas word. Daar bestaan beperkte literatuur ten opsigte van temperament en die invloed daarvan op spesifieke ouderdomsgroepe. Dit is hoofsaaklik die rede waarom daar nie 'n volle hoofstuk afgesonder is van die ontwikkelingsaspekte van die middelkinderjare nie.

Die ouerbemagtigingsprogram is ontwikkel deur die beginsels van die gestaltbenadering as basis te benut. Momente is uit ouerleidingliteratuur en ouerbemagtigingsprogramme ontwikkel en geïntegreer met die gestaltbenadering se beginsels. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die gestaltbenadering se beginsels van toepassing gemaak kan word op temperamentverskille en –ooreenkomste, en dus suksesvol in 'n ouerbemagtigingsprogram toegepas kan word.

**4.5.6 Hoofstuk 6: Empiriese gegewens**

Die resultate van die empiriese studie is volledig in hierdie hoofstuk uiteengesit. Die bevindinge van die kwalitatiewe eerste fase van die empiriese studie is eerstens bespreek. Die kwalitatiewe data-insameling is gedoen deur gebruik te maak van twee fokusgroepe om 'n behoeftebepaling te doen wat die inhoud van 'n ouerbemagtigingsprogram moet wees. Die gevolgtrekking van die eerste gedeelte van die empiriese gegewens was dat fokusgroepe in die ontwikkeling van enige program benut kan word, aangesien waardevolle inligting bekom kon word wat in die ouerbemagtigingsprogram benut kon word.

Die kwantitatiewe tweede fase het ten doel gehad om die impak van die ouerbemagtigingprogram te evalueer. Die gevolgtrekking is dat die selfontwerpte vraelys van waarde was, aangesien dit 'n aanduiding gegee van die menings van die respondente tydens die voor-en die natoets was.

Die assesseringsproses wat deur die navorser ontwikkel is, kon tydens die groepsessies met die kinders benut word. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat, hoewel daar nie 'n gestandaardiseerde meetinstrument vir die bepaling van die kinders se temperament

bestaan nie, kon die assesseringstegnieke wat die navorser ontwikkel het suksesvol toegepas word op die kinders ten einde ‘n geneigdheid tot ‘n temperamenttipe te bepaal. Die terugvoering van die ouers het vir die navorser daarop gedui dat die assesseringsessies werkbaar was. Net een ouerpaar se kontrolelysresultate het van dié van die navorser se assessering verskil. Dit dui daarop dat die assesseringsriglyne en die kontrolelys effektief benut kan word deur maatskaplike werkers en ander terapeute om kinders se temperamenttipe vas te stel. Die aanbeveling kan gemaak word dat maatskaplike werkers en terapeute die assesseringstegnieke suksesvol kan benut om kinders se geneigdhede te bepaal om op ‘n sekere manier op te tree. Die assesseringstegnieke en kontrolelys kan evaluerend aangewend word as ‘n hulpmiddel om die moontlike geneigdhede vas te stel. Verdere navorsing en ontwikkeling is nodig.

In hierdie studie is bevind dat die meeste ouers beperkte kennis van temperamente het. Dit is dus nodig dat ouers bewus gemaak moet word van wat temperamente behels om hulle sodoende te begelei om hulle kinders doeltreffender te verstaan. Ouers wat nie hulle kinders se temperamente verstaan nie, kan aanleiding gee tot die ontstaan van onvoltooidhede by kinders. Daar word aanbeveel dat ouers deur maatskaplike werkers en terapeute bemagtig word met inligting oor temperamente.

Die inligting ten opsigte van temperamente is twee keer volledig aan die ouers verduidelik, naamlik tydens die werkswinkel en die individuele gesprekvoering. Elke ouerpaar het die literatuur oor die DISC-model ontvang, asook ‘n verslag van hulle eie temperamentanalise en hulle kind se geneigdheid tot ‘n tempermenttipe. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die herhaling van inligting moontlik daartoe bygedra het dat die ouers dit geïnternaliseer het en waarde daaruit geput het.

Die navorser is bewus gemaak van die waarde van die voor- en natoetsing tydens dienslewering in die maatskaplikewerkprofessie. Die voortoets het ‘n duidelike aanduiding gegee wat die ouers se bestaande kennis van temperamente is. Dit het ‘n basis gebied vanwaar die navorser met die respondente kon vertrek. Die intervensie kon aangepas word om die respondente se behoeftes te akkommodeer. Die intervensie het die

respondente se kennis van temperamente verbeter en hulle weet nou om hulle kinders beter te verstaan.

Die groepsassessering van die kinders het ‘n belangrike rol in die navorsingsproses vervul. Die navorser kon die kinders se temperamente waarneem en is van mening dat die groep daartoe bygedra het dat elkeen sy unieke temperament duidelik kon uitdruk. Dit het die proses aansienlik versnel. Die gevolgtrekking is dat ‘n terapeut tydens ‘n spelterapie-sessie, die kind se geneigdheid tot ‘n temperamenttipe kan bepaal deur middel van waarneming. Die groepsassessering het as hulpmiddel gedien om die kinders se geneigdhede om op ‘n seker manier op te tree, bepaal.

Die feit dat die fokusgroepe deur beide ouers bygewoon is, het daartoe bygedra dat ‘n vollediger beeld bekom kon word van die ouers se behoeftes ten opsigte van ‘n ouerbemagtigingsprogram.

## 7.6 AANBEVELINGS

Uit die voorafgaande besprekings, kan die navorser nou bepaalde aanbevelings maak:

- Hoewel die groepsessies meer tydeffektief is, dit doeltreffender is om die ouers individueel te betrek.
- Maatskaplike werkers en terapeute moet hulleself eers vereenselwig ten opsigte van dimensies, kategorieë en modelle van temperament, aangesien daar in die literatuur verwarring hieroor bestaan.
- Maatskaplike werkers en terapeute kan tydens werkswinkels en aanbiedinge, die verskillende kleure benut in die verduideliking van die verskillende temperamenttipes.
- Maatskaplike werkers en terapeute moet wel die ekometriese toets van die DISC-model benut om individue se temperamente vas te stel.
- Indien terapeute en maatskaplike werkers nie kennis van DISC het nie, kan hulle nie hierdie ouerbemagtigingsprogram ten volle benut nie.
- Die gestaltbenadering kan suksesvol geïntegreer word as fundamentele in die ontwikkeling van bemagtigingsprogramme.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



- Opvolgsessies met die ouers moet gehou word om die effektiwiteit van die program verder te toets.

## 7.7 VERDERE AANBEVELINGS

Kinders met gedragsprobleme beïnvloed nie net gesinne nie maar ook welsynsorganisasies, onderwyssisteme en die kind self. In die bespreking wat volg word aanbevelings aangebied:

### 7.7.1 Departement van Welsyn

Die staat onderskryf die regte van kinders en ouers, wat beteken dat elkeen die reg tot 'n gelukkige gesinslewe en die bereiking van hulle volle potensiaal het. Die program kan dus aan byvoorbeeld welsynsforums voorgestel word vir benutting. Die staat kan behulpsaam wees met fondse om hierdie program te implementeer.

### 7.7.2 Welsynsorganisasies

- Maatskaplike werkers word deur die staat verplig om op vroeë intervensie te fokus en te poog om kinders solank as moontlik deel van hulle gesinne te hou. Maatskaplike werkers kan dus hierdie program benut as deel van voorkoming om intervensie te verbeter. Die hantering van gedragsprobleme noodsaak dikwels statutêre ingryping deur 'n welsynsorganisasie, wat tot die opname in residensiële inrigtings aanleiding gee. Die behoefte aan 'n ouerbemagtigingsprogram waar ouers bemagtig word met kennis oor hulle kinders se temperamente, kan dus 'n positiewe bydrae wees dat ouers hulle kinders beter verstaan, om sodoende te verhoed dat kinders onaanvaarbare maniere gebruik om hulle gedrag uit te druk.
- Die ouerbemagtigingsprogram kan deur maatskaplike werkers benut word as voorkomingsmaatreël, maar ook vir rekonstruksiedienste.
- Maatskaplike werkers kan die ouerbemagtigingsprogram ook benut in gesinsorgherenigings- en pleegsorgdienste.

- Maatskaplike werkers behoort daarom opgelei te word om die invloed van verskille in temperamente te verstaan en dit tot voordeel van hulle kliënte te benut.
- Die benutting van die program by voorbeeld jeugoortreders, kan van waarde wees om die jeugoortreders se gedrag beter te verstaan.
- Maatskaplike werkers behoort aandag te skenk aan die standaardisering van meetinstrumente wat in howe aanvaarbaar sal wees.

### 7.7.3 Onderwysdepartement

- Onderwysers kan baat vind by kennis van die temperamente van kinders. Onderwysers kan die kennis benut om die kinders se gedrag in die skool en klaskamer beter te verstaan. Die navorser beveel dus aan dat die program aan onderwysers aangebied word om hulle te onderrig aangaande temperamentverskille en –ooreenkomste en die invloed daarvan op hulle leerders.

### 7.7.4 Opleidingsinstansies

- Opleidingsinstansies is bewus van die invloed van heelbreinontwikkeling op hulle leerders. Inligting oor temperamentverskille kan by die opleiding van byvoorbeeld maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers en teoloë as deel van die kurrikulum ingesluit word.
- Studente kan reeds op voorgraadse vlak baat vind by kennis oor die invloed van temperament.
- Nagraadse opleiding, byvoorbeeld spesialiskursusse in spelterapie, behoort kennis te neem van temperamentverskille.
- Korporatiewe instandies kan opgelei word in temperament en temperamentverskille vir die bevordering en hantering van menseverhoudinge.
- Kort kursusse kan aangebied word. Baie individue stel belang daarin om hulle temperamenttipe te weet en te verstaan.

#### 7.7.5 Gesinne en gemeenskappe

- Ouers behoort toenemend bemagtig te word ten opsigte van al hulle kinders van enige ouderdomsgroep, ten einde hulle kinders se gedrag beter te verstaan.
- Instansies waar persone aangestel word in 'n sekere betrekking, behoort kennis te dra van temperamentverskille in die soeke na die regte kandidaat.
- Ouerbemagtigingsgroepe behoort kennis te neem van hierdie program.
- Gemeentes en ouerondersteuningsgroepe by skole behoort bemagtig te word ten opsigte van hierdie program.
- Hierdie program kan deel vorm van huweliksverrykingskursusse en huweliksvoorligting.
- Jeuggroepe kan baat vind in hierdie program ten einde bemagtig te word ten opsigte van hulle temperamenttipe.

## 7.8 VERDERE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE PROGRAM SELF

- Die program kan benut word vir assesseringsdoeleindes, maar ook vir terapeutiese insette.
- Die program kan in groepsverband aangebied word, maar ook individueel.
- Die formaat waarin die ouerbemagtigingsprogram aangebied is, was voldoende, naamlik dat die inhoud van die program in 'n werkswinkel en weer aan elke ouerpaar herhaal is. Daar word voorgestel dat maatskaplike werkers wat hierdie ouerbemagtigingsprogram wil benut, dit oor dieselfde tydperk of selfs langer sal aanbied.
- Hoewel die program die middelkinderjare as ontwikkelingsfase benut, kan dit ook op ander ontwikkelingsfases van toepassing gemaak word.
- 'n Kontrolelys is ontwikkel en daargestel vir standaardisering.

## 7.9 NAVORSINGSVRAAG EN –HIPOTESE

Hierdie studie is deur ‘n kwalitatiewe navorsingsvraag en kwantitatiewe hipotese gerig. Die doelstelling van die kwalitatiewe navorsingsmetode as eerste fase van hierdie studie is om belangrike vrae, prosesse en verhoudings te ontwikkel, en nie net om dit te toets nie (De Vos, 2002:19). Die navorsingsvraag wat dus die kwalitatiewe deel van die navorsing gerig het, was soos volg:

- Wat is die behoefte van ouers ten opsigte van ‘n program waarin temperamentanalise ten opsigte van hulleself en hulle middelkinderjare kind benut word, ten einde die ouer-kind-verhouding te bevorder?

Gedurende die eerste fase van die model het die navorser ‘n behoeftebepaling gedoen by die ouers om vas te stel waaruit die program moet bestaan. Vir die behoeftebepaling is twee fokusgroepe van vyf ouerpare elk betrek. Tydens hierdie fase is die kwalitatiewe benadering benut om inligting van die ouers te bekom. Hoewel die meerderheid van respondente aangedui het dat kennis van temperamente noodsaaklik is in die hantering van hulle kinders, word die mening gehuldig dat die meerderheid nie geweet het wat temperament beteken nie en soos dit blyk uit die empiriese data, baat gevind het by die ouerbemagtigingsprogram. Die gevolgtrekking hieruit is dat ouers ‘n behoefte het aan ‘n bemagtigingsprogram waar temperamentanalise benut word. Die navorser het wel daarin geslaag om die data soos bekom uit die kwalitatiewe fase een, te benut in die ontwikkeling van die ouerbemagtigingsprogram. Die behoeftebepaling deur middel van fokusgroepe het waardevolle inligting verskaf wat benut kon word tydens die ouerbemagtigingsprogram. Die vraag is dus beantwoord.

Die hipotese wat die kwantitatiewe deel van die navorsing gerig het, was soos volg:

- Indien ‘n bemagtigingsprogram wat temperamentanalise insluit, met ouers van kinders in hulle middelkinderjare benut word, behoort die ouers se kennis so te verhoog dat hulle daardeur bemagtig sal word om hulle kinders se gedrag beter te verstaan.

Die hipotese is deur die resultate van die studie bevestig. (Vergelyk hoofstuk ses.) Respondente wat die intervensieprogram deurloop het, het tydens ‘n natoets aangedui dat

hulle by die program baat gevind het, soos beskryf in hoofstuk ses. Daar was 'n merkbare verbetering ten opsigte van die respondente se kennis van hulle eie en hulle kinders se gedrag en hulle het hul kinders se gedrag beter verstaan. Die respondente se kennis ten opsigte van die invloed van temperament op denke en gedrag, die verskillende aspekte van temperament, verskillende temperamentmodelle en die hantering van kinders se gedrag, het aansienlik verbeter, soos uitgewys tydens die voor- en natoetsing. (Vergelyk figuur 6.1-6.25.) Die hipotese kon dus bevestig word.

## 7.10 VERDERE NAVORSING

Die volgende temas vir verder navorsing word aanbeveel:

- Die invloed van temperamente op spesifieke ontwikkelingsaspekte, soos die sosiale-kognitiewe, morele en emosionele ontwikkeling van kinders van verskillende ontwikkelingsfases.
- Die invloed van temperamentverskille in skool- en klasverband.
- Die benutting van die ouerbemagtigingsprogram by ander bevolkingsgroepe.
- Kinders se bewustheid van hulle eie temperamenttipes om hulleself en ander beter te verstaan en te verstaan waarom hulle op 'n sekere manier optree.
- Evaluering van die tegnieke en kontrolelys ten einde die kinders se temperamente te bepaal.

## 7.11 SLOTOPMERKING

Insig en begrip ontbreek dikwels by ouers in die hantering van hulle kinders. Ouers is dikwels nie bewus van die bestaan van temperamente tot die geboorte van hulle tweede kind nie. Temperament het nie 'n eindbestemming nie en is deel van 'n persoon se genetika. Effektiewe ouerskap vereis dat ouers ingelig moet wees waarom hulle kinders op 'n seker manier optree en hoe hulle hul gevoelens uitdruk. Deurdat ouers bemagtig word om hulle eie en hulle kinders se temperamente te verstaan, kan dit bydra tot die bou

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


van die gesin as eenheid en as grondslag dien wat die kind vir die res van sy lewe kan beïnvloed.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



# BIBLIOGRAFIE

Alvy, K.T. 1994. *Parent Training Todag. A Social Necessity.* California : Center for the Improvement of Child Caring.

Arkava, M.L. & Lane, T.A. 1983. *Beginning social work research.* Boston: Allyn & Bacon.

Aronstam, M. 1990. Gestaltterapie. In Louw, D.A. 1990. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.* Johannesburg : Southern.

Atkinson, B. 1999. The emotional imparative psychotherapists cannot afford to ignore. *Family Therapy Networker*, 23(4) : 22-33.

Attili, G. 1989. The Psychology of character and temperament in Italy. A Historical Review and Recent Trends. In Kohnstamm, G.A. ; Bates, J.E. & Rothbart, M.K. 1989. *Temperament in childhood.* Chichester: John Wiley & Sons.

Babbie, E. 2004. *The practice of Social Research.* 10th edition. Wadsworth:Thompson Publishers.

Ballesteros, R.F. 2003. Temperament. *Encyclopedia of Psychological Assessment,.* 2: 949-951.

Bates, J.E. 1989. Concepts and Measures of temperament. In Konhnstamm, G.A., Bates, J.E. & Rothbart, M.K. 1989. *Temperament in childhood.* Chichester: John Wiley & Sons.

Bender, C.J.G. 1997. *Opvoedkunde vir MA (MW) Spelterapie.* Klasaantekeninge. Universiteit Pretoria.

Berens, L.V. 2000. *Understanding yourself and others®.* California: Telos Publications.

Berk, L.E. 2000. *Child Development.* 5th edition. Massachusetts: Allyn & Bacon Publishers.

Berndt. T.J. 2001. *Child Development.* 3ed. United States of America: Times Mirror Educational Group.

Bigner, J.J. 1994. *Parent-Child Relations.* 4th ed. United States of America: Macmillan College Publishing.

Bless, C. & Higson-Smith, C. 1995. *Fundamentals of Social Research Methods. An African Perspective.* 2th edition. Cape Town: Creda.

Bloem, C.H.M. 1995. *Kontakbegeleiding vanuit 'n Gestalterapeutiese Benadering vir ouers en voorskoolse kinders: 'n Maatskaplike Werk Perspektief.* Pretoria: University of Pretoria. (Mini-verhandeling).

Blom, B. 2003. *'n Model vir die implementering van EQ programme vir kinders.* Spelterapiekursus: Bloemfontein.

Blom, B. 2004a. Onderhoud met Dr. B Blom, privaat maatskaplike werker en senior lektor by Universiteit van Vrystaat by Maatskaplike Werk Departement. 3 Maart. Bloemfontein.

Blom, B. 2004b. *Handbook of Gestalt Therapy.* Fichardtpark: Drufoma

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Blom, B. 2004c. *Praktiese vaardighede in Gestaltspelterapie. Werkswinkel.* Bloemfontein.

Bonnstetter, B.J., Suiter, J.I. & Widrick. R.J. 1993. *DISC A Reference Manual.* United States of America: Target Training International.

Borland, M., Laybourn, A., Hill, M. & Brown, J. 1998. *Middle childhood. The perspectives of children and parents.* England: Kingsley Publishers.

Bornstein, M.H. 2004. *Handbook of parenting. Applied and Practical Parenting.* Volume 4. United States of America: Brooks/Cole.

Borod, J.C. 2000. *The neuropsychology of emotion.* New York: Oxford University Press.

Botha, A., Van Ede, D.M., Louw, A.E., Louw, D.A. & Ferns, I. 2001. Die kleutertydperk. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike ontwikkeling***.** Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Boyd, C.F. 1994. *Different Children, Different Needs.* United States of America: Multnomah Publishers.

Boyd, C.F. 2004. *Different Children, Different Needs.* United States of America: Multnomah Publishers.

Brooks, R. & Goldstein, S. 2001. *Raising Resilient Children.* United States of America: Robert Brooks Publishers.

Campbell, R. 2000. *Relational Parenting.* United States of America: Tyndale House Publishers.

Campbell, D.R. 2003. *How to really love your child.* England: SP Publications.

Carey, W.B. & Mcdevitt, S.C. 1994. *Prevention and Early Intervention. Individual Differences at Risk Factors for Mental Health of children.* New York:Brunner/Mazel.

Carroll, L. 2003. *Brain region more active in shy people.*
[O] Available:
http://www.doctorbob.com/2003k_06_17news20.html
Accessed 2004/09/18

Chapman, G & Campbell, R. 1997. *The Five Love Languages of children.* Chicargo: Norhfield Publishing

Chess, S. & Thomas, A. 1989. *Know your child. An authoritative guide for today's parents.* United States of America: Basic Books.

Chess, S. & Thomas, A. 1995. Keep your child's temperament in mind when analyzing problems and solutions. *Brown University Child & Adolescent Behavior Letter,* 11(6): 2-4.

Childline. 2000. *Childline Statistics.* [O] Beskikbaar:
http://www.childline.org.za/stats.htm
Toegang op 2004/04/05

Clark, L.A; Kochanska, G & Ready, R. 2000. Mother's Personality and its interaction with child temperament as predictors of parenting behavior. *Journal of Personality and Social Psychology*, 79(2):274-283.

Clarkson, P. 1999. *Gestalt Counselling in Action.* 2ed. London: Sage Publication

Clarkson, P. & Mackewn, J. 1994. *Fritz Perls.* London and New Delhi: SAGE.

Cole, M. & Cole, S.R. 2003. *The Development of children.* 4ed. New York: Worth Publishers

Covey, S.P. 1997. *The seven habits of highly effective families.* London:Simon & Schuster.

Cresswell, J.W. 1994. *Qualitative Inquiry and Research Design. Choosing among Five Traditions.* London :Sage Publications.

Cresswell, J.W. 1998. *Qualitative inquiry and research design. Choosing among five traditions.* London: Sage Publications.

Cresswell, J.W. 2003. *Research Design.* Qualitative, Quantitative an Mixed Methods Approaches, London: Sage Publications.

De Boech, P, Leuven, K.U. & Wilson, M. 2005. Conceptual and Psychometric Framework for Distinguishing. *Psychological Review,* 112 (1):129-158.

De Klerk, R & Le Roux, R. 2003. *'n Praktiese gids vir ouers en onderwysers emosionele intelligensie.* Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, R. 2004. *Onderhoud met Dr. R de Klerk per e-pos, Dosent by RAU en Medeskrywer van verskeie Emosionele Intellegensie handleidings.* 6 Junie 2004.

Delport, C.S.L. & Fouché, C.B. 2002. The Qualitative research report. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd ed. Pretoria:Van Schaik.

Developmental Science. 2001. Emotion and temperament. *Developmental Science,* 4 (3): 313-329.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



De Vos, A.S. 1998. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002a. Science theory and professional research. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002b. Combined quantitative and qualitative approach. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik

De Vos, A.S. 2002c. Intervention research. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S. 2002d. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria:Van Schaik.

De Vos, A.S. & Schulze, S. 2002. The sciences and the professions. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

Dinkmeyer, D & Mckay, G.D. 1976. *The Parent's Handbook. STEP: Systematic training for effective parenting.* Circle Pines: American Guidance Service.

Dinkmeyer, D. & Mckay, G.D. 1996. *Raising a Responsible Child.* New York : Simon & Schuster Publication.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. *Die kind: 'n Opvoedkundige Perspektief.* London: Butterworths.

Eliot, L. 1999. *What's going on in there? How the Brain and Mind Develop in die first five years of life.* United States of America: Bantam Books.

Engelbrecht, C.S. in samewerking met Jacobs, L.J., De Witt, M.W., Griesel, M.J., Du Toit, S.J. & Prinsloo, E. 1993. *Ouerbegeleiding* (Bed) Enigste. Studiegids vir OSI 441-8. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Engelbrecht, C.S. 1993. Die aard van ouerleiding. In Engelbrecht, C.S. in samewerking met Jacobs, L.J., De Witt, M.W., Griesel, M.J., Du Toit, S.J. & Prinsloo, E. 1993. *Ouerbegeleiding* (Bed) Enigste. Studiegids vir OSI 441-8. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Etaugh, C & Rathus, S.A. 1995. *The World of Children*. Fort Worth: Harcour Brace College Publishers.

Faul, A.C. & Hudson, W.W. 1999. *Scale development for research and practice.* Pretoria : Perspective Training College.

Fawcett, S.B., Suarez-Balcazar, Y., Balcazar, F.E., White, G.W., Paine, A.L., Blanchard, K.A. & Embree, M.G. 1994. Conducting intervention research: design and development process. In Rothman, J & Thomas, E.J. 1994. *Intervention Research: Design and Development for human service.* New York: Haworth.

Fouché, C.B. 2002a. Problem formulation. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Fouché, C.B. 2002b. Research strategies. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Van Schaik:Pretoria.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2002. Quantitative research designs. In De Vos, A.S. 2002. *Research at grass roots – For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Van Schaik:Pretoria.

Fourie, D. 1998. *Ontgin jou brein.* Pretoria:Van Schaik.

Fourie, P. 2004. *Onderhoud met Mev. P Fourie, programbestuurder, Christelik Maatskaplike Raad-Mpumalanga.* 4 Oktober, Delmas.

Gallagher, K.C. 2002. Does child temperament moderate the influence of parenting on adjustment? *Develomental Review,* 22(2002):623-643.

Goldenberg, S. 1992. *Thinking Methodologically.* New York: Harper Collins.

Goldsmith, H.H., Buss, A.H., Plomin, R., Rothbart, M.K., Thomas, A. & Chess, S., Hinde, R.A. & McCall, R.B. 1987. Roundtable: What is temperament? Four Approaches. *Child Development,* 58: 505-529.

Goldsmith, M. & Wharton, M. 1995. *Knowing me knowing you.* London: Biddles Ltd.

Goleman, D. 1996. *Emotional Intelligence.* London: Bloomsbury.

Gordon, T. 2000. *PET. Parent Effectiveness Training.* New York: Blume Books.

Gouws, L.A.; Louw, D.A.; Meyer, W.F. & Plug, C. 1987. *Psigologiese Woordeboek.* 2de uitgawe. Johanesburg : Mcgraw-Hill.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria: LJ van Schaik Publishers.

Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. *Research in social work***.** A primer: Itasca: Peacock Publishers.

Goode, C.B. 2001. *Nature your child's gift. Inspired Parenting.* Oregon: Beyond Words Publishers.

Gottman, J. & DeClaire, J. 1997. *The Heart of Parenting. How to raise an emotionally intelligent child.* New York: Simon & Schuster.

Hall, E.O.C., Wilson, M.E. & Frankenfield, J.A. 2003. Translation and restandardization of an instrument: the early infant temperament questionnaire. *Journal of Advanced Nursing,* 42(2): 159-168.

Hedges, P. 1997. Personality Patterns in teachers and their pupils. *Journal for Pastoral Care and Personal and Social Educations.*
[O]. Available:
http://web.ukonline,co.uk/members/p.hedges/paper.html
Accessed on 2004/09/18

University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)


Heinemann, P.L. 1995. *Temperament and Personality.*
[O] Available:
http://www.personality-project.org/perproj/others/heineman/person.htm
Accessed on 2004/09/18

Hemphill, S & Sanson, A. 2001. Matching parenting to child. *Family Matters* (59): 42-47.

Hepworth, D.H. & Larsen, J. 2002. *Direct social work practice: theory and skills.* Australia: Brooks/Cole-Thomson Learning.

Herrmann, N. 1995. *The Creative Brain.* United States of America: Brain Tools Dicision.

Holden, G.W. 1997. *Parents and the dynamics of child rearing.* Austin: Harper Collins Publishers.

Holford, P. & Cass, H. 2001. *Natural Highs.* London: Judy Piatus Publishers.

Inscape Publishing. 1996. *The DISC® Classic. Research Report.*

International Federation of Social Workers. 2000. *Definition of Social Work.* [0]. Beskikbaar: http://www.ifsw.org.Publications/4.6e.ub.html
Toegang op 2004/06/20

IVDrive.net. 2005. *Myers Briggs Type Indicator (MBTI) & Keirsey's temperaments.*
[O]. Available:
http://www.ivdrive.net/iv/personality.html.
Accessed of 2005/04/16

Jaffe, M.L. 1997. *Understanding Parenting.* 2nd edition. United States of America: WMC Brown.

Joseph, R. 1992. *The right brain and the unconscious.* New York: Plenum Publishers.

Kagan, J. 1994. *Galens's Profhecy: Temperament in Human Nature.* London: Free Association.

Kagan, J. 1997a. Temperament contributions to the development of social behavior. In Magnusson, D. 1997. *The lifespan development of individuals. Behavioral, neurobiological and Psychosocial Perspectives.* Australia: Cambridge University Press.

Kagan, J. 1997b. Temperament and reactions to unfamiliarity. *Child Development,* 68(1): (139-143).

Keirsey, D. 1998. *Please Understand Me II.* Del Mar C.A.: Prometheus Book Company.

Advisor Team. 2004. *Keirsey.*
[O] Available:
http://www.advisorteam.com/temperament.co.za
Toegang op 2004/05/31

Keirsey, D. & Bates, M. 1984. *Pleace Understand me.* 5th edition. Del Mar C.A.: Prometheus Book Company.

Keirsey Temperament versus Myers-Briggs Types. 2006.
[O] Available:
http://users.viawest.net/~keirsey/difference.html
Accessed on 2006/01/03

Keith, J., Karren, K.J., Hafen, B.Q., Smith, N.L. & Frandsen, K.J. 2002. *Mind/Body Health. The effects of Attitudes, Emotions and Relationships.* 2nd edition. San Francisco: Benjamin Cummings Publishing.

Keogh, B.K. 2003a. *Understanding child temperament can have far reaching impact on behavior and quality of life.* The Brown Child and Adolescent University Behavior Letter 9 (10) [O]. Beskikbaar:
http: //www.EBSCOhost.co.za
Toegang op 2004/05/30.

Keogh, B.K. 2003b. *Temperament in the classroom*. Bultimore: Brookes Publishing.

Kerlinger, F.N. 1986. *Foundations of behavioral research.* 3ed. Fort Worth: Harcourt.

Kitching, A. 2000. *Die 4x4 avontuur van ouerskap.* Kaapstad: Lux Verbi.

Kohnstamm, G.A., Bates, J.E. & Rothbart, M.K. 1989. *Temperament in childhood.* Chichester: John Wiley & Sons.

Korb, M.P., Gorrell. J. & Van de Riet, V. 1989. *Gestalt Therapy: Practice and Theory.* 2 edition. New York: Pergamon.

Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) 1994. *Play therapy in action: A Casebook for Practisioners.* London: Jason Aronson.

Kotzé, A. 2005. Onderhoud met Mev A Kotze, Arbeidsterapeut. 5 Mei. Kempton Park.

Kurcinka, M.S. 1998. *Raising your Spirited Child.* New York: Harper Collins Publishers.

Laferla, R.A. 2001. *Discover your Psychological Type.* Edenvale: Integrated Human Dynamics.

Lefrancois, G.R. 2001. *An Introduction to child and adolescent development.* United States of America: Wadsworth.

LaHaye, T. 1994. *Spirit-Controlled Temperament.* Illinois: Tyndale House Publishers.

LaHaye, B 1998. *Understanding your child's temperament.* Great Britain: Kingsway.

Landreth, G.L. 1991. *The art of the relationship.* Indiana: Accelerated Development Inc Publishers

Landsberg, E. 2005. *Addressing Barriers to Learning. A South African Perspective.* Pretoria: Van Schaik.

Lidz, C.S. 2003. *Early Child Assessment.* Canada: John Wiley & Sons Inc.

Louw, D.A. 1990. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.* Johannesburg: Southern.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike ontwikkeling***.** 3de uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Louw, D.A., Louw, A.E. & Van Ede, D.M. 2001. Die neonatale fase en babajare. In Louw, D.A.,Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike ontwikkeling***.** Derde uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Louw,D.A., Van Ede, D.M. & Ferns, I in samewerking met Schoeman, W.J. en Wait, J. 2001. Die middelkinderjare. In Louw, D.A., Van Eke, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike ontwikkeling.* 3de uitgawe. Pretoria: Kagiso.

Lefrancois, G.R. 2001. *An introduction to child and Adolescent Development.* 9th edition United States of America: Wadsworth

Lengua, L.J. & Kovacs, E.A. 2005. Bi-directional associations between temperament and parenting and the prediction of adjustment problem in middle childhood. *Applied Developmental Psychology,* 26: 21-38.

Lilley, L. 2004. *Onderhoud met Dr. L Lilley, homopaat wat spesialiseer in persoonlikheidsverskille by mense, Pretoria.* 14 Februarie, Pretoria.

Mackewn, J. 1997. *Developing Gestalt Counselling*. London: Sage Publications.

Maddi, S.R. 1996. *Personality theories: a comparative analysis.* 6th edition. Pacific Grove: Brooks/Cole.

Magnusson, D. 1997. *The lifespan development of individuals. Behavioral, neurobiological and psychosocial perspectives.* Australia: Cambridge University Press.

Marston, W.M. 1928. *Emotions of Normal People.* Minneapolis: Persona Press.

Marshall, P.J, Fox, N.A. & Henderson, H.A. 2000. Temperament as an organizer of development. *Infancy,* 1(2): 239-244.

Martin, R. 1988. *Assessment of personality and behavior problems infancy through adolescence.* Georgia: Guilford Press.

Martin, B. 2003. *Brain region more active in shy people.* [O] Beskikbaar: http://www.doctorbob.com/2003k_06_17news20.html
Toegang op 2004/09/18

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Mash, E.J. & Wolfe, D.A. 2002. *Abnormal Child Psychology* 2nd Ed. United States of America: Thompson Publishers.

Matheny, A.P. 2000. Standardized Play Assessment of infant and toddler temperament. In Weiner, K.G., Sandgrund, A & Schaefer, C. 2000. *Play diagnosis and assessment.* 2ed. Canada: Hohn Wiley & Son Inc.

Mcdonnell, T.E. & Beck, M. 2001. Temperament and Psycho-social development. In *Temperament and Development*, 106(4): 400-425.

Mckcown, R, Driscoll, M & Roop, P.G. 1996. *Educational Psychology. A Learning-centered approach to classroom practice.* 2nd edition. Massachusetts: Allyn & Bacon.

Mellor, K & Mellor, E. 1999. *Parent craft.* Australia: Finch Publishing.

Meyer, W.F. 2001. Basiese konsepte van die ontwikkelingssielkunde. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike Ontwikkeling.* 3de uitgawe. Pretoria: Kagiso Tersiêr.

Meyer, W; Moore, C & Viljoen, H. 2003. *Personology. From individual to ecosystem.* 3rd edition. Sandown: Heinemann Publishers.

Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 2001. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 2001. *Menslike Ontwikkeling.* 3de uitgawe. Pretoria: Kagiso Tersiêr.

Miller, J. 1997. *The drama of being a child.* United states of America: Thompson Publishers.

Milnes, S. 2005. *Understanding temperament.*

[O]. Available:
http://betterkidcare.psu.edu/AngelUnits/OneHour/temperament/TemperamentLesson…
Accessed on 2005/10/18.

Möller, A.T. 1996. *Perspektiewe oor Persoonlikheid.* Isando: Heineman Uitgewers (Edms) Bpk.

Moore. C. 2003. The self-actualisation theory of Abraham Maslow. In Meyer, W; Moore, C & Viljoen, H. 2003. *Personology. From individual to ecosystem.* 3rd Ed. Sandown: Heinemann Publishers.

Mouton, J. 1996. *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik.

Myburgh, C. 2004. Onderhoud met Mev. C Myburgh, Maatskaplike Werker. 20 Januarie. Christelike Maatskaplike Raad. Delmas.

Neethling, K & Rutherford, R. 2000. *Oopkop ouers.* Vanderbijlpark: Creda Communications.

Nel, L, Marais, A & Simpson, N. 2001. *Positiewe Ouerskap. (POSPAR).* Matieland: BUVTON.

Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods. Qualitative and Quantitative Approaches.* 4th edition. United States of America: Pearson Education Company

Neuman, B.M. & Neuman, P.R. 1999. *Development through Life. A Psychosocial Approach.* 7th edition. Wadsworth: Thomson Publishing.

Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk. 1995. Revised edition. Pretoria: State Printers.

Oaklander, V. 1988. *Windows to our children: A Gestalt Therapy Approach to children and adolescents.* 2nd edition. New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1992. The relationship of gestalt therapy to children. *The Gestalt Journal,* 5(1):64-74.

Oaklander, V 1994a. From meek to bold: A case study of gestalt therapy. In Kottman, T. & Schaefer, C. (Eds.) 1994. *Play therapy in action: A Casebook for Practisioners.* London: Jason Aronson.

Oaklander, V. 1994b. Gestalt Therapy. In O'Conner & Schaefer, C.E. 1994. *Handbook of Play therapy.* Volume 2: Advances and Innocations. New York: John Wiley & Sons.

Oaklander, V. 1997. The therapeutic process with children and adolescents. *Gestalt Review,* 1(4): 292-317.

Oatley, K. & Jenkins, J.M. 1996. *Understanding emotions.* Massachusetts: Blackwell Publishing.

O'Conner & Schaefer, C.E. 1994. *Handbook of Play therapy.* Volume 2: Advances and Innocations. New York: John Wiley & Sons.

Oliver, K.K. 2002. *Understanding your child's temperament.*
[O] Available
http://ohioline.osu.edu/flm02/FS05.html
2006/01/30

Orton, G.L. 1997. *Strategies for counseling with children and their parents.* Pacific Grove: Brooks/Cole Publications.

Owens, K. 1993. *The world of the child.* New York: CBS College Publishers.

Papalia, D.E. & Olds, S.W. 1996. *A child's world. Infancy through Adolescence.* 7th edition. United States of America: Mcarow Hill.

Pearsall, P. 1998. *The Heart's Code.* United States of America: Randon House Inc.

Poggenpoel, M. 1998. Data analysis in qualitative research. In De Vos, A.S. 1998. *Research at Grass Roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

Preventive Ounce. 1996. *Temperament.* [0]. Beskikbaar.
http://preventiveoz.org/faqwhy.html
Toegang: 2005/08/06

Proshaska, J.O. & Norcross, J.C. 2003. *Systems of Psychotherapy. A Transtheoretical Analysis.* United States of America: Brooks/Cole.

Raugh, J.B. 1993. *Assessment A sourcebook for Social Work Practice.* Winconsin:Family International.

Reed-Victor, E. 2004. Individual differences and early school adjustment: teacher appraisals of young children with special needs. *Early Child Development and Care,* 174(1): 59-79.

Robak, A.A. 1952. *The Psychology of Character with a survey of personality in general.* 3ed. London: Foutledge & Kegan Paul Ltd.

Rohm, R.A. 1998. *Positive Personality Profiles.* Atlanta: Personality Insights.

Rothbart, M.K. 1989 Temperament and development. In Kohnstamm, G.A., Bates, J.E. & Rothbart, M.K. 1989. *Temperament in childhood.* Chichester: Wiley & Sons.

Rothman, J. & Thomas, E.J. 1994. *Intervention Research: Design and development for human service.* New York: Haworth.

Salkind, N.J. 2000. *Exploring research.* Upper Saddle River: Prentice Hall.

Sanson, A & Rothbart, M.K. 2004. Child Temperament and Parenting. In Bornstein, M.H. 2004. *Handbook of Parenting. Applied and Practical Parenting.* United States of America: Brooks/Cole.

Schwartz, C. 2003. *Response to new faces varies by temperament, tied to brain activity.*
[O] Available:
http://www.siencedaily.com/realeases/2003/06/030620080750.htm
Accessed 2004/08/18

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Schoeman. J.P. 1996a. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996b. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world: A Play Therapy Approach.* Pretoria: Kagiso.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. 1998. *Research at Grass Roots: A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

Schurink, W.J.; Schurink, E.M. & Poggenpoel, M. 1998. Focusgroup interviewing and audio-visual methodology in qualitative research. In De Vos, A.S. 1998. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* Pretoria : LJ van Schaik.

Sears, B. 1999. *The Anti-Aging Zone.* New York: Harper Collins Publishers.

Shaffer, D.R. 1996. *Developmental Psychology. Childhood and Adolescence.* 4th edition. United States of America: Thomson Publishers.

Shaffer, D.R. 1999. *Developmental Psychology. Childhood and Adolescence.* 5th edition. United States of America: Thomson Publishers.

Shaffer, D.R. 2002. *Developmental Psychology. Childhood and Adolescence.* 6th edition. United States of America: Thomson Publishers.

Shapiro, L.E. 1997. *How to raise a child with a high EQ: A Parent's guide to emotional Intelligence.* New York: Harper Collins.

Shapiro, L.E. 2004. *The Secret Language of Children.* Naperville: Illinois.

Smalley, G. 1992. *The key to your child's heart.* United States of America: W Publishing.

Smith, P.K.; Cowie, H; & Blades, M. 1998. *Understanding children's development.* 3rd ed. Massachusetts: Blackwell Publications.

Smith, P.K.; Cowie, H; & Blades, M. 2003. *Understanding children's development.* 4rd edition. Massachusetts: Blackwell Publications.

Spencer, M. 2006. *Response to new faces varies by temperament, tied to brain activity.* [O] Available: http://twoaspirinsandacomedy.com/extras/Ch3-Appendix.html 2006/02/28

Springer, S.P. & Deutch, G. 1989. *Left Brain, Right Brain.* New York: Harper Collings Publishing.

Steiner, C. 1999. *Emotional Literacy.* London: Bloombury Publishing.

Struwig, A. 2002. *Kursusaantekeninge: Die Keirsey Persoonlikheidsanalise vir Volwassenes en Kinders.* Pretoria.

Struwig, A. 2004. Onderhoud met Mev. A Struwig, Maatskaplike Werker in Privaatpraktyk en aanbieder van Keirsey Kursusse. 20 Junie. Pretoria.

Strydom, H. 2002a. Single System design. In De Vos, A.S. 2002. *Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Strydom, H. 2002b. The pilot study. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Strydom, H. 2002c. Ethical aspects of research in the social sciences and human service profrssions. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Strydom, H. 2002d. Participatory action research. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria : LJ van Schaik.

Strydom, H & Delport, C.S.L. 2002. Information collection: document study and secondary analysis. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* Pretoria : LJ van Schaik.

Strydom, H & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. 2002. *Research as Grass Roots. For the social sciences and human service professions.* Pretoria : LJ van Schaik.

Tagg, L. 2004. Onderhoud met Mej. L Tagg, Opleidingsbestuurder van Walk Thru the Bible. 1 Julie. Johannesburg.

Thompson, C.L. & Rudolph. L.B. 2000. *Counselling Children.* 5th Ed. Australia: Brooks/Cole.

Tieger, P.D. & Barron-Tieger, B.B. 1997. *Nurture by Nature.* Canada: Little, Brown & Company.

Trent, J., Osborne, R. & Bruner, K. 2003. *Geestelike Groei van Kinders.* Vereeniging: Cum Books.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk: Hersiene en Uitgebreide Uitgawe*. Kaapstad: CTP Book Printers.

Van Elfen, J. 1993. *Dokter in die huis.* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world.* Pretoria: Kagiso.

Van Deventer, S. 2004. *Onderhoud met Mev. S van Deventer, Direkteur Edutainment.* 24 Augustus, Pretoria.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Van Niekerk, M. 1990. *Ouerverrykingskurses. (Verwerking van STEP.)* Pretoria: Kinder- en Gesinsorgvereeniging.

Van Staden, S.M., Van Rooyen, I.J.J., Hugo, E.A.K. & Van Delft, W.F. 1989. *Maatskaplike Werk Opleiding oor Sestig Jaar.* Hillcrest: Owen Burgess-Uitgewers.

Van Vollenhoven, E. 1992. *Ouerleiding en oueropleidingsprogram vanuit 'n opvoedkundige sielkundige perspektief.* Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling).

Van Zyl, E. 1999. In Faul, A.C. & Hudson, W.W. 1999. *Scale development for research and practise.* Pretoria: Perspektive Training College.

Van Zyl, W. 2004. Onderhoud met Adv. W van Zyl. Advokaat Menseregtekommissie, Regsafdeling, Suid Afrika. 5 Oktober. Johannesburg.

Vasta, R, Haith, M.M. & Miller, S.A. 2001. *Child Psychology.* 3rd ed. United States of America: Van Hoffman Press.

*Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, 2003. 3de uitgawe. Kaapstad: Odendal, F.F. & Gouws, R.H.

Viljoen, A. 2004. Onderhoud met Mev. A Viljoen, Hooflanddros Delmas. 28 September. Delmas.

Wachs, T.D. & Kohnstamm, G.A. 2001. *Temperament in context.* London: Lawrence Erlbaum Publications.

Walk Thru the Bible, 1999. *Verskerp Jou Verhoudingsvaardighede Werkboek.* Roosevelt Park

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



Watson, D. 2000. *Mood and Temperament.* New York: Guilford Press.

Weiner, K.G., Sandgrund, A. & Schaefer, C. 2000. *Play Diagnoses and Assessment.* 2nd edition. Canada: John Wiley & Sons, Inc.

Weiten, W. 2004. *Psychology: themes and variations*. Australia: Thomson/Wadsworth.

West, J. 1996. *Child Centered Play Therapy.* 2 nd edition. London: Gray Publishers.

Winblad, S, Lindberg, C & Hansen, S. 2005. Temperament and character in patients with classical myotonic dystrophy type 1 (DM-1). *Neuromuscular Disorders,* (2005): 1-6.

*Witskrif vir Maatskaplike Welsyn*. (Kennisgewing van no. 59 van 1997) Staatskoerant No. 16943, Pretoria. Staatsdrukker.

Yontef, G.M. & Simkin, J.S. 1989. Gestalt Therapy. In Corsini, R.J. & Wedding, D. 1989. *Current Psycotherapies.* 4th edition. Illinois: Peacock.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, Dialogue and Process. Essays on Gestalt Therapy.* United States of America: Gestalt Journal Press.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

# BYLAE

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-4111
Faks 012-362-5168 / 362-5190 http://www.up.ac.za
Fakulteit Geesteswetenskappe
Departement Maatskaplike Werk
Faks 012-420-2093 Tel 012-420-2325

**BYLAAG 1**

2005-06-10

Geagte Mnr en Mev ____________________________

**DOKTORALE NAVORSING: OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM**

Soos u reeds kennis dra, is ek tans besig met my doktorale studie by die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Ek verneem graag of u bereid sal wees om betrokke te wees by hierdie studie. Daar bestaan nog geen navorsing oor hierdie spesifieke onderwerp nie. U deelname en insette kan van groot waarde wees ten einde so 'n program daar te stel. Graag word daar deur middel van hierdie skrywe kortliks aan u meer agtergrondinligting oor die navorsing gebied:

**Navorser:** Chanette Strydom, D Phil ( Maatskaplike Werk) student, Universiteit van Pretoria.

**Promotor:** Dr. J.M.C. Joubert, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria.

**Titel van proefskrif:**
**Die benutting van temperamentanalise in 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.**

**Doel van die studie**
Om 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in hulle middelkinderjare met benutting van temperamentanalise te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-4111
Faks 012-362-5168 / 362-5190 http://www.up.ac.za
Fakulteit Geesteswetenskappe
Departement Maatskaplike Werk
Faks 012-420-2093 Tel 012-420-2325

2005-06-10

**TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN DIE FOKUSGROEP**

Hiermee gee ek ______________________________
toestemming om by die fokusgroep betrokke te raak.

Die fokusgroep vorm deel van die navorsingstudie getiteld:

Die benutting van temperamentanalise in 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

Ek verstaan dat ek by een geleentheid aan die fokusgroep sal deelneem. Ek het 'n kopie van die skrywe waarin alles ten opsigte van die doel van die fokusgroep, die aard van die ouers se betrokkenheid en die etiese aspekte wat in ag geneem sal word ontvang.

Ek behou die reg om te enige tyd van die fokusgroep te onttrek.

______________________ ______________________

Naam in drukskrif Handtekening

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-4111
Faks 012-362-5168 / 362-5190 http://www.up.ac.za

Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Maatskaplike Werk
Faks 012-420-2093 Tel 012-420-2325

**BYLAAG 2**

Geagte Mnr. en Mev. ____________________

**DOKTORALE NAVORSING: OUERBEMAGTIGINGSPROGRAM**

Soos wat u reeds kennis dra, is ek tans besig met my doktorale studie by die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Ek verneem graag of u en u kind bereid sal wees om betrokke te wees by hierdie studie. Daar bestaan nog geen navorsing oor hierdie spesifieke onderwerp nie. U deelname en insette kan van groot waarde vir u self, u kind en ander gesinne wees. Graag word daar deur middel van hierdie skrywe kortliks aan u meer agtergrondinligting oor die navorsing gebied:

**Navorser:** Chanette Strydom, D Phil (Maatskaplike Werk) student, Universiteit van Pretoria.

**Promotor:** Dr J.M.C. Joubert, Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria.

**Titel van proefskrif**
Die benutting van temperamentanalise in 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

**Doel van studie**

Om 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare met benutting van temperamentanalise te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

**Aard van u en u kind se betrokkenheid by die studie**

U gaan voor die aanvang van die aanbieding van die program versoek word om 'n vraelys te voltooi, waarmee bepaal gaan word wat u huidige kennis van die bepaling en invloed van temperament is asook watter kennis u oor hierdie onderwerp verlang.

Tydens die aanbieding van die program, gaan u saam met vier ander ouerpare 'n ouerbemagtigingsprogram wat onder andere 'n werkswinkel insluit, bywoon waar u inligting oor temperamentkategorieë asook die hantering daarvan ontvang. U kind gaan in twee groeps-assesseringsessies betrek word waar die navorser gaan poog om hulle temperamentkategorieë te bepaal. U gaan ook geleentheid kry om 'n kontrolelys rakende u persepsie van u kind se gedrag, met temperamentbepaling as doel, te voltooi. U eie denk– en gedragsvoorkeure gaan deur middel van 'n temperamentanalise vraelys bepaal word. 'n Verslag ten opsigte van u en u kind se temperamenttipe sal tydens 'n individuele sessie bespreek word. Die hantering van u kind/kinders en kennisvaardighede sal tydens hierdie terugvoering verduidelik word.

Dieselfde vraelys wat u aan die begin voor aanbieding van die program voltooi het , word weer deur u voltooi. Die doel hiervan is om die impak van die program te toets.

**Verwagtinge aan u as ouers gestel**

- Dat u u kind vir twee groepsterapeutiese assesserings-sessies, by die ondergetekene se praktyk te NG Moedergemeente Delmas sal besorg.

- Dat u minstens 24 uur voor die tyd die ondergetekene in kennis sal stel indien u en u kind nie 'n byeenkoms kan bywoon nie.

**Die volgende etiese aspekte sal in ag geneem word**

Beide ouers se betrokkenheid word verlang. Die respondente sal op geen wyse fisiese of emosionele leed aangedoen word nie. Die respondente sal ingelig word rondom die presiese wyse waarop die navorsing onderneem gaan word en wat die implikasies daarvan op hulle lewens kan wees. Die respondente se privaatheid sal gerespekteer word. Na afloop van die navorsingsproses sal die respondente die geleentheid gebied word om deur hulle ervaring van die proses te werk. Indien terapeutiese ingryping nodig blyk te wees, sal die nodige terapie verskaf word sonder enige kostes.

Die potensiële respondente se bereidwilligheid om deel te neem, moet totaal vrywillig wees. Geen druk sal op die respondente geplaas word nie.

Die praktiese aspek van hierdie studie sal vanaf November 2005 tot middel Januarie 2006 geskied.

Indien u bereid sal wees om betrokke te wees by hierdie studie, voltooi asseblief die aangehegte toestemmingsvorm ten opsigte van u en u kind.

Neem asseblief die vrymoedigheid om my te kontak indien u enige verdere inligting verlang.

| | |
|---|---|
| **MEV. CHANETTE STRYDOM** | **DR. J.M.C. JOUBERT** |
| **NAVORSER** | **PROMOTOR** |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

Universiteit van Pretoria
Pretoria 0002 Republiek van Suid-Afrika Tel 012-420-4111
Faks 012-362-5168 / 362-5190 http://www.up.ac.za
Fakulteit Geesteswetenskappe
Departement Maatskaplike Werk
Faks 012-420-2093 Tel 012-420-2325

**TOESTEMMING TOT DEELNAME AAN STUDIE**

Hiermee gee ek ________________________________ toestemming dat ek en my kind betrokke raak by die navorsingstudie getiteld:

**Die benutting van temperamentanalise in 'n bemagtigingsprogram vir ouers met kinders in die middelkinderjare**

Ek verstaan die deelname aan die studie. Ek het 'n kopie van die skrywe waarin alles uiteengesit word met betrekking tot die doel van die studie, aard van die ouers se betrokkenheid en die etiese aspekte wat in ag geneem sal word, ontvang.

Ek behou die reg om te enige tyd van die studie te onttrek.

________________________ ________________________

Naam in drukskrif (ouer) Handtekening

________________________ ________________________


Naam in drukskrif (Middelkinderjare kind) Handtekening

________________________

Datum

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

BYLAAG 3



**Nederduitse Gereformeerde Gemeente**
**Delmas**

Leraar:
Ds. NG Sennett
Tel : 665-3229
0829280142

Posbus 43
Delmas
2210
☎ (013) 665-2446

Kerkkantoor:
Madeleine du Plussis
Tel : 665-2446
0834008725

3 DESEMBER 2004

Mev Chanette Strydom
Posbus 2596
DELMAS
2210

Mevrou

**DOKTORALE NAVORSINGSTUDIE**

Ons erken ontvangs van u skrywe gedateer 21 November 2004 waarin u versoek om vrywillige ouers in die gemeente by 'n navorsingstudie te betrek. U versoek om by een of twee geleenthede tydens 'n oggend erediens aan die gemeente te verduidelik wat die studie behels om sodoende vrywillige ouers te betrek word goedgekeur. Die tyd vir sodanige gebeurtenis moet twee weke voor die tyd aan die saakgelastigde deurgegee word.

U versoek om die geriewe van die gemeente te benut vir die uitvoering van die studie word toegestaan. Die koste verbonde aan die gebruik van die konsistorie / kerksaal sal met u onderhandel word.

Die inhoud van die twee gesprekvoerings met die gemeente, asook die verloop van die program moet vooraf in die vorm van 'n voorlegging aan die Dagbestuur deurgegee word.

Baie sterkte met u studies en ons vertrou dat u voldoende ouers vir die doel van hierdie studie sal bekom. Hierdie studie kan van waarde vir die gemeente wees in die opsig dat ouers hulle kinders beter sal verstaan, wat kan bydra tot die uitbouing van God se gemeente.

Die uwe

**ADMIN BEAMPTE**

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

**BYLAAG 4**

**VRAELYS INSAKE DIE BENUTTING VAN TEMPERAMENTANALISE VAN OUERS EN KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE.**

Soos u reeds tydens die inligtingsessies verneem het, is ek 'n doktorale student van die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria. Die doel van die studie is om 'n bemagtigingsprogram wat op die benutting van temperamentanalise gebaseer is, vir ouers met kinders in die middelkinderjare te ontwikkel en die bruikbaarheid daarvan te evalueer.

U deelname aan hierdie studie is dus baie belangrik ten einde antwoorde te vind vir so 'n bemagtigingsprogram wat vir baie ouers en kinders waardevol kan wees in die bou van 'n gesonde ouer-kind-verhouding.

Hierdie vraelys word benut om die bruikbaarheid van die program te evalueer. U samewerking word dus versoek om dit voor die aanvang van die werkswinkel te voltooi en weer daarna. Voltooi die vraelys asseblief so eerlik as moontlik.
Hierdie vraelys is anoniem en sal ongeveer 10 minute van u tyd in beslag neem.
Die vraelys moet afsonderlik deur elke ouer voltooi word.

U samewerking word waardeer.

Chanette Strydom
Tel: 083 271 0866
013-665 4944

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

**VRAELYS INSAKE DIE BENUTTING VAN TEMPERAMENTANALISE VAN OUERS MET KINDERS IN DIE MIDDELKINDERJARE**

Beantwoord asseblief elke vraag. Dui u keuse aan deur die toepaslike blokkie met 'n kruisie te merk en waar nodig u kommentaar diensooreenkomstig aan te dui.

1. Manlik ☐
   Vroulik ☐

2. Geslag van u kind?

   Manlik ☐
   Vroulik ☐

3. Huidige ouderdom van u kind soos op 30 November 2005?

   _____________jaar ________________maand

4. Sou u, u kennis rakende temperament bevestig as

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

5. U kennis rakende die invloed van temperament op gedrag is die volgende?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

6. Hoe sou u, u kennis rakende die invloed van temperament op denke beskou?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

7. U kennis rakende die invloed van temperament op verhoudings is die volgende?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

8. Het u al voorheen van die begrip temperament en temperamentverskille gehoor?

| Ja | Nee |
|---|---|

9. Indien u vantevore van temperament verneem het by wie het u die kennis verkry?

| | |
|---|---|
| Familie | |
| Vriende | |
| Kollegas | |
| Informele gesprekke | |
| Professionele persoon | |
| Besprekings (Praatjies) | |
| Kursusse | |
| Tydskrifte | |

Ander: Spesifiseer ______________________________

10. Hoe sou u, u kennis rakende verskillende temperamentmodelle beskryf?

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Swak | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

11. Watter modelle is aan u bekend?

______________________________________________

12. Stem u saam met die volgende stellings?

| | Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|---|
| Temperament is aangebore | | | |
| Temperament kan verander | | | |
| Omgewing beïnvloed temperament | | | |
| Karakter het invloed op temperament | | | |
| Persoonlikheid het 'n invloed op temperament | | | |
| Temperament en persoonlikheid is dieselfde | | | |
| Temperamentverskille het 'n invloed op verhoudings | | | |

13. Is u temperamenttipe voorheen deur 'n professionele persoon bepaal?

| Ja | Nee |
|---|---|

14. Na u mening hoe het u gebaat by die temperamentanalise wat deur 'n professionele persoon bepaal is?

| Baie gebaat | Min gebaat | Geensins gebaat |
|---|---|---|
| | | |

15. Sou u meen dat die temperamentanalise u hantering van u kind verander het?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

16. Sou u meen dat ‘n temperamentanalise ‘n bydra kan maak tot die verbreding van u kennis oor gedrag?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

.

17. Na u mening sal ‘n temperamentanalise ‘n bydra kan maak tot die verbreding oor u kind se denke en gedrag?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

18. Hou sou u, u ouerskapstyl beskryf?

| Outoritêr | Gesaghebbend | Toegewend | Onbetrokke |
|---|---|---|---|
| | | | |

19. Dink u dat ‘n kind by die ouerskapstyl moet aanpas?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

20. Het ouerskapstyl volgens u mening ‘n invloed op temperamente?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

21. Die begrip uitgaande (outgoing) beteken die volgende. Merk asb. u mening(s)

| | |
|---|---|
| Die persoon praat hard en aanhoudend | |
| Persoon neem 'n gesprek oor | |
| Persoon dink voor hy handel | |
| Vind maklik aanklank by ander | |
| Persoon druk gevoelens uit | |
| Ander mense gee hom energie | |
| Maak maklik vriende | |
| Geensins van bogenoemde | |

22. Die verskil tussen uitgaande (outgoing) en gereserveerd (reserved) gaan uitsluitlik oor hoe baie of min 'n persoon praat?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

23. Die kind in die juniorprimêre skooljaar moet die volgende take bemeester? Merk asb. met 'n kruisie

| | |
|---|---|
| Verfyning van motoriese ontwikkeling (krag, spiere) | |
| Vaslê van geslagsidentiteit | |
| Ontwikkeling van verstandelike vaardighede | |
| Uitbrei van sosiale deelname | |
| Ontwikkeling van groter selfkennis | |
| Ontwikkeling van morele oordeel en gedrag | |
| Geeneen van bogenoemde | |

24. Temperament verander na gelang van omstandighede en soos die kind ouer word?

| Ja | Nee | Onseker |
|---|---|---|
| | | |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

25. Watter kennis rondom temperament verlang u? Merk van toepassing:

| | |
|---|---|
| Hoe motiveer ek my kind | |
| Gedragstyle | |
| Dissipline | |
| Behoeftes | |
| Verhoudings | |
| Effektiewe ouer | |
| Oneffektiewe ouer | |
| Implikasies van ouerskap | |
| Optrede onder spanning | |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

BYLAAG 5

# DISC Style Analise Reaksievorm (Style Analysis Response Form)

In slegs 10 minute kan u die DISC temperamentanalise vraelys invul.

Op die volgende bladsye sal u 24 blokkies met woorde sien. In elke blok is daar 4 lyne met woorde. Kies die woord wat u die beste beskryf en merk dan met 'n kruis (x) in die meeste kolom van daardie lyn. Kies hierna die woord wat u die minste beskryf en plaas 'n kruis (x) in die minste kolom van daardie lyn.

Wees asseblief eerlik en onthou daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie.

Die volgende dien as voorbeeld:

| Meeste | Minste | |
|---|---|---|
| [x] | [ ] | Saggeaard/Goedhartig (Gentle) 1 |
| [ ] | [ ] | Oorredend/Oortuigend (Persuasive) |
| [ ] | [ ] | Beskeie (Humble) |
| [ ] | [x] | Oorspronklik/Invidualisties (Original) |

Titel: ____________ Naam: ________________________________

Van: ______________________________ Geslag: Manlik [ ] Vroulik [ ]

Posadres: ______________________________

______________________________

______________________________

Woonadres: ______________________________

______________________________

| Meeste | Minste | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | ☐ | Saggeaard/Goedhartig (Gentle) | 1 |
| ☐ | ☐ | Oorredend/Oortuigend (Persuasive) | |
| ☐ | ☐ | Beskeie (Humble) | |
| ☐ | ☐ | Oorspronklik/Invidualisties (Original) | |
| ☐ | ☐ | Innemend (Charming) | 2 |
| ☐ | ☐ | Samewerkend/Gewillig (Cooperative) | |
| ☐ | ☐ | Ontoegeeflik/Koppig (Stubborn) | |
| ☐ | ☐ | Aangenaam/Vredeliewend (Sweet) | |
| ☐ | ☐ | Volgeling/Maklik gelei (Easily led) | 3 |
| ☐ | ☐ | Dapper/Moedig (Bold) | |
| ☐ | ☐ | Lojaal/Toegewyd/Getrou (Loyal) | |
| ☐ | ☐ | Prettig (Delightful/Charming) | |
| ☐ | ☐ | Onbevooroordeeld/Ontvanklik (Openminded) | 4 |
| ☐ | ☐ | Tegemoetkomend/Behulpsaam (Helpful) | |
| ☐ | ☐ | Wilskrag/Sterk eie wil (strong-willed) | |
| ☐ | ☐ | Opgeruimd/Plesierig (Cheerful) | |
| ☐ | ☐ | Joviaal/Grappig (Jovial) | 5 |
| ☐ | ☐ | Korrek/Presies/Noukeurig (Precise) | |
| ☐ | ☐ | Waaghalsig (Gutsy) | |
| ☐ | ☐ | Gelykmatig/Bedaard (Calm) | |
| ☐ | ☐ | Mededingend/Wil wen (Competitive) | 6 |
| ☐ | ☐ | Bedagsaam/Gee om (Considerate) | |
| ☐ | ☐ | Sosiaal/Pret-liewend (Outgoing) | |
| ☐ | ☐ | Eensgesind/Instemmend (Agreeable) | |

| Meeste | Minste | | |
|---|---|---|---|
| ☐ | ☐ | Aggressief/Uitdagend (Aggressive) | 13 |
| ☐ | ☐ | Dryfkrag van 'n partytjie/Uitgaande (Entertaining) | |
| ☐ | ☐ | Word maklik misbruik/Slagoffer (Easy mark) | |
| ☐ | ☐ | Bevrees/Bang (Fearful) | |
| ☐ | ☐ | Versigtig/Sorgvuldig (Cautious) | 14 |
| ☐ | ☐ | Vasbeslote (Decided) | |
| ☐ | ☐ | Oortuigend (Convincing) | |
| ☐ | ☐ | Goedgeaard/Aangenaam (Pleasant) | |
| ☐ | ☐ | Gewillig/Bereidwillig (Willing) | 15 |
| ☐ | ☐ | Gretig/Kan nie wag nie (Eager) | |
| ☐ | ☐ | Instemmend/Toelatend (Agreeable) | |
| ☐ | ☐ | Vurig/Lewendig (Enthusiastic) | |
| ☐ | ☐ | Selfversekerd (Confident) | 16 |
| ☐ | ☐ | Medelyend/Simpatiek (Compassionate) | |
| ☐ | ☐ | Verdraagsaam (Tolerant) | |
| ☐ | ☐ | Self-geldend/Aggresief (Assertive) | |
| ☐ | ☐ | Gedissiplineerd (Well-disciplined) | 17 |
| ☐ | ☐ | Vrygewig/Ruimhartig (Generous) | |
| ☐ | ☐ | Ekspressief/Geanimeerd (Animated) | |
| ☐ | ☐ | Volhardend/Gee nie op nie (Persistent) | |
| ☐ | ☐ | Bewonderingswaardig (Admirable) | 18 |
| ☐ | ☐ | Goedhartig/Welwillend (Kind) | |
| ☐ | ☐ | Inskiklik/Gee maklik in (Resigned) | |
| ☐ | ☐ | Kragdadig (Force of character) | |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| ☐ | ☐ | Puntenerig (Fussy) 7 | ☐ | ☐ | Eerbiedig/Beleefd (Respectful) 19 |
| ☐ | ☐ | Gehoorsaam/Pligsgetrou (Obedient) | ☐ | ☐ | Ondernemend/'n Pionier (Enterprising) |
| ☐ | ☐ | Gedetermineer/Onoorwinbaar (Determined) | ☐ | ☐ | Optimisties/Positief (Optimistic) |
| ☐ | ☐ | Speels/Uitgelate (Playful) | ☐ | ☐ | Akkommoderend/Help graag (Willing to please) |
| ☐ | ☐ | Dapper/Onverskrokke (Brave) 8 | ☐ | ☐ | Stryerig/Konfronterend (Argumentative) 20 |
| ☐ | ☐ | Motiverend/Inspirerend (Inspiring) | ☐ | ☐ | Aanpasbaar/Plooibaar (Flexible) |
| ☐ | ☐ | Onderdanig/Inskiklik (Submissive) | ☐ | ☐ | Ongeërg/Onbetrokke (Nonchalant) |
| ☐ | ☐ | Beskeie/Skaam/Stil (Timid) | ☐ | ☐ | Lighartig/Sorgvry (Carefree) |
| ☐ | ☐ | Gesellig/Geniet geselskap (Sociable) 9 | ☐ | ☐ | Glo/Vertrou andere maklik (Trusting) 21 |
| ☐ | ☐ | Geduldig/Verdraagsaam (Patient) | ☐ | ☐ | Tevrede (Contented) |
| ☐ | ☐ | Selfstandig/Onafhanklik (Independent) | ☐ | ☐ | Positief/Sonder enige voorbehoud (Positive) |
| ☐ | ☐ | Sagsprekend/Teruggetrokke (Soft-spoken) | ☐ | ☐ | Rustig/Kalm (Peaceful) |
| ☐ | ☐ | Ondernemend/Avontuurlik (Adventurous) 10 | ☐ | ☐ | Gesellig/Wil met ander meng (Good mixer) 22 |
| ☐ | ☐ | Toeganklik/Oop vir nuwe idees (Receptive) | ☐ | ☐ | Gekultiveerd/Opgevoed (Cultured) |
| ☐ | ☐ | Hartlik/Warm/Vriendelik (Warm) | ☐ | ☐ | Lewenskragtig/Energiek (Vigorous) |
| ☐ | ☐ | Matig/Vermy uiterstes (Moderate) | ☐ | ☐ | Toegewend/Nie te streng nie (Lenient) |
| ☐ | ☐ | Spraaksaam/Praterig (Talkative) 11 | ☐ | ☐ | Gemoedelik/Gemaklik (Companionable) 23 |
| ☐ | ☐ | Beheersd (Controlled) | ☐ | ☐ | Akkuraat/Korrek (Accurate) |
| ☐ | ☐ | Konvensioneel/Tradisioneel (Customary) | ☐ | ☐ | Uitgesproke/Reguit (Outspoken) |
| ☐ | ☐ | Beslissend/Ferm in optrede (Decisive) | ☐ | ☐ | Ingetoë/Gereserveerd/Beheersd (Restrained) |
| ☐ | ☐ | Afgerond/Welsprekend (Polished) 12 | ☐ | ☐ | Rusteloos/Ontspan Moeilik (Restless) 24 |
| ☐ | ☐ | Waaghalsig (Daring) | ☐ | ☐ | Medemenslik/Vriendelik (Neighborly) |
| ☐ | ☐ | Diplomaties/Taktvol (Diplomatic) | ☐ | ☐ | Populêr/Gewild (Popular) |
| ☐ | ☐ | Tevrede/Voldaan (Satisfied) | ☐ | ☐ | Netjies/Georganiseerd (Orderly) |

BYLAAG 6

DISC WOORDOMSKRYWINGS

| | |
|---|---|
| **1.** Saggeaard/Goedhartig<br>Oorredend/Oortuigend<br>Beskeie<br>Oorspronklik/Individualisties | Gaaf met ander, liefdevol<br>Kan ander mense van hulle standpunt oortuig<br>Hulle is nie trots nie<br>Selfstandig, kan nuut en oorspronklik dink |
| **2.** Innemend/Sjarmant<br>Samewerkend/Gewillig<br>Ontoegeeflik/Koppig<br>Aangenaam/Vredeliewend | Trek mense aan<br>Werk graag as deel van 'n span<br>Staan vas op hulle opinie<br>Leef in vrede met alle mense, vermy konflik |
| **3.** Volgeling/Maklik gelei<br>Dapper/Moedig<br>Lojaal/Toegewyd<br>Prettig | Volg leiding van ander mense<br>Hou van uitdagings en avontuur<br>By jou woord bly, getrou aan 'n persoon/saak<br>Hou van geselskap en opwinding |
| **4.** Onbevooroordeeld/Ontvanklik<br>Tegemoetkomend/Behulpsaam<br>Wilskrag/Sterk eie wil<br>Opgeruimd/Plesierig | Sonder vooroordeel, soek na die goeie in mense<br>Hou daarvan om van hulp te wees, mense by te staan<br>Vasberadenheid van wil en opinie<br>Vrolik en opgewek |
| **5.** Joviaal/Grappig<br>Korrek/Presies/Noukeurig<br>Waaghalsig<br>Gelykmatig/Bedaard | Opgeruimd, blymoedig, vrolik<br>Onberispelik, hou van besonderhede, presiesheid<br>Hou van avontuur<br>Eweredig, altyd dieselfde |
| **6.** Mededingend/Wil wen<br>Bedagsaam/Gee om<br>Sosiaal/Pretliewend<br>Eensgesind/Instemmend | Hou van fisiese interaksie, sport wil oorwin<br>Stel ander se behoeftes eerste<br>Geniet interaksie met mense<br>Samehorigheid |
| **7.** Puntenerig<br>Gehoorsaam/Pligsgetrou<br>Gedetermineerd/Onoorwinbaar<br>Speels/Uitgelate | Nougeset, versigtig<br>Doen wat van hulle verwag word<br>Gee nie maklik toe nie<br>Uitbundig, onbeteueld, vrolik |
| **8.** Dapper/Onverskrokke<br>Motiverend/Inspirerend<br>Onderdanig/Inskiklik<br>Beskeie/Skaam/Stil | Deins nie terug van 'n uitdaging nie<br>Kan ander oortuig en oorreed<br>Onderwerp hulleself aan gesag<br>Sedig, beleefd, teruggetrokke |
| **9.** Gesellig/Geniet geselskap<br>Geduldig/Verdraagsaam<br>Selfstandig/Onafhanklik<br>Sagsprekend/Teruggetrokke | Hou van interaksie met mense<br>Word nie maklik kwaad nie<br>Deur eie krag<br>Nederig, in homself gekeer |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

| | |
|---|---|
| **10.** Ondernemend/Avontuurlik<br>Toeganklik/Oop vir nuwe idees<br>Hartlik/Warm/Vriendelik<br>Matig/Vermy uiterstes | Hou van avontuur<br>Oop vir idees<br>Goeie menseverhoudinge<br>Gelykmatige persoon |
| **11.** Spraaksaam/Praterig<br>Beheersd<br>Konvensioneel/Tradisioneel<br>Beslissend/Ferm in optrede | Geneig om met mense te gesels<br>In beheer van die situasie<br>Hou van beproefde prosedures/metodes/gebeure<br>Hou by standpunt en besluite |
| **12.** Afgerond/Welsprekend<br><br>Waaghalsig<br>Diplomaties/Taktvol<br>Tevrede/Voldaan | Wat 'n eenheid vorm, kan aan ander voorgehou word<br>Vat kanse<br>Korrek in wyse van spreke<br>Tevrede met dit wat hulle het |
| **13.** Aggressief/Uitdagend<br>Dryfkrag van die partytjie<br>Word maklik misbruik/Slagoffer<br>Bevrees/Bang | Bakleierig, veglustig<br>Uitgaande<br>Voel dat mense hulle misbruik<br>Bewus en sensitief vir die opinies van ander mense |
| **14.** Versigtig/Sorgvuldig<br>Vasbeslote<br>Oortuigend<br>Goedgeaard/Aangenaam | Deeglik in die afronding van take<br>Krag van oortuiging<br>Kan ander oorhaal na hulle sienswyse<br>'n Persoon van wie almal hou |
| **15.** Gewillig/Bereidwillig<br>Gretig/Kan nie wag nie<br>Instemmend/Toelatend<br>Vurig/Lewendig | Bereid om ander by te staan en te help<br>Sien uit na toekomstige gebeure<br>Sien ander se siening in<br>Hartstogtelik, lewendig |
| **16.** Selfversekerd<br>Medelydend/Simpatiek<br>Verdraagsaam<br>Selfgeldend/Aggressief | Vol selfvertroue<br>Kan ander se pyn voel en deel<br>Geduldig, toegeeflik<br>Aanvallend |
| **17.** Gedissiplineerd<br>Vrygewig/Ruimhartig<br>Ekspressief/Geanimeerd<br>Volhardend/Gee nie op nie | Selfbeheersing, tug ander, hou van orde<br>Sal ander tegemoetkom en probeer help<br>Veelseggend, met baie gevoel van uitdrukking<br>Hou vol tot die doelwit bereik is |
| **18.** Bewonderingswaardig<br>Goedhartig/Welwillend<br>Inskiklik/Gee maklik in<br>Kragdadig | Kan as voorbeeld vir ander dien<br>Vriendelik<br>Gee maklik in ter wille om vrede te bewaar<br>Kragtig werkend, met energie |
| **19.** Eerbiedig/Beleefd<br>Ondernemend/Pionier<br>Optimisties/Positief<br>Akkommoderend/Help graag | Gee aan mense die respek wat hulle toekom<br>Nie bang om iets aan te pak nie<br>Sien die goeie in situasie raak<br>Sal ander mense help met probleme of situasies |
| **20.** Stryerig/Konfronterend<br>Aanpasbaar/Plooibaar<br>Ongeërg/Onbetrokke<br>Lighartig/Sorgvry | Stry graag oor standpunte<br>Sal aansluit of aanpas by ander mense<br>Sonder bohaai, kalm<br>Laat nie toe dat probleme hulle onder kry nie |
| **21.** Glo/Vertrou ander maklik<br>Tevrede<br>Positief/Sonder voorbehoud | Vertrou mense maklik<br>Is tevrede met dit wat hulle het<br>Kyk na die positiewe aspekte van die |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

| | |
|---|---|
| Rustig/Kalm | lewe<br>Word nie maklik ontstel nie |
| **22.** Gesellig/Wil met ander meng<br>Gekultiveerd/Opgevoed<br>Lewenskragtig/Energiek<br>Toegewend/Nie te streng nie | Hou daarvan om mense om hom te hê<br>Veredel en verfynd<br>Geniet die lewe in oorvloed<br>Gee toe aan ander mense |
| **23.** Gemoedelik/Gemaklik<br>Akkuraat/Korrek<br>Uitgesproke/Reguit<br>Ingetoë/Gereserveerd | Kom maklik met ander oor die weg<br>Maak seker van hulle feite<br>Draai nie doekies om nie<br>Is nie uitgesproke nie |
| **24.** Rusteloos/Ontspan moeilik<br>Medemenslik/Vriendelik<br>Populêr/Gewild<br>Netjies/Georganiseerd | Is heeltyd aan die gang met 'n projek<br>Vriendelik met mense, maak maklik vriende<br>Trek maklik mense aan<br>Alles op sy plek |

**BYLAAG 7**

# NEW TTI INSTRUMENT RELIABILITY STUDIES

TTI continues the process of quality improvement in its assessments with this announcement of recently completed statistical studies. The following summary conclusions are excerpted from research completed on July 28, 2003, by Peter T. Klassen, Ph.D.

---

## Style Insights™

(TTI's new DISC instrument referred to as Style Analysis 2 below)

*Summary Conclusion*

Based on a series of examinations of scale and item reliabilities across multiple populations of respondents, revisions were developed and tested for TTI's Style Analysis™ that culminated in development of a revised instrument. The results of assessment of this revised edition indicate improved reliability for the two dimensions (adaptive, nature) of four parallel scales (D,I,S,C) ranging from .72 to .84. Each of the ninety-six items used to construct the scales contributes at a significant level to one or both the scales dimensions. Correlations between adaptive and natural scales indicate that these two dimensions of parallel scales are highly related, as one would expect, but also that the scales are sufficiently independent measures to justify separate interpretations and comparisons. Scores on the scales are distributed across all scale points, which supports making comparison between individuals and the self-reported behaviors in a population. Revision of the instrument included utilization of new population distributions that anchored comparisons in a population representative of the 21st century. Overall, the Style Analysis 2 is a strong, reliable instrument applicable across a variety of populations.

*Revised Scale Reliability*

Scale reliabilities were calculated using Cronbach's Alpha. Cronbach's Alpha is considered the most appropriate statistical test for reliability, given the dichotomous responses used to construct the scales. For dichotomous data, this is equivalent to the Kuder-Richardson formula 20 (KR20) coefficient. These evaluations are a more rigorous approach than a traditional split-half statistic. Cronbach's Alpha ranges in value from 0 to 1. In general an Alpha equal to or greater than .6 is considered a minimum acceptable level, although some authorities argue for a stronger standard of at least .7. **These findings document the revised SA2 (Style Insights™) as an instrument with solid scale construction and reliability.**

| New Style Insights™ | Adaptive | Natural |
|---|---|---|
| Dominance-Challenge | .83 | .84 |
| Influence-Contact | .83 | .81 |
| Steadiness-Consistency | .78 | .72 |
| Compliance-Constraints | .73 | .80 |

Copyright © 2003 Target Training International, Ltd. All rights reserved. 

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

**Motivation Insights™**

(TTI's new Values instrument referred to as Personal Interests, Attitudes and Values 2 below)

*Summary Conclusion*

Based on a series of examinations of scale and item reliabilities, revisions were developed and tested for TTI's Personal Interests, Attitudes and Values™ that culminated in development of a revised instrument. The results of assessment of this revised edition indicate high or improved reliability for the six scales with Cronbach's ranging .7 to .82. Each of the seventy-six items used to construct the scales contributes at a significant level to its assigned scale. Correlations among the six scales indicate that they are substantially independent in measurements. Scores on the scales are distributed across the scales leading to meaningful comparisons and interpretation. Overall, the Personal Interests, Attitudes and Values 2 is a strong, reliable instrument applicable across a variety of populations.

*Revised Scale Reliability*

Scale reliabilities were calculated using Cronbach's Alpha. Cronbach's Alpha is considered the most appropriate statistical test for reliability, given the ranking of responses used to construct the scales. This statistic models internal consistency based on the average inter-item correlation. It is a more rigorous test than a traditional split-half statistic. Cronbach's Alpha ranges in value from 0 to 1. In general an Alpha equal to or greater than .6 is considered a minimum acceptable level, although some authorities argue for a stronger standard of at least .7. **These findings document the revised PIAV 2 (Motivation Insights™) as an instrument with solid scale construction and reliability.**

| **New Motivation Insights™ (PIAV 2)** | |
|---|---|
| Theoretical | **.77** |
| Utilitarian | **.80** |
| Aesthetic | **.82** |
| Social | **.82** |
| Individualistic | **.70** |
| Traditional | **.81** |

---

TTI is incorporating these new instruments into its product line to bring TTI Distributors and their Clients the most highly reliable assessments of their kind on the market today.

Copyright © 2003 Target Training International, Ltd. All rights reserved. 

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



CONTRACT NO: 65058

# MFS SOFTWARE COLLECTION PREFERENTIAL PRICING AGREEMENT

## Details of Organisation:

Organisation Name: Chanette Strydom

Organisation Postal Address: Posbus 2596
Delmas

Postal Code: 2210

Organisation Physical Address: Geelhoutstraat 10
Delmas

Organisation Telephone Number: 013 665 3249

Organisation Fax number: 013 6653249

Organisation e-mail number: lstrydom@omnia.co.za

Responsible Person: Chanette Strydom

## Details of Contact Person:

Contact Person: Chanette Strydom

Cell No: 082 7929109 Title: Mev.

Function:

Date of Birth: 70-11-27 Language: Afrikaans

## Details of Software:

Serial Number: 66101 Release Number: 7.70

1. I understand that in order for the above-mentioned organisation to qualify for the preferential lower pricing on the MFS Software Collection Kits and subsequent MFS units the following conditions apply:

1.1 The reports generated from the lower priced MFS units may only be used in a church, Christian organisation, Christian counselling and educational environment.

1.2 Reports generated from the above mentioned MFS Software Collection's Serial Number, may only be used in a business context if part of a Walk Thru the Bible developed course. MFS or TTI reports or instruments on their own may in no way be marketed, sold or presented to a business. Pricing quoted to businesses for seminars must include the original Walk Thru the Bible course workbook and the MFS report as one single price and not separately. A separate order must be placed for the units to be used for the processing of the reports for businesses.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

**CONTRACT NO:**

1.3 Violation of any of these restrictions will result in immediate cancellation of the Preferential Pricing Agreement. It is then at the discretion of Walk Thru the Bible SA to renew the Preferential Pricing Agreement.

2. When ordering units it will take at least one full working day to be processed by Walk Thru the Bible. Ensure to plan ahead for seminars and other needs.
3. It is essential that you keep an updated copy of the data files in a safe place. Walk Thru the Bible cannot be held responsible for any loss or damage to your software. Refer to your User's Guide on how to back up your data.
4. This package is licensed material of Target Training International, Ltd. You may not copy the software or user guide in any form except for backup and archival purposes.

I, Chanette Strydom (responsible person) hereby accept the above mentioned terms on behalf of ______________________ (organisation name). I have read and understand this registration agreement, and hereby undertake never to infringe on the usage restrictions and copy law, and will abide by the principles stipulated in this agreement.

**Signature:** CStrydom

**Full Name:** Chanette Strydom

**Date:** 2004-01-09 **Place:** Delmas

**BYLAAG 8**

## TEMPERAMENT KONTROLELYS

**Naam van kind:** **Datum:**

**Merk (x) alle beskrywende frases wat na u mening u kind, se temperament die meeste van die tyd beskryf.**

**Onthou dat daar geen regte of verkeerde antwoorde bestaan nie!**

| | |
|---|---|
| As hy/sy iets nou wil hê soek hy dit nou en sal kerm/huil tot hy dit kry | D |
| Gesels aanmekaar hou daarvan om aanhoudend te praat sonder ophou | I |
| Perfeksionisties. As hy/sy iets doen moet dit reg wees. Sal oor en oor probeer tot reg | C |
| Vergewe maklik, sê maklik hy/sy is jammer | S |
| Ongeduldig, kan nie sukkel nie | D |
| Wanneer ontstel sal baie hard huil en wanneer bly is is hy/sy baie bly (ekstreme emosies) | I |
| Versigtig – dink eers lank voordat hy/sy besluit | C |
| Nuuskierig – vra gedurig vrae | C |
| Hou daarvan om ander te oortuig en te onderhandel | I |
| Hou nie van baklei nie wil voortdurend vrede maak | S |
| Natuurlike leier | D |
| Verkies om alleen te werk, bo spanverband | D |
| Beweeg van een aktiwiteit na volgende sonder om te voltooi | I |
| Gee maklik in wanneer oortuig word en kan gedrag, reëls en manier van dinge doen van ander na-aap | S |
| Voel maklik seergemaak en kan nie kritiek hanteer | C |
| Wanneer hy/sy kamer toe gestuur word sal hy/sy skreeu en kla. Wanneer uit kamer kom sal hy vir uur daarna nog kla | D |
| Pas is altyd vinnig. Wil pret hê al is speeltyd reeds verby | I |
| Natuurlik stil, kalm en gemaksugtig | S |
| Eerste kontak met vreemdelinge lei tot wegdraai of klouerige gedrag. Stadig om nuwe mense te aanvaar | C |
| Reageer vinnig en onafhanklik en verkies om dinge self te doen | D |
| Wys intense emosionele hoë's en laagtes | I |
| Intensiteit van reaksies is laag en gemiddeld | S |
| Hou van privaatheid. Speel op eie *"loner"* | C |
| Wil gewoonlik tussen vriende wees | I |
| Aktief. Hou van risiko's en ondersoekend | D |
| Hou van samewerking en sal gewoonlik presies doen wat van hom/haar verlang word | S |
| Kom beheersd en is gewoonlik ernstig | C |
| Vra komplekse vrae en verkies lang verduidelikings in detail | C |
| Sê presies wat hy dink en wat hy wil hê | D |
| Reageer nou en dink later (impulsief) | I |
| Hou van voorspelbare roetines | S |

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)


| | |
|---|---|
| **Wil iets stap vir stap weet** | **S** |
| **Baie krities, wil weet waarom iets op spesifieke manier gedoen is** | **C** |
| **Hou van openbare erkenning. Kan *"afshow"*** | **I** |
| **Word gou kwaad** | **D** |
| **Verkies kompetisie** | **D** |
| **Luister meer as wat hy praat** | **S** |
| **Disorganiseerd, verstrooid** | **I** |
| **Gesels met vreemdes in winkels** | **I** |
| **"Klein grootmens"** | **C** |
| **As hy nie beste punte kry nie glo hy, hy druip en raak ontmoedig** | **C** |
| **Jok as die doel die middel heilig om reëls te ontduik** | **D** |
| **Hou nie daarvan om nee vir antwoord te kry nie. Sal aanhou tot hy dit kry.** | **D** |
| **Liefde en aanvaarding van ander is ekstreem** | **S** |
| **Almal is sy beste vriend** | **I** |
| **Dagdroom** | **C** |
| **Bejammer homself.** | **C** |
| **Terggees totdat ander sy humeur verloor** | **S** |
| **Wil dinge self doen** | **D** |
| **Vergeet vinnig van ongelukkigheid en raak weer in die hede betrokke** | **I** |
| **Stel hoë doelwitte vir homself** | **C** |
| **Neem beheer en geniet dit om ander rond te stuur** | **D** |
| **Tevrede met min aandag** | **S** |
| **Kan nie alleen speel nie. Soek altyd ander om saam te speel** | **I** |
| **Konsiderend teenoor ander** | **S** |
| **Moeilik om te erken as hy verkeerd was** | **D** |
| **Ongedissiplineerd. Moet voortdurend vir dieselfde gedrag straf** | **I** |
| **Hou van bekende goed** | **S** |
| **Raak gou negatief. Sê sommer dit gaan nie werk nie.** | **C** |
| **Verkies slegs 1 of op die meeste 2 maats** | **C** |
| **Sien in alles die opwinding raak en sal enigiets probeer** | **I** |
| **Hou nie van verandering, verkies roetine** | **S** |
| **Verkies individuele sport bo spansport** | **S** |
| **Gewoonlik die laaste van die gesin klaar met etes** | **S** |
| **Wanneer boeklees sal hy/sy van die 1ste hoofstuk na die laaste spring om te sien wat die einde is** | **I** |
| **Speel eerder buite bal as om binne te sit en boeklees** | **C** |
| **Stel maklik uit** | **S** |
| **Sê dikwels iets soos "Ek gaan dit in elk geval nie regkry nie" nog voor hy/sy probeer** | **C** |

BYLAAG 9


University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style




LEAST
Graph II
Natural Style





| | D | I | S | C | D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 7 | 3 | 7 | 4 | 6 | 9 | 2 | 5 |
| % | 53 | 43 | 65 | 54 | 47 | 16 | 84 | 57 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

| MOST<br>Graph I<br>Adapted Style | LEAST<br>Graph II<br>Natural Style |
|---|---|





| | Most D | Most I | Most S | Most C | Least D | Least I | Least S | Least C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 3 | 6 | 8 | 4 | 11 | 3 | 5 | 3 |
| % | 34 | 71 | 72 | 54 | 25 | 66 | 58 | 73 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

| MOST | LEAST |
|---|---|
| Graph I | Graph II |
| Adapted Style | Natural Style |




| | D | I | S | C | D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 9 | 4 | 4 | 2 | 5 | 6 | 2 | 6 |
| % | 64 | 55 | 45 | 29 | 53 | 38 | 84 | 52 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.


University of Pretoria etd – Strydom, C  (2006)

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style




LEAST
Graph II
Natural Style




| | Graph I: D | I | S | C | Graph II: D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 2 | 5 | 10 | 4 | 9 | 3 | 3 | 4 |
| % | 24 | 66 | 84 | 54 | 31 | 66 | 74 | 64 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

| MOST | LEAST |
|---|---|
| Graph I | Graph II |
| Adapted Style | Natural Style |




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 5 | 3 | 6 | 7 | 5 | 7 | 4 | 6 |
| % | 43 | 43 | 60 | 83 | 53 | 28 | 67 | 52 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.


University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style




LEAST
Graph II
Natural Style





| | Graph I | | | | Graph II | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 2 | 2 | 11 | 5 | 10 | 5 | 3 | 3 |
| % | 24 | 34 | 88 | 65 | 28 | 46 | 74 | 73 |

WTB


Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style




LEAST
Graph II
Natural Style





| | D | I | S | C | D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 0 | 2 | 14 | 5 | 10 | 8 | 2 | 2 |
| % | 4 | 34 | 96 | 65 | 28 | 22 | 84 | 82 |

WTB


Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style



LEAST
Graph II
Natural Style



| | D | I | S | C | D | I | S | C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 2 | 6 | 9 | 4 | 10 | 2 | 4 | 4 |
| % | 24 | 71 | 77 | 54 | 28 | 73 | 67 | 64 |


WTB

Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.


University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

# STYLE ANALYSIS™ GRAPHS

MOST
Graph I
Adapted Style




LEAST
Graph II
Natural Style




| | Graph I D | Graph I I | Graph I S | Graph I C | Graph II D | Graph II I | Graph II S | Graph II C |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Score | 0 | 0 | 14 | 5 | 13 | 6 | 0 | 2 |
| % | 4 | 8 | 96 | 65 | 15 | 38 | 100 | 82 |




Copyright © 1986-2002. Target Training International, Ltd.

University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)

BYLAAG 10



University of Pretoria etd – Strydom, C (2006)



BYLAAG 10